

**Die begeleiding van die
geloofsgemeenskap tot die skep van 'n
rimpel-effek van geregtigheid: 'n Prakties-
teologiese studie**

J Botes



orcid.org/j@00000000292680618

Proefskrif aanvaar ter nakoming vir die graad [Philosophiae](#)
[Doctor in Pastorale studies](#) aan die Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof FP Kruger

Medepromotor: Prof JM Vorster

Gradeplegtigheid: Mei 2020

Studentenommer: 22878475

OPGEDRA AAN:

**Elke kerkleier wat getrou gefokus bly aan
God se roeping en aan elkeen wat deel is
van die geloofsgemeenskap.**

**Mag julle die
rimpel-effek van geregtigheid (goedheid)
beleef!**

VOORWOORD

Ná die voltooiing van my magistergraad oor die rol van die plaaslike kerk voel die rimpel-effek van geregtigheid (goedheid) soms soos 'n sprokiesverhaal. In die huidige Suid-Afrikaanse samelewing klink dit amper te goed om waar te kan word. Aan die ander kant is die mens geskape om daad van goedheid te doen.

Efesiërs 2:10 *“Want ons is sy maaksel, **geskape in Christus Jesus tot goeie werke (dade)** wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.”*

My bede is dat kerkleiers deel sal raak van die oplossings in die plaaslike gemeenskap. As die kerk (God se bruid) nie kan help nie, wie kan dan hoop gee?

En is dit nie lekker om goed te doen nie? Ek onthou nog as kind watter lekker emosies in my binneste uitgestort is as ek iets vir iemand gegee of gedoen het. Net 'n beker koue water en Hy belowe Hy sal ons seën. Kan ons nie 'n rimpel-effek van geregtigheid (goedheid) laat uitkring tot genesing van ons land nie?

Maxwell sê: **“EVERYTHING RISES AND FALLS BY LEADERSHIP”**. Mag ons kerkleiers leiers wees wat anders dink, wat vernuwe, wat nie kleur of “andersheid” sien nie. Mag ons die dinamiek van die geloofsgemeenskap in ons gemeenskappe vrylaat! En as ons by sy wederkoms volmaakte kennis het, sal ons die “dankie’s” hoor en weet dat niks tevergeefs was nie. Mag ons hoop gee vir die hopelose in ons mooi land!

Romeine 15:13 (New International Version) *“May the God of hope fill you with all joy and peace as you trust in Him, **so that you may overflow with hope** by the power of the Holy Spirit”.*

BEDANKINGS

- Die voltooiing van die studie is vir my 'n reuseoorwinning! My hart loop oor van dankbaarheid. Sonder die Here se voorsiening en leiding met prof Ferdi Kruger en prof Koos Vorster met die etiese hoofstuk weet ek nie of die proses ooit so ver sou kom nie. Nogmaals dankie vir soveel geduld en leiding!
- Uit ons AGS-geledere is ek baie dankbaar vir dr Japie Lapoorta se hulp asook prof Marius Nel. Dankie vir jul belangstelling en hulp waar nodig.
- Ook my opregte dank aan die span in die biblioteek. Berna, Hester en biblioteekpersoneel, nogmaals dankie vir vinnige diens en belangstelling.
- My opregte dank aan elkeen van my familie en gesinslede, veral my dierbare man, Fansie, wat my grootste aanspoorder is. Ek moet darem byvoeg dat dit 'n groot eer is om terselfdertyd saam met my dogter te studeer. Romien, dankie vir jou flinkheid! Mams, ook 'n dankbare hart vir baie gebede!
- Corrie Fopma, my taalversorger. Buiten prof Ferdi het ek vir jou die grootste respek gekry. Dit is net ongelooflik hoe jy alles net so taalkundig kan regstel.
- Laastens aan elkeen wat deelmaak van AGS Deo Doxa, House of Hope in Welkom, die Goudvelde of deur vriendskap of vriendelikheid teenoor my êrens deel was van my lewe. Dankie dat julle deelmaak van die voorbereidingstyd vir hierdie skrywe.

ABSTRACT

The focus of this study is to investigate and to provide guidance to the faith community (the church) regarding the realization of the ripple effect and nature of righteousness. Years ago, Firet (1978:33) used the term “agodic” to indicate the help given by church leaders to believers so that the image of God can be embodied in them. In this study, the emphasis is on guiding a community of faith as a process of helping to develop a hunger and thirst for justice in their society. The willingness to rectify practices that contradict justice through the building of relationships is at the heart of this investigation (Lion-Cachet, 1994:248; Viljoen, 2009:665).

The ripple effect of justice is closely linked to the aspect of community development that is currently prominent on the agenda of various organisations within local communities. A responsible awareness of the calling focused on community development is crucial within local congregations. Pieterse (2001:120), for example, provides his own nuance of the church’s role by pointing out that the church cannot, in terms of its being and calling, abdicate its role with regard to its social responsibility but should be totally incorporated in God’s care for the world. After all, the driving force behind a faith community’s zeal for diaconal community development is God’s passion for justice.

Key concepts:

community (*ubuntu*); ethical; faith communities; guidance; human dignity; justice; ripple effect

OPSOMMING

Die fokus van dié studie is om ondersoek in te stel na die begeleiding van 'n geloofsgemeenskap (die kerk) om die rimpel-effek of uitkringende aard van geregtigheid te besef. Firet (1978:33) het jare gelede die begrip “agogisch” gebruik wat dui op die hulp wat deur kerkleiers aan gelowiges verleen word sodat die beeld van God in hulle vergestalt kan word. In dié studie word die klem geplaas op die begeleiding van 'n geloofsgemeenskap as 'n proses van hulpverlening om 'n honger en dors na geregtigheid in die samelewing te ontwikkel. Die gewilligheid om praktyke wat geregtigheid weerspreek reg te stel deur middel van verhoudings wat gebou word, staan aan die kern van hierdie ondersoek (Lion-Cachet, 1994:248; Viljoen, 2009:665).

Die rimpel-effek van geregtigheid word nou gekoppel aan die aspek van gemeenskapsontwikkeling wat tans prominent op die agenda van verskeie organisasies binne plaaslike gemeenskappe staan. 'n Verantwoordelike roepingsbesef ten opsigte van gemeenskapsontwikkeling is binne plaaslike gemeentes van kardinale belang. Pieterse (2001:120) verskaf byvoorbeeld 'n eie nuanse op die kerk se rol deur daarna te verwys dat die kerk kragtens haar wese en roeping nie kan terugtrek ten opsigte van samelewingsdinamiek nie, maar juis behoort in te skakel by God se sorg vir die wêreld. Die dryfkrag agter 'n geloofsgemeenskap se ywer vir diakonale gemeenskapsontwikkeling is immers God se passie vir geregtigheid.

Sleutelbegrippe:

begeleiding; etiese; geloofsgemeenskap; gemeenskap (*ubuntu*); geregtigheid; menswaardigheid; rimpel-effek

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD	ii
BEDANKINGS.....	iii
ABSTRACT	iv
OPSOMMING	v
HOOFSTUK 1: INLEIDENDE PERSPEKTIEWE OP DIE BEGELEIDING VAN DIE GELOOFSGEMEENSAP OM 'N RIMPEL-EFFEK VAN GEREKTIGHEID TE BEWERKSTELLIG.....	1
1.1 AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING	1
1.1.1 Agtergrond	1
1.1.2 Probleemstelling.....	10
1.2 DOELSTELLING EN DOELWITTE	15
1.2.1 Doelstelling.....	15
1.2.2 Doelwitte	15
1.3 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT	15
1.4 NAVORSINGSONTWERP EN METODOLOGIE	16
1.4.1 Die beskrywende taak (wat is aan die gang?).....	17
1.4.1.1 Navorsingsontwerp	18
1.4.2 Die historiese taak (normatiewe).....	19
1.4.3 Sistematiese studie (die huidige praktyk opgeweeg teenoor die normatiewe).....	21
1.4.4 Strategiese studie (norme en strategieë vir transformasie).....	21
1.5 VERKLARING VAN KONSEPTE	23
HOOFSTUK 2: DESKRIPTIEF-EMPIRIESE PERSPEKTIEWE OP DIE BEGELEIDING VAN DIE GELOOFSGEMEENSAP OM 'N RIMPEL-EFFEK VAN GEREKTIGHEID TE BEWERKSTELLIG...	24
2.1 INLEIDING	24

2.2	DESKRIPTIEWE PERSPEKTIEWE OP DIE BEGRIP “GEREGTIGHEID”	28
2.3	DESKRIPTIEWE PERSPEKTIEWE OP DIE BELANGRIKHEID VAN SOSIALE GERECHTIGHEID	30
2.4	DESKRIPTIEWE PERSPEKTIEWE OOR PERSOONLIKE, KULTURELE EN GODSDIENSTIGE OORTUIGINGS RAKENDE GEREGTIGHEID	36
2.4.1	Persoonlike oortuigings rakende geregtigheid	37
2.4.2	Die vyf dimensies van morele denke.....	39
2.4.2.1	<i>Kulturele en godsdienstige oortuigings rakende geregtigheid</i>	39
2.4.2.1.1	Deskriptiewe perspektiewe oor die ingebeelde dimensie.....	40
2.4.2.1.2	Deskriptiewe perspektiewe op die verpligtingsdimensie	42
2.4.2.1.3	Deskriptiewe perspektiewe op die neigingsbehoefte-dimensie	44
2.4.2.1.4	Deskriptiewe perspektiewe op 'n omgewings-sosiale dimensie	45
2.4.2.1.5	Deskriptiewe perspektiewe op die reël-rol (“rule-role”)-dimensie	46
2.5	BESKRYWENDE PERSPEKTIEWE OP DIE ROL VAN DIE KERKLEIER IN DIE BEGELEIDING VAN DIE GELOOFSGEMEENSAP TOT DIE RIMPEL-EFFEK VAN GEREGTIGHEID	46
2.6	SAMEVATTENDE DESKRIPTIEWE AFLEIDINGS.....	48
2.7	’N EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE TOEPASSING VAN DIE BEGRIIP “GEREGTIGHEID” IN DIE GEMEENSAP VAN MATHJABENG (VRYSTAAT).....	50
2.7.1	Inleiding.....	50
2.7.2	Gemengde empiriese navorsing	51
2.7.3	Kritiese sosiale wetenskap	52
2.7.4	Werwing van deelnemers, wyse van keuring, grootte van groep en verwerking van data.....	53
2.7.5	Geldigheid, betroubaarheid en berging van data	54
2.7.6	Rol van die navorser	54

2.7.7	Etiese kwessies.....	54
2.7.8	Beraamde risikovlak en voordeel-verhoudingsanalise	55
2.7.9	Tydsduur	55
2.7.10	Ingeligte toestemming	55
2.7.11	Omskrywing van vraelys	56
2.7.11.1	<i>Algemene inligting</i>	57
2.7.11.2	<i>A: Sosiaal-afhanklike gesindhede</i>	58
2.7.11.3	<i>B: Persoonlike standpunte oor geregtigheid</i>	67
2.7.11.4	<i>C: Veelvuldige vraelyste oor:</i>	94
2.7.11.5	<i>D: Hoëpersentasie gesindhede deur respondente</i>	100
2.8	DESKRIPTIEF-EMPIRIESE GEVOLGTREKKINGS OOR DIE BEGELEIDING VAN DIE GELOOFSGEMEENSAP (KERK) TOT 'N RIMPEL-EFFEK VAN GEREKTIGHEID.....	106
2.8.1	Empiriese gevolgtrekkings	106
2.8.2	Deskriptiewe empiriese gevolgtrekkings	108
HOOFSTUK 3: HISTORIESE (NORMATIEWE) STUDIE OOR DIE BEGELEIDING VAN DIE GELOOFSGEMEENSAP OM 'N RIMPEL-EFFEK VAN GEREKTIGHEID TE BEWERKSTELLIG.111		
3.1	INLEIDING	111
3.2	DIE METODOLOGIESE BOU VAN DIE HOOFSTUK.....	115
3.3	DIE METODOLOGIE VANUIT DIE HISTORIESE (GESKIEDENIS) EN DIE NORMATIEWE	118
3.4	HISTORIESE EN NORMATIEWE PERSPEKTIEWE OP DIE BEGELEIDING VAN DIE GELOOFSGEMEENSAP TOT DIE RIMPEL-EFFEK VAN GEREKTIGHEID.....	119
3.5	PERSPEKTIEWE OP DIE SKEP VAN MENSWAARDIGHEID AS FUNDAMENTELE BEGINSEL.....	120
3.5.1	Historiese perspektiewe op die beeld van God in die skep van menswaardigheid.....	120

3.5.2	Normatiewe perspektiewe op die beeld van God in die skep van menswaardigheid.....	126
3.6	LEIERSKAP SE ROL IN DIE VESTIGING VAN GERECHTIGHEID	129
3.6.1	Historiese perspektiewe op leiers se rol in die vestiging van gerechtigheid	130
3.6.2	Normatiewe perspektiewe op leiers se rol in die vestiging van gerechtigheid.....	134
3.6.2.1	<i>Riglyne ten opsigte van die keuse van leierskap vir die vestiging van gerechtigheid.....</i>	<i>134</i>
3.6.2.2	<i>Leierskap gefokus op gerechtigheid</i>	<i>136</i>
3.6.2.3	<i>Regverdige optredes kan 'n potensiële rimpel-effek veroorsaak</i>	<i>138</i>
3.6.2.4	<i>Regverdige optredes vanuit die perspektiewe op die woord “mishpât” (oordeel of gerechtigheid) H4941</i>	<i>140</i>
3.6.2.5	<i>Leierskap van die Ou-Testamentiese profete in die vestiging van gerechtigheid.....</i>	<i>142</i>
3.6.2.6	<i>Leierskap vanuit die eerste kerk in die vestiging van gerechtigheid.</i>	<i>143</i>
3.6.2.7	<i>Die toepassing van gerechtigheid kos 'n prys.....</i>	<i>144</i>
3.7	PERSPEKTIEWE OP DIE WOORD “DIKAIOSUNĒ” (G1343) “ΔΙΚΑΙΟΣΥΝΗ” IN DIE VESTIGING VAN GERECHTIGHEID	145
3.7.1	Die agtergrondgeskiedenis van Matteus	145
3.7.2	Die gemarginaliseerdes vanuit die Bergrede.....	146
3.8	PERSPEKTIEWE OP SOSIALE VERHOUDINGS IN DIE GEMEENSKAP.....	148
3.8.1	Perspektiewe vanuit die kerkgeskiedenis op sosiale verhoudings .	148
3.8.2	Perspektiewe vanuit die normatiewe van die kerk op sosiale verhoudings	149
3.8.3	Perspektiewe vir verhoudings vanuit die woorde “tsedeq” en “tsedâqâh”	150
3.8.4	<i>Koinonia as gemeenskaplikheid.....</i>	<i>155</i>
3.8.4.1	<i>Koinonia vanuit die trinitariese identifisering van God.....</i>	<i>156</i>

3.9	PERSPEKTIEWE OP DIE KERK AS PROFETIESE GEMEENSKAP VAN GERECHTIGHEID	160
3.9.1	Die historiese agtergrondbeskouing van die kerk as profetiese gemeenskap deur die eeue	160
3.9.2	Normatiewe navorsing na die kerk as profetiese gemeenskap	162
3.9.2.1	<i>Die begrip “profeet” (G4396) προφήτης</i>	<i>162</i>
3.9.3	Die Ou-Testamentiese profetiese boodskappe teen ongeregtheid in die vestiging van gerechtigheid	164
3.10	HISTORIESE EN NORMATIEWE PERSPEKTIEWE OP DIE KERK SE MORELE ROL	166
3.10.1	Die historiese ontplooiing van moraliteit.....	167
3.10.2	Die pentekostalistiese beweging se geskiedenis as morele agent.	169
3.10.3	Die geskiedenis van die AGS Kerk in Suid-Afrika as morele agent	170
3.10.4	Normatiewe navorsing oor die kerk as morele gemeenskap.....	173
3.10.4.1	<i>Moraliteit vanuit die Korinte-gemeente.....</i>	<i>173</i>
3.10.4.2	<i>Eksege op die Griekse woord vir sedes (G1485)θος etos.....</i>	<i>174</i>
3.10.5	Historiese perspektiewe op die kerk as terapeutiese gemeenskap van gerechtigheid	178
3.10.5.1	<i>Die historiese agtergrondsbeskouing van die kerk as terapeutiese gemeenskap deur die eeue</i>	<i>178</i>
3.10.5.2	<i>Normatiewe navorsing oor die kerk as terapeutiese gemeenskap.</i>	<i>179</i>
3.10.5.2.1	Die kerk as terapeutiese gemeenskap.....	180
3.11	NORMATIEWE GEVOLGTREKKINGS.....	186
HOOFSTUK 4: SISTEMATIESE PERSPEKTIEWE OP DIE BEGELEIDING VAN DIE GELOOFSGEMEENSKAP OM 'N RIMPEL-EFFEK VAN GERECHTIGHEID TE BEWERKSTELLIG.190		
4.1	INLEIDING	190
4.2	PERSPEKTIEWE OP SPANNINGSVELDE TUSSEN DIE HUIDIGE KULTURELE OPTREDES EN DIE NORMATIEWE	191

4.3	SISTEMATIESE PERSPEKTIEWE VANUIT PSIGOLOGIE, FILOSOFIE EN ETIEK IN DIE SKEP VAN NUWE HORIZONNE..	192
4.4	SAMEVATTENDE PERSPEKTIEWE RAKENDE DIE BEGRIP “MENSWAARDIGHEID” EN BETROKKENHEID BY MEKAAR.....	194
4.5	ENKELE PSIGOLOGIESE EN FILOSOFIESE PERSPEKTIEWE OP DIE BEGRIP “MENSWAARDIGHEID”.....	197
4.5.1	Enkele psigologiese perspektiewe op die begrip “menswaardigheid”	198
4.5.2	Enkele filosofiese perspektiewe op die begrip “menswaardigheid”	200
4.6	ENKELE PSIGOLOGIESE EN FILOSOFIESE PERSPEKTIEWE OP UBUNTU EN “INDIVIDUALITEIT”.....	203
4.6.1	Enkele psigologiese perspektiewe rakende <i>ubuntu</i> en individualiteit	203
4.6.2	Enkele filosofiese perspektiewe rakende <i>ubuntu</i> en individualiteit.	206
4.7	ENKELE FILOSOFIESE PERSPEKTIEWE RAKENDE MENSWEES (“PERSONHOOD”).....	207
4.8	SISTEMATIESE PERSPEKTIEWE OP ETIESE BEGINSELS WAT GERECHTIGHEID, MENSLIKHEID EN WAARDIGHEID BEVORDER.....	209
4.8.1	Sistematiese perspektiewe rakende gemeenskaplike goedheid (“common good”)	209
4.8.1.1	<i>Sistematiese perspektiewe op gemeenskaplike goedheid en die verbruikerskultuur</i>	<i>212</i>
4.8.1.2	<i>Sistematiese perspektiewe op gemeenskaplike goedheid en opvoeding</i>	<i>213</i>
4.8.1.3	<i>Sistematiese perspektiewe op gemeenskaplike goedheid en menslike werk</i>	<i>213</i>
4.8.1.4	<i>Sistematiese perspektiewe op gemeenskaplike goedheid en ’n goeie etiek vir ’n goeie lewe</i>	<i>214</i>
4.8.2	Sistematiese perspektiewe rakende solidariteit.....	215
4.8.3	Sistematiese perspektiewe rakende subsidiariteit.....	215

4.9	SISTEMATIESE PERSPEKTIEWE OP DIE LEIERSKAPSROL VAN DIE KERK.....	217
4.10	SAMEVATTENDE SISTEMATIESE AFLEIDINGS.....	217
HOOFSTUK 5: STRATEGIESE PERSPEKTIEWE OP DIE BEGELEIDING VAN DIE GELOOFSGEMEENSAP OM 'N RIMPEL-EFFEK VAN GEREOTIGHEID TE BEWERKSTELLIG.221		
5.1	INLEIDING	221
5.2	DIE PASTORALE ROL VAN DIE KERKLEIER TOT DIE BEGELEIDING VAN DIE GELOOFSGEMEENSAP IN DIE SKEP VAN 'N RIMPEL-EFFEK VAN GEREOTIGHEID	224
5.3	DOEL VAN DIE HOOFSTUK	233
5.4	STRATEGIESE PERSPEKTIEWE OP DIE PLAASLIKE KERK SE BEGELEIDINGSTAAK IN DIE VERANDERING VAN GESINDHEDE RONDON MENSWAARDIGHEID EN DIE UITKRINGENDE AARD VAN GEREOTIGHEID.....	234
5.4.1	Hermeneutiese wisselwerking op die plaaslike kerk se begeleidingstaak in die verandering van gesindhede rondom menswaardigheid en die uitkringende aard van gereotigheid.....	237
5.4.2	Strategies-pastorale perspektiewe op leierskap wat lei tot 'n gesindhedsverandering ten opsigte van menswaardigheid en die uitkringende aard van gereotigheid.....	240
5.5	STRATEGIESE PERSPEKTIEWE OP DIE BEHOEFTE AAN GEMEENTELIKE LEIERSKAP WAT LEIDING GEE IN GEMEENSAPPE IN DIE UIKRINGENDE AARD VAN GEREOTIGHEID	244
5.5.1	Hermeneutiese wisselwerking op die behoefte aan gemeentelike leierskap wat leiding gee in gemeenskappe	244
5.5.2	Strategies-pastorale perspektiewe op die behoefte aan gemeentelike leierskap wat leiding gee in gemeenskappe	246

5.5.2.1	<i>Strategies-pastorale perspektiewe op die behoefte aan gemeentelike leierskap wat leiding gee in gemeenskappe vanuit die infrastruktuur.....</i>	246
5.5.2.2	<i>Strategies-pastorale perspektiewe op die behoefte aan gemeentelike leierskap wat leiding gee in gemeenskappe as katalisator van hoop en as voorbeeld van versoening.....</i>	248
5.5.2.3	<i>Strategies-pastorale perspektiewe op die behoefte aan leiers met aktiewe gemeenskapsdeelname tot verkryging van oplossings in plaaslike gemeenskappe</i>	251
5.6	STRATEGIESE PERSPEKTIEWE OP DIE BEGELEIDINGSTAAK VAN LEIERS IN DIE PLAASLIKE KERK	254
5.6.1	Hermeneutiese wisselwerking op die begeleidingstaak van leiers in die plaaslike kerk	254
5.6.2	Strategies-pastorale perspektiewe op die begeleidingstaak van leiers in die plaaslike kerk	255
5.7	STRATEGIESE PERSPEKTIEWE OP DIE NOODSAAK VAN OMGEE VIR DIE SAMELEWING WAARIN PLAASLIKE KERKE HULSELF BEVIND (<i>KOINONIA</i>)	257
5.7.1	Hermeneutiese wisselwerking op die noodsaak van omgee vir die samelewing waarin plaaslike kerke hulself bevind (<i>koinonia</i>)	258
5.7.2	Strategies-pastorale perspektiewe op die noodsaak van omgee vir die samelewing waarin plaaslike kerke hulself bevind (<i>koinonia</i>)	260
5.8	STRATEGIESE PERSPEKTIEWE OP DIE REGVERDIGE OPTREDE IN DIE GEMEENSAP WAT DIE UITKRINGENDE AARD VAN GERECHTIGHEID BEVORDER MET VERWYSING NA DIE <i>UBUNTU</i> -BEGINSEL, ARMES EN VREEMDELINGE.....	264
5.8.1	Hermeneutiese wisselwerking op die regverdige optrede in die gemeenskap wat die uitkringende aard van gerechtigheid bevorder met verwysing na vreemdelinge	265
5.8.2	Strategies-pastorale perspektiewe op die regverdige optrede in die gemeenskap wat die uitkringende aard van gerechtigheid bevorder teenoor vreemdelinge	268

5.9	STRATEGIESE PERSPEKTIEWE RAKENDE DIE UITKRINGENDE AARD VAN GERECHTIGHEID WAT SIGBAAR WORD DEUR VERHOUDINGS TE BOU.....	271
5.9.1	Hermeneutiese wisselwerking op die uitkringende aard van gerechtigheid wat sigbaar word deur verhoudings te bou	271
5.9.2	Strategies-pastorale perspektiewe rakende die uitkringende aard van gerechtigheid wat sigbaar word deur verhoudings te bou	275
5.10	STRATEGIESE PERSPEKTIEWE RAKENDE DIE UITKRINGENDE AARD VAN GERECHTIGHEID WAT <i>KOINONIA</i> , 'N TERAPEUTIESE BENADERING ASOOK 'N ERNS TEN OPSIGTE VAN 'N PROFETIESE GEMEENSKAP BENODIG	278
5.10.1	Hermeneutiese wisselwerking op die uitkringende aard van gerechtigheid wat <i>koinonia</i> , 'n terapeutiese benadering asook 'n erns ten opsigte van 'n profetiese gemeenskap benodig.....	280
5.10.2	Strategies-pastorale perspektiewe rakende die uitkringende aard van gerechtigheid wat <i>koinonia</i> , 'n terapeutiese benadering asook 'n erns ten opsigte van 'n profetiese gemeenskap benodig.....	282
5.11	STRATEGIESE PERSPEKTIEWE OP DIE PLAASLIKE KERK SE ROEPING TEN OPSIGTE VAN GEMEENSKAPSONTWIKKELING ASOOK MORELE ONTWIKKELING	284
5.11.1	Hermeneutiese wisselwerking op die plaaslike kerk se roeping ten opsigte van gemeenskapsontwikkeling en morele ontwikkeling	284
5.11.2	Strategies-pastorale perspektiewe op die plaaslike kerk se roeping ten opsigte van gemeenskapsontwikkeling asook morele ontwikkeling	286
5.12	'N PASTORALE MODEL GERIG OP BEDIENINGSBEHOEFTE BINNE DIE AGS	288
5.12.1	Inleiding.....	288
5.12.2	Die AGS Game Plan	288
5.12.3	Die AGS se missionale strategie uitgeleef in dissipelskap	290

5.12.3.1	<i>Strategiese perspektiewe op die begeleiding van die geloofsgemeenskap om die uitkringende aard van geregtigheid te bewerkstellig in die uitleef van dissipelskap.....</i>	292
5.12.3.2	<i>Strategiese perspektiewe op die begeleiding van die geloofsgemeenskap om die uitkringende aard van geregtigheid te bewerkstellig met bemagtiging.....</i>	293
5.12.3.3	<i>Strategiese perspektiewe op die begeleiding van die geloofsgemeenskap om die uitkringende aard van geregtigheid te bewerkstellig met ekumeniese betrokkenheid</i>	294
5.12.3.4	<i>Strategiese perspektiewe op die begeleiding van die geloofsgemeenskap om die uitkringende aard van geregtigheid te bewerkstellig met gemeenskapsbetrokkenheid (sosio-ekonomiese verantwoordelikhede)</i>	295
5.12.3.5	<i>Strategiese perspektiewe op die begeleiding van die geloofsgemeenskap om die uitkringende aard van geregtigheid te bewerkstellig met verantwoordelike bestuur (rentmeesterskap)</i>	297
5.13	'N MODEL VIR KERKLEIERSKAP TOT DIE VESTIGING VAN DIE UITKRINGENDE AARD VAN GEREGTIGHEID AAN DIE HAND VAN BOGENOEMDE NEGE PERSPEKTIEWE	297
5.13.1	Die plaaslike kerk se begeleidingstaak in die verandering van gesindhede rondom menswaardigheid en die uitkringende aard van geregtigheid.....	298
5.13.2	Die behoefte aan gemeentelike leierskap wat leiding gee in gemeenskappe	300
5.13.3	Die begeleidingstaak van leiers in die plaaslike kerk	303
5.13.4	Die noodsaak van omgee vir die samelewing waarin plaaslike kerke hulself bevind (<i>koinonia</i> en <i>diakonia</i>).....	307
5.13.5	Die regverdige optrede in die gemeenskap wat die uitkringende aard van geregtigheid bevorder met verwysing na die <i>ubuntu</i> -beginsel, armes en vreemdelinge	309
5.13.6	Die uitkringende aard van geregtigheid word sigbaar deur verhoudings te bou.....	313

5.13.7	Die uitkringende aard van geregtigheid benodig <i>koinonia</i> , 'n terapeutiese benadering asook 'n erns ten opsigte van 'n profetiese gemeenskap	314
5.13.8	Die plaaslike kerk se roeping ten opsigte van gemeenskapsontwikkeling asook morele ontwikkeling	316
5.14	GEVOLGTREKKINGS	319
HOOFSTUK 6: FINALE OORSIG OP DIE BEGELEIDING VAN DIE GELOOFSGEMEENSAP OM 'N RIMPEL-EFFEK VAN GEREGTIGHEID TE BEWERKSTELLIG		325
6.1	INLEIDING	325
6.2	SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT	325
6.3	DOELSTELLINGS VAN DIE STUDIE	325
6.4	FINALE GEVOLGTREKKINGS.....	326
6.4.1	Deskriptief-empiriese gevolgtrekkings.....	326
6.4.1.1	<i>Deskriptief-empiriese gevolgtrekkings vanuit die deskriptiewe navorsing</i>	<i>327</i>
6.4.1.2	<i>Deskriptief-empiriese gevolgtrekkings vanuit die empiriese navorsing</i>	<i>329</i>
6.4.2	Historiese (normatiewe) gevolgtrekkings.....	330
6.4.3	Sistematiese gevolgtrekkings.....	333
6.4.4	Strategiese gevolgtrekkings	336
6.5	FINALE GEVOLGTREKKINGS.....	342
6.6	BEPERKINGS VAN HIERDIE STUDIE EN VOORGESTELDE AREAS VIR VERDERE NAVORSING	342
6.6.1	Tekortkominge	342
6.6.2	Voorgestelde areas vir verdere navorsing.....	342
6.7	SLOTSOM.....	343
BRONNELYS		344
BYLAE A		371

LYS VAN TABELLE

Tabel 2-1: A-V1 – Kwalitatiewe inligting rakende gelowiges se betrokkenheid in die gemeenskap	59
Tabel 2-2: A-V2 – Kwalitatiewe inligting rakende gelowiges se verantwoordelikheid om geregtigheid te herstel	59
Tabel 2-3: A-V3 – Kwalitatiewe inligting rakende die betoning van liefde vanuit daade van geregtigheid	60
Tabel 2-4: A-V4 – Kwalitatiewe inligting rakende strategieë vir die skep van 'n rimpel-effek van geregtigheid	62
Tabel 2-5: A-V5 – Kwalitatiewe inligting rakende die skep van 'n deernisvolle samelewing (“compassionate society”).....	64
Tabel 2-6: A – Opsommende inligting rakende Afdeling A	65
Tabel 2-7: B-V1 – Kwalitatiewe inligting rakende die effek van ongeregtigheid op respondente.....	67
Tabel 2-8: B-V2 – Kwalitatiewe inligting rakende voordele indien kerke betrokke raak by geregtigheid	70
Tabel 2-9: B-V3 – Kwalitatiewe inligting rakende kerke in Mathjabeng se betrokkenheid by geregtigheid.....	74
Tabel 2-10: B-V4 – Kwalitatiewe inligting insake die kerkleier se rol wat gelowiges sal motiveer tot betrokkenheid.....	79
Tabel 2-11: B-V5 – Kwalitatiewe inligting vanuit huidige ongeregthede wat die kerk moet beklemtoon	81
Tabel 2-12: B-V6 – Kwalitatiewe inligting vanuit die verskil in kulture.....	85
Tabel 2-13: B.V1-6 – Kwalitatiewe inligting, naamlik antwoorde op 6 vrae rakende persoonlike menings oor ongeregthede	90
Tabel 2-14: C1 V1-7 – Vraelys rakende gemeenskapsbetrokkenheid.....	94
Tabel 2-15: C1 V1-7 – Kwantitatiewe inligting rakende gemeenskapsbetrokkenheid.....	95
Tabel 2-16: C2 V1-7 – Vraelys rakende gemeenskapsopheffing.....	95
Tabel 2-17: C2 V1-7 – Opsomming van respondente se gesindhede rakende gemeenskapsopheffing	96
Tabel 2-18: C3 V1-7 – Vraelys oor kerkmenings rakende gemeenskapsbetrokkenheid.....	96

Tabel 2-19: C3 V1-7 – Opsomming van respondente se gesindhede rakende die gemeenskap.....	97
Tabel 2-20: C4 V1-6 – Vraelys oor gemeenskapslede se kerkgesindheid	98
Tabel 2-21: C4 V1-6 – Opsomming van gemeenskapsgesindhede rakende die kerk.....	98
Tabel 2-22: C5 V1-6 – Vraelys rakende intrinsiek godsdienstige houdings.....	99
Tabel 2-23: C5 V1-6 – Opsomming van respondente se gesindhede rakende intrinsiek godsdienstige houdings.....	100
Tabel 3-1: Beligting van die woorde “tsedeq” en “tsedâqâh”	151

LYS VAN FIGURE

Figuur 2-1: Demografiese perspektiewe op maatskaplike dimensies van die Vrystaat volgens die <i>Community Survey 2016</i> gepubliseer 27 Junie 2018 @ 14:00	45
Figuur 2-2: Toon die aantal respondente wat die vraelys voltooi het volgens geslag aan. Totale respondente 113 (Mans 27, Vrouens 86).....	57
Figuur 2-3: Indikasie van vraelysvoltooiing volgens Christen 106, nie-Christen 1, Ander 5. (Totaal:113).....	57
Figuur 2-4: Toon kerkbywoning aan op grond van die vraag: Hoe gereeld woon jy dienste by?.....	58
Figuur 2-5: God is goed en sy mense moet sy goedheid aan gemeenskapslede wys deur daad van goedheid (Waar 94,7%).....	101
Figuur 2-6: Indien die kerk 'n vertroude stem van rede en nasiebou wil wees, moet sy as die stem van weerlose mense in die samelewing optree (Waar 92%)	101
Figuur 2-7: Die daad van die kerk in die plaaslike gemeenskap is belangrik om te wys dat die kerk vir die samelewing omgee (Waar 92,9%)	101
Figuur 2-8: Deurlopende daad van goedheid en deernis moet beskou word as dryfmiddels vir 'n gesindheidsverandering van die samelewing aangaande maatskaplike ongeregtheid (Waar 92,9 %).....	102
Figuur 2-9: In 'n pluralistiese Suid-Afrika moet kerkleiers voorbeelde van versoening vir alle mense wees (Waar 91,2%).....	102

Figuur 2-10: Die samelewing kan baatvind by die kerk se funksie as 'n gemeenskap van gelowiges met 'n visie van God se sorg vir die samelewing (Waar 94,6%)	102
Figuur 2-11: Ware gasvryheid wat mense omhels en welkom laat voel en hulle help om met mekaar te deel, is in gemeenskappe nodig (Waar 96,4%).....	103
Figuur 2-12: Suid-Afrikaanse kerke moet deel van die oplossing in plaaslike gemeenskappe wees (Waar 94,8%).....	103
Figuur 2-13: Ongeregtigheid in kerke en gemeenskappe moet ontbloot word (Waar 92,9%)	103
Figuur 2-14: Kerkleiers moet betrokke raak by strategieë vir konstruktiewe prosesses van dialoog in plaaslike gemeenskappe (munisipaliteite, polisieforsums, ens.) (Waar 91,1%)	104
Figuur 2-15: Godsdiens kan 'n groot rol speel om gemeenskappe te lei na gesindheidsverandering aangaande samelewingskwessies (Waar 91,2%) ...	104
Figuur 2-16: Die kerk kan mense vorm en bemagtig om maatskaplike doeltreffendheid binne plaaslike gemeenskappe te maksimaliseer (Waar 92,1%)	104
Figuur 2-17: 'n Verenigde Christelike stem teen ongeregtigheid is nodig ('n stem wat ras, kultuur en etnisiteit te bowe gaan) (Waar 92%)	105
Figuur 2-18: Die kerk moet betrokke wees by die stryd om menswaardigheid (Waar 92%)	105
Figuur 2-19: Die kerk moet 'n belangrike rol speel om haar lede te help om kwessies aangaande rassisme en xenofobie te hanteer (Waar 92%)	105
Figuur 3-1: Browning se model.....	116
Figuur 5-1: Rigtinggewende skuif van tradisionele <i>ubuntu</i> na liminale <i>ubuntu</i>	270

HOOFSTUK 1: INLEIDENDE PERSPEKTIEWE OP DIE BEGELEIDING VAN DIE GELOOFSGEMEENSAP OM 'N RIMPEL-EFFEK VAN GERECHTIGHEID TE BEWERKSTELLIG

1.1 AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING

1.1.1 Agtergrond

Du Toit (2010:431) het in 'n navorsingsprojek oor die kerk en maatskaplike ontwikkeling in Suid-Afrika bevind dat die meeste Suid-Afrikaanse kerke nie noodwendig gemeenskapsontwikkeling as die roeping van die kerk beskou nie. Die mens se verhouding met God word beskou as iets persoonlik en die volhoubare verligting van nood in die Suid-Afrikaanse samelewing word geag as iets wat deur ander mense en ander organisasies binne die samelewing verrig behoort te word (Du Toit, 2010:432). Die gesindheid van “daar is immers ander mense wat formeel getaak is om gemeenskapsontwikkeling te laat gedy” kom na vore.

Die begrip van die kerk se betrokkenheid in die gemeenskap het oor die jare geleidelik 'n verandering ondergaan. Die belangstelling in begrippe soos “sosiale geregtigheid” wat in resente literatuur gebesig word, dien as 'n goeie voorbeeld van hoe samelewingsdinamiek wel teologiese refleksie noodsaaklik maak (Welker, Koopman en Vorster, 2017:1-22, Denton, 2016:1-10; Keller, 2010:3-9; Strydom & Wessels, 2000:7,235; Swart, 2010a:15-36;).

In die verlede is sosiale geregtigheid ongelukkig meermale verskraal tot die verskynsel van armoedeverligting en die eweredige verspreiding van hulpbronne. Die besinning oor sosiale geregtigheid is egter geleidelik verryk deurdat die morele opbou van 'n gemeenskap toenemend daaraan gekoppel word. Hierdie tipe besinning oor morele opbou geskied veral vanuit die kringe van die etiek, asook uit navorsing oor die kontoere van wat as publieke teologie bestempel word.

Du Toit (2010:441) verbind gemeenskapsontwikkeling en betrokkenheid by noodlydendes in die samelewing aan mekaar en belig die roeping van die kerk ten opsigte van die samelewing. Sodoende word 'n saak wat voorheen op die buiterand gestaan het na die kern verskuif, aangesien dit gekoppel word aan 'n sentrale teologiese begrip,

naamlik roeping. Die sentraliteit van die besinning oor gemeenskapsontwikkeling word selfs meer belig deurdat verskeie navorsers toenemend teologiese nuanses koppel aan die geloofsgemeenskap se rol in die samelewing. Vorster (2017:16) vestig byvoorbeeld die aandag op 'n verskraalde of 'n beperkte eskatologiese visie op die koms van die koninkryk van God, asook op die feit dat die kerk nie altyd en oral haar rol as agent van verandering ten opsigte van geregtigheid begryp nie.

Hierdie rol van die kerk (as agent van verandering) beïnvloed volgens Smit (2003:42–45) selfs die geloofwaardigheid van die geloofsgemeenskap se openbare getuienis. Smit (2003:45–46) verduidelik verder dat die wyse waarop die kerk haar openbare getuienis uitleef wel belangrik is.

In elke plaaslike kerk is die lede van die liggaam aan mekaar verbind, maar die geloofsgemeenskap is ook verbind aan die groter gemeenskap (die sistemiese aard van die kerk). In dié studie word die begrip “begeleiding” benadruk as aanduiding dat plaaslike kerke deur hul kerkleiers toegerus behoort te word om die kragtige werking van geregtigheid in 'n ingewikkelde netwerk van verhoudings te begryp.

Ter aansluiting by bogenoemde aspekte, beklemtoon Vorster (2004:285) die kerk se begeleidingsrol om op 'n relevante manier in die gemeenskap betrokke te wees. Hierdie betrokkenheid van die kerk sluit aspekte soos kritiese solidariteit, konkrete dade van geregtigheid, asook versoening in. Die betrokkenheid van die kerk ten opsigte van samelewingsproblematiek sluit onder andere optrede teen enigiets wat onregverdig en vals is in.

In die aanspreek van die Suid-Afrikaanse gemeenskapsuitdagings, toon Vorster (2014:179) aan dat die kerk drie manifestasies van gemeenskap (*communitas*) met die wêreld moet openbaar om werklik relevant te wees, naamlik:

- Die *profetiese gemeenskap*, waarmee die kerk deur middel van profetiese getuienis die samelewing dien en 'n bydrae lewer ten opsigte van opinievormende denke.
- Die *terapeutiese gemeenskap*, met die klem daarop om die nood van die gebroke samelewing te heel. Die dienskneggestalte van die kerk kom prominent in dié aspek na vore.

- Die *morele gemeenskap*, met die klem op die voorbeeld (modellering) wat gestel word ten opsigte van 'n Christelike moraliteit in die samelewing.

Voortspruitend hieruit volg die gedagte dat gelowiges gehelp moet word op die weg van die lewe en dat dit ook binne die konteks van die begeleiding van 'n geloofsgemeenskap as belangrik geag moet word (Smit, 1995:26). Teen die agtergrond van hierdie studie, word die begeleiding wat die kerkleiers binne 'n plaaslike gemeente en selfs in wyer konteks bied, gekoppel aan Firet se twee momente in hulpverlening, naamlik 'n verstaansmoment asook 'n veranderingsmoment (Firet, 1987:37).

Konkrete dade van geregtigheid wat deur 'n geloofsgemeenskap binne die breër gemeenskap verrig word, kan as manifestasies van die koninkryk van God beskou word. Die uitkringende aard van geregtigheid maak daardeur 'n nuwe realiteit sigbaar (Vorster, 2004:83). Vorster (2017:20) brei hierop uit en toon aan dat die gedagte van die *zwischenraum*, of dan die tydsverloop tussen die huidige konteks en die finale vervulling van God se beloftes, te make het met 'n doelgerigte teenwoordigheid van die kerk in die wêreld, naamlik om die boodskap van hoop met woord en daad te verkondig.

Kruger (2016:7) sluit by bogenoemde gedagtes aan en toon dat die kerk kragtens haar wese geroep is om kontak met die wêreld te hê, want juis in die kontak en uitreik, is die roeping om sout en lig te wees opgesluit. Bosch (1991:172) het eertyds die kerk beskryf as 'n gemeenskap wat deur die voorbeeld van goedheid en liefde nie bloot 'n alternatiewe verhaal moet vertel nie, maar inderdaad die alternatiewe verhaal van geregtigheid in die samelewing moet wees (vgl. ook Hauerwas, 2001:150). Bosch (1991:10) begrond sy siening met die gedagte dat God omgee vir die wêreld en juis daarom is Hy onderweg met die wêreld; 'n dinamiese weg waarin gelowiges bevoorreg is om te kan deel. God maak sy kerk as geloofsgemeenskap deel van sy beweging in hierdie wêreld en dit is 'n verdere rede waarom die kerk haarself nie kan terugtrek van God se uitreik na mense toe nie (Bosch, 1991:391).

Heitink (1999:294) fokus nog meer indringend op die taak van die kerk en beskryf dit as 'n bemiddelende funksie, asook as 'n missionêr-diakonale verteenwoordiging in die samelewing. Die kerk as geloofsgemeenskap stel daarom 'n voorbeeld wat gedring word deur die uitleef van koninkrykswaardes binne die samelewing (Vorster, 2017:23).

Pieterse (2001:122) is korrek wanneer hy aantoon dat die ywer om betrokke te wees in diakonale gemeenskapsontwikkeling nie moet meebring dat gelowiges ongeorganiseerd instorm en op lukrake wyse hulp in die samelewing aanbied nie. Konstruktiewe besinning oor die waarom, asook die beginselraamwerk rakende gemeenskapsontwikkeling, behoort binne plaaslike gemeentes ordelik en planmatig te geskied.

In hierdie studie word gefokus op een aspek van die beginselraamwerk, naamlik geregtigheid. Juis daarom is die begeleidingsaspek deur die geroepe diensknegleiers binne plaaslike kerke van kardinale belang. Die leiers binne geloofsgemeenskappe behoort gemeentes te begelei tot nuwe perspektiewe ten opsigte van die kerk se bemiddelende taak, asook kreatiewe insigte aangaande die rol van die kerk in gemeenskapsontwikkeling. Verdere aspekte soos onder andere menswaardigheid, vennootskappe met ander kerke en organisasies in die gemeenskap, asook die besef dat gemeenskapsontwikkeling rekening moet hou met langtermyn (volhoubare) beplanning, behoort ook aandag te ontvang.

Voortspruitend vanuit die kommunikatiewe handeling wat in praktiese teologie van belang is, beklemtoon Heitink (1999:308) dat die positiewe uitwerking wat konkrete dade van geregtigheid op die gemeenskap kan hê regmatige aandag behoort te geniet. Konkrete dade wat gerig is op geregtigheid beskik oor 'n kragtige kommunikatiewe boodskap. Dit gedy weens die voedingswaarde wat in verhoudings opgesluit is (Osmer, 2008:15). Osmer (2008:194-195) het byvoorbeeld verwys na die invloed van transaksionele leierskap wat meebring dat lede van 'n plaaslike kerk "responsive" sal wees vir die nood van ander mense. Leierskap wat hierin slaag is funksioneel aan wat Osmer (2008:196) beskryf as transformerende leierskap.

Die krag van kommunikatiewe handeling in verhoudings kan vergelyk word met 'n lewende web of selfs 'n netwerk (Osmer, 2008:16). Miller-McLemore (2012a:369–369; 2012b:46,60) benadruk die beeld van 'n web om die individuele, terapeutiese en pastorale versorgingsaspekte van die pastoraat te verduidelik. Pastorale bediening behels hiervolgens meer as net individuele versorging van mense en omvat 'n herderlike besorgdheid oor 'n netwerk van verhoudings waarin gelowiges hulself bevind (Dreyer, 1981:110–121). Hierdie besorgdheid sluit dade van geregtigheid in. Op dié wyse skuif die reikwydte van die pastoraat met 'n uitkringende aard van omgee na die publieke domein.

Pastorale sorg behels daarom die breë, inklusiewe bediening van wedersydse genesing en groei binne 'n gemeente en sy gemeenskap (Clinebell, 1984:26).

Osmer (2008:16) oordeel verder dat die dinamika van verhoudings tussen individue, gesinne, gemeentes, gemeenskappe en groter maatskaplike sisteme binne die fokus val van pastorale omgee vir ander mense. Moontlik is die kern hiervan opgesluit in die gedagte dat die kerk as gemeenskap van gelowiges sal besef dat gelowiges wel deel is van die samelewing en nie wesensvreemd daarteenoor geposisioneer is nie.

Die kerk is meer as net 'n fisiese straatadres van die kerkgebou in die omgewing. In beide die handelinge van omgee, sowel as die toepassing van geregtigheid, het die kerk (geloofsgemeenskap) 'n verantwoordelikheid ten opsigte van 'n aktiewe aanwesigheid in die gemeenskap (Vorster, 2017:24). Magezi (2016:2–3) benadruk daarom die rol van die kerkleier as “*folk*”. Die kerkleiers in hul rol as pastorale versorgers het nodig om mense in hul alledaagse optredes te begelei. In hierdie rol het die kerkleier nodig om op hoogte te wees van alledaagse uitdagings in die samelewing om relevant te wees. Dit behels om in die gemeenskap die voortou te neem en om mense te begelei in uitdagings en in besluitnemings in 'n vinnig veranderende wêreld.

Bedieningstake in die plaaslike kerk vorm deel van 'n interafhanklike geheel en bevestig opnuut weer die gedagte dat bediening (*diakonia*) nie 'n doel op sigself is nie. Bediening beskik immers oor 'n teleïatiewe funksie. In die geval van byvoorbeeld toerusting of die bediening van die gesin, word wel gefokus op die verskaffing van relevante inligting; daar behoort egter ook gefokus te word op die bemagtiging van die gesin om met die praktiese uitleef en beoefening van 'n liturgiese bewustheid 'n konstruktiewe bydrae tot die samelewing te lewer ten opsigte van die toepassing van geregtigheid.

As agtergrond vir hierdie studie, ag die navorser dit belangrik om aan die hand van die literatuurstudie terreine te bespreek waar dade van geregtigheid in gemeenskapsontwikkeling benodig word. Sodoende word die noodsaaklikheid vir die begeleiding van die geloofsgemeenskap tot die uitleef van geregtigheid geïllustreer.

- Nieman (2010:37) oordeel dat kerke (geloofsgemeenskap) 'n hernieuide fokus benodig op die welsyn van mense. 'n Ware omgee en belangstelling in mense se

welstand en persoonlike maatskaplike omstandighede sowel as begrip vir die betekenis van die lewe, is 'n eerste en belangrike aspek wat aandag verdien.

- Wolterstorff (1987:74) benadruk daarom juis die aanklag teen die kerk van alle eeue dat armoede en oorvloed hand-aan-hand in plaaslike gemeenskappe voorkom. Rykdom en armoede is met ander woorde bure. Statistieke bevestig die probleem, naamlik dat meer as 50% (30,4 miljoen mense) van Suid-Afrika in armoede leef¹. Wolterstorff (1987:72) is van mening dat die kontras tussen oorvloed en totale armoede in gemeenskappe op die kerk se onvermoë dui om histories gesproke haar roeping uit te leef.
- Doelgerigte optrede word benodig vir die vestiging van geregtigheid in plaaslike gemeenskappe. Hierdie optrede vir geregtigheid beteken verhoogde betrokkenheid by die bemeestering en opbou van die wêreld waarin die soeke na sosiale geregtigheid prominent is. Die ontwikkeling van die mensdom en sodoende die wêreld, asook hul bevryding van armoede en ongeregthede in die skep van menswaardigheid, loop hand aan hand (Wolterstorff, 1987:72).
- Pieterse (2001:39–48) benadruk op sy beurt die uitkringende aard of siklus van armoede. Dit blyk dat armoede nie net 'n fisiese tekort aan voedsel behels nie. Die stigma gekoppel aan voortdurende welsynshulp is deel van dié uitkringende probleem. Hierdie stigma veroorsaak dat arm mense oor die langtermyn van hul selfbeeld, menswaardigheid en effektiwiteit ontnem kan word. Vanuit mense se verlies aan 'n gevoel van menswaardigheid word swak werks- en negatiewe morele keuses soms gemaak as enigste uitweg tot oorlewing, soos byvoorbeeld kleinskaalse misdaad (onder andere diefstal van kleinighede) en prostitusie (Nieman, 2010:37).
- Verdere uitkringende, negatiewe gevolge van armoede en werkloosheid is geweld en grootskaalse misdaad (Pieterse, 2001:39–48). Hierdie geweld beïnvloed meermale die gesin; kinders word dikwels nie versorg en reg opgevoed nie en in baie gevalle is huwelikskonflik deel van die daaglikse gesinsopset (Nieman, 2010:37).

Pieterse (2001:31) benadruk die kommerwekkende verskynsel dat mense se inkomste hul lewewêreld sowel as hul lewenskwaliteit bepaal. Die kerk kan as 'n

¹ <https://www.fin24.com/Economy/more-than-50-of-sas-population-is-living-in-poverty-20170822>

voertuig van genesing en as 'n instrument van hoop in God se goedheid, effektief betrokke raak (Pieterse, 2001:114).

- Burger *et al.* (2010:61–62) bevestig die kommer oor die armoedekwessie in Suid-Afrika en noem vier uitstaande kenmerke wat die toename in armoede grootliks beïnvloed, naamlik geslag, ras, ouderdom en die geografiese gebied waarin mense woon. Volgens hulle speel geografiese ligging 'n groot rol in gemarginaliseerdes se vooruit- of agteruitgang (Burger & Van der Watt, 2010:393). Navorsing het aangetoon dat geografiese ligging mense kan bevoor- of benadeel. Indien iemand werk, word 'n inkomste gegenereer en die toestand van armoede kan verander; die uitdaging is egter om 'n werk te kry.

Enige verhouding benodig kommunikasie om te kan gedy. Navorsing het egter bevind dat 55% mense nie met mense buite hul rassegroep of woongebied wil of kan kommunikeer nie. Burger en Van der Watt (2010:393) voer aan dat kinders in arm geografiese gebiede daardeur benadeel word en nie 'n regverdigde kans gegun word op goeie skole, opleiding of indiensneming nie. Die vraag is gevolglik: Hoe kan sosiale polarisasie, wat as gevolg van geografiese ligging 'n kind se toekoms bepaal, oorbrug word?

- Burger en Van der Watt (2010:393) benadruk die gedagte van kerke wat wel aan die gemarginaliseerdes 'n veilige tuiste kan bied waar die stemlose 'n stem besit (menswaardigheid) en waar gelowiges mekaar op pastorale wyse kan bedien en verryk.

Sosiale kapitaal sluit in dat gemeentes mense bystaan met die deel van kennis en deur middel van fisiese bystand, ongeag ras, geslag of stand. Die kerk as gemeenskap van gelowiges kan sodoende diensbaar wees in die skep van 'n netwerk om aan werkloses moontlikhede te bied, soos byvoorbeeld die verskaffing van 'n verwysing wanneer 'n werklose aansoek doen vir 'n betrekking.

- Sommige lede vanuit die Suid-Afrikaanse samelewing belig daarom vanuit die geskiedenis betrokkenheid by mekaar vanuit 'n “verlore ubuntu” (Dreyer, 2015a:204). Die strewe vanuit *ubuntu* beginsels is om die “goeie” nie net in die welsyn van gemeenskappe uit te leef nie, maar ook op 'n persoonlike vlak. Waardes en tradisies van 'n gemeenskap is gekoppel aan wat vir belangrik is nie net vir individue nie, maar ook vir die hele plaaslike gemeenskap. Hierdie waardes kan verskil tussen klein gemeenskappe, maar ook tussen groter entiteite soos

etniese en kulturele groepe en selfs groot geografiese gebiede. Vanuit die voorbeeld van *ubuntu* is algemene waardes vrede, harmonie, vrygewigheid, solidariteit en menslikheid. Hierdie waardes deur die lens van die tripartiete struktuur word dus in drie fases voorgehou om dit praktiese uitleefbaar te maak, naamlik: individueel, met en vir ander (interpersoonlik), en vanuit instellings (samelewing) (Dreyer, 2015a:204).

Dit is juis hier waar kerkleiers benodig word om toe te sien dat die infrastruktuur van 'n sterk verbintenis binne 'n gemeente (gemeenskap van gelowiges) ook ruimte maak vir buitestaanders, oftewel vreemdelinge. Dit is immers die aard van kerkwees om 'n vreemdeling op aarde te wees. Deur begrip te hê vir ander vreemdelinge en die warmte waaroor die kerk beskik met ander te deel, behoort nuwelingte deelgemaak te word van die gemeenskap van gelowiges (Burger & Van der Watt, 2010:395).

- Wepener en Cilliers (2010:419) benadruk kerke se potensiaal om aan mense die geleentheid tot sosiale integrasie, sonder enige vorm van diskriminasie, te bied. Hulle brei verder hierop uit dat kerke 'n veilige hawe kan skep waar ryk en arm mekaar ontmoet en so op diepgaande wyse as dryfveer tot transformasie van gemeenskappe kan dien (Wepener & Cilliers, 2010:418).

Doyle (2009:93) pleit daarom, gefokus op verhoudings, dat gesinne 'n visie van gesinslewe ontwikkel wat isolasie weerstaan. Die familie is die “eerste sel van die samelewing” en oefen dus 'n mate van outonomie uit, maar soos met die outonome aard van individuele persoonlikheid, is dit altyd ter wille van die verhouding. Gesinne kan primêre verantwoordelikheid vir hul lede hê, maar hulle word ondersteun deur ander sosiale instellings om dit uit te voer. Net so het gesinne 'n verantwoordelikheid teenoor die algemene welsyn van ander gesinne.

Uiteindelik beweeg die gesin uit homself en bou netwerke van solidariteit. Die gesin dien sodoende nie bloot net as 'n “hawe in 'n hartelose wêreld nie”, maar betrek die wêreld om dit op beginselvaste wyse op evangelise waardes te transformeer. Om hierdie doel te bereik, moet die familie daarom self as 'n voorbeeld van die uitleef van regverdige verhoudings dien. Gesinne word geroep om getuies vir geregtigheid te wees sowel as om na buite uit te reik deur lief te hê en om te gee.

- Volgens Swart (2010b:342) behoort die kerk as liggaam van Christus 'n kanaal of beliggaming van geregtigheid te wees wat deur middel van diensvaardigheid 'n bereidwilligheid openbaar om spesifieke behoeftes aan te spreek. Dit stel gevolglik eise aan die konkrete inrigting van en die siening oor dienswerk van 'n plaaslike gemeente.
- Erasmus en Mans (2010:353) vind aansluiting by bogenoemde en toon aan dat kerke 'n strategiese belang het by gemeenskapsontwikkeling. Gemeenskapsontwikkeling sluit strategieë in wat nuwe beleid en programme daarstel in die vestiging van geregtigheid, die beskikbaarstelling van hulpbronne en die ontwikkeling van mense op grondvlak (Eigerlaar-Meets *et al.*, 2010:53; Erasmus & Mans, 2010:368).
- Denton (2016:2) verduidelik dat regverdige en billike oplossings benodig word vir die proses van vergifnis waar maatskaplike onreg teen mense gepleeg is. Hierdie oplossings het ten doel om herstellende geregtigheid te bewerkstellig. Ou herinneringe aktiveer wraak- en vergeldingsgedagtes (as gevolg van gevoelens van onreg) in persone wat onreg beleef se harte. Die behoefte aan vergelding weeg later swaarder as nugter denke oor die gevolge van dade.
- Die kerk het die verantwoordelikheid om krities-opbouend in getuienis en optrede te wees teenoor onder andere huidige politieke, ekonomiese en sosiale onreg. Stilsyde oor samelewingsproblematiek behels streng gesproke dat die kerk die onreg oor die hoof sien. In die strewe na geregtigheid en die betoning van goedheid vervul die kerk onder andere haar profetiese rol in die samelewing (Kruger, 2016:3).
- Ackah (2015:239) belig daarom die bekommernis, vanuit die Suid-Afrikaanse samelewing, dat belangrike waardes verlore geraak het. Waardes word benodig wat die herwinning van menswaardigheid moontlik maak, naamlik solidariteit, respek vir die lewe en die mensdom. Ackah (2015:239) is egter positief dat die potensiaal bestaan dat die waardes nie net herwin kan word nie, maar dat beter waardes hervestig kan word.
- Die kerk is geroep tot diensbaarheid aan God in die wêreld. God het 'n onbegryplike liefde vir die mens en daarom is die kerk God se inisiatief om sy geregtigheid aan die wêreld te demonstreer. Die kerk se roeping is om

geregtigheid met konkrete dade te herstel en by die opheffing van gemeenskappe betrokke te raak (Pieterse, 2001:120–121).

In hierdie afdeling is die gerigtheid van die studie gekontekstualiseer. In die uiteensetting van die probleemstelling wat nou volg, sal die navorser sterker aansluit by *koinonia* en *diakonia* as spitspunte met inagneming daarvan dat die kerk missionaal in haar wese is.

1.1.2 Probleemstelling

Om die problematiese praxis wat in dié studie ondersoek word te begryp, is 'n nouer omlyning van die begrip “sosiale geregtigheid” noodsaaklik. Floor (1981:26) het lank gelede 'n definisie van die begrip “geregtigheid” gebied, naamlik:

Geregtigheid, as geregtigheid van God se koninkryk, het 'n tweevoudige betekenis, naamlik: geregtigheid is iets wat aan die mens toegereken word waardeur die mens weer in die regte verhouding tot God kom, asook geregtigheid as 'n wyse van reg handel volgens die wil van God.

Anders gestel sou gesê kon word dat geregtigheid wel te make het met 'n lewenswyse van omgee vir ander mense, en dat 'n verbintenis tot regverdigheid en dit wat reg is van belang geag word.

'n Koninkryksperspektief, naamlik 'n koninkryk wat reeds gekom het maar tegelyk komende is, sou belangrik wees in 'n beskrywing van geregtigheid. Dade van geregtigheid wat oor 'n rimpel-effek beskik, sou moontlik die voortgaande refleksie oor die koms van die koninkryk kon verryk aangesien die sosiale karakter van die koninkryk belig word. Hierdie siening beskou geregtigheid as 'n belangrike basis van God se koninkryk.

Om geregtigheid te laat geskied, is daarom nie slegs 'n blote onderdeel van die kerk se roeping nie; dit is die spesifieke doel van 'n geloofsgemeenskap wat reeds onder die gesag staan van die koninkryk se Koning. Juis daarom staan die gedagte van wat reg is in mense se onderlinge verhoudings, sentraal in die kerk as geloofsgemeenskap (*communitas*) se houding van pastorale omgee vir mense.

Keller (2010:5) toon aan dat geregtigheid wel uiterlik gemeet kan word aan die manier waarop mense mekaar in die samelewing behandel. Alle mense, as geskapenes na God

se beeld, moet met waardigheid behandel word. Indien mense nie menswaardig behandel word nie, ontaard dit in die probleem van 'n skending van geregtigheid. Menswaardigheid en die beeldskap van God hang nou met mekaar saam. Die waardigheid van die mens is gefundeer in die feit dat die mens die beeld van God is (Vorster, 2005:150). Elke mens beskik oor menswaardigheid sowel as 'n verantwoordelikheid en regte (Vorster, 2004:96).

In die aanspreek van bogenoemde probleem, benadruk Kruger (2016:9) die plaaslike kerk se rol as God se gestuurdes in hierdie wêreld. Die kerk word geroep tot betrokkenheid (verbintenis) en diensbaarheid in die samelewing. Die kerk moet die omgeerimte wees waar mense vanuit die omgewing ontvang en opgeneem word.

Egte *societas (koinonia)*, asook die gesindheid van dienswerk in die samelewing (*diakonia*), word benodig (Kruger, 2016:10). In hierdie proses is dit van uiterste belang dat die kerk moeite sal doen om goeie verhoudings met haar bure in die gemeenskap te bou deur konkrete dade van omgee, asook 'n bereidwilligheid om onbaatsugtig te dien. Dit is noodsaaklik dat die geloofsgemeenskap die regte bewustheid aangaande die samelewing het, maar dit hou ook in dat die kerk haar identiteit en gepaardgaande verantwoordelikheid as die liggaam van Christus sal begryp (Kruger, 2016:10).

Brouwer (2009:91) bou hierdie gedagte verder uit en toon aan dat omgee-verhoudings die potensiaal skep vir ondersteuning en samehorigheid in die samelewing. Wanneer *koinonia* (omgee) met *diakonia* (diens) geïntegreer word, word die geleentheid geskep om soekend en op praktiese maniere deel te word van die leefwêreld van selfs die kwesbaarste mense. Binne omgee-verhoudings word mense se waardigheid herken en erken. Die ontmoetingsgestalte waartydens in die teenwoordigheid van mense geleef word, het die potensiaal om verandering te bewerkstellig (Brouwer, 2009:93).

Koinonia (omgee) is die sensitiewe of transformerende ruimte waarbinne die veranderingsproses plaasvind. Dit is 'n aspek wat veral in die navorsing van Clinebell (1984:31) besondere aandag geniet het. Clinebell (1984:31–32) beskryf dit as 'n “self-other-society-wholeness”. Dié gedagte korreleer met die besef dat groeipotensiaal in menslike verhoudings opgesluit is. Met die toenemende klem wat op die hermeneutiese aspekte soos interpretasie en herinterpretasie geplaas word, het Clinebell (1984:20) die noodsaaklikheid van 'n integrale ontleding van menslike ervaring, asook die simboliese

verwysingsraamwerk van menslike lewe, bepleit. Sodoende kom die sinvolheid van lewe binne die kader van verhoudings in die gesigsveld.

Dreyer (2016:14–15) meen dat die kerk se betrokkenheid in die samelewing om die “wholeness”-heling te bedien teen die agtergrond van huidige problematiek ten opsigte van maatskaplike realiteite in Suid-Afrika beskou moet word. Die heelheid van mense word toenemend bedreig deur ’n heersende wêreldwye ekonomiese krisis, die gaping tussen ryk en arm wat steeds vergroot, korrupsie wat mense se omstandighede integraal raak en die druk op regerings as gevolg van geweldige uitdagings. Die erns van hierdie bedreigings behoort besef te word.

Louw (2015a:34) fokus op die kerk as gemeenskap van gelowiges en die gevaar van apatie teenoor die Suid-Afrikaanse uitdagings. Hy redeneer dat waar *Missio Dei* nie ’n vergestaltung van die *Passio Dei* is nie, daar meer op kerklike instandhouding gefokus word eerder as op die “offer-etos van diensbaarheid en versorging” binne die konteks van interkulturaliteit (Louw, 2015a:336). Doyle (2009: 72) benadruk die gevaar van die gesin wat hulself beskerm en hul eie regte bo ander stel. Die gevaar bestaan daarom juis dat apatie en onbetrokkenheid teenoor die res van die gemeenskap ’n lewenswyse word.

Louw (2017b:7) dui aan dat ’n paradigma-skuif tot gevolg het dat prakties-teologiese navorsing voor uitdagings te staan gebring word. Hy benadruk die volgende in verband hiermee, naamlik:

A paradigm shift within practical theological thinking about the role of the church in society is inevitable. The need for local churches is no longer just about thinking about mere meaningful practices, but rather on compassionate being with other people as an operative church. Practical theology as *fides quaerens domum et locum* is about an inhabitational theology of dwelling-in and dwelling-with. It is about a faith-seeking place for hospitable homecoming; a place where people can become whole. (Louw, 2017b:7)

Frost (2011:130) vind aansluiting hierby en beklemtoon die gedagte dat missionale Christenskap vanuit die beginsel van *passio* (omgee) ontstaan. Met ander woorde, die geloofsgemeenskap benodig ’n welbewuste roeping om waarlik dienend betrokke te kan wees by die heling en dade van geregtigheid in plaaslike gemeenskappe.

Louw (2015a:53) fokus die aandag op praktiese maniere van saamleef in Suid-Afrika, byvoorbeeld deur die versorging en heling van mense deur middel van wat hy beskryf as die *cura animarum*, oftewel 'n nuutgewaardeerde beskouing oor die menslike siel. Louw (2016a:1) deel sy besorgdheid oor een van die huidige kwessies in Suid-Afrika, naamlik die migrasie-en-vlugtelingskrisis. As gevolg van vooroordeel, openbaar xenofobie (vreemdelingehaat) 'n afwesigheid van medelye en diakonale uitreiking. Sommige mense is as gevolg van die feit dat hulle vreemdelinge is haweloos en ander weer ontwortel. Louw (2016a:13) meen die krisis openbaar 'n dieper geestelike probleem, naamlik die gevaar van selektiewe deernis. Gevolglik benodig pastorale versorging ten opsigte van die migrasie-en-vlugtelingsdilemma die *Passio Dei* (saamwees) van Christus (Louw, 2016a:13).

Passio Dei word in prakties-teologiese navorsing as medelydende gasvryheid beskou, as 'n manier van saamwees (*being-with*). Volgens Calvyn (soos aangehaal deur Bosch, 2001:367), gaan dit oor die besef dat "... we must live together in a family of brothers and sisters which Christ has founded in his blood; and with very hostility he gives the opportunity to resist hostility." Suid-Afrikaanse gemeenskappe benodig hierdie saamwees om uiteindelik die mag van vooroordeel af te breek en 'n ondersteuningsnetwerk van verhoudings te skep, ongeag klas, ras, geslag of seksuele voorkeur.

Dingemans (2001:229) toon aan dat die gemeenskap by die kerk inspirerende rigting en begeleiding vir hul lewens soek. Dit behels dat die kerk aan alle mense moet wys dat God daar is ("being-there"), dat Hy regtig omgee ("being-with") en dat Hy vir ons omgee ("being-for") (Louw, 2015:336). Dade van geregtigheid is 'n belangrike deel van die kerk se uitlewing van haar roeping om God se verteenwoordigers op aarde te wees (Kruger, 2015:6). Die kerk, as 'n voertuig van geregtigheid, kan gelowiges prakties tot daade van goedheid begelei (Thesnaar, 2010:272).

Die unieke bydrae van hierdie studie is daarin opgesluit dat daar aangetoon wil word dat geregtigheid en daade waarmee die herstel van geregtigheid in die samelewing doelgerig nagestreef word 'n rimpel-effek het. Die woord "rimpeleffek"² beteken: die rimpels wat oor water uitkring wanneer 'n voorwerp daarin val. Ander sinonieme daarvoor is "domino-

² https://en.wikipedia.org/wiki/Ripple_effect

effek” of “kettingreaksie”. Met ander woorde, dade van geregtigheid kan ’n rimpel-effek tot gevolg hê, soos verwoord word met die volgende aanhaling:

A single act of kindness throws out roots in all directions, and the roots spring up and make new trees. The greatest work that kindness does to others is that it makes them kind themselves (Amelia Earhart)³.

Dit is nodig om ’n geloofsgemeenskap, as liggaam van Christus, te begelei tot die skep van hierdie rimpel-effek van geregtigheid. ’n Daadwerklike fokus op gemeenskapsontwikkeling deur dade van geregtigheid ontstaan nie vanself nie. Die probleem onderliggend hieraan is wel reeds deur navorsing aangetoon, maar die prakties-teologiese inrigting hiervan is ’n duidelike leemte wat tydens die literatuurstudie ontdek is.

Kerkleiers het nie altyd die visie wat nodig is om hul gemeentes te motiveer tot betrokkenheid en die rimpel-effek van geregtigheid nie. Vanuit die navorser se gemeenskapsbetrokkenheid en aandeel in gemeenskapsontwikkeling in die Goudveld, word dié studie dan hoofsaaklik gerig op kerkleiers in hierdie omgewing, maar dit sluit nie ander omgewings uit nie. Kerke in die Goudveld funksioneer binne ’n omgewing wat gekenmerk word deur werkloosheid, armoede en onwettige immigrante.

Hierdie studie het ten doel om ’n strategie saam te stel ter bemagtiging van kerkleiers in hul begeleiding van die geloofsgemeenskap tot die skep van ’n rimpel-effek van geregtigheid in die samelewing. Die navorsingsvraag sien dus soos volg daarna uit:

Hoe kan die ontwikkeling van ’n pastorale model kerkleiers bemagtig om geloofsgemeenskappe te begelei om die rimpel-effek van geregtigheid te bewerkstellig in die wyse waarop gemeenskapsbetrokkenheid beoefen word?

Die volgende vrae wat uit die probleemstelling voortspruit, sal ondersoek word:

- Wat is die huidige situasie binne die Goudveld ten opsigte van die begeleiding van geloofsgemeenskappe om dade van geregtigheid in hul gemeenskapsbetrokkenheid te bevorder?
- Wat is die Bybelse norme rakende die roeping ten opsigte van geregtigheid?

³ <http://www.rd.com/culture/amelia-earhart-quotes>

- Wat is die spanningsvelde rakende die geloofsgemeenskap se betrokkenheid asook die leiers se rol in die toepassing van geregtigheid?
- Watter norme en strategieë word benodig om die kerkleier te bemagtig vir die begeleiding van die geloofsgemeenskap tot die skep van 'n rimpel-effek van geregtigheid?

1.2 DOELSTELLING EN DOELWITTE

1.2.1 Doelstelling

Die oorkoepelende fokus van die studie is om **'n pastorale model vir kerkleiers te ontwikkel om hulle te bemagtig om geloofsgemeenskappe te begelei in die wyse waarop gemeenskapsbetrokkenheid beoefen word sodat die rimpel-effek van geregtigheid bewerkstellig kan word.**

1.2.2 Doelwitte

Die doelwitte vir hierdie studie behels die volgende:

- Om aan die hand van 'n deskriptief-empiriese studie die gesindheid van gemeenskapslede en lidmate te bepaal oor die beoefening van geregtigheid en die verwagting oor die kerkleier se begeleidingsrol.
- Om normatiewe perspektiewe op die rimpel-effek van geregtigheid vanuit die Skrif na te vors.
- Om vanuit 'n sistematiese studie spanningsvelde te identifiseer rakende die begeleiding van geloofsgemeenskappe om die rimpel-effek van geregtigheid te begryp.
- Om vanuit strategies-pragmatiese perspektiewe 'n pastorale model saam te stel om geloofsgemeenskappe te begelei tot die ontdekking van die daadkragtigheid van die rimpel-effek van geregtigheid.

1.3 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die navorser se argument is dat **die ontwikkeling van 'n pastorale model kerkleiers kan bemagtig om geloofsgemeenskappe te begelei in die wyse waarop gemeenskapsbetrokkenheid beoefen word sodat die rimpel-effek van geregtigheid bewerkstellig kan word.**

1.4 NAVORSINGSONTWERP EN METODOLOGIE

Hierdie studie sal vanuit 'n pentekostalistiese paradigma aangepak word. Die volgende fokuspunte word binne hierdie paradigma as belangrik geag, naamlik:

- Navorsing vanuit 'n pentekostalistiese paradigma geskied vanuit die voorveronderstelling asook die oortuiging dat die kerk 'n missionale roeping het. Die hoofdoel van die kerk is die verspreiding van die evangelie (Nel, 2015b:6). Die navorser wil ter aansluiting hierby Louw (2016b:351) se beklemtoning van *Missio Dei* wat op *Passio Dei* gebou word as aanvullende gedagte uitlig. Hiermee word gepleit vir 'n opregte medelye en omgee vir mense binne die raamwerk van die strewe na geregtigheid in gemeenskapsontwikkeling. Hierdie omgee dien as 'n stimulus vir die uitdra van die evangelie in woord en daad.
- Die onfeilbare Woord van God bly die fondament waarop die konkrete handeling van die kerk gebou word (Nel, 2015b:6).
- Nel (2015a:6) beklemtoon die roeping van alle gelowiges tot diensbaarheid; hetsy man of vrou, voltyds of deelyds, kerkleier of bedieningsleier.

Tydens die oorweging van geskikte metodologieë vir hierdie navorsing, het die navorser verskeie metodes kortliks ondersoek, maar die metode wat deur Browning (1996:13) voorgestel is as 'n gepaste metodologie vir hierdie spesifieke navorsing geselekteer. By die oorweging hiervan is aandag geskenk aan die volgende metodologiese insigte, naamlik:

- i. Heitink (1999:165) werk met drie sleutelwoorde in sy benadering tot prakties-teologiese navorsingsmetodologie, naamlik begrip, verduideliking en verandering. Tydens navorsing word drie sirkels in werking gestel: die hermeneutiese sirkel (met begrip as sleutelwoord), die empiriese sirkel (met verduideliking as sleutelwoord) en die regulerende sirkel (met verandering as sleutelwoord).
- ii. Osmer (2008:11) onderskei vier aspekte binne 'n hermeneutiese interaksie, naamlik die beskrywende (wat het gebeur?), die verklarende (hoekom het dit gebeur?), die normatiewe (wat is veronderstel om te gebeur?) en die pragmatiese (hoe reageer ons op die gebeure?).
- iii. Dingemans (1996:62) merk op dat die meeste teoloë tydens prakties-teologiese navorsing die volgende dimensies onderskei: analitiese beskrywing van die

prakties-teologiese situasie; navorsing van normatiewe standpunte; en die ontwikkeling van 'n strategie vir verandering wat voortspruit vanuit die wisselwerking tussen normatiewe standpunte en analitiese insigte.

Browning (1996:13) vind op sy beurt aansluiting by die hermeneutiese wisselwerking tussen die onderskeie fases van 'n navorsingsprojek. Hy beskryf die nuanses van 'n navorsingsaktiwiteit as wisselend vanaf beskrywing en sistematisering (verkenning van praktiese wysheid en begrip) tot die bied van 'n strategie.

Hierdie navorsing vind aanklank by Browning (1996:6–7) se navorsingsmetode. Browning beklemtoon die verkryging van kennis en waarheid deur gemeenskaplike dialoog, begrip en konsensus. Hierdie handeling poog om die teorie en praktyk in godsdienstige gemeenskappe by mekaar uit te bring deur middel van 'n interaksie. Met 'n interdisiplinêre benadering sal die praktyk (die inklusiewe taak van die kerk en die wêreld) bespreek word om sodoende die behoeftes van die samelewing doeltreffender aan te spreek (Klaasen, 2014:3).

In hierdie studieverslag sal 'n beskrywende aanslag, naamlik die ondersoek van die praxis, van belang wees. Daarna is dit noodsaaklik om 'n sistematisering van perspektiewe te bied wat moontlik in 'n laaste hoofstuk strategiese denke oor die veld van ondersoek kan bevorder.

Browning (1996:8) se prakties-teologiese model bestaan uit vier dimensies/take, naamlik die beskrywende, historiese, sistematiese en strategiese dimensie/taak. Hulle is interafhanklik en in mekaar verweef (Klaasen, 2014:3) en word in die hermeneutiese proses gebruik ter verkryging van nuwe perspektiewe.

Dié vier speke in Browning se navorsingswiel behels die volgende:

1.4.1 Die beskrywende taak (wat is aan die gang?)

Die beskrywende taak se funksie is om die huidige praktyk te beskryf wat aanleiding gee tot die problematiese praxis en vereis teologiese refleksie. Die beskrywende taak ontleed die persoonlike, kulturele en godsdienstige assosiasies waaruit godsdienstige gebruike ontstaan (Browning, 1996:72). Dit is 'n dialoog wat nie net ten doel het om bloot

die huidige situasie weer te gee nie, maar ook om nuwe horisonne en spanningsvelde te belig (Elton, 2008:18).

Die sleutelvraag vir hierdie studie na aanleiding van Browning se model is: Wat is die huidige praktyk rakende die toepassing van geregtigheid in Suid-Afrika?

Ander kernvrae behels die volgende, naamlik:

- Hoe word geregtigheid verstaan?
- Watter positiewe bydrae kan konkrete dade van geregtigheid tot die gemeenskap of samelewing lewer?
- Watter beginsels, metodes, redes, ideale en simbole kan gebruik word vir die interpretasie van wat aangaan?

Browning (1996:111) maak ook gebruik van verskillende gedragswetenskappe om te fokus op praktyke, rolle, reëls en kommunikasiepatrone. Gesamentlike dialoog verbeter oplossings vir uitdagings in die gemeenskap. Die navorser vind aansluiting by die gebruik van 'n kwalitatiewe literatuurstudie wat gesprek voer met verskillende dissiplines om die omvang van die huidige problematiese praxis rakende geregtigheid te bepaal.

1.4.1.1 *Navorsingsontwerp*

Ter aansluiting by bogenoemde, praat Browning (1996:47–48) van 'n horisonanalise waarin kulturele betekenis wat geloofservarings omring, ondersoek word. Juis daarom het hierdie beskrywende fase 'n multidimensionele aanslag waarin dialoog gesoek word met die dieperliggende realiteit. Die toepassing van geregtigheid word gevolglik met behulp van 'n kwalitatiewe literatuurstudie sowel as 'n gemengde empiriese studie nagevors; relevante spanningsvelde word ook daardeur belig. Op die voetspoor van Browning se beskrywende fase, vind gesprek verder plaas met ander grenswetenskappe.

Browning verwelkom en ondersteun empiriese navorsing en wetenskaplike metodes om lewensvrae te beantwoord. Hy pleit egter dat daar van streng laboratorium-agtige empiriese navorsingsmetodes wegbeweeg moet word tydens die ondersoek van menslike ervarings (Cooper, 2011:55).

Met hierdie navorsing is geloofsgemeenskappe se gesindhede aangaande die betoning van geregtigheid getoets. Tydens 'n vorige kwantitatiewe navorsingstudie oor die rol van die kerk in die Suid-Afrikaanse samelewing, het 71,2% van die respondente aangedui dat die kerk steeds hoop gee aan mense en 64,2% het geoordeel dat die kerk wel toenemend daarin moet volhard om norme en waardes aan die gemeenskap te modelleer (Botes, 2016:67).

Hierdie navorsing het vervolgens ook vanuit die beskrywende fase data ingesamel met behulp van 'n gemengde metode wat later in die verslag meer omskryf sal word (Creswell, 2009:11). Nadat die data ingesamel is, is dit geanaliseer. Neuman (2000:75) maak gebruik van drie analiseringsmetodes in die sosiale wetenskappe, naamlik die positivistiese, interpretatiewe en kritiese metodes. De Vos *et al.* (2014:5) voeg 'n verdere vier metodes by, naamlik postpositivisme, konstruktivisme, feminisme en postmodernisme.

Die navorser se keuse van data-analisering vir hierdie studie behels die kritiese metode (Neuman, 2000:75). In hoofstuk 2 word die hele empiriese navorsingsproses in meer diepte bespreek. Dit sluit in die werwing van deelnemers, die etiese aspekte, risiko's verbonde aan die navorsing en die verwerking van al die inligting.

1.4.2 Die historiese taak (normatiewe)

Tydens die studiefase waar Browning se historiese taak aangepak word, beoog die navorser om 'n normatiewe ondersoek te doen wat perspektiewe kan bied ten opsigte van 'n beginselraamwerk vir die beoordeling van die problematiese praktyk binne die samelewing. In hierdie fase sal die praktyk van geregtigheid in die samelewing vanuit die begrippe “geregtigheid” en “samelewing” benader word (Browning, 1996:49).

Hierdie proses hou daarmee rekening dat 'n spanningsveld aanwesig is in die wisselwerking tussen geregtigheid en die samelewing. Aan die een kant is die geloofsgemeenskap bewus van die belangrikheid van geregtigheid, maar kan moontlik onwillig wees ten opsigte van die uitvoering daarvan as gevolg van vooroordele teenoor plaaslike gemeenskappe (die samelewing). Aan die ander kant kan die plaaslike gemeenskap (die samelewing) ook vooroordele teenoor die kerk hê en enige inisiatief

van die geloofsgemeenskap kan moontlik verkeerd vertolk word. Teorie en praktyk kom sodoende in 'n bipoëlêre spanningsveld te staan.

Vir Browning (1996:49) is daar 'n onvermydelike konfrontasie indien normatiewe tekste vanuit die Skrif met die praktyk en handeling van die samelewing vergelyk word. Hierdie tipe spanning behoort gedurig te bestaan. Browning redeneer dat elke mens reeds beïnvloed is deur 'n bepaalde lewens-en-wêreldbeskouing, 'n kulturele oortuiging en bepaalde tradisionele oortuigings. Mense beskik daarom reeds oor sekere aannames of skemas waarmee hulle op gemeenskapsontwikkeling reflekteer (Cooper, 2011:54). Browning se metodologiese aanslag hou dus rekening met die verklaring van Bybelse tekste en insigte vanuit die kerkgeskiedenis.

Browning (1996:41) benadruk Bybelse beginsels wat fundamenteel is, ongeag die tydgleuf waarin die wêreld verkeer. Een so 'n fundamentele beginsel relevant tot hierdie studie is dat God die mensdom innig liefhet en daarom sy liefde op verskillende maniere deur mense laat betoon in onderlinge verhoudings.

Hierdie navorsing beoog om 'n grammaties-historiese benadering te volg waarin gefokus word op die aspek van sosiale geregtigheid in die herstel van verhoudings en hoe dit mense raak. Vanuit die begrip “geregtigheid” sal ondersoek geloods word na:

- sosiale verhoudings in die gemeenskap wat rassisme en xenofobie insluit;
- die kerk as profetiese gemeenskap van geregtigheid;
- die kerk as terapeutiese gemeenskap van geregtigheid; en
- die kerk as morele gemeenskap van geregtigheid.

Die metodologiese vertrekpunte van Grönum en Janse van Rensburg (2004:579–592) wat betrekking het op skriftuurlike ondersoek sal ook as vertrekpunt vir dié navorsing gebruik word. Dit hou die volgende in, naamlik:

- God openbaar Homself en sy wil deur die Skrif aan die wêreld. Die organiese inspirasieteorie leer immers dat die Skrif 'n 100% Goddelike en tegelykertyd 'n 100% menslike aard het. Verklaringsmetodes behels 'n vergelyking van Skrif-met-Skrif – daar word elders in die Skrif na 'n duideliker uitspraak gesoek wat lig kan werp op 'n onduidelike uitspraak oor dieselfde saak.

- Die sosiohistoriese milieu sal ook in berekening gebring word tydens die eksegeese van belangrike woorde en gedeeltes (die grammaties-historiese metode). Die openbarings-historiese lyn in die Skrif word sodoende in ag geneem; 'n lyn wat loop vanaf Oud- na Nuwe Testamentiese tekste.

1.4.3 Sistematiese studie (die huidige praktyk opgeweeg teenoor die normatiewe)

Die sistematiese studie behels 'n fokus op die kontras tussen kulturele en godsdienstige optredes, asook op die beskrywende hoofstuk se vrae en konflikte in vergelyking met die normatiewe hoofstuk. Teologiese refleksie het ten doel om nuwe etiese waardes te skep vanuit die spanningsvelde. Vanuit die mees omvattende prentjie van die hede word gevolglik “nuwe horisonne” van betekenis gevorm (Browning, 1996:47–54).

Browning gebruik spanlede vanuit verskillende dissiplines vir die verkryging van nuwe etiese waardes (Browning, 1996:22). Die navorser sal vanuit grenswetenskappe 'n literatuurstudie loods in die soeke na nuwe etiese waardes in die toepassing van geregtigheid.

Die sistematiese studie streef daarna om twee sleutelvrae te beantwoord, naamlik:

1. Watter nuwe praktiese teorieë (etiese waardes) ontstaan vanuit die historiese en huidige praktyke soos bespreek in die navorsing?
2. Watter redes word geopper om die grondigheid van hierdie nuwe etiese waardes te ondersteun (Browning, 1996:51–52)?

1.4.4 Strategiese studie (norme en strategieë vir transformasie)

Hierdie strategiese fase benodig praktiese wysheid ten opsigte van die funksionering van morele of normatiewe reëls en sosiale rolle wat sal lei tot die rimpel-effek van geregtigheid. Browning (1996:104–105) verstaan hieronder nie net algemene reëls, soos “geen seksuele verhoudings voor die huwelik” of “betaal jou belasting”, nie. Agter sulke konkrete reëls en roldefinisië figureer 'n reeks aannames en oordele (Browning, 1996:105). Hy noem dié basiese vlak van praktiese wysheid die “rule-role”-dimensie (Browning, 1996:106).

Hy maak voorts ook gebruik van die vyf dimensies van prakties-teologiese wysheid, naamlik die visionele, verpligtings-, neiging-behoefte-, omgewing-sosiale- en reël-rol-dimensies (Browning, 1996:105). Deur middel van dié vyf dimensies, waardeur hy struktuur gee aan hoe mense dink en optree in konkrete situasies, wil hy in strategies-praktiese teologie die norme vir die praxis formuleer en motiveer (Browning, 1996:56). In die proses formuleer Browning (1996:55–56) spesifieke vrae vir dié studiemoment, naamlik:

1. Hoe moet hierdie konkrete situasie waarin opgetree moet word, verstaan word?
2. Wat is die spanningsvelde vanuit die vorige afdelings? Wat moet die praxis tans wees?
3. Hoe moet die huidige strategiese, praktiese norme vanuit praktyke beoordeel word?
4. Watter betekenis, strategieë en teorieë kan gebruik word in hierdie konkrete situasies?

Toegepas op hierdie navorsingstudie, bemiddel hierdie studiemoment die eerste fase van verandering ter bevordering van transformasie, bedoelende die begeleiding van 'n gemeente te midde van integrale verandering (cf. Osmer, 2008:196). In die proses behoort veranderinge bemiddel te word in terme van diepgaande navolging van Christus in die wêreld. . Nuwe etiese norme word nie net aangekondig nie, maar ook verdedig (Browning, 1996:71).

Browning (1996:50–51) debateer verder dat Christelike gemeenskappe hulself kan beywer vir en verbetering in voortgesette praktyke van fronesis, praktiese redenering of redenasie-in-dialoog tot transformasie van die individu, sowel as die gemeenskap. Volgens Browning moet die praktiese teologie verder as die kerklike paradigma in teologiese opvoeding en bediening beweeg sodat kerke 'n rol kan speel in die skep van 'n goeie samelewing.

Die navorser beoog om vanuit Browning se vier uitgangspunte van prakties-teologiese navorsing (beskrywend, histories, sistematies en strategies) gevolglik 'n pastorale model saam te stel. Hierdie studie wil die plaaslike kerk as gemeenskap van gelowiges bemagtig. Die fokus sal wees op die potensiaal wat die toepassing van geregtigheid het om veranderinge in individue, die kerk en die gemeenskap teweeg te bring.

Die noodsaaklikheid, potensiaal en voordele van geregtigheid sal uitgelig word. Dit wil ook praktiese voorbeelde gee van hoe geregtigheid, met die kerkleier as katalisator van die kerk, herontdek en prakties aangewend kan word. Die hoop is dat die uitlewing van *Passio Dei* 'n vuur van geregtigheid met goedheidsdade sal ontketen. Hierdie aksie kan 'n positiewe rimpel-effek op die plaaslike gemeenskap hê.

1.5 VERKLARING VAN KONSEPTE

Geloofsgemeenskap

Hierdie term sluit in alle Christengelowiges wat deel uitmaak van 'n institusionele kerk, sowel as die gelowige leiers buite die kerk in selgroepe, gesinne of as individue. Die terme “kerk” en “geloofsgemeenskap” word vrylik in die navorsing gebruik.

Geregtigheid

Geregtigheid word uiterlik gemeet aan die manier hoe mense mekaar in die samelewing behandel. Alle mense, as geskapenes na God se beeld, moet met waardigheid behandel word. Indien mense nie menswaardig behandel word nie, ontaard dit in die probleem van 'n skending van geregtigheid (Keller, 2010:5).

Kerkleier as katalisator

Enigeen in die kerkbediening – deelyds of voltyds – vanuit verskillende denominasies, geslagte en ouderdomme wat die lidmate leiding gee en beïnvloed tot die toepassing van geregtigheid deur middel van goedheidsdade.

Gemeenskapsleiers

Passievolle, invloedryke leiers in die gemeenskap; mense wat leiding neem in gemeenskappe, die toon aangee.

Kerk

God se ambassadeurs op aarde; die gemeenskap van gelowiges asook die geloofsgemeenskap.

HOOFSTUK 2: DESKRIPTIEF-EMPIRIESE PERSPEKTIEWE OP DIE BEGELEIDING VAN DIE GELOOFSGEMEENSAP OM 'N RIMPEL-EFFEK VAN GERECHTIGHEID TE BEWERKSTELLIG

2.1 INLEIDING

Die mens is geskape na die beeld van God (*Imago Dei*). Die beeld van God gee dus aan mense menswaardigheid (Koopman, 2017:377; Vorster, 2015:61; Wolterstorff, 1987:78). Die bewustheid van menswaardigheid, asook 'n sensitiwiteit vir die gedagte, is iets wat eie aan 'n plaaslike kerk (geloofsgemeenskap) se kennis moet wees, juis omdat dit 'n logiese gevolg is van die beleving van die geloofsgemeenskap.

Met die begrip “menswaardigheid” word gelykwaardige behandeling van alle mense bedoel. Daarom word optrede teenoor die mensdom op hierdie fondament gebou (Koopman, 2017:377). Geen lewenssterrein of samelewing kan gevolglik van die morele wet uitgesluit word dat alle mense as geskapenes menswaardig behandel moet word nie (Vorster, 2016:4).

Deelwees van 'n geloofsgemeenskap impliseer ook 'n diepgewortelde besef van mense se verantwoordelikheid teenoor mekaar. Aan die hand van Wolterstorff (1981:78) se beklemtoning van die gemeenskap, is die welwees van die samelewing sowel as die opbou van die gemeenskap vanuit 'n Christelike perspektief onontbeerlik. Op voetspoor hiervan toon Vorster (2016:1-9) aan dat samewerking vir die vestiging van menswaardigheid die begrip “common good” insluit.

Smit (2017:64–65) is besorg oor hoe dié “common good” bedien kan word en moontlik kan realiseer in die Suid-Afrikaanse uitdagings waarby die geloofsgemeenskap sowel as die samelewing ingesluit is. In die nadere omlýning van hierdie aangeleentheid, is dit eerstens van belang om te bepaal wat mense se begrip van “common good” is. Die begrip “common good” of “gemeenskaplike goedheid” verwys na dit wat voordelig of goed is vir die meeste lede van 'n gegewe gemeenskap⁴ (Smit, 2017:64).

⁴ https://en.wikipedia.org/wiki/Common_good

In die soeke na hierdie tipe samelewing maak Farrel (2018:517) gebruik van Plato se twee kante van geregtigheid, naamlik:

- a. Geregtigheid as 'n deug (karaktereienskap) van die mens, met ander woorde, die harmonieuse ordening van die mens se siel.
- b. Geregtigheid as 'n deug van sosiale instellings, met ander woorde, die toepaslike en harmonieuse ordening van die samelewing.

Die uitdaging is gevolglik die toepassing van geregtigheid deur elke individu tot voordeel van elkeen self sowel as tot voordeel al die lede van die gemeenskap kollektief. 'n Gesamentlik poging word benodig om as totale gemeenskap 'n regverdige maatskaplike samelewing te skep (Farrel, 2018:517). Met ander woorde, die ideale gemeenskap is 'n plek waar alle mense mekaar respekteer sowel as waar lede mekaar beskerm met behulp van gepaardgaande wette⁵. Wedersydse vertroue word dus gebou as 'n gevolg van regverdigheid en geregtigheid (Farrel, 2018:517).

Farrel (2018:518) is daarom van mening dat die vestiging van 'n regverdige samelewing rolspelers benodig wat 'n kultuur bevorder, spesifiseer en beskerm met die oog op regverdige optredes. Die vertrekpunt vir 'n regverdige samelewing behels daarom dat alle betrokkenes dieselfde verstaan van die omvang van regverdigheid het. Indien die beginsel vasgestel is en almal ooreenstem, kan elkeen sy eie rol vertolk.

Gevolglik is dit belangrik om te begryp dat mense vanuit 'n bepaalde reg leef en daarom word geregtigheid toegepas volgens wat in hul harte gegraveer is. Hierdie besef bring 'n bepaalde oriëntasie by gelowiges mee. God roep juis die geloofsgemeenskap om daagliks hul liefde vir God en hul naaste teenoor alle mense uit te leef (Vorster, 2004:107-111). Vorster (2004:96-97) noem hierdie nuansering van liefde die uitlewing van die etiek van die Tien Gebooe.

In navolging hiervan beklemtoon Moltmann (1993:216) verder die belangrikheid van etiese gevolge in die mens se beeldskap van God. Die mens beeld deur sy verhouding met God, asook sy verhouding met mense, God se waardes uit. Die lewe wat God aan die mens skenk, noodsaak dat daar 'n morele verantwoordelikheid teenoor mekaar is.

⁵ Dit sluit in wette wat besluite en oordele regverdig en wetlik maak

Hierdie verantwoordelikheid behels dat mense mekaar met respek en liefde behandel. Indien alle mense met liefde en respek behandel word, realiseer geregtigheid binne alle menslike verhoudings. Met inagneming van die besef van die mens se versoening in Christus en die mens se posisie as *Imago Dei* (beeldskap), ontvang die mens die vermoë om die geregtigheid van die koninkryk te soek (Vorster, 2004:93-95).

Die koninkryksperspektief en die belangrikheid van geregtigheid is 'n verdere aspek wat direk verband hou met die problematiese praktyk wat ondersoek word. Geregtigheid van die koninkryk behels dat God die mens as verhoudingsmatige wese geskape het. Die mens is nie geskape om alleen te funksioneer nie, maar om relasioneel vanuit verhoudings by mekaar betrokke te wees (Grenz, 2000:115).

Hierdie betrokkenheid by mekaar se nood en omgee veroorsaak gevolglik dat mense in die ywer vir geregtigheid vir mekaar konkrete hoop bring. Hoop is nie 'n teoretiese konsep nie. Hoop het 'n indikatiewe karakter, maar die imperatief hieraan verbonde behels dat dit deels gewek word waar mense mekaar menswaardig behandel. Hierdie sigbare uitleef van menswaardigheid gee dus hoop vir 'n beter lewe in die huidige Suid-Afrikaanse konteks (Vorster, 2014:166). Vorster (2014:164) omskryf hoop as die proses van herstellende en vernuwende betrokkenheid in die wêreld van onreg en onderdrukking volgens die kontoere van die Christelike sosiale etiek.

Ganzevoort en Roeland (2014:93) meen dat etiek oor die morele optrede van mense handel. Die kerk het 'n verantwoordelikheid om in kerkwees konkrete voorbeelde te wees van die funksionering van 'n morele gemeenskap (Vorster, 2014:157).

Vorster (2014:161) benadruk daarom die nodigheid vanuit die etiek vir sigbare en konkrete dade wat die samelewing kan vernuwe aan die hand van Christelike waardes. Christelike etiek kan hoop bevorder, veral op die gebied van menseverhoudings wat aspekte soos onder andere rassisme, seksisme en xenofobie insluit (Vorster, 2014:166). Betrokkenheid in die samelewing moet juis ten doel hê om die rimpel-effek van geregtigheid te bewerkstellig (Koopman, 2017:369). In die verwesenliking van bogenoemde aspek, meen Koopman (2017:369) dat doelgerigte, gestruktureerde, beplande en aanhoudende aktiewe betrokkenheid in die samelewing van kernbelang is.

'n Deskriptief-empiriese ondersoek oor die noodsaaklikheid van geregtigheid in die Suid-Afrikaanse konteks blyk noodsaaklik te wees. Die doel hiermee is nie om 'n blote opsomming van literatuur te bied oor navorsing wat met hierdie fokus verband hou nie. Die fokus is om aan te dui wat in die problematiese praktyk aan die gang is sodat daar nie in teorievorming oorvereenvoudig word nie. Browning (1996:134) omskryf die doel van 'n beskrywende hoofstuk as die verwerking van vrae vanuit die deskriptiewe perspektiewe.

In hierdie hoofstuk word dit dan ten doel gestel om op deskriptief-empiriese wyse aan te toon hoe die geloofsgemeenskap begelei kan word om insig te kry in plaaslike gemeenskappe se gesindhede. As uitvloeisel van die metodologiese insigte van Browning, word die problematiese praktyk rakende geregtigheid allereers op beskrywende wyse ondersoek. Die doel is om vas te stel wat aangaan (vgl. ook Osmer, 2008:4).

Heyns en Pieterse (1990:14) verduidelik dat praktiese teologie die hartklop van die kerk reflekteer. Hiermee word bedoel dat reflekerende navorsing gedoen word oor die deskriptiewe perspektiewe vanuit die kerk sowel as die handeling van die geloofsgemeenskap in die samelewing. Die teorie en praktyk word op hermeneuties-interaktiewe wyse behandel, asook die verhouding waarin hulle met mekaar staan (Heyns & Pieterse 1990:26–34). Heyns en Pieterse (1990:34) noem die verhouding tussen die teorie en die praktyk 'n bipolêre spanningsverhouding.

Browning (1996:72) brei verder hierop uit deur te sê dat die soeke na oplossings vanuit hierdie spanningsvelde teologiese refleksie benodig. Heyns en Pieterse (1990:34) verduidelik vervolgens dat daar nie te min spanning in die onderlinge verhouding tussen teorie en praktyk mag wees sodat hulle van mekaar sal vervreem nie, maar daar moet ook nie te veel spanning wees dat teorie en praktyk mekaar sal bedreig nie.

In die beskrywende fase van hierdie ondersoek word godsdienstige, kulturele en persoonlike oortuigings beskryf waaruit godsdienstige gebruike ontstaan. Hierdie handeling het ten doel om nie net die huidige situasie weer te gee nie, maar ook om nuwe horisonne en spanningsvelde in teorievorming te belig.

Die sleutelvraag vir hierdie studie na aanleiding van Browning se model is gevolglik: Wat behels die huidige praktyk rakende die toepassing van geregtigheid in Suid-Afrika?

Die volgende aspekte rakende die begrip “geregtigheid” sal in dié hoofstuk aan die orde gestel word, naamlik:

- Beskrywende perspektiewe rakende die belangrikheid van sosiale geregtigheid;
- Beskrywende perspektiewe oor persoonlike, kulturele en godsdienstige oortuigings rakende geregtigheid;
- 'n Beskrywende studie oor die rol van die kerkleier in die begeleiding van die geloofsgemeenskap tot die rimpel-effek van geregtigheid; en
- 'n Beskrywende, kwalitatiewe empiriese ondersoek na die toepassing van die begrip “geregtigheid” in die Mathlabeng plaaslike munisipaliteit (Vrystaat).

2.2 DESKRIPTIEWE PERSPEKTIEWE OP DIE BEGRIP “GEREGTIGHEID”

In hoofstuk 1 is Floor (1981:26) se definisie van geregtigheid gebied. Volgens hom het geregtigheid, as geregtigheid van God se koninkryk, 'n tweevoudige betekenis, naamlik: Geregtigheid is iets wat aan die mens toegereken word waardeur die mens weer in die regte verhouding tot God kom, maar dis ook 'n wyse van reg handel volgens die wil van God (Floor, 1981:26). Anders gestel sou gesê kon word dat geregtigheid wel te make het met 'n lewenswyse van omgee vir ander mense en dat 'n verbintenis ten opsigte van regverdigheid en dit wat reg is, van belang geag word.

Vanuit die beskrywende navorsing is die primêre fokus om 'n indruk te skep van hoe verskeie outeurs die veelkantigheid van geregtigheid (veral in die Suid-Afrikaanse samelewing) omskryf, naamlik:

- De Gruchy (2002:200) beklemtoon dat daar duidelikheid oor die reikwydte en betekenis van die begrip “geregtigheid” moet bestaan. Die outeur fokus egter vanuit die Suid-Afrikaanse uitdagings, asook die sentrale teoretiese argumentasie, die aandag op herstellende geregtigheid. Hierdie vorm van geregtigheid behels die benadering wat deur die Waarheids-en-Versoeningskommissie ná 1994 gevolg is. Herstellende geregtigheid sluit nie ander vorme van geregtigheid uit nie, maar poog eerder om problematiese areas te herstel (De Gruchy, 2002:202). Die outeur se verduideliking gee 'n mooi beeld hiervan, naamlik:

God's justice, power and love are revealed in the fact that the just dies for the unjust, thereby justifying and embracing the ungodly... (De Gruchy, 2002:203–204).

De Gruchy (2016:14) verbind die ywer vir geregtigheid aan 'n ekumeniese, profetiese en publieke ekklesiologie. Die outeur pleit dat die kerk *kairos*-oomblikke sal herken en bemerk 'n ontoereikendheid van die kerk deur die eeue heen om 'n stem teen ongeregtigheid te wees, asook 'n traagheid om op beslissende oomblikke te reageer.

- Keller (2010:5) benader die spanningsveld deur aan te toon dat geregtigheid uiterlik gemeet kan word aan die manier waarop mense mekaar in die samelewing behandel. Alle mense, as geskape nes na God se beeld, moet met waardigheid behandel word. Indien mense nie menswaardig behandel word nie, ontaard dit in die probleem van 'n skending van geregtigheid. Menswaardigheid en die beeldskap van God hang gevolglik nou met mekaar saam (Aina, 2016:97–98; Danaher, 2010:134; McGeorge, 2016:18–19; Vorster, 2004:93–94).
- Boesak (2015:13–32) se beskouing van geregtigheid hou rekening met die konkrete lens van rassisme. Die geskiedenis van koloniale verowering en die onreg van apartheid in Suid-Afrika was gebaseer op 'n ontkenning van die menswaardigheid van Afrika-mense. Boesak toon aan dat die oorsprong van rassisme in Suid-Afrika moontlik voortspruit vanuit die Europese humanisme wat 'n skeptisisme en bevraagtekening van die menslikheid van die mense in Afrika getoon het (Cloete, 2016:38–39). Boesak (2015:31) maak 'n appél op die kerk (geloofsgemeenskap) om as agent in die vestiging van geregtigheid op te tree en sorg te dra dat *alle mense menswaardig behandel word*.
- Chipken en Meny-Gibert (2013:3) het namens die RAITH⁶-stigting navorsing oor die konsep van sosiale geregtigheid gedoen en hul omskryf dit as 'n situasie waar *regverdige verdeling van voordele in die samelewing* behoort te geld.

In Suid-Afrika word sosiale geregtigheid dus beskou as 'n ingewikkelde samehorigheid tussen ekonomiese geregtigheid, openbare deelname en sosiale samehorigheid. Sosiale geregtigheid maak moeite met goedere waaraan die samelewing waarde heg – die verdeling sowel as die toekenning daarvan.

⁶ Die verduideliking van die RAITH-Stigting. <https://philanthropyforum.org/people/audrey-elster/>

Beginsels, prosedures, norme en reëls bepaal verskillende vorme van besluitneming. Hierdeur word basiese regte asook vryhede van individue en groepe beskerm. Hierdie beskerming maak voorsiening dat alle mense met waardigheid en respek behandel word, nie net deur owerhede nie, maar ook deur burgers in die samelewing.

Die klem word geplaas op naasteliefde in Suid-Afrikaanse gemeenskappe waar oplossings gevind moet word vir die aanspreek van huidige Suid-Afrikaanse ekonomiese uitdagings gekoppel aan die skending van menswaardigheid.

2.3 DESKRIPTIEWE PERSPEKTIEWE OP DIE BELANGRIKHEID VAN SOSIALE GERECHTIGHEID

Ná 1994 se demokratiese verkiesing in Suid-Afrika staan die manifestering van sosiale onreg nog steeds soos 'n paal bo water (Ipsos, 2018; StatsSA, 2018; Van der Westhuizen & Swart, 2015:732). Onvervulde verwagtings en teleurgestelde hoop is kenmerkend van plaaslike gemeenskappe. Praktyke wat sosiale samehorigheid sou bevorder en die diep vlakke van ongelykheid moes verwyder, het nooit gerealiseer nie (Clarke & Bassett, 2016:183). Ontnugtering en gevoelens van frustrasies oor onregverdigheid en ongeregtigheid borrel oor (Van der Westhuizen & Swart, 2015:738).

Sedert 2004 is daar gedurig gewelddadige protesaksies landwyd en in sommige gevalle het hierdie opstande tot gevolg dat beheer oor *townships* verloor word (Alexander, 2010:37). Die outeur beskryf hierdie verskynsel as 'n rebellie van die armes (Alexander, 2010:37). Selfs die geloofsgemeenskap word deur uitdagings gekonfronteer rakende hul posisie ten opsigte van al die protesoptogte hetsy dit massaprotes, straatoptogte of openbare mediaprotes is (Van Helden & Krüger, 2017:20–22). Mertens (2015:3) argumenteer dat emosies wat oorloop en “gevoelens van frustrasies” aantoon dat daar nie genoegsame oplossings gevind word nie.

Om hierdie frustrasies wat oorborrel te verstaan, is dit nodig om sosiale ongeregtigheid in terme van die *verskeie vorme van ongelykhede* te belig. Dit sluit in ongelykhede op die terreine van rykdom, toegang tot gesondheidsorg, behuising, onderwys, ekonomiese hulpbronne, kosbeskikbaarheid, magstrukture, ontspanning, omgewing, maatskaplike strukture en verhoudings en direkte of indirekte uitbuiting van groepe op grond van ras, geslag, seksualiteit, etnisiteit, nasionaliteit of gestremdheid (Mertens, 2016:16). Pieterse

(paragraaf 1.1.1.) belig juis die ernstige negatiewe gevolge van die uitkringende armoedesiklus wat die Suid-Afrikaanse samelewing van menswaardigheid beroof. Die kerk (geloofsgemeenskap) word gevolglik opgeroep om die status quo van onreg te breek deur dit aan te spreek, ongeag ras, kleur en dogma (Cilliers, 2013:15).

In paragraaf 2.2. is De Cruchy se beklemtoning van geregtigheid bespreek wat veral gebaseer is op historiese realiteite sedert 1994. Thesnaar (2008:60) benadruk die aktiwiteit van gelowiges en geloofsgemeenskappe deur die uitdagings verbonde aan die langtermynproses van herstellende geregtigheid uit te lig. Hierdie proses behels dat die oortreder en die benadeelde sowel as die gemeenskap in 'n interaktiewe verhouding die visie op versoening sal huldig sodat genesing en heelheid as bestanddele van 'n betekenisvolle lewe sal realiseer (Thesnaar, 2008:60).

Die begrippe “genesing” en “versoening” veronderstel 'n konstruktiewe dinamika deurdat die les (narratief) van die geskiedenis so aangewend word dat herstel op reflekerende wyse nagestreef word. Thesnaar (2008:67) argumenteer verder dat herstellende geregtigheid die potensiaal het om die siklus van ryk en arm, benadeelde en oortreder, te verbreek.

Prakties-teologiese navorsing wil daarom diensbaar wees om die soort handeling in die kerk en die samelewing te ondersoek wat daarop gerig is om die spanningsvelde verbonde aan die heelword (genesing) en die implikasie daarvan vir menswaardigheid van naderby te ondersoek. Vanuit die prakties-teologiese hoek kan dit as 'n hermeneuties-kommunikatiewe proses beskou word waarin vergifnis 'n fokuspunt is.

Hierdie genesingsproses in die plaaslike gemeenskap het die potensiaal om positiewe energie los te maak tot voordeel van die hele samelewing (Thesnaar, 2008:71). Die proses van herstellende geregtigheid benodig 'n raamwerk wat verpligtinge en reëls insluit in die aanspreek van die uitdagings (Thesnaar, 2008:67–70).

Dieselfde nuanse word gevind by Vorster (2004:286) insake die rol van die kerk, naamlik die kerk se taak as 'n profetiese gemeenskap. Die kerk het die verantwoordelikheid om as 'n “waghond” na die belange van die samelewing in geheel om te sien.

Vanuit die kerk se vertrouensposisie en welwillenheid kan daar vir gemeenskapslede geleenthede geskep word om hul narratiewe te deel in die soeke na oplossings (Thesnaar, 2008:67–70). Die gedagte van kommunikatiewe handeling, asook die belang van narratiewe in die skep van heelheid en van vertolking, kom sodoende op die voorgrond te staan. Brunsdon (2015:1) beklemtoon juis die pastorale proses vanuit bevrydende verhale en die versterking van deugde.

Magezi (2016:1–7) belig 'n area in die Afrika-konteks wat pastorale sorg en begeleiding indringend benodig, naamlik die geestelike oorsake van ongeluk en genesing. 'n Digotomie bestaan tussen Christelike waardes en die praktyk. Christelike waardes word bely indien daar geen probleme of bedreigings is nie. Die oomblik as siekte of bedreiging egter toeslaan, word ander waardes uitgeleef, soos die raadpleeg van goddelike waarsêers en towenaars as oplossings vir onheil en siekte. Afrika se geskiedenis veroorsaak dat die geloofsgemeenskap in hul benoudheid tradisionele genesingspraktyke opsoek. Hierdie optredes word in die geheim (gewoonlik snags) gedoen om nie in konflik met die waardes van die kerk te kom nie.

Met 'n pastorale proses wat na die verkryging van wysheid streef, het die narratiewe benadering baie potensiaal. Die kern van hierdie voorgestelde pastorale proses lê in die ontdekking van bestaande wysheid vanuit raadgewers se lewens. Die ideaal is om met mense se lewensverhale te werk. Hul stories gee die geleentheid om op 'n onopsigtelike manier te ontdek waar mense hulself bevind, hetsy dit 'n goeie of slegte plek is. Hierdie proses ontbloot die probleemversadigde verhale, asook die unieke uitkomstes waarop die pastorale proses op 'n positiewe manier kan reageer (Brunsdon, 2015:6). Geleentheid word gegun om nuwe stories op 'n sterk fondament te bou. Hierdie stories word vanuit die praktyk en die wysheid van die Bybel gedekonstrueer (Brunsdon, 2015:7). Bestaande wysheid vanuit mense se verhale gee dus geleentheid vir stories van hoop.

Met die feit in ag genome dat Suid-Afrika 'n land van uiterste paradokse is, soos onder andere die realiteit van ryk en arm wat as bure saamleef en tegelykertyd in twee realiteite verkeer, beklemtoon De Wet en Kruger (2013:9) egter die nodigheid vir die kerk om haar profetiese rol op te skerp. Die fokus moet veral op die etiese dimensie wees in 'n honger en dors na geregtigheid.

Een van die realiteite in huidige samelewings is die klein groepie wat al hoe ryker word en 'n groter groep wat al hoe armer word (Tolmie, 2016:6). Dreyer (2015b:1) verduidelik verder dat, vanuit die geskiedenis van die kerk, talle voorbeelde van onchristelike optredes, magsmisbruik en geweld deurlopend na vore kom. Die misbruik van mag word toegeskryf aan 'n integriteitsprobleem en 'n afwesigheid van diensbaarheid. Hierdie nasionale ideale, politieke programme, rassisme, geweld, asook militante optredes wat moreel geregverdig word, benadeel die kerk se openbare beeld (Dreyer, 2016:1).

In aansluiting by bogenoemde, bepleit Dreyer (2016:4) en Boyd (2005:5) drastiese veranderinge in “kerkwees”. Stilsyde deur die kerk kan nie langer aanvaar word nie. Stilbly kom immers daarop neer dat verkeerde en onmenswaardige optrede gekondoneer word. 'n Konstruktiewe en daadwerklike benadering wat die konkreetheid van dade teen politieke, ekonomiese en morele wreedhede insluit, word dringend benodig (Dames, 2017:3). Teenoor die uitkringende en destruktiewe aard van rassisme en xenofobie staan die uitkringende aard van geregtigheid en versoening wat streef na 'n konstruktiewe teenwoordigheid in die samelewing (Pillay, 2017:4).

Gibbs (2013:12) redeneer verder dat die kerk voor die uitdaging staan om haar interne agendas eenkant te sit en op die “common good” vir almal te fokus. God se koninkryksvisie maak die geloofsgemeenskap verantwoordelik vir eie handeling en as dié van die gemeenskap (Kruger, 2015:6).

Dreyer (2015b:1) meen dat mense sedert 1910 die institusionele kerk in groot getalle verlaat het. Verward en skepties ná oorloë, armoede, natuurrampe, ekonomiese resessies en die misbruik van tegnologie, is die huidige boodskap deur die kerk, volgens kritiese mense, nie relevant genoeg om lidmate te behou nie (Dreyer, 2015b:1; Gibbs, 2013:12).

Vanuit hierdie agtergrond beklemtoon Mertens (2015:3) die noodsaaklikheid vir verdere raamwerke wat transformasie sal bevorder in terme van gemeenskapsontwikkeling. Chapman en Spong (2003:2) is van mening dat verdere navorsing benodig word in die spesifieke wisselwerking van geregtigheid, versoening en die strewe na vredevolle naasbestaan in gemeenskappe.

Kruger en De Wet (2015:2–5) verduidelik dat prediking nodig word in die effektiewe konfrontering van onmenslike magte en hul onderliggende invloed op post-apartheid Suid-Afrikaners. Die lewende teenwoordigheid van die gekruisigde en opgestane Here is nodig vir die verbryseling van die “Suid-Afrikaanse afgode”. Dit sluit in die huidige Suid-Afrikaanse “neoliberale makro-bestuursbeleid”⁷ met toenemende arbeidsverwante proteste as ’n uitvloeisel daarvan (Kruger & De Wet, 2015:2).

Onderskeiding is nodig om die bose invloed te identifiseer wat in plaaslike gemeenskappe werkzaam is. Sonder dat die geloofsgemeenskap dit besef, word die magte verhef tot afgode en word eie begeertes belangriker as God se wil vir elkeen van sy geskapenes (Kruger & De Wet, 2015:1).

’n Verdere area wat die teenwoordigheid van God nodig, is die Suid-Afrikaanse middelklas se “koorsagtige pogings” om hulself in ’n gemaklike “eerstewêreld enklawe” te isoleer (Kruger & De Wet, 2015:1). Die mens se voorspoed en pogings om hulself, asook hul kulturele identiteit teen die aanval van buite te beskerm, word “’n afgodediens” wat al hoe meer gevestig word (Kruger & De Wet, 2015:3).

Die beeldspraak van die sogenaamde “White Talk” (besorgdheid oor hul eie voorregte) as ’n middel waardeur wit mense hulself binne ’n Afrika-konteks probeer posisioneer, vervreem hulle van mede-Suid-Afrikaners (Kruger & De Wet, 2015:2). Indien dié mag verbreek kan word, kan die geloofsgemeenskap ’n rimpel-effek van geregtigheid tot versoening in hul plaaslike gemeenskap ontketen (Kruger & De Wet, 2015:1).

Kruger en De Wet (2015:4) toon aan dat negatiewe magte – wat soos ’n ideologie werkzaam is en soos ’n obsessie deur selfbehoud gedryf word – kan ontstaan in situasies waar mense ervaar dat hul welstand en voorspoed bedreig word. Sulke ideologieë kan egter vernietigende gevolge hê juis omdat die oorsprong fundamenteel verkeerd is. Mense wat buite die onmiddellike kring beweeg, word as bedreigend en anders beleef. Die outeurs is van mening dat ’n ideologie wat in ’n selfdienende afgodery gewortel is, die

⁷ Die neo-liberalisme, ook bekend as hedendaagse vryemarkkapitalisme, het homself sedert die 1970’s tuisgemaak in die mentaliteit van die meeste mense, insluitend dié van leiers van samelewingsinstellings en van regeringspersone. As denkwyse of mentaliteit het dit alle fasette van die hedendaagse lewe deursuur (Van Der Walt & Wolhuter, 2017:281–309).

potensiaal het om diskriminasie, vervreemding en vernietigende kragte in die menslike samelewing te ontlok. Mense word dus as voorwerpe van ekonomiese bedreiging beskou in plaas van medegeskapenes en as deel van die geloofsgemeenskap.

Ter aansluiting by bogenoemde liefdeloosheid, meen Vorster (2014:12) dat die kerk in die Suid-Afrikaanse samelewing nie genoegsaam geregtigheid najaag of aan die mense van Suid-Afrika toon dat God vir die samelewing omgee nie. Die invloed van sekularisme in die kerk maak die funksionering van die kerk kragteloos. Waardes verskuif en gevolglik is kerkbywoning, kerklidmaatskap en Bybelse waardes soos die instelling van die huwelik nie meer belangrik nie. Die kerk het haar stem as morele agent in die samelewing verloor. Die uitdaging is gevolglik hoe die kerk weer as 'n invloedryke rolspeler haar plek in die samelewing kan inneem (Vorster, 2014:12–14).

Die laaste area wat sosiale geregtigheid belangrik maak, is die moontlike rol wat kerkleiers kan speel in die konfrontasie van “onmenslike magte” en hul onderliggende strukture op post-apartheid (Kruger & De Wet, 2015:3). Die outeurs is van mening dat “bevoorregte posisies as afgod” die geloofsgemeenskap ontnem van die vreugde om die lewens van hul medemense te verryk en verhoog die potensiaal vir onverdraagsaamheid en haat. Kerkleiers het 'n rol om te vertolk in die skep van 'n rimpel-effek van geregtigheid (Kruger & De Wet, 2015:5).

Thesnaar (2014:6) is van oordeel dat betrokkenheid deur die geloofsgemeenskap plaaslike gemeenskappe kan opbou en herstel. Die geloofsgemeenskap het die geleentheid om relevant en betrokke by die herstel van onreg te wees. Hierdie betrokkenheid betoon God se ware omgee.

Praktiese teologie het juis as fokus die aanspreek van hierdie spanningsvelde. Die kerk (geloofsgemeenskap) word benodig om 'n omgee-liefde vanuit konkrete daade te demonstreer. Vanuit hierdie liefdesdaade kan die “common good” (algemene welsyn) in plaaslike gemeenskappe gevestig word (Koopman, 2017:369). Koopman (2017:369) is verder van mening dat die volgende drie beginsels as bepalende riglyne kan dien om daade van goedheid (geregtigheid) tot 'n rimpel-effek te laat funksioneer. Hierdie beginsels benodig egter 'n gesamentlike proses vanuit die burgerlike samelewing sowel as die geloofsgemeenskap. Die drie beginsels behels:

- Profetiese optredes wat geregtigheid sal bevorder;
- Optredes wat genesing sowel as versoening sal bevorder; en
- Praktyke wat verantwoordelike vryheid sal modelleer (Koopman, 2017:379–381).

Forster (2015:5) vind aansluiting by Koopman (2007:369) se argument dat Christene betrokke moet wees in die herstel van geregtigheid. Forster (2014:5) fokus op die rol van protes en benadruk die betekenis van die woord. Die Latynse woord *prōtestārī* is die oorsprong van die woord “protes”. Die woord beteken egter om in die openbaar, *prō* (na of vir) *testārī* te verklaar. Die geloofsgemeenskap word dus geroep om te protesteer, om te getuig, oral waar God se hoop gesien word, asook waar hoop afwesig is. Hierdie protes kan geskied vanuit aanbidding, in die liturgie, in diens aan die samelewing of deur optredes in die publiek. Forster (201:5) beklemtoon gevolglik vanuit die woordbetekenis die noodigheid vir die geloofsgemeenskap om te protesteer en sodoende God se hoop in die wêreld te belig.

Vanuit die betekenis van protes word die teenwoordigheid van die kerk (geloofsgemeenskap) gevolglik bevraagteken. Nel (2015:87) benadruk die probleem dat Suid-Afrikaners gereeld in groot getalle vergader vir aanbidding, maar die praktyk bewys dat Christelike onderrig slegs ’n marginale invloed op die geloofsgemeenskap se “persoonlike lewe” het.

Hierdie spanningsvelde het onder andere tot gevolg dat die uiterlike strukture van die institusionele kerk kwyn (Dreyer, 2016:11; Gibbs, 2013:ix). Barna (2005:36) argumenteer vanuit verskeie navorsing dat die plaaslike kerk as “hoop vir die wêreld” eintlik geen hoop simboliseer nie. Hierdie wending in “kerkwees” dwing die kerk gevolglik na introspeksie en die soeke na nuwe strategieë, veral in haar huidige funksionering (Dreyer, 2015b:1; Lategan, 1999:407; Viola 2008:15).

2.4 DESKRIPTIEWE PERSPEKTIEWE OOR PERSOONLIKE, KULTURELE EN GODSDIENSTIGE OORTUIGINGS RAKENDE GEREGTIGHEID

Browning (1996:97) maak van ’n spesifieke struktuur gebruik om sogenaamde gelaaide situasies (“thick situations”) te omskryf sowel as kritiese denke as gids tot die oplossing van die probleem. Met gelaaide situasies word bedoel dat daar beskryf word hoe mense dink en optree in hul spesifieke konteks. Vanuit fronesis (praktiese wysheid) word persoonlike, kulturele en godsdienstige oortuigings onder die vergrootglas geplaas in die

soeke na oplossings. Die soeke na oplossings se primêre fokus is dus eerstens om vooropgestelde idees, persoonlike verhale en ervarings wat navorsing kan beïnvloed na vore te bring (Browning, 1996:38–39).

2.4.1 Persoonlike oortuigings rakende geregtigheid

Browning (1996:72) fokus daarop om navorsing te begin met die neerskryf van vooroordele. Hermann (2017:1) vind aansluiting by hierdie proses genaamd outo-etnografie en erken die kultuurinvloed op die navorser. Die opvoeding van die navorser, asook persoonlike belewenisse, beïnvloed die navorsing en vanuit hierdie agtergrond word dit eerder erken as weggesteek.

Op grond hiervan gee die navorser nou 'n agtergrondsverslag. Die navorser staan in die voltydse bediening van die AGS Kerk⁸ (Deo Doxa, Welkom) en dien ook op die bestuursrade van verskeie gemeenskapsprojekte.

Die AGS Kerk het haar eie geskiedenis van ongeregtheid wat die stryd om eenheid insluit. Dit het 'n stryd om eenheid tussen die drie swart kerke (bruin mense, Indiërs en swartes) en die wit kerk behels (Lapoorta, 1999:91). Rassisme was die hoofrede vir die skeiding (Lapoorta, 1999:141).

Ná vele samesprekings het die AGS in 1996 'n nuwe konstitusie aanvaar en met 'n proses van eenheid begin (Burger & Nel, 2008b:438). In 1997 het die AGS in nederigheid bely dat die kerk nie versoening nagestreef het nie en 'n proses is begin om deel te raak van die heling en versoening in Suid-Afrika (Burger & Nel, 2008b:439–444).

Die kerk se ampsdraers het voor die Waarheids-en-Versoeningskommissie verskyn. Die nasionale leierskapsforum en ampsdraers het ook 'n plan geïmplementeer om plaaslike gemeentes betrokke te maak by die herstel van ongeregthede in die helingsproses van gemeenskappe. Hierdie proses is nogsteeds werkzaam (Burger & Nel, 2008b:439–444).

⁸ <http://afm-ags.org/> Die grootste Pinksterkerk in Suid-Afrika

Nel (2018b:1) argumenteer egter dat taal nog steeds gebruik word om apartheidstrukture bewustelik of onbewustelik te voed. Die meeste woonbuurtes het geïntegreer, maar Afrikaanse gemeentes bly dieselfde (Nel, 2018b:21).

Lapoorta (1999:140–141), op die voetspoor van rassisme, argumenteer vir verandering in pinksterkerke ten opsigte van seksisme, ekonomiese en maatskaplike ongeregtheid. Die geloofsgemeenskap het 'n verantwoordelikheid teenoor die benadeeldes. Lapoorta (2014:300) beklemtoon dat die wêreldwye optrede van pinksterdenominasies, wat uitgesproke is, eenkant toe geskuif word. pinksterdenominasies het egter 'n verantwoordelikheid om betrokke te raak in plaaslike samelewingsvraagstukke soos onder andere: Waarom is die voorkoms van MIV so hoog? Waarom stroom immigrante die land binne? Waarom vergroot die gaping tussen ryk en arm steeds ten spyte van die ekonomiese groei? (Lapoorta, 2014:300).

Vanuit persoonlike ervaring skaar die navorser haar by bogenoemde argumente. Die AGS Kerk kan baie meer dinamies in plaaslike gemeenskappe betrokke raak by die probleme van gemeenskapslede. Betrokkenheid benodig egter 'n dienende gesindheid. Indien die geloofsgemeenskap betrokke raak en nie net hulp in die vorm van skenkings aanbied nie, kan wondere verrig word met onder meer gesamentlike pogings wat hand-aan-hand-werk en dialoog vanuit groeperinge insluit.

Vorige empiriese navorsing belig die behoefte vir betrokkenheid, naamlik:

- 97,8% respondente glo die kerk moet betrokke wees by positiewe transformasie in die gemeenskap.
- 71,2% respondente glo die kerk gee die gemeenskap hoop en 64,2% glo die kerk bied die gemeenskap Bybelse norme en waardes (Botes, 2016:67).

Vanuit betrokkenheid word 'n godsdienstige ondersteuningsnetwerk benodig waar die klem nie net op 'n onderlinge eenheid tussen die verskillende lede val nie, maar waar betrokkenheid verder as oppervlakkige liefdadigheid strek (Ries & Hendriks, 2013:5). Hierdie betrokkenheid genaamd *koinonia* benodig *diakonia* vir egte gemeenskapslewe.

Diakonia is weer van *koinonia* afhanklik vir 'n doeltreffender en effektiewer betrokkenheid. *Koinonia* wil nie net kohesie tussen mense bevorder nie, maar ook lewensvatbare en

lewenskragtige strukture tot stand bring om mense, ten spyte van sosiale groeperings en verskille, te verenig. Hierdie soort *koinonia* funksioneer nie net vanuit respek vir ander nie, maar vanuit 'n daadwerklike ontmoeting met die ander (Ries & Hendriks, 2013:7).

Die kerk dien gevolglik as 'n uitstalvenster van hoe mense saam kan bestaan en leef. 'n Etos van versoening kan deur die plaaslike kerk geskep word. Die gemeente dien as 'n simbool van konstante vernuwing van verhoudings tot versoening (Vorster, 2004:86).

Beter begrip word benodig vir die skep van versoeningsverhoudings. Begrip word gekweek vanuit Browning (1996:105) se idee dat onuitgesproke reëls die optredes en waardes van mense beïnvloed. Hierdie reëls funksioneer op die agtergrond en hul invloed is nie altyd sigbaar nie. In die navorsing van deskriptiewe perspektiewe is dit dus nodig om hierdie invloede te belig vir 'n dieper begrip.

Browning (1996:26) toon aan dat praktiese kennis verkry word deur te alle tye sekere vrae te vra. Hierdie vrae behels:

- Wat is die dominante verhale?
- Wat is die leidende norme?
- Wat is die mense se hoofbehoefte?
- Wat veroorsaak maatskaplike en omgewingsdruk?
- Wat is die algemene reëls en rolle vir optredes? (Browning, 1996:26)

In Browning (1996:105) se poging om 'n omvattende model vir praktiese teologie te ontwikkel, word hierdie vyf vrae bespreek, naamlik:

2.4.2 Die vyf dimensies van morele denke

Browning (1996:105) maak gebruik van vyf stappe van morele denke in die beskrywing van konkrete en maatskaplike reëls in die gemeenskap.

2.4.2.1 Kulturele en godsdienstige oortuigings rakende geregtigheid

In die soeke na 'n beter begrip vir deskriptiewe perspektiewe vanuit Browning (1996:x,71) se model, word kulturele en godsdienstige oortuigings rakende geregtigheid in die plaaslike gemeenskap onder die soeklig geplaas. Kultuur sowel as godsdiens beïnvloed

mense se optredes. Vir hierdie navorsing word kultuur nagevors onder die tema “ingebeelde en verpligtingsdimensies” (Browning, 1996:121).

2.4.2.1.1 Deskriptiewe perspektiewe oor die ingebeelde dimensie

Hierdie ingebeelde dimensie fokus op die lewenswyses van gemeenskapslede wat hul agtergrond sowel as moontlike redes vir morele optredes insluit (Browning, 1996:105). Mense se optredes word bepaal deur die kultuur waaruit hulle kom.

Die kultuur van 'n nasie word gevorm vanuit die nasie se verhale, reëls en simbole. Teen hierdie agtergrond kan “spanningsvolle” situasies belig word (Browning, 1996:121). Spanningsvolle situasies plaas die kerk se rol in die vestiging van geregtigheid in 'n negatiewe lig. Die volgende punte vestig die aandag op die huidige negatiewe rol van godsdiens gepaardgaande met kultuur in Suid-Afrikaanse gemeenskappe, naamlik:

- Sommige kerke in plaaslike gemeenskappe stoei nogsteeds met *versoening* gebaseer op rassisme (Maluleke, 2007:53). Hierdie versoeningsvraagstuk veroorsaak dat die gemeenskap die kerk se teologiese integriteit bevraagteken (Maluleke, 2007:44–46).

Bevindings vanuit 'n studie oor Christelike rassetoleransie in die Suid-Afrikaanse samelewing sowel as die Verenigde State toon aan dat beide lande deur dieselfde uitdagings gekonfronteer word. Die studie het bevind dat ongeveer twee derdes erediensdeelnemers sterk rasse-vooroordeel uitspreek in vergelyking met ongeveer die helfte van niekerklike respondente. Met ander woorde, rasseverdraagsaamheid word bely terwyl onverdraagsaamheid beoefen word. Hierdie bevinding toon gevolglik dat die gaping tussen die beginsel en praktyk teenstrydig is met wat die Bybel leer (Smith, 2015:8).

Hierdie probleem dui daarop dat die geloofsgemeenskap hulp benodig in die vestiging van geregtigheid wat versoening bewerkstellig. Spanningsvelde heers dus tussen die letter en die toepassing van die Woord in die praktyk (Boesak, 2015:18). Boesak (2015:18) is van mening dat hierdie spanningsvelde verwyder sal word as die geloofsgemeenskap nuwe optredes uitleef.

- 'n Verdere spanningsituasie vir die geloofsgemeenskap (kerk) in die vestiging van geregtigheid is die onvermoë van Suid-Afrikaanse kerke in die vestiging van ware omgee en *koinonia* (Boesak, 2015:18). Boesak (2015:18) benadruk die rede vir die afwesigheid van *koinonia* as dat kerke nie die vermoë het om geregtigheid te

laat seëvier nie. Die nood van armes en verdruktes word geminag. Kerke in Suid-Afrika sukkel om arm gemeenskappe, veral in stede, te verstaan terwyl betrokkenheid vanuit die geloofsgemeenskap juis 'n behoefte is. Kerke kan bydra tot armoedeverligting en ontwikkeling van gemeenskappe (Swart & De Beer, 2014:4,11).

Vanuit kwalitatiewe navorsing word afgelei dat armoede gemeenskappe direk raak en dat oplossings verkry vanuit spanwerk tussen kerke en owerhede voorgestel word (Verster, 2012:40). Ander vorige kwalitatiewe navorsing het ook daarop gewys dat 62,1% respondente meen die kerk moet by die nood van die gemeenskap betrokke raak (Botes, 2016:43), in teenstelling met slegs 25,4% wat ervaar dat die kerk wel betrokke is by onder meer arm mense (Botes, 2016:42).

Die armoedegaping tussen mense word groter en wyer, ongeag kleur. Wit en swart word albei geraak. Ries en Hendriks (2013:7) is daarom van mening dat die grootste probleem met armoede nie soseer by 'n gebrek aan hulpbronne lê nie, maar eerder by 'n gebrek aan ware *koinonia* vanuit die geloofsgemeenskap met hul naaste. Gelowiges moet na mekaar leer uitreik, asook na hul naaste.

- Gepaardgaande met die verarmingsprobleem, is daar 'n tendens dat diegene wat jonk, arm en werkloos is nihilisties⁹ in hul benadering tot die lewe is. Hierdie nihilisme veroorsaak gevolglik dat baie van die goeie inisiatiewe tot opbouing van gemeenskappe in Suid-Afrika verwerp word (Maluleke, 2007:54).
- 'n Verdere kultuuruitdaging wat in die kerk uitspeel, is dat taal as 'n skeidingsinstrument gebruik word. Taal is belangrik in die skep van 'n "behoort-aan"-etos. Taal kan mense verwelkom of verjaag.

Vanuit die Suid-Afrikaanse geskiedenis skep sekere woorde stigma en diskriminasie. Mense ontvang 'n negatiewe boodskap wat negatiewe emosies wakker maak en uitsluiting kommunikeer. Taal kan uitsluiting of 'n gevoel van waarde aan ras, klas, geslag en seksualiteit kommunikeer. Dit kan sinchronies gebruik word as 'n ontwikkelende instrument vir menslike bevryding in plaas van diachronies as 'n instrument van oorheersing en ondergeskiktheid, soos met die gebruik van woorde soos "meester" of "slaaf".

⁹ 'n Nihilis is iemand wat nie buig vir gesag nie, iemand wat geen beginsel sommer op goeie geloof aanneem nie, hoe goed en eerbiedwaardig dit ook mag wees (Wikipedia)

Die geloofsgemeenskap kan begelei word om die taalinstrument op maniere te gebruik wat betekenis aan mense toeskryf (Naidoo, 2015:85). Die nodigheid bestaan dus vir die geloofsgemeenskap om deur taal ingelig en getransformeer te word tot die sentrale oortuigings van God se omgee vir geregtigheid (Koopman, 2010:241). Huidige plaaslike uitdagings in gemeenskappe as gevolg van rassekonflik, soos onder andere xenofobie, toon juis die krag van woorde in haatspraak wat uitsluiting kommunikeer. Daar is gevolglik 'n behoefte vir versamelwoorde wat Suid-Afrikaners kan saambind (Naidoo, 2015:85).

- Laastens word die nodigheid vir maatskaplike samehorigheid in plaaslike gemeenskappe beklemtoon. Samehorigheid versus “buitestaanders” word as “'n kruitvat van plofbare verhoudings” beskou (Naidoo, 2015:85).

Navorsing op dagloners wat sonder hul gesinne in plaaslike gemeenskappe werk soek en werkzaam is, toon aan dat gemeenskapslede deur hierdie groep bedreig voel. Dagloners word as “onsigbaar” of as 'n “irritasie” beskou. Hierdie groepering word geraak deur 'n groeiende maatskaplike ongeregtigheid, 'n groterwordende armoede, ongelikheid en ongeskooldheid en soek daarom werk in ander gemeenskappe weens hul desperate, werklose omstandighede.

Die kerk (geloofsgemeenskap) aan die ander kant word gekonfronteer met die nodigheid vir ware omgee vir alle mense. Hierdie omgee behels 'n medemenslikheid vanuit die begrip “gasvryheid”. 'n Etos van behoort (“belonging”) word benodig. Alles wat gedoen word, moet vanuit 'n spiritualiteit van insluiting plaasvind. Daar moet uitgereik word na mense wat anders is met die uitsluitlike doel om hulle te laat behoort (Naidoo, 2015:85). Die uitdaging is dus om die geloofsgemeenskap te begelei en deel te maak van die oplossings in plaaslike gemeenskappe vanuit maatskaplike samehorigheid en gasvryheid.

2.4.2.1.2 Deskriptiewe perspektiewe op die verpligtingsdimensie

In die ondersoek na die agtergrondinvloede maak Browning (1996:105) melding van die verpligtingsdimensie. Deur implisiete en eksplisiete beginsels word morele verpligtinge op 'n persoon of groep geplaas. Die outeur is van mening dat daar meer agter konkrete reëls en roldefinisies skuil as wat op die oog af sigbaar is. 'n Reeks aannames en oordele gaan gepaard met beginsels wat as 'n kultuur gehandhaaf word.

Die navorser belig daarom die Suid-Afrikaanse gemeenskap se kultuur van erediensbywoning. Die Suid-Afrikaanse statistieke van kerkdeelname toon aan dat 52,5% van die 86% Suid-Afrikaanse Christene weekliks kerk bywoon en 22,5% woon dit tweewekliks by (gesamentlik 74,5%)¹⁰.

Gepaardgaande met hierdie statistieke is daar egter sekere aannames oor die rol van die kerk in die plaaslike gemeenskap wat die kerk se impak kragteloos laat voorkom, naamlik dat:

- dit skyn asof die gemeenskap ervaar dat die kerk agteruitgaan en dat hierdie agteruitgang 'n ernstige bedreiging vir plaaslike gemeenskappe inhou (Dreyer, 2016:13).
- daar groot leemtes in die kerk is ten opsigte van 'n effektiewe impak tot 'n beter samelewing (Ackah, 2015:238).
- die gebrek aan etiese liefde in ware broeder- en susterskap tussen alle gelowiges, asook naasteliefde, eerder groter verdeeldheid en geweld as versoening weerspieël (Naidoo, 2015:165).
- gevare in die huidige kerk bestaan weens individualistiese waardes en spiritualiteite. Hierdie individualistiese gees dui op 'n diep identiteitskrisis in die Christelike kerk. Die kleingroepbeweging word byvoorbeeld gebruik as 'n voorbeeld van primêre bevordering van *koinonia* in plaas van koninkryksvisie. Weens die identiteitskrisis is dit nodig dat die kerk weer haar bestaansdoel herontdek vanuit die *Missio Dei* (sending van God) en dus 'n koninkryksgebaseerde roeping in plaas van 'n kerkgebaseerde roeping vasmaak (Ries & Hendriks, 2013:1).

Dreyer (2016:11) toon vanuit die skade wat reeds berokken is aan dat daar 'n hoop bly bestaan vir iets nuuts wat ooreenkom met die waardes en omstandighede van die huidige tydsvlak. Godsdien bly voortbestaan waar individue subjektief oortuig is dat hulle dade van goedheid doen. Volgens Dreyer (2016:11), beteken “kerkwees” dus goeie dade vanuit 'n vroom gemoed.

Die uitdaging is om gemeentelike betrokkenheid by noodverligting met ware *diakonia* (met onderlinge verhoudings) te beoefen. Indien dit nie gebeur nie, verrig gelowiges bloot

¹⁰ <http://secularsociety.co.za/south-african-statistics-on-religion-the-numbers/>

'n verpligting en geskied die uitreik sonder ware verhoudings (Ries & Hendriks, 2013:2). In Suid-Afrika is die uitdaging dus om nie “iets vir iemand anders te doen” nie, maar eerder “om dit saam te doen” (Ries & Hendriks, 2013:2).

Breedt (2012:10) benadruk egter die noodsaaklikheid dat elke gemeente 'n bedieningsmodel sal hê sodat die gawes van elke lidmaat optimaal kan funksioneer, dat elke lidmaat ten beste versorg kan word en die lidmate en die gemeente na volwassenheid in Christus (Efesiërs 4) kan groei. Die navorser is daarom ook van mening dat die leier reeds hier die beginsel van “saam doen” in plaas van “vir hulle doen” kan beplan en die geloofsgemeenskap daarin begelei.

2.4.2.1.3 Deskriptiewe perspektiewe op die neigingsbehoefte-dimensie

Browning (1996:71,106) verduidelik vanuit bogenoemde dimensie dat die menslike natuur sekere basiese behoeftes benodig vir voortbestaan, asook sekere middels tot vervulling van hierdie behoeftes. Daar word vervolgens op hierdie behoeftes gefokus sodat die noodigheid vir dade van geregtigheid belig kan word:

- In 'n vorige punt (2.4.2.1.1) is melding gemaak van navorsing oor die dagloneruitdaging in plaaslike gemeenskappe en daar is bevind dat mense ervaringe van selfwaarde en lewensvrede benodig. Faktore wat selfwaarde kommunikeer behels dus om werk te kry (al is dit informeel), erkenning vir die werk wat gedoen word, om met respek hanteer te word en om deel te wees van 'n gesin en 'n gemeenskap (Schenck & Blaauw, 2018:53).
- Menswaardigheid bly steeds slegs 'n ideaal vir sommige mense in Suid-Afrika. In landelike gebiede is 'n gebrek aan toegang tot basiese onderwys, sosiale ontwikkeling en behuising nog steeds 'n probleem wat mense van hul menswaardigheid beroof (Manomano & Mundau, 2017:1358).
- Browning (1996:104) fokus op die realiteit dat die vervulling van mense se natuurlike behoeftes en strewes nie die mens se behoefte aan menswaardigheid kan vervang nie. God gee aan die mens 'n skeppingsdoel en daarom kan slegs hoër morele beginsels dit vestig.

2.4.2.1.4 Deskriptiewe perspektiewe op 'n omgewings-sosiale dimensie

Vanuit Browning (1996:106) se struktuur dui sosiaal-sistemiese (omgewings-sosiale dimensie) en ekologiese beperkings noodsaaklike behoeftes vanuit die ligging van gemeenskappe aan.

Hierdie navorsing geskied vanuit die Vrystaat, meer spesifiek in die Llejweleputswa Distriksmunisipaliteit (Goudveld), waar 27,7% huishoudings ten tye van die navorsingsprojek 'n geldtekort aangedui het en 18,9% huishoudings maaltye gemis het as gevolg van geldtekort. Vanuit vorige paragrawe word afgelei dat hierdie ekonomiese tekorte ook aandui dat daar 'n behoefte is aan die geloofsgemeenskap se betrokkenheid in die oplossing daarvan deur daad van geregtigheid (goedheid).

Statistieke vanuit die Vrystaat toon daarom juis hierdie behoefte aan, naamlik:

Christene in die Vrystaat	89,3%
Kinders wat albei ouers verloor het	22 802
Kinders wat 'n pa verloor het	100 523
Kinders wat 'n ma verloor het	72 093
Opleiding ná matriek	6,2%
HOP-huise (staatsgesubsidieerde huise vir die meeste)	289 414
Het 'n geldtekort gehad om kos te koop die afgelope jaar	23,4% huishoudings Llejweleputswa (27,7%)
Maaltyd gemis weens geldtekort	15,7% Llejweleputswa (18,9%)

Figuur 2-1: Demografiese perspektiewe op maatskaplike dimensies van die Vrystaat volgens die *Community Survey 2016* gepubliseer 27 Junie 2018 @ 14:00

Vanuit bogenoemde statistieke kan afgelei word dat die Vrystaatse gemeenskap uit 'n groot persentasie Christene (geloofsgemeenskap) bestaan, naamlik 89,3%. Die Vrystaat se ekonomiese uitdagings dui egter aan dat daar groot behoefte is aan betrokkenheid van die geloofsgemeenskap met daad van geregtigheid (goedheid).

2.4.2.1.5 Deskriptiewe perspektiewe op die reël-rol (“rule-role”)-dimensie

Browning (1996:106) vergelyk konkrete patrone en werklike praktyk vanuit die alledaagse wêreld in die soeke na oplossings. Samewerking tussen teologie en menswetenskappe soos sosiale psigologie word daarom benodig (Browning,1996:130).

Vanuit ’n dialoogproses kan werklike transformering dus nagejaag word indien begrip bevorder word (Browning, 1996:292). Deskriptiewe perspektiewe op die kultuur soos insigte uit die sosiale psigologie kan hierdie studie baat, veral in die kontras van waardes tussen verskillende gemeenskapsgroeperinge.

2.5 BESKRYWENDE PERSPEKTIEWE OP DIE ROL VAN DIE KERKLEIER IN DIE BEGELEIDING VAN DIE GELOOFSGEMEENSAP TOT DIE RIMPEL-EFFEK VAN GERECHTIGHEID

Volgens Firet (1986:14–15), behels pastorale rolvervulling God se bemiddeling deur sy koms in sy Woord. God gebruik die kerkleier om mense te ontmoet. God wil egter nie net die leier gebruik nie, maar ook die geloofsgemeenskap tot diensbaarheid opwek (Firet, 1986:13).

Vanuit die beginsel dat God mense in pastorale rolvervulling wil ontmoet, vind die navorser aansluiting by Nell (2015:7) dat empiriese navorsingsdata aantoon dat leierskapstyle radikaal moet verander. Veral monargiese en hiërargiese benaderings word met verandering gekonfronteer. Daar word druk op leierskap geplaas om tot demokratiese en egalitêre benaderings oor te gaan.

Hierdie veranderings het tot gevolg dat die betrokkenheid van alle gelowiges in verhoudings en netwerke binne die geloofsgemeenskap ’n al hoe groter prioriteit word. In die proses om werkbare oplossings en gesonder kerke te bewerkstellig, word die aanpasbaarheid van leiers ’n noodsaaklikheid (Elkington *et al.*, 2015:12).

Leierskap se effektiwiteit lê daarom in die groep se vermoë om al die eise, vermoëns en behoeftes van die mense en situasies te integreer (Elkington *et al.*, 2015:9). Die primêre funksie van die “hoofleier” is dus om die groei en die energie van mense en hulpbronne in die groep vry te stel sodat die span in ’n gesamentlike poging die gemeenskaplike

doelwit kan uitvoer. Vanuit hierdie navorsing lê die uitdaging dus in die leier se vermoë om die geloofsgemeenskap te begelei in geregtighedsdade.

Elkington *et al.* (2015:9) meen dat die effektiwiteit van leierskap in “ons krag” lê. Die krag van die hele groep, al is daar diverse teenstrydige idees, kan deur integrasie nuwe waardes, oplossings en krag vir groei skep en bevorder.

Ter aansluiting by bogenoemde rol van die leier, toon navorsing relevant tot die bevordering van die rimpel-effek van geregtigheid aan dat die kerkleier 'n beduidende rol in die gemeenskap kan speel indien:

- Die leier visie asook begeleiding tot betrokkenheid in die gemeenskap kan gee (94,4% respondente);
- die leier spanwerk tot gemeenskapstransformasie kan bevorder (93,1% respondente);
- die leier betrokkenheid van die geloofsgemeenskap (kerk) kan inisieer en aanmoedig (92,7% respondente); en
- die leier kennis verwerf het aangaande strukture, beleid en wette in die gemeenskap (81,9% respondente) (Botes, 2016:45).

Vanuit die verwagting van gemeenskapslede rakende die kerkleier as voorloper, het navorsing bewys dat die charisma van 'n persoon nie so standhoudend en blywend van aard is soos 'n gemeenskaplike doel nie. Daarom kan die kerk nie net die tradisies van die verlede onnadenkend voortsit nie.

Kerkleiers en kerklike vergaderings benodig strategieë vir die toekoms om as gemeenskaplike doelwitte voor te lê. Hierdie strategieë moet die verandering van kerk en samelewing in ag neem. Verandering, transformasie, hervorming, leierskap en strategie het deel van die hedendaagse woordeskat geword rakende die kerkleiersrol. 'n Radikale ingrypende kerkhervorming en transformasie van kerkwees, en gemeentelike praktyk gegrond op 'n teologies-gefundeerde ekklesiologie is nodig. Transformasie en kerkhervorming op grond van 'n grondige ekklesiologie behoort sentraal te wees in die besinning oor die kerk se toekoms.

Die kerkleier se rol is noodsaaklik in die proses van transformasie. Dit vereis insig in die huidige situasie en insig in wat die einddoel van die transformasie behoort te wees. Dit spruit uit die oortuiging dat God self die kerkleier tot verantwoording roep in die dat die kerk met integriteit kerk moet wees. Dit vereis dat nuwe taal en 'n nuwe woordeskat geskep en veranderingsprosesse gefasiliteer sal moet word. Dit stel besondere eise aan kerklike leierskap en verg strategiese denke (Dreyer, 2016:161 & 162).

Leiers en volgelinge word dus beide as gevolg van die “onsigbare leier”, wat as die gemeenskaplike doel funksioneer, gebind tot die skep van 'n sterk dinamiese eenheid. 'n Onsigbare krag bemagtig en bind die groep saam, wat die Gees uit Paulus se geskrifte is (Elkington *et al.*, 2015:9). Gevolglik het hierdie “ons-krag” die potensiaal om 'n rimpel-effek vanuit 'n gesamentlike proses te ontketen.

Die uitdaging is om die ou Suid-Afrika na die nuwe Suid-Afrika van “uiteenlopend en saam” te verander. Die kerk het 'n Bybelse mandaat om in die openbaar namens die benadeeldes te praat en vir geregtigheid, vrede en gelykheid op te kom (Koopman, 2015:213,216).

2.6 SAMEVATTENDE DESKRIPTIEWE AFLEIDINGS

Bogenoemde navorsing het ten doel gehad om op 'n beskrywende wyse te let op die huidige funksionering van geregtigheid deur geloofsgemeenskappe, asook om die leemtes vir verdere navorsing te belig.

Die volgende aspekte het na vore gekom, naamlik:

- Geen lewensterrein of plaaslike gemeenskap kan uitgesluit word van die morele wet dat **alle** mense as geskapenes menswaardig behandel moet word nie.
- Deelwees van 'n geloofsgemeenskap impliseer dus ook 'n diepgewortelde besef van mense se verantwoordelikheid teenoor mekaar. Die sigbare uitleef van menswaardige optredes kan hoop gee in die huidige Suid-Afrikaanse konteks, veral ten opsigte van rassisme, seksisme en xenofobie.
- Geregtigheid, wat beteken om reg te handel volgens die wil van God, word deur 'n lewenswyse van omgee vir ander mense gekenmerk. Vanuit die Suid-Afrikaanse konteks is die vraag dus: Word lewenswyses van omgee herken?

- Bogenoemde navorsing bewys dat rasseverdraagsaamheid bely word terwyl onverdraagsaamheid beoefen word. Hierdie bevinding toon gevolglik dat die gaping tussen die beginsel en praktyk teenstrydig is met wat die Bybel leer. Spanningsvelde heers tussen die letter en die toepassing van die Woord in die praktyk. Die geloofsgemeenskap benodig daarom hulp in die vestiging van geregtigheid wat versoening bewerkstellig.
- Gelowiges moet na mekaar asook hul naaste leer uitreik. Die kerk (geloofsgemeenskap) word opgeroep om die status quo van onreg aan te spreek. Die gaping tussen ryk en arm word groter en wyer, ongeag kleur. Wit en swart word albei geraak. Die mening is dat die grootste probleem met armoede nie soseer by 'n gebrek aan hulpbronne lê nie, maar eerder by 'n gebrek aan ware *koinonia* vanuit die geloofsgemeenskap met hul naaste.
- Dis nodig dat die geloofsgemeenskap deur taal ingelig en getransformeer word tot die sentrale oortuigings van God se omgee vir geregtigheid. Huidige plaaslike uitdagings in gemeenskappe as gevolg van rassekonflik, soos onder andere xenofobie, toon juis die krag van woorde in haatspraak wat uitsluiting kommunikeer. Woorde soos "Afrikane" het die vermoë om rasse saam te bind.
- Die kerk het nodig om alles wat gedoen word vanuit 'n spiritualiteit wat insluiting kommunikeer te doen. Daar word na mense wat anders is uitgereik met die uitsluitlike doel om hulle te laat behoort. Die geloofsgemeenskap, wat elke plaaslike kerk insluit, het dus die potensiaal om deel te raak van die oplossing vanuit maatskaplike samehorigheid en gasvryheid indien hulle na die uitvoering van geregtigheid begelei word in die skep van versoening en 'n vredevolle saambestaan.
- Gevare bestaan in die huidige kerk weens individualistiese waardes en spiritualiteite. Hierdie individualistiese gees dui op 'n diep identiteitskrisis in die Christelike kerk, byvoorbeeld in die kleingroepbeweging wat primêr vir die bevordering van *koinonia* ingerig word. Weens die identiteitskrisis is dit nodig dat die kerk weer haar bestaansdoel herontdek vanuit die *Missio Dei* (sending van God) en dus 'n koninkryksgebaseerde roeping in plaas van 'n kerkgebaseerde roeping vasmaak.
- Die kerk word opgeroep om drasties haar manier van kerkwees te verander. Stilsyde stuur 'n negatiewe boodskap wat veral die kerk se teologiese integriteit

bevraagteken. 'n Vraag wat onwillekeurig na vore kom is: Is die kerk nog in staat om profeties en moreel 'n rol te vervul?

- Konstruktiewe verhoudings gebou op 'n "selfopofferende" fondament het die potensiaal om vanuit gemeenskaplikheid lewens te hervorm en te verbeter. Die uitdaging is egter om spanningsvelde aan te spreek soos die kultuur van kerkbywoning versus liefdeloosheid en individualisme. Normatiewe optredes word dringend benodig.
- Die kerk word tot introspeksie gedwing met die skep van 'n raamwerk van nuwe strategieë gefokus op vernuwende denke (ook met betrekking tot *ubuntu*-beginsels), medemenslikheid en opregte *koinonia*.
- Sosiale psigologie se insprake word benodig om die kontras in waardes tussen *ubuntu* en individualisme in plaaslike gemeenskappe te belig en groter begrip vir die kontraste in die samelewing te skep.
- Vanuit die pastorale rolvervulling wil God die mens deur kerkleiers ontmoet. Aanpasbare kerkleiers binne geloofsgemeenskappe behoort gemeentes met 'n "ons krag"-benadering tot nuwe perspektiewe te begelei ten opsigte van die kerk se bemiddelende taak, asook tot kreatiewe insigte aangaande die rol van die kerk in broederskap, versoening en betrokkenheid by plaaslike arm gemeenskappe en mense wat nêrens behoort nie.
- Vennootskappe met ander kerke en organisasies in die gemeenskap word benodig, asook die besef dat gemeenskapsontwikkeling met langtermynbeplanning (volhoubare beplanning) moet rekening hou.

2.7 'N EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE TOEPASSING VAN DIE BEGRIP "GEREGTIGHEID" IN DIE GEMEENSAP VAN MATHJABENG (VRYSTAAT)

2.7.1 Inleiding

Vanuit bogenoemde kwalitatiewe literatuurstudie oor die roeping van die kerk ten opsigte van betrokkenheid by geregtigheid, is die behoefte tot die rimpel-effek van geregtigheid geïdentifiseer. Die kerk het 'n verantwoordelikheid om by die regstelling van ongeregtigheid in die samelewing betrokke te raak.

Uit die deskriptiewe literatuurstudie is bevind dat daar 'n behoefte aan 'n sigbare betrokkenheid van kerke (geloofsgemeenskap) in die Suid-Afrikaanse samelewing is

(soos ten opsigte van klas, rassisme, seksisme en xenofobie). 'n Gebrek aan strategieë, samewerking en begrip rakende Suid-Afrikaanse ongeregtighede is belig. Van die grootste uitdagings voor die kerk se deur is dat alle mense menswaardig behandel moet word (as geskapenes van God).

Browning (1996:111) gebruik verskillende grenswetenskappe om op praktyke, rolle, reëls en kommunikasiepatrone te fokus. In die bereiking van oplossings vir gemeenskapsuitdagings is gesamentlike dialoog broodnodig.

Vanuit bogenoemde kwalitatiewe literatuurstudie oor die deskriptiewe perspektiewe op geregtigheid in die gemeenskap is daar aangedui dat die geloofsgemeenskap begelei moet word in die vestiging van die rimpel-effek van geregtigheid. Aan die hand van 'n empiriese studie is die gesindheid van gemeenskapslede en lidmate oor die beoefening van geregtigheid, asook die kerkleier se begeleidingsrol daarin, getoets.

2.7.2 Gemengde empiriese navorsing

De Vos *et al.* (2014:433) toon aan dat wetenskaplikes dit eens is dat 'n gekombineerde kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsontwerp benodig word vir meer omvattende bewyse en wel 'n bestaansreg het. Dié spesifieke metode word deur Creswell (2009:5) sowel as De Vos *et al.* (2014:433) as gemengde navorsing beskryf.

Dit bestaan uit twee fases, naamlik: data wat op 'n kwantitatiewe wyse versamel en geanaliseer word sowel as data wat meer indringend op 'n kwalitatiewe wyse vir analise ingesamel word. Die doel is dat die kwalitatiewe data die kwantitatiewe data beter verklaar en verder uitbou (De Vos *et al.*, 2014:441). Data word geïntegreer, in verhouding met mekaar gebring en sodoende vermeng (De Vos *et al.*, 2014:435).

Kwantitatiewe navorsing bestaan uit eksperimentele of nie-eksperimentele ondersoeke. Hierdie studie was nie-eksperimenteel van aard en die algemeenste metode waarmee data ingesamel is, was met behulp van opnames ("surveys") (De Vos *et al.*, 2014:158). Hiervolgens word numeriese data met behulp van gestruktureerde vraelyste en toetse ingesamel (Joubert *et al.*, 2016:246). Neuman (2000:34) beskryf die vrae wat aan mense gevra word as opnames. Hierdie opnames word in die navorsingsverslag as tabelle

weergegee wat die verskillende opinies van deelnemers na aanleiding van elke vraag weerspieël.

Kwantitatiewe data kan egter ook beskrywend van aard wees waar 'n objektiewe, numeriese beskrywing van die kenmerke van die probleem weergegee word. Verdere beskrywende kwantitatiewe data-invordering sluit in gesprekvoering met respondente oor hul waarnemings of sienings aangaande 'n navorsingsprobleem of die moontlike korrelasies tussen veranderlikes (Joubert *et al.*, 2016:246).

Kwalitatiewe navorsing is 'n sambreelterm vir verskillende benaderings of paradigmas. Elkeen het sy eie teoretiese agtergrond, metodologiese beginsels en doelwitte (De Vos *et al.*, 2014:310; Flick, 2006:6). Die kwalitatiewe navorser is gemoeid met begrip eerder as om te verduidelik, met naturalistiese waarneming eerder as beheerde meting (soos wat die geval met kwantitatiewe navorsing is) en met die subjektiewe verkenning van die werklikheid vanuit 'n binnestaander se perspektief in teenstelling met dié van 'n buitestaander (soos wat oorheersend in die kwantitatiewe paradigma is) (De Vos *et al.*, 2014:310).

Die gemengde navorsingsmetodiek vir hierdie studie het gevolglik die volgende behels:

- 'n literatuurstudie;
- 'n ongestruktureerde vraelys; en
- 'n gestruktureerde vraelys.

Nadat data deur die gemengde navorsingsmetode verkry is, is dit ontleed aan die hand van die kritiese sosiale wetenskaplike metode.

2.7.3 Kritiese sosiale wetenskap

Die navorser se hooffokus was om teoretiese insigte in wisselwerking met die huidige problematiese praktyk te bring sodat die verhouding tussen gemeenskapsontwikkeling en geregtigheid in die samelewing, asook die transformasie van sosiale verhoudings, regmatige aandag kan ontvang (Neuman, 2000:76).

Hierdie doelwit is bereik deur onderliggende bronne van sosiale verhoudings en geleenthede tot bemagtiging van mense, veral minderbevoorregte mense, te identifiseer. Die kritiese sosiale metode is gefokus op verandering en mense se rol daarin.

2.7.4 Werwing van deelnemers, wyse van keuring, grootte van groep en verwerking van data

- Die keuse van deelnemers is een van die belangrikste fasette van navorsing (De Vos *et al.*, 2014:222). Die deelnemers vir hierdie navorsing is gekies gebaseer op hul gemeenskapsbetrokkenheid in die Goudveld (Vrystaat).
- Data is ingesamel soos reeds verduidelik in 2.7.2. Die vrae vir die gemengde empiriese navorsing is egter opgestel aan die hand van inligting wat verkry is vanaf twee “spesialiste” in die veld van geregtigheid¹¹.
- Hierdie vraelys is elektronies aan bepaalde groepe in die gemeenskap gestuur. Hierdie groepe mense het ingesluit: maatskaplike werkers, gemeenskapswerkers en lede van die publiek wat in die Goudveldgemeenskap betrokke is. Die fokus van die navorsing was om die opinie van mense op die markplein te verkry, nie slegs kerklidmate s’n nie. Die doel was om vas te stel wat gesindhede in die gemeenskap is rakende die begrip “geregtigheid” en die nodigheid vir die begeleiding van die geloofsgemeenskap tot die skep van ’n rimpel-effek van geregtigheid in die samelewing. Dit het dus ’n wyduiteenlopende groep mense ingesluit. Die navorser het gepoog om tussen 150 en 200 deelnemers te werf.
- Daar is herhaaldelik oor ’n tydperk van twee maande menings gevra via e-pos, Whatsapp en Facebook. Die navorser se kontaklys sowel as dié van die House of Hope Community Life Development-projek (meer as 2 500 kontakpunte) is gebruik. Die reaksie was egter nie baie positief nie: 122 deelnemers het die vraelys voltooi waarvan 113 toestemming verleen het vir die gebruik van hul inligting.

¹¹ Die navorser ag André Styger (van die Goudveld) en John Muir as twee spesialiste in die veld van geregtigheid in die praktyk.

André Styger, ’n prokureur van beroep, is bekend vir aktiewe gemeenskapsbetrokkenheid in die Goudveld. As aanbieder van Crown Ministries bedien hy in Afrika, sowel as Suid-Afrika. André was ook betrokke by Zimbabwiese boere wat hul plase verloor en teruggegaan het om die nuwe eienaars te dien as ambassadeurs vir Hom.

John Muir is ’n bemiddelaar en arbiter op die AFSA-paneel, asook ’n organisatoriese mentor. Hy is aktief betrokke by die opleiding en mentorskap van leiers in gemeenskapsprojekte. John het die afgelope 20 jaar by die Departement van Maatskaplike Dienste in Wes-, Oos- en Suid-Afrika gewerk.

2.7.5 Geldigheid, betroubaarheid en berging van data

- Die NWU se hoofstatistiese konsultasiediens (SKD) het die data met behulp van die Kaiser-Meyer-Olkin Measure of Sampling Adequacy¹²-metode gemeet. Die bepalende toets het behels om vas te stel of daar genoegsame data was om 'n faktorontleding te verkry. Die toets se positiewe bevinding het bewys dat hierdie navorsing wel deur genoeg data ondersteun word.
- Die voltooide vraelyste wat vir die gemengde navorsing gebruik is, is deur 'n konsultant van die NWU Statistiese Konsultasiediens (SKD) verwerk. Die effektiwiteit van die antwoorde is in gesprek met die studieleiers aan die doelwitte van die studie gemeet om die geldigheid daarvan te bepaal.
- Alle vraelyste is anoniem hanteer en sodoende is vertroulikheid gewaarborg.
- Die SKD stoor die data.

2.7.6 Rol van die navorser

Die navorser is voltyds in die bediening en is reeds 16 jaar lank persoonlik betrokke by gemeenskapsprojekte in die Goudveld. Vanuit betrokkenheid by projekte en samewerking met die verskillende geloofsgemeenskappe, beoog die navorser om 'n strategie daar te stel vir die bemagtiging van die Goudveldgemeenskap (en ander gemeenskappe) om dade van geregtigheid te betoon in die ontwikkeling van die gemeenskap.

2.7.7 Etiese kwessies

Die navorser ondersteun die belangrikheid van etiese aspekte soos deur die NWU beklemtoon word en bevestig dat etiese riglyne tydens hierdie navorsingstudie toegepas en gehandhaaf is met verrekening van die volgende etiese waardes:

- Die fundamentele etiese reël van sosiale navorsing is dat dit nie die deelnemers sal skaad nie (De Vos *et al.*, 2014:115). Die navorser het verantwoordelikheid daarvoor geneem om hierdie fundamentele reël tydens die navorsingsproses te eerbiedig.

¹² <http://www.statisticshowto.com/kaiser-meyer-olkin/>

- Hierdie navorsing is tot voordeel van die individu wat reeds betrokke is by 'n gemeenskapsprojek sowel as die hele gemeenskap.
- Deelnemers is ten alle tye gerespekteer en kon hulself op enige gegewe tydstip van die navorsing onttrek.
- Alle deelnemers het ingeligte toestemming verleen voordat hulle deel geraak het van die navorsingsprojek. Om dit te verseker, was daar 'n kort inleiding bo-aan die vraelys wat die doel van die navorsing verduidelik het.
- Deelnemers wat hul e-posadresse verskaf het, is op hoogte gehou van vordering met die ondersoek.
- Deelname het op 'n vrywillige basis geskied. Deelnemers se insette is gerespekteer en verhoudings sal so ver moontlik ná afloop van die projek behou word.

2.7.8 Beraamde risikovlak en voordeel-verhoudingsanalise

- Hierdie studie het 'n minimale of lae etiese risiko gehad. Slegs die opinies van anonieme, volwasse respondente is deur middel van 'n elektroniese vraelys nagevors. Begrip en voorstelle ten opsigte van die uitvoering van geregtigheid is met hierdie studie ondersoek en getoets.
- Die studie het meer voordele as nadele vir deelnemers ingehou. Geen opsigtelike nadele is voorsien nie en die risiko daaraan verbonde was nie hoër as wat in die alledaagse lewe ervaar word nie.
- Direkte voordele behels die potensiaal vir verdere samewerkingsvennootskappe tussen rolspelers in die samelewing en die belangrike saak van gemeenskapsontwikkeling.

2.7.9 Tydsduur

- Die invul van die kwantitatiewe vraelys het hoogstens 30 minute van die deelnemers se tyd vereis. Die vraelys is oor 'n tydperk van twee maande versprei voordat dit gestaak is.

2.7.10 Ingeligte toestemming

- Die verkryging van ingeligte toestemming impliseer dat alle moontlike of toereikende inligting oor die doel van die ondersoek, die verwagte tydsduur van

deelnemers se betrokkenheid, die navorsingsprosedures, die moontlike voordele en nadele waaraan deelnemers blootgestel kon word sowel as die geloofwaardigheid van die navorser voor die aanvang van die navorsingsprojek aan potensiële deelnemers gegee is (De Vos *et al.*, 2014:117).

- Deelnemers was wettig en sielkundig bevoeg om toestemming te kon gee en was daarvan bewus dat hulle te enige tyd vrywillig van die ondersoek kon onttrek (De Vos *et al.*, 2014:117).
- Die ingeligte toestemmingsbrief word as bylae by hierdie navorsingsverslag gevoeg.

2.7.11 Omskrywing van vraelys


- Die doel van die vraelys was om gesindhede rakende geregtigheid te toets. Vanuit hierdie navorsing word geregtigheid as dade van goedheid omskryf. Hierdie dade van goedheid is gefundeer op die gedagte dat alle mense na sy (God se) gelykenis geskape is en geregtigheidsdade fokus gevolglik op die herstel van menswaardigheid. Die vraelys het kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe vrae (gemengde navorsing) behels vir 'n beter begrip van respondente se menings. Die vraelys het met kwalitatiewe vrae begin sodat respondente se opinies nie gelei is deur die kwantitatiewe vrae nie.

Neuman (2000:429) is van opinie dat skrywers oor kwalitatiewe navorsing nie eensgesind oor die struktuurreëls en verslaggewing van die navorsing is nie. Neuman (2000:474) meen dat genoeg bewyse benodig word ter staving van vrae vanuit kwalitatiewe navorsing. Geen reëls of spesifieke metodes word benodig vir die verwerking van die navorsingsdata nie. Die fokus is egter die “groot prentjie” en nie spesifieke kompartemente soos met kwantitatiewe navorsing nie (Neuman, 2000:429).


- Die navorser gee gevolglik al die opinies van elke vraag weer.
- Sommige respondente het in een antwoord wyduiteenlopende opinies gegee. Al hierdie opinies is verwerk. Hierdie verskeidenheid van idees maak dit egter onmoontlik om persentasies te bepaal. Die navorser fokus gevolglik daarop om opsommend die geheelbeeld weer te gee.
- Die gemengde navorsing (kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing) vul mekaar aan en gee 'n duidelike geheelbeeld.

Die onderstaande tabelle toon die vraelysvrae wat gebruik is en is 'n samevatting van al die antwoorde in persentasies sowel as die antwoorde op die oop vrae, soos verwerk en verkry van die SKD.


2.7.11.1 Algemene inligting



Figuur 2-2: Toon die aantal respondente wat die vraelys voltooi het volgens geslag aan. Totale respondente 113 (Mans 27, Vrouens 86)



Figuur 2-3: Indikase van vraelysvoltooiing volgens Christen 106, nie-Christen 1, Ander 5. (Totaal:113)



Figuur 2-4: Toon kerkbywoning aan op grond van die vraag: Hoe gereeld woon jy dienste by?

Belangrike punte vanuit bogenoemde is:

- 76% vrouens het vorms voltooi (Figuur 2-2)
- 93,8% is Christene (Figuur 2-3)
- Die bruin en blou kolom (langs mekaar) toon aan dat die meeste respondente gereeld in die kerk is (Figuur 2-4)

Die vraelys het uit **44 vrae bestaan** (wat sowat 15 minute geneem het om in te vul). Dit het beide oop, narratiewe vrae sowel as saamstemvrae bevat. Laasgenoemde soort vrae is beantwoord aan die hand van 'n 1 tot 6 gemerkte Lickert-skaal.

Die onderstaande tabelle (gemerk as A) is 'n opsomming van die respondente se gesindhede aangaande maatskaplike betrokkenheid in die gemeenskap deur middel van daade van geregtigheid:

2.7.11.2 A: Sosiaal-afhanklike gesindhede

V1: Watter rol behoort 'n Christen in plaaslike gemeenskappe te speel? (Die syfer tussen hakies dui aan hoeveel respondente dieselfde antwoord verskaf het. Indien 'n geringe verskil in die antwoord egter 'n ander betekenis verleen, word dit as 'n ander antwoord getel).

Tabel 2-1: A-V1 – Kwalitatiewe inligting rakende gelowiges se betrokkenheid in die gemeenskap

GOEIE DADE AS DADE VAN GERECHTIGHEID	MORELE GOEIE DADE
• Hulp met beleid. Hulp waar benodig (x20) (aktiewe betrokkenheid) • Wees 'n voorstander vir gerechtigheid en vrede (x8) • Hê 'n sê in alle lewensfere (x6) • Hef die gemeenskap op (x4) Doen dae van gerechtigheid • Fasiliteer versoening (x4) • Wees deel van gesprekvoering en groepe om probleme op te los (x4)	• Lei deur voorbeeld (x13) • Lewe met integriteit (x7) • Wees die morele kompas van die gemeenskap (x5) • Betoon liefde aan alle mense (x14)
GOEIE DADE (dade, woorde of gesindhede)	GEESTELIKE GOEIE DADE
• Ondersteun mense se behoeftes (x15) • Wees deel van die verandering met goeie dae (x15) • Verskaf voedsel aan die armes (x3) • Dien ander (x4)	• Mat. 28:19 Vervul Jesus se opdrag (x12) • Verskaf geestelike ondersteuning (x4) • Bring genesing (x2) • Weerspieël Jesus (x3) • Bid vir die land en leiers (x2) • Aanvaar ander mense • Moet nie skaam wees vir Christenskap nie • Wees vergewensgesind

V2: Wat is die rol van die kerk om Bybelse gerechtigheid te herstel?

Tabel 2-2: A-V2 – Kwalitatiewe inligting rakende gelowiges se verantwoordelikheid om gerechtigheid te herstel

GOEIE DADE AS DADE VAN GERECHTIGHEID	MORELE GOEIE DADE
• Help gemeenskappe aktief om gerechtigheid te herstel (x9) • Praat namens dié wat dit nie self kan doen nie (x7) • Veg vir die waarheid (dit wat reg is) (x6) • Behandel ander soos wat jy behandel wil word (x7) • Pas gerechtigheid in ons huise en kerke toe (x2) • Moenie vergeld nie (gerechtigheid) (x4) • Wees bemiddelaars tussen strydende partye (x2) • Soek herstel en oplossings (x2)	• Wees lief vir ander soos vir jouself/soos Jesus (x18) • Respekteer mense (x2) • Wees regverdig • Wees eerlik

• Wys die pad aan • Ondersteun oortreders in hul rehabilitasie • Voorsien in die behoeftes van weduwees en weeskinders deur te gee en betrokke by behoeftige mense te wees	
GOEIE DADE (dade, woorde of gesindhede)	GEESTELIKE GOEIE DADE
• Wys liefde met goeie dade (doen meer en praat minder) (x19) • Help/voed/bystand aan armes(behoeftiges) (x13) • Help met behoeftes (x6) • Luister en wees sensitief vir mense se behoeftes (x7) • Aanvaar alle mense (x4) • Gee om vir mense (x4) • Hê 'n dienende hart (x3) • Deur te gee • Help werklose mense • Begin in jou eie huis	• Lei mense deur Christelike waardes (x11) • Stel standarde wat gevolg moet word (x11) • Moenie oordeel nie maar ondersteun (wees lief vir mense, maar keur sonde af) (x10) • Bid vir mense (x2) • Loods kerkprojekte • Wees soos Jesus • Lei mense na Christus

V3: Liefde as motivering vir dade van geregtigheid moet deur dade gedemonstreer word; hoe kan ons hierdie instruksie implementeer?

- 3 Respondente het ingevul dat hulle nie weet nie

Tabel 2-3: A-V3 – Kwalitatiewe inligting rakende die betoning van liefde vanuit dade van geregtigheid

DEUR GOEIE DADE AS DADE VAN GEREGTIGHEID	DEUR MORELE GOEIE DADE
• Gesprekvoering in gemeenskappe, met gemeenskappe vir oplossings (ook vir rasseversoening) (x11) • Bewustheidsveldtogte (x7) • Gemeenskapsprogramme (x3) • Vennootskappe (x6) • Voorspraak (x3) • Kreatiewe maniere om geregtigheid te aktiveer • Mense moet kennis dra van die Handves van Regte • Gee aandag aan misdaad – maak voorbeelde (x2)	• Moet nie ongeregtigheid wegsteek nie, maar lewe met integriteit (x9) • Doen wat jy sê as Christen (x7) • Goedhartigheid (x3) • Om leiers met integriteit te hê (x3) • Leiers moet die voorbeeld stel (x2) • Wette met strawwe as gevolge vir onwettige dade (x3) • Praat die waarheid (x3) • Objektiewe waarheid met moraliteit (x3)

	• Vergewe en akkommodeer diversiteit (x3) • Respekteer mekaar (x2) • Aanvaarding • Om 'n ingesteldheid van versoening te hê
MET GOEIE DADE (dade, woorde of gesindhede)	MET GEESTELIKE GOEIE DADE
• Wees prakties betrokke in die gemeenskap met praktiese liefdesdade (x16) • Doen liefdesdade ongeag of mense dit verdien (x3) • Help die wese, weduwees en benadeeldes in die vervulling van hul fisiese behoeftes (x6) • Ouers moet kinders prakties leer om mense te dien • Behandel alle mense menswaardig • Inisieer kerkprojekte om armes te ondersteun • Wees ondersteunend in die rehabilitasie van oortreders • Bedien mense geestelik, liggaamlik, sosiaal en psigologies • Gee kos aan die armes • Deel warm klere en beddegoed uit • Pas solidariteit toe op mense in nood	• Leer mense om mekaar menswaardig te behandel (x5) • Bid saam met mense • Wees bedienaars van versoening • Wees lief vir alle mense en bedien aan hulle die evangelie van die goeie nuus.

V4: Watter strategieë is nodig om 'n rimpel-effek van geregtigheid in plaaslike gemeenskappe te veroorsaak?

- Weet nie (x2)
- Nie seker nie
- Nie beskikbaar nie

Tabel 2-4: A-V4 – Kwalitatiewe inligting rakende strategieë vir die skep van 'n rimpel-effek van geregtigheid

GOEIE DADE IN DADE VAN GEREGTIGHEID	MORELE GOEIE DADE
• Deur samewerking en betrokkenheid van alle belanghebbendes om verandering te bewerkstellig en goeie verhoudings te skep, byvoorbeeld: ○ Kry belanghebbendes, naamlik regering, private sektor en burgerlike samelewing se betrokkenheid aanboord. ○ Vergaderings met die gemeenskap, die kerk en die gemeenskapspolisiëringsforum (GPF). ○ Meer effektiewe vennootskappe met skole en kerke om 'n rimpel-effek te veroorsaak ("pay it forward"-beginsel). ○ Elkeen moet sy spesifieke rol vervul. (x7) • Kom op (x2) vir die behoeftiges op 'n konsekwente basis (x1). Mense moet geaktiveer word om geregtigheid op elke vlak van die samelewing te implementeer. Om gehelp te word, lei daartoe om ander te help. Die slagoffermentaliteit in baie gemeenskappe moet teëgewerk en vervang word met 'n ingesteldheid van "waar kan ek 'n verskil maak". (x7) • Skep bewustheid van die saak. (x4) • Inligtingssessies oor geregtigheid. (x4) • Versamel inligting en hulpbronne vir die opvoeding van gemeenskappe oor geregtigheid. • Versprei die lesse van liefde en geregtigheid sodanig dat diegene wat dit hoor en leer ook ander kan leer (begin by skole). Deel verhale van groepe wat in geregtigheid en genade versoen het. • Behoorlike opleiding van werknemers in die geregtigheidsektor, byvoorbeeld departement van justisie, SAPD, ens. Die boodskap dat verkeerde optrede jou sal benadeel, moet duidelik wees. Werknemers in dié sektore moet passievol oor hul werk wees en nie net bloot 'n salaris wil verdien nie • Werp jou brood op die water. As iemand jou seën of goed aan jou doen, doen dieselfde. Werk en staan saam, ongeag ras of geloof. • Regstellende geregtigheidspraktyke moet ingestel word aangesien dit op gesonde morele waardes gebou is.	• Leiers moet deur voorbeeld lei. (x7) Ons benodig Christenleiers. • Wees eerlik and konsekwent in die toepassing van die wet. (x3) ○ Eerlikheid moet 'n waarde in huise en skole word. ○ Gemeenskappe moet regverdig en eerlik teenoor mekaar optree. ○ Moenie korrupsie wegsteek of verdra nie, maar tree op met integriteit (x2) (al is dit moeilik en niemand anders doen dit nie). ○ Tree moreel korrek op. • Toon onvoorwaardelike liefde teenoor mekaar. (x5) ○ Wees gehoorsaam aan die twee gebooe. ○ Neem in liefde standpunt in vir die waarheid, geregtigheid en regverdigheid. (x2) ○ Wees regverdig, billik en redelik in alles wat jy doen. • Doen wat jy sê (x4) op 'n konsekwente wyse • Moenie misdadigers beskerm nie, maar lê misdaad bloot. • Staar op vir die waarheid. • Ferm standpunt moet ingeneem word en daar moet voorbeelde van skuldiges gemaak word. Almal moet sien dat geen ongeregtigheid verdra sal word nie. (x2) • Vergewe en wees verdraagsaam. • Neem verantwoordelikheid. • Bevorder selfstandigheid. Byvoorbeeld: leer mense om vis te vang en hulle sal vir die res van hul lewe kos hê. • Kry gemeenskapslede sover om mekaar te respekteer.

• Ouers moet kinders opvoed deur aanspreeklikheid as 'n waarde te vestig. Kinders moet geleer word om diversiteit te waardeer, asook respek vir ander mense en hul besittings. • Gee aandag aan misdad. • Koester diversiteit aktief. • Ondersteun gemeenskapsorganisasies. • Doen vrywilligerswerk • Gemeenskapsuitreikingsprogramme (verbeter die lewensgehalte van ander). • Om 'n platform te skep waar behoefes en oorvloed bymekaar kan kom.	
GOEIE DADE (dade, woorde of gesindhede)	GEESTELIKE GOEIE DADE
• Elke lid van die gemeenskap moet genoeg omgee om self verandering te bewerkstellig. (x2) • 'n Klein groepie mense wat aktief in die gemeenskap betrokke is met 'n passie vir wat hulle doen. Hierdie groep moet ook die gemeenskap opvoed en ander mense betrokke kry om die groep te laat groei. Doen 'n beroep op die goedgunstigheid van mense, maar maak dit ook pret sodat ander graag deel wil word. Samewerking en ondersteuning sal lei tot vertroue in mekaar. (x3) • Vier mekaar se insette. • Ken jou bure en wees betrokke by mekaar se behoeftes. • Die beginsel van "pay it forward" is die effektiestste stelsel. Die persoon wat gee, motiveer die persoon wat ontvang om self vir die volgende persoon iets te doen of gee. Persoon 1 gee aan Persoon 2 wat op sy beurt vir Persoon 3 gee, ens. Elkeen werp sy brood op die water. (x2) • Bevorder selfstandigheid. Byvoorbeeld: leer mense om vis te vang en hulle sal vir die res van hul lewe kos hê. • Begin in die ouerhuis en leef verantwoordelik. Leer kinders wat is reg en verkeerd. • Mense moet kennis dra van die Handves van Regte. • Mense moet verantwoordelikheid neem vir hulle keuses. • Wette • Opvoeding en inligting	• Ons het nie strategieë nodig nie; wat mense nodig is die evangelie aangesien die krag van God verlossing bring (Romeine 1:16). Geen strategie sal help indien die mens se ingesteldheid nie verander nie. Slegs God kan die harte van mense verander en dit is waarom die Groot Opdrag so belangrik is. (x3) • Geen veroordeling nie; eerder kan gebed en dade van goedheid geregtigheid aktiveer. Doen konstant dade van geregtigheid sonder om te spog of kla, doen dit nederig en sonder om iets terug te verwag. Sulke nederigheid sal opgemerk word. Dit kan ander motiveer wat hierdie persoon sien of uitvind van sy/haar se goeie dade en tot 'n rimpel-effek van geregtigheid in 'n plaaslike gemeenskap lei. • 'n Verbetering in kommunikasie, samesyn en 'n gevoel van broederskap en liefde. • Om elke persoon in jou gemeenskap te leer van die hart van God, sodat elkeen in liefde en respek optree en nader aan mekaar groei. (x3) • Gebruik elke geleentheid om God se liefde vir mense oor te dra. Liefde verminder misdad en ongeregtheid, nie oorlog nie. (x2) • Vurige gebede. (x2) • God moet weer in die gemeenskap gedien word. Christelike beginsels en waardes moet uitgeleef word in skole, gemeenskappe en die regering deur

	Christene wat hulself beskikbaar stel in sleutelposisies om die gemeenskap te dien. (x2) • Begin klein en brei uit soos wat die geleentheid meer word. • Indien die kerk 'n goeie voorbeeld stel, sal die gemeenskap die beginsels navolg. • Dissipelskap. • Kerke in vennootskap. • Verkondig dieselfde boodskap aan almal. • As kerke aan die Bybel gehoorsaam is. • Ek glo nie dat kerke in SA tans 'n positiewe invloed het nie. Kerke is te patriargaal om die nodige veranderinge teweeg te bring (miskien as meer vroue in kerke se topstrukture is).

V5: Wat is die eienskappe van 'n deernisvolle gemeenskap?

Tabel 2-5: A-V5 – Kwalitatiewe inligting rakende die skep van 'n deernisvolle samelewing (“compassionate society”)

GOEIE DADE AS DADE VAN GERECHTIGHEID	MORELE GOEIE DADE
• Omgee en mededeelsaamheid (<i>ubuntu</i>) (x29) • Behandel alle mense as gelyk (geskape na die beeld van God, tree op soos jy verwag hoe daar teenoor jou opgetree moet word) (x8) • Liefde wat dae insluit (x8) • 'n Gemeenskap wat saamstaan (betrokkenheid) (x4)	• Empatie en deernis (x15) • Respek vir mekaar (x7) • Verdraagsaamheid (x4) • Nederigheid (x2) • Vergewensgesindheid (x2) • Eerlikheid, Wysheid, Eenheid • Waardeer lewe
MET GOEIE DADE (dade, woorde of gesindhede)	GEESTELIKE GOEIE DADE
• Onderwys en opleiding (Skep bewustheid) (x10) • Een daad van goedheid (x9) • Doel (een visie) wat mense laat saamstaan (x4) • Wanneer individue, kerke, gemeenskaps- en regeringsgroepe almal omgee vir die weerloses en minderbevoorregte mense (x2) • Goeie ouers • Kom op vir dié wat dit nie self kan doen nie	• Woord(Bybels)gebaseerde gemeenskap (x6) • Leef Bybelse waardes (x4) • Liefde vir almal (x2) • Ken die liefde van God (x2) • Christene moet liefde teenoor nie-Christene toon (x2)

Die volgende tabel gee 'n opsomming van bogenoemde inligting wat verkry is uit die vyf kwalitatiewe vrae van die vraelys:

Tabel 2-6: A – Opsommende inligting rakende Afdeling A

Die hele tabel se antwoorde is ingedeel in vier kolomme, naamlik: • Goeie dade as dade van geregtigheid; • Morele goeie dade; • Goeie dade; en • Geestelike goeie dade
<u>Vraag 1:</u> Hierdie vraag fokus op watter rol Christene moet speel in 'n gemeenskap. Respondente se menings is soos volg weergegee: Nr. 1: Dat Christene die verandering moet maak wat benodig word deur aktiewe betrokkenheid in die gemeenskap en by mense se nood (x30) Nr. 2: Christene moet betrokke wees by die opstel van beleid as aktiewe betrokkenheid en in die vestiging van geregtigheid (x28) Nr. 3: Christene moet met integriteit leef as morele kompas vir die gemeenskap (x35) Verdere punte van belang is dat Christene hul roeping moet uitleef, geestelike hulp moet gee en Jesus reflekteer (x21).
<u>Vraag 2:</u> Hierdie vraag fokus op wat die Bybel verwag in die vestiging van geregtigheid in die samelewing. Respondente se menings is soos volg weergegee: Nr. 1: Om betrokke te raak by mense se behoeftes (x38) Nr. 2: Dat Christene 'n verantwoordelikheid het om mense te lei en rig in Bybelse waardes met Jesus se liefde en omgee (x32)

Nr. 3: Om aktief betrokke te raak in gemeenskappe met die regstelling van ongeregtheid, om te praat namens diegene wat nie vir hulself kan praat nie en te staan vir geregtigheid (x22)

Vraag 3: Hierdie vraag fokus op hoe liefde dade van geregtigheid kan skep.

Respondente se menings is soos volg weergegee:

Nr.1: Gesprekvoering in plaaslike gemeenskappe in die soeke na oplossings, bewusmakingsprojekte, begripsgeleenthede asook aktivering (x31)

Nr. 2: Leer mense die Vader se hart en stel die standaard (x18)

Nr. 3: Lewe lewens van integriteit ("walk your talk") en maak ongeregthede bekend (x16)

Verdere antwoorde sluit in dat mense meer moet omgee (betrokke raak by mekaar), liefde vir God en mense nodig word en dat dade van goedheid nodig word (x24).

Vraag 4: Hierdie vraag fokus op hoe 'n rimpel-effek van geregtigheid geskep kan word.

Respondente se menings is soos volg weergegee:

Nr. 1: Christelike leiers wat deur hul voorbeeld lei (x8)

Nr. 2: Vennootskappe wat alle rolspelers in 'n gemeenskap insluit (x7). Elkeen gefokus op hul roeping om geregtigheid te laat seëvier.

Nr. 3: Die aktivering van bewusmaking sowel as optredes teenoor benadeeldes. Elkeen wat gehelp is, moet weer op sy beurt aktief help tot voordeel van die gemeenskap.

Verdere punte van belang in die skep van 'n rimpel-effek van geregtigheid is opleiding en toerusting (x10), onvoorwaardelike liefde (x6) en "walk your talk"-optredes (x3), alleenlik die evangelie van Jesus kan lewens verander (x3).

Vraag 5: Die vraag fokus op hoe 'n barmhartige (omgee) gemeenskap geskep kan word.

Respondente se menings is soos volg weergegee:

Nr. 1: Omgee en mededeelsaamheid (x29) n.a.v. *ubuntu*-beginsels as die belangrikste eienskap

Nr. 2: Empatie en deernis (x15) te midde van swaarkry

Nr. 3: Opleiding en bewusmaking (x10) van ongeregthede

Ander faktore wat belang word, is om alle mense as God se geskapeenes (x7) met respek te hanteer (x8), sowel as liefde vanuit dade (x8) en vriendelike ("kind") dade (x9).

Die onderstaande tabel (gemark as B) dui op die respondente se persoonlike menings oor geregtigheid in die gemeenskap deur middel van dade van geregtigheid:

2.7.11.3 B: Persoonlike standpunte oor geregtigheid

V1: Hoe beïnvloed sosiale ongeregtigheid jou?

Respondente het 'n groot verskeidenheid antwoorde verskaf. Antwoorde is in groepe verdeel om 'n beter begrip te gee:

- Mense
- Vertrouensverhoudings
- Vrystaat
- Kinders
- Welstand van gemeenskapslede
- Ongeregtigheid in die gemeenskap
- Veiligheid van mense
- Mense se werk

(Antwoorde wat dieselfde was, is getel en word in hakies aangedui)

Tabel 2-7: B-V1 – Kwalitatiewe inligting rakende die effek van ongeregtigheid op respondente

1. <u>Effek op: MENSE</u>
• Nie beïnvloed nie (nie regtig nie, baie, indirek, bly weg) (x15)/Geen kommentaar (x1)
• Dit beïnvloed almal (x3) (veral misdad).
• Mense en diere ly.
• Dit is 'n feit van die lewe – ons moet dit so ver moontlik beveg en dan moet ons daarmee saamleef.
• Ek is gewalg en het 'n begeerte om in te tree en te help as ander dit nie doen nie.
• Dit veroorsaak dat ek nie my drome in my gemeenskap uitleef nie.
• Dit affekteer my, ek moet betrokke wees in uitreikprojekte en gemeenskapsontwikkeling en verbeteringsaktiwiteite. Ons moet deel wat ons het. Ons kan nie toekyk hoe mense ly onder armoede, gebrek aan huisvesting, gesondheidskwessies, onderwysgeleenthede, wanneer ander soveel meer het nie. Ek moet betrokke raak om my gemeenskap beter te maak en 'n verskil te maak.
• Dit kweek 'n negatiewe en pessimistiese siening van wat geregtigheid veronderstel is om te wees.
• Dit lê die ekonomie lam wat daartoe lei dat ons, die minderheid, swaarkry.
• Dit laat my minderwaardig voel en dat ek nie my drome sal bereik nie.
• Dit behels almal van ons (direk of indirek).

Almal word geaffekteer (bv. ongelyke rykdom, voordele).
2. Effek op: VERTROUENSVERHOUDINGS
Alles is verrot (mense is sleg). (x2)
Ek het geen vertrou nie. (x2)
Ek het nie respek vir leiers van die samelewing nie en vertrou hulle nie. (x2)
Dit steel my geloof in mense. Dit veroorsaak spanning, afsondering en haat in die samelewing.
Dit breek my hart omdat die stelsel kinders faal. Ek bid, maar dit lyk asof ek nie hard genoeg bid nie, of ons is te min wat regtig bid. NRO's moet meer dikwels ondersoek word en streng reëls moet toegepas word. Hulle gee nie regtig om vir die kinders en ou mense nie. Hulle misbruik die skenkings en behandel nie die kinders soos wat hulle sê hulle doen in hul konstitusie, visie en missies nie. Verkeerde mense word beskuldig net om hulle uit die weg te kry omdat hulle te veel weet. Hulle stel verkeerde mense aan om by NRO's te werk omdat hulle nie bekwame mense wil betaal nie. So, op die ou einde is dit die kinders en ou mense wat verloor. Ja, ek is bitter omdat ek daar was en probeer het om hulle die verkeerdheid van hul dade te laat insien, maar dit het net op dowe ore geval. Dit kom hierop neer: NIEMAND GEE OM NIE.
Ons sien op 'n daaglikse basis dat kinders verwaarloos en misbruik word. Lewe word as goedkoop en waardeloos beskou.
Maak my rol as maatskaplike werker moeilik as die samelewing nie armes en kinders beskerm nie. Dit maak my kwaad, depressief en hartseer, maar laat my bid vir leiers, die samelewing en slagoffers van ongeregtigheid. Dit motiveer my ook om selfs meer te help, om vir hul saak op te kom en 'n verskil te maak, een persoon op 'n slag.
Dit maak my hartseer as ek die weerloses sien, veral kinders in nood.
3. Effek op: MATHJABENG
Die Goudvelde het 'n hoë voorkoms van werkloosheid, armoede en immigrante ... kinders word verlaat en word weeskinders.
Dit verlaag sedes van die samelewing.
4. Effek op: KINDERS
Dit maak seer om kinders te sien swaarkry. (x2)
Ek is jammer vir kinders wat nie aanvaar word nie omdat hulle anders is en wat geboelie word.
5. Effek op: WELSTAND VAN GEMEENSKAPSELEDE
Daar is teen my gediskrimineer (X2)
Ek was die slagoffer van misdaad op meer as een geleentheid.

• Ek voel ontmoedig en weerloos.
• Ek vind dit moeilik en verwarrend.
• Ons is werkloos en daarom arm.
• Wanneer ek ná iemand bedien word wat ingedruk het of as ek as minderwaardig behandel word deur iemand wat anders as ek is.
6. <u>Effek op: ONGERECHTIGHEID IN DIE GEMEENSAP</u>
• Wanneer ek nie regverdig behandel word nie en volgens ander reëls weens my <u>geslag/ras</u>.
• As 'n jong vrou ervaar ek die uitwerking van 'n <u>patriargale stelsel</u> ten spyte van die pogings wat aangewend word om dit reg te stel, dit is steeds in mense ingewortel, selfs in ander vroue ... En selfs binne die strukture van die kerk.
• Dit maak my ten diepste seer. Die wyse waarop vroue behandel word, is baie walglik. Totdat dit verander, is ons almal gedoem.
• Ons vrywillige swangerskapkrisissentrum bedien <u>100de vroue wat uiterste maatskaplike onreg beleef</u>. Ons bedien hulle en hul kinders deur hulle na waarde te ag.
• Dit affekteer my op 'n negatiewe manier omdat mense geneig is om weg te kom met baie misdade en <u>slagoffers</u> kry nooit wat hul siel nodig het, wat geregtigheid is, om baie beter te voel nie. Dis asof ons mense toelaat om ander seer te maak en sê dis OK omdat ons nooit standpunt inneem om hierdie ongeregtigheid te beveg en slagoffers die geregtigheid wat hulle nodig het te gee nie.
• Suid-Afrika is 'n <u>land van ongeregtigheid</u> op hierdie stadium. Geregtigheid roep uit na die kerk om betrokke te raak.
• Dit breek my hart om mense te sien ly onder <u>armoede, rassisme, korrupsie, verkragting</u>, terwyl die kerk niks daaraan doen nie.
• Dit het 'n direkte invloed op 'n morele, sosiale en ekonomiese vlak.
• My <u>velkleur</u> veroorsaak ongeregtigheid.
7. <u>Effek op: VEILIGHEID VAN MENSE (VREES)</u>
• Ons lewe in vrees (x4).
• Mense is nie veilig nie.
• Die atmosfeer is negatief.
• Ek voel nie gemaklik nie.
• Dit veroorsaak angs en is vir die hele gemeenskap 'n hindernis.

• Angs inhibeer vryheid van beweging.
• Ons moet die hele tyd bewus wees van wat om ons aangaan en ons medemens wantrou.
8. Effek op: MY WERK
• Verhinder bevordering
• Die omgekeerde diskriminasie het veroorsaak dat ek nie bevorder is nie terwyl onbekwame mense in senior posisies aangestel is weens hulle ras.
• Dit ontnem my van geleenthede wat ek regmatig verdien, byvoorbeeld “jobs for pals” waar poste toegeken word op grond van konneksies eerder as vermoë.
• Potensiaal word nie bereik nie, vasgevang in armoede, toename in misdaad rondom ons wat onnodige sterftes veroorsaak, onwettighede soos dwelms, prostitusie en mensehandel neem toe.

V2: Hoe sal jy daarby baat as kerke aktief betrokke is met dae van geregtigheid in gemeenskappe?

(Die antwoorde is verdeel tussen positiewe en negatiewe sienings aangaande betrokkenheid van die kerk.)

Tabel 2-8: B-V2 – Kwalitatiewe inligting rakende voordele indien kerke betrokke raak by geregtigheid

POSITIEF	NEGATIEF
• Baie positief • Verheug • Dit sal my die gelukkigste persoon maak, veral as ek deel daarvan kan wees • Dalk sal dit help • Baie	• Dit sal my nie beïnvloed nie • Nie van toepassing nie • Ek weet nie (x2) • Dit is die regering se verantwoordelikheid • Nie regtig nie
GEESTELIKE ROL	GEESTELIKE ROL
• Kerke/groepe het 'n groot impak wat sal uitrimpel en ingesteldhede verander. • Dit sal tot veiliger gemeenskappe lei met meer geneesde mense. • Kerke kan 'n groter impak hê as individuele pogings en daarom kan hulle dalk verandering inisieer. • Dit sal hoop gee. • Dit sal my trots maak om te sê dat ek 'n Christen is.	• Dit sal my glad nie bevoordeel nie aangesien die kerk die bediening van die Woord sal versak om aan kulturele verwagtinge toe te gee. • Ek weet nie of die kerk direkte invloed het in mense se werksplekke nie – hulle het al hoe meer soos besighede geword en in politiek betrokke geraak. Dit gaan meer oor geld as 'n passie vir die behoeftiges.

• Ek sal dit waardeer aangesien ek dit as die kerk se verantwoordelikheid beskou. Dit sal daarom vir my 'n seëning wees (as Christen, deel van die kerk) as ek (ons, die kerk) kan intree tot iets wat God vir ons beplan het. (x2). • Dit sal my emosionele stres drasties verminder en my help om meer mense te help aangesien die behoefte so groot is; ek voel dikwels dat ek nie genoeg doen nie. Ons benodig die kerk se betrokkenheid. • Dit sal 'n platform wees vir groter betrokkenheid. • Dit sal meer vriende bring en ons geestelik laat groei. • Grootliks!!! Wanneer die kerk gemeenskappe lei, motiveer en tot die insig bring om volgens God se wil te leef, sal daar minder geweld, korrupsie en haat wees. • Ons sal die Woord in aksie kan sien. Die Woord van God sal "lewe". Die stem van God sal deur die optrede van Jesus se volgelingen gehoor word. Die Oes sal groter wees. • Dit sal die gemeenskap wys hoe ware Christene moet optree. • Die ware Christengemeenskap is baie klein, maar enige positiewe aksie kan die gemeenskap bevoordeel. • Die wêreld wag vir die kerk om korrek op te tree in terme van die stopsit en bevegting van onregverdige optrede, veral deur diegene in gesagsposisies. • Ek kan die Woord van God versprei sonder vrees vir wat mense van my sal dink. • Ek sal sien hoe Christene die voorbeeld van Jesus volg en werk om lewens te verbeter. • Ek sal gemotiveer wees aangesien meer mense aangemoedig sal word om Jesus Christus as Here en Verlosser aan te neem omdat ons almal saam hierin is. Ons almal kan help en by kerkaktiwiteite betrokke raak. Kerke kan teikengebiede identifiseer en inisiatiewe skep waar almal kan deelneem. • Dit sal die voetspoor van Christus in die gemeenskap vergroot. • Ek dink ons kan 'n Bybel vir die wêreld wees omdat ons gemaak is om uit te staan. • Aansienlik, saam kan ons groot veranderinge teweeg bring.	• Ongelukkig het min kerke ontwaak tot die evangelie van genade en daarom sal hulle pogings om die gemeenskap te bereik deur die prediking van wat reg is nie slaag nie. • Ek verstaan nie wat die kerk se konsepanalise van geregtigheid is nie? Gelykheid, billikheid en bevryding?

• Die kerk sal doen waarvoor sy geskep is. • Dit sal my laat glo dat die kerk nie blind is vir die uitdagings van die gemeente nie. 'n Ingryping deur 'n persoon se kerk is makliker as een deur 'n vreemdeling. • Dit sal veroorsaak dat ek my geloof uitleef. • Ek sal weet dat hulle wel omgee. • Dit sal 'n groot taak vir die kerk wees en daar moet gewaak word dat die eintlike doel van die kerk nie verlore gaan nie. Kerke moet egter by die jeug begin en die samelewingswaardes inprent tydens Sondagskool en kerkkampe. • Mense sal hulself nie sien as passiewe individue in die openbaar nie, maar sal aktief identifiseer met 'n gedeelde assosiasie. Omdat Christenskap liefde vereis, sal dit bydra tot deernis in die gemeenskap. • Dit sal die las op organiseerders en 'n paar individue verlig as almal en veral die kerke help. • Meer mense sal die belangrikheid van die kerk besef en hoe dit die samelewing as 'n geheel, asook die mensdom bevoordeel. • Dit sal die kerk tot haar regmatige posisie herstel.	
TEEN ONGERECHTIGHEID	TEEN ONGERECHTIGHEID
• Ek glo dit sal help met rehabilitasie. • As elkeen verantwoordelikheid aanvaar vir ongerechtigheid in hulle omgewing sal daar 'n beter Goudveld wees. • Dit sal dade van ongerechtigheid versag en verminder (x2). • Gerechtigheid is integraal deel van die evangelie en nie slegs 'n implikasie daarvan nie. • Dit sal die druk op die howe baie verlig indien hulle die kerk sal toelaat om aangemelde minder ernstige misdade te hanteer. • Dit sal my baie baat omdat hoe meer kerke betrokke raak, hoe meer sal mense leer en beter kennis verkry oor wat reg en verkeerd is. • Dit sal verseker dat "gerechtigheid" plaasvind as kerke die geleentheid kry om standaarde te stel wat op Bybelse beginsels gegrond is. • Dit sal my vertroue in geregsdiens verhoog.	• Dade van gerechtigheid moet eerder vir die howe gelos word. • Sleg – Betrokkenheid by mense om te verander, is die plig van die kerk. Moenie die regering se pligte en verantwoordelikheid oorneem nie. • Die kerk moet vir die regering bid. God het die regering aangestel om gerechtigheid toe te pas. Ons moet God vra om die gevalle engele in die regs- en regeringstelsels tereg te wys en die demone in die mense wat verkeerd optree uit te dryf, maar slegs wanneer God hulle na ons verwys om dit te doen. • Ek sal moet weet wat hierdie dade is om te kan antwoord. • Dit is 'n morsige situasie. Daar is te veel kerke met te veel sieninge. Dit is soos Sharia-wette. Bende-gerechtigheid sal aan die orde van die dag wees.

GOEIE DADE	GOEIE DADE
• Sommige mense sal dade van welwillendheid eers glo wanneer hulle dit sien. • Dit sal veroorsaak dat mense goeie dade doen wat daartoe sal lei dat ons, die minderheid, nie meer swaarkry nie. • Dit is die Bybel se opdrag aan die kerk en die kerk sal nie geloofwaardig wees as dit nie goeie dade doen nie.	
VERANDERING IN DIE GEMEENSAP	VERANDERING IN DIE GEMEENSAP
• Grootliks! Dit sal die atmosfeer verander waarin ons lewe, werk en dien. (x4) • Dit sal 'n plesier wees om weer in die gemeenskap te werk. Dit sal wonderlik wees, hopenlik 'n veiliger woonbuurt en meer voorspoedig. (x5) • Dit sal vrede in die werksplek, dorpe, ens. bevorder. (x5) • Armoede sal verlig word, maar uitwissing daarvan is 'n mite. Gemeenskappe sal selfversorgend wees en misdaad sal verminder. • Dit sal baie help, misdaad sal verminder. • Ek glo daardie gemeenskappe sal minder ongeregtigheid ervaar. • Lewens en families sal opgebou word en die hoop vir 'n beter toekoms sal herstel word. • Gemeenskappe en families sal gesonder wees. Miskien sal mense ophou om geweld te gebruik in 'n poging om ongeregtighede reg te stel. Daar sal minder frustrasies wees. • Gemeenskappe sal verenig rondom een saak. • Bou 'n sterk nasie. • Dit sal die gesig van die samelewing verander – moraliteit en integriteit, vertroue en vriendskappe • Maak my meer positief oor ons samelewing. (x2) • Mense sal gewaardeerd en versorg voel. (x3) • Dit sal vertroue in die mensdom herstel. • Gemoedsrus dat die goeie die slegte sal oorwin. (x3) • Dit sal makliker wees om uit te reik na alle samelewingsvlakke. • Dinge sal regverdig en eerlik wees. • Waardes sal dan gerespekteer word.	• Nie veel nie • Sal afhang van wat die dade is

• Leerders in skole sal respek vir ouer mense en onderwysers hê. • Dit sal my selfs meer motiveer omdat ek sal beseef dat daar meer stelsels is wat werk vir regverdige geregtigheid in gemeenskappe. (x3) • Dit sal die samelewing baat. Ek lewe in 'n samelewing – daarom sal dit my affekteer. Kan nie sê positief of negatief nie.	
BEWUSTHEIDSROL	BEWUSTHEIDSROL
• Dit sal bewustheid en beter begrip van wat verkeerd is skep en Bybelse norme. Mense het gewoon geraak aan oortredings as norm. (x2) • Gevalle van kindermisbruik sal afneem as kerke en die gemeenskap kan saamstaan om die gemeenskap te motiveer om kinders te beskerm en seker te maak gevalle word aangemeld en die regsproses word deurgevolg. Name in die koerant sal die gemeenskap laat sien wie is skuldig bevind. • Ek sal meer leer, meer kennis van geregtigheid. (x3)	

V3: Wat dink jy moet kerke op die Goudvelde (Matjhabeng) doen om aktief betrokke te wees by dae van geregtigheid?

Tabel 2-9: B-V3 – Kwalitatiewe inligting rakende kerke in Mathjabeng se betrokkenheid by geregtigheid

DIREKTE BEHOEFTE IN KERKGEBIED	WOORDPREDIKING & ALGEMENE ROL VAN KERK
• Vind uit wat is die behoefte van die gebied waar hulle geleë is en bring oplossings (x4) deur vennootskappe en koinonia & liefdevolle verhoudings. • Wees sigbaar – nie net op Sondag nie maar elke dag van die week. • Hulle moet dialoog skep om oor harde kwessies te praat. Help en maak gemeenskapslede vanuit verskillende demografiese gebiede betrokke.	• Goeie onderrig uit die Woord oor geregtigheid sodat diegene wat sulke dae van ongeregtigheid doen, sal weet dis verkeerd (x5). • Hulle moet in dae verenig, nie slegs net op 'n biddag nie. • Staam saam (x3). Hê een visie daarvan. Verteenwoordigers van elke kerk, moenie in silo's werk nie. (x2) • Nie slegs net praat nie, maar doen waaroor Jesus getuig in veral die Nuwe Testament. (x2)

• Vind uit waaroor mense kla ten opsigte van kerke en sit saam om 'n strategie uit te werk om dit te herstel. Gaan waar die nood is en lig die gemeenskap in oor wat gedoen kan word. Gaan soek geleenthede om mense 'n leer uit hul omstandighede te bied. • Identifiseer die behoeftes; spreek die behoeftes aan deur dit onder die kerke te verdeel – gereelde besinning. • Reik na mense uit – hoor wat hulle in gedagte het en vat dit van daar af. • Vind uit wat is die grootste behoeftes. • Wees ingelig en onwrikbaar. • Leer mense hoe om na hulself te kyk. • Respekteer mekaar en werk saam. • Word gesien as die gemeenskap se hekwagters. Staan op vir die benadeeldes. • Draai hul oë weg van hulself en hul geboue na hulle gemeenskappe en die mense wat in die plaaslike gemeenskap leef, ongeag die ras, en kry saam oplossings en versprei hoop – wys dat God regtig omgee. Omdat baie mense nie meer kerk toe gaan nie, bly òf by die huis òf werk op Sondag. (x2)	• Wees rolmodelle en beïnvloeders ... lei mense na volwassenheid. (x4) • Staan op vir waarin jy glo en lewe dit uit. (x2) • Doen 'n beroep op inwoners se morele verantwoordelikheid om eerlik op te tree en nie by korrupsie betrokke te raak nie. • Wees aktief, betrek mense by en lei hulle in die strewe na gelykheid en regverdigheid. • Jesus sal mense se lewe verander, gee hulle Jesus. (x2) • Moenie oordeel nie. • Om na weerlose kinders te kyk en te help om vergeldende geregtigheid te stuit waar mense die reg in eie hande neem • Sorg vir mense wat geaffekteer is. (x2) • Kry meer mense om kerk toe te gaan.
MATJHABENG (GEBIED)	GEBED OP TERREIN
• Ondersteun die polisie met misdadaoplossing. Kom na vore. Hou op om misdadigers te vrees (misdadigers moet Christene vrees). • Raak miskien betrokke by aktiwiteite by skole. • Gee insette by gemeenskapsforums. • Mobiliseer die skep van 'n forum vir gekoördineerde ingryping deur gemeenskapsgebaseerde instellings, insluitend gemeenskapsgebaseerde besighede met ondersteuning deur beide die provinsiale en nasionale regerings. • Wees betrokke in die GPF-strukture. • Voed die jeug op: leer hulle goeie gedrag, wees goeie rolmodelle. • Lei mense op vir werke. • Help mense in woonbuurte om vir mekaar te sorg. • Wees betrokke by skole en welsynsprojekte. • Ondersteun families wat direk geaffekteer word.	• Begin 'n groep wat fokus op gebed oor ongeregtigheid en armoede regoor die wêreld. Elke maand kan jy leer van verskillende wêreldkwessies en daarvoor bid: skoon water, hongersnood, konflik, opvoeding, mensehandel, ens. Werk nou saam met diegene wat meer weerloos is en nie hul regte ken nie. • Gaan na die munisipaliteit en VERKLAAR die einde van korrupsie en sê vir hulle ons bid en is beskikbaar. • Begin gebedsgroepe. • AS GOD IN BEHEER IS IN HIERDIE KERKE – sal ons die wêreld kan omdraai deur slegs te BID en deur aktief betrokke te wees. • Bid saam.

• Leef Jesus se liefde uit deur behoeftiges by te staan en bemiddelaars vir vrede en herstel te word.	
VENNOOTSKAPPE	UITREIKE/LIEFDADIGHEID
• Werk saam, help mekaar en leer van mekaar. Daar is groot mag in eenheid. (x3) • Werk saam vir die groter voordeel van die Koningkryk. • Besef daar is 'n behoefte en begin met die SAPD en ander kerke saamwerk. • Vat hande met elke kerk en regering. • Help die werkers binne die geregtelike. Raak betrokke by sekere korrupsie om daarteen te veg. • Konstante dialoog met regeringsdepartemente oor rolverdeling, gaan voort om op te staan namens gemeenskappe oor dienslewingskwessies. Koördineer met ander nieregeringsinstellings om duplikasie te vermy. • Kerke moenie slegs per geleentheid 'n uitreik hê om hul gewete te sus en as fondsinsamelingsgeleentheid te gebruik nie, maar moet proaktief wees; regering, NRO's en die samelewing as 'n geheel moet op komitees dien, ens. • Vennootskapsaktiwiteite met verskillende kerke en godsdienste. • Hulle moet vokaal en sigbaar wees. Nie slegs net in hul eie kerke nie, maar daarbuite in gemeenskappe en in die openbaar. • Wees deel van plaaslike regering. • Laat jou woord waar wees en lewe dit uit. • Hulle moet 'n sê in hul besluite hê. • Luister na die stemlose mense. • Hulle moet byeenkom en een ding wees en sterk opstaan vir dit waarin hulle glo. • Help armes. • Doen ekstra moeite met jeugwerk om te verseker dat waardes op 'n jong ouderdom vasgelê word. • Wees meer betrokke by laerskole. • Om die samelewing as 'n geheel in te sluit en diegene te help wat gebrek het. • Kry kerkleiers betrokke.	• Konsentreer daarop om werklose jeug besig te hou met aktiwiteite wat voordelig vir die samelewing is. • Kry 'n manier om na bendes/bendeleiers uit te reik wat betrokke is by geweld en misdaadaktiwiteite. Lei hulle nader aan God en betrek hulle miskien selfs (op 'n "psigologiese" manier) om ons te "help" en deel van die "oplossing" te wees. • Gee ouers hulpmiddels om hulle kinders goedhartigheid te leer. • Fokus op kinders. • Voed getroude paartjies en families op om kinders wat nie huise het nie te versorg. Wees 'n ondersteuningstelsel vir pleegsorgverskaffers. • Gemeenskapsuitreike en liefdadigheid. • Kerk as 'n geheel kan nie optree nie, maar die gemeenskap in die kerk kan 'n verskil maak. • Hê gemeenskapsprojekte of raak betrokke by dié wat alreeds bestaan. Hou op preek en maak jou hande vuil ... Begin met die leiers. Om te praat is goedkoop. • Doen as 'n gemeenskap vrywilligerswerk. • Neem leiding. Wees meer aktief in sodanige dade. • Lewe, praat en tree in liefde op. (x2) • Help waar jy ook al kan. • Kerke kan 'n verteenwoordiger stuur om op die komitee van 'n projek te dien. • Staam saam met voorkomende dade in elke gemeenskap en loods meer bewusmakingsprogramme in verskillende gemeenskappe. • Begin met 'n klein projek en kry 'n ander kerk om aan te sluit. • Gee opofferend. • Wy 'n Sondag daaraan om te sien wat dit beteken om 'n opofferende gewer te wees. Moedig die gemeente aan om dit vir 'n maand te probeer. Neem 'n persoonlike lewenstyl aan van om te gee as kerkmissie. • Kanselleer 'n Sondagdiens en organiseer in die plek daarvan vrywilligersgebeurtenisse in die gemeenskap. Of

	dit nou is om 'n bejaarde buurman se erf skoon te maak of om 'n tuin vir 'n plaaslike vroueskuiling aan te lê. Wees in die gemeenskap – lewe liefde en geregtigheid uit. Kyk wat is die behoeftes in jou gemeenskap of maak tyd om gereeld vrywilligerswerk te doen – besoek die kritiese siek mense in hospitale of verpleegtehuise. Stig 'n gebedsgroep. • Help die polisie en laat die reg seëvier.
RASSISME	GASVRYHEID (in kontras met xenofobie)
• Behalwe vir Deo Doxa, NG Kerk Riebeeckstad en die Motorfietskerk is die kerk blind vir ongeregtigheid en selfdienend en ongelukkig is wit kerke steeds rassisties en wil nie swart gemeenskappe help nie. • Los interkerklike en rasseverskille eers op voordat betrokkenheid plaasvind om 'n kollektiewe plan van aksie op te stel. • Ek dink een ding is om rassisme in die oë te kyk en dit te beveg. • Wees lief vir alle nasies.	• Lei deur voorbeeld (minder praat), veral as daar ongeregtigheid teenoor bv. vreemdelinge is.
PAK ONGEREGTIGHED AAN	ONDERRIG DIE GEMEENSKAPSLEIERS
• Ondersoek eerstens NRO's en sien toe dat geregtigheid gedien word. Kry korrupte mense weg uit DSD en vervang hulle met vaardige mense wat in die posisie is om toe te sien dat NRO's korrek bedryf word. • Help oortreders wat uit die tronk kom op hulle voete in die gemeenskap sodat hulle nie net weer op misdaad terugval om te oorleef nie. • Woon nie in daardie jurisdiksie nie • Praat as 'n kerkgemeenskap met 'n amptenaar wat verandering teweeg kan bring oor belangrike maatskaplike geregtigheidskwessies. • Staar op teen geweld, onderwys- en spirituele diskriminasie. • Moeilike vraag. Hoe kan ons 'n ingesteldheidsverandering hê met al die korrupsie in ons gemeenskap? • Verkondig net die waarheid.	• Leer goeie waardes, betrek mense prakties om die positiewe waardes as ontvangers of gewers te beleef. (x2) • Om soos die kerk in die Bybel op te tree: verkondig die ware evangelie. • Verkondig konstant hoe om in Jesus se voetspore te volg. Neem hande met ander organisasies wat aktief werk om morele waardes in die samelewing te bou. Leer meer oor Jesus en sy kruis. • Preek en onderrig oor die verantwoordelikheid van ouerskap. • Kerke kan programme insluit om spesifieke waardes te leer en kinders toe te rus om hoërisikogedrag soos seksuele omgang buite die huwelik, dwelmmisbruik, stigmatisering van mense met MIV en TB, ens. te voorkom. As kinders onder 15 jaar geteiken word, sal Matjhabeng 'n voorsprong kry wat kan bydra tot gedragsverandering wat nodig is om nuwe MIV- en SOS-infeksies te voorkom. • Lei voedingsprogramme, kombes- en klereinsamelings, mediese kampe waar kerklidmate wat mediese opleiding

	het hul tyd, dienste en medisyne gratis aan die armes kan skenk. • Woon uitreike en inligtingssessies by. • Gelowiges van God moet die verantwoordelikheid aanvaar dat God ons vra om ons medemens te help. Dominees en pastore kan gemeenskapsprobleme en neigings makliker bespeur; vra hulp en pak dan die probleme saam met belanghebbendes aan. Hulle kan ook deel wees van gemeenskapsgebaseerde vonnisse as toesighouers.

V4: Wat moet die rol van 'n kerkleier wees sodat jy aangemoedig sal word om by daade van geregtigheid in die gemeenskap betrokke te raak?

Tabel 2-10: B-V4 – Kwalitatiewe inligting insake die kerkleier se rol wat gelowiges sal motiveer tot betrokkenheid

<u>Respondente wat nie ingevul het nie</u> • Ek weet nie. (x2) • Niks, dit hang van die mense af. • Ons begrip van die kerk is verwronge.	
KERKLEIERS MET KERKGEBOUE	'N MORELE LEIER
• Stel kerke oop vir gratis berading.	• Lei deur voorbeeld. (x11) • Wees 'n morele leier en nie slegs net 'n vokale leier nie. Beoefen dit wat jy verkondig. (x4) • Hulle moet die voorbeeld stel. (x3) • Deur met jou voorbeeld te lei in barmhartigheidsbedienings kan 'n kragtige motivering vir ander wees. Wees deursigtig en nie bevooroordeel nie. • Eties. Sonder geheime agenda vir selfbevordering. • Iemand wat ek kan respekteer. • Verkondig die evangelie en raak nie betrokke by politiese of ander aksies nie (tree op in geloof en moenie deur politiese of ander sienings gelei word nie behalwe uitsluitlik dié van menslikheid.) • Betroubaar en lojaal. • Wees nederig. (x4) • Moenie oordeel nie. (x3) • Wees eerlik. (x3) • Passievol oor die BYBEL. (x3) • Hy of sy moet op so 'n manier kan praat dat mense sal wil volg. (x2) • Betoon deernis. (x2) • Lewe die waardes/beginsels van ons Here uit (Jesus het 'n ware verskil in mense se lewens gemaak). • Wees aktief en sigbaar binne gemeenskappe wat swaarkry. • Wees ondersteunend en moedig almal aan hoe hulle kan help en 'n verskil maak. • Lei hoofsaaklik deur dissipelskap ... mense verander slegs wanneer dissipelskap 'n hoofrol speel.

'N LEIER VAN MENSE	'N LEIER TEEN ONGERECHTIGHEID
• Gee visie en bemagtig. (x5) • Gee leierskap en ondersteuning. (x4) • Lei die liggaam in hul gawes. (x4) Kerkleiers sien soms enigiets nuut as 'n bedreiging of ander kerke as 'n bedreiging. Hulle moet die gawes in hul kerk omhels en hard werk om dit te aktiveer en 'n platform te skep waarvandaan dit beoefen kan word. • Moet leiding neem in hierdie projekte. (x4) • Hê die rol van adviseur. (x2) • Mense volg as 'n leier glo in wat hulle doen. • Hy moet ten volle belê. (x2) • Dra inligting oor. Nie "mobiliseer" ter wille van koptellings nie. • Kerkleiers moet 'n voorbeeld stel van om te gee; ek het nog nooit 'n kerkleier iets sien gee nie, hulle vra slegs die gemeente om te gee. Maar hulle bestuur mooi karre en woon in mooi huise. • Leer waardes, betrek mense, en gee waar nodig. • Hulle moet met die jonger gemeenskapslede praat wat konflik veroorsaak. • Die primêre rol van die pastoor behels die bediening van die Woord (x2), voorbidding en pastorale sorg vir die kerk. • Moet die lede persoonlik leer ken voordat hy/sy probeer om samewerking te kry. 'n Kerkleier moet 'n sterk maar onbevooroordeelde opinie en invloed hê. (x2) • Pro-aktief in die motivering van lede. (x2) • Moet ook betrokke wees, nie slegs net ander vra om betrokke te raak nie (ook in gemeenskap), wees met die mense. (x3)	• 'n Kerkleier moet seker maak hy is in die gemeenskap betrokke (x2) om te weet wat op grondvlak aangaan en watter aksies daar is om ongerechtigheid te voorkom. As die leier deelneem, sal die kerk volg. (x9) • Wees 'n leier wat deur voorbeeld lei en veg vir die behoeftiges en gemarginaliseerdes. Nie bang om kultuur of die <i>status quo</i> te breek nie. • Wees aktief, betrek en lei mense in die strewe na gelykheid en regverdigheid. • Kerkleiers moet wyksraadslede, veiligheidsgroep, besigheidsforum, onderwyssektor, gesondheidssektor, politieke partyleiers in sy/haar gemeenskap en ander sleutelpilare van die gemeenskap ken en by hulle aanklank vind. • Bly weg van politiek. Staan vir wat reg en verkeerd is. • Reik uit deur sy lidmaatskap. • Hy moet 'n blaamlose lewe van integriteit hê en dan sal dit vir hom maklik wees om enige onregverdigde situasie te beveg. • Wees aktief betrokke by reddingsprogramme vir misbruikte/verwaarloosde mense, hê aktiewe bedieninge en 'n leier wat deur voorbeeld lei. • Uitgebreide navorsing/kennis oor die gemeenskapsdinamika en om die toepaslike/regte rolspelers aanboord te hê om 'n soort waarborg te gee dat mense veilig/beskerm sal wees as hulle betrokke is. • Hy moet ingelig oor die gemeenskap wees en weet hoe om toegang tot die gemeenskap te kry. • Lei deur voorbeeld, moedig bedieninge en verhale van wat alreeds gebeur aan en ondersteun en werk saam met ander kerkleiers. • Hy moet die inisieerder wees en die voorbeeld stel van geregtigheid en regverdigheid en vergifnis. (x2)

• Moet motiveer (x2) en rigting gee oor hoe om teen misdaad op te staan en dit te beveg. Bid vir engele om leidrade te onthul om misdade op te los. • Is lief vir God met sy hele hart. • Uitgesproke en • Verkondig die waarheid.	• Identifiseer behoeftige gemeenskappe, verskaf 'n visie aan die gemeente, inspireer die gemeente om goed te doen en aan die inisiatiewe deel te neem, al is dit selfs net om hul tyd te gee, lei deur voorbeeld, verkondig die waarde van goeddoen en om te deel wat ons het. • Wees betrokke in die uitreike. • Aanvaar alle verskillende mense, ongeag ras, geslag of seksuele oriëntasie. • Hy moet al die lede van die gemeente inlig oor wat aangaan in jou dorp. • Wees aktief in die howe en lewer verslag aan die gemeenskap. • Vorm belangegroep, lig die groep in en voed dit op en reël uitreike. • 'n Kerkleier moet iemand wees wat bereid is om mense te help wat verlore langs die pad is; leiers het empatie om mense te verstaan; hulle moet beskik oor wat ons menslikheid noem sodat hulle mense kan red van die dade van ongeregtigheid.

V5: Watter huidige maatskaplike ongeregtighede voel jy moet deur die kerk uitgelig word?

- Nie seker nie (x3)
- Geen
- Ek weet nie

Tabel 2-11: B-V5 – Kwalitatiewe inligting vanuit huidige ongeregtighede wat die kerk moet beklemtoon

LAE MORALITEIT IN DIE GEMEENSAP	BASIESE HUISHOUDELIKE BEHOEFTE	KINDERS
• Wetteloosheid • Sedeloosheid • Alkohol- en dwelmmisbruik (x6) • Onskuldige mense word leed aangedoen. • Geweld (x3) • Wanhoop	• Mense benodig huise (x2) • Behoorlike huise • HOP-behuising • Tekort aan basiese geriewe • Toegang tot geregtigheid, tekort aan water, elektrisiteit en dienslewering.	• <i>Aborsie</i> (x3) • <u>Verlating van kinders</u> (x2) • Kindermishandeling en -verwaarloos. • Wees- en kwesbare kinders (x4) • MIV/VIGS • <u>Querskap</u>

• Mense se VERANTWOORDELIK-HEDE word nie uitgespel nie • Onreg teenoor boere en grondeienaars • Maatskaplike onreg waar mense ander kan misbruik en skend. • Mense ly en sterf op 'n emosionele vlak en dit is een van die grootste onregte wat uitgesonder moet word. • Geen integriteit nie • Saad van onreg word deur onself gesaai. Negatiewe gesprekke versterk die vyand. Ons word mislei deur die vyand se truuks wat in politici manifesteer.	• Ongelykheid tussen gemeenskappe t.o.v. infrastruktuur, sport- en ontspanningsfasiliteite. • Toegang tot hulpbronne wat hulle aan die res van die wêreld kan verbind. • Ekonomiese uitdagings. • Honger.	• Swak ouerskap • Emosionele en fisieke verwaarloosing van kinders deur versorgers en gebrek aan opleiding. • Ouers is nie opgevoed oor ouerskap nie. • Families funksioneer nie volgens die bedoeling van God nie. • Vaders wat kinders moet versorg. • Vaders wat nie hul rol as vader vertolk nie. • Ouers los hul kinders by grootouers om groot te maak. • <u>Skole</u>: Om in staat te wees om te bid en Bybel te lees in skole. • Christenskap in skole moet 'n prioriteit wees. • <u>Geweld</u> teen kinders, veral seksuele oortredings. • Kinders word by skole geboelie. (x2) • <u>Tieners</u>: Dwelmmisbruik, tienerselfmoord, tienerprostitusie om kos te kry, tienerswangerskappe.
RASSISME	VROUE	HUISHOUDELIKE GEWELD
• Rassisme (x23) • Enige diskriminasie op grond van ras wat ons ingesteldheid teenoor mense beïnvloed en verdeling veroorsaak. (x2) • Vervreemding van die jeug en verskillende rasse en kulturele oortuigings. • Hoe swart en wit mense mekaar sien. • Die omgekeerde diskriminasie en rassisme. Daar moet gestreef word na gelyke geleenthede vir almal gebaseer op opleiding, vermoëns en vaardighede en nie velkleur nie.	• Geslagsgebaseerde geweld en ander geslagskwessies • Die kwessie dat mans meer geleenthede kry om hulself in die kerk te verbeter (geestelik) terwyl vroue aan mans ondergeskik moet wees (geestelik). • Diskriminasie teenoor vroue – gelykheid (behandel alle mense dieselfde). Meer kan gedoen word om vroue aan te moedig om met hul hande te werk en nie op mans staat te maak om hulle te onderhou nie. Die kerk kan vroue leer om 'n opvoeding te kry om hul lewensomstandighede te verbeter.	• Geweld teenoor vroue en kinders. (x4) • Gebroke families. • Geweld wat kan lei tot depressie, selfmoordgedagtes, asook sosiale isolasie van ander mense. • Huishoudelike geweld (x2) • Huishoudelike geweld en misbruik van kinders. • Geweld teen kinders, veral seksuele misdade

Die BEE-maatskappye neem nie wit kinders in diens nie, terwyl wit maatskappye gedwing word om 'n sekere persentasie swart werknemers te hê. Vir my is dit 'n sosiale onreg wat aangespreek moet word.	- Vroue wat deur hul mans/kêrels verlaat word wanneer hulle swanger raak en sonder ondersteuning is wanneer die kind daar is. - Indien die bewyslas op mans is om vaderskap te weerlê in plaas daarvan dat vroue vaderskap moet bewys, sal die situasie drasties verander. Die kerk se onverskilligheid hieroor maak my bekommerd.	
XENOFOBIE	REGERING	GESLAGSDISKRIMINASIE
- Xenofobie (x2) - Kultuurgebaseerde diskriminasie. Die kerk se onverskilligheid hieroor maak my bekommerd. - Diskriminasie gebaseer op nasionaliteit. - Konflik tussen etniese groepe en aggressie teenoor sekere groepe mense.	<i>Leiers kom weg met moord en is onaantasbaar.</i> - Leiers lei nie in waarheid nie. <i>Korrupsie</i> (regering) (x3) - Die <i>gevoel van aanspraakmaking</i> (mense eis dat die regering dit en dat moet doen, maar mense aanvaar nie hul eie verantwoordelikheid nie). <i>Leë beloftes</i> deur politici is die grootste probleem. (x3) <i>Korrupsie</i> d.w.s. geld word nie op die regte plekke bestee nie, byvoorbeeld onderwys (die armes kry swaar). <i>Oneerlikheid</i> in alle vorms is 'n kanker wat die gemeenskap vernietig. - Oneerlikheid wat lei tot korrupsie. - Luiheid, veral in die werksplek en skole.	- Seksisme (x3) - Geslagsgelykheid (x3) - Inkomstegaping vanweë geslagsdiskriminasie. - Monetêre, regtelike, geslags- en professionele ongeregtheid. - Die kerk kan projekte aanmoedig wat ongelikhede verminder om die waardigheid van die armes en gemarginaliseerdes te verbeter.
WAARDIGHEID VAN MENSE	VERKRAGTING	VERWAARLOSING VAN BEJAARDES
- Mense benodig waardigheid en 'n doel in die lewe. - Maatskaplike ongeregtheid waar mense misbruik word en	- Verkragting (x4) (binne familie, molestering) - Seksuele perversie en misdade – gesinsbeplanning.	- Die behoeftes en ondersteuning van bejaardes moet aandag kry. (x4) - Omgee en sorg vir bejaardes en eensame mense.

ander leed aandoen. Mense ly en sterf emosioneel. • Om mense nie te respekteer en hul idees te implementeer nie. Om mense nie te waardeer vir wie hulle is nie, en om hulle te wil verander. • Mense wat van hul sinne beroof is en in die strate rond dwaal. Niemand gee om nie.		
GRONDONTKEIENING	WERKLOOSHEID	MENSEHANDEL
• Grondontkeiening (x3)	• Werkloosheid (x4) • Armoede (x10) • Arm mense se eise	• Mensehandel
EKONOMIESE ONGELYKHEID	GESONDHEID	HOMOSEKSUALITEIT
• Die groot gaping tussen ryk en arm mense. (x2) • Die rykes word ryker en armes word armer en baie mense in ons land leef in armoede. Die kerk blyk onverskillig hieroor te wees. • Ekonomiese agtergrond • Sosiale ongelykheid • Statusdiskriminasie	• Munisipaliteite en politici misbruik fondse wat vir gesondheidsdienste bedoel is. • Swak mediese dienste. • Gebrek aan toegang tot mediese hulp. • Ongelykheid rakende infrastruktuur in gemeenskappe, byvoorbeeld gesondheid.	• Homoseksualiteit • LGBTI-kwessies • Homoseksuele huwelike
NEPOTISME	ONDERWYS	MISDAAD
• Nepotisme	• Swak onderwys. (x3) • Opvoedkundige verskille. • Ongelykheid rakende infrastruktuur in gemeenskappe soos onderwysgeriewe.	• Huisbraak en diefstal • Witboordjiemisdaad. • Moord (x2) • Prostitusie
REGSTELSEL		
• Onvermoë van die regstelsel om misdadigers in hegtenis te neem, te vervolg en sodanig te vonnis dat dit dien as regstelling vir die slagoffers van die misdaad. Byvoorbeeld die families van die Esidimeni-geval.		
NRO'S		

NRO's – Almal doen goed net om gesien te word. Dit is nie wat GOD wil hê nie. Ons moet onvoorwaardelike liefde teenoor almal betoon.
DIERE
Wreedheid teenoor diere. Dit lei gewoonlik ook tot geweld teenoor mense.

V6: Watter verskille, indien enige, bestaan tussen verskillende kulture en hul begrip van maatskaplike geregtelikheid?

Tabel 2-12: B-V6 – Kwalitatiewe inligting vanuit die verskil in kulture

VERSKILLE	GEEN VERSKIL
'n Klomp mense glo daar is baie verskille. Hierdie verskille word dus onder die volgende opskrifte gelys: - Vroue - Gemeenskapsongeregtighede - Rassisme - Opvoeding - Waardes - Verskillende kulturele sienings - Kultuur en tradisie - Geloof	- Geen (x5) - Ek kan nie aan enige dink nie. (x4) - Ek dink ons verstand is die grootste hindernis in tradisies. - Niks waarvan ek bewus is nie. - Alle kulture glo in soortgelyke waardes, hulle beoefen dit net nie. - Vergeet vorige kulture en beweeg aan. - Onseker (x2) – glo die manier hoe mense dit beskou sal verskil. - Nie baie nie, ons almal wil liefde en respek hê. Dit is ons verantwoordelikheid om nie toe te laat dat maatskaplike ongeregtigheid die norm word nie. - Mense is dieselfde. - Ek dink nie dit het iets met kultuur te doen nie. Dit het te doen met swak ouerskap – ouers wat nie morele waardes leer nie. - Kulture verskil maar die basiese dinge is dieselfde.
KULTURELE VERSKILLE	
VROUE	GEMEENSKAPSONGEREGTIGHED

• Verskillende kulture het verskillende perspektiewe wat gebaseer is op hul geskiedenis • Ek dink sommige kulture beskou nie sekere dinge as ongeregtigheid nie omdat hulle geleer is dat dit die manier is hoe dinge is... Byvoorbeeld, in sommige kulture waar vroue afgetakel word. Die vroue weet nie dat hulle in der waarheid die slagoffers van ongeregtigheid is nie. • Sommige kulture, veral in Afrika, glo dat dit nie die familie sal baat as 'n meisiekind 'n opvoeding kry nie omdat sy gaan trou en 'n ander familie gaan bevoordeel. • Vroue in baie inheemse Suid-Afrikaanse kulture word deur tradisies gebind waar mans namens hulle onderhandel of waar vroue nie geëer word nie, en vroue en hul kinders is onderworpe aan herhalende vernietigende, skadelike onderdrukkingsiklusse. • Die verskil lê in die wette en tradisies van elke kultuur. Wat aanvaarbaar in een kultuur is, is dalk nie in 'n ander kultuur nie. Bv. die dominansie en patriargie wat in die meeste Afrika-kulture te sien is. • Sommige kulture neig om patriargale stelsels te handhaaf wat vroue en kinders van maatskaplike geregtigheid ontnem. Kinders (en vroue) as "eiendom" wat verhandel kan word (x2) • Sekere verkeerde dinge soos verkragting & huishoudelike geweld word verswyg en nie ontbloot nie.	• Groot verskille. In ons gemeenskap is daar verskeie kulture omdat ons 'n myngemeenskap is, daar is dus mense van verskillende lande en gelowe. • Te veel om te tel (x8). Elkeen dink hulle is reg maar slegs God weet, bv. wat wit mense as duidelike tekens van korrupsie beskou, word deur sommige swart kulture as 'n teken van dankbaarheid ('n geskenk) gesien. • Mededeelsaamheid, dissipline en om daaroor te praat. • Vra hoër pryse van meer welvarende kopers vir dieselfde produk. • Sommige kulture dink dis hul reg om alles gratis te ontvang in plaas daarvan om daarvoor te werk. Hulle glo daar is niks mee verkeerd om iets van ander te neem as hulle dit nodig het nie. • Haat. • Straf in vergelyking met opheffing. • Hul behoeftes. • Verantwoordelikheid. • Die fokus op die verlede in plaas van die huidige tyd en wat vorentoe op ons wag. • Ek dink sommige kulture word geleer om wraak te neem om een of ander vorm van beheer te verkry, asook om altyd ander vir hul omstandighede te blameer in plaas daarvan om deel van die oplossing te wees. Ander kulture lewe elke dag bloot net vir oorlewing. • Sommiges voel steeds dat geregtigheid nie plaasvind nie. Ander voel hulle beleef omgekeerde ongeregtigheid.

• 'n Swart man kan sy vrou verkrag of ander verhoudings hê en die vrou het geen sê nie. • Moslemmans kan met meer vroue trou, selfs al verskil hul vrouens daarvan. Dit kom onregverdig teenoor hulle voor en niks word daaraan gedoen nie. Sommiges neem die reg in eie hande en ander wag op die wet. • Sommige dinge word aanvaar, soos verkragting. Of is meer verdraagsaam daarteenoor. In sommige kulture word daar nie daaroor gepraat nie. • Geslag • Seksuele oriëntasie	• Nie elke kultuur voel hulle moet help nie, sommige is meer selfsugtig. • Swak kommunikasie (x2 – verstaan mekaar nie) • Gierigheid moet uit die weg geruim word. Alle rykdom behoort aan God. • Ekonomiese kwessies • Sosiale stand • Fisiese en verstandelike vermoë. • Sommige wil die reg in eie hande neem terwyl ander passief is. • Swart mense voel geregtig op geregtigheid deur van ander te neem en wetteloosheid. • Ek kan 'n boek skryf. Vir my gaan dit oor onregverdigheid. • Persepsies oor maatskaplike ongeregtigheid berus op mense se verwysingsraamwerk. Wat vir een kultuur 'n ongeregtigheid is, kan vir 'n ander een onbelangrik wees. Die belangrike ding met teenoorgestelde sienings is om na mekaar te luister om 'n middeweg te kry as vertrekpunt vir bespreking. • Kultuur word nooit opgradeer nie, selfs al verander dinge in die lewe.
RASSISME	OPVOEDING
• Rassisme moet uit die weg geruim word. God het ons almal gelyk geskape. • Gemarginaliseerde of sosiaalluitgeslote groepe. • Velkleur (x2) en kulturele gelowe. • Nasionaliteit • Etnisiteit • Moedertaal • Verskeie kulture blameer steeds apartheid vir die feit dat hulle nie werk kry nie.	• Verskillende uitkyke van verskillende kulture weens opvoeding (x2). 'n Ander begrip van wat reg en verkeerd is. (x1) • Elke kultuur word grootgemaak om geregtigheid anders te verstaan. • Ek weet nie wat die verskille is nie. Maar ek dink daar is verskille. Ons word almal grootgemaak met verskillende waardes wat ons begrip van maatskaplike geregtigheid

• Daar is rassediskriminasie teenoor mekaar tussen al die nasies in ons dorp. Sommiges leef in harmonie met mekaar en ander lewe in haat teenoor mekaar. • Rassisme (x2) • In my opinie is die meeste suksesvolle, hoë-inkomstegroepe (<i>swart of wit</i>) so <i>selfgeabsorbeerd</i>, selfsugtig en dien Mammon dat hulle neig om ongeregtheid te ignoreer. Die wit gemeenskap wil slegs wit belange ondersteun terwyl die hoë-inkomste swart gemeenskap neig om alle sake oor die hoof te sien. Die lae-inkomste swart kulture wil hul tot wraak en geweld wend om ongeregtheid uit te sorteer wat slegs meer geweld en anargie aanhits.	vorm. Ek dink dus nie slegs net kultuur nie, maar die manier hoe ons grootgemaak word oor die algemeen, het 'n invloed. • Daar is baie verskille. Dit begin by die huis. Kultuur is nie bo die wet nie en mag nooit geweld goedpraat nie. • Daar is begripsverskille oor maatskaplike geregtigheid vanuit die leerperspektiewe waaraan verskillende kulture hul kinders blootstel. Sommige ongeregthede word gepleeg weens geslagskwessies, armoede en ras.
WAARDES	VERSKILLENDE KULTURELE SIENINGS
• Waardestelsel van elke kultuur wissel wyd wat veroorsaak dat morele waardes en lewenswaardes baie wissel. • Baie verskille. Dit spruit uit die feit dat mense verskillende begrippe het van wat reg en verkeerd is. • Hul geloofstelsels, waardes en norme. • Sommiges het geen morele standaarde nie.	• Die meeste mense sien sosiale platforms as 'n manier om betrokke te raak by dinge wat hulle glad nie aangaan nie. • Groot verskille, bv. meerderheid eis deur geweld, minderhede sit op die draad. • Daar is baie kwessies wat sterk na die oppervlakte gebring moet word. Baie vroueslaners sit in die kerk se diakenbank, vroue word steeds erg onderdruk. • Ons verskil in elke opsig (x2). Te veel om hier op te noem! • Selfsugtigheid – slegs met hul eie storie behep en waarom dit vir hulle aanvaarbaar is om lyne oor te steek of nie betrokke te raak nie. • Wit mense is oningelig • Hul geloofstelsel.

	• Die meeste Afrikane sien na hul afhanklikes om. • Mense moet mekaar aanvaar en vergeet van goed uit die verlede waaraan niemand van ons deel was nie. • Manier om sommige dinge te doen. • Baie verskille. Ons leef in 'n era waar ons foute met foute regmaak. • Haat
KULTUUR EN TRADISIES	GELOOF
• Sommige kulture het families wat bymekaarkom om probleme aan te spreek. Ander doen dit nie. • Sommige kulture voel hulle is geregtig om alles te kry sonder om te werk. • Kulturele verskille is 'n faktor wat ons begrip van mekaar se optredes belemmer. Ons moet opgevoed word oor kulturele verskille en maniere kry om gemeenskaplike grond te vind. (x2) • Verskille kom voor weens verskillende kulturele gelowe, dit beïnvloed ons sienings oor hoe geregtigheid gedien word. (x4) • Daar is 'n wye kloof in oortuigings tussen kulture. • Verskillende kulture het verskillende tradisies wat ongeregtigheid regverdig. (x3)	• Baie kulture ken nie die waardes van Christenskap nie (x2). Hulle vergewe nie en neem wraak. • Spirituele gelowe en praktyke. • Daar is baie: kyk na die Moslemgeloof?

Die volgende tabel gee 'n opsomming van bogenoemde inligting wat verkry is uit die ses kwalitatiewe vrae vanuit die vraelys:

Tabel 2-13: B.V1-6 – Kwalitatiewe inligting, naamlik antwoorde op 6 vrae rakende persoonlike menings oor ongeregthede

OPSOMMING VAN TABEL B SE 6 VRAE:
<i>Vraag 1: Hierdie vraag fokus op hoe ongeregthede respondente persoonlik raak.</i> • 16 Respondente meen dat ongeregthede hul glad nie raak nie. • Die res van die respondente is van mening dat ongeregthede hul op verskeie terreine beïnvloed, naamlik: ○ Die algemene invloed op mense, vertrouensverhoudings, Mathlabeng (area waarin hul bly), kinders, die algemene welsyn van die mense in die samelewing, ongeregthede in die gemeenskap en laastens, mense se veiligheid en hul beroepe. ○ Armoede, rassime, velkleur, vrouens (patriargale denke), verkragtings en korrupsie is van die spesifieke areas wat beklemtoon word as selfervarings van ongeregthede.
<i>Vraag 2: Hierdie vraag fokus op die persoonlike voordele vir respondente indien kerke betrokke sou raak by die hantering van ongeregthede.</i> • Buiten die respondente wat nie die vraag beantwoord het nie, meen ses dat ongeregthede hulle glad nie raak nie. Hulle redes sluit in dat die kerk nie meer invloed het nie sowel as dat die kerk haar roeping om te preek kan verloor. Ander opinies huldig die mening dat ongeregthede hoewe se afdeling is. • Die res van die respondente is positief en menings sluit wyd uiteenlopende sienswyses in rakende die kerk se funksie, naamlik: ○ Die vervulling van die kerk se geestelike rol, die kerk se bewusmakingsrol, die kerk se rol in goeie dade, die kerk se rol in die aanspreek van ongeregthede en laastens, die kerk se verantwoordelikheid teenoor die samelewing (die plaaslike gemeenskap). ○ Respondente meen die kerk sal haar roeping uitleef wat tot gevolg sal hê dat gemeenskappe hechter, vredevoller en gesonder sal word en dat armoede aangespreek sal word. Rolspelers in die gemeenskap sal hul werk ook beter kan doen.
<i>Vraag 3: Hierdie vraag fokus op die rol van die kerk in Mathlabeng en gee voorstelle vir betrokkeheid by die regstel van ongeregthede.</i> Die antwoorde is onder die volgende kategorieë ingedeel, naamlik: • Plaaslike gemeenskapsaksies (kerkarea) • Prediking en algemene rol van die kerk

- Lering in die gemeenskap
- Gebed
- Aksies in Mathjabeng-area
- Vennootskappe
- Uitreike ("charity")
- Die aanspreek van ongeregtighede
- Rassisme
- Gasvryheid (in kontras met xenofobie)

Respondente se voorstelle vir optredes is naamlik:

- Die verskuiwing van die geloofsgemeenskap se inwaartse fokus (op hulself en hul geboue) na hul gemeenskappe (uitwaartse fokus), die mense wat in die plaaslike gemeenskap woon, ongeag ras.
- Die gesamentlike soek na oplossings d.m.v. 'n behoeftebepaling, vennootskappe, dialoog, projekte en ware omgee. Hierdie aksies kan hoop versprei en mense die ervaring gee dat God waarlik vir die mensdom omgee.
- Gesamentlike projekte vir oplossings (x4), *koinonia* en liefdevolle verhoudings kan gemeenskappe verander.
- Goeie onderrig uit die Woord oor geregtigheid (x5) sodat diegene wat sulke dade van onreg doen, hul weë kan onderskei en die geloofsgemeenskap ook bemagtig kan word.
- Gebedsaksies teen ongeregtigheid en vir God se betrokkenheid.
- Betrokkenheid by NRO's sowel as ander aksies om geregtigheid te laat seëvier.

Vraag 4: Hierdie vraag fokus op die kerkleier se benodigde rol tot motivering van respondente en gemeenskapsbetrokkenheid

Die antwoorde is in die volgende indelings weergegee, naamlik:

- Die leier van 'n kerkgebou
- Die leier van mense
- Die morele leier
- Die leier teen ongeregtigheid
- Spesifieke menings het ingesluit:
 - Dat die gebou tot voordeel van die gemeenskap gebruik sal word.
 - Die kerkleier word gesien as 'n voorloper teen enige vorm van ongeregtigheid. Die verwagting is dat die leier op hoogte sal wees van die gemeenskap se uitdagings ten opsigte van ongeregtigheid en dat 'n bewusmaking geskep sal word. Die respondente meen dat die geloofsgemeenskap begelei wil word tot lewens van geregtigheid. (x30)
 - Dat die leier 'n lewe van integriteit sal lei. (x28)

- Dat die leier sal lei vanuit 'n passievolle inkoop, verhouding, visie en aanmoediging van die geloofsgemeenskap.
- Dat die leier se motief sal wees om sy mense te lei in die gebruik van hul gawes tot voordeel van hele gemeenskap. (x25)

Vraag 5: Hierdie vraag fokus op huidige vorms van ongeregtigheid.

Die navorser het die kwalitatiewe inligting van respondente in die volgende indelings geplaas, naamlik: (Die navorser het die eerste 7 indelings gedoen op grond van meeste inligting)

- Rassisme (x27). Hierdie afdeling sluit in enige optredes teenoor mense op grond van velkleur.
- Kinders (x26). Hierdie afdeling sluit in enigiets wat kinders onregverdig benadeel, naamlik aborsie, kinderverlating, misbruik, geweld, swak ouerskap (x7), tienerswangerskappe en tienerverslawing. Die verwydering van godsdiens by skole is ook 'n bron van kommer.
- Die lae moraliteit in die gemeenskap (x17). Hierdie afdeling sluit in verslawing (x7), geweld, lae waardes, min integriteit, negatiewe woorde, 'n onbetrokkenheid by mekaar, moorde (wat plaasmoorde insluit).
- Afwesigheid van basiese huishoudelike behoeftes (x10).
Mense het nie basiese noodsaaklike benodighede soos ordentlike huise, water, elektrisiteit, ens. nie.
- Ongelykheid teenoor vrouens (x5). Slegs vyf respondente het hieroor geskryf, maar dié afdeling maak veral 'n aanspraak op die kerk se rol, naamlik:
 - Die onregverdige gebruik van mans i.p.v. vroue in kerkrolle.
 - Die kerk se nodige uitsprake in die bemagtiging van dogters om hulself te bekwaam.
 - Onregverdigheid volgens geslag by vaderskaptoetse.
 - Onregverdigheid volgens geslag by salarisse.
 - Onregverdigheid volgens geslag by mans wat vrouens verlaat tydens swangerskap en
 - Onregverdigheid volgens geslag by geweld
- Die staat (x13). In hierdie afdeling spreek mense hul misnoeë uit teen korrupsie, oneerlike leiers wat “untouchable” is en oneerlikheid oor die algemeen.
- Verdere areas wat staatsingryping benodig is:
 - Onregverdigheid in die verdeling van geriewe asook die lae gehalte van geriewe.
 - Onderwys (x5).
 - Gesondheid (x4).
 - Werkloosheid (x15). Werkloosheid is n groot bron van kommer
 - Menswaardigheid (x4). Alle mense moet menswaardig behandel word.

Die volgende afdelings is ook genoem as areas van ongeregtigheid, naamlik:

- Verkragtings
- Huishoudelike geweld

- Xenofobie
- Geslagsdiskriminasie
- Afskeep van bejaardes
- Menseroof
- Ekonomiese ongelykheid
- Nepotisme
- Homoseksualiteit
- Misdaad
- Grondeise
- Regstelsel
- NRO's
- Diere

Vraag 6: Hierdie vraag fokus daarop of daar 'n verskil tussen verskillende kulture is en indien wel, wat is die verskille.

Die afdeling is ingedeel volgens "Geen" en "Verskille" en die volgende het na vore gekom, naamlik:

- ***19 Respondente is van mening dat daar nie verskille is nie.***
- ***Die res van die respondente het die volgende verskille uitgelig, naamlik:***
 - ***Vrouens:*** Verskillende kulture beskou vrouens verskillend. In sommige kulture heers die patriargale idee van mans wat oor hul besittings regeer, naamlik vrouens en kinders. Dogters se opvoeding is nie belangrik nie. Vrouens het nie regte nie, m.a.w. ongeregtighede soos verkragting, misbruik en ontrouheid word nie as ongeregtigheid geag nie.
 - ***Rassisme:*** 12 Respondente beklemtoon rassisme as 'n oorsaak vir verskillende geregtighedsbeskouings.
 - ***Kultuur en tradisies:*** Respondente is van mening dat kultuur aan tradisies gekoppel is.
 - ***Waardes:*** Respondente meen dat mense se waardes hul morele lewensbeskouing bepaal rakende geregtigheid. Hierdie waardes bepaal hul reg en verkeerd.
 - ***Opvoeding:*** Respondente is van mening dat mense se opvoeding hul lewensbeskouing rakende geregtigheid bepaal. Verskillende sienswyses oor ras, geslag en armoede word reeds van kleins af vasgelê.
 - ***Verskillende sienswyses rakende gemeenskapsongeregtighede:*** Respondente het verskille by name genoem soos beskou vanuit verskillende nasies en kulture. Die slotsom is egter dat mense tyd saam moet spandeer om mekaar beter te leer ken en misverstande te bekamp.

- **Godsdiens:** Respondente is van mening dat godsdiens waardes bepaal wat selfs tot gevolg kan hê dat meer as een vrou die norm is.

2.7.11.4 C: Veelvuldige vraelyste oor:

1 Gesindhede ten opsigte van gemeenskapsbetrokkenheid

(Merk asb. die vraag wat jou antwoord die beste pas met 'n x):

Tabel 2-14: C1 V1-7 – Vraelys rakende gemeenskapsbetrokkenheid

Totale aantal mense wat aan vraelys deelgeneem het = 113 (Respondente wat nie voltooi het nie word eerste aangedui)	Heeltemal onwaar	Heeltemal waar	Effens onwaar	Effens waar	Ietwat onwaar	Ietwat waar
V1: God is goed en sy mense moet sy goedheid aan die gemeenskapslede wys met dae van goedheid. 2	3	101	0	0	1	6
V2: God se liefde vir mense word sigbaar waar liefde oor ongeregtheid seëvier en mense versoen. 3	8	82	1	4	2	13
V3: Die getuienisdade van die kerk in die plaaslike gemeenskap is belangrik om te wys dat die kerk vir die samelewing omgee. 3	3	90	0	3	2	12
V4: Dade van geregtigheid is God se manier om dinge te doen. 7	6	57	5	10	2	26
V5: Die kerk as gemeenskap van gelowiges het 'n terapeutiese (bedienings) taak met betrekking tot samelewingskwessies. 5	4	72	2	9	2	19
V6: Die gemeenskap van gelowiges moet tyd maak om na mense se verhale van ongeregtheid te luister. 4	4	76	0	8	1	20
V7: Om die waardigheid van alle mense te herstel, is die fondament en diepste motivering vir gemeenskapsbetrokkenheid. 5	5	70	2	9	2	20

Tabel 2-15: C1 V1-7 – Kwantitatiewe inligting rakende gemeenskapsbetrokkenheid

OPSOMMING VAN RESPONDENTE SE GESINDHEDE RAKENDE GEMEENSKAPSBETROKKENHEID: Die respondente het die volgende 3 menings die sterkste ondersteun, naamlik:
1. God is goed en sy mense moet sy goedheid aan die gemeenskapslede wys met dae van goedheid. (Heeltemal waar = 101)
2. Die getuienisdade van die kerk in die plaaslike gemeenskap is belangrik om te wys dat die kerk vir die samelewing omgee. (Heeltemal waar = 90)
3. God se liefde vir mense word sigbaar waar liefde oor ongeregtheid seëvier en mense versoen. (Heeltemal waar = 82)

2 Gesindhede ten opsigte van gemeenskapsopheffing

Tabel 2-16: C2 V1-7 – Vraelys rakende gemeenskapsopheffing

Totale aantal mense wat aan die vraelys deelgeneem het = 113 (Respondente wat nie voltooi het nie word eerste aangedui)	Heeltemal onwaar	Heeltemal waar	Effens onwaar	Effens waar	Ietwat onwaar	Ietwat waar
V1: Die plaaslike kerk is soos 'n elektriese kragstasie wat die energie opwek vir gemeenskapsopheffing in die Suid-Afrikaanse samelewing. 5	6	56	3	14	4	25
V2: Indien die kerk 'n vertroude stem van rede en nasiebou wil wees, moet sy as die stem van weerlose mense in die samelewing optree. 3	4	76	0	4	2	24
V3: Geregtigheid in 'n gemeenskap word gewys deur die manier waarop mense ander met waardigheid behandel. 4	6	76	1	5	2	19
V4: Volgehoue dae van goedheid en deernis moet beskou word as dryfmiddels vir 'n verandering in die samelewing se gesindhede ten opsigte van maatskaplike geregtigheid. 4	4	80	0	5	0	20
V5: Die "silo-mentaliteit" van kerke moet verander om doeltreffend 'n deernisvolle samelewing te kan skep. 4	5	74	1	4	3	22

V6: Kerkleiers moet betrokke raak by strategieë vir konstruktiewe prosesse van dialoog in plaaslike gemeenskappe (munisipaliteite, polisieforums, ens.) 4	4	77	4	0	2	22
V7: In 'n pluralistiese Suid-Afrika is kerkleiers nodig om voorbeelde van versoening vir alle mense te wees. 2	4	86	3	1	1	16

Tabel 2-17: C2 V1-7 – Opsomming van respondente se gesindhede rakende gemeenskapsopheffing

OPSOMMING VAN RESPONDENTE SE GESINDHEDE RAKENDE GEMEENSKAPSOPHEFFING: Die respondente het die volgende 3 menings die sterkste ondersteun naamlik:
1. In 'n pluralistiese Suid-Afrika is kerkleiers nodig om voorbeelde van versoening vir alle mense te wees. (Heeltemal waar = 86)
2. Volgehoue daad van goedheid en deernis moet beskou word as dryfmiddels vir 'n verandering in die samelewing se gesindheid ten opsigte van maatskaplike geregtigheid. (Heeltemal waar = 80)
3. Kerkleiers moet betrokke raak by strategieë vir konstruktiewe prosesse van dialoog in plaaslike gemeenskappe (munisipaliteite, polisieforums, ens.). (Heeltemal waar = 77)

3 Gesindhede van die kerk ten opsigte van gemeenskap

(Merk asb. die vraag wat jou antwoord die beste pas met 'n x):

Tabel 2-18: C3 V1-7 – Vraelys oor kerkmenings rakende gemeenskapsbetrokkenheid

Totale aantal mense wat aan die vraelys deelgeneem het = 113 (Respondente wat nie voltooi het nie word eerste aangedui)	Heeltemal onwaar	Heeltemal onwaar	Effens onwaar	Effens waar	letwat waar	letwat waar
V1: Kerke is onbetrokke toeskouers teenoor gemeenskapslede. 2	21	11	7	22	10	40
V2: Die samelewing kan baat vind by die kerk se funksie om 'n gemeenskap van gelowiges te wees met 'n visie van God se sorg vir die samelewing. 2	1	84	2	6	1	17

V3: Geloof kan 'n groot rol speel om gemeenskappe te lei na 'n gesindheidsverandering ten opsigte van samelewingskwessies. 2	5	75	1	8	2	20
V4: Die kerk kan mense vorm en bemagtig om maatskaplike doeltreffendheid binne plaaslike gemeenskappe te maksimaliseer. 2	2	74	3	7	2	23
V5: Voordat doeltreffende gemeenskapsopheffing in Suid-Afrika kan plaasvind, is etiese waardes soos praktyke om geregtigheid te omhels, heling, versoening en verantwoordelike vryheid nodig. 3	3	73	2	5	2	25
V6: 'n Verenigde Christelike stem teen ongeregtigheid is nodig ('n stem wat ras, kultuur en etnisiteit te bowe gaan). 4	2	74	1	10	2	20
V7: Ware gasvryheid in gemeenskappe is nodig wat mense omhels en welkom laat voel en help om met mekaar te deel. 2	1	90	0	6	1	13

Tabel 2-19: C3 V1-7 – Opsomming van respondente se gesindhede rakende die gemeenskap

OPSOMMING VAN RESPONDENTE SE GESINDHEDE RAKENDE DIE GEMEENSAP: Die respondente het die volgende 3 menings die sterkste ondersteun, naamlik:
1. Ware gasvryheid in gemeenskappe is nodig wat mense omhels en welkom laat voel en help om met mekaar te deel. (Heeltemal waar = 90).
2. Die samelewing kan baat vind by die kerk se funksie om 'n gemeenskap van gelowiges te wees met 'n visie van God se sorg vir die samelewing. (Heeltemal waar = 84)
3. Geloof kan 'n groot rol speel om gemeenskappe te lei na 'n gesindheidsverandering ten opsigte van samelewingskwessies. (Heeltemal waar = 75)

4 Gemeenskapsgesindhede ten opsigte van kerk

(Merk asb. die vraag wat jou antwoord die beste pas met 'n x):

Tabel 2-20: C4 V1-6 – Vraelys oor gemeenskapslede se kerkgesindheid

Totale aantal mense wat aan die vraelys deelgeneem het = 113 (Respondente wat nie voltooi het nie word eerste aangedui)	Heeltemal onwaar	Heeltemal waar	Effens onwaar	Effens waar	letwat onwaar	letwat waar
V1: NPO's moet die rol van kerke binne die gemeenskap erken om die samelewingskwessies aan te spreek. 3	1	73	1	11	2	22
V2: Suid-Afrikaanse kerke moet deel van die oplossing vir plaaslike gemeenskappe wees. 3	1	83	9	0	2	15
V3: As die kerk nie op die fisiese en emosionele behoeftes van die armes, weduwees en weeskinders reageer nie, kan sy nie geloofwaardig wees nie. 3	2	76	6	4	6	16
V4: Samelewings is honger vir mense wat ernstig oor openbare en burgerlike deugde is. 3	2	71	2	8	2	25
V5: Ongeregtigheid in kerke en gemeenskappe moet blootgelê word. 3	1	85	1	6	3	14
V6: In 'n pluralistiese samelewing is morele onderskeidingsvermoë nodig te midde van deurlopende dialoog en samewerking. 5	1	76	2	8	2	19

Tabel 2-21: C4 V1-6 – Opsomming van gemeenskapsgesindhede rakende die kerk

OPSOMMING VAN GEMEENSKAPSGESINDHEDE RAKENDE DIE KERK: Die respondente het die volgende 3 menings die sterkste ondersteun, naamlik:
1. Ongeregtigheid in kerke en gemeenskappe moet blootgelê word. (Heeltemal waar = 85)
2. Suid-Afrikaanse kerke moet deel van die oplossing vir plaaslike gemeenskappe wees. (Heeltemal waar = 83)
3. a) As die kerk nie op die fisiese en emosionele behoeftes van die armes, weduwees en weeskinders reageer nie, kan sy nie geloofwaardig wees nie.

b) In 'n pluralistiese samelewing is morele onderskeidingsvermoë nodig te midde van deurlopende dialoog en samewerking. (Albei Heeltemal waar = 76)

5 Spesifieke gesindhede: intrinsiek godsdienstige gesindhede

(Merk asb. die vraag wat jou antwoord die beste pas met 'n x):

Tabel 2-22: C5 V1-6 – Vraelys rakende intrinsiek godsdienstige houdings

Totale aantal mense wat aan die vraelys deelgeneem het = 113 (Respondente wat nie voltooi het nie word eerste aangedui)	Heeltemal onwaar	Heeltemal waar	Effens onwaar	Effens waar	letwat onwaar	letwat waar
V1: Christene staar 'n nuwe uitdaging in die gesig, naamlik apateïsme (om nie om te gee nie) of selektiewe deernis as een van die hoofuitdagings in gemeenskappe. 4	4	57	3	7	2	36
V2: Die kerk moet betrokke wees in die stryd om menswaardigheid. 4	1	79	1	7	3	18
V3: Om 'n staatlose individu te wees (bv. om 'n vlugteling, immigrant of ontheemde persoon te wees) beteken om deel van 'n groep individue te wees wat nie meer 'n plek in die wêreld het nie. 5	18	38	4	15	6	27
V4: Die kerk moet 'n belangrike rol speel om haar lede te help om kwessies aangaande rassisme en xenofobie te hanteer. 4	2	78	1	7	2	19
V5: Helingspraktyke vra na die doelbewuste skep van ruimtes waar mense bymekaar kan kom deur kerke en in ander samelewingsfere. 7	2	68	6	9	3	18
V6: Ongeregtigheid word gesien as dat mense verskillend behandel word op grond van ras, status, geslag, ens. 5	3	69	4	9	1	22

Tabel 2-23: C5 V1-6 – Opsomming van respondente se gesindhede rakende intrinsiek godsdienstige houdings

OPSOMMING VAN RESPONDENTE SE GESINDHEDE RAKENDE INTRINSIEK GODSDIENSTIGE HOUDINGS: Die respondente het die volgende 3 menings die sterkste ondersteun, naamlik:
1. Die kerk moet betrokke wees in die stryd om menswaardigheid. (Heeltemal waar = 79)
2. Die kerk moet 'n belangrike rol speel om haar lede te help om kwessies aangaande rassisme en xenofobie te hanteer. (Heeltemal waar = 78)
3. Ongeregtigheid word gesien as dat mense verskillend behandel word op grond van ras, status, geslag, ens. (Heeltemal waar = 69)

2.7.11.5 D: Hoëpersentasie gesindhede deur respondente


(Al die menings het 'n 90% plus gesindheid getoon in die keuse “Waar”):

Vanuit die kritiese maatskaplike metode word daar gefokus op verandering en mense se rol daarin (Neuman, 2000:76). Die gemeenskap, wat beide die geloofsgemeenskap sowel as gemeenskapslede verteenwoordig, het duidelike verwagtings aangaande die kerk (geloofsgemeenskap) se rol in geregtigheid ten opsigte van Suid-Afrikaanse uitdagings.

Uit die gemeenskapsrespondente verwag **90% plus dat die kerk betrokke moet raak by die toepassing van geregtigheid en iets sigbaar doen**. Hierdie daad van geregtigheid kan 'n rimpel-effek van geregtigheid ontketen na aanleiding van bogenoemde empiriese navorsing. Die navorser ag dit daarom belangrik om figure te gebruik om die menings duidelik uit te beeld, naamlik:



Figuur 2-5: God is goed en sy mense moet sy goedheid aan gemeenskapslede wys deur dade van goedheid (Waar 94,7%)



Figuur 2-6: Indien die kerk 'n vertroude stem van rede en nasiebou wil wees, moet sy as die stem van weerlose mense in die samelewing optree (Waar 92%)



Figuur 2-7: Die dade van die kerk in die plaaslike gemeenskap is belangrik om te wys dat die kerk vir die samelewing omgee (Waar 92,9%)

Goedheid en deernis is dryfmiddels vir 'n gesindheidsverandering van die samelewing



Figuur 2-8: Deurlopende dade van goedheid en deernis moet beskou word as dryfmiddels vir 'n gesindheidsverandering van die samelewing aangaande maatskaplike ongeregtigheid (Waar 92,9 %)

Kerkleiers moet voorbeelde van versoening wees




Figuur 2-9: In 'n pluralistiese Suid-Afrika moet kerkleiers voorbeelde van versoening vir alle mense wees (Waar 91,2%)


Die samelewing kan baatvind by die kerk se funksie




Figuur 2-10: Die samelewing kan baatvind by die kerk se funksie as 'n gemeenskap van gelowiges met 'n visie van God se sorg vir die samelewing (Waar 94.6%)



Figuur 2-11: Ware gasvryheid wat mense omhels en welkom laat voel en hulle help om met mekaar te deel, is in gemeenskappe nodig (Waar 96,4%)




Figuur 2-12: Suid-Afrikaanse kerke moet deel van die oplossing in plaaslike gemeenskappe wees (Waar 94,8%)



Figuur 2-13: Ongeregtigheid in kerke en gemeenskappe moet ontbloed word (Waar 92,9%)

Kerkleiers moet betrokke raak by dialoog



Figuur 2-14: Kerkleiers moet betrokke raak by strategieë vir konstruktiewe prosesses van dialoog in plaaslike gemeenskappe (munisipaliteite, polisieforums, ens.) (Waar 91,1%)

Godsdiens kan gemeenskappe rig



Figuur 2-15: Godsdiens kan 'n groot rol speel om gemeenskappe te lei na gesindheidsverandering aangaande samelewingskwessies (Waar 91,2%)

Die kerk kan mense vorm en bemagtig



Figuur 2-16: Die kerk kan mense vorm en bemagtig om maatskaplike doeltreffendheid binne plaaslike gemeenskappe te maksimaliseer (Waar 92,1%)

'n Verenigde Christelike stem teen ongeregtheid is nodig



Figuur 2-17: 'n Verenigde Christelike stem teen ongeregtheid is nodig ('n stem wat ras, kultuur en etnisiteit te bowe gaan) (Waar 92%)

Die kerk moet betrokke wees in die stryd om menswaardigheid



Figuur 2-18: Die kerk moet betrokke wees by die stryd om menswaardigheid (Waar 92%)

Die kerk moet haar lede help met kwessies aangaande rassisme en xenofobie



Figuur 2-19: Die kerk moet 'n belangrike rol speel om haar lede te help om kwessies aangaande rassisme en xenofobie te hanteer (Waar 92%)

2.8 DESKRIPTIEF-EMPIRIESE GEVOLGTREKKINGS OOR DIE BEGELEIDING VAN DIE GELOOFSGEMEENSAP (KERK) TOT 'N RIMPEL-EFFEK VAN GERECHTIGHEID

In dié hoofstuk is eerstens 'n deskriptiewe ondersoek gedoen om vas te stel wat in die gemeenskap aangaan, en tweedens is empiriese navorsing gedoen om te bepaal wat lede van die gemeenskap se sienings is rakende die rol van die kerk (geloofsgemeenskap) ten opsigte van gerechtigheid in die Suid-Afrikaanse samelewing, asook die kerkleier se rol daarin.

Browning verwelkom en ondersteun empiriese navorsing en wetenskaplike metodes om lewensvrae te beantwoord. Hy pleit egter dat daar van streng laboratorium-agtige empiriese navorsingsmetodes wegbeweeg moet word tydens die ondersoek van menslike ervarings (paragraaf 1.4.1.1.). Die navorser poog gevolglik om sekere hoofgedagtes te beklemtoon.

2.8.1 Empiriese gevolgtrekkings

- Die navorser is van mening dat die gemengde navorsing mekaar duidelik aanvul. Die kwantitatiewe vraelyste gee numeriese gesindhede rakende gerechtigheid en die kerk se rol daarin met persentasies weer. Die ingevulde kwalitatiewe vraelyste gee wyduiteenlopende antwoorde rakende ongeregthede asook oplossings en praktiese idees wat elke lid van die Suid-Afrikaanse geloofsgemeenskap tot deelname kan begelei. Die kwalitatiewe verklaar en veroorsaak 'n verder uitbouing van vrae se begrippe (paragraaf 2.7.11).
- Vanuit bogenoemde blyk dit dat daar respondente is wat meen dat ongeregthede in die samelewing hulle nie raak nie, of dat hulle nie daarvan bewus is nie. Die navorser is daarom van mening dat dit nodig is vir 'n bewusmaking insake ongeregthede deur die geloofsgemeenskap.
- Die navorser het ná elke afdeling opsommende hoofgedagtes beklemtoon. In hierdie gedeelte oor empiriese afleidings word daarom op die numeriese gefokus. Meer indiepte-antwoorde kan by elke afdeling gelees word.
- 94,8% respondente meen Suid-Afrikaanse kerke moet deel wees van die oplossings in plaaslike gemeenskappe.

- 94,7% respondente stem saam dat God goed is en daarom het die geloofsgemeenskap die verantwoordelikheid om sy goedheid aan die lede van die gemeenskap te wys met dae van vriendelikheid.
- 94,6% respondente meen dat die samelewing baat kan vind by die kerk se funksionering as 'n gemeenskap van gelowiges met 'n visie vir God se sorg in die samelewing.
- 96,4% respondente meen dat ware gasvryheid in gemeenskappe benodig word wat mense verwelkom, omhels en mededeelsaamheid betoon.
- 92,9% respondente meen dat deurlopende dae van vriendelikheid en deernis beskou moet word as aktiveerders vir gesindheidsverandering in 'n samelewing ten opsigte van sosiale geregtigheid.
- 92,9% respondente meen ongeregthede in kerke en gemeenskappe moet bekendgemaak word.
- 92,1% respondente meen die kerk kan mense begelei, beïnvloed en bemagtig om maatskaplike ongeregthede met maksimale effektiwiteit binne plaaslike gemeenskappe aan te spreek.
- 92% respondente meen die kerk het 'n verantwoordelikheid om die geloofsgemeenskap te begelei in die regstelling van ongeregthede soos rassisme en xenofobie.
- 92% respondente meen die kerk moet betrokke wees in die stryd om menswaardigheid.
- 92% respondente meen daar is 'n behoefte vir 'n verenigde stem vanuit die kerk teen ongeregthede.
- 92% respondente meen dat as die kerk 'n betroubare stem van rede en nasiebou wil wees, sy as 'n stem vir benadeeldes in die samelewing moet bekendstaan.
- 91,2% respondente meen godsdiens kan 'n belangrike rol speel in die leiding van gemeenskappe ten opsigte van maatskaplike ongeregthede asook in die beïnvloeding van hul gesindhede teenoor ongeregthede.
- 91,1% respondente meen dat kerkleiers in plaaslike gemeenskappe betrokke moet raak met strategieë vir konstruktiewe prosesse van dialoog (munisipaliteite, polisieforums, ens.).
- 91,2% respondente meen dat kerkleiers voorbeelde van versoening vir alle mense moet wees in 'n pluralistiese Suid-Afrika.

2.8.2 Deskriptiewe empiriese gevolgtrekkings

In hierdie hoofstuk is geregtigheid bespreek wat beteken om reg te handel volgens die wil van God. Geregtigheid word gekenmerk deur 'n lewenswyse van omgee vir ander mense wat insluit 'n verbintenis tot regverdigheid en dit wat reg is.

Vanuit die Suid-Afrikaanse konteks sluit geregtigheid dus in die gelyke behandeling van alle mense, herstellende geregtigheid, die aanspreek van onregverdigheid en regverdige verdeling van voordele. Geregtigheid sluit ook in om te waak teen Westerse meerderwaardige denke, neoliberalisme, kulturele identiteit as afgod, misbruik van taal en die misbruik van mense (om hulle te sien as voorwerpe van ekonomiese bedreiging in plaas van medegeskapenes en as deel van die geloofsgemeenskap).

In paragraaf 2.7.1 is gesien dat Browning meen dat dialoogvoering nodig is in die soeke na oplossings. Verskillende groepe se insette word benodig vir die bevrugting van gedagtes vir beter oplossings. Fronesis word benodig, veral met die oog op wat 'n "goeie gemeenskap" en die "common good" is, juis omdat elke gemeenskap se "gemeenskaplike welsyn" verskil.

Vanuit die verwerkte inligting rakende Mathjabeng (Goudveld, Vrystaat), kom die navorser tot die volgende gevolgtrekkings:

- Die gemeenskap het 'n positiwiteit rakende die invloed van die kerk (geloofsgemeenskap) asook 'n openheid ten opsigte van die begeleidingsrol van die kerk tot daad van geregtigheid.
- Vanuit die gemeenskap se openheid, kan Vorster (2014:151) se toepassing van die beeldspraak van kerke as "kragstasies" en gelowiges as "kragdrade" in die skep van 'n etos van menswaardigheid vir die gemeenskap tot voordeel wees. Soos kragstasies energie opwek om lig en krag aan 'n stad te gee, so moet die kerk deur goeie daad en diensbaarheid menswaardigheid skep. Geen lewensterrein of plaaslike gemeenskap kan uitgesluit word van die morele wet dat **alle mense menswaardig behandel moet word** as geskapenes nie.
- Menswaardige optredes word benodig wat hoop kan gee in die huidige Suid-Afrikaanse konteks, veral **ten opsigte van klas, rassisme, seksisme en xenofobie**. Die 89,3% Christene (geloofsgemeenskap) in die land het die potensiaal om goed te doen, veral vanuit die gawe van gasvryheid.

- Die geloofsgemeenskap word as “waghond” benodig om gemeenskappe na geregtigheid te begelei, versoening te bewerkstellig en ’n vredevolle saambestaan te skep.
- ’n Etos van versoening kan dus deur die plaaslike kerk geskep word. Die kerk dien as ’n uitstalvenster van hoe mense kan saambestaan en -leef. Die plaaslike gemeente dien as ’n simbool van konstante vernuwing van verhoudings tot versoening. Alledaagse optredes sluit ’n etiek van vergifnis en menswaardige optredes in. Die kerk se rol in sosiale uitdagings sluit in om soos aktiewe stroombane as God se dissipels verantwoordelikheid vir die burgerlike samelewing en gesamentlike onreg te neem. Die kerk in al haar bedieningsvorme word benodig. Kerke word gevolglik as agente van versoening in ’n nuwe Suid-Afrika benodig.
- God is goed en daarom het die geloofsgemeenskap die verantwoordelikheid om sy goedheid aan ALLE lede van die gemeenskap te wys deur goeie dade.
- Die gemeenskap kan baat vind by die kerk se funksionering as ’n gemeenskap van gelowiges met ’n visie van God se sorg in die samelewing.
- In die visie vir God se sorg in die samelewing word die kerk na introspeksie gedwing. Die betekenis van versoening sowel as die teologiese integriteit van die kerk word bevraagteken. Nuwe strategieë word dus benodig wat fokus op vernuwende denke (ook met betrekking tot *ubuntu*-beginsels), medemenslikheid en opregte *koinonia*.
- Aanpasbare kerkleiers binne geloofsgemeenskappe behoort gevolglik gemeentes te begelei tot nuwe perspektiewe ten opsigte van die kerk se bemiddelende taak, asook kreatiewe insigte aangaande die rol van die kerk in broederskap, versoening en plaaslike arm gemeenskappe. Soos in die voorbeeld van Paulus, behels leierskap ’n gesamentlike proses wat netwerke vir kommunikasie en aksie skep (paragraaf 2.6).
- Vennootskappe met ander kerke en organisasies in die gemeenskap word benodig, asook die besef dat gemeenskapsontwikkeling rekening moet hou met langtermyn (volhoubare) beplanning.
- Goddelike verhoudings gebou op ’n “selfopofferende” fondament het die potensiaal om vanuit gemeenskaplikheid lewens te hervorm en te verbeter. Die uitdaging is egter om spanningsvelde te belig soos die kultuur van kerkbywoning versus

liefdeloosheid en individualisme. Normatiewe optredes word dus dringend benodig (vgl. paragraaf 2.6).

- De Gruchy (vgl. paragraaf 2.2) verbind die stryd om geregtigheid aan 'n ekumeniese, profetiese en publieke ekklesiologie. Die outeur pleit by die kerk om *kairos*-oomblikke te herken. Die outeur meen die mislukking van die Christelike kerk om as 'n omgee-stem teen ongeregtigheid op te tree, is teleurstellend.

Die navorser beklemtoon gevolglik die pleidooi van hierdie navorsing se respondente vir die kerk se betrokkenheid by die geloofsgemeenskap. Vanuit die deskriptief-empiriese studie kom die navorser tot die gevolgtrekking dat die geloofsgemeenskap wel die potensiaal het om 'n rimpel-effek van geregtigheid in die plaaslike gemeenskap te bewerkstellig.

HOOFSTUK 3: HISTORIESE (NORMATIEWE) STUDIE OOR DIE BEGELEIDING VAN DIE GELOOFSGEMEENSKAP OM 'N RIMPEL-EFFEK VAN GERECHTIGHEID TE BEWERKSTELLIG

3.1 INLEIDING

In hoofstuk 2 is op deskriptief-empiriese wyse gefokus op die profiel van uitdagings ten opsigte van gerechtigheid in Suid-Afrika. Daar is gekyk na die problematiese praktyk van ongerechtigheid en die noodsaaklikheid van daad van gerechtigheid wat deur die gemeenskap van gelowiges (kerk) bedien word.

In hoofstuk 3 word na aanleiding van bogenoemde uitdagings, en met behulp van Browning se metodologiese insigte, navorsing gedoen oor die beginsels waarop gerechtigheid in die samelewing gebou moet word. Praktiese teologie fokus indringend op die teks van die Bybel, maar is tegelyk 'n hermeneutiese refleksie op die mate waarin menslike handeling 'n weerspieëling van Skrifbepaalde denke is (De Wet, 2015:2). Browning se uiteensetting van die historiese taak, soos verduidelik in hoofstuk 1 (paragraaf 1.4.3), sal gebruik word.

Browning (1996:6) stel dit as 'n proses voor waarmee gemeenskappe (soos geloofsgemeenskappe) beter oor herinneringe, praktiese rede of praktiese wysheid kan reflekteer. Browning gebruik die term “beweging”. Volgens hom (Browning, 1996:6) toon hierdie historiese beweging 'n besorgdheid oor die historiese teologie met die insluiting van tradisionele dissiplines soos kerkgeskiedenis en die geskiedenis van Christelike denke. Hierdie historiese denke veroorsaak spanningsvelde in die hedendaagse praktyk. Daarom die ondersoek van normatiewe tekste wat reeds deel van die geskiedenis is en wat regtig hedendaagse praktyk beïnvloed.

In die deskriptiewe beweging van 'n prakties-teologiese ondersoek is die praktyke van 'n godsdienstige gemeenskap met teorie gelaai. Hierdie situasie toon dus die nodigheid aan vir 'n meer omvattende beskrywing (of 'n indiepte-beskrywing) van hierdie praktyke. Die nodigheid om die verskillende betekenis in die praktyk te ontbloot, word in die volgende aspekte benadruk as deel van die indiepte-ondersoek waarvan Browning (1996:6) melding maak.

Browning (1996:6) verduidelik dat al hierdie bestanddele in mekaar pas met 'n innerlike kern en 'n buitenste koevert. Die innerlike kern bestaan uit die alledaagse lewe vanuit konkrete aktiwiteite. 'n Krisis veroorsaak dus dat daar na die buitenste koevert beweeg word in die soeke na antwoorde op vrae. In die buitenste koevert word die narratiewe struktuur en meer omvattende ("thicker") kulturele beskrywings gevind wat die innerlike kern huisves en bekragtig. Dit is in die interaksie met hierdie buitenste koevert waar daar krities gekorreleer en van fronesis gebruik gemaak word. Al die subkategorieë van die teologiese dissipline is in die buitenste koevert aanwesig en kan daarom 'n fundamentele praktiese teologie genoem word (Browning, 1996:8).

Die vier subbewegings wat in die buitenste koevert aanwesig is, is:

- 'n Analise wat begin met 'n beskrywing van die wat en waarom van gedrag (hoofstuk 2). Dit behels die diep beskrywing van Suid-Afrikaanse stories en huidige praktyke sowel as gesamentlike denke vir huidige optredes.
- Historiese teologie (hoofstuk 3) betrek die teologiese inhoud van Bybelse en historiese praktyke in die bevestiging of aantoning van ongeldige huidige bronne.
- Sistematiese teologie (hoofstuk 4) sal die korrelasiebenadering – waarin die praktyke wat in die huidige beskrywing ontleed is en die praktyke wat in die historiese teologie voorgestel word bymekaargebring word – gebruik om 'n nuwe horison voor te stel. Hierdie beweging heet kritiese korrelasie, aangesien dit aktiwiteit en tekste bymekaarbring en poog om redes vir 'n nuwe praktyk te bevorder.
- Laastens is die strategiese praktiese teologie (hoofstuk 5) die vierde skuif wat die vroeëre drie beweeg om vrae te beantwoord, naamlik: Wat moet ons doen? en Hoe sal ons lewe? Dit is 'n strategiese beweging wat die norme en strategieë van konkrete praktyke vestig in die lig van ontleding van konkrete situasies (Browning, 1996:6–13;55–56).

Browning (1996:6) maak gebruik van 'n kritiese korrelasie of kritiese hermeneutiese prakties-teologiese standpunt. In hoofstuk 2 is 'n indiepte-beskrywing gebied van die dryfkragte binne 'n problematiese praktyk wat veral aansluit by die vierde dimensie van Browning se idee van die beskrywende beweging, naamlik die omgewings-sosiale aspek. Browning dui aan dat praktiese teologie as 'n holistiese dissipline beskryf word wat teorie

en praktyk verbind. As 'n praktiese hermeneutiek word daaglikse optrede daarom vanuit 'n deontiese en aretaïese bekommernis beoordeel (Klaasen, 2014:3–5).

Sentraal in Browning¹³ se beskrywing van praktiese teologie is die idee van praxis. Praktyk verskil van praxis en Browning skryf die verskil daaraan toe dat praktyk die niepassievolle uitvoering van take behels. Die begrip “praxis” erken daarenteen aksies geloots vanuit teorieë. Praxis is teoriegelaai aksie en daarom bepleit praktiese teologie kritiese, teologiese analise van bestaande teoriegelaai praktyke.

Hierdie analise word gedoen vanuit die konteks van 'n krisis sowel as vanuit alledaagse lewenservarings. Browning is besorg oor praktiese redenasies en maak gebruik van fronesis (wysheid) wat gemik is op die beantwoording van die vraag: Wat kan gedoen word in die lig van huidige krisis en hoe sal besluitneming bestaande leefstyle beïnvloed?

Fronesis behels praktiese lewenservaring (kennis) wat met Christelike tekste verbind word. Die twee bronne word geïntegreer in die proses van besluitneming. Praktiese wysheid word benodig in hierdie kritiese proses en word geaktiveer vanuit die volgende redes, naamlik:

- Die geloofsgemeenskap benodig hulp ten opsigte van die toepassing van die Woord sowel as 'n dieper begrip van die konkretisering van geregtigheid wat versoening bewerkstellig. Vanuit hierdie navorsing is bewys dat rasseverdraagsaamheid teoreties bely word terwyl onverdraagsaamheid prakties beoefen word. Net so word goedheid bely as 'n noodsaaklike vrug in die lewens van die geloofsgemeenskap, maar die daad wat goedheid konkreet vergestalt bly meermale in gebreke. Hierdie konflik veroorsaak gevolglik 'n spanningsveld.
- Deelwees van 'n geloofsgemeenskap impliseer 'n diepgewortelde besef van verantwoordelikheid teenoor mekaar. Die dryfkrag agter 'n geloofsgemeenskap se ywer vir diakonale gemeenskapsontwikkeling is immers God se passie vir geregtigheid. Hierdie visie van God se sorg in die samelewing dring die kerk tot introspeksie. Die betekenis van versoening sowel as die teologiese integriteit van die kerk word bevraagteken. Die skep van 'n teoretiese en historiese raamwerk,

¹³ <https://ronsanders.wordpress.com/2009/07/24/a-fundamental-practical-theology-by-don-browning/>

volgens Browning, wat die aspek van omgee vir mekaar (*koinonia*) begrond, sou noodsaaklik wees vir besinning oor 'n dieperliggende begroning van versoening.

- Die Suid-Afrikaanse samelewing beleef die uitdaging om integraal te besin oor die aspek van menswaardigheid, veral in die lig van die *Imago Dei*-besef. Menswaardige optrede is gekoppel aan kommunikatiewe handeling in die samelewing en het relevansie vir aspekte soos onder andere klas, rassisme, xenofobie en seksisme. Die besef van die noodsaak vir menswaardigheid bring 'n verbintenis ten opsigte van aspekte soos wedersydse aanvaarding en diepgewortelde hoop te midde van 'n problematiese praktyk mee.
- 'n Nadere fokus op die gerigtheid van die *Missio Dei*-besef en die implikasie van wat dit behels om deel van God se sending te wees, blyk 'n duidelike impak op die veld van ondersoek te hê.
- Die rol van die kerk moet weer onder die vergrootglas geplaas word. Stilsy ten opsigte van ongeregtheid stuur 'n negatiewe boodskap wat veral die kerk se teologiese integriteit in die oë van die samelewing bevraagteken. Vrae wat onwillekeurig na vore kom is: Vervul die kerk haar profetiese en morele rol? en Het die kerk nog 'n rol om te vervul?
- Die geloofsgemeenskap is die voertuig wat God gebruik om sy liefde vir die mensdom tasbaar uit te beeld. Kerkleiers het egter nodig om vanuit fronesis die geloofsgemeenskap te begelei in dade van goedheid. Die geloofsgemeenskap is God se ambassadeurs op aarde en het die potensiaal om die gesamentlike krag vanuit geloofsgemeenskappe tot 'n "ons krag" te ontwikkel.

Kerkleiers kan diensknegleierskap modelleer en sodoende mense bemagtig, ondersteun en toerus. Hierdie modellering bemagtig sodoende die geloofsgemeenskap vir die opneem van meer verantwoordelikhede. Indien meer mense in gesamentlike spanpogings by gebeure in die gemeenskap betrokke raak, sal mense hulself meer gemotiveerd beywer vir die transformasie van die gemeenskap (Botes, 2016:189).

Kerkleiers het die verantwoordelikheid om die boodskap van geregtigheid te modelleer. Vanuit die Suid-Afrikaanse konteks is dit belangrik dat die geloofsgemeenskap die begrip "geregtigheid" waarop lewenswyses van omgee gebou word, sal verstaan (Schubeck, 2007:33).

Die boodskap van versoening en die reikwydte van God se koninkryk het geen grense nie en sal altyd relevant bly vir alle mense. Die waardes van God se koninkryk wat geregtigheid insluit, het die vermoë om die geloofsgemeenskap te bemagtig om as sout en lig in die gemeenskap te funksioneer ten spyte van die huidige omstandighede (Kruger, 2015:8–9).

Boesak (2015:14) toon aan dat 'n hernieude besef van spiritualiteit 'n transformasie kan veroorsaak in hoe plaaslike gemeenskappe behoort op te tree. Hiermee word bedoel dat Christene nie net die status quo sal aanvaar nie. Die geloofsgemeenskap sal optree teen ongeregtigheid, wat 'n rimpel-effek in die Suid-Afrikaanse samelewing kan voortbring tot versteuring van die huidige kultuur van ongeregtigheid.

In hierdie studie wat onderneem is, word vanuit 'n pinksterperspektief by De Wet (2015:12) aangesluit, wat verduidelik dat Skriftuurlike perspektiewe benodig word vir koers-aanduiding van hoe die handeling van mense ingerig behoort te word, gedagtig aan die wisselwerking tussen teks en konteks. Die Skrif alleen het die potensiaal om elke gedagte krities oop te breek en volgens die denke van Christus te rig. Elke handeling wat oorweeg word, word oopgebuig in gehoorsaamheid aan Christus.

Op hierdie wyse het Skrifhantering die potensiaal om in diens van die Woord van God te staan om met krag deur te breek in prakties-teologiese spanningsvelde. Vanuit 'n prakties-teologiese hoek, moet perspektiefbringende beginsels wat diensbaar is aan die pneumatologiese aksioma dat die Gees met krag in menseharte werk, vooropgestel word.


3.2 DIE METODOLOGIESE BOU VAN DIE HOOFSTUK

Volgens Browning (1996:174), is dit juis die b e w e g i n g van die praktiese teologie om vanaf die praktyk na die teorie en terug na die praktyk te werk te gaan, en daarom is die tweede taak van praktiese teologie die historiese. Hierdie hoofstuk het dit daarom ten doel om historiese perspektiewe rakende die kerk deur die eeue te omskryf – dit sluit Bybelse beginsels asook perspektiewe vanuit die kerkgeskiedenis in.

Werklike probleme vanuit die literatuurstudie en empiriese navorsing word in kontak gebring met die Bybelse standarde vir gemeenskappe (Kruger, 2016:9). Die historiese

moment, gebou op die raamwerk van Browning (1996:6), word gebruik om teologiese konsepte in spesifieke episodes, situasies en kontekste te interpreteer.

Browning (1996:177–178; 1996:41) se model stel voor dat daar vanaf die praktyk na teorie en terug na die praktyk beweeg word. Of soos hy dit stel: “...it goes from present theory-laden practice to a retrieval of normative theory-laden practice to the creation of more critically held theory-laden practices (Browning, 1996:177–178; 1996:41).



Figuur 3-1: Browning se model

In die beredenering van sy model, gee Browning aandag aan die verrying van die praktiese teologie deur die kontemporêre verskuiwing na praktiese filosofie. Dit is die tradisie van praktiese wysheid (*phronēsis*) of die praktiese rede wat met Aristoteles vereenselwig word (Browning, 1996:102).

Verder sluit Browning ook aan by die hermeneutiese teorie van Hans-Georg Gadamer en die kritiese teorie van Jürgen Habermas as boustene om die praktiese denkproses bevorder. Browning steun sterk op Gadamer se aanspraak dat daar belangrike analogieë is tussen die interpretasieproses, wat hy hermeneutiek noem, en Aristoteles se begrip van *fronesis* of die praktiese rede (Browning, 1996:226–227).

Browning (1996:187) is van mening dat die praktiese denkproses die sentrum/middelpunt vorm van die menslike verstand. Hierdie praktiese rede is daarom altyd omring deur wêreldbeelde wat op geloofsaannames gegrond is. Hierdie geloofsaannames word op hul beurt weer gedra deur metafore en narratiewe (Browning, 1996:236–239).

Browning (1996:6) beklemtoon die noodsaak van dialoog tussen die bestaande krisis, normatiewe tekste en die praktyk wat tradisies insluit. Dus is die fokus van hierdie normatiewe hoofstuk om vanuit die normatiewe tekste, tradisies en praktyke nuwe interpretasies te ontwikkel, antwoorde met mekaar te vergelyk, ou praktyke te verdedig en weer te implementeer. Gedurende hierdie proses, verduidelik Browning (1996:42),

word die lewe deur 'n sekere lens beskou. Hierdie lens beïnvloed die interpretasie van Skrifbeginsels.

Hierdie navorsing geskied daarom vandeur die lens van 'n pentekostalistiese paradigma waar die kernbeginsel beklemtoon dat die Bybel die geïnspireerde Woord van God is. Dit beteken ook dat die (hele) Bybel 'n betroubare openbaring van God is en dat die Heilige Gees spesifieke waarhede vanuit die Skrif wil openbaar (Nel, 2015b:6).

Drie beginsels vanuit 'n pinksterhermeneutiek relevant tot hierdie navorsing word beklemtoon, naamlik:

- die interverwantskap tussen die Heilige Gees as die Een wat die Skrif en die gelowige gemeenskap bemagtig;
- die ervaring van 'n ontmoeting met God deur sy Gees; en
- die interpretasie van die inligting in die Bybel word deur die praktyk bepaal (Nel, 2015b:16).

In die ondersoek na historiese wortels is dit daarom van belang om op Bybelse beginsels as fondament te fokus. Dié navorsing vind verder aansluiting by die metodologiese vertrekpunte van Grönum en Janse van Rensburg (2004:579–592). Die sosiohistoriese milieu wat in berekening gebring gaan word tydens die eksegeese van belangrike woorde en gedeeltes (die grammaties-historiese metode) sal die openbaringshistoriese ontvouing van geregtigheid vanaf Ou- na Nuwe Testamentiese tekste belig, asook hoe dit die herstel van verhoudings tussen mense raak.

Historiese en normatiewe perspektiewe op die begeleiding van die geloofsgemeenskap in die begrip “beoefening van geregtigheid” sal nagevors word met besondere klem op:

- Die begrip “menswaardigheid”;
- Die rol van leierskap;
- Die begrip “geregtigheid”;
- Sosiale verhoudings in die gemeenskap wat aspekte soos klas, seksisme, rassisme en xenofobie insluit;
- Die kerk as profetiese gemeenskap van geregtigheid;
- Die kerk as morele gemeenskap van geregtigheid; en
- Die kerk as terapeutiese gemeenskap van geregtigheid.

3.3 DIE METODOLOGIE VANUIT DIE HISTORIESE (GESKIEDENIS) EN DIE NORMATIEWE

Elke afdeling sal fokus op die historiese agtergrond van normatiewe begrippe. Die doel is om vanuit die kerkgeskiedenis 'n begrip te ontwikkel aangaande die beskouing van die normatiewe begrippe soos bepaal deur die eeue.

Die sosiohistoriese milieu wat in berekening gebring gaan word tydens die eksegeese van belangrike woorde en gedeeltes (die grammaties-historiese metode) sal die openbaringshistoriese ontvouing van geregtigheid vanaf Ou- na Nuwe Testamentiese tekste belig asook hoedanig die herstel van verhoudings mense raak.

Die metodiek behels dat gebruik gemaak sal word van verskillende woordeboeke, kommentare en leksikons, naamlik:

- Strong (2001), Brown-Driver-Briggs (2008) en Thayer (2007) gee woordbetekenisse wat soos volg gevind word: Ou-Testamentiese woorde word met 'n nommer H vir Hebreeus aangedui en Nuwe Testamentiese woorde met 'n G vir Grieks, soos in die geval van die woord “geregtigheid” as H6666.
- Louw en Nida (1996-leksikon), Kittel *et al.* (1978-woordeboek), en Enns en Strauss (2013-woordeboek) gee woordbetekenisse en verduidelikings. Laastens word kommentare gebruik, naamlik dié van Vine *et al.* (1996), Tannehill (1996) en Buttrick (2002), Wright (2004), Fitzmyer (2008), Dakes (2010), Wiersbe (2010), Hays en Duval (2011), Gill (aanlyn weergawe), en Longman *et al.* (2013).
- Die Afrikaanse woord “geregtigheid” sal vanuit vyf verskillende invalshoeke in die Ou en Nuwe Testament op grond van die verskillende temas beskryf word. In hierdie navorsing oor die begeleiding van die geloofsgemeenskap in dade van geregtigheid moet eerstens verstaan word dat die begrip “geregtigheid” die verstaan van 'n baie wye begrip behels. Die woordeboek van Longman *et al.* (2013:1429–1432) deel geregtigheid in verskillende kategorieë in, naamlik goddelike geregtigheid, menslike geregtigheid, gewone geregtigheid, God se geregtigheid en buitengewone menslike geregtigheid. Die vyf woorde wat elkeen 'n begrip rakende geregtigheid oordra, is:

- Hebreeuse woorde: *tsâdaq; tsedeq; tsadeqah; mishpa*
- Griekse woord: *dikaiosyne*.

Die uitgangspunt relevant tot hierdie studie is dat God goed is en dat God die mensdom innig liefhet. God wil met welwillendheid sy liefde aan die mensdom betoon (Murray & Rea, 2008:26).

3.4 HISTORIESE EN NORMATIEWE PERSPEKTIEWE OP DIE BEGELEIDING VAN DIE GELOOFSGEMEENSAP TOT DIE RIMPEL-EFFEK VAN GERECHTIGHEID

In die vorige hoofstuk is aangetoon dat die geloofsgemeenskap begelei moet word om die rimpel-effek van daad van geregtigheid, wat die herstel van menswaardigheid insluit, in die samelewing te bewerkstellig (Pieterse, 2001:122; Ries & Hendriks, 2013:2; Vorster, 2007:34).

Die vertrekpunt in die begeleidingproses behels eerstens 'n blik op die geskiedenis. Die geskiedenis is 'n lens waardeur begrippe ontwikkel het (soos bespreek in paragraaf 3.2). Elke diskoers sal daarom eerstens vanuit die historiese geskiedenis begin.

Die begeleiding van die geloofsgemeenskap, soos Fiet dit eenmaal in die beklemtoning van die agogiese oomblik onderskei het (vgl. paragraaf 2.5), speel vervolgens 'n sleutelrol. Die begrip “begeleiding” vanuit die Grieks-historiese agtergrond het destyds byvoorbeeld behels dat 'n slaaf verantwoordelikheid neem vir die opvoeding of die opleiding van 'n kind. Hierdie slaaf is 'n “agoge” genoem.

Begeleiding behels dus 'n gefokusde, aktiewe betrokkenheid (Duvenhage, 1972:36). Leierskap het 'n dimensie van 'n dienskneggestalte wat besorg is oor die begeleiding van 'n geloofsgemeenskap. Die ideaal is dat momente sal ontstaan waar die persoon wat pastoraal begelei word en op wie die agogiese moment gerig is, 'n ontdekking van “verbintenis of konneksie” sal ondervind. Hierdie verbintenis maak die persone wat begelei word medeverantwoordelik vir die betekenisvolheid van die agogiese moment.

Vanuit Fiet se begrip van die agogiese moment of veranderingsmoment, blyk dit dat dit die oomblik behels waar gemeenskap met God ervaar word. Dié gemeenskap vind plaas

op grond van die interaksie (verbintenis) met die leier as instrument en wanneer God se Woord in die hart van die hoorder bekragtig word (Duvenhage, 1972:38).

Hierdie agogiese moment (veranderingsmoment) wat die handeling in prakties-teologiese ondersoek veronderstel, skep die moontlikheid van 'n rimpel-effek van verandering. Om diensbaar te wees aan verandering, moet daar ook 'n verstaansmoment wees. Begeleiding tot die verstaan van die noodsaak vir die uitkringende effek van goedheid is daarom belangrik en dit verg refleksie van kerkleiers.

Daar word vervolgens vanuit die historiese (geskiedenis) sowel as normatiewe Skrifgedeeltes geleentheid geskep vir die begeleiding van die geloofsgemeenskap tot die rimpel-effek van geregtigheid.

3.5 PERSPEKTIEWE OP DIE SKEP VAN MENSWAARDIGHEID AS FUNDAMENTELE BEGINSEL

Getrou aan Browning se model, sal navorsing in hierdie hoofstuk geskied vanuit:

- A. Die kerkgeskiedenis (historiese) deur die eeue; en
- B. Die normatiewe navorsing na relevante tekste.

3.5.1 Historiese perspektiewe op die beeld van God in die skep van menswaardigheid

Die beginpunt van 'n Bybelse begrip van menswaardigheid word in Genesis gevind met die skepping en veral met die inagneming van die beginsel dat die mens na die beeld en gelykenis van God gemaak is, volgens Genesis 1:26–27 (Loughlin, 2016:318). Met ander woorde, die betekenis van die *Imago Dei* in Genesis 1:26–27 word as fondament vir alle menslike optredes voorgehou. Bybelgeleerdes en teoloë deur die eeue het dié betekenis egter as 'n kontroversiële kwessie beskou. Drie onderskeie menings is voorgehou, naamlik:

- Sommige het die beeld van God as bepaalde eienskappe binne die menslike aard beskou wat die fisiese, sielkundige of geestelike ingesluit het. Hierdie beskouing heet die “substantiewe vertoning” van die beeld van God.

- Ander het die beeld van God beskou as iets wat nie inherent teenwoordig in mense is nie, maar wat ondervind word as 'n verhouding tussen die mens en God of tussen twee of meer mense. Hierdie siening word die “verhoudingsbeskouing” van die beeld van God genoem.
- Laastens is die beeld van God beskou as 'n funksie wat mense verrig. Dit staan bekend as die “funksionele siening” van die beeld van God (Simango, 2012:638–656).

Al drie hierdie sienswyses kom na vore vanuit die kerkgeskiedenis. Vervolgens word die begrip “menswaardigheid”, soos wat dit op verskeie maniere vanuit die kerkgeskiedenis en Genesis 1:26–27 vertolk word, kortliks bespreek:

- Philo, beïnvloed deur Plato se idees, glo dat die mens nie self die beeld van God is nie, maar wel dat die mens “na” of “volgens dit” geskep is (Simango, 2016:173).
- Irenaeus (130 n.C. – 200 n.C.) glo dat die mens 'n mengsel van siel en vlees is. Daar is egter 'n verskil tussen die beeld van God en die gelykenis van God. Met die sondeval is die gelykenis aan God verloor, maar die mens het nog steeds beeld van God gebly (Simango, 2016:173–174). Irenaeus beklemtoon egter die behoefte vir die herstel van die mens se gelykenis aan God in Christus. Met die mens se gelykenis aan God word, volgens Irenaeus, na die morele eienskappe van God verwys, terwyl die beeld die natuurlike eienskappe van God behels. Toe Adam gesondig het, het hy die gelykenis verloor, maar die beeld het heeltemal ongeskonde gebly. Die mens word in volmaaktheid geskape, maar die “goeie en heiligheid” in die mens se karakter is egter deur die sondeval geskaad (Loughlin, 2016:321).
- In aansluiting met bogenoemde redeneer Clement van Alexandria (150 n.C. – 215 n.C.) dat 'n heilige lewenswandel die waardigheid van die mens kan vermeerder. Hierdie sienswyse het egter verskillende argumente na vore gebring. Die eenheidsbesluit is egter dat alle mense waardigheid in Christus verkry. As fondament van menswaardigheid word gevind dat alle mense in Christus gelyk is (Soulén & Woodhead, 2006:4–5).
- In aansluiting met die derde sienswyse deur Christelike skrywers rakende menswaardigheid, fokus Origenes (184 n.C. – 253 n.C.) op die einddoel van die Christelike lewe. Die mens ontvang waardigheid met die skepping. Goddelike

waardigheid word egter eers aan die einde van die mens se lewe bereik. Augustinus (354 n.C. – 430 n.C.), in aansluiting met Origenes, moedig daarom die geloofsgemeenskap aan om te fokus op die hiernamaals omdat hulle tydelike bywoners op die aarde is (Soulén & Woodhead, 2006:5).

Vanuit vroeëre geskrifte van kerkvaders is die beginsel gehandhaaf dat God aan sy skepping menswaardigheid gegee het. Omdat God dus menswaardigheid gee, is die maatstaf en norm nie ontdekbaar vanuit sosiale konvensie nie, maar in God en God se optredes, wat insluit die uitreik na mense en die omgee vir ander mense as sy maakself (Soulén & Woodhead, 2006:6).

- St. Augustine van Hippo (354 n.C. – 430 n.C.) glo dat die mens na die beeld van die Drie-enige God gemaak is. Die beeld van God is te vinde in die mens se siel (d.w.s. rasionele of intellektuele siel). Augustine beskou die beeld van God as die krag van rede en begrip wat die mens verhef maak bo alle irrasionele wesens.

Met die sondeval is die beeld van God verwoes, maar God herstel hierdie verlies met verlossing tot perfeksie. Augustinus sien Jesus Christus, die eersgeborene van die hele skepping, as die perfekte beeld van God wat God volkome reflekteer. Hierdie verandering word gevind waar die mens vernuwe word (vgl. Romeine 12:1–2) vanuit die kennis van God (Simango, 2016:174–175).

- St. Thomas Aquinas (1225 n.C. – 1274 n.C.) onderskei die beeld en gelykenis van God in die mensdom. Volgens Aquinas word daar met “die gelykenis van God” moraliteit bedoel. Die mens is goed geskape, maar met die sondeval is sy moraliteit beskadig. Die mens het egter nie die essensiële identiteit as rasionele wese verloor nie. Aquinas belig die gevalle mens se behoefte aan bonatuurlike genade sodat God sy morele gelykenis (“likeness”) kan herstel. Hy verbind beeldskap spesifiek aan die mens se rasionele vermoë, intellek of rede. Met ander woorde, die rasionele, intellektuele mens is na die beeld van God geskape.

Aquinas glo dus eerstens dat die beeld van God in alle mense gesien word weens hul rasionele vermoëns. Tweedens word ’n hoër sin van die beeld van God in onvolmaakte gelowiges gesien wat die genade van God (Christus) ervaar het, en laastens behels die hoogste sin van die beeld van God gelowiges wat verheerlik is (Simango, 2016:175).

Opsommend kan dus gesê word dat, volgens Philo, Ireanus, Augustinus en Aquinas, die mens se beeldskap en gevolglike waardigheid aan sy intellektuele

vermoë toegeskryf word (Simango, 2016:175). Die vraag kan nou ontstaan: Hoeveel intellek moet die mens hê om menswaardig geag te word?

Loughlin (2016:322) verduidelik verder dat die Westerse Christendom, na aanleiding van Augustinus se leer van sonde, 'n toenemende bewustheid ervaar het van die mens se sondige geboorte en wandel en daarom is die kruiservaring beklemtoon. Die Oosterse Christendom het egter die opstanding beklemtoon. Ten spyte van die diversiteit het die beginsels van die waardigheid van die mens nooit heeltemal verlore gegaan nie.

- Teen die 12^{de} eeu n.C. het Wes-Europa 'n vroeë humanistiese renaissance ondergaan waarin aspekte van die menslike kultuur tot 'n hoër vlak van volmaaktheid gebring is. In Franciskane soos St. Bonaventure, en Dominikane soos Albert die Grote en St. Thomas Aquinas, het humanisme ontwikkel. Christelike humanisme het egter nooit die mens verhoog tot 'n "absolute" nie, maar eerder die mens se heerlikheid beklemtoon as gegrond op God se goedheid (Loughlin, 2016:323). Die nalatenskap van die klassieke wêreld is egter nooit agterweë gelaat nie (Loughlin, 2016:324).
- Deur die eeue het verskeie interne protesbewegings teen die wanfunksionering van die kerk voorgekom. Die belangrikste en verreikendste beweging is dié van Martin Luther (1483 n.C – 1546 n.C.). Luther wou terugkeer na die suiwerheid van die evangelie en die kerk van die vroeë eeue (Loughlin, 2016:326). Hervormers, wat Zwingli, Bucer en Calvyn ingesluit het, het deelgemaak van die protestantse hervorming. Die Westerse kerklike en politieke stelsel, soos gelei deur die interpretasie van Augustinus se leer van "gebore in sonde" en die bewustheid van die mens se sondigheid, was die hooffokus. Hierdie denkrigtings het die heersende klassieke modelle van skoonheid, soos uitgebeeld deur Michelangelo in die Dawidsbeeld, as heidense simbole beskou en daarteen in opstand gekom (Loughlin, 2016:326).

Anders as Irenaeus en Augustinus, maak Luther nie onderskeid tussen die beeld en gelykenis van God nie. Hy onderskei egter die beeld van God in twee dele, naamlik die "openbare beeld" en die "private beeld". Die openbare beeld is universeel en bestaan uit die wil en die verstand. Die private beeld is die oorspronklike geregtigheid wat by die val verlore gegaan het en kan slegs by gelowiges herstel word wanneer hulle hulself bekeer. Vir Luther is die lewe 'n

geveg tussen Satan en God se koninkryk. Die mens se optrede maak hom dus deel van een van die twee koninkryke (Simango, 2016:176).

- Calvin beskou die beeld van God in die mens hoofsaaklik as in die mens se siel. Hy maak nie onderskeid tussen “beeld” en “gelykenis” nie. Die woord “gelykenis” is bygevoeg as ’n verduideliking van die eerste woord, naamlik “beeld” as ’n algemene praktyk of gewoonte onder die Hebreërs. Anders as Luther, beskou Calvin die beeld en gelykenis van God (Genesis 1:26–27) vanuit geregtigheid en heiligmaking.

Die beeld van God het met die sondeval skade gelei en die beeldskap word herstel in die wedergebore kinders van God (Simango, 2016:177–178). Met ander woorde, Luther en Calvin beskou die *beeld van God vanuit die morele gelykheid van God*. Loughlin (2016:327) benadruk die beskouing van die Hervormers dat die mens in absolute verdorheid verkeer en verlos moet word.

Hierdie begrip van die mens, wat die meeste in Puritanisme uitgedruk word, het die kultuur, samelewing en politiek van lande soos Nederland, Skotland, die noorde van Ierland en die Nieu-Engeland-kolonies radikaal hervorm. Lutheranisme en Anglikanisme, aan die ander kant, het egter nogsteeds party van die meer humanistiese tradisies van die middeleeuse kerk behou (Loughlin, 2016:327)

- In die 18^{de} eeu verwerf die filosoof, Immanuel Kant (1724–1804), bekendheid met sy morele teorie wat ’n gedetailleerde behandeling van menswaardigheid dek (Enslin, 2014:18). Twee eeue ná die ontstaan en ontwikkeling van die wetenskap sowel as die invloed van ateïsme het menswaardigheid weer ’n onderwerp van bespreking geword. Kant belig die geregverdigde spesiale posisie van die mens sonder verwysing na God of die idee dat hy na God se beeld en gelykenis geskep word (alhoewel Kant ’n Christen is). Hy beklemtoon die beginsel dat die mens ’n innerlike kern het wat die basis vorm van sy (die mens) se optredes. Hierdie innerlike kern maak die mens waardig en gee dat hy outonoom optree en nie net as middel vir ander se doelwitte dien nie. Hierdie gedagte dien ook as die motivering vir die begrip “dat alle mense gelyk is”, wat aanleiding tot die Franse Rewolusie gegee het (Loughlin, 2016:328).

Simango (2012:654) benadruk vervolgens in die lig van Genesis 1:26–27 dat die beeld van God beide die morele en verhoudingsperspektiewe uitbeeld, naamlik die morele

gelykenis aan God sowel as verhoudings, soos in die voorbeeld tussen God en die mens. Hierdie verhoudingsaspek is gebaseer op vertroue, geloof, liefde, afhanklikheid en gehoorsaamheid. Sonde beskadig egter beide die morele en verhoudingsaspekte van die beeld van God. Stemme vanuit die kerkgeskiedenis beklemtoon dus die beginsel van die nodigheid vir “bekering” of “verandering” van mense om hul optredes in lyn met God se beeldskap te posisioneer.

Hedendaagse teoloë het egter die term “menswaardigheid” eers met agterdog bejeën. Dié begrip het hand aan hand geloop met die opkoms en aktivering van menseregte met verloop van jare. Die geloofsgemeenskap kon hulself nie vereenselwig met die groot kontras tussen menseregte en die *Imago Dei*-dogma dat die mens draers van God se beeld is nie (Vorster, 2011:1).

Hierdie situasie het egter nou verander. In die huidige samelewing met al sy ongeregthede het die bevestiging van menswaardigheid weereens ’n noodsaaklike behoefte geword (Smit, 2007:61–164; Vorster, 2011:1–3). Die teologiese grondslag van menswaardigheid is daarom die fondament van alle menslike optredes en reaksies. Ongeregthede skaad egter die beeld van God en gee ’n verwronge voorstelling van die mensdom (Ferguson, 1988:329).

Teoloë soos Vorster (2005:150) vind aansluiting by bogenoemde gedagtegang, maar benadruk die beginsel dat die mens se waardigheid hoofsaaklik gebou word op die beeldskap van God (*Imago Dei*). Alle mense is vanuit hul verhouding met God menswaardig en verdien daarom om met respek behandel te word. Hierdie status is deur God self as ’n universele kenmerk aan die mens toegeken (Vorster, 2011:3–4).

Hierdie beginsel behels ook dat elke mens persoonlik aan God verantwoordbaar is in die toepassing van die beginsels van menswaardigheid (Vorster, 2005:151). Om mens te wees, behels om God se verteenwoordiger op die aarde te wees, geskape na sy gelykenis vanuit heiligheid en geregtigheid. Die mens is die verpersoonliking van God se gedagtes (Bavinck & Bolt, 2011:317). Die totale mens (siel, gees en liggaam) is dus die beeld van God. Daarmee word bedoel dat die Seun die volmaakte voorbeeld van *Imago Dei* is en dat die mens in geregtigheid en waarheid na die nuwe mens volgens die voorbeeld van Christus hunker (Bavinck & Bolt, 2011:318). Om goed te doen, berus op

die beginsel dat goedheid in elke mens as geskapene van God aanwesig is (Bavinck & Bolt, 2011:320).

Gevolgtik word vanuit Browning (1996:46) se kritiese dialoog tussen die verlede en hede in praktiese teologie aandag gegee aan die behoefte vir menswaardigheid (vgl. paragraaf 2.8.2 in die deskriptiewe hoofstuk). Menswaardige optrede teenoor **alle mense** as geskapenes word benodig, ongeag klas, ras of geslag, om hoop te kan gee in die huidige Suid-Afrikaanse konteks. Hierdie behoefte aan menswaardigheid word vervolgens na die Woord van God gebring vir verdere diskoers (Browning, 1996:49).

3.5.2 Normatiewe perspektiewe op die beeld van God in die skep van menswaardigheid

Die volheid van menswaardigheid word slegs in Christus gevind (Tenai, 2016:6). Die huidige begrip van beeldskap is daarom belangrik vir die vestiging van menswaardigheid. Beeldskap behels nogsteeds verskillende betekenis vanuit verskillende kommentare (Hays & Duval, 2011:44). In ooreenstemming met paragraaf, 3.5.1 kom die kernbegrip van enige navorsing oor die menswaardigheid van die mens, hetsy man of vrou, uit Genesis 1:26 (Matsveru & Gillham, 2015:34).

Menswaardigheid gekoppel aan die begrippe “beeld” en “gelykenis” van God word vervolgens vanuit Genesis 1:26–27 nagevors:

Genesis 1:26: “En God het gesê: Laat Ons mense maak **na Ons beeld (tselem)**, na Ons gelykenis, en laat hulle heers.”

En Genesis 1:27: “En God het die mens geskape na sy **beeld (tselem)**; na die **beeld (tselem)** van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape”.

Die mens word geskep na die beeld van die Drie-enige God. Die omvang van die begrip “**beeld**” (**H6754**) **tselem צלם**, soos vanuit verskillende betekenis, behels die volgende, naamlik:

- Louw en Nida (1989:65) vertaal die woord “beeld” as:
 - ’n Voorwerp wat nie noodwendig driedimensioneel blyk te wees nie, maar wat gevorm is om soos ’n god, persoon of dier te lyk;

- gelykvormheid aan die Drie-eenheid.
- Strong (2001:767) verduidelik dat die Hebreeuse woord “’n skadubeeld” beteken. Strong (20014:18) belig egter die betekenis vanuit Genesis 5:3 met die gebruik van die woorde **demûth (H1823) תמונה**, naamlik: “Toe Adam honderd en dertig jaar oud was, het hy ’n seun verwek na sy gelykenis, na sy **ewebeeld**, en hom Set genoem.” Die woord “ewebeeld” in hierdie sin beteken “afbeelding”, soos die norm was vanuit die heidense kultuur met die maak van beelde as ’n ewebeeld.
- Dakes (2010:2) vind aansluiting by Strong en beklemtoon die mens se skepping as God se ewebeeld (Genesis 5:1&3).
- Louw (1989:124) toon verder aan dat:
 - Beide terme, naamlik “beeld” en “gelykenis”, omruilbaar gebruik kan word as sinonieme.
 - Volgens die Hebreeuse gebruik van parallelismes, is hierdie woorde met ander woorde ’n verduideliking van mekaar.
- Navorsers soos Wiersbe (2010:8&9) brei verder daarop uit dat God die mens, as sy heerlijkheid, met alles toegerus het wat nodig is vir funksionering as *Imago Dei*. Die mens is in effek nie net die lewende beeld van God op die aarde nie, maar besit ook die taak om die aarde te versorg. God het selfs die skepping onder die mens se beheer (Genesis 1:28) geplaas (Wiersbe, 2010:35).

Die mens is geskape om gemeenskap met mekaar sowel as met God te geniet. God het egter aan die mens ’n wil gegee en daarom word die mens bemagtig om te kies of hy gemeenskap met God en ander mense wil najaag. Hierdie verantwoordelikhedskeuse behels ’n keuse vir lewe, dood, verhouding en isolasie (Wiersbe, 2010:9).

Wiersbe (2010:36) benadruk ook die verantwoordelikheid wat aan die mens opgedra is om die skepping mooi op te pas. Hierdie waarderende bewaring van die skepping sluit die respektvolle hantering van alle mense in.

- Hays en Duval (2011:44) is van mening dat beeldskap ook die volgende aspekte insluit, naamlik:
 - dat Adam en Eva nie ’n spesifieke ras of kultuur verteenwoordig nie, maar die hele menslike ras;

- dat alle rasse en alle mense (wat insluit man en vrou), van watter ekonomiese vlakke ook al, spesiale status en waardigheid beklee as beelddraers van God.
- dat die mensdom as God se verteenwoordigers deur Hom aangestel is om sy skepping te bestuur; en
- dat alle mense in 'n sekere sin dieselfde as God is vanuit aspekte soos die mens se geestelike, emosionele en verhoudingsbehoeftes.

Alle mense is dus doelgerig as verteenwoordigers (gesante of ambassadeurs) van God geskep om met 'n spesifieke opdrag op aarde te funksioneer, naamlik om die aarde te bewerk en bewaak (Botes, 2016:120–125).

Soos bespreek in hoofstuk 1 (paragraaf 1.1.2), asook deurgaans in hoofstuk 2 (bv. in paragraaf 2.3), word die mens se waardigheid (beeldskap) egter deur verskeie faktore aangetas wat onder andere die mens se onvermoë om basiese ekonomiese lewensmiddele te bekom, insluit. Ander faktore wat menswaardigheid aantast, is onmenslike optredes en werksomstandighede. Alle mense het bepaalde regte, vryhede en verantwoordelikhede in hul menswaardigheid (Vorster, 2005:152). Die berowing van menswaardigheid is in konflik met die skepping van die mens as beeld van God (*Imago Dei*) en as die kroon van die skepping (Hays & Duval, 2011:44).

Matsveru en Gillham (2015:37) beklemtoon daarom die belangrikheid daarvan dat die geloofsgemeenskap menswaardigheid as verhewe bo enige menslike beleid, konvensies, handveste of enige ander wetgewende instrumente beskou. Dit is iets wat God tot stand gebring het en is nie 'n menslike uitvinding nie. Die waardigheid van beide mans en vroue moet dus gehandhaaf word in erkenning van en onderdanigheid aan God se soewereine skeppingplan.

Vorster (2005:152) belig faktore wat afwyk van God se plan en menswaardigheid skend soos onder andere rassisme, xenofobie, seksisme en armoede. Menswaardigheid word nie bepaal deur die mensdom se verskille of ooreenkomste nie, maar eerder vanuit God se ontwerp van vroue en mans wat as God se beelddraers dien (Matsveru & Gillham, 2015:38). Die skending van die beeld van God in ander mense is daarom 'n oortreding teen God (Vorster, 2005:162).

Die groot probleem is egter dat mense deur vooroordele en persepsies geleer word om medemense as beter- of minderwaardig te kategoriseer. Hierdie indelings verwar egter die funksionering van die mens in God se skeppingsplan volgens God se bepaling van waarde. Elke rol wat elke mens vervul, ongeag of dit deur 'n man of 'n vrou is, of van watter ras of stand ook al, moet geëer word tot die heerlijkheid van God en tot die vervolmaking van die goeie van die mensdom (Matsveru & Gillham, 2015:38).

Vanuit die Suid-Afrikaanse speelveld belig Ackah (2015:238) die potensiaal van godsdiens gebaseer op die beginsel dat die mensdom waardigheid in Christus het. Godsdiens het die potensiaal om die basis van 'n nuwe samelewing te vorm. Godsdiens het selfs die potensiaal om die verwantskap van familie en etniese ras te oorskry. Ras gebou op uitsluitingsmaatstawwe van wit en swart beroof 'n volk van hul waardigheid. Suid-Afrika benodig daarom 'n nuwe samelewing wat alle mense waardig ag as geskapenes van God (Ackah, 2015:239; Maluleke, 2007:54).

In die vestiging van 'n nuwe samelewing word leiers benodig. Die Bybel getuig van baie leiersfigure wat 'n voorbeeld stel van beide Godsgehoorsame uitoefening van leierskap asook afvalligheid op die gebied van leierskap. In die hedendaagse uitdagings van geregtigheid is daar dus 'n nuwe appèl op leierskap (Maxwell, 2007:272–273).

3.6 LEIERSKAP SE ROL IN DIE VESTIGING VAN GERECHTIGHEID

Die belangrike rol wat leierskap vervul, word nagevors vanuit die volgende twee indelings, naamlik:

Historiese perspektiewe op kerkleiers se rol in die skep van menswaardigheid sowel as die normatiewe perspektiewe op kerkleiers se rol in die skep van menswaardigheid.

3.6.1 Historiese perspektiewe op leiers se rol in die vesting van geregtigheid

Vanuit die historiese word daar daarom 'n agtergrond asook 'n lens gegee tot verdere begrip vir die vestiging van geregtigheid met behulp van leierskap, naamlik:

- Die eerste kerk se leiers het in 'n multikulturele samelewing geleef (Clark, 2000:3). Leierskap in die Grieks-Romeinse era was 'n funksie wat deur die elite verrig is, maar sedert die ontstaan van die eerste kerke het armes wel geleentheid gekry om mag en invloed uit te oefen (Clark, 2000:3). Hierdie geleenthede het veral gefunksioneer vanuit vrywillige organisasies, professionele gildes en vakbonde wie se lidmaatskap uiters gewild was in hierdie tydsgleuf. Konstitusies het spesifieke riglyne neergelê vir die verkiesing van leierskap vanuit die beginsel van verdiende posisies beklee deur nieburgerlikes sowel as slawe. Selfs in die Romeinse bewind is arm en ryk aan leierskapsposisies blootgestel (Clark, 2000:4).
- Griekse leierskap in die Grieks-Romeinse stede het nie net Grieks-gebore lede ingesluit nie, maar ook ander gemeenskappe wat Grieks magtig was en op die Griekse model gefunksioneer het. Hierdie stede het op 'n kenmerkende manier gefunksioneer (Clark, 2000:11). Sedert die 6^{de} eeu v.C. het selfregering behels dat 'n Raad daagliks byeengekom het om sake te bespreek. Al die mans van die stad was deel van 'n tweede leierskapsgroep en het gelyke stemreg gehad (Clark, 2000:13,16).

Ook die kerk het vanuit die samekoms van mense gefunksioneer en nie as die institusie (gebou) nie (Clark, 2000:12). Godsdienst was deel van alledaagse, algemene besluitneming (Clark, 2000:20). Handeling 19 dien as 'n tipiese voorbeeld van mans wat alledaagse probleme op die Grieks-Romeinse styl gehanteer het (Clark, 2000:20). Hierdie styl het behels dat die godsdienstige en politieke samelewing een was, soos in die voorbeeld van Athene waar afgode volop verteenwoordig was. Die algemene etos (kultuur) was dat gode direk verantwoordelik was vir die guns of vloek op die stad (Clark, 2000:20–21).

Die leierskap van die stad het daarom die verantwoordelikheid gehad om 'n nuwe god te erken of verwerp. Aangestelde mans het namens die stad in alle godsdienstige besluite opgetree. Die gemeente het verantwoordelikheid vir sektes geneem (Clark, 2000:23).

Clark (2000:26) toon aan dat die kerkleierskap nooit van die politieke sisteem losgemaak is nie. Dit was nie vreemd om gelyktydig as politikus en kerkleier te

dien nie, soos in die geval van Julius Ceaser as hoofpriester (*pontifex maximus*) en keiser (Clark, 2000:27). Handeling 19:24–37 is 'n voorbeeld van die priesters in hul rol as administrateurs (Clark, 2000:30). Beide die priester sowel as die magistraat is wel vanuit invloedrykes (die elite) verkies (Clark, 2000:32). Kenmerkend egter van die eras was die motiewe van die leiers, naamlik persoonlike ambisie en eer as onderliggende behoeftes (Clark, 2000:33).

- Leierskapsfunksionering in die Romeinse kolonie en stad het van die Grieke s'n verskil weens verskillende konstitusies, maar die elite, as aangestelde leierskap in kerklike sowel as politieke ampte, het baie ooreenkomste getoon. Leierskap se eiebelang is vooropgestel sowel as hul eie reputasie as hoëprofiellede van die gemeenskap. Die leier se naam en daad was daarom op elkeen se lippe sowel as die stad se standbeeld (Clark, 2000:58).
- Ter bevestiging van die rolle beskou die historikus Philostorgius (320 n.C. – 425 n.C.) 'n nuwe verband tussen keiser en kerklike leierskap as die ideaal van die Romeinse Ryk. Eusebius, 'n geskiedkundige uit die vyfde-eeuse kerk, is van die oortuiging dat Romeinse keisers wettig erken is as goeie keisers en as ortodokse Christene, maar hul posisie was ondergeskik aan die biskoppe (Lankina, 2018:693–694).

Die algemene siening is daarom dat God keisers deur eksterne tekens verhef, soos hemelse verskynsels of militêre oorwinnings. In die geval van goddelike biskoppe word goedkeuring weer bevestig deur hul karakter en ooreenstemmende daad of gedrag (Lankina, 2018:697). Die gedagte is egter dat keisers en biskoppe gesamentlik moet leiding gee in kerklike sake (Lankina, 2018:698).

Die geskiedenis word oorheers deur voorbeelde van spanning en wedersydse wantroue tussen biskoppe en keisers tydens onderlinge samewerking. Keisers het ongelukkig vanuit 'n monopolie van mag opgetree en daarom was ballingskap dikwels die voorland van biskoppe wat nie wou saamwerk nie. Biskoppe het onafhanklik opgetree in die bereiking van hul doelwitte teen die keiser. Die geskiedenis is daarom gekenmerk deur 'n konstante heen-en-weerstryd (Lankina, 2018:706). Hierdie stryd belig die onvermoë van biskoppe en keisers om suksesvolle rolvulling uit leef sonder harmonie en ondersteuning (Lankina, 2018:710).

- Vanuit hierdie konstante stryd het die protestantse hervorming¹⁴, of die Europese hervorming, 'n skeuring in die Westerse Christendom laat plaasvind. Dit het gelei tot die verdeling van die Westerse Christendom in verskillende belydenisse (Katolieke, Lutherse, Hervormde, Anglikaanse, Anabaptiste, Unitariese, ens).

Daar was reeds vroeëre pogings deur mans soos Jan Hus, Peter Waldo, John Wycliffe en Girolamo Savonarola om die Katolieke Kerk te hervorm. Martin Luther (Wittenberg) in die 16^{de} eeu as voorloper, gevolg deur mans soos Huldrych Zwingli (Zürich), Johannes Calvyn (Genève) en ander protestantse hervormers, veroorsaak egter 'n rimpel-effek van geregtigheid in Europa. Hulle lewer kritiek op die verkoop van afleggings en ontbloot leuens soos die pous se gesag oor die vagevuur en die Katolieke leerstelling van die verdienste van die heiliges. Hierdie era duur van 1517 tot en met die einde van die Dertigjarige Oorlog in 1648.

Die Hervorming het leerstellings veranderings ingesluit soos 'n algehele vertroue in die Skrif as die enigste bron van behoorlike geloof (*sola scriptura*) en die oortuiging dat Jesus geloof vereis en nie goeie werke nie as die enigste manier om God se vergifnis vir sonde te verkry (*sola fide*). Die kernmotivering agter hierdie veranderings was teologies, maar baie ander geregtighedsaspekte het egter ook 'n rol gespeel, soos die opkoms van nasionalisme, die Wes-Schismus wat lojaliteit teenoor die pousdom verwag het en die waargenome korrupsie van die Romeinse Kurie.

Verdere leerstellings wat vooropgestel is, was humanisme (gekoppel aan menswaardigheid). Baie ongeregtighede vanuit die renaissance-era wat as tradisionele optrede beskou is, is as sulks bevraagteken. Die reproduksie van Gutenberg se drukpers het die middele voorsien vir die vinnige verspreiding van godsdienstige materiaal in die volkstaal.

Die Katolieke Kerk het met 'n teenreformasie gereageer wat in 1545 deur die Raad van Trent geïnisieer is, en 'n nuwe orde, die Jesuïete, is reeds in 1540 gestig. Noord-Europa, met die uitsondering van die meeste mense in Ierland, het onder die invloed van Protestantisme gekom. Suid-Europa het oorwegend Katoliek gebly. Sentraal-Europa het ook 'n plek van hewige konflik geword wat op die Dertigjarige Oorlog uitgeloop het.

¹⁴ <https://en.wikipedia.org/wiki/Reformation>

Ten spyte van die stereotipiese en by tye vulgêre anti-kerklike propaganda wat oor die algemeen die priester in die diens van die magtige en bevoorregte sosiale groepe beskou het, het die kerk haarself as 'n sosiale krag gevestig. Biskoppe het druk van binne sowel as buite op die kerk uitgeoefen (Greyling, 2016:70). “Dinamiese leiers” wat totaal uit voeling met die mense was, het streke beheer en binne 'n kort tydjie die kerk in 'n instituut verander (Greyling, 2016:70).

- Keiser Konstantyn, met sy eie dubbele agendas, het die era van vervolging beëindig en die kerk het weer spesiale status verkry (Ferraroti, 1990:437). Die menslike massas het egter 'n nuwe soeke na bevryding gesmaak.

Vanaf die vroegste tye is armoede deur die institusionele “kerk” as 'n onafwendbare manier van bestaan verklaar, 'n bestemming te wyte aan die geheimsinnige werk van 'n Voorsienigheid waaraan mense niks kon doen nie. Met die nuwe bevrydingsdenke is vrae en eise gestel wat die reg tot 'n waardige lewe en welvaart ingesluit het.

Die gemarginaliseerdes is bevry en dit het 'n hunkering na die bevryding van armoede ingesluit. Armoede veroorsaak deur strukturele faktore was nou onaanvaarbaar en 'n rimpel-effek van opstand was aan die opbou – selfs al het dit opstand teen kerklike vestings beteken (Ferraroti, 1990:441). Teoloë soos Kruger (2015:4) plaas vandag hierdie selfde verantwoordelikheid vir die vestiging van menswaardigheid voor die deur van kerkleiers. As liefhebbers van mense het kerkleiers die verantwoordelikheid om mense waardig te ag en met respek te behandel. Hierdie gesindheid van respek word juis as voorloper benodig om mense in plaaslike gemeenskappe byeen te bring in samesprekings en dialoog tot moontlike oplossings vir probleme. Die postmoderne era word gekenmerk deur spanleierskap in plaas van desentralisasie en individualisme (Greyling, 2016:116).

Na aanleiding van bogenoemde, word die noodigheid vir die normatiewe diskoers in die ondersoek na die rol van leierskap vanuit die Woord dus na vore gebring.

3.6.2 Normatiewe perspektiewe op leiers se rol in die vestiging van geregtigheid

Wright (2004:174) beklemtoon die nodigheid vir die toepassing van geregtigheid ten alle tye. Hierdie toepassing word deur God in die hande van die leiers geplaas. Met die term “leiers” word verstaan dat dit die mense is met die hoogste magposisies in die samelewing, die mense wat dus die toepassing van geregtigheid kan verwesenlik.

3.6.2.1 *Riglyne ten opsigte van die keuse van leierskap vir die vestiging van geregtigheid*

Vanuit die geskiedenis word die invloed van leiers wat geregtigheid toepas duidelik onderskei. In Eksodus gee Jetro byvoorbeeld vir Moses raad om sy werk beter te doen deur te delegeer en leiers aan te stel om die volk na die beloofde land te lei. Hy fokus op karaktereienskappe wat geregtigheid laat gedy, naamlik die vereiste dat dit betroubare leiers moet wees wat “onregverdige wins haat”. Hierdie eienskap word daarom nou eksegeties nagevors aan die hand van verskeie Bybelse teksverse:

Eksodus 18:21 “Maar kies jy uit die hele volk bekwame manne wat God vrees, betroubare manne wat onregverdige wins (betsa') haat. En stel dié aan oor hulle: owerstes oor duisend, owerstes oor honderd, owerstes oor vyftig en owerstes oor tien.”

'n Woordstudie word gedoen vanuit:

- a) Verskillende aanlyn vertalings wat die *Christian Standard Bible*, *Good News Translation*, *God's Word Translation*, *King James Version* en die *New International Version* insluit;
- b) Strong (2001); en
- c) Wikipedia.

Die beginsel van “leiers wat **onregverdige wins haat**” – **betsa'** (H1215) בָּצַע – beteken gevolglik:

- Verskillende vertalings gebruik die volgende woorde om die begrip beter te verklaar, naamlik leiers moet gekies word:
 - Who hates dishonest profit (*Christian Standard Bible*)
 - Who can be trusted and who cannot be bribed (*Good News Translation*)
 - Who hates corruption (*God's Word Translation*)

- Who hates dishonest gain (*New International Version*)¹⁵
- Strong (2001:378) is van mening dat die betekenis die haat van ongeregtigheid behels. In hierdie geval word daar met “onregverdige wins” spesifiek hebsug (gierigheid) bedoel.
- Wikipedia verduidelik “gierigheid” as ’n onversadigbare verlange na wesenlike wins. Hierdie begeerte kan geld, kos, mag of status insluit. As ’n sielkundige konsep behels hebsug ’n buitengewone begeerte om meer as een van die begeertes te bevredig of in besit te neem¹⁶.
- Die kruisverwysing na Eksodus 18:21 in die verkiesing van leierskap is Handeling 6:3, naamlik:

“Kyk dan uit, broeders, na sewe manne uit julle, **van goeie getuienis**, vol van die Heilige Gees en wysheid, wat ons oor hierdie nodige saak kan aanstel”¹⁷ (ook vgl. 1 Timoteus 3:1–12).

In die Nuwe Testament gee Paulus aan Titus raad aangaande die verkiesing van leierskap. Titus 1:7 lui:

“Want ’n opsiener moet as ’n rentmeester van God onberispelik wees, nie eiesinnig, nie oplopend, geen drinker, geen vegter, geen vuilgewinsoeker nie”

- Sinonieme vir “geen vuilgewinsoeker” in verdere vertalings maak van die volgende woorde gebruik, naamlik:
 - Greedy for gain (*New International Version*)
 - Dishonest with money (*New Living Translation*)
 - Not given to filthy lucre (*King James Version*)¹⁸

Heward-Mills (2018:54) verklaar die volgende onrusbarende beginsels rakende hebsug, naamlik:

- Dat hebsug enige organisasie in armoede sal laat beland;
- dat ’n organisasie wat politieke gediensdigheid en voordele bo die behoefte van mense stel loodreg teen die beginsels van geregtigheid funksioneer;
- dat ’n organisasie wat deur nepotisme in plaas van geregtigheid gelei word homself

¹⁵ <https://biblehub.com/exodus/18-21.htm>

¹⁶ <https://en.wikipedia.org/wiki/Greed>

¹⁷ <https://biblehub.com/exodus/18-21.htm>

¹⁸ <https://biblehub.com/titus/1-7.htm>

sal vernietig;

- dat 'n volk wat uit hebsug eerder as norme en waardes gelei word, verdoem is. Heward-Mills (2018:54) belig as voorbeeld hiervan die feit dat Suid-Afrikaanse leiers eerder oorsese hospitale as plaaslikes gebruik. Hierdie optrede dui 'n rede vir kommer aan vanuit die huidige wanpraktyke in Suid-Afrikaanse hospitale en skole;
- dat 'n organisasie wat deur partydigheid en begunstiging as norm geregeer word geen hoop het nie. Indien aanstellings geskied op grond van wie jy ken en wie jou vriende is, in plaas van vernuf, kan die organisasie nie floreer nie.

Vanuit die geskiedenis en huidige voorbeelde het menige leier se hebsugtige begeertes (gierigheid) hulle van God se standaard vir 'n lewe van geregtigheid weggelei. Die standaard vir leierskap vanuit geregtigheid word daarom nou in diepte bespreek aan die hand van Spreuke 16:12 (Heward-Mills, 2018¹⁹).

3.6.2.2 *Leierskap gefokus op geregtigheid*

Spreuke 16:12 “Dit is 'n gruwel vir konings om goddeloosheid te doen, want deur geregtigheid (tsedâqâh) word die troon bevestig.”

- Strong (2001:610) fokus op **konings – (H4428) melek מֶלֶךְ** – of adellikes om as leiers in geregtigheid te lei;
- Die aanlyn kommentaar van Jamie, Fausset en Brown²⁰ (aanlyn kommentaar) benadruk die belangrikheid van heersers (“rulers”) om in geregtigheid te lei.
- Keil en Delitzsch²¹ (aanlyn kommentaar) fokus verder op leiers se verantwoordelikheid om hulself teen negatiewe invloed te beskerm (Spreuke 25:5). Die beginsel is dus dat die goddelose voor die koning verwyder moet word, dan sal sy troon deur geregtigheid bevestig word. Hiermee word spesifiek verwys na die verwydering van die slegte invloed van “bose” raadgewers.

¹⁹

<https://books.google.co.za/books?id=3jBpDwAAQBAJ&pg=PT184&lpg=PT184&dq=leiers+en+hebsug&source=bl&ots=7hNLIZTu5C&sig=ACfU3U0E7WI2LR6RkN1Z>

²⁰ <http://www.biblesupport.com/e-sword-downloads/file/9412-jamieson-fausset-and-brown%E2%80%99s-commentary-on-whole-bible-unabridged-6-vols/>

²¹ <https://www.cwgmministries.org/e-sword-worlds-most-popular-bible-software-and-its-free>

Die koning of die heerser, die persoon in leierskap, moet volgens Spreuke 16:12 sy troon deur geregtigheid (**ts^edâqâh**) bevestig. Die woordsbetekenis van “**reg**” – (**H6663**) **tsâdaq** רָדַף – word daarom in diepte ondersoek as die eerste van vyf woorde wat geregtigheid uitbeeld.

Die betekenis van die woord “**tsâdaq**” (reg) in die toepassing van geregtigheid behels dus:

- Brown *et al.* (2008:842) beklemtoon die verantwoordelikheid van die leier wat vanuit daad van geregtigheid moet lei. Hierdie daad van geregtigheid beloof ’n beloning vir die een wat ander na regverdigheid lei – hul sal vir ewig soos sterre glinster (Daniël 12:3) (Brown *et al.*, 2008:843).
- Wright (2004:177) en Strong (2001:762) beklemtoon God se verwagting dat verteenwoordigers op aarde namens Hom sal optree in die vestiging van regverdigheid – dit word veral benodig in die voorsiening vir armes. Arm en benadeelde mense is totaal afhanklik van die Here vir regspraak soos aangetoon in Psalm 82:3: “Doen reg aan die swakke en die wees; gee aan die ellendige en die arme sy reg (tsâdaq).”

Ongeregtigheid versus regverdigheid (geregtigheid) beteken dus dat een persoon ten gunste van ’n ander benadeel of bevoordeel word (Wright, 2004:173). Longman *et al.* (2013:987) beklemtoon die nodigheid vir regverdigheid as die norm van ’n gemeenskap. Hierdie norm word in die alledaagse optredes benodig as ’n lewenswaarde vir elke mens. “Reg” hou dus nie net voordele vir goeie bestuur, wat orde skep, in nie, maar is tot voordeel van ’n hele samelewing.

- Strong (2001:762) is daarom van mening dat dit die verantwoordelikheid van elke gelowige is om nie onbetrokke te bly in onregverdige situasies nie, maar om toe te sien dat reg geskied. Gelowiges het die verantwoordelikheid om die oorsaak van ongeregtigheid reg te stel. In Genesis gee Juda as leier die toon aan in die vestiging van geregtigheid met Tamar wat buite die huwelik swanger is en steniging in die gesig staar. Juda, wat die verhoor bywoon en die aanklag teen haar aanhoor, staan op vir geregtigheid en maak ten koste van homself haar onskuld aan almal bekend. Sy belydenis sorg dat Tamar regverdigheid en vrypraak ontvang (Genesis 38:26) (Longman *et al.*, 2013:987).

Die Ou-Testamentiese prentjie van geregtigheid beeld God se persoon en wil in morele

opregtheid, regverdigheid, geregtigheid, integriteit en getrouheid uit. God is geregtig tot in die uiterste sin. Geregtigheid vanuit menslike optredes word daarom as die teenoorgestelde van boosheid beskou (Longman *et al.*, 2013:1429–1430).

3.6.2.3 *Regverdige optredes kan 'n potensiële rimpel-effek veroorsaak*

- Vanuit die woord “**tsâdak**” gebruik Brown *et al.* (2008:842) die voorbeeld van die opkomende koning Absalom wat daagliks mense in die koningshof bystaan. Die mense het 'n verlange na regverdige vryspraak in regstelsels. Absalom ken die voorskrifte vir regverdigheid en op die oog af word dit belowe. Hierdie “omgee” en valse goedheid het 'n rimpel-effek, maar in dié geval 'n negatiewe een vanuit ongeregtheid, naamlik hebsug. Die motiewe van Absalom se hart word ontbloot en magsug oorwin die goeie. Absalom het die volk vir vier jaar bedien en elke onreg hanteer asof hy regtig omgee. Hierdie magsug veroorsaak op die lange duur dat koning Dawid, Absalom se pa, vir sy lewe vlug en chaos in die samelewing heers (vgl. 2 Samuel 15:2).
- Strong (2001:762) vind aansluiting hierby en beklemtoon vanuit Eksodus die beginsel dat alle mense dieselfde behandeling moet kry:
 - Eksodus 23:6 “Jy mag die reg van arm mense in hulle regsak nie verdraai nie.”
 - Eksodus 23:7 “Hou jou ver van valse sake af. En moenie die onskuldige en die wat reg (**tsâdaq**) het, ombring nie, want Ek sal die skuldige nie regverdig (**tsâdaq**) verklaar nie”.

Daar is 'n verantwoordelikheid aan die geloofsgemeenskap gegee om reg teenoor die arme en benadeelde te laat geskied. Vanuit die deskriptiewe hoofstuk (vgl. Tabel 2-11: B-V5) is daar aangedui dat van ons huidige Suid-Afrikaanse uitdagings juis behels dat hofstelsels in duie stort as gevolg van korrupsie. Bose mense ontvang vryspraak en onskuldiges word van geregtigheid beroof.

- Kommentare van Barnes²² verduidelik die agtergrond vir Eksodus 23:6–9 en die rimpel-effek wat vanuit die regte toepassing van die wet kan geskied. Volgens hom het regters vier voorskrifte as norm gehad in die uitoefening van regverdigheid (geregtigheid), naamlik:
 - *Om aan armes reg te doen*: Regters is aangestel om die armes teen die onderdrukking van die rykes te verdedig. Regters het ook die

²² <https://biblehub.com/commentaries/barnes/acts/2.htm>

verantwoordelikheid gehad om te verseker dat getuienis nie vervals word weens jammerte nie.

- *Om die doodstraf versigtig en slegs met genoeg bewyse op te lê.* Twyfelagtige sake is aan God self oorgelaat, wat die goddelose nie sou regverdig en hom ook nie ongestraf sou laat bly nie, alhoewel hy deur 'n aardse tribunaal vrygespreek kon word (Eksodus 23:7).
- *Om geen omkoopgeld of geskenke te neem wat oordele kan benadeel nie* (Eksodus 23:8; Handeling 26:26, asook Numeri 16:15 en 1 Samuel 12:3).
- *Om die regte van die vreemdeling (immigrant) te beskerm as amptelike plig* (Eksodus 23:9).
- Bybelse skuldeisers of werkgewers (as leiers) is aangesê dat hulle 'n verantwoordelikheid het om vanuit ekonomiese of sosiale mag regverdig op te tree en mense nie uit te buit nie (Deuteronomium 24:12–14 en Deuteronomium 15:13–14). Hierdie appèl is ook op elke lid van die geloofsgemeenskap gerig. Die opheffing van die armes (benadeeldes) word as 'n gehoorsame daad aan God beskou. God het elke lid van die geloofsgemeenskap verantwoordelik gemaak vir die voorsiening aan die armes en behoeftiges deur die wet. Elke tempelaanbidder het die verantwoordelikheid gehad om nie alleen vir God 'n offer te bring nie, maar ook vir die armes en behoeftiges (Wright, 2004:174).
- Jones (2018:506) verklaar dat as geregtige leiers voorspoed vir soveel mense moontlik begeer en maksimum geregtigheid laat geskied, in betekenisvolle, gesonde langtermynverhoudings belê en soveel mense moontlik aan vaardighede, inligting en kennis blootstel, dit móét lei tot die oorbrugging van groot ongelykhede, asook tot sosiale kohesie en diepgaande versoening. In teenstelling hiermee lê slegte leiers klem op enkele aspekte en, soos gesien vanuit die geskiedenis, dikwels eie voorspoed, gierige begeertes en beskerming van hulself en hul bates ten koste van ander. Gevolglik is dit ook ten koste van versoening en heling.
- Vanuit die diskoers rakende die term “**tsâdaq**” som Longman *et al.* (2013:987) die betekenis daarvan in twee woorde op, naamlik regverdigheid en geregtigheid. Regverdigheid vereis die nakoming van Goddelike standaarde en word gemeet aan die standaard van wat reg en billik is volgens die samelewingsnorme. God is die bron van geregtigheid en daarom word die fokus dus eerstens op God se rol in die toepassing van geregtigheid geplaas.

Samevattende perspektiewe vanuit die woord “**tsâdaq**” behels:

- Die toepassing van geregtigheid is vir God belangrik en Hy sal verseker dat regverdige vrypraak gegee word;
- Regstelsels benodig die beginsels van reg as die fondament van alle besluite, ongeag mense se status of geld;
- Alle mense behoort dieselfde behandel te word;
- God plaas die verantwoordelikheid vir optredes teen onregverdige situasies op die mense wat in die vermoë is om op te tree (diegene wat die grootste mag het);
- Die opheffing van die benadeelde (armes) met liefdeshandelinge word vereenselwig met 'n gehoorsame daad aan God;
- God hoor die geroep van diegene wat totaal van Hom afhanklik is. Die kerk (geloofsgemeenskap) is sy aangestelde ambassadeurs wat in armes se behoeftes moet voorsien.

3.6.2.4 Regverdige optredes vanuit die perspektiewe op die woord “mishpât**” (oordeel of geregtigheid) H4941**

In aansluiting by bogenoemde toepassing van geregtigheid deur leierskap toon Zodhiates (1992:1746) aan dat hierdie belangrike woord meer as 400 keer in die Bybel as 'n regsterm gebruik word. In Prediker 12 word dit soos volg gebruik:

Prediker 12:14 “Want God sal elke werk bring in die gerig (**mishpât**) wat kom oor al die verborge dinge, goed of sleg.”

Die woordsbetekenisse van **mishpât** is vanuit die ontledings van Longman *et al.* (2013), Strong (2001) en Brown *et al.* (2008) die volgende, naamlik:

- Longman *et al.* (2013:987) verduidelik dat **mispât** standaardwetgewing voorhou in enige aspek van burgerlike of godsdienstige regering. God se wette is verhewe bo enige ander wette en daarom moet alle optredes volgens sy bepalinge as die norm wees. God se karakter word vanuit sy geregtigheid uitgebeeld. In die geval van arbitrasie tussen partye sowel as in die bepaling van skuld, of die administrasie van die nodige sanksies of vrypraak, is die toepassing van geregtigheid daarom sy bepaling;

- Brown *et al.* (2008:606) vind aansluiting by bogenoemde, naamlik dat geregtigheid toegepas sal word in die uitspraak of die beslissing van 'n saak of die uitvoering van oordeel.
- Strong (2001:642) verdeel die woord in twee hoofbetekenisse, naamlik: 'n uitspraak (gunstig of ongunstig) of regspraak vanuit 'n bepaalde reg of voorreg (statutêr of gewoon). God beskerm die reg van die vreemdeling in die land (Esegiël 22:29), met ander woorde God tree op teen die onreg wat teen immigrante gepleeg word, soos in die huidige gevalle van xenofobie in Suid-Afrika.

Die woord “**mispât**” belig dus die feit dat God juis die benadeelde groepe beskerm (Psalm 146:7–9). Keller (2010:4) definieer die armes en benadeeldes as die weduwees, weeskinders, immigrante en diegene wat nie geld het nie.

Die geregtigheid van 'n samelewing, volgens die Bybel, word geëvalueer aan die omgee vir die benadeeldes. Hedendaagse samelewings het miskien ander name vir die benadeeldes, maar hulle is nogsteeds in die samelewing (Keller, 2010:5).

Afleidings vanuit die woord “**mispât**” behels dus:

- God verwag dat die geloofsgemeenskap na die benadeeldes in die samelewing omsien. Enige verwaarlosing van die behoeftes van hierdie groep word nie bloot beskou as 'n gebrek aan genade of liefde nie, maar as 'n skending van geregtigheid.

Longman *et al.* (2013:1429&1430) voeg by dat die betekenis van geregtigheid vanuit niekanoniese Joodse dokumente in die intertestamentale tydperk aandui dat die algemene perspektief rakende geregtigheid gekoppel is aan gedagtes soos barmhartigheid, goedheid, regverdigheid en 'n omgee vir die armes as 'n teenoorgestelde norm teen goddeloosheid. Vanuit die Ou-Testamentiese bronne sowel as die niekanoniese Joodse dokumente kan dus afgelei word dat die toepassing van geregtigheid die geloofsgemeenskap se gehoorsaamheid aan God getoon het. Die gelowiges se gehoorsame lewenswandel het aan die armes (benadeeldes) God se omgee en voorsiening uitgebeeld.

3.6.2.5 Leierskap van die Ou-Testamentiese profete in die vestiging van geregtigheid

Reeds in die Ou Testament staan die vervolging van die profete as leiers uit as 'n dominante tema in die vestiging van geregtigheid (Buttrick, 2002:77). Elke keer as die volk ongeregtigheid nagejaag het, het 'n profeet (as leier) die verantwoordelikheid gehad om openlik te praat met 'n goddelike boodskap. Griede het die profete beskou as tolke van God se woorde, die geroepenes op wie die Gees van God rus. 1 Samuel 9:9 verwys na die profeet as siener en spreekbuis namens God (Vine, 1996:493). Die profetiese rol word meer breedvoerig in die afdeling oor die profetiese rol van die kerk bespreek.

Die navorser lig een profeet uit as 'n dinamiese leier wat betrokkenheid by die gemeenskap uitgeleef het, naamlik Amos. Amos het God se raadsbesluit verkondig ten tye van baie dade van ongeregtigheid (Vine, 1996:493). As leier en as profeet het Amos egter onverskrokke teen ongeregtigheid opgetree, met profetiese dade sowel as woorde. Vir hom was Israel se ontrouheid aan God se bevele onaanvaarbaar. As God se spreekbuis, fokus Amos op die leiers van die samelewing. Hul toegeeflike leefstyle en skynheiligheid word uitgelig en Amos doen 'n oproep tot dade van geregtigheid. Amos is ongenaakbaar in die veroordeling van ongeregtigheid. Dit is onaanvaarbaar dat die armes, behoeftiges en hulpeloses onderdruk word (Horton, 2006:251).

Amos verwag dat leiers verantwoordelikheid neem vir die toepassing van geregtigheid. Die wat weet wat reg is en dit nie doen nie val onder 'n strenger oordeel. Hy gebruik beeldspraak en verduidelik dat geregtigheid veronderstel is om soos water te rol, soos 'n stroom wat gedurigdeur vloei (Amos 5:21–24).

Vanuit Amos se prediking teen ongeregtigheid word die klem dus geplaas op die regverdige behandeling van alle mense. Die verantwoordelikheid vir die toepassing van geregtigheid word op die leierskap van die samelewing geplaas. Met leierskap word bedoel elkeen wat invloed uitoefen of mag het oor die res van die gemeenskap.

3.6.2.6 *Leierskap vanuit die eerste kerk in die vestiging van geregtigheid*

Die eerste kerk in die Nuwe Testament het onder leierskap van Petrus, Jakobus en Johannes begin (Greyling, 2016:27). Hulle het 'n leierskapstruktuur ingestel wat buigsaam en outonoom was. Apostels, diakens en ouderlinge het gelei, maar vanuit 'n dienende gesindheid. Almal was gelyk in posisie (Greyling, 2016:59).

Dit skyn asof hierdie leiers tydelike verantwoordelikhede onder leiding van die ouderlinge gehad het. Die eerste kerk het lewe in die praksis gedeel en was gefokus in haar roeping alhoewel onvolmaakte mense as leiers gelei het (Greyling, 2016:66). 'n Uitstaande insident waarmee die eerste kerk gekonfronteer was, is die weduwees wat oorgesien is in die uitdeel van kos:

Handelinge 6:1 “En in dié dae toe die dissipels vermeerder het, het daar ’n murmurering ontstaan van die Griekssprekende Jode teen die Hebreërs, omdat hulle weduwees in die daaglikse versorging oor die hoof gesien is.”

Bogenoemde vers word daarom eksegeties nagevors, naamlik:

- Gill²³ verduidelik die insident as dat daar 'n murmurering onder die Grekiste, of Helleniste, teenoor die Hebreërs ontstaan het. Die Hebreërs het bestaan uit Jode wat in Judea gewoon het. Hulle was die inwoners van die land, en was veral in Jerusalem woonagtig. Hulle is geken aan hul Siriese taalgebruik. Die Grekiste, of Helleniste, was nie die Grieke wat aan die Joodse godsdiens verbind was nie, alhoewel daar 'n paar onder hulle kon gewees het, maar hulle was die Jode wat in sommige dele van Griekeland gebore is. Hierdie Jode het die Griekse taal gepraat en die Septuagint-weergawe van die Bybel gebruik. Tussen hierdie twee groeperinge het daar 'n klag deur die een teen die ander ontstaan.

Die geval van Ananias en Saffira bewys dat die eerste kerk nie sonder geveinsdes was nie. Ten spyte daarvan dat hulle aanvanklik so verenig en harmonieus in hul denke en oordele was, was hulle nie sonder vyandigheid en twis nie. Satan het weereens 'n vashouplek verkry soos waar die evangelie verkondig is.

Die Griekssprekende weduwees is in die daaglikse bediening verwaarloos. Die klag was dat daar partydigheid was. Heel waarskynlik is een van die redes

²³ <https://www.biblestudytools.com/commentaries/gills-exposition-of-the-bible/acts-6-1.html>

daarvoordat die Hebreeuse weduwees die inwoners van die land was en meer verwant aan die plaaslike gemeenskap. Daarom is daar beter voorsien aan hierdie weduwees as die Griekse weduwees wat in die vreemde gewoon het.

Gill²⁴ gee ook twee ander moontlike sienswyses, naamlik dat die murmering ontstaan het as gevolg van die gebruike van die Hebreeuse weduwees teenoor dié van die Griekse weduwees en die misbruik van die Griekse weduwees. Die mees aanvaarde siening is egter die eerste verduideliking vir die ongeregtigheid.

- Dakes (2010:224) beklemtoon die eerste kerk se fout, naamlik partydigheid. Indien regverdigheid toegepas was, sou hierdie probleem nooit na vore gekom het nie. Die algemene siening is egter dat indien die gemeenskaplike besit voortgeduur het, daar verseker murmeringe sou ontstaan het omdat dit nie prakties kan werk sonder onenigheid nie.
- Die aanlyn Matthew Henry-kommentaar²⁵ fokus op die kerk se oplossingstrategie, naamlik die verkiesing van sewe dissipels om hierdie taak van die weduwees se versorging oor te neem en dit met regverdigheid uit te voer.

3.6.2.7 Die toepassing van geregtigheid kos 'n prys

Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat geregtige leierskap moed en dapperheid vereis. Geregtigheid beskerm mense en hou hulle veilig, veg vir en bewaar identiteit, bewaar idees en oortuigings, geliefdes en eiendom – die “eie ek” is nie al wat tel nie.

Hierdie pad van beskerming sluit kwesbares in wat blootgestel en uitgelewer word aan vernietigende besluite en destruktiewe planne van ander volwassenes, of in die geval van kinders, volwassenes wat namens hulle keuses maak. Waar geregtigheid gekoester en nagestreef word, kan daar nie net 'n sluier oor onreg getrek word nie. Neutraliteit kan nie gehandhaaf word ten koste van geregtigheid nie – veral by diepgewondes en geviktimizeerdes (Boesak & De Young, 2012:101–102).

Die verantwoordelikheid vir die toepassing van geregtigheid lê egter by elkeen wat hulself in 'n leierskaps- of magsrol bevind. Leiers moet geregtigheid met integriteit, verantwoordelikheid, onpartydigheid en billikheid toepas.

²⁴ <https://www.eswordlibrary.com/wpfb-file/gill-cmtx/>

²⁵ <https://www.biblestudytools.com/commentaries/matthew-henry-complete/acts/6.html>

Hierdie verpligting is egter nie net die verantwoordelikheid van leiers nie (Longman *et al.*, 2013:988). Elke lid van die gemeenskap word opgeroep tot die rimpel-effek (verspreiding) van geregtigheid. Die roeping van die geloofsgemeenskap word ten nouste aan die geregtigheid van die koninkryk gekoppel.

God wil reg laat geskied en daarom kies Hy die kant van die benadeeldes, die armes en die verdruktes. Longman *et al.* (2013:988) omskryf die verskeie rolle duidelik: Mense in magposisies het die verantwoordelikheid om geregtigheid te bestuur en die geloofsgemeenskap het die verantwoordelikheid om dit uit te stal.

Die volgende woord verwant aan geregtigheid word vervolgens nagevors, naamlik **dikaïosunē**.

3.7 PERSPEKTIEWE OP DIE WOORD “DIKAIOSUNĒ” (G1343) “ΔΙΚΑΙΟΣΥΝΗ” IN DIE VESTIGING VAN GEREGTIGHEID

In die verstaan van die begrip “geregtigheid” vanuit die woord “**dikaïosunē**” word die volgende vers eksegeties nagevors, naamlik:

Matteus 5:10: “Salig is die wat vervolg word ter wille van die geregtigheid (dikaïosunē) want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.”

Historiese agtergrondkennis dui aan dat Ou-Testamentiese verwysings gebruik is ter stawing van die Nuwe Testamentiese boek, Matteus. Jesaja 61:1 beklemtoon God se spesiale voorsiening vir armes en behoeftiges. Armoede is opsigself nie ’n seën nie, maar God wil die armes seën en die geloofsgemeenskap as sy verteenwoordigers gebruik (Chan, 2010:362–364).

3.7.1 Die agtergrondgeskiedenis van Matteus

Buttrick (2002:74) belig die agtergrondgeskiedenis van die boek Matteus. Volgens hom was maatskaplike uitsluiting aan die orde van die dag as die heersende kultuur. Jesus proklameer ’n seën aan elkeen wat geregtigheid najaag, al beteken dit optrede of uitsprake teen die huidige kultuur (Matteus 5:10). Die gedagte is dat Jesus diegene wat teen die sosiale ongeregtigheid in opstand kom, gelukwens.

Vanuit hierdie agtergrond belooft Jesus die koninkryk van die hemele aan elkeen wat geregtigheid as 'n lewenswyse kies. Die vredemakersrol in die gemeenskap word vanuit die Bergrede nie net aan individuele mense verbind nie, maar aan die geloofsgemeenskap wat veg vir die *shalom* van hul gemeenskappe (Buttrick 2002:77).

Longman *et al.* (2013:180) bevestig die Bergrede se aankondiging van 'n nuwe bedeling vir die gemarginaliseerdes en verdruktes. Die samelewing sien die swakkes, die verdruktes, as voorwerpe van smaad, maar Jesus noem hulle geseënd en keer daarmee die samelewing se waardes om. Longman *et al.* (2013:180) belig ook die verskil tussen die beskrywings in die twee boeke van Matteus en Lukas. In Lukas word gepraat van die armes wat geseënd word en in Matteus dat die armes van gees geseënd word. Lukas fokus egter op waarskuwings teen rykdom, die lot van armoede en kwessies van sosiale geregtigheid.

Tannehill (1996:114) beklemtoon die feit dat die armes, hongeriges en huilendes in Lukas nie drie aparte groepe uitlig nie, maar verteenwoordigend is van een groep mense. Juis vanuit die mense se ekonomiese agterstand as gemarginaliseerdes, sien Jesus hierdie groepering en hou die kontras voor teenoor die wat ryk en versadig is.

Barmhartigheid in die praksis behels liefdadigheid teenoor die hulpelose en ongelukkige. Die Joodse volk het barmhartigheid getoon as 'n eienskap van geregtigheid. Die gee of uitdeel van goedere as gevolg van barmhartigheid is gereken as een van die belangrikste Christelike verpligtinge, vandaar Jesus se woorde (Matteus 5:7). Liefdadigheid is 'n kenmerk van God (Eksodus 34:6; Deuteronomium 4:31) (Chan, 2010:377).

3.7.2 Die gemarginaliseerdes vanuit die Bergrede

In aansluiting by die gedagte dat God Hom oor die gemarginaliseerdes ontferm, word die volgende betekenis bygevoeg, naamlik:

- Strong (2001:1348) dui aan dat die woordsbetekenis van “armes” letterlik beteken **“bedelaar” (G4434) πτωχός ptōchos**.
- Thayer (2007:557) gee 'n dieper insig vanuit die woordsbetekenis en belig die situasie dat armoede mense tot bedelary verlaag. Hierdie geforseerde vra van aalmoese maak mense hulpeloos, magteloos en uitgelewer. Jesus kom egter met

die Bergrede en herstel hierdie posisie van die gemarginaliseerdes en eer hulle met 'n belofte van hoop en dat die koninkryk aan hulle gaan behoort (vgl. Matteus 5:3).

Matteus 5:10 “Salig is die wat vervolg word ter wille van die geregtigheid (**dikaïosunē**) want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele”

Die woord “dikaïosunē” maak vanuit die agtergrondgeskiedenis in die Nuwe Testament 'n appèl op “aktiewe geregtigheid”. Vir hierdie navorsing word verskillende bronne gebruik wat die betekenis daarvan weergee, naamlik: a) Kittel *et al.* (1979-woordeboek), b) Dakes (2010-kommentaar), c) Strong (2001-woordeboek), d) Louw en Nida (1996-leksikon), e) Barne's²⁶ notes on the Bible, f) Tannehill (1996) en g) Buttrick (2002).

- Louw en Nida (1996:744) verduidelik vanuit die agtergrondgeskiedenis dat Jesus bewus was van die onregverdige situasies waarin die Jode hulself bevind het. Jesus wil daarom elkeen wat ly omdat hulle aan Hom gehoorsaam wil wees, seën. Die woordsbetekenis lê die klem op die regte daad ten spyte van moeilike omstandighede wat ongeregtigheid en onregverdigheid ingesluit het.
- Kittel *et al.* (1978:193), in aansluiting met bogenoemde, verbind geregtigheid (**mispât**) nie net as 'n deug vanuit die Griekse Hellenistiese invloed nie, maar verduidelik dat die woord gebruik word in die toepassing van geregtigheid al kos dit 'n prys.
- Dakes (2010:284) verduidelik die woord as om “reg te doen”.
- Strong (2001:1044) gee die woordsbetekenis as billikheid van karakter of daad; as God se karakter, regverdiging, geregtigheid en die somtotaal van al God se vereistes.
- Barne²⁷ se kommentare verduidelik dat die term “vervolg” letterlik beteken: Om 'n vluggende vyand te vervolg. Hier beteken dit om op grond van godsdiens verag of onderdruk te word. Vervolging sluit in die skending van name, reputasie, eiendom of lewensgevaar weens godsdienstige opinies. Die Christen moet nie hierdie refleksies uitlok nie, maar in die eerlike uitleef van Christenskap word vervolging as 'n seën beskou, as 'n bewys van kindskap van God (2 Timoteus 3:12).

²⁶ <https://biblehub.com/commentaries>

²⁷ <https://biblehub.com/commentaries/barnes/genesis/1.htm>

Samevattende afleidings vanuit die woord “dikaioṣunē” behels:

- Die Bergrede beskryf onregverdigheid (ongeregtigheid) soos wat tans van toepassing op die Suid-Afrikaanse situasie is. Jesus het egter praktiese raad, hoop en beloftes aan elkeen gegee wat ondanks hul situasie geregtigheid ervaar.
- God verwag dat barmhartigheid ervaar sal word as aanduiding van die regte hartsgesindheid. Mense kan nie apaties teenoor huidige ongeregtighede staan nie.
- God het deur geloof geregtigheid aan die mensdom geskenk, maar die geloofsgemeenskap het die verantwoordelikheid om hierdie geregtigheid deur voortgesette gehoorsaamheid uit te leef.

Pieterse (2001:121), vanuit praktiese teologie, benadruk God se dryfkrag vir die wêreld deur omgee vir mense in nood (Johannes 3:16). God inisieer die kerk tot betrokkenheid in plaaslike gemeenskappe as antwoord op al die ongeregtighede in Suid-Afrika.

3.8 PERSPEKTIEWE OP SOSIALE VERHOUDINGS IN DIE GEMEENSAP

Bogenoemde sal geskied vanuit die historiese sowel as die normatiewe eksegeese in twee indelings, naamlik:

3.8.1 Perspektiewe vanuit die kerkgeskiedenis op sosiale verhoudings

Die Christendom het as 'n vernuwingsbeweging gedien wat ontstaan het in reaksie op die ellende, chaos, vrees en brutaliteit van die lewe in die stedelike Grieks-Romeinse wêreld. Deur nuwe norme en soorte sosiale verhoudings te bied, het die Christendom die lewe in Grieks-Romeinse stede verander.

In stede wat gevul was met haweloses en armes het Christene liefdadigheid bewys sowel as nuwe hoop geskep. Nuwelinge en vreemdelinge het in die Christengemeenskap 'n plek van behoort verkry. Weeskinders en weduwees het ook daar 'n nuwe en uitgebreide gesinsverhouding verkry. Die Christendom het 'n nuwe basis van sosiale solidariteit geskep in 'n samelewing wat deur gewelddadige etniese twis uitmekaar geskeur is. In stede wat deur epidemies, brande en aardbewings getref is, het Christene effektiewe verpleegdienste aangebied. Hierdie Christendombeweging het 'n nuwe kultuur in die Grieks-Romeinse stede geskep (Stark, 1996:161).

Die sosioloog Stark²⁸ beweer dat die Christendom, in teenstelling met die algemene opvatting, nie 'n beweging van die laer klasse en onderdruktes was nie, maar van die boonste en middelklas gehelleniseerde Jode in die stede, vandaar die eksponensiële aard van die groei van die godsdienste. Hierdie groei is juis vanuit die sosiale voordele verklaarbaar.

Die Christene het ander waardes voorgestaan, naamlik:

- Tydens plaas het die Christene in stedelike gebiede gebly in plaas daarvan om te vlug en die siekes bedien en versorg (Stark, 1996:161).
- Die Christelike bevolkings het vinniger gegroei as gevolg van die verbod op geboortebeporing, aborsie en kindermoord. Aangesien kindermoord meer van toepassing op vroulike pasgebore babas was, het vroeë Christengemeenskappe 'n meer gelyke geslagsverhouding gehad en dus 'n hoër persentasie kinders as die heidene. Vrouens is meer gewaardeer en toegelaat om aan aanbidding deel te neem, wat tot 'n hoër getal vroulike bekeerlinge gelei het (Stark, 1996:161).
- In die tyd van die twee epidemies wat elke keer tot 'n derde van die hele bevolking van die Romeinse Ryk gedood het, het die Christelike boodskap van verlossing deur God se offer 'n meer bevredigende verduideliking gebied van waarom slegte dinge met onskuldige mense gebeur. Verder het die nuwe sosiale samehörigheid en wedersydse hulp hulle in staat gestel om die rampe beter te hanteer met minder slagoffers as onder die algemene bevolking. Met die epidemies het baie nie-Christene 'n kleiner aantal interpersoonlike verbande nagelaat en daardeur is die behoefte geskep vir die vorming van nuwe bande (Stark, 1996:165&251).
- Weens ander lewenstandaarde het Christene nie met hul vervolgers tydens martelaarskap geveg nie. Hulle het hul martelaarskap gewillig aanvaar. Hierdie geloofwaardige optredes het tot die heidene gespreek. Die Christendom het die heidendom 'n nekslag toegedien weens hul vreemde, beter lewensgehalte (Stark, 1996:251).

3.8.2 Perspektiewe vanuit die normatiewe van die kerk op sosiale verhoudings

Vanuit 'n morele lewe het Miller (2014:146) tot die slotsom gekom dat 'n goeie lewe onlosmaaklik aan die liggaam van Christus verbind is. Miller het dan ook, vanuit die

²⁸ https://en.wikipedia.org/wiki/The_Rise_of_Christianity

liggaamsmetafoor en mense se verbintenis aan mekaar, die goeie lewe van toepassing op 'n nasie maak. Simbolies word 'n nasie as 'n liggaam uitgebeeld, en nes 'n fisiese liggaam kan 'n nasie ook siek word of wees.

Die krag van verhoudings kan daarom nie onderskat word nie. Mense wat geïsoleer is, sukkel om liefde te ervaar omdat hulle ongeliefd voel. Miller (2014:145) vra daarom die vraag: Hoe moet 'n mens dan teenoor ander mense optree?

Die antwoord word gebou op die beginsel dat die mensdom uit een liggaam bestaan en goeie of slegte dade aan liggaamsdele is dus dade aan jouself. Met ander woorde, die gebruik van die woord “liggaam” is nie net 'n metafoor nie, maar eintlik 'n verwysing na menslike verhoudings. Die mensdom deel dus een geboorte en vorm gesamentlik een liggaam (Miller, 2014:146).

In die saamwees van mense word geregtigheid die norm van verhoudings. Die kerk het 'n verantwoordelikheid om vanuit elke situasie die konteks te analiseer en profeties die aandag op die Skriftuurlike voorskrifte te vestig, wat 'n stem vir geregtigheid en prediking teen onmenslike optredes insluit (Pillay, 2017:7).

Die kerk is daarom geroep om haarself vir vredevolle verhoudings te beywer. Die skep en instandhouding van verhoudings is elke gelowige se taak (Kruger, 2016:8). Die herstel van geregtigheid vanuit verhoudings is 'n area waar die geloofsgemeenskap 'n reuseverskil kan maak (Vorster, 2004:285). Dieselfde potensiaal van die krag van verhoudings is nogsteeds aanwesig soos wat dit was in die kerk se verlede.

Die begrip “geregtigheid” word daarom nou aan die hand van 'n ontleding van die volgende twee woorde bespreek, naamlik “**tsedeq**” en “**tsedâqâh**”. Die volgende bronne sal gebruik word: a) Brown *et al.* (2008-leksikon), b) Longman *et al.* (2013-woordeboek), c) Wright (2004-kommentaar) en d) Strong (2001-konkordansie).

3.8.3 Perspektiewe vir verhoudings vanuit die woorde “tsedeq” en “tsedâqâh”

As fondament vir die begrip “geregtigheid”, bou Longman *et al.* (2013:987) die toepassing van geregtigheid (reg) op die beginsel van die woord “**yâshâr**” (H3477) יָשָׁר in Deuteronomium 6:18, naamlik: “En jy moet doen wat reg (**yâshâr**) en goed is in die oë

van die Here” (vgl. Deuteronomium 6:18;12:28). Die beginsel is met ander woorde dat *alle mense teenoor God verantwoordelik is vir hul eie regverdigde dade*.

Die volgende twee woorde in die beligting van die begrip “geregtigheid” is afleidings van die woord “**tsâdaq**”, naamlik “**tsedeq**” en “**tsâdaqah**”. Strong (2001:762) beskryf die woorde as verskillend vanuit verhouding en reg.

Zodhiates (1992:1768) beklemtoon die woordsbetekenisse van albei woorde as:

- ’n wetlike term in die uitbeeld van verhoudings;
- ’n beskrywing van die verhouding tussen God en die mensdom en tussen mens en mens. Twee woorde wat die betekenisse weergee is:
 - Eerlikheid (*New American Standard Bible*)
 - Billike aanbod (*New American Standard Bible*).

Vanuit die beginsel dat die twee afgeleide woorde dieselfde betekenis het, word hulle aan die hand van ’n diagram verduidelik en met die volgende bronne belig, naamlik a) Brown *et al.* (2008-leksikon), b) Strong (2001-konkordansie) en c) Zodhiates (1992-woordeboek):

Tabel 3-1: Beligting van die woorde “tsedeq” en “tsedâqâh”

geregtigheid (H6664) tsedeq תְּדִקָּ	regverdigheid (H6666) geregtigheid tsedâqâh תְּדִקָּה
Strong (2001:762) verduidelik dat hierdie verhoudingswoord aandui dat reg en billikheid die fondament moet wees van alle verhoudings tussen mense, asook die verhouding tussen God en mens.	Strong (2001:762) belig die fondament van geregtigheid in <i>regverdigde besigheidstransaksies</i> . In die voorbeeld van Jakob en Laban is daar ’n wetlike ooreenkoms met ’n regverdige prys waarop beide partye ooreenkom (Genesis 30:33) (Strong, 2001:763).
Brown <i>et al.</i> (2008:842) beskou geregtigheid as ’n etiese reg (Job 35:2) en as “dit wat reg is” (Levitikus 19:36).	Brown <i>et al.</i> (2008:842) beklemtoon die uitvoer van geregtigheid deur mense in magsposisies (Spreuke 16:12). God sal tussenbeide tree tydens ongeregtigheid

	en mense regverdig verklaar (Miga 7:9). Hulle beklemtoon ook dat geregtigheid eerlikheid voorstaan (Jeremia 4:2).
Zodhiates (1992:1767) voeg 'n noodsaaklike waarde by vir die funksionering van verhoudings, naamlik integriteit. Integriteit word benodig byvoorbeeld waar 'n regter onpartydige uitspraak moet lewer. Die voorbeeld van gewigte wat konstant bly, word gebruik vir die konstante toepassing van geregtigheid. Laastens assosieer Zodhiates (1992:1768) die uitleef van waarheid as gevolg van integriteit met die beleving van vrede as 'n direkte gevolg van die lewe van geregtigheid, soos verduidelik in Psalm 85:10. Goedertierenheid en trou ontmoet mekaar; geregtigheid (tsedeq) en vrede kus mekaar.	Zodhiates (1992:1768) dui verder aan dat die toepassing van regverdigheid vanuit die beginsel geskied dat beide partye ooreenkom wat die norm is vir 'n "regverdige, goeie of aanvaarbare" transaksie. Onregverdigheid geskied indien een party alleen voordeel trek. Met ander woorde, vanuit ooreenkoms stel die verkoper en koper 'n redelike en bekostigbare prys vas wat beide die verkoper en koper behaag. Zodhiates (1992:1768) gebruik die voorbeeld van God en Abram se verhouding. God reken Abram se geloof as geregtigheid vanuit Genesis 15:6: "En hy het in die HERE geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken."

Vanuit bogenoemde beklemtoon Wolterstorff (1987:69–72) die toepassing van geregtigheid en die waarneming van vrede in menseverhoudings. Mense wat volgens die beginsels van geregtigheid in verhouding saamleef, skep 'n vredevolle samelewing wat ook as 'n etiese samelewing funksioneer. Indien ongeregtigheid mense se regte skend, raak die samelewing verwond (siek).

Geregtigheid wat 'n vredevolle gemeenskap skep, skep ook 'n verantwoordbare gemeenskap. Vrede (*shalom*) is egter afwesig indien mense verwyderd is en as individue verby mekaar leef. Die genot van gemeenskap kan slegs benut en ervaar word vanuit geregtigheidsverhoudings, soos in Jesaja 32:17–18. Hierdie teksverse word nou verder eksegeties nagevors:

Jesaja 32:17 “En die werking van die geregtigheid (tsâdaqah) sal vrede wees, en die voortbrengsel van die geregtigheid (tsâdaqah) rus en veiligheid tot in ewigheid.”

Jesaja 32:18 “En my volk sal woon in ’n plek van vrede en in veilige wonings en in plekke van ongestoorde rus.”

Die genot en vrede van gemeenskap (verhoudings) lê dus in:

- Regverdige besigheidstransaksies (Strong, 2001:762);
- Regverdige en eerlike optrede deur mense in magsposisies (Brown *et al.*, 2008:842); en
- Regverdigheid wat toegepas word vanuit die beginsel dat albei partye ooreenkom wat die norm vir ’n “regverdige, goeie of aanvaarbare” ooreenkoms is en een party nie in die ooreenkoms geboelie word nie (Zodhiates, 1992:1768).

Vanuit Jesaja 32:17 het die mensdom dus die verantwoordelikheid om nie handegevou vir die *shalom* te wag nie, maar om God se medewerkers te wees vanuit sy sending (Wolterstorff, 1987:72). God gee om vir behoeftige en kwesbare mense en daarom is geregtighedsdade ’n vereiste (Schubeck, 2007:49).

Schubeck (2007:33) beskryf “geregtigheid” en “liefde” (omgee) as sinonieme. Deuteronomium beeld liefde en geregtigheid uit as die fondament van gesonde verhoudings. Liefde en geregtigheid is albei ’n opdrag sowel as uitdrukkings van lojaliteit en genade. Hierdie optredes van geregtigheid en liefde bewys God se teenwoordigheid en betrokkenheid by mense se situasies.

Vanuit hierdie agtergrond benadruk Wolterstorff (1987:76) God se omgee vir die armes en die invloed van armoede wat gemeenskappe van hul *shalom*-verhoudings beroof.

Samevattende perspektiewe gebaseer op die ontleding van die twee woorde “tsedeq” en “tsâdaqah” behels:

- God verwag dat reg in alle verhoudings sal geskied.
- Eerlikheid en billikheid in verhoudings is sinoniem met geregtigheid (regverdigheid).
- Regverdigheid beteken dat albei partye in ’n verhouding ooreenkom op wat

regverdige oplossings, verkope, werk, ens. behels. Een party kan nie op grond van sy magposisie die ander een benadeel of vir hom besluit nie.

- Lewens van integriteit en waarheid behaag God.
- God verwag dat sy dissipels konstant regverdigheid uitelef. Die voorbeeld van konstante gewigte (skale) word gebruik in die aanduiding van 'n daaglikse lewenswyse met geregtigheid as die maatstaf (norm).
- Elke mens op aarde is geroep om teen ongeregtigheid te veg.
- As geregtigheid seëvier het die samelewing die potensiaal om vredevol te wees.
- Die toepassing van geregtigheid sal veroorsaak dat mense in vredevolle verhoudings leef en elkeen se regte gerespekteer word.
- God is beskermheer van die armes.
- Armoede beroof mense van hul vredevolle verhoudings.
- Liefde moet die dryfveer wees vir die stryd teen ongeregtigheid.

In die verdere aanspreek van die probleem, verduidelik McLaren (2003:930) dat vriendskappe xenofobie en rassisme kan verminder. In 2015 het landswye aanvalle op immigrante plaasgevind wat tot gevolg gehad het dat regerings hul burgers moes hervestig, vandaar die naam xenofobie. Die woord “xenofobie” kom van twee Griekse woorde: “xeno”, wat vreemdeling, en “fobie”, wat vrees beteken. Gesamentlik kommunikeer dié twee woorde die intense afkeer of vrees vir vreemdelinge. Vreemdelinge kan vlugteling, immigrante en besoekers uit ander lande insluit. Die kerk het 'n verantwoordelikheid om die staat verantwoordbaar te hou vir sy immigrante- en integrasieplan (Pillay, 2017:7).

McLaren (2003:930) is van mening dat “kontaktheorie”, naamlik wanneer mense skouers vryf, genoeg tyd saam bestee en die geleentheid gegun word om betekenisvolle verhoudings te bou, vertrouwe aanleer. Wanneer mense mekaar leer ken, word vooroordeel, rasseneigings en xenofobiese gevoelens van haat en afkeer vernuwe en uitgedaag. Die kerk kan in hierdie verband 'n belangrike rol vervul met die evangelie van goeie nuus en liefde. Dit is 'n boodskap van hoe die liefde van Christus mense saambring, hulle help om saam die kwaad te oorwin en die goeie te vestig. Soos met die storie van die Barmhartige Samaritaan, word liefde en deernis vir die verstotenes, beseerdes, verwaarlooses, lydendes en die sterwendes uitgestrooi.

Omdat verhoudings so belangrik in die vestiging van geregtigheid is, word die begrip “gemeenskap” verder eksegeties nagevors, naamlik:

3.8.4 *Koinonia* as gemeenskaplikheid

Handelinge 2:42 “En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die **gemeenskap (*koinonia*)** en in die breking van die brood en in die gebede.”

Die begrip “gemeenskaplikheid” (*koinonia*) word nagevors vanuit vier woordeboeke, naamlik dié van Thayer (2007), Dakes (2010), Louw en Nida (1996) en Longman *et al.* (2013).

Volgens Thayer (2007:352) behels die begrip *koinonia*:

- gesamentlike deelname
- die intieme band van gemeenskap tussen gelowiges
- omgangsyntimiteit (“intercourse intimacy”)
- gemeenskap, vereniging, verbinding, nagmaal
- gesamentlike bydrae
- ’n geskenk
- ’n insameling
- persoonlike bewys van gemeenskap

Gemeenskap maak mense vanuit omgee by mekaar betrokke, en in die geval van ryk gemeentes behels omgee ook finansiële hulp. Twee praktiese *koinonia*-handelinge word daarom aangetoon in die volgende voorbeelde, naamlik:

- 2 Korintiërs 9:13, waar die kerklidmate vir hul milddadige bydraes geprys word; en
- Romeine 15:26, waar Masedonië en Agaje bydraes lewer vir die armes onder die heiliges in Jerusalem (Dakes, 2010:350).

*Elliot’s Commentary for English Readers*²⁹ verduidelik dat die Jerusalem-kerk geheel en al uit arm lidmate bestaan het. Mense soos Josef van Arimathéa, Nikodemus en Maria, die moeder van Markus, was uitsonderings. Die kerk in Jerusalem het swaar gely tydens

²⁹ <https://biblehub.com/commentaries/romans/15-26.htm>

die hongersnood onder die heerskappy van Claudius. Ryk kerke, soos dié van Masedonië en Griekeland, het die geleentheid gehad om die moederkerk te ondersteun, ook as blyk van waardering. Die evangelie het vanuit Jerusalem na Griekeland en Masedonië gegaan en daarom was dit 'n teruggee aan hulle.

Louw en Nida (1996) omskryf *koinonia* as:

- Om iemand te besoek met hulpverlening vanuit 'n vriendskapsverhouding (Louw & Nida, 1996:453);
- om te deel, soos byvoorbeeld 'n mens se besittings. 'n Gesamentlike deelname en wedersydse belang om te deel met mense in nood. 'n Mededeelsaamheid teenoor die geloofsgemeenskap (2 Korintiërs 8:4) (Louw & Nida, 1996:569); en
- om 'n gewillige gawe of bydrae aan armes te gee, soos in Romeine 15:22 beskryf word (Louw & Nida, 1996:569).

3.8.4.1 *Koinonia vanuit die trinitariese identifisering van God*

Die Longman *et al.*-woordeboek (2013:581) beklemtoon die begrip *koinonia* gebaseer op die gemeenskap tussen die lede van die Drie-eenheid. *Koinonia* behels eerstens die algemene begrip van die ervaring van mededeelsaamheid. Die oorspronklike woord “koin” het egter 'n baie ryker betekenis.

Gemeenskap begin by die verhouding tussen die Drie-eenheid (Johannes 10:30). Die Vader, Seun en Heilige Gees is volkome een (Johannes 17:5). Ideale verhoudings word dus gebou op gemeenskap soos vanuit die voorbeeld van die Vader, Seun en Heilige Gees se verhouding.

Verdere verduidelikings rakende trinitariese identifisering van God behels:

- Venter (2007:215) verduidelik dat God se karakter uitgebeeld word, naamlik sy selfopenbaring as liefdevolle Vader, Seun en Gees. Met ander woorde, God verwelkom verhoudings terwyl die vorming van intieme verhoudings so dikwels verwaarloos word. Saamwees, saamdink en die ontginning van nuwe kennis kan van eensame enkelinge vriende maak en sodoende nuwe gemeenskappe vorm, selfs in uitdagende situasies soos multi- en interkulturele verhoudings.

- Jonker (1985:127) beklemtoon die uitstaande kenmerk van die vroeë Christelike kerk se intieme gemeenskapsverhoudings (2 Korintiërs 13:14). Die kerk het saamgekom om God te ontmoet, asook om mekaar saam voor God te ontmoet.
- Longman *et al.* (2013:581) beklemtoon Jesus se daaglikse modellering van omgeeverhoudings. Jesus identifiseer Homself met die uitgeworpenes van die samelewing. Etes word met die belastingversamelaars en sondaars gedeel (Markus 2:15–17) ten spyte van skerp kritiek vanaf die Fariseërs. Kritiek vanuit die bestaande geloofsgemeenskap veroorsaak egter dat Jesus gelykenisse van God se omgee vir die uitgeworpenes, asook van maaltye saam met God in die hemel vertel. Jesus bid passievol vir innige verhoudings tussen sy volgelinge volgens die voorbeeld van die Drie-eenheid (Johannes 17:20–26).

Kommentare van Longman *et al.* (2013:582) belig die intieme gemeenskap tussen die Drie-eenheid as die ideaal vir die verhoudings in die geloofsgemeenskap (1 Johannes 1:3; 1 Johannes 1:6–7). Bybelse gemeenskap behels 'n rimpel-effek van goeie dade vanuit assosiasie met mede-Christene. Die self-opofferende identiteit van die eerste gelowiges het die stapelvoedsel van die eerste kerk geword (Galasiërs 6:6). Paulus het selfs geld ingesamel om die lyding van die Christene in Judea te verlig (Romeine 15:26–27; 2 Korintiërs 8–9) (Longman *et al.*, 2013:582). Die boek Handelingte is 'n verdere voorbeeld van hoe gelowiges mekaar bystaan en omarm.

Eksegese vanuit die volgende kommentare, naamlik a) Dakes, b) Strong (2001) en c) *Barne's Notes* (aanlyn), behels die volgende:

Handelingte 2:44–47

“En almal wat gelowig geword het, was bymekaar, en het alles gemeenskaplik besit.

Vers 45: En hulle eiendomme en besittings het hulle verkoop en die opbrings onder almal verdeel, volgens wat elkeen nodig gehad het.

Vers 46: En dag vir dag het hulle eendragtig volhard in die tempel en van huis tot huis brood gebreek en hulle voedsel met blydschap en eenvoudigheid van hart geniet,

Vers 47: terwyl hulle God geprys het en in guns was by die hele volk. En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is.”

Verskillende kommentare fokus op die volgende:

- Dakes (2010:217) gee die agtergrond van die Pinksterfees in Jerusalem, naamlik dat dit amper die kultuur was dat mense gasvryheid en saamleef ervaar het. Wat egter hier uitstaan, is dat die tydperk langer geduur het as die normale. Menigtes het langer gebly by die herlewing en vreemde gebeure. Vanuit hierdie fees het mense hul besittings verkoop om dit vir almal moontlik te maak om te eet. Met ander woorde, die gemeenskap was by mekaar betrokke en het omgee al het dit veroorsaak dat hulle hul besittings moes verkoop.
- *Barne's Notes*³⁰ belig die eienskappe wat eie was aan die eerste kerk, naamlik hul mededeelsaamheid, hul eenheid, hul noue assosiasie, hul vennootskap, hul deelname aan verrigtinge, hul saamleef as 'n samelewing, hul gemeenskap. In kort, hierdie gelowiges deel 'n noue en intieme band.
- *Barne's Notes*³¹ verduidelik hoe die krag van saamwees en omgee mense kan verander. Hierdie eerste bekeerlinge was saam, verenig in dieselfde visie. Dit beteken nie dat hulle in dieselfde huis gewoon het nie, maar hulle was verenig in dieselfde gemeenskap, of betrokke by dieselfde ding. Hulle was ongetwyfeld dikwels saam op dieselfde plek vir gebed en lofprysing. Een van die beste middele om mense te beïnvloed, is om dikwels byeen te kom.

Die beginsel van die begrip *koinonia* is dus gemeenskaplike besit, deelgenootskap, gemeenskaplike ervaring en belange. *Koinonia* behels 'n onderlinge verbondenheid wat beteken dat mense deelgenote van mekaar se lewens word. Hierdie verhoudings behels dat mense hulself kan wees en nie maskers hoef te dra nie. Hierdie vryheid sluit gevolglik ook in dat mense se harte oop is vir God wat aanbid word as norm van die groep. Die teendeel is egter ook waar dat isolasie harte vir God kan toesluit (Jonker, 1985:127).

Gevolglik word afgelei dat indien gelowiges daagliks 'n verskil maak waar hulle hulself bevind en egte *koinonia* toepas, kan die samelewing die teenwoordigheid en omgee van God herken. Die samelewing kan dan self ervaar dat God 'n goeie God is. Die

³⁰ <https://biblehub.com/commentaries/barnes/acts/2.htm> barnes

³¹ <https://biblehub.com/commentaries/barnes/acts/2.htm>

gemeenskap van gelowiges het 'n verantwoordelikheid om vanuit verhoudings (relasioneel) met mense God se goedheid te vertoon.

Vanuit die Suid-Afrikaanse samelewing maak Louw (2017a:107) gebruik van die begrip “ubuntu” om gemeenskaplike besit, deelgenootskap, gemeenskaplike ervaring en gemeenskaplike belange weer te gee. Vir 'n beter begrip van *ubuntu* word die konsep van “gasheer” gebruik. Hierdie konsep kommunikeer deelwees, verwelkoming, omhelsing en 'n inklusiewe gemeenskaplikheid. *Ubuntu* dien dus as die menslike faktor in verhoudings wat buitestaanders geleentheid gee om deel van 'n gesin te word.

Ubuntu gee ook geleentheid vir die ontstaan van 'n kenotiese liefde vanuit 'n opofferende etos. *Ubuntu*-eienskappe verbreek die mens se alleenheid en vervul die behoefte “om te behoort” vanuit onbaatsugtigheid, gasvryheid, mededeelsaamheid, nederigheid en respek wat broodnodig is in plaaslike gemeenskappe, veral gefokus op huidige Suid-Afrikaanse uitdagings wat die teenoorgestelde, naamlik “dierlikheid” uitbeeld (Kumalo, 2017:23–24). *Ubuntu* funksioneer egter kleurblind en is gebou op 'n gesindheid van universele aanvaarding. Christenleiers (soos Tutu) koester *ubuntu* en vanuit die etiese word die beeld van God in die mensdom beklemtoon (Kumalo, 2017:27–28).

Samevattende beginsels vanuit die sosiale rol van die kerk behels:

- Wanneer mense skouers vryf, genoeg tyd saam bestee en die geleentheid gegun word om betekenisvolle verhoudings te bou en vertroue vinnig ontwikkel, word xenofobie en rassisme iets van die verlede. Die begrip “ubuntu” dien hier (vanuit die geskiedenis) as 'n voorbeeld van betekenisvolle verhoudings.
- Indien gelowiges daagliks 'n verskil maak waar hulle hulself bevind en egte *koinonia* toepas, kan die samelewing die teenwoordigheid en omgee van God herken. Die gemeenskap van gelowiges het 'n verantwoordelikheid om vanuit intieme verhoudings God se goedheid aan mense te vertoon.
- *Koinonia*-verhoudings moet ten alle koste beskerm word, hetsy die verhouding met God of jou naaste.
- *Koinonia* behels 'n onderlinge verbondenheid wat beteken dat mense deelgenote van mekaar se lewens word.
- Die geloofsgemeenskap het as kerk byeengekom om saam God te ontmoet, asook om mekaar saam voor God te ontmoet.

- Die Afrika-begrip van *ubuntu* word gebruik om *koinonia*-verhoudings te omskryf.

Vorster (2014:133) is daarom van mening dat geregtigheid as 'n verhoudingsbegrip vanuit die Tien Gebooie beskryf kan word. Hierdie verhoudingsbegrip beklemtoon die herstelde verhouding tussen God en die mens op grond van die offer van Christus. Dit word ook beskou as die fondament van alle verhoudings. Sonder hierdie verhouding is enige ander verhouding broos.

König (2018:1–2) vind aansluiting by die gedagte dat die toepassing van geregtigheid vanuit verhoudings plaasvind. Die outeur is egter van mening dat een standaardtoepassing van geregtigheid egter nie moontlik is vir alle verhoudings nie. Elke verhouding het sy eie bepalings ten opsigte van regverdigheid (geregtigheid).

3.9 PERSPEKTIEWE OP DIE KERK AS PROFETIESE GEMEENSAP VAN GEREJTIGHEID

Bogenoemde sal geskied vanuit die volgende twee indelings, naamlik:

- A. Die historiese agtergrondbeskouing van die kerk as profetiese gemeenskap deur die eeue; en
- B. Normatiewe navorsing oor die kerk as profetiese gemeenskap.

3.9.1 Die historiese agtergrondbeskouing van die kerk as profetiese gemeenskap deur die eeue

Profete was 'n integrale deel van al die nasies in die ou Nabye Ooste. Hulle het dikwels 'n sentrale rol gespeel in Ou-Testamentiese vertellings (ten minste in die geskiedenis van Israel). Sommige van die Bybelboeke is na 'n profeet vernoem terwyl profete 'n belangrike deel van die Ou Testament beslaan (De Bruyn, 2013:2). Die rol van die profeet was daarop gefokus om die besluitneming van die koning of die volk te beïnvloed. Die profeet het die volk gelei deur hulle te waarsku of raad te gee volgens die wil van Jahweh en die toepassing van die *tôrâ* op hul daaglikse gedrag (De Bruyn, 2013:4).

Deur die loop van die eeue word afvalligheid 'n algemene verskynsel in die sin dat die mens sy rug op God draai. Profete het egter regdeur die eeue die mens met visioene of

woorde van God die geleentheid gegee om terug te draai na God se plan vir hul lewe en nasie (Peterson, 2005:336).

Een van die vroegste Christelike dokumente, die *Didache: Die Onderrig van die Twaalf Apostels*, toon aan dat profete met hul profetiese boodskappe egter deel was van die ervaring van die tweede-eeuse kerk, asook 'n voortsetting van profetiese gawes.

Vanuit die agtergrond van pentekostalisme, is die beoefening van profesie onder die klassieke pinksterledemate en Charismate grootliks op Paulus se instruksies aan die kerk in Korinte geskoei. Nuwe en diverse modelle van die profetiese gawe het egter ook met verloop van eeue ontstaan (Martin, 2016:2).

Aan die ander kant het Cessationisme³² (streepteologie), of die siening dat die gawes van die Gees ná die apostoliese era opgehou het, in die vroeë eeue van die kerk ontstaan. Een van die gevolge van die Cessationistiese sienswyse het ingesluit die verwaarlosing of verlies van die amp van die profeet.

Pentekostalisme behels egter, vanuit die geskiedenis en die rol van die profeet, dat daar gemeenskapsbetrokkenheid moet wees. Die algehele roeping van die kerk behels die profetiese, naamlik die wil van God. Reeds by Moses (Numeri 11:29) is die begeerte dat almal sal profeteer, en ook die profeet Joël (Joël 2:28) sien uit na die dag waar almal sal profeteer.

Die profetiese boodskap word nie altyd verwelkom nie en daarom is dit ook geen ligtelike taak nie. Brueggemann argumenteer, veral vanuit vandag se predikingskonteks, dat die profetiese gawe beide "'n stilswyende begeerte" van die kerk vir die profetiese inspraak van God sowel as die "onwilligheid of weerstand" teen die profetiese gawe behels (Brueggemann, 2012:130–31).

Vanuit hierdie diskoers, sal die profetiese rol van die kerk in die hedendaagse samelewing in meer diepte bespreek word.

³² <https://en.wikipedia.org/wiki/Cessationism>

3.9.2 Normatiewe navorsing na die kerk as profetiese gemeenskap

Pieterse belig maatskaplike uitdagings, soos onder andere armoede en selfverryking deur die elite (paragraaf 2.3), wat die kerk dwing om haar profetiese rol op te neem (Pieterse, 2013:1). Om 'n beter begrip van die profetiese rol van die kerk te verkry, sal daar eerstens gefokus word op die term “profeet” vanuit die volgende woordeboeke, naamlik a) Kittel *et al.* (1979:783), b) Vine *et al.* (1996) en c) Strong (2001).

3.9.2.1 Die begrip “profeet” (G4396) προφήτης

- Kittel *et al.* (1979:783) sowel as Strong (2001:1345) beklemtoon die rol van die profeet as die “een wat praat”, of die een wat 'n openbare verklaring maak.
- Vine *et al.* (1996:493) belig die rol verder as dat die profeet die een is wat openlik praat met 'n verklaring van 'n Goddelike boodskap. Grieke het vanuit die geskiedenis die profete as tolke van God se woorde beskou, die geroepenes op wie die Gees van God rus.
- Vine *et al.* (1996:493) toon vanuit die Ou Testament aan dat die profeet God se raadsbesluit verkondig het (Amos 3:7). Die Nuwe Testamentiese profete het ook gesprek soos Goddelike leiding hulle gerig het. Hierdie Goddelike leiding het op God se genade gefokus en die voorspelling van God se planne vir die toekoms. In sommige gevalle moes die profeet God se oordeel oor ongeregtighede proklameer, soos in die teksvers van Jeremia 21:12 hieronder aangedui word.

Jeremia 21:12 “So spreek die HERE: Verskaf reg (**mispat**) in die môre en red die beroofde uit die hand van die verdrukker, sodat my grimmigheid nie uitgaan en brand soos 'n vuur sonder dat iemand dit kan blus nie, weens die boosheid van julle handelinge.”

Vanuit die eksege van die woord “**mispat**” (vgl. geregtigheid in paragraaf 3.3) word die profetiese roeping belig en benodig in die beskerming van benadeelde groepe (Psalm 146:7–9). Volgens Keller (2010:4), is die armes, weduwees, weeskinders en immigrante groepe wat beskerming benodig. Die profetiese rol in

geregtigheid in die plaaslike gemeenskap word dus, volgens die Bybel, geëvalueer aan omgee vir die “benadeeldes”.

- Longman *et al.* (2013:1364–1365) gaan so ver as om te verklaar dat die hoofokus van die profeet die verkondiging van genade en geregtigheid, en getrouheid aan God en die Skrif is. Met ander woorde, die profetiese rol word benodig om die mensdom terug te bring na God en sy gebod.

Elke profeet is geken aan ’n spesifieke roeping: Jesaja was byvoorbeeld bekend vir ’n boodskap van redding, Jeremia vir sy beroep op mense om ’n nuwe hart te skep om God se wil te doen. Esegïel brei uit op die begrip “nuwe hart” en beklemtoon die roeping van die geloofsgemeenskap as God se weermag. Hulle is God se soldate wat gevorm is uit die vallei van droë bene tot vestiging van ’n nuwe lewe (Esegïel 36:26–27). Hierdie weermag is ’n duidelike bewys van die gesamentlike potensiaal wat ontstaan as ’n gemeenskap teen ongeregtighede opstaan. Die vestiging van geregtigheid word meer dinamies indien die rimpel-effek soos in Esegïel waargeneem word.

Daniël beklemtoon die gelowiges se posisie as heiliges te midde van bose nasies wat hulle omring en bemoedig diegene wat ly as gevolg van die sonde van die nasies. Die 12 kleiner profete belig God se konsekwentheid en getrouheid ten spyte van alles wat in die wêreld verander. Hulle word herinner aan hul God wat getrou bly ten spyte van hulle ontrouheid (Maleagi 3:6–7).

Samevattende afleidings aangaande die begrip “profeet”:

- Die profeet verkondig God se standaard vir optredes as die norm vir ’n Goddelike lewenswandel.
- Die profetiese roeping is nie outomaties aanwesig nie, dit moet doelgerig aangewend, benut en ontgin word.
- Die profetiese rol is broodnodig in Suid-Afrika sodat mense (stede, nasies) vergifnis vir hul ongeregtighede kan ontvang.

Vanuit die rol van die profeet is dit duidelik dat God se oordeel oor ongeregtighede gefel word, volgens die woordsbetekenis van “**mispat**” (vgl. geregtigheid in paragraaf 3.3). God se betrokkenheid by die mens word vanuit sy karakter weerspieël. Hy pas geregtigheid toe vanuit die Bybelse begrip van geregtigheid en die toepassing van die

wet.

God is 'n goeie Skepper, liefdevol, soewerein, heilig, regverdig, genadig en Hy haat die kwaad. Hy het 'n wêreld van orde en vrede (*shalom*) geskep wat goed was. Om in dié wêreld te leef, het Hy mense geskep met die gawes van lewe, waardigheid, vryheid, en die vermoë om te werk en betekenisvolle verhoudings te handhaaf.

God stel daarom die voorwaardes vir geregtigheid. Die verbreking van die voorwaardes ontwig die *shalom* van die samelewing (Millar, 2005:109–110). Viorel (2011:1) beklemtoon dat sosiale geregtigheid en die stryd in die vestiging van geregtigheid in die samelewing daarom as fondament van die profetiese gawe dien.

3.9.3 Die Ou-Testamentiese profetiese boodskappe teen ongeregtigheid in die vestiging van geregtigheid

Konflik tussen geregtigheid en ongeregtigheid is reeds al te bespeur in die profetiese boeke waar klagtes en waarskuwings teen onregverdige praktyke vanuit die bediening van die profete belig is, naamlik:

- Die profeet Amos se lewe is reeds in paragraaf 3.6.2.5 verduidelik – hy was 'n onverskrokke profeet teen ongeregtigheid. Dit was vir hom onaanvaarbaar dat die armes, behoeftiges en hulpeloses onderdruk word. Vanuit Amos se prediking teen ongeregtigheid word die klem geplaas op die regverdige behandeling van alle mense. Die verantwoordelikheid vir die toepassing van geregtigheid word op die leierskap van die samelewing geplaas. Met leierskap word bedoel elkeen wat invloed uitoefen of mag het oor die res van die gemeenskap (Horton, 2006:251).
- Miga, nes Amos, konfronteer die leierskap in Jerusalem oor hul optredes wat die nasie benadeel. Onverskrokke en met selfvertroue word die volk gewaarsku dat hul sondes uitgebazuin sal word. Miga veg teen die sosio-ekonomiese ongeregtighede wat ingestel is om mense uit te buit. Leiers word gekonfronteer oor die uitsetting van klein grondeienaars en oneerlike besigheidstransaksies. Miga beveg die adelstand in hul uitbuiting van die armes en profeteer die gevolge van hul ongeregtighedskeuses (Gottwald, 1986:375).
- Die profeet Jeremia (Jeremia 5:1–9) is nog 'n voorbeeld van 'n profeet wat as God se onverskrokke spreekbuis opgetree het. Jeremia is ontsteld oor die leiers wat

die mense benadeel en God se verbond verbreek (Wessels, 2015:874). Daar is 'n behoefte aan regverdigheid en waarheid (getrouheid) in alle verhoudings en in die vestiging en onderhouding van 'n ordelike, vredevolle samelewing (vgl. Jeremia 22:15–17).

Jeremia spreek sy kommer oor die samelewing uit. Juda se morele toestand dui aan dat leuens en bedrog die algemene praktyk is. Jeremia is van mening dat die ongeskoolde, arm lede van die gemeenskap miskien nie van beter weet nie, maar die leiers kan nie verskoon word nie. Hulle weet wat reg en verkeerd is.

Kras metafore van ontrouheid word gebruik om die volk tot ander insigte te bring (Wessels, 2015:879). Jeremia beklemtoon dat die volk se hoofprobleem die feit is dat hul ongeregtheid hul verbondsverhouding met God verbreek (Wessels, 2015:879).

- Jesaja se opdrag as profeet behels dat hy die vernietiging van beide Juda en Israel profeteer. God het genoeg gehad van die heersers se oortredings teen die regte van gewone mense en hul stormloop vir vinnige rykwordprojekte en magsbeheptheid (Gottwald, 1986:375).
- Gottwald (1986:377) beklemtoon die roeping van Jesaja vanuit God se oordeel oor ongeregthede in die twee koninkryke. Die heersers het die regte van die gewone mense geskend weens hul hebsug. Hul behoefte na rykdom en politieke mag moes ten alle koste bevredig word. Jesaja het God se oordeel, naamlik die vernietiging van die twee koninkryke, verkondig omdat daar geen hartsveranderinge of berou by die leiers na vore gekom het nie, selfs ná die uitsprake. Jesaja het egter geglo dat 'n oorblyfsel gespaar sal word as 'n nuwe gemeenskap van geregtigheid.
- Sagaria is een van die drie profete wat ná die ballingskap dieselfde woord “**mispat**” gebruik om die hoop en visie van God aan die volk oor te dra. Leiding word gegee met woorde van hoop en inspirasie in die vestiging van 'n nuwe nasie. God se seën en beloftes van seën bly vanpas as die volk hul verbond nakom.

Samevattende afleidings rakende die Ou-Testamentiese profete:

- God soek mense wat die waarheid passievol sal preek sodat nasies en mense tot inkeer kom en vergewe kan word (Jeremia 5:1).
- God het geregtigheid lief (Jesaja 61:8). Jeremia se passievolle boodskap waarsku

teen korrupte interne regeringstelsels. Indien die leiers nie hul sonde bely en geregtigheid toepas nie, word die hele nasie uitgelewer.

Net soos in die geval van die profete, word kerke (die geloofsgemeenskap) deur Christus geroep om 'n profetiese stem van hoop tot voordeel van mense sonder hoop te wees (Kruger & De Klerk, 2016:310). Hierdie roeping realiseer egter nie huidiglik in die praktyk nie. Kruger en De Klerk (2016:288) noem byvoorbeeld dat kerkleiers ondoeltreffend is met die toerusting van die geloofsgemeenskap as alternatiewe gemeenskap, asook in die toepassing van profetiese aksie.

Wessels (2015:874) beklemtoon die belangrikheid van die profetiese gawe vir enige samelewing om behoorlik te funksioneer. Mense moet aanspreeklik vir mekaar wees. Verantwoordbaarheid dien as die tjeks en saldo's van 'n ordelike samelewing. Pieterse (2013:1) benadruk byvoorbeeld vanuit die geskiedenis van Suid-Afrika die belangrike rol wat prediking in die beëindiging van apartheid gespeel het.

In die AGS Kerk (die pentekostalistiese agtergrond van hierdie navorsing), het die profetiese rol van die kerk gerealiseer deur 'n paar mans wat as voorlopers die rol van profeet vertolk het. Die beëindiging van apartheid in die AGS Kerk was 'n intense proses wat 'n paar jaar behels het. Mans soos Chickane, Mahlobo en Burger het ná vele samesprekings die deurslag vir eenheid gegee. Op Goeie Vrydag, 5 April 1996, het die AGS-feesviering vir eenheid van die totale kerk in Centurion plaasgevind (Burger & Nel, 2008b:427–431).

3.10 HISTORIESE EN NORMATIEWE PERSPEKTIEWE OP DIE KERK SE MORELE ROL

Bogenoemde sal geskied vanuit die volgende twee indelings, naamlik:

- A. Moraliteit vanuit die geskiedenis; en
- B. Normatiewe navorsing oor die kerk as morele gemeenskap.

In aansluiting by bogenoemde toon Kruger en De Klerk (2016:115) aan dat kerke, met hul sterk invloed, die profetiese roeping in alle sfere van die Suid-Afrikaanse samelewing moet gebruik, en met prediking, onderrig en betrokkenheid in die samelewing 'n bres moet

slaan. Kruger en De Klerk (2016:115) is van mening dat kerke per definisie as morele agente geklassifiseer kan word.

Getrou aan Browning se model wat die historiese aspek insluit, word die agtergrond van moraliteit nou geskets. Pentekostalisme as morele agent se geskiedenis word gevolglik van nader beskou.

3.10.1 Die historiese ontplooiing van moraliteit

Moraliteit³³ word beskryf as beginsels wat die onderskeid tussen reg en verkeerd of goeie en slegte gedrag bepaal. Sinonieme daarvoor is etiek, reg en onreg, en korrektheid. Dit behels 'n spesifieke waardestelsel en gedragsbeginsels.

Reeds sedert die filosofiese tye het moraliteit (etiek) as 'n onderwerp van bespreking gedien. Klassieke teorieë het vrae ingesluit soos: Wat is die goeie lewe vir mense? en Hoe moet mense optree? Sulke teorieë het egter aanvaar dat as mense weet wat die goeie lewe is, hulle sal poog om vanuit hul natuur so op te tree. Hierdie denke vorm die basis van die eerste bekende klassieke teorie van Sokrates of Plato.

Aristoteles verskil egter van dié denke en redeneer soos Paulus dat die mens juis dít wat hy nie wil doen nie doen. Hy benadruk dat goeie gewoontes reeds van jongs af aangeleer moet word (Popkin & Stroll, 1993:2–7).

Op die voetspoor van Paulus se woorde kom Miller (2014:4), na aanleiding van sy verhandeling oor MacIntyre se morele teologie, tot die slotsom dat die geloofsgemeenskap die oplossing is om die mens by die goeie lewe uit te bring. Miller (2014:9) verduidelik dat menslike optredes bepaal word vanuit spesifieke gebeure in die geskiedenis wat ekonomiese, politieke en maatskaplike omstandighede insluit.

Hierdie morele teologie is van mening dat die klassieke tradisie van deugde die mens help om betekenis aan sy lewe te gee (Miller, 2014:28). Stories as medium is daarom nodig vir die mens om sin van die lewe te maak. In die weergee van hierdie stories is die vraag daarom nie: Wat is ek veronderstel om te doen nie?, maar eerder: In watter tipe

³³ <https://en.wikipedia.org/wiki/Morality>

storie bevind ek myself? Die storie van die lewe is dus onlosmaaklik verbind aan: Wat is die goeie lewe? (Miller, 2014:28).

Die liggaam van Christus, vanuit Paulus se leringe, behels daarom 'n gesamentlike lewe met 'n gemeenskaplike doelwit (Miller, 2014:142). Hierdie beginsel is egter ook van toepassing op die gemeenskap as liggaam. Indien die gemeenskap nie saam as liggaam funksioneer nie, word die gemeenskap siek. Vanuit hierdie beginsel is die breër prentjie daarom van kardinale belang en ontstaan deugde tot heling van 'n gemeenskap (Miller, 2014:145).

Hauerwas belig verdere sienswyses tot 'n beter begrip van die morele rol van die kerk, naamlik:

- Hy verduidelik vanuit die moderne opvatting dat godsdienstige oortuigings in der waarheid moraliteit beliggaam. Hiermee word bedoel dat godsdienstige oortuigings as 'n lewenswyse morele dade insluit. Sodoende word 'n morele gemeenskap gevorm wat getrou aan hul God leef (Hauerwas, 1974:89).
- Vir Hauerwas (vgl. Mealey, 2009:147) is dit daarom belangrik dat teologie in die gemeenskap uitgeleef word.
- Hy is van mening dat voortdurende refleksie op morele opvattinge benodig word. In veranderende tye benodig elke morele kwessie opnuut besinning vir die vorming van nuwe waardes. Hierdie proses behels ook die byvoeging van nog mense tot die besinningsproses as groeifase. Meer as een oplossing vanuit refleksie gee geleentheid vir morele groei (Mealey, 2009:146). Volgens Hauerwas (1974:25–28) brei die mens se morele bewussyn gevolglik uit.
- Die nodigheid bestaan vir mense om 'n nuwe prioritisering en groepering van norme daar te stel. Sodoende kan 'n patroon daargestel word vir optredes (Hauerwas, 1974:27–28).
- Omdat die Christen voortdurend sy lewe ondersoek, word die werklikheid waarvan hy deel is ook voortdurend ondersoek, en gepaardgaande daarmee ook sy visie en karakter. Vir die Christen vind God se heiligmaking dus plaas (Hauerwas, 1974:66).
- Hauerwas (1981:158) verduidelik dat die mens 'n produk sowel as maker van geskiedenis is. Die mens verrig aktiewe dade, maar net so is daar gebeure wat op die mens inwerk.

Vorster (2014:157-158) fokus op die belangrikheid van kerklike getuienis oor die morele mankemente van die sekulariserende samelewing. As kerke uit die openbare oog onttrek – soos met die privatisering van die godsdiens in Europa gebeur het – bied dit weinig hoop vir mense wat 'n hoë premie op geregtigheid, versoening en vrede plaas. So 'n tendens ontnem die kerke ook van die geleentheid om 'n alternatief vir die sekularisering van die Christelike geloof te bied. Hierdie invloed vanuit die geskiedenis van pentekostalisme word daarom in diskoers gebring.

3.10.2 Die pentekostalistiese beweging se geskiedenis as morele agent

Cartledge (2012:587) definieer pentekostalisme as een van die lewendigste, interessantste en mees problematiese tradisies in die wêreld-Christendom. Geformeer uit merendeels arm mense, is daar bevind dat 87% van die wêreld se pinksterlidmate onder die armoedelyn leef. Hul evangelie word egter beskryf as een van gesondheid en rykdom, veral in ontwikkelende lande.

Spesifieke definisies van pentekostalisme is nie maklik nie. As 'n beweging het dit aan die begin van die 20^{ste} eeu ontwikkel, maar haar wortels lê egter diep in die Christelike tradisie (Cartledge, 2012:588).

Pentekostalisme het ontstaan saam met verskeie herlewings orals in die wêreld, vandaar die aanname dat dit nie uit 'n enkele bron ontstaan het nie. Die Azusastraat-herlewing word wel as die prominentste invloed genoem. Hierdie herlewing het vanuit die Wesleyan-heiligheidstradisie gegroei, wat 'n post-verandering en post-heiligmaking genaamd doping met die Heilige Gees (met die spreek in tale) as 'n noodigheid vir effektiewe getuienis in die wêreld geag het.

Vandag word hierdie selfde waardes nogsteeds regoor die wêreld gedeel (Cartledge, 2012:589). Uitstaande eienskappe is dat lidmate hul lewenswyses op die Woord bou en hulself soms onttrek juis vanuit die behoefte aan heilige lewenswyses.

In die skep van 'n rimpel-effek van geregtigheid gefokus op moraliteit is dit belangrik om uit te lig dat pentekostalisme vanuit tradisie glo dat individuele sowel as gemeenskaplike reformasie kan plaasvind. Daar word ag geslaan op 'n sensitiwiteit ten opsigte van die

Heilige Gees vir 'n heilige lewenswandel, asook getrouheid teenoor God se koninkryk. Praktiese ervarings vanuit gedeelde getuienisse dien as 'n kragtige medium om die evangelie uit te dra (Cartledge, 2012:592).

Relevant tot die lens waardeur hierdie navorsing geskied, word die AGS (Apostoliese Geloofsending) se rol in moraliteit as 'n pentekostalistiese kerk in Suid-Afrika nagevors.

3.10.3 Die geskiedenis van die AGS Kerk in Suid-Afrika as morele agent

Vir die doel van hierdie navorsing word daar hoofsaaklik gefokus op die boek van Burger genaamd *Geloofsgeskiedenis van die AGS van Suid-Afrika (1908-1958)*. Lidmate se morele lewenswyses word belig, veral met die kerk se ontstaan.

In die 19^{de} eeu het die Heiligheidsbeweging as 'n voedingsbron vir die pinksterbeweging gedien (Burger, 1987:47). Hul invloed is gekenmerk deur eienskappe soos elke lidmaat se persoonlike getuienis van bekering wat 'n persoonlike ontmoeting met God ingesluit het. Hierdie ontmoeting met God het in baie gevalle emosie en belewenis behels. Vanuit lidmate se ontmoeting met God het Bybelgesentreerde moralisme, praktiese heiligmaking, 'n toegewyde lewe van gebed en Bybelstudie, gevoelvolle liedere en 'n innige passie vir betrokkenheid by die nood van andere, asook 'n ywer vir die verlorenes, ontstaan (Burger, 1987:46).

Burger (1987:46) toon egter aan dat Piëtisme tot gevolg gehad het dat sekere ondervindings en praktyke in die pinksterbeweging soms oorbeklemtoon is, naamlik die klem op heiligheid, afsondering van die wêreld en 'n toegewyde lewenswandel. Veral alkohol, tabak, die eet van varkvleis en die gebruik van medisyne is met afkeer bejeën. Burger en Nel (2008a:52) voeg vanuit hul navorsing ook dans by as een van die ontoelaatbare praktyke.

Die eet van varkvleis en die afkeer in medisyne was beginsels waarop die AGS in haar beginjare sterk gefunksioneer het (Burger, 1987:61). Interessante rimpel-effek-situasies wat na aanleiding van die morele standpunte van die kerk ontstaan het, was dat die nuutbekeerde plaaswerkers nuwe waardes geleef het. Daar het vervolgens konflik ontstaan oor die stelsel waar betaling van boere ontvang is in die vorm van goedkoop wyn en tabak (Burger & Nel, 2008a:59).

Ook op die gebied van verhoudings vertel Burger (1987:77) dat, na aanleiding van die Azusastraat-gebeure wat drie en 'n half jaar geduur het, eredienste deur die gesamentlike aanbidding van verskillende nasionaliteite in spontane eenheid voor God gekenmerk is. Opvallende kenmerke van dié dienste was die gees van nederigheid en ootmoed wat deurgaans geheers het. Hoogmoed en selfverhoging het geen plek gehad waar almal in nederigheid voor die kruis saamgekom het nie. Die godsdienstige ego het voor die kruis gesterf (Burger, 1987:78).

Die gebeure van die Azusastraat-herlewing het wêreldwyd 'n groot invloed uitgeoefen. Swart en wit mense was op gelyke voet deel van die ontstaan van die pinksterbeweging. Daar was geen rassewrywing nie, "kleurlyne was weggewas deur die bloed van Jesus". Die hartseer wending is dat daar kort ná die Azusastraat-gebeure – voor die einde van 1906 – 'n natuurlike, spontane rassessekering plaasgevind het (Burger, 1987:80–81).

Ander faktore wat die ontstaan van die AGS beïnvloed en begunstig het, was die herlewing van 1860 in die Nederduits Gereformeerde Kerk (NG-kerk) van Suid-Afrika. Die belangrikste kenmerk van dié herlewing was die diep sonde-oortuiging. Mense het in wanhoop uitgeroep: Wat moet ek doen om gered te word? (Burger, 1987:87). Die invloed daarvan was dat die meeste mense in dorpe soos Worcester en Wellington tot bekering gekom het. Mense het in diepe berou oor hul sondes hul lewenswyses verander. Huisgodsdienste is byvoorbeeld in die meeste huise weer ingestel (Burger, 1987:91). Die outeur belig die invloed van Andrew Murray na aanleiding van die herlewing in Wellington waar van die 40 kroeë slegs vier oopgebly het (Burger, 1987:98).

Die AGS het tydens die Afrikaner se grootste laagtepunt in 1908 ontstaan. Morele, maatskaplike en geestelike verval was aan die orde van die dag. Dronkenskap en ander soorte euwels het grootliks vermeerder.

Die verarmdes, verstotenes, boemelaars, dronklappe en sosiaal-misplaastes het niks gehad wat hulle kon verhinder om nie met die AGS (pinksterkerk) te assosieer nie. Mense in nood en desperaatheid openbaar 'n groot behoefte aan God en godsdienste (Burger, 1987:118–119). Die feit dat mense deur die Anglo-Boere-oorlog en die verhuising vanaf bekende landelike omgewings en gevestigde kerklike milieus na ordelose myn- en

delwersgemeenskappe en stede ontwig is, het 'n groot geestelike verval en kerkloosheid meegebring (Burger, 1987:119).

Die AGS se ontstaan het gepaardgegaan met 'n toestand van kerkloosheid en geestelike afplatting. Johannesburg is geken aan verskillende maatskaplike wantoestande en euwels soos drankmisbruik, dobbelary en onsedelikheid. In hierdie toestand het die vroeë AGS-lidmate hulself uitgemunt in liefde, sorg en behulpsaamheid teenoor mede-geknakte Afrikaners (Burger, 1987:120).

Rekords van eredienste wat aand na aand in Breëstraat in Johannesburg gehou is, toon aan dat menige boewe, smokkelaars, vroueslaners, prostitute en bordeeleienaars dit bygewoon het. Kenmerkend van hierdie era is al die drankverslaafdes wat bevry is (Burger, 1987:170). Die opspraakwekkendste gebeurtenisse wat egter met die dienste gepaardgegaan het, was al die genesings (Burger, 1987:173).

Ten spyte van vervolging deur spotters en moeilikheidmakers, en dade soos klippe wat op die kerk se dak gegooi is, die spuit van peper in die lug, duiwe in die kerk en ander vervolgings, kon niks hierdie rimpel-effek van die oplewing en beleving van 'n nuwe lewe deur die geloofsgemeenskap stuit nie (Burger, 1987:173). Die vervolging het tot gevolg gehad dat daar 'n gees van samehorigheid en eenheid onder lidmate geheers het.

Hierdie groep het nie geslote gebly nie, besoekers is met warmte en hartlikheid ontvang en het sodoende 'n nuwe tuiste gevind (Burger, 1987:174). Die AGS Kerk het egter duidelike riglyne, afkomstig van die Komitee van Dogmatiek, Etiek en Liturgiek, aan lede voorgehou rakende sake soos egskeiding en hertrou, kleredrag, rook, loterye, dans en seksuele verhoudings (Burger & Nel, 2008b:370–379).

Gedurende die eerste paar dekades van die bestaan van die pinksterbeweging, is daar soms 'n indruk van afsydigheid teenoor die sameleving gewek (Burger, 1987:308–309). Hierdie afsydigheid was egter as gevolg van die gesindheid dat die volle aandag van die vroeë pinksterlidmate aan hul godsdiens gewy moes word. Kruschwitz en Schobert (2003:10) toon ook aan dat die siening van ouds behels het dat 'n morele lewe as 'n godsdienstige lewe beskou is.

Die Eerste Wêreldoorlog het egter ook die AGS-lidmate beïnvloed met blootstelling aan nuwe sienswyses. 'n Verdere invloed op lidmate was die nuutgevonde lewenstandaard van voorheen arm en verstote lidmate. Ouers kon nou meer aan hul kinders bied soos onder andere universiteitsopleiding. Hierdie nuwe standarde het ook tot gevolg gehad dat die nuwe geslag 'n vars AGS-beeld wou skep, een wat meer verteenwoordigend van die nuwe, professionele lidmate was en vroeëre antagonisme teenoor geleerdheid verander het. Lidmate is ook aangemoedig om as volwaardige lede van die samelewing hul plek vol te staan (Burger, 1987:308–309).

In 1955 het senator Gerrie Wessels (vise-president van die AGS) by die politiek betrokke geraak met een van sy doelwitte om die AGS-lidmate te leer om as burgers van die land hul pligte na te kom. Dié betrokkenheid was egter vir baie 'n onaanvaarbare stap en in 1958 is dit as een van die hoofredes vir 'n skeuring in die kerk gegee (Burger, 1987:328). Burger (1987:310–311) spreek sy kommer uit oor 'n merkbare geestelike afplatting sedert 1958.

Op die voetspoor van bogenoemde positiewe invloed op moraliteit vanuit die ontstaan van pentekostalisme, word daar vervolgens meer agtergrond gegee oor die begrip van moraliteit. Kommentare van Fitzmyer (2008), Dakes (2010) en Strong (2001) oor die moraliteit van die Korinte-gemeente sal gebruik word.

3.10.4 Normatiewe navorsing oor die kerk as morele gemeenskap

Paulus skryf herderlike briewe aan die nuutgestigte gemeente van Korinte. Hierdie gemeente bevind haarself in die hoofstad van die Romeinse provinsie Agaje. Die stad is bekend vir haar algemene onsedelikheid, heidense godsdienste en kultuurskatte. As jong gemeente ag Paulus dit belangrik om hulle as morele gemeenskap toe te rus.³⁴

3.10.4.1 *Moraliteit vanuit die Korinte-gemeente*

Die kommentaar van Fitzmyer (2008:583) fokus die aandag op Paulus se geleende spreekwoord vanuit die Grieks-Romeinse kultuur waarin die Christene van die Korinte-gemeente hulself bevind het. Paulus waarsku die Christene om versigtig te wees vir die

³⁴ https://af.wikipedia.org/wiki/1_Korinti%C3%ABrs

invloed van die kultuur op hul lewenswyse en veral die invloed op hul denke. Die Korintiese gemeentelêde het 'n stryd met sekulêre denke gevoer.

Invloede van buite behels die Epikuriese leer, Stoïsynse beginsels en die retoriek van die Sofiste (Fitzmyer, 2008:30). Verdere invloede op die gemeente was die gewilde Griekse filosofie en sekulêre onderwys saam met die Romeinse kultuur. Die inwoners van die stad was ryk, onafhanklik en voortvarend. Die stad het egter ook bestaan uit immigrante, elkeen met hul eie godsdienste, kulture en norme. Hierdie verskeidenheid van mense het die kerk ook voor moeilike konfliktsituasies te staan gebring (Fitzmyer, 2008:30).

Paulus gee egter duidelike riglyne aan die gemeente as norm vir morele waardes:

1 Korintiërs 15:33 “Moenie dwaal nie; slegte gesprekke bederf goeie sedes.”

Dié teksvers word vervolgens vanuit a) Strong (2001), b) Dakes (2010) en c) Fitzmyer (2008) meer volledig nagevors.

3.10.4.2 Eksege op die Griekse woord vir sedes (G1485) *θος* etos

- Strong (2001:1059) verduidelik dat die woord “etos” afkomstig is van die woord “eto” wat beteken: 'n Persoonlike gebruik wat voorgeskryf word deur 'n gewoonte of deur die wet bepaal is. Hierdie gebruik het egter die norm geword as algemene gebruik. Een so 'n voorbeeld is die liggaamsvoorbereiding soos met Jesus se afsterwe waar sy liggaam gehaal is vir voorbereiding vir die graf (Johannes 19:40).
- Dakes (2010:329) toon aan dat die invloed en afsmeer van slegte waardes daarom gewoonlik vanuit verkeerde assosiasies geskied.
- Fitzmyer (2008:273) fokus op Paulus se toerustingstaak aangaande die invloed van verkeerde sedes op die gemeente vanuit 1 Korintiërs 7, naamlik:
 - Paulus stel aan die Christene die norme van morele waardes rakende seksualiteit. Die algemene siening word gehandhaaf dat Paulus vrae beantwoord na aanleiding van 'n geheime brief. Hierdie antwoorde gee norme oor seksualiteit in die huwelik sowel as in 'n ongetroude staat. Fitzmyer (2008:30) benadruk die totaal verskillende waardes en optredes van die Christene in kontras met dié van die heersende kultuur. Die heersende kultuur het byvoorbeeld verwag dat die vrou aan haar

huweliksmat getrou moet wees, maar dit was nie die norm vir die man nie.

- Paulus belig daarom die huwelik as die enigste plek vir seksuele uitdrukking (Fitzmyer, 2008:280).
- Paulus rus die gemeente toe oor die hele verhoudingsaspek van die mens in die huwelik met seksualiteit, egskeiding, hertrou, maagdelikheid sowel as die gawe van selibaatheid as van die grootste morele vraagstukke (Fitzmyer, 2008:280–329).

’n Verdere probeem aangaande moraliteit en die heersende kultuur wat Paulus aanraak, is die eet van vleis wat aan afgode geoffer is (1 Korintiërs 8:10–13).

1 Korintiërs 8:10

“Want as iemand jou wat kennis het, aan tafel sien in ’n afgodstempel, sal sy gewete, as hy ’n swak man is, nie aangemoedig word om van die offervleis aan die afgode te eet nie?”

1 Korintiërs 8:11

“En moet die swakke broeder vir wie Christus gesterf het, verlore gaan deur jou kennis?”

1 Korintiërs 8:12

“Maar deur so teen die broeders te sondig en hulle gewete wat swak is, seer te maak, sondig julle teen Christus.”

1 Korintiërs 8:13

“Daarom, as voedsel my broeder laat struikel, sal ek in der ewigheid geen vleis eet nie, om my broeder nie te laat struikel nie.”

Verskillende kommentare gee die agtergrond en oplossings vanuit kultuurverskille in die vestiging van moraliteit soos volg:

- Fitzmyer (2008:331) fokus op Paulus se bekommernis dat die geloofsgemeenskap teen hul mede-Christene sondig sowel as teen God. Die stad het baie tempels gehuisves en tydens feeste is diere geslag en geëet. Die vleis, heuning, graan en kaas wat oorgebly het, is op die markplein verkoop. Paulus belig egter die probleem waar nie-Jode ’n probleem kan hê met mede-Christene se optredes. Vanuit die nuwe bekeerlinge se agtergrond en deelname aan heidense feeste kan hierdie Christene se getuienis skade ly.
- Dakes (2010:316–317) omskryf die agtergrond van die twee groeperinge, naamlik die Jode wat streng volgens die wet handel en die heidene wat nogsteeds aan ou heidense rituele vashou. Om ware eenheid in die kerk te bewerkstellig, is dit egter

nodig om die verskille te konfronteer vanuit gesprek tot oplossings wat die liggaam bevoordeel. Paulus gee dus goeie raad wat drie moontlike optredes insluit, naamlik:

- Christene moet sensitief optree teenoor hul mede-Christene wat 'n swak gewete oor afgodsvleis het.
- Geheelonthouding ter wille van die liefde: Paulus se oplossing is om diegene wat voldoende kennis rakende die morele uitdagings het te oorreed om hulself heeltemal van afgodsvleis te onthou, juis omdat dit so baie met afgodsdienste geassosieer word.
- Die laaste oplossing behels dat Paulus diegene wat kennis besit, oorreed om sy beleid te aanvaar om nie hul "regte" te gebruik om sulke afgodsvleis te eet nie, selfs tydens tempelbankette (Fitzmyer, 2008:331).

Hoe dit ook al sy, Fitzmyer (2008:333) beklemtoon egter die verantwoordelikheid van die Christelike gemeenskap teenoor die omliggende sekulêre kultuur. Die gespanne verhoudings tussen individue of groepe binne die gemeenskap kan oorwin word met kennis en die strewe na liefdesoptredes of liefdadigheid as die normale gedrag van die Christelike lewe.

Die kommentaar van Dakes (2010:316) benadruk die taak van liefde, naamlik om op te bou. God het lewe geskep om in gemeenskap met Hom en met jou naaste te wees. Elke mens moet met waardigheid en regverdigheid behandel word. Enige skending van waardigheid of disrespek, teenoor wie ook al, word as sonde beskou. Om geregtigheid uit te leef soos God beveel het, behels deelname van benadeeldes in die soeke na regverdige gemeenskapsoplossings (Kruschwitz & Schobert, 2003:38).

Morele optredes vanuit die geskrewe Woord word getoets aan die liefde as fondament waaruit alle morele handeling geskied (Vorster, 2014:98). In aansluiting met bogenoemde, maak Kruschwitz en Schobert (2003:38) gebruik van Lewis Smedes se gedagtes dat daar twee morele absoluutheidsbeginsels is: geregtigheid en om lief te hê. Met geregtigheid word regverdige optredes bedoel, en met liefde word hulpverlening in nood bedoel. Hierdie morele optredes eggo regdeur die Bybel as geregtigheidsdade vanuit die Ou Testament en liefdeshandeling vanuit die Nuwe Testament. Hierdie optredes dien as God se meetinstrument vir sy heerskappy in die harte van sy mense.

Die geloofsgemeenskap het daarom die verantwoordelikheid om dade wat by hul bekering pas aan die wêreld te toon (Kruschwitz & Schobert, 2003:12). Kruschwitz en Schobert (2003:10) benadruk die gedagte vanuit Matteus 25:34–35 waar dade verpersoonlik word as dade aan Hom, of dit nou geregtighedsdade of ongeregtighedsdade is. Vanuit hierdie hoek word hedendaagse morele kwessies daarom gekonfronteer met dieselfde Bybelse normes. Met die oog op die morele verval, soos reeds genoem, is die vraag dus: Watter rol speel die kerk in al die hedendaagse verhoudingskwessies rakende morele gedrag? En is daar 'n verskil tussen die morele gedrag, waardes en lewensgetuienes van die geloofsgemeenskap en dié van die wêreld? (Kruschwitz & Schobert, 2003:37)

Op die fondament van goedontwikkelde Bybelse morele standaarde kan Christene 'n etiese etos in die publieke sektor bevorder en ontwikkel. Waaksaamheid kan egter verbeter ten opsigte van dade soos korrupsie, wat verkeerd is, en gedrag soos hebsug, nepotisme en uitbuiting, wat moreel onhoudbaar en sosiaal vernietigend is (Kruger & De Klerk, 2016:115).

Vorster (2014:136) is van mening dat die kerk baie het om te bied in die morele opbou van die Suid-Afrikaanse samelewing. Die kerk kan koers aandui in die vakuum wat gelaat word deur die erosie van sekularisme. Die vraag is nou hoe die kerk as morele agent in die samelewing hierdie dinamiese invloed in 'n sekulariserende omgewing kan uitoefen (Vorster, 2014:153).

Oplossings word benodig vir morele kwessies soos onderdrukkende en onregverdige sosiale strukture wat ideologieë soos rassisme, xenofobie of seksisme huisves (Vorster, 2014:19). Postmodernistiese slagspreuke soos “nothing is sacred” en “everything goes” toon onaanvaarbare invloedsfere. Morele pluralisme se invloed in die Westerse samelewings skyn veral deur ten opsigte van huweliks- en seksuele etiek.

Die kerk as morele gemeenskap het 'n ryk skat van Bybelse etiek wat voorbeeldig in die sekulêre samelewing uitgestal kan word en waardeur soekende mense na God gelei kan word (Vorster, 2014:19). Deur die vestiging van nuwe gewoontes wat die Gees leer, word die mens verander in goeie, deugsame, morele persone wat met karakter en integriteit lewe. Dit beteken dat die geloofsgemeenskap op hierdie wyse 'n rol te speel het in die herstel van moraliteit in Suid-Afrika (Jack, 2007:252).

Vorster (2014:159) beklemtoon dus die rol van die kerk as morele gemeenskap wat die voorbeeld stel van wat Christelike moraliteit in die praktyk behels. Wanneer kerke geloofwaardige hoop in Suid-Afrika wakker maak, sal hulle nie net 'n groot bydrae maak tot morele vernuwing nie, maar ook 'n herwaardering van die Christelike geloof in die sekulariserende Suid-Afrikaanse samelewing oproep.

Vorster (2014:179) beklemtoon 'n laaste rol van die kerk, naamlik dié van terapeutiese gemeenskap in die Suid-Afrikaanse samelewing. Hierdie rol word benodig om helend in te werk op die nood van die gebroke samelewing.

3.10.5 Historiese perspektiewe op die kerk as terapeutiese gemeenskap van geregtigheid

Bogenoemde sal vanuit die volgende twee indelings geskied, naamlik:

- A. Die historiese agtergrondsbeskouing van die kerk as terapeutiese gemeenskap deur die eeue; en
- B. Normatiewe navorsing oor die kerk as terapeutiese gemeenskap.

3.10.5.1 Die historiese agtergrondsbeskouing van die kerk as terapeutiese gemeenskap deur die eeue

Vanuit die Christelike geskiedenis van die kerk is die siening dat Calvyn die terapeutiese bediening beskou het as:

- Woordbedienaars moes hulself toewy aan die bediening van die Woord en die Sakramente. Dit was 'n lang tradisie in die kerk dat die primêre pligte van 'n leraar die bediening van God se Woord ingesluit het. Die leraar moes toesien dat die gemeente gevoed en gebou word vanuit hierdie gesonde leer.
- Vanuit Jesus se fokus op die bediening van genesing aan siekes is dit belangrik om siekte se vernietigende uitwerking op die menslike lewe waar te neem. Jesus het vir mense omgee. Vanuit deernis was sy hoofmotief om mense van hul ellende te verlig.
- Jesus het siekte as die werk van die bose en sy volgelinge beskou.

- Hierdie sorg vir die siekes het later die sorg van die kerk geword. Die Handeling van die Apostels wys dat dieselfde besorgdheid aan die vroeë Christelike gemeenskappe oorgedra is.

Weens die kerk se sosiale rol, beskryf in paragraaf 3.8.2, is die geskiedenis gevul met die kerk se fisiese betrokkenheid sowel as omgee vir siek mense as kenmerkende eienskappe reg deur die eeue.

Vanuit pentekostalisme in Suid-Afrika, gefokus op die AGS Kerk, het die geskiedenis die bediening van genesing as hoofkenmerke van die pinksterkerk belig (Burger, 1987:102). Elke lid van die beweging was met woord en daad betrokke by die algemene welsyn van mense in nood (Burger, 1987:120).

Kerkhistories het fisiese genesing 'n hoofrol in die AGS gespeel. Daar is soveel geskrewe bewyse van Goddelike genesing (Burger, 1987:177). Nie net het die kerk God vertrou vir mense se fisiese genesing nie, maar ook kon die kerk se terapeutiese rol veral tydens die Tweede Wêreldoorlog (1939–1945) waargeneem word.

Die ses jaar van oorlog het baie sosiale en ekonomiese gevolge in die land gehad. Hierdie jare het egter die grootste groei in die geskiedenis van die AGS tot gevolg gehad – geestelik, kwantitatief en finansieel. Pastore is dikwels opgesoek vir geestelike hulp met huislike probleme en verslawings. Die AGS het in stilte Suid-Afrikaners opgehef tot 'n beter lewe en beter burgerskap (Burger, 1987:365).

Een uitstaande kenmerk van dié tyd was die voedselhulp wat die AGS na ander Europese lande (Engeland, Duitsland en Nederland) gestuur het om pinkstergenote by te staan (Burger, 1987:273–274).

3.10.5.2 Normatiewe navorsing oor die kerk as terapeutiese gemeenskap

Praktiese teologie word as diakoniologie beskryf. Daarmee word bedoel die praktyk van diens vanuit die Woord en die versorging van mense se geestelike behoeftes (sielsversorging) (Louw, 2011:2).

3.10.5.2.1 Die kerk as terapeutiese gemeenskap

Manala (2016:4) belig die behoefte dat alle gemeenskapsontwikkelings-entiteite in Afrika die oorvloedige lewe en algemene welsyn van mense doeltreffend moet aanspreek, veral ten opsigte van lewensbedreigings soos siektes en ander teëspoed. Vanuit die sielsversorging van die mens en die daarstel van 'n normatiewe riglyn vir die geloofsgemeenskap in die betrokkenheid by menslike lief en leed, word Louw (2011:10) se verduideliking van die woord “ta splachna” – soos dit gebruik word in teksverse soos Matteus 9:36, Lukas 10:33 en Markus 9:35–38 – nou verder nagevors.

Hierdie verse toon aan dat opregte medelye met mense 'n absolute noodsaaklikheid vir elke gelowige is. In die diskoers tot 'n beter begrip van die terapeutiese rol van die kerk, sal daar vanuit verskillende verse op die term “medelye” gefokus word met behulp van die volgende woordeboeke, naamlik a) Brown *et al.* (2008), b) Strong (2001) en c) Thayer (2007).

Medelye (G4697) σπλαγχνίζομαι *splagchnizomai*

Matteus 9:36

“En toe Hy die skare sien, het Hy innig jammer (*splagchnizomai*) gevoel vir hulle, omdat hulle moeg en uitgeput was, soos skape wat geen herder het nie.”

Asook vanuit die verhaal van die Barmhartige Samaritaan in **Lukas 10:33**: “Maar 'n sekere Samaritaan wat op reis was, het op hom afgekom; en toe hy hom sien, het hy innig jammer (*splagchnizomai*) gevoel.”

- Volgens Strong (2001:1375) behels die begrip: Om vanuit die ingewande (as kern van menswees) emosies van simpatie en medelye vir mense se omstandighede te ervaar.
- Thayer (2007:584) beklemtoon die nodigheid van praktiese optredes (aksie) in die betrokkenheid by mense se “seer”. Die Griekse woord wat die ervaring van emosies in die ingewande beklemtoon, word gebruik. Die ingewande is beskou as die plek van liefde en deernis. Die geloofsgemeenskap het nodig om medelydend te wees of met deernis gevul te word.

Louw (2015b:14) benadruk die Godheid se omgee en intense betrokkenheid by menslike lyding. Die toets vir die kerk (geloofsgemeenskap) lê daarin om hierdie omgee met die hantering van krisis, as God se verteenwoordigers oor te dra en betrokke te raak. Die vraag is dus: Tree die kerk so op dat die samelewing ervaar dat God in wese met ons is?

Vanuit Spreuke 31 word die volgende verse nagevors wat die gepaardgaande dade beklemtoon as optredes vanuit medelye, naamlik:

Spreuke 31:8

“Maak jou mond oop vir die stomme, vir die regsak van almal wat wegkwyn (**chălôph**).”

Spreuke 31:9

“Maak jou mond oop, oordeel regverdig en verskaf reg (**tsedeq**) aan die ellendige en die behoeftige. Goedertierenheid en trou ontmoet mekaar; geregtigheid (**tsedeq**) en vrede kus mekaar.”

Soos bespreek in Tabel 3.1, behels die woord “**tsedeq**” die volgende betekenisse in die kerk se terapeutiese rol, naamlik:

- Reg en billikheid is die fondament waarop verhoudings vanuit die kerk tussen mense asook tussen God en mens gebou word (Strong, 2001:762).
- Dit is 'n etiese reg (Job 35:2) en “dit wat reg is” (Levitikus 19:36) om benadeeldes te beskerm en vanuit geregtigheid namens hulle op te tree (Brown *et al.*, 2008:842).
- Integriteit is 'n belangrike waarde in die funksionering van verhoudings. Integriteit word benodig, byvoorbeeld waar 'n regter onpartydige uitspraak moet lewer. Die voorbeeld van gewigte wat konstant bly word gebruik vir die konstante toepassing van geregtigheid. Die waarheidslewe, gebou op integriteit, het die belewing van vrede as 'n direkte gevolg, soos verduidelik in Psalm 85:10 (Zodhiates, 1992:1767–1768).

Vanuit bogenoemde vers, Spreuke 31:8, word geregtigheid (**tsedeq**) benodig vir diegene wat wegkwyn. Die betekenis van “wegkwyn” sal nou ontleed word om 'n beter begrip vir die toepassing van geregtigheid te kry.

Wegkwyn H2475 חָלַף **chălôph**

- Brown-Driver-Briggs (2012)³⁵ verduidelik diegene wat “wegkwyn” as:
 - 1) die behoeftiges – hoofsaaklik die arm, behoeftige persoon;
 - 2) diegene wat aan onderdrukking en mishandeling onderhewig is;
 - 3) diegene wat hulp nodig het, verlossing uit die moeilikheid, veral soos gelewer deur God; en
 - 4) die laagste klas.
- Hierdie vers, volgens Strong (2001:468), beklemtoon dat daar namens dié wat sprakeloos is, gepraat moet word. By implikasie word die wese genoem as “die wat wegkwyn”.
- Dakes (2010:1107) beklemtoon dat die verwagte optredes teenoor hierdie mense (armes en behoeftiges) op die fondament van geregtigheid gebou sal wees.

Die soeke na meelewing en belewenis het ’n kenmerk van die hedendaagse mens geword het. Die mens wil verhoudings hê asook die geborgenheid daarvan beleef. Die geloofsgemeenskap (kerk) is ’n verhoudingsgemeenskap wat as sodanig hierdie soeke kan beantwoord, veral vir mense wat die pyn van gebroke verhoudings ervaar (Brueggemann, 1991:128).

As terapeutiese gemeenskap is die kerk in die besondere posisie om die soekendes in ons samelewing te ondersteun (Vorster, 2014:156). Hierdie ondersteuning geskied juis vanuit die gemeenskap van die gelowiges (soos reeds bespreek in paragraaf 3.8.4.1 onder die woordsontleding van *koinonia*).

In aansluiting by die woord *koinonia* word die terapeutiese rol van die geloofsgemeenskap verder verduidelik, soos uitgebeeld deur Jonker (1985:120) se gebruikmaking van die term “koinoterapie”. Koinoterapie is ’n samevoeging van die woorde *koinonia* (gemeenskap) en *therapeia* (genesing).

Die woord “**therapeia**” (**G2322**) **θεραπεία** word verduidelik vanuit die Nuwe Testamentiese boek van Lukas.

³⁵ www.eswordlibrary.com/wpfb-file/brown-driver-briggs-hebrew-definitions-dctx/

Lukas 9:11

“Maar die skare het dit te wete gekom en Hom gevolg; en Hy het hulle ontvang en met hulle gespreek oor die koninkryk van God, en die wat genesing nodig gehad het, **gesond (therapeia)** gemaak.”

- Strong (2001:1138) verduidelik dat genesing geskied waar voldoende aandag (omgee) gegee word, soos in die voorbeeld van 'n huishouding.
- Thayer (2007:288) gee die verduideliking van die woord meer spesifiek vanuit die beginsel van diens gelewer deur een persoon aan 'n ander, soos in die geval van mediese diens wat lei tot genesing, of huishoudelike diens met behulp van bediendes, dienaars en huishoudings.

Koinoterapie beteken dus volgens Jonker (1985:120) die volgende, naamlik:

- Die kerk, as ekklesia van God en liggaam van Christus, is ook die gemeenskap van die Heilige Gees (gemeenskap van God se liggaam);
- Kerkwees beteken om individueel sowel as in een liggaam byeen te kom om gesamentlik voor God te ontmoet;
- Die kerk is die bymekaarkomplek vir egte indiepte-verhoudings;
- Genesing geskied as 'n vrug van gemeenskap. Dit dui op die terapeutiese proses wat inherent deel van gemeenskap is. Jonker (1985:121) is daarom van mening dat die terapeutiese rol van die kerk ook die hart van die kerk voorstel. Koinoterapie is daarom genesing vir die totale persoonlikheid van die mens: verhoudings, denke, gevoel, wil en liggaam.

Jack (2007:250–251) beklemtoon die Heilige Gees se rol in die skep en bou van 'n nuwe en egte gemeenskap waar God se liefde en aanvaarding ervaar word. Alledaagse praktyk behels verhoudings met medegelowiges. Gemeenskap maak daarom die ontstaan van nuwe verhoudings moontlik, soos vanuit die voorbeeld van die eerste kerk (Handelinge 2:46). Dakes (2010:217) verduidelik dat hierdie betrokkenheid bymekaar die reël was tydens die fees in Jerusalem.

Sodoende word broer- en susterskap gevestig en nuwe waardes aangeleer wat insluit aanvaarding, omgee vir mekaar, dat mense mekaar benodig, asook nuwe waardes soos om dinge saam te doen en om verantwoordelikheid vir mekaar te neem. Sodoende word

'n sensitiwiteit vir die behoeftes van ander gekweek met die gevolglike rimpel-effek van liefdeshandelinge (Jack, 2007:250–251). Selfgedissiplineerde gelowiges leef met selfverloëning, selfbeperking en selfbeheersing en gee hulself prys in die diens aan en gemeenskap met ander, veral ten opsigte van diegene wat gemarginaliseer is (Jack, 2007:149).

Deur hierdie gemeenskap (*koinonia*) begin mense om anders teenoor hul naaste op te tree. *Koinonia* leer mense om met liefde, aandag, warmte, ondersteuning, en eerbied en empatie vir ander, veral dié wat gemarginaliseer is, saam te lewe. *Koinonia* dien ook as aantrekkingskrag vir die ongelowiges en veral die gemarginaliseerde lede van die samelewing, naamlik die vreemdeling, verstoteling, armlastige, onderdrukte, sieke, onaansienlike, gestremde en die geringste. Elkeen ervaar 'n verwelkoming (Jack, 2007:251).

Die volgende teksvers belig die noodsaaklikheid van die terapeutiese bediening van Jesus asook die bevel van Jesus aan die kerk, naamlik:

Matteus 9:38

“Bid dan die Here van die oes, dat Hy arbeiders in sy oes mag **uitstuur**.”

Die leksikon van Thayer (2007:192) benadruk die erns van die roeping van die geloofsgemeenskap tot betrokkenheid by die oes. Indien die geloofsgemeenskap bid vir nog arbeiders, sal God vanuit die Woord arbeiders “**uitstuur**” **G1544 ἐκβάλλω ekballō**.

In Thayer (2007:192) se woorde is die betekenis van “uitstuur” die volgende:

- Hulle uitgooi, uitleg, uitstuur; met die idee van geweld;
- Hulle uitleg (uitrol);
- Hulle iewers heen lei met 'n krag wat hulle nie kan weerstaan nie.

Vanuit bogenoemde betekenis word die erns van die kerk (geloofsgemeenskap) se roeping belig asook God se optrede, naamlik dat Hy die kerk sal “uitgooi” indien die kerk nie gehoor wil gee nie. Die kerk word geroep om in die wêreld, maar nie van die wêreld te wees nie. Die kerk is die belangrikste skakel tussen die koninkryk van God en die samelewing.

Die kerk het egter kragtens haar opdrag tot *koinonia* en *diakonia* ook 'n verantwoordelikheid ten opsigte van maatskaplike en sosiale kwessies in die samelewing (Botes, 2016:135). Mense se behoeftes kan vanuit die nodigheid “om te behoort” deur die geloofsgemeenskap vervul word met harmonieuse gemeenskaplike verhoudings (Botes, 2016:153).

Gemeenskaplike verhoudings kan die samelewing asook elke mens verander, soos vanuit die volgende woordbetekenisse verduidelik word:

Johannes 20:19

“En toe dit aand was op daardie eerste dag van die week en die deure waar die dissipels vergader het uit vrees vir die Jode gesluit was, het Jesus gekom en in hul midde gestaan en aan hulle gesê: **Vrede (Eirene)** vir julle!”

Vrede (G1515) εἰρήνη eirene

Thayer (2007:182) verduidelik dat Jesus vrede wil gee wat insluit:

- 1) 'n Staat van nasionale rus;
- 1a) Vrystelling van die woede en verwoesting van die oorlog;
- 2) Vrede tussen individue, dit wil sê harmonie;
- 3) Veiligheid, voorspoed (want vrede en harmonie maak en hou dinge veilig en voorspoedig);
- 4) Die Messias se vrede;
- 4a) Die manier wat tot vrede lei (verlossing);
- 5) Die rustige toestand van 'n siel wat verseker is van sy of haar verlossing deur Christus en daarom niks te vrese het nie.

Met ander woorde, die kerk (geloofsgemeenskap) is veronderstel om as liggaam van Christus nie passiewe gehore te wees nie, maar 'n algehele terapeutiese gemeenskap te wees wat 'n rimpel-effek van geregtighedsdade voortbring vanuit die krag van verhoudings.

Perspektiewe op die terapeutiese rol van die kerk behels:

- Jesus se voorbeeld daag elke lid van die geloofsgemeenskap uit om innig jammer

(*splagchnizomai*) te voel vir mense wat deur ongeregtigheid benadeel word.

- Emosies van jammerte (*splagchnizomai*) as vertrekpunt van betrokkenheid het die potensiaal om 'n rimpel-effek van geregtigheidsdade in die Suid-Afrikaanse samelewing te ontketen.
- *Koinonia* dien as aantrekkingskrag vir die ongelowiges en veral die gemarginaliseerde lede van die samelewing.
- God, in die persoon van Jesus, is intens betrokke by elke mens se situasie, moegheid of hulpeloosheid.
- Gelowiges het 'n opdrag om te bid vir mense, as arbeiders van die oes, om by ander mense betrokke te raak. God gaan die arbeiders "met geweld" uitgooi om aan sy roeping gehoor te gee.
- Na aanleiding van bogenoemde is die vraag daarom: Is God nie reeds besig met die proses van uitgooi as gevolg van 'n versuim om by sy oes in Suid-Afrika betrokke te raak nie? Die "seer" en ongeregtigheid in Suid-Afrikaanse samelewings benodig betrokkenheid deur die geloofsgemeenskap.
- Gemeenskap voor God het die potensiaal om die mens te verander en te heel.
- God het alles wat nodig is daargestel dat elke mens voor Hom kan verskyn – as enkeling, maar ook vanuit gemeenskap met ander mense.
- God se goedheidshart wil aan elke mens totale vrede (*shalom*) gee.
- Elke lid van die geloofsgemeenskap het die potensiaal om deel te raak van 'n passievolle terapeutiese gemeenskap tot heling van 'n hele nasie.

3.11 NORMATIEWE GEVOLGTREKKINGS

- Menswaardigheid word nie bepaal deur die mensdom se verskille of ooreenkomste nie, maar eerder vanuit God se ontwerp van vroue en mans wat as God se beeldraers dien (Matsveru & Gillham, 2015:38). Die skending van die beeld van God in ander mense is daarom 'n oortreding teen God.
- As liefhebbers van mense het kerkleiers die verantwoordelikheid om mense waardig te ag en met respek te behandel. Hierdie gesindheid van respek word juis as voorloper benodig om mense in plaaslike gemeenskappe byeen te bring in samesprekings en dialoog tot moontlike oplossings vir ongeregtigheidsprobleme. Die postmoderne era word gekenmerk deur spanleierskap in plaas van desentralisasie en individualisme.
- Die toepassing van geregtigheid is vir God belangrik en Hy sal verseker dat

regverdige vrypraak gegee word.

- Regstelsels benodig die beginsels van reg as die fondament van alle besluite, ongeag mense se status of geld.
- Alle mense behoort dieselfde behandel te word.
- God plaas die verantwoordelikheid vir optredes teen onregverdige situasies op die mense wat in die vermoë is om op te tree (diegene wat die grootste mag het);
- God verwag dat die geloofsgemeenskap na die benadeeldes in die samelewing omsien. Enige verwaarloosing van die behoeftes van hierdie groep word nie bloot beskou as 'n gebrek aan genade of liefde nie, maar as 'n skending van wat God verwag naamlik dat reg in alle verhoudings sal geskied ("mispat").
- Die opheffing van die benadeelde (armes) met liefdeshandelinge word vereenselwig met 'n gehoorsame daad aan God.
- God hoor die geroep van diegene wat totaal van Hom afhanklik is. Die kerk (geloofsgemeenskap) is sy aangestelde ambassadeurs wat in armes se behoeftes moet voorsien.
- Wanneer mense skouers vryf, genoeg tyd saam bestee en die geleentheid gegun word om betekenisvolle verhoudings te bou en vertroue vinnig ontwikkel, word xenofobie en rassisme iets van die verlede. Die begrip "ubuntu" dien hier (vanuit die geskiedenis) as 'n voorbeeld van betekenisvolle verhoudings.
- Indien gelowiges egter daaglik 'n verskil maak waar hulle hulself bevind en egte *koinonia* toepas, kan die samelewing die teenwoordigheid en omgee van God herken. Die gemeenskap van gelowiges het 'n verantwoordelikheid om vanuit intieme verhoudings God se goedheid aan mense te vertoon.
- *Koinonia*-verhoudings moet daarom ten alle koste beskerm word, hetsy die verhouding met God of jou naaste.
- Die geloofsgemeenskap het as kerk byeengekom om saam God te ontmoet, asook om mekaar saam voor God te ontmoet.
- Die kerk as profetiese gemeenskap het die potensiaal om te begelei deur diep ingrypende profetiese getuigenis en sodoende die samelewing aan te spreek en opinievormend betrokke wees.
- Die kerk as morele gemeenskap beteken dat elke kerk die voorbeeld stel van wat Christelike moraliteit in die praktyk behels. Moontlik kan die herwaardering van die kerk as gemeenskap die sleutel bied om 'n nuwe en wye bestaansruimte vir die kerk as morele agent in die sekulariserende samelewing oop te sluit.

- Die kerk as terapeutiese gemeenskap kan maak dat elke kerk helend inwerk op die nood van die gebroke samelewing.
- Jesus se voorbeeld daag elke lid van die geloofsgemeenskap uit om innig jammer (*splagchnizomai*) te voel vir mense wat deur ongeregtigheid benadeel word.
- Emosies van jammerte (*splagchnizomai*) as vertrekpunt van betrokkenheid het die potensiaal om 'n rimpel-effek van geregtigheidsdade in die Suid-Afrikaanse samelewing te ontketen.
- *Koinonia* dien weer as die aantrekkingskrag vir die ongelowiges en veral die gemarginaliseerde lede van die samelewing.
- Na aanleiding van bogenoemde is die vraag daarom: Is God nie reeds besig met die proses van uitgooi as gevolg van 'n versuim om by sy oes in Suid-Afrika betrokke te raak nie? Die "seer" en ongeregtigheid in Suid-Afrikaanse samelewings benodig betrokkenheid deur die geloofsgemeenskap.
- God het alles wat nodig is daargestel dat elke mens voor Hom kan verskyn – as enkeling, maar ook vanuit gemeenskap met ander mense.
- God vanuit sy goedheidshart wil aan elke mens totale vrede (*shalom*) gee.
- Elke lid van die geloofsgemeenskap het die potensiaal om deel te raak van 'n passievolle terapeutiese gemeenskap tot heling van 'n hele nasie.
- Elke mens op aarde is geroep om teen ongeregtigheid te veg.
- As geregtigheid seëvier het die samelewing die potensiaal om vredevol te wees.
- Die toepassing van geregtigheid sal veroorsaak dat mense in vredevolle verhoudings leef en elkeen se regte gerespekteer word.
- Die Bergrede beskryf onregverdigheid (ongeregtigheid) soos wat tans van toepassing op die Suid-Afrikaanse situasie is. Jesus het egter praktiese raad, hoop en beloftes aan elkeen gegee wat ondanks hul situasie geregtigheid uitleef (dikaioisunē).

Deur *koinonia* ervaar dié genoemdes dat hulle aanvaar en nie verwerp word nie en dat liefde en ondersteuning nie van hulle weerhou word nie. In *koinonia* word ons ook gedring om alle mense welkom te laat voel, ongeag ras, volk, nasie, stam, taal, klas, stand, rang, ens. Deur *koinonia* word die plaaslike gemeente in staat gestel om die gemarginaliseerde lede van die samelewing te bereik. Deur hierdie warm en ondersteunende wyse ervaar dié wat gemarginaliseer is dat hulle ook saam met ander gelowiges deel het aan die liefde van die Here. As totale gemeenskap kan die kerk as 'n groot krag inderdaad 'n belangrike

terapeutiese funksie vervul (Vorster, 2014:157).

Viljoen (2009:665) toon aan dat die geloofsgemeenskap in die toepassing van geregtigheid die potensiaal het om 'n omgewing tot stilstand te bring. Die resep behels egter volkome toewyding aan Christus, sy woorde en 'n onderwerping aan sy heerskappy vanuit 'n toegewyde en gehoorsame hart. God se manier van dinge doen (normatiewe) word daarom benodig.

HOOFSTUK 4: SISTEMATIESE PERSPEKTIEWE OP DIE BEGELEIDING VAN DIE GELOOFSGEMEENSAP OM 'N RIMPEL-EFFEK VAN GERECHTIGHEID TE BEWERKSTELLIG

4.1 INLEIDING

In hoofstuk 2 is op deskriptief-empiriese wyse gefokus op die profiel van ongeregtheid in die Suid-Afrikaanse gemeenskap. Vanuit die hoofstuk is areas van ongeregtheid belig in die skep van 'n bewusmaking oor die noodsaaklikheid van gerechtigheidsdade deur die geloofsgemeenskap. Hierdie dade het die potensiaal om 'n rimpel-effek van goeie dade te ontketen. Met behulp van 'n gemengde vraelys as deel van 'n empiriese studie, is gemeenskapslede in die Vrystaat genader om hul opinie/persepsie oor plaaslike ongeregtighede in die Suid-Afrikaanse samelewing weer te gee. Hierdie ondersoek is met behulp van die gemengde navorsingsmetode uitgevoer (De Vos *et al.*, 2014:435).

In hoofstuk 3 is daar vanuit die kerkgeskiedenis sowel as die normatiewe op riglyne vir die toepassing van geregtigheid gefokus. Die Skrif met sy unieke, rigtinggewende, normatiewe aard, veral in die pastorale konteks, word as riglyn vir geregtigheidsoptredes beskou met die oog op die skep van 'n rimpel-effek van geregtigheid (Janse van Rensburg, 2015:5).

Hoofstuk 4 sal daarom fokus op die huidige praktyk (belig in die deskriptiewe hoofstuk) wat hermeneuties teenoor die normatiewe hoofstuk opgeweeg word en spanningsareas tussen bogenoemde twee hoofstukke belig. Die sistematiese studie fokus dus op die kontras tussen die normatiewe en huidige kulturele sowel as godsdienstige optredes. Vrae en konflikte wat spanningsvelde veroorsaak word vanuit teologiese refleksie gebruik om nuwe etiese waardes te skep. Vanuit die mees omvattende prentjie van die hede word gevolglik “nuwe horisonne” van betekenis gevorm (Browning, 1996:51).

Browning maak gebruik van verskillende dissiplines in die verkryging van nuwe etiese waardes (Browning, 1996:22). Die navorser sal daarom vanuit psigologie sowel as filosofie en etiek 'n literatuurstudie loods in die soeke na nuwe etiese waardes in die toepassing van geregtigheid.

Twee sleutelvrae lei die sistematiese studie, naamlik:

1. Watter nuwe praktiese teorieë (etiese waardes) ontstaan vanuit die normatief-historiese en huidige praktyke soos bespreek in die navorsing?
2. Watter redes word geopper om die grondigheid van hierdie nuwe etiese waardes te ondersteun? (Browning, 1996:51–52).

Volgens Browning (1996:58) dien hierdie hoofstuk as die sistematiese fase van die ondersoek. Generiese kenmerke van die Christelike boodskap in verhouding met generiese kenmerke van huidige praktyke word ondersoek. Die fokus is om aan te dui wat in die problematiese praktyk aan die gang is sodat daar nie oorvereenvoudig word in teorievorming nie (Heyns & Pieterse, 1990:26). Browning (1996:72) beklemtoon daarom 'n soeke na oplossings vanuit hierdie spanningsvelde met behulp van teologiese refleksie.

4.2 PERSPEKTIEWE OP SPANNINGSVELDE TUSSEN DIE HUIDIGE KULTURELE OPTREDES EN DIE NORMATIEWE

Die Verenigde Nasies se Menseregtekommissie het onlangs in 'n resoluëie besluit om op die “bevordering van menseregte en fundamentele vryhede via 'n beter begrip van tradisionele waardes van die mensdom” te fokus. Vanuit dié resoluëie word die aandag gefokus op outoritêre optredes wat sekere waardes bo menswaardigheid verhef (Reid, 2013:1). Reid (2013:1,20) benadruk egter hierdie “skendings” vanuit die praktyk wat uitspeel in tradisionele waardes wat menseregte ondermyn en as verskoning gebruik word om onmenslike optredes te regverdig.

Vanuit Browning se raamwerk (1996:26) word spesifieke vrae op die huidige praktyk gerig in die soeke na nuwe horisonne en die etiese, naamlik:

- Wat is die dominante verhale?
- Wat is die leidende norme?
- Wat is mense se hoofbehoefte?
- Wat veroorsaak hierdie maatskaplike en omgewingsdruk?
- Wat is die algemene reëls en rolle vir optredes?

In die beantwoording van bogenoemde vrae, met inagneming van die vorige hoofstukke, is die fokus daarom op huidige spanningsareas in die Suid-Afrikaanse samelewing. Die

fokus is om nuwe etiese waardes na vore te bring. Bogenoemde vrae word dus vanuit die volgende temas beantwoord, naamlik:

- Menseregte as fundamentele regte;
- Menseregte as etiese beginsels;
- Menseregte en morele konflikte;
- Onetiese beginsels en optredes wat menswaardigheid skend in rassisme, armoede, xenofobie en geslag;
- Ongelykhede as rede vir armoede;
- Wat maak 'n mens menslik ("personhood")?;
- Individualiteit versus gemeenskaplikheid (*ubuntu*-beginsels);
- Gemeenskaplike goedheid ("common good"), solidariteit en subsidiariteit³⁶;
- Rekonsiliasie, transformasie en menseregte; en
- Die kerk se leierskapsrol in die vestiging van die etiese.

4.3 SISTEMATIESE PERSPEKTIEWE VANUIT PSIGOLOGIE, FILOSOFIE EN ETIEK IN DIE SKEP VAN NUWE HORIZONNE

Browning (1996:130) beklemtoon die noodsaaklikheid van samewerking tussen teologie en menswetenskappe in die soeke na beter oplossings. Dialoog word vanuit verskillende dissiplines benodig in die daarstelling van 'n beter prentjie van die heersende spanningsareas (Browning, 1996:85–86). Cartledge (1999:103) beklemtoon daarom die hulp van onder andere die empiriese metodologie wat praktiese teologie in staat stel om godsdienstige oortuigings asook mense se gevoelens te bestudeer. Hierdie samewerking tussen wetenskappe en teologie het gevolglik verklarende sowel as beskrywende waarde.

Aspekte van die psigologie, filosofie en etiek word in hierdie hoofstuk aan die orde gestel om meer insig in die huidige Suid-Afrikaanse probleme vanuit die deskriptiewe hoofstuk te verkry. Spesifieke insprake uit dié wetenskappe kan 'n beter prentjie gee tot beter oplossings.

³⁶Hierdie behels die begrip dat die mins omvattende en mees ondergeskikte, bevoegde besluitnemer, waar doenlik, die voorkeurbesluitnemer moet wees. Dit gaan dus om die desentraliserende afwenteling van besluitneming tot op – of so na as moontlik aan – voetsoolvlak (Du Plessis, 2012:15).

Psigologie³⁷ behels die studie van menslike gedrag, kennis en emosie. Hierdie diskoers oor sistematiese perspektiewe maak gebruik van twee takke van psigologie, naamlik sosiale psigologie en positiewe psigologie. Sosiale psigologie³⁸ word gebruik om die Suid-Afrikaanse samelewing en kultuur beter te verstaan. Hierdie wetenskap bestudeer die verandering van mense se gedrag, gedagtes en gevoelens as gevolg van ander mense. Positiewe psigologie³⁹ se kernkomponent behels dankbaarheid. In hierdie psigologie word wegbeweeg van die patologie-model waar daar byvoorbeeld op depressie, angste en alle ander geestesversteurings gefokus word. Vanuit positiewe psigologie verskuif die fokus na beskikbare hulpbronne en talente.

Filosofie, daarenteen, se hoofeienskap is die soeke na oorkoepelende metateorie in kennisverwerwing en menslike gedrag. Dit ondersoek die onderliggende beginsels tot die waarheid van die menslike situasie. Hierdie wetenskap loop hand aan hand met 'n liefde vir wysheid. Wysheid vanuit praktiese teologie behels die uitlig van waarom mense op aarde is en die rol wat die mensdom gevolglik kan vervul (Kleinman, 2013:5). Sawyer (2010:16) belig die dinamika van filosofie in hoekom dinge is soos dit is sowel as 'n besorgdheid oor hoe mense en verskillende fenomene daarna uitsien.

In die Westerse wêreld is die grondslag vir filosofie deur Griekse denkers soos Sokrates, Plato en Aristoteles gelê. Vanuit verskillende benaderings het hulle geglo dat sekere deugde, wat wysheid, durf, selfbeheersing, risiko en geregtigheid insluit, kwaliteite is wat nodig is vir menslike groei en die vervulling van leierskaprolle.

Een van die fundamentele behoeftes in die soeke na wysheid vir die samelewing behels die bou van mense se moraliteit. Die handhawing van goeie morele waardes is van kardinale belang, veral in die alledaagse bestuurs- en leierskapswêreld. Geen werksomgewing en land kan voorspoedig wees as moraliteit en integriteit nie as primêre beginsels geag word nie (Broodryk, 2005:9).

³⁷<http://health-sciences.nwu.ac.za/af/psychosocial/sielkunde-psigologie>

³⁸<https://study.com/academy/lesson/what-is-social-psychology-definition-professions-in-the-field.html>

³⁹ <http://pieterharris.co.za/portfolio-item/positiewe-sielkunde/>

Op die voetspoor van etiek word die mens en moraliteit ook in hierdie hoofstuk dieper nagevors. Etiek sluit uiteenlopende begrippe soos goed en kwaad, reg en verkeerd, deug en onreg, geregtigheid en misdaad in.⁴⁰

As vertrekpunt in die vestiging van menswaardigheid fokus Vorster (2004:1) op die beginsel dat menswaardigheid die fondament vir menseregte neerlê. Mense se regte veroorsaak egter etiese implikasies. Hierdie fundamentele beginsel is reeds vanaf die ontstaan van die mens sigbaar in die skepping van die mens. Die Bybel verklaar dat God die mens geskape het en daarmee saam het Hy aan die mens beskerming sowel as sekere regte gegee (Vorster, 2004:3). Christelike etiek vind aansluiting daarby en word daarom op die morele leringe van die Bybel gebou (Vorster, 2004:2).

In hierdie navorsing se soeke na nuwe etiese waardes word die samevattende perspektiewe vanuit die vorige hoofstukke herroep, naamlik:

4.4 SAMEVATTENDE PERSPEKTIEWE RAKENDE DIE BEGRIP “MENSWAARDIGHEID” EN BETROKKENHEID BY MEKAAR

- Die beginsel is gehandhaaf dat alle mense as geskapenes menswaardig behandel moet word (vgl. paragraaf 2.2).

Gefokus op die etiese beginsels van hierdie hoofstuk, word daar nou net kortliks fundamentele beginsels voorgehou om die belangrikheid van menswaardigheid te belig. Vorster (2007:33) beklemtoon menswaardigheid as 'n basiese reg van elke mens. Hierdie reg om menswaardig behandel te word, geld ook vir kinders sowel as vroue.

Vorster (2007:274) benadruk daarom die beginsel dat 'n miskenning van enige mens se menswaardigheid, ook dié van vroue, as 'n opstand teen God gereken kan word. Onmenswaardige optredes sluit 'n openlike verwerping van God se Goddelike doel in, naamlik om hierdie gebroke wêreld te hernu. Vorster (2007:275) is ook van mening dat daar geen toekoms gebou kan word sonder die herstel van so baie kinders in die wêreld se menswaardigheid nie. 'n Vredevolle en voorspoedige toekoms loop hand aan hand met die vestiging van menswaardigheid.

⁴⁰ <https://en.wikipedia.org/wiki/Ethics>

Menswaardigheid behels verder die erkenning van alle mense se menswees. Die beginsel van menswaardigheid gee daarom aan alle mense die reg om hul diepste emosies te openbaar (Vorster, 2007:207). Smit (2007:163), vanuit die geskiedenis van die Belharwerkstuk, belig menswaardigheid vanuit die voorstelling dat God op 'n besondere wyse die God van die noodlydendes, die armes en die verontregtes is en die kerk (geloofsgemeenskap) oproep tot betrokkenheid by mekaar as sy verteenwoordigers op aarde.

Menswaardigheid word daarom nie gebou op mense se goedheid (optredes) nie, maar op die beginsel dat God die mens as kroon van sy skepping geskape en spesifieke take toegesê het (Psalm 8) (Vorster, 2007:229). Gevolglik kan geen mens met 'n ander mens vergelyk word in die bepaling van menswaardigheid nie (Vorster, 2007:33). Grundlingh *et al.* (2017:93), in Bothman se nalatenskap, beklemtoon die fokus van menswaardigheid as die skep van hoop vir komende geslagte. Die geloofsgemeenskap het daarom juis die verantwoordelikheid om die beginsels van “n respekvolle lewe” vir alle mense te beklemtoon. Die vestiging van menswaardigheid in die Suid-Afrikaanse samelewing behels egter nog 'n lang pad (Vorster, 2007:34).

Die volgende faktore belig daarom die Suid-Afrikaanse uitdagings in die skep van menswaardigheid, naamlik:

- Indien geregtigheid uiterlik gemeet word aan die manier waarop mense mekaar in die samelewing behandel (vgl. paragraaf 2.2), is daar 'n wesenlike probleem. Hierdie probleem speel veral in protesaksies uit (vgl. paragraaf 2.3).
- 'n Volgende probleem in die hantering van mense is dat rasseverdraagsaamheid bely word terwyl onverdraagsaamheid beoefen word. Hierdie bevinding toon gevolglik dat die gaping tussen die beginsel en praktyk teenstrydig is met wat die Bybel leer. Spanningsvelde heers tussen die letter en die toepassing van die Woord in die praktyk (vgl. paragraaf 2.2).
- Die verantwoordelikheid van elke gelowige behels dat mense mekaar met respek en liefde behandel. Indien alle mense met liefde en respek behandel word, sal geregtigheid in alle menslike verhoudings realiseer (paragraaf 2.1).

- Die fokus word daarom geplaas op die tekortkoming aan naasteliefde in Suid-Afrikaanse gemeenskappe. Ware omgee het die potensiaal om oplossings na vore te bring (vgl. paragraaf 2.2).
- Vanuit die Suid-Afrikaanse konteks behels geregtigheid dus gelyke behandeling van alle mense (vgl. paragraaf 2.8.2).
- Menswaardige optredes word benodig wat hoop kan gee in die huidige Suid-Afrikaanse konteks, veral ten opsigte van klas, rassisme, seksisme en xenofobie (vgl. paragraaf 3.5.1).
- Geregtigheid van die koninkryk behels dat God die mens as verhoudingsmatige wese geskape het om relasioneel by mekaar betrokke te wees vanuit verhoudings (vgl. paragraaf 2.1).
- Beide *diakonia* sowel as *koinonia* is belangrik in die funksionering van die kerk. *Diakonia* is van *koinonia* afhanklik vir doeltreffender betrokkenheid. Sodoende dien die kerk as uitstalvenster van hoe mense kan saambestaan en leef (vgl. paragraaf 2.4.1).
- Lewenswyses van omgee vir ander mense en 'n verbintenis tot regverdigheid en dit wat reg is word daadwerklik benodig (vgl. paragraaf 2.2).
- Laastens word die nodigheid vir maatskaplike samehorigheid in plaaslike gemeenskappe beklemtoon (vgl. paragraaf 2.4.2.1.1). Die kerk (geloofsgemeenskap) word gekonfronteer met die nodigheid van ware omgee vir alle mense. Hierdie omgee behels 'n medemenslikheid vanuit die begrip "gasvryheid" (vgl. paragraaf 2.4.2.1.1).
- In Suid-Afrika is die uitdaging dus nie om "iets vir iemand anders te doen" nie, maar eerder "om dit saam te doen" (vgl. paragraaf 2.4.2.1.2). Konstruktiewe verhoudings gebou op 'n "selfopofferende" fondament het die potensiaal om vanuit gemeenskaplikheid lewens te hervorm en uit te brei. Die uitdaging is egter om spanningsvelde aan te spreek soos die kultuur van kerkbywoning versus liefdeloosheid en individualisme (vgl. paragraaf 2.6).
- Die kerk se rol vanuit 'n **etos van menswaardigheid** kan die gemeenskap tot voordeel wees (vgl. paragraaf 2.8.2). Dit sluit ook 'n **etos van versoening** in as 'n uitstalvenster van hoe mense kan saambestaan en -leef (vgl. paragraaf 2.8.2).
- Die geloofsgemeenskap het die verantwoordelikheid om **God se goedheid aan ALLE lede van die gemeenskap te wys** deur goeie dade (vgl. paragraaf 2.8.2).

- Aanpasbare kerkleiers word benodig wat gemeentes binne geloofsgemeenskappe met 'n "ons krag"-benadering begelei tot nuwe perspektiewe ten opsigte van die kerk se bemiddelende taak, asook tot kreatiewe insigte aangaande die rol van die kerk in broederskap en versoening. Hierdie "ons krag"-benadering het die potensiaal om 'n rimpel-effek te ontketen vanuit 'n gesamentlike proses. Die uitdaging is om 'n nuwe Suid-Afrika te skep; een wat hoop en 'n nasie skep wat saam Suid-Afrika verbeter vir toekomstige geslagte (vgl. paragraaf 2.5).

Browning (1996:71,106), in aansluiting by bogenoemde, beklemtoon die menslike natuur en behoeftes vir voortbestaan asook die nodigheid vir sekere middels ter vervulling van hierdie behoeftes (vgl. paragraaf 2.4.2.1.3). Vervolgens word gelet op die tersaaklike bydraes van die psigologie en filosofie vir 'n beter begrip van dié behoeftes.

4.5 ENKELE PSIGOLOGIESE EN FILOSOFIESE PERSPEKTIEWE OP DIE BEGRIIP “MENSWAARDIGHEID”

Die begrip *ubuntu* word belig vanuit die mens se wesenlike behoeftes, naamlik menswaardigheid en die behoefte aan verhoudings. Waarde word aan mense toegevoeg vanuit die beginsel “ek is omdat ons is” (Dreyer *et al.*, 2017:1). *Ubuntu* gee mense dus 'n gevoel van behoort vanuit die vorming van hegte bande (Dreyer *et al.*, 2017:1). Praktiese teoloë het daarom in hul poging om 'n vredevolle samelewing daar te stel, vanuit dialoog 'n ondersoek na individualisme en gemeenskaplikheid geloots (Kumalo, 2017:22).

Die behoefte aan 'n vredevolle samelewing loop hand aan hand met die mens se inherente behoefte aan menswaardigheid en respek vir die lewe. Die Suid-Afrikaanse samelewing benodig weer die vestiging van menswaardigheid. Vanuit dié mensereg kan die beskerming van menswaardigheid as 'n wet geherdefinieer word. Dit is egter belangrik om te besef dat selfs die misdadiger 'n reg tot menswaardigheid het. Die gawe van lewe en waardigheid is soos twee kante van dieselfde munt en die konsep van *ubuntu* beliggaam beide (Cornell & Muvangua, 2012:75).

Sweitzer (2017:51) beklemtoon daarom die nodigheid vir samewerking tussen die sielkunde van godsdienst, godsdienst self en die wetenskap. Verskillende insae en diskoerse hoef nie as 'n bedreiging beskou te word nie, maar is eerder 'n aanvulling en 'n motief tot interdisiplinêre gesprekvoering. Verskeie prakties-teologiese navorsers belig daarom die positiewe invloed van *ubuntu* wat menswaardigheid versterk, naamlik:

- Couture (2017:18-20) is van mening dat die implementering van *ubuntu* 'n geestelike aspek is wat die invloed en mag van boosheid kan verbreek. Heling, heelheid en menswaardigheid vir die individu sowel as die nasie as geheel kan vanuit *ubuntu* ontstaan.
- Kumalo (2017:22) is van mening dat *ubuntu* 'n doelgerigte, holistiese, etiese uitdrukking van beide kultuur en godsdiens voorstel.
- De Wet (2017:78–79) fokus vanuit praktiese teologie op die motief van mense se harte. In die geval van *ubuntu* word “togetherness” (saamwees) daarom die hoofmotief.
- Louw (2017a:97) pleit daarom juis vanuit *ubuntu* vir xenofilie. Met xenofilie word gasvryheid bedoel wat op vreemdelinge gerig is. Hierdie gasvryheid is die fondament van veranderinge wat vir transformasie in Suid-Afrika benodig word.
- Nell (2017:136,142–143) fokus op *ubuntu* as fondament vir leierskap. Vanuit hierdie fokus word verhoudings teenoor individualisme geplaas. As geskapenes van God word God se familie herken. Die gemeenskaplike harmonie van God se familie in Afrika word dus die hooffokus. Vanuit teologie beteken die praktiese implementering van *ubuntu* dus dat alles gedoen moet word tot voordeel van die genesing en herstel van die nasie in geheel.
- Magezi (2017:111) vind aansluiting daarby en is van mening dat huidige Suid-Afrikaanse uitdagings die verraaing van *ubuntu*-beginsels onderstreep.

Met hierdie *ubuntu*-beginsels in die agtergrond, word daar vervolgens gelet op verdere psigologiese perspektiewe.

4.5.1 Enkele psigologiese perspektiewe op die begrip “menswaardigheid”

Met verwysing na Freud, verduidelik Buchwald *et al.* (2005:213) dat elke mens verlang om vreesloos te lewe en vryheid te ervaar asook na die reg tot selfbeskikking en selfbestuur (binne perke). Die mens begeer dus 'n lewe waarin niemand 'n ander skade berokken nie en waarin geluk nagestreef word. Net so koester elke mens die verwesenliking van hierdie begeertes en word die geloofsgemeenskap benodig om aktief betrokke te raak by die vestiging van hierdie waardes en begeertes. Met die vervulling van hierdie diepe begeertes sal genesing in plaaslike gemeenskappe kan plaasvind en die toekoms 'n beter plek as die huidige wees.

Alle mense benodig die boodskap dat hulle waardevolle mense is. Mense wil ervaar dat hul idees en denke ernstig opgeneem word en dat hulle onafhanklike entiteite is (Buchwald *et al.*, 2005:223). Elke mens is 'n individu wat oor potensiaal en selfrespek beskik. Elke mens is 'n waardevolle individu, ongeag geslag, wat op grond van hul geloof die krag beskik om hul eie potensiaal te ontwikkel en voluit te leef. Hierdie eienskap is een van die belangrikste gawes wat veral in hierdie tydsgewrig aan alle mense oorgedra kan word, ook aan elke groeiende kind as toekomstige lid van die samelewing (Buchwald *et al.*, 2005:223–224).

Gefokus op die gemeenskap, konsentreer sielkundiges soos Hogue (2017:181) weer op die intieme, gemeenskaplike aard van *ubuntu* en dié se vermoë om menswaardigheid te herskep. Die potensiaal van *ubuntu*-verhoudings word juis as een van die kernbeginsels beskou in kohesie. Hierdie waarde staan egter in konflik met individualisme en sodoende word spanning veral op die Westerse lewenswyse geplaas.

Navorsers beweer dat die menslike behoefte om te behoort amper so belangrik soos die behoefte aan voedsel is (Baumeister & Leary, 1995:498). Mense het 'n behoefte om 'n paar kwaliteit, konstante verhoudings te vorm en te koester. Om dié behoefte te vervul, word twee eienskappe egter benodig, naamlik:

- eerstens om gereeld met 'n paar aangename mense interaksie te hê; en
- tweedens om interaksie in 'n stabiele, veilige, wedersydse omgee-verhouding te laat geskied.

Geen mens kan as 'n eiland funksioneer nie (Baumeister & Leary, 1995:497). Met ander woorde, vanuit die psigologie oefen die gevoel van behoort (“belonging”) 'n groot invloed op individue uit. Die invloed van 'n gevoel van behoort op mense se sosiale lewens sowel as op hul emosionele en gedragsoptredes is van kardinale belang. Baie van die hedendaagse sielkundige probleme is juis as gevolg van mense se onvermoë om hierdie behoefte te bevredig (Baumeister & Leary, 1995:521).

Hierdie begeerte om êrens te behoort, verbreek isolasie en het tot gevolg dat liefde en mag as 'n eweknie manifesteer. In die wedersydse afbreek van mure tussen mense en in die soeke na 'n sin van samehorigheid veroorsaak liefde dat 'n nuwe, egalitariese samelewing geskep word. Mag, as teenpool, het egter tot gevolg dat 'n eensydige

oorwinning oor grense geld deurdat die sterkste een se wil geld. Dit is daarom belangrik om te besef dat die soeke na mag ook as gevolg van eensaamheid geskied. Vanuit mag word “onderdanige” mense dus gedwing om liefde aan die magsdraer te gee ter verbreking van hul eensaamheid (Baumeister & Leary, 1995:522).

Vanuit praktiese teologie belig De Wet (2017:86) juis ’n pneumatologiese benadering wat veranker word in die gemeenskaplike optrede en gewilligheid om ’n mens se gedagtes onder leiding van die Gees van Christus te plaas. Hierdie optrede kan Christelike gemeenskappe in staat stel om as lede van die liggaam van Christus onderlinge verbintnisse te sluit.

Volwassenheid in Christus gee dus dat daar op onderlinge verbintnisse in betekenisvolle verhoudings gefokus word, ook ten opsigte van die vervreemdes, gemarginaliseerde en onwortelde mense. Hierdie verbintnisse beskerm die verhouding teen wat vreemd is. Die onderlinge verhoudings laat nie toe dat dinge soos afstand en isolasie, individualisme en hegemonie die verhouding skaad nie.

Die hartsbegeerte van mense is optredes soos dié van Christus, dus onbaatsugtige optredes. Die vorming van hegte bande en intiemgewortelde verhoudings is prioriteit as geleenthede wat mense waardevol laat voel en ’n gevoel van behoort gee.

4.5.2 Enkele filosofiese perspektiewe op die begrip “menswaardigheid”

Soos reeds bespreek is die fokus van filosofie die soeke na oorkoepelende meta-teorie in kennisverwerwing en menslike gedrag. Met inagneming van bogenoemde bespreking dat *ubuntu* menswaardigheid skep, opper Pembroke (2017:229) verskillende menings en beskrywings rakende *ubuntu* en word vrae gevra soos onder andere: Is *ubuntu* ’n wêreldbeskouing, ’n morele eienskap of ’n filosofie?

Hoe dit ook al sy, *ubuntu* se invloed is van kernbelang. Saam met die begrip *ubuntu* beskou Anscombe *et al.* (2005:64–65) menswaardigheid vanuit verskeie hoeke. Menswaardigheid gee waarde en waardigheid aan alle mense vanuit hul menswees. Al word mense onmenslik behandel, al word hul menswaardigheid geskend, maak dit nie die feit dat dit mense is wat menslik behandel moet word tot niet nie. Skending bly

skending. Anscombe *et al.* (2005:64–65) belig daarom 'n paar praktiese voorbeelde van onmenswaardige optredes:

- Om mense verskillend te behandel op grond van ras, geslag, status en seksualiteit. Indien alle mense nie dieselfde behandel word nie, word dit as ongelykheid beskou en word menswaardigheid glad nie in ag geneem nie.
- Om die besitting van 'n ander te wees. Voorbeelde word voorgehou soos in die geval van slawe wat verkoop word. Wat die slawe se situasie verder versleg, is dat hulle nie eens huweliks- of familieregte het nie. In sulke situasies word mans, vroue en kinders se menswaardigheid bloot oor die hoof gesien en word hulle individueel verkoop.
- Om mense dood te maak asof hul lewens geen waarde besit nie. Die Nazi's se moordbewind is 'n voorbeeld uit die moderne geskiedenis waar mense doodgemaak is vir ander se gerief of voordeel. In oorloë word onskuldige mense geskiet en gebombardeer. Selfs in die alledaagse Suid-Afrikaanse samelewing word mense vermoor vir die bevrediging van iemand anders se begeertes. 'n Verdere verskynsel wat wyduiteenlopende reaksie ontlok, is die geval van aborsies. Die vraag bly staan: Het ongebore babas 'n reg op die lewe?

In elkeen van bogenoemde voorbeelde bly die fundamentele beginsel die mens se reg op menswaardigheid.

Anscombe *et al.* (2005:65) belig egter ook die ander kant van menswaardigheid vanuit situasies soos die doodstraf. Vrae wat na vore kom is: Hef straf deur die owerheid menswaardigheid op? Nee, want straf hou verband met die misdaad en perk nie die menswaardigheid van mense in nie. 'n Gevangene moet ook menswaardig behandel word. Dus word misdadigers billik verhoor en die straf word nie as onmenswaardig beskou nie (Anscombe *et al.*, 2005:66).

Anscombe *et al.* (2005:68) beklemtoon 'n verdere aspek van menswaardigheid, naamlik respek vir die menslike lewe. Dit sluit in respek vir seksualiteit asook respek vir voortplanting. Beide die genoemde aspekte kan 'n bedreiging vir die menslike lewe inhou as daar nie respek is nie. In die geval van seksualiteit behels dit eksperimentele voortplanting en ten opsigte van voortplanting behels dit aborsie.

Anscombe *et al.* (2005:273) argumenteer vanuit die beginsel “respek vir lewe” teen enige vorm van die beëindiging van die menslike lewe. Sy argument word gebou op die beginsel dat die mens as *Imago Dei*, die beeld van God, geskape is. Die mens het nie die reg om sy eie lewe te neem nie. Selfs genadedood, waar ’n ander persoon iemand help om hul lewe te beëindig, word gevolglik as in konflik met menswaardigheid beskou. Alle besluitneming rakende die mensdom moet vanuit die beginsels van menslikheid en waardigheid geskied (Broodryk, 2005:185).

Dit kom verder ook daarop neer dat alle mense daaglik, ook in die werksplek, met respek behandel moet word (Broodryk, 2005:228). Die beginsel is dat die alledaagse werksplek aan mense die geleentheid gee om te groei. Groei geskied vanuit die inagneming van mense se regte en die kollektiewe eenheid van die groep. In kort beteken dit dat die werksplek dus ’n menslike gesig benodig.

Met menslike gesig val die klem op die menslike aspek, naamlik: Die waarde, waardigheid, sekuriteit, welstand, gesondheid, skoonheid, liefde en ontwikkeling van alle mense moet eerste gestel word. As prioriteit bo alle ander oorwegings in optredes en besluitneming word daarom eerstens op die menslike behoeftes gefokus. Tyd, ekonomie, finansiële of politieke faktore word in die tweede plek geplaas nadat menslike behoeftes in ag geneem is (Broodryk, 2005:13).

Menslike optredes is daarom slegs moontlik deur medemense. Die toepassing van menslikheid beteken dus dat die werksfunksionering nie net sal plaasvind vanuit ’n afwaartse bestuurstyl nie, maar dat personeel deel sal wees van besluitneming en inspraak het in werksverrigtinge. Hierdie insprake benodig dus dat die topbestuur sensitief sal wees en dit nie as ’n bedreiging beskou nie. Personeel benodig vrymoedigheid om vanuit dialoog bestuurstyle en onsekerhede te bespreek sonder dat dit as bedreigings ervaar word. Hierdie gesamentlike deelname kan die welstand van al die werkers verbeter en sodoende ook die produktiwiteit van werksfunksionering (Broodryk, 2005:4).

Menswaardigheid geskied dus vanuit verhoudings en daarom word verhoudings nou verder nagevors aan die hand van die begrippe “individualiteit” en *ubuntu*.

4.6 ENKELE PSIGOLOGIESE EN FILOSOFIESE PERSPEKTIEWE OP *UBUNTU* EN “INDIVIDUALITEIT”

Sielkundiges soos Berg (2012:93) is van mening dat daar twee sielkundige Suid-Afrikaanse kulture heers, naamlik *ubuntu* en individualisme. Hierdie twee verskillende kulture behels verskillende waardes wat in kontras met mekaar staan. Broodryk (2005:9) is egter van mening dat menswaardigheid juis in Afrika belig word as 'n basiese eienskap van *ubuntu*.

Vanuit filosofie word weer gestreef na dit wat goed en regverdig is, wat menslik korrek en moreel “reg” is. Moraliteit word dus aangespreek vanuit beide die Westerse en Afrika etiese filosofie wat poog om die moraliteit van die mens te verbeter (Broodryk, 2005:9).

4.6.1 Enkele psigologiese perspektiewe rakende *ubuntu* en individualiteit

Soos reeds genoem, behels bogenoemde twee kulture verskillende waardes wat in kontras met mekaar staan (Berg, 2012:93). Berg (2012:102) onderskei hierdie verskille as 'n Afrika-konsep en 'n individualistiese wêreldbeskouing. Die mening word gehuldig dat die individualistiese wêreldbeskouing ander kulture oorheers waarvan die waardes en tradisies verskil.

Berg (2012:102) stel dit verder dat *ubuntu* versus individualisme beskou kan word as dat een groep die behoefte het om êrens te behoort teenoor die ander groep wat op die oog af niemand benodig nie. Sosiale psigologie⁴¹ se insprake word daarom eerstens belig tot 'n beter begrip vir die behoeftes van die Suid-Afrikaanse samelewing.

Volgens Berg (2012:93) behels *ubuntu* dat gemeenskapslede van mekaar verwag om mededeelsaam en betrokke by mekaar se nood te wees. Berg (2012:93) het hierdie behoefte van gemeenskapslede vir betrokkenheid waargeneem vanuit 'n 15 jaar lange navorsingstudie in 'n *township*. Vanuit sy ondersoek benadruk Berg (2012:17) hierdie groterwordende behoefte as 'n gevolg van die disintegrasie van families.

⁴¹ **Sosiale psigologie** bestudeer terreine soos groepsdinamika, houdings, sosiale kennis en emosies in groepsverband.

Gedisintegreerde families sowel as swakgehalte onderwys word as die grondoorsaak van baie van die huidige Suid-Afrikaanse probleme beskou.

Statistieke vanuit kliniese navorsing bevestig die verskynsel en belig vaders se gebrekkige betrokkenheid by hul kinders. Nie net word die invloed van die afwesige vadersrol by kinders bespeur nie, maar ook by swanger moeders. In aansluiting hierby het Barbarin en Richter (2001:143) bewys dat slegs twee uit vyf kinders die voorreg het om met 'n vader in die huis groot te word. Berg (2012:94), vanuit 'n Europese perspektief, beskou daarom die begrip *ubuntu* as 'n antwoord op hierdie leemte.

Die begrip *ubuntu* word vervolgens vanuit verskillende hoeke verduidelik, naamlik:

- Berg (2012:94) is van mening dat *ubuntu* baie meer behels as net 'n teorie; dit behels 'n manier van leef. Hierdie lewenswyse moet egter eers prakties ervaar word om dit te kan verstaan. Die konsep is egter moeilik of onmoontlik om binne die Westerse kultuur te verstaan. Vanuit die gewoonte en eenvoud van hierdie beginsel skuil 'n verborge kompleksiteit.
- Nyengele (2014:4–14) verbind *ubuntu* aan die goeie lewe en welstand van die mens vanuit positiewe psigologie. 'n Goeie lewe, volgens *ubuntu*-beginsels, bestaan uit menslike verhoudings en gemeenskap. Die verwesenliking van menslike verhoudings deur individue word as van kardinale belang beskou, veral in die morele en etiese. Goed en sleg, wat wenslik en ongewens is, word alles vanuit verhoudings beoordeel.

Interafhanklikheid, hartsverhoudings en gemeenskaplikheid is wenslike optredes vanuit die begrip *ubuntu*. Hierdie verhoudingsbehoefte van Afrikane maak daarom van gasvryheid die norm. Gasvryheid verbeter lewens in alle dimensies en dit is juis waar *ubuntu* te voorskyn kom (Nyengele, 2014:4–15). *Ubuntu* skenk dus lewe en passie nie net aan individue nie, maar wel aan 'n samelewing.

Nyengele (2014:4–19) redeneer dus dat *ubuntu* gebaseer is op 'n stel waardes, deugde en norme wat die goeie lewe definieer. Dit behels die ideale menslike bestaan en 'n ideale gemeenskap. *Ubuntu* het die potensiaal om toestande te skep waar alle lede van die gemeenskap 'n sinvolle lewe en ervaring kan beleef.

- Berg (2012:106–107) is van mening dat hierdie kontras tussen individualisme en *ubuntu* behels dat daar mense in die samelewing is wat leef asof hulle voorspoedig is en daarom nie ander mense se hulp nodig het nie. Aan die ander kant leef 'n groep wat die beginsels van *ubuntu* as so 'n sterk waarde beskou dat hulle van mening is dat mense wat dit verloor het, hul menswaardigheid verloor het (Berg, 2012:99).
- Berg (2012:102) verduidelik individualisme vanuit die Westerse manier van leef. Die Westerse psige ag logika en rasionaliteit as dominante eienskappe van die menslike lewenstyl. Dit skyn asof Westerlinge nie ander mense vir oorlewing nodig het nie. Westerlinge oorleef met die nodige middele tot hul beskikking en hierdie middele verseker ook hul gesondheid en voorspoed. Vervolgens word hierdie maatstaf die standaard waarmee lewensgehalte en geluk gedefinieer word. Sosiale psigologie belig daarom hierdie wesenlike kontraste wat mense uit mekaar dryf in plaaslike Suid-Afrikaanse gemeenskappe en wat begeleiding tot versoening van verhoudings benodig.
- In aansluiting by die begrip van *ubuntu*, verduidelik praktiese teoloog Kumalo (2017:28) dat *ubuntu*, Afrika-etiek en teologie nie geskei kan word nie. Daar is 'n natuurlike sinergie tussen *ubuntu* en Christelike waardes. Dit is egter so dat *ubuntu* wyduiteenlopende betekenis vir mense het, maar vir Kumalo (2017:31) behels dit 'n etiek wat weer herontdek moet word.
- 'n Verdere area wat Pretorius *et al.* (1990:106–108) belig, is die rol van die kerk as ondersteuningsnetwerk en die verwantskap tussen die psigososiale klimaat, kerklike betrokkenheid en sielkundige welstand. Hulle bevind dat nouer kontak tussen die kerk en gemeenskapsgeestesgesondheidsdienste aangemoedig behoort te word. Hierdie samewerking kan die voorkomsvermindering en selfs uitskakeling van psigososiale versteurings in 'n bevolking tot gevolg hê.

Die kerk het die potensiaal om as 'n gemeenskap van liefde, aanvaarding, warmte en sosiale ondersteuning te ontwikkel. Die kerk het 'n besondere rol as ondersteuningstelsel en is toeganklik vir mense in nood. Dit dien as 'n toevlugsoord en akkommodeer persone met 'n minderheidstatus, soos byvoorbeeld bejaardes en etniese minderheidsgroepe.

Vanuit die Suid-Afrikaanse agtergrond van veranderinge, het hierdie navorsing ook bevind dat sielkundige welstand waargeneem word onder diegene wat die

kerk as ontvanklik vir veranderinge beskou. Hierdie mense ervaar minder angs en aggressie. Gegronsd op die kerk se stabiliteit is daar dus minder angs, depressie en aggressie. Die kerk, nes *ubuntu*, gee mense 'n gemeenskapsgevoel.

4.6.2 Enkele filosofiese perspektiewe rakende *ubuntu* en individualiteit

Broodryk (2005:1) beskryf *ubuntu* as “menslikheid”, bedoelende dat daar 'n opregte menslike benadering tot die mens en die omgewing heers. Hy benadruk verder dat Afrika se *ubuntu* nie met die Westerse humanisme kan vergelyk nie. *Ubuntu* behels dat die wêreld 'n meer menslike gesig het.

Broodryk (2005:2) verbind die menslikheid van *ubuntu* aan etiek. Daarmee word bedoel dat etiek (afkomstig uit die Griekse woord “ethos”) karakter uitbeeld. Vanuit filosofie is karakter dus nou verwant aan morele waardes. Moraliteit is menslike gedrag of menslike waardes.

Almal beskou egter nie *ubuntu* as volmaak nie. Metz (2011:532) belig *ubuntu* se tekortkominge vanuit morele, politiese en wetlike filosofie as drie probleme, naamlik dat dit vaag is, kollektiwisme ten koste van individuele vryheid voorstaan en dat dit outyds is. Vanuit regspraak word *ubuntu* egter benodig om menswaardigheid te herontdek asook om gemeenskaplikheid te vestig.

Praktiese teoloog Kumalo (2017:25) sluit by bogenoemde negatiewe invloede aan en belig die negatiewe sterk patriargale invloed regdeur Afrika. *Ubuntu* het egter soveel positiewe eienskappe, soos byvoorbeeld die etiek van gesamentlike, gedeelde en lewegewende waardes wat verwantskap, spiritualiteit, respek, gemeenskaplikheid, gasvryheid, deelname, opoffering, interafhanklikheid en mededeelsaamheid insluit. Hierdie positiewe waardes is tot voordeel van die individu, gemeenskap en omgewing.

Kumalo (2017:27–28) is van mening dat die Suid-Afrikaanse geskiedenis *ubuntu* se waarde belig as die gom wat die gemeenskap bind. Gemeenskapslede het hulpbronne met mekaar gedeel en gasvryheid het as pilaar gedien. Vanuit hierdie gasvryheid het verhoudings, harmonie en vrede ontstaan wat hulself in verhoudings en huwelike uitspeel (vgl.paragraaf 3.8.4.1).

Hierdie positiewe invloede van *ubuntu* het 'n maatskaplike samehorigheid tot gevolg. Sekere norme en waardes word uitgeleef en standpunt word daarvoor ingeneem. Indien daarvan afgewyk word, is die algemene siening dat die skuldiges hul menslikheid verloor het. *Ubuntu* behels dus die aanvaarding van alle mense – dit is kleurblind. Dit het die potensiaal om die beste in alle kulture na vore te bring tot voordeel van die hele nasie. *Ubuntu* het baie betekenisse vir baie mense, maar in wese moet dit die algemene welsyn asook gemeenskaplike ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse nasie bevorder (Kumalo, 2017:28–29).

Teikari (2018:48) deel haar *ubuntu*-herinneringe vanuit die filosofiese invloed in die beginsel van “ek is omdat ons is”. Hierdie beginsel van samewerking maak 'n integrale deel uit van die welsyn van 'n groep. Hierdie filosofiese invloed van samewerking kan positiewe etiese optredes tot gevolg hê. Dreyer (2015a:202) toon aan dat etiese optredes 'n gesonde selfbeeld sal kweek en morele optredes sal selfrespek ontwikkel.

4.7 ENKELE FILOSOFIESE PERSPEKTIEWE RAKENDE MENSWEES (“PERSONHOOD”)

Die Afrika-beskouing is dat die mens wat nie deel in *ubuntu*-beginsels nie, sy/haar menslikheid verloor het. Die vraag is daarom: Wat maak die mens menslik?

Van Huyssteen (2017:34–37), in sy werk *From human evolution to empathetic personhood*, gebruik filosofie en antropologie om sin te maak van die begrip “menswees”. Bennett *et al.* (2018:32) stem saam met die beginsel dat *ubuntu* menswees voorstel. Hulle definieer dit vanuit twee betekenisse, naamlik:

1. *Ubuntu* behels die ervaring van menswees wat selfbegrip en selfidentiteit insluit; en
2. Dit behels die norme en standaarde van hoe 'n mens teenoor ander mense behoort op te tree en sluit eienskappe soos omgee, selfrespek en integriteit in wat menslikheid beklemtoon.

Van Huyssteen (2017:34-37) brei vanuit 'n multidissiplinêre ondersoek verder uit op dit wat menswees behels, naamlik:

- Anatomiese verskille, optredes, taal, die mens se vermoë om pro-sosiaal op te tree, na te boots en sy vermoë tot empatie, seksualiteit, musiek, ens. Verdere antwoorde behels die mens se vermoë om ander sienswyses te kan akkommodeer en die menslike ras se suksesvolle vermoë en kapasiteit om die wêreld te verander.
- Van Huyssteen (2017:36) redeneer egter vanuit die niskonstruksie, 'n nuwe vertakking van die evolusieleer, dat die mens mens is omdat **hy die vermoë het om verandering teweeg te bring**. Met ander woorde, die idee agter die niskonstruksie is dat 'n organisme die verhouding tussen homself en sy omgewing kan verander deur doelgerig en aktief bepalende faktore in die omgewing en in homself te verander tot voordeel van die omgewing.
- Die redenasie is dus dat die mens se vermoë om te dink en met behulp van woorde en simbole te kommunikeer die mens bevoordeel om 'n anderste soort "opbouer" te word. Hierdie niskonstruksie behels 'n kernfaktor in die mens se gedragsevolusie. Die optredes van die mens behels nie net die evolusie van die mens nie, maar ook 'n morele evolusie, naamlik om mens te word en om mens te wees (Van Huyssteen, 2017:37).
- Van Huyssteen (2017:38) verduidelik dat hierdie groei van die mens samewerking, empatie, medelye, die gebruik van materiale, simbole en rituele, en die semiotiese landskap waarin mense bestaan tot gevolg het. Gevolglik dra dit by tot die mens se insig in die betekenis van wat dit is om mens te word.
- Van Huyssteen (2017:40) brei verder uit dat die mensdom tussen goed en kwaad vasgekeer is. Mense is geneig tot vyandigheid, arrogansie, meëdoenloosheid en sluiheid. Die verantwoordelikheid om God se beeld uit te dra, rus egter nogsteeds op alle mense ten spyte van defekte, beperkings, gestremdhede, ens.

Wat egter uitstaan in bogenoemde verduideliking van die Van Huyssteen-studie is die definisie van die wese van menswees, naamlik die mens se vermoë om verandering teweeg te bring.

Bennett *et al.* (2018:33) belig die *ubuntu*-beginsel dat alle mense onvoorwaardelik as menswaardig beskou word en met 'n gesindheid van mededeelsaamheid ten opsigte van die aarde leef. Om die volheid van menswees daarom te kan ervaar, is dit nodig om meer en meer intieme interaksie met mense te hê. *Ubuntu* beteken 'n kollektiewe

menslikheid. Mense kom bymekaar wanneer probleme opgelos moet word wat lei tot die rimpel-effek van goedheid vanuit wedersydse omgee (Bennett *et al.*, 2018:35).

'n Probleem ontstaan egter as alle mense nie as gelykes en menswaardige wesens erken word nie en as geregtigheid nie seëvier nie. Die eensgesinde gees (“like-mindedness”) en onderdanigheid van gemeenskaplike goedheid (“common good”) word daarom nou verder nagevors (Webb, 2018:251).

4.8 SISTEMATIESE PERSPEKTIEWE OP ETIESE BEGINSELS WAT GEREGTIGHEID, MENSLIKHEID EN WAARDIGHEID BEVORDER

Webb (2018:250) beskryf drie ideale etiese beginsels wat benodig word vir mense om die lewe te geniet, naamlik gemeenskaplike goedheid, solidariteit en subsidiariteit.

4.8.1 Sistematiese perspektiewe rakende gemeenskaplike goedheid (“common good”)

Die probleem van ongelykheid benodig 'n hernude begrip en verbintenis tot die gemeenskaplike goedheid van die Suid-Afrikaanse samelewing. Die uitgangspunte van gemeenskaplike goedheid sluit solidariteit en subsidiariteit in vanuit 'n Westerse filosofies-teologiese perspektief (Webb, 2017:251). Webb (2017:251) is van mening dat gemeenskaplike goedheid vanuit *ubuntu* vir die groter gemeenskap benodig word. Gemeenskaplike goedheid word daarom beskryf as 'n menslik geskape, nasionale en internasionale orde wat sosiale geregtigheid bevorder. Dit maak 'n appèl op ekonomiese optredes, nie net vir individuele voordeel nie, maar tot voordeel van die algemene gemeenskap.

Die argument is vir 'n balans tussen die verskillende elemente van die samelewing wat die ekonomie (insluitend eienaars en werkers), individuele vryheid en die dade van die burgerlike samelewing insluit. Gemeenskaplike goedheid behels ook 'n algemene moraliteit en globale etiek (Webb, 2017:251). Die groot verskil tussen ryk en arm dien daarom as 'n leemte wat spanningsverhoudings tussen die gemarginaliseerdes en die rykes belig. Daar is gevolglik 'n behoefte aan 'n algemene goedheidsbeginsel. Louw (2001:27) is daarom van mening dat *ubuntu* 'n geïnspireerde samelewing vanuit 'n solidariteitsetos kan vorm. Hierdie *ubuntu* het die potensiaal om 'n rimpel-effek van goedheid te ontketen.

Vanuit die vorige hoofstukke is die volgende twee behoeftes geopper, naamlik:

- Dialoog – dit word benodig vir oplossings. Hierdie oplossings kan net uit verskillende groeperings van gemeenskapslede verkry word.
- Fronesis is daarom van kardinale belang, veral met die oog op wat 'n “goeie gemeenskap” behels en wat die gemeenskaplike goedheid is, juis omdat elke gemeenskap se “gemeenskaplike welstand” verskil (vgl. paragraaf 2.8.2).

Huidige ongeregtighede belig die begrip “gemeenskaplike goedheid”. Die vraag is gevolglik: Wat is voordelig of goed vir die meeste lede van die Suid-Afrikaanse gemeenskap? (vgl. paragraaf 2.1). Die vestiging van goedheid is daarom nie 'n taak slegs gefokus op individue nie, maar op die samelewing. Die vraag is dus: Hoe sal die ideale samelewing daarna uitsien?

Jesaja se vredeskoninkryk dien as 'n metafoor vir die ideale samelewing. Hierdie prentjie sluit in 'n wêreld waarin daar geen vrees of geweld is nie. Die hele skepping, insluitend die jong en kwesbare, floreer. Hierdie konsep dien daarom ook as 'n ideaal in die vestiging van gemeenskaplike goedheid; 'n ideale samelewing waar die mens God ken, lief het en dien en deel vorm van 'n vredevolle samelewing (Doyle, 2009:19).

Die begrip “gemeenskaplike goedheid” word vervolgens bespreek in die soeke na nuwe horisonne.

Plato fokus vanuit sy skrywe *Die Republiek* op twee kante van geregtigheid. Aan die een kant behels geregtigheid 'n goedheid (deug) van mense as die harmonieuse ordening van die siel. Aan die ander kant behels geregtigheid die “goedheid van sosiale instellings”, soos in die geval van 'n toegepaste harmonieuse bestelling van die politieke samelewing. Die probleem is egter hoe die twee deugde van geregtigheid 'n regverdige maatskaplike samelewing na vore kan bring.

Moderne refleksie oor geregtigheid fokus hoofsaaklik op dit wat sosiale orde veroorsaak. Die herlewing van die deugde-etiek het egter 'n nuwe filosofiese oplewing tot stand gebring, nie net in geregtigheid as 'n beskikking van persone nie, maar ook in die moontlike voorrang tot die idee van 'n regverdige sosiale samelewing. Geregtigheid moet daarom eerstens as 'n deug beskou word. Dit sluit in respek vir ander mense en die definisie van regsgedinge (Farrell, 2018:517).

'n Komposisionele begrip van geregtigheid behels dat die goedheid van geregtigheid prioriteit geniet. Dit verskaf redes vir optredes en vorm 'n netwerk van verhoudings tussen individue wat deelmaak van regverdigheid. Om 'n regverdige sosiale samelewing te vestig, is dit nodig om instansies te ontwikkel wat regverdigheid met hul optredes bevorder, spesifiseer en beveilig.

Dit is daarom nodig om te bepaal wat die algemene idee rakende 'n regverdige sosiale orde behels. Vanuit hierdie algemene idee word pligte vir individue uitgewerk. 'n Strukturele konsepsie van geregtigheid lei egter tot 'n konflik tussen die mikrobeginsels van geregtigheid, wat interaksies op 'n een-tot-een-vlak voorstaan, en die makrobeginsels van distribusionele geregtigheid (Farrell, 2018:518).

Individue sal hul eie konsepte van die goeie en geregtigheid opsy moet sit ten einde sosiale samewerking te aktiveer. In sommige gevalle hoef individue nie hul eie konsepte van goedheid en geregtigheid opsy te sit nie. Hulle moet net nie hul sieninge op ander afdwing nie. Samewerking tot die opbou van maatskaplike geregtigheid moet as prioriteit geskied (Farrell, 2018:518).

Aquinas se sieninge rakende etiek beskou geregtigheid as twee beginsels, naamlik die fokus op die individu en die fokus op gemeenskaplike goedheid. Met ander woorde, geregtigheid behels 'n netwerk van goedheid. Aquinas verwys dikwels na laasgenoemde as algemene geregtigheid omdat hy dit as 'n algemene deug beskou, een wat kan kompenseer sowel as beïnvloed (Farrell, 2018:518).

Aquinas toon gevolglik aan dat mense se aksies en rasionaliteit geregtigheid benodig. Geregtigheid maak dat die mens waarlik goedheid vir ander begeer asook algemene goedheid vir 'n gesonde samelewing benodig. Hierdie algemene goedheid sluit al die magdom goeie dade in wat benodig word vir die vestiging van geregtigheid.

Gepaardgaande daarmee word reëls en wette benodig wat fokus op gemeenskaplike goedheid. Hierdie reëls en wetgewing gee beskerming teen die onvermydelike mededingende aspekte. Sodoende word alle mense geleentheid tot geluk gebied aan die hand van vasgestelde formele voorwaardes vir geluk (Farrel, 2018:548–549).

4.8.1.1 *Sistematiese perspektiewe op gemeenskaplike goedheid en die verbruikerskultuur*

Doyle (2009:94), met die klem op die huidige kultuur, fokus die aandag op 'n aantal uitdagings rakende die vestiging van gemeenskaplike goedheid, naamlik:

- 'n Verbruikersmentaliteit het in baie areas van mense se lewens ingekruip. Hierdie mentaliteit veroorsaak dat die uitdaging ontstaan vir 'n nuwe ontdekking van menswaardigheid. Die intrinsieke waarde van alle mense en verhoudings benodig 'n nuwe verwoording.

Bemarkingsintensiewe reklame belooft dikwels dat geluk bereik kan word met die aankoop van 'n produk (Doyle, 2009:94). Die uitdaging lê daarom om mense te waardeer vanuit verhoudings. Hierdie verhoudings sluit wel materiële besittings in; die fokus moet egter sentreer rondom die paardgaande waardes wat in die verhouding bestaan.

Negatiewe waardes vanuit 'n verbruikersmentaliteit het die potensiaal om verhoudings asook die samelewing negatief te beïnvloed. Huwelike sowel as kinders word soms in dieselfde konteks as “besittings” beskou. Menswaardigheid sluit gevolglik in dat alle mense gewaardeer word as geskape nes van God en as sy beeldraers.

- Doyle (2009:95) daarenteen is uitgesproke dat gemeenskaplike goedheid behels dat daar teen hierdie kulture in gefokus word op 'n goeie lewe wat insluit 'n lewe wat in solidariteit met armes geleef word. Gemeenskaplike goedheid beywer homself vir die voordeel en bloei van alle individue en gemeenskappe. Bloei vereis nie net dat die nodige materiële benodigdhede verseker word nie. Die balans lê daarin dat alle gawes (materiële voorsiening) as geskenke uit God se oorvloed ontvang word met die besef dat dit slegs aan die mensdom geleen word en dat dit na God sal terugkeer. Bloei vereis ook verhoudings wat op regverdigheid en solidariteit gegrond is.

Hierdie beginsels staan in konflik met die mededingende aard van die huidige verbruikerswese. Die huidige verbruikerskultuur bevorder 'n rusteloosheid in die soeke na besittings en 'n ontstellende traagheid (apatie) as dit gaan oor optredes teenoor die lydendes. Kinders is egter nie immuun teen hierdie negatiewe beïnvloeding nie en moet daarom reeds van kleinsaf blootstelling kry aan die beginsels van gemeenskaplike goedheid (Doyle, 2009:95).

4.8.1.2 *Sistematiese perspektiewe op gemeenskaplike goedheid en opvoeding*

Doyle (2009:95) beklemtoon die volgende area waar gemeenskaplike goedheid noodsaaklik is, naamlik opvoeding. Vanuit gemeenskaplike goedheid bestaan die behoefte dat onderwys die persoon moet dien en nie net die arbeidsmark nie. Onderwysers word benodig wat die liggaam, verhoudings en transendentale aard van kinders bedien (Doyle, 2009:96). Hierdie visie vir onderwys vanuit geregtigheid en gemeenskaplike goedheid is, volgens Doyle (2009:97), die Christelike standaard.

4.8.1.3 *Sistematiese perspektiewe op gemeenskaplike goedheid en menslike werk*

Die beginsel wat hier van toepassing is, is dat 'n diepgaande verbintenis tot mense se regte en die mens se intrinsieke waardigheid gehandhaaf word. Die mens geskape na God se beeld moet erken word, ongeag ouderdom of vermoë. Verhoudings word benodig wat interafhanklikheid op individuele, familie en wyer sosiale vlakke bevorder. Hierdie verhoudings het die potensiaal om menslike vryheid in die konteks van menswaardigheid uitdrukking te gee. Uitbuiting en geweld benadeel die mens se vryheid en skend menswaardigheid (Doyle, 2009:107).

Die gesin behoort vir kinders 'n veilige plek te wees vir deelname aan gemeenskaplike goedheid asook tot insluiting van die menslike familie. Hierdie perspektief kan vernuwing in huwelike, ouerskap en gesinslewe bevorder (Doyle, 2009:116–119).

Koopman (2007:376) argumenteer juis vir 'n gemeenskaplike goedheid wat menswaardigheid vestig. Dit sluit in gelykheidsvryheid, geregtigheid en genesing van die nasie se wonde. Christelike insette beteken nie dat gelykheid eenvormigheid is nie, maar dui op gelykheid in waardigheid en waarde wat sy wortels in God se gelyke liefde vir alle mense het. Gelykheid kan beskou word as 'n ewewig wat slegs bereik kan word as 'n etos van selfopoffering gehandhaaf word. Geregtigheid word dan medelydende geregtigheid vanuit die forensiese “mispat” en die selfopofferende “tsedakah”.

4.8.1.4 *Sistematiese perspektiewe op gemeenskaplike goedheid en 'n goeie etiek vir 'n goeie lewe*

Ricoeur se model van antwoord en fokus word gebruik in die vestiging van 'n goeie etiek. Dit sluit in drie nodige aspekte vir die vestiging van goeie etiese beginsels, naamlik:

- Die nodige rol van praktyke en lewensplanne vir die “goeie lewe”;
- Die belangrikheid van “omgee” vir ander mense vanuit wederkerige verhoudings en vriendskappe;
- Geregtigheid vanuit instellings wat gelykheid en regverdigheid asook sosiale kohesie nastrewe. Hierdie “saamleef” sluit in regverdige verdeling van mag as 'n belangrike en onontbeerlike voorwaarde vir geregtigheidsbeginsels in die skep van 'n vredevolle samelewing (Dreyer, 2015a:201);
- Farrel (2018:519) vind aansluiting hierby en verduidelik dat gemeenskaplike goedheid algemene deugde oorskadu omdat dit die doelwitte van die ander deugde insluit. Aquinas verduidelik dat geregtigheid, as 'n deug van 'n individu, 'n stelsel van verskeie deugde insluit. Aan die een kant word mense behandel op grond van wat hulle verdien en aan die ander kant word mense behandel volgens die vereiste van gemeenskaplike goedheid. Hierdie geregtigheid word daarom ook as wetlike regverdigheid gereken (Farrel, 2018:519).

Vanuit die deskriptiewe hoofstuk belig huidige ongeregthede die begrip “common good” of **gemeenskaplike goedheid**. Die vraag is gevolglik: Wat is voordelig of goed vir die meeste lede van die Suid-Afrikaanse gemeenskap? Dit is daarom nodig om te bepaal wat die algemene idee rakende 'n regverdige sosiale orde behels. Vanuit hierdie algemene idee word pligte vir individue uitgewerk. 'n Strukturele konsepsie van geregtigheid lei egter tot 'n konflik tussen die mikrobeginsels van geregtigheid, wat interaksies op 'n een-tot-een-vlak voorstaan, en die makrobeginsels van distribusionele geregtigheid. Geregtigheid word dus vanuit etiek op twee beginsels gebou, naamlik die fokus op die individu en die fokus op gemeenskaplike goedheid. Met ander woorde, geregtigheid behels 'n netwerk van goedheid (paragraaf 4.8.1).

Individue sal hul eie konsepte van die goeie en geregtigheid opsy moet sit ten einde sosiale samewerking te aktiveer. In sommige gevalle hoef individue nie hul eie konsepte van goedheid en geregtigheid opsy te sit nie. Hulle moet net nie hul sieninge op ander

afdwing nie. Samewerking tot die opbou van maatskaplike geregtigheid moet as prioriteit geskied (Farrell, 2018:518).

Mense se aksies en rasionaliteit benodig geregtigheid. Geregtigheid maak dat die mens waarlik goedheid vir ander begeer asook algemene goedheid benodig vir 'n gesonde samelewing. Hierdie algemene goedheid sluit in al die magdom deugsame dade wat benodig word in die vestiging van geregtigheid. Daarmee gepaardgaande word reëls en wette benodig wat spesifiek fokus op gemeenskaplike goedheid. Hierdie reëls en wetgewing gee dus beskerming teen die onvermydelike mededingende aspekte. Sodoende word alle mense geleentheid gebied tot geluk aan die hand van vasgestelde formele voorwaardes (Farrel, 2018:548 -549).

4.8.2 Sistematiese perspektiewe rakende solidariteit

Webb (2017:252) skryf solidariteit toe aan aksies vanuit die beginsel “ons is saam in hierdie stryd”. Hierdie definisie sluit aan by die hart van *ubuntu* wat die beginsel insluit dat wedersydse ondersteuning vanuit een groepering die definisie van die mensdom verander.

Die mensdom het vanuit verhouding 'n verantwoordelikheid teenoor mekaar en daarom die strewe om mense se welstand te bevorder, veral waar mense nie hulself kan help nie. Solidariteit herken mense se interafhanklikheid en verantwoordelikheid om vir gemeenskaplike welsyn op te tree tot voordeel van almal wat die planeet bewoon. Hierdie beginsel moedig die sterkes aan om die swakkes by te staan. Louw (2001:27) moedig daarom die opkoms van 'n etos van solidariteit aan.

4.8.3 Sistematiese perspektiewe rakende subsidiariteit

Evans en Zimmerman (2014:1) verduidelik die woord “subsidiariteit” se betekenis as “hulp verleen” of “bystand gee”. As 'n beginsel van sosiale filosofie is subsidiariteit reeds vanaf 1931 in die Katolieke Kerk se sosiale leerstelling bekend. Hierdie leerstelling behels dat die ware funksie van alle sosiale aktiwiteite daarop gefokus moet wees om individuele lede van die liggaam te help en nooit om hulle te vernietig of te absorbeer nie.

Die subsidiariteitsbeginsel bepaal dat individue slegs vrylik in die samelewing kan ontwikkel wanneer hulle die geleentheid gegun word om hul potensiaal self te kan bereik. Hierdie potensiaal moet nie van hulle af weggehaal word deur 'n hoër gesag nie.

Subsidiariteit word toegepas vir die ontwikkeling van die “common good”. Elke mens het die reg om volle verantwoordelikheid vir selfontwikkeling te neem sonder inmenging. Selfontwikkeling word benodig vanaf die kleinste groepie, naamlik die gesin, tot grootste groepering van mense wat die geloofsgemeenskap (in haar verskeie fasette) insluit (Aroney, 2014:25).

Webb (2017:253) veg vir optredes en beheer op die laagste vlak. *Ubuntu* behels die beywering vir alle stemme, alle gawes en alle mense se deelname in die verkryging van oplossings en optredes. Subsidiariteit neem standpunt in teen individualisme wat die swakke benadeel. Mense word egter geleentheid gegee vir ontwikkeling in kreatiwiteit en verantwoordelikheid.

Solidariteit en subsidiariteit is werksaam vanuit 'n nuwe balans. Aan die een kant word mense teen 'n welsynstaat beskerm, aan die ander kant is beskerming gefokus op uitbuiting. Die geskiedenis dien daarom as belangrike bakens. Webb (2017:253) fokus juis op die armes se behoeftes as 'n prioriteit en die noodigheid vir die geloofsgemeenskap se deelname om die geleentheid te skep waar elke persoon iets bydra vanuit 'n “saamloop”-verhouding in die vestiging van eenheid, empatie en warmte.

Ganzevoort en Roeland (2014:93) is daarom van mening dat etiek genader moet word in die bepaling van mense se morele optredes. Die kerk het 'n verantwoordelikheid om 'n konkrete voorbeeld te wees van die funksionering van 'n morele gemeenskap (Vorster, 2014:157). Die geloofsgemeenskap word benodig in die fokus op relevante praktiese vrae wat die skending van menswaardigheid aanspreek (Lapoorta, 2014:300).

Botes (2016:67) benadruk die statistieke en potensiaal vanuit die kerk waar 97,8% respondente in 'n vorige navorsingstudie glo dat die kerk by positiewe transformasie in die gemeenskap betrokke moet wees. Dit blyk dat 71,2% respondente glo die kerk gee die gemeenskap hoop en 64,2% glo die kerk bied die gemeenskap Bybelse norme en waardes.

4.9 SISTEMATIESE PERSPEKTIEWE OP DIE LEIERSKAPSROL VAN DIE KERK

Indien die kerk se rol die fokus word, rig Broodryk (2005:2) die aandag op die rol van leiers om die regte waardes daar te stel tot verbetering van verhoudings en vir die menslike gesig van leierskap. Nell (2017:135) fokus egter op die kontras in leierskap tussen 'n Westerse benadering, naamlik individualisme, en die Afrika-benadering vanuit *ubuntu*.

Ubuntu-leierskap begin by die absolute geloof en vertroue in leierskap. Hier is die uitsluitlike doel die groep se vooruitgang. Die groep se rol in probleemoplossing word daarom belig teenoor die individualistiese rol waar alles oor die leier as die plaaslike held gaan. Die “ek” versus die “ons” speel die grootste rol in hierdie leierskapskontras (Nell, 2017:136–137).

Nell (2017:136–138) fokus wel die aandag op die negatiewe in Afrika-leierskap wat bestaan in die afwesigheid van vroue as leiers. Verdere leierskapsnegatiewes behels die misbruik van posisie, juis omdat leierskap so gerespekteer word. Nederigheid en diensbaarheid is daarom hoofkomponente wat benodig word vanuit ware leierskap.

As leierskap gekoppel is aan die idee van *ubuntu* maak dit deure oop na leiding vanuit kerke. Kerke het die potensiaal om op kreatiewe maniere vir die geslagsleemte en huidige uitdagings oplossings te kry, veral vanuit 'n globale toepassing (Nell, 2017:143). Nell is egter van mening dat 'n meer genuanseerde denkwysie rakende *ubuntu* leierskap sal ontwikkel (Nell, 2017:143).

'n Leier wat 'n waardegebaseerde leierskapstyl en die vermoë het om die reeds bestaande waardestelsels binne die span te waardeer, kan die span goed ontwikkel. Sodoende sal die doeltreffendheid van die span verhoog en uiteindelik ook die span se organisatoriese en institusionele effektiwiteit tot goeie bestuur (Nzimakwe, 2018:40).

4.10 SAMEVATTENDE SISTEMATIESE AFLEIDINGS

Bogenoemde navorsing het ten doel gehad om op 'n sistematiese wyse te let op nuwe etiese waardes in die toepassing van geregtigheid. Vanuit psigologie sowel as filosofie en etiek is 'n literatuurstudie geloods in die soeke na hierdie waardes.

Die volgende aspekte het na vore gekom, naamlik:

- Daar is “sondes” vanuit die praktyk wat uitspeel in tradisionele waardes wat menseregte ondermyn en as verskoning gebruik word om onmenslike optredes te regverdig.
- As optrede teen onmenslike gedrag word die vestiging van menswaardigheid dus in die Suid-Afrikaanse samelewing nodig geag. Menswaardigheid word gegrond op etiese regte en implikasies. Hierdie fundamentele beginsel is reeds vanaf die ontstaan van die mens sigbaar. Die Bybel leer ons dat God die mens geskape het en beskerming sowel as sekere regte gegee het. Christelike etiek word daarom gebou op die morele leringe van die Bybel.
- Menswaardigheid is dus ’n basiese mensereg. Hierdie reg om menswaardig behandel te word, geld ook vir kinders sowel as vroue.
- Die skending van menswaardigheid kan as ’n opstand teen God beskou word wat ’n openlike verwerping van sy Goddelike doel insluit, naamlik om hierdie gebroke wêreld te hernu.
- ’n Vredevolle en voorspoedige toekoms loop hand aan hand met die vestiging van menswaardigheid.
- Menswaardigheid behels die erkenning van alle mense se menswees. Die beginsel van menswaardigheid gee daarom aan alle mense die reg om hul diepste emosies te openbaar. Menswaardigheid word egter nie gebou op mense se goedheid (optredes) nie, maar op die beginsel dat God die mens as kroon van sy skepping geskape het en spesifieke take toegesê het.
- Die geloofsgemeenskap het daarom die verantwoordelikheid om die beginsels van “’n lewe van respek” vir alle mense te beklemtoon.
- Aanpasbare kerkleiers word benodig wat binne geloofsgemeenskappe gemeentes met ’n “ons krag”-benadering kan begelei tot nuwe perspektiewe ten opsigte van die kerk se bemiddelende taak, asook tot kreatiewe insigte aangaande die rol van die kerk in broederskap en versoening. Hierdie “ons krag”-benadering het die potensiaal om ’n rimpel-effek te ontketen vanuit ’n gesamentike proses.
- Met ander woorde, vanuit die psigologie oefen die gevoel van behoort (“belonging”) ’n groot invloed op alle individue uit. Die invloed van ’n gevoel van behoort op mense se sosiale lewens sowel as op hul emosionele en gedragsoptredes is daarom van kardinale belang.

- Ten opsigte van huidige Suid-Afrikaanse uitdagings kan die werksplek se menslike gesig verbeter word met gesamentlike deelname. Sodoende kan die welstand van al die werkers verbeter asook die produktiwiteit van werksfunksionering.
- Positiewe psigologie belig juis hierdie beskikbare hulpbronne en talente tot oplossing van huidige Suid-Afrikaanse uitdagings.
- Die Suid-Afrikaanse samelewing bestaan egter uit twee sielkundige kulture, naamlik individualisme en *ubuntu*. Hierdie twee verskillende kulture behels ook verskillende waardes wat in kontras met mekaar staan.
- Goed en sleg, wat wenslik en ongewens is, word alles vanuit verhoudings beoordeel. Interafhanklikheid, hartsverhoudings en gemeenskaplikheid is wenslike optredes vanuit die begrip *ubuntu*. Hierdie verhoudingsbehoefte maak daarom van gasvryheid die norm. Gasvryheid verbeter lewens in alle dimensies en dit is juis waar *ubuntu* tevoorskyn kom. *Ubuntu* skenk dus lewe en passie nie net aan individue nie, maar ook aan 'n samelewing.
- *Ubuntu*, etiek en teologie kan gesamentlik baie waarde tot die Suid-Afrikaanse samelewing toevoeg. Daar is 'n natuurlike sinergie tussen *ubuntu* en Christelike waardes vanuit die menslikheid van *ubuntu*. Dit is egter so dat *ubuntu* wyduiteenlopende betekenis vir mense het; dit behels egter 'n etiek wat weer herontdek moet word. Etiek kom uit die Griekse woord "ethos" wat karakter beteken. Vanuit filosofie is karakter dus nou verwant aan morele waardes.
- Menslike gedrag vanuit die niskonstruksie ("niche construction"), 'n nuwe vertakking van die evolusieleer, belig die mens se **vermoë om verandering teweeg te bring**. Met ander woorde, die idee agter die niskonstruksieteorie is dat 'n organisme die verhouding tussen homself en sy omgewing kan verander deur doelgerig en aktief bepalende faktore in die omgewing en in homself te verander tot voordeel van die omgewing.
- Die *ubuntu*-beginsel dat alle mense onvoorwaardelik as menswaardig beskou word en 'n gesindheid van mededeelsaamheid ten opsigte van die aarde uitleef, word daarom belig. Om die volheid van menswees te kan ervaar, is dit nodig om meer en meer intieme interaksie met mense te hê. *Ubuntu* beteken dis 'n kollektiewe menslikheid. Mense kom bymekaar wanneer probleme opgelos moet word wat lei tot die rimpel-effek van goedheid vanuit wedersydse omgee.
- Huidige ongeregtighede belig die begrip "common good" of **gemeenskaplike goedheid**. Die vraag is gevolglik: Wat is voordelig of goed vir die meeste lede van

die Suid-Afrikaanse gemeenskap? Dit is daarom nodig om te bepaal wat die algemene idee rakende 'n regverdigde sosiale orde behels. Vanuit hierdie algemene idee word pligte vir individue uitgewerk. 'n Strukturele konsepsie van geregtigheid lei egter tot 'n konflik tussen die mikrobeginsels van geregtigheid, wat interaksies op 'n een-tot-een-vlak voorstaan, en die makrobeginsels van distribusionele geregtigheid. Geregtigheid word dus vanuit etiek op twee beginsels gebou, naamlik die fokus op die individu en die fokus op gemeenskaplike goedheid. Met ander woorde, geregtigheid behels 'n netwerk van goedheid.

- **Solidariteit** erken mense se interafhanklikheid en verantwoordelikheid om vir gemeenskaplike welsyn op te tree tot voordeel van almal wat die planeet bewoon. Hierdie beginsel moedig die sterkes aan om die swakkes by te staan tot voordeel van die mensdom wat 'n verantwoordelikheid teenoor mekaar het.
- **Subsidiariteit** behels dat die ware funksie van alle sosiale aktiwiteite daarop gefokus moet wees om individuele lede van die liggaam te help en nooit om hulle te vernietig of te absorbeer nie. Die subsidiariteitsbeginsel bepaal dat individue slegs vrylik in die samelewing kan ontwikkel wanneer hulle die geleentheid gegun word om hul potensiaal self te kan bereik. Hierdie potensiaal moet nie van hulle af weggeneem word deur 'n hoër gesag nie.
- Die aandag word daarom op die rol van leiers geplaas om die regte waardes daar te stel tot verbetering van verhoudings en vir die menslike gesig van leierskap.

HOOFSTUK 5: STRATEGIESE PERSPEKTIEWE OP DIE BEGELEIDING VAN DIE GELOOFSGEMEENSAP OM 'N RIMPEL-EFFEK VAN GERECHTIGHEID TE BEWERKSTELLIG

5.1 INLEIDING

(1.1.1), (1.1.2), (1.4), (Tabel 2-18: C3-V1-7), (2.1), (3.1), (2.4), (2.6), (2.7.2), (3.6), (3.8.3), (3.9.3)

In hierdie hoofstuk word gefokus op die strategiese taak soos geïdentifiseer deur Browning, gefokus op die rimpel-effek van gerechtigheid en dit word aangedui as die gekose metodologie waarvolgens hierdie navorsing ingerig sal word. Hierdie fase is die laaste van die vier take van prakties-teologiese navorsing binne die metodologiese raamwerk van die ondersoek en dit behels die formulering van 'n strategie vir die oplossing van 'n problematiese praksis.

Browning (1996:9) motiveer die fokus van dié spesifieke taak vanuit die beginsel dat die wisselwerking tussen teorie en praktyk rekening behoort te hou met die praksis. Praktiese teologie word beskou as 'n wetenskap wat die kommunikatiewe geloofshandeling in diens van die evangelie bestudeer (Heyns & Pieterse, 1990:8). Browning plaas gevolglik die klem op: Wat moet ons doen?

Toegepas op hierdie navorsing handel dit oor wat vanuit 'n pastorale hoek behoort te geskied om 'n rimpel-effek van gerechtigheid te bewerkstellig (Browning, 1996:10). Die strategiese perspektiewe in hierdie hoofstuk fokus op wat funksioneel is in die skep van 'n rimpel-effek van gerechtigheid (Browning, 1996:9).

Die unieke bydrae van die hoofstuk is daarin opgesluit dat daar aangetoon wil word dat die rimpel-effek van goedheid 'n aspek is wat verdere besinning benodig, nie slegs alleen vanuit 'n prakties-teologiese oogpunt nie, maar nog nader beskryf vanuit 'n pastorale hoek. Ter wille van duidelikheid word die begrip “rimpeleffek”⁴² net weer verduidelik,

⁴² https://en.wikipedia.org/wiki/Ripple_effect

naamlik: Die rimpels wat oor water uitkring wanneer 'n voorwerp daarin val. Ander sinonieme daarvoor is “domino-effek” of “kettingreaksie”.

Binne die prakties-teologiese raamwerk van hierdie studie, behels dit dat plaaslike gemeentes deur leierskap toegerus of opgebou behoort te word om die rimpel-effek van goedheid wat strek tot die opbou van die samelewing met groter erns te beskou. Deur die konkrete leefwyse van die gemeenskap van gelowiges behoort die samelewing te besef dat die goedheid van God inderwaarheid op praktiese wyse aan hulle bedien word.

In die proses van die formulering van strategiese perspektiewe is dit nodig dat 'n integrasie van al die perspektiewe vanuit die vorige hoofstukke moet plaasvind (dus hoofstuk 1 tot 4). In hoofstuk een is die posisie van die plaaslike kerk belig as 'n liggaam wat geroepe is tot betrokkenheid in die plaaslike gemeenskap. Daar is aangetoon dat die lede van die kerk as 'n liggaam korporatief aan mekaar verbind is, maar die geloofsgemeenskap is ook verbind aan die groter gemeenskap binne die groter teologiese raamwerk van beliggaming, naamlik om as liggaam van Christus meer en meer te word wat jy reeds in Christus is (in vorige hoofstukke beskryf as die sistemiese aard van die kerk).

Die rol van die kerk as liggaam van Christus sluit binne die konteks van die navorsing die begrip “begeleiding” in, wat die gedagte benadruk dat plaaslike kerke as liggaam (lidmate) deur hul kerkleiers toegerus of opgebou behoort te word om die kragtige werking van geregtigheid in 'n ingewikkelde netwerk van verhoudings te begryp. In hoofstuk 1 is verwys na Firet (1978:33) se bydrae tot die vakgebied van die pastoraat asook die beklemtoning van die begrip “agogie” wat 'n verstaansmoment sowel as 'n veranderingsmoment behels. Begeleiding tot verandering kan as 'n prominente pastorale motief beskou word en behoort in hierdie navorsing as onontbeerlik beskou te word.

Louw (1985:375) het op oortuigende wyse hiermee geresoneer deur aan te toon dat die gedagte van ontmoeting sentraal staan in die pastoraat. 'n Verdere aspek wat hiermee saamhang, is dat die ontmoeting kommunikatief van aard is. Hierdie kommunikatiewe ontmoeting staan volgens Louw (1985:375) op drie pilare, naamlik beïnvloeding, verandering en herstel. Dit is fundamenteel in die verstaan hiervan om vanuit 'n pastorale hoek te begryp dat die gerigtheid op die daaglikse lewe verdiskonteer sal word deur die kommunikatiewe (gesprek) gerigtheid in die pastoraat, maar dan nader omlyn vanuit die hoek van hoop en lewenskwaliteit.

Pastorale bediening behels dat die individu pastoraal versorg moet word, maar dit omvat ook 'n herderlike besorgdheid oor 'n netwerk van verhoudings waarin gelowiges hulself bevind (Dreyer, 1981:110–121). In hierdie navorsing is aangetoon dat 'n hermeneutiese beskouing ten opsigte van die kommunikatiewe handeling in die pastoraat as belangrik geag word juis omdat die pastoraat rekening behoort te hou met die begrip “vertolking”, 'n begrip wat reeds vir baie jare op die radarskerm van die pastoraat funksioneer (Heitink, 1998:69–78; Scholtz, 2005:1–3).

In dié navorsing is 'n spesifieke keuse ten opsigte van Browning (1996:3–12) se navorsingsmetodologie uitgeoefen, juis omdat Browning (1983:9–12) die belangrikheid van 'n fenomenologiese ekklesiologie uitlig waarin nie bloot op die kerk as instituut gefokus word nie, maar ook op die openbare gestalte van die kerk in die wêreld. Die implikasie hiervan vir die pastoraat behels dat die kritiese dialoog ten opsigte van belangrike beginsels om verandering te bewerk, verreken behoort te word. Op dié wyse skuif die reikwydte van die pastoraat met 'n uitkringende aard van omgee na die publieke domein. Pastorale sorg behels daarom die bediening van God se goedheid wat lei tot genesing en groei binne 'n plaaslike gemeente, wat tegelyk en onvermydelik 'n effek moet toon in die daaglikse lewe binne die gemeenskap (Clinebell, 1984:26).

In vorige hoofstukke is die klem geplaas op die transformasieproses van die praktyk waarin besondere klem geplaas is op die etiese reikwydte hiervan (vgl. Heyns, 1986:43 se nuansering hiervan). Binne 'n praktykgeoriënteerde benadering wat vertrek vanuit die integrasie tussen teorie en praktyk, en kritiese refleksie op wat in die praktyk geskied, word in dié hoofstuk besin oor 'n handelingsstrategie om die uitkringende effek van goedheid binne 'n pastorale konteks mee te belig. Konkreet gestel sou 'n benadering om goeie verhoudings met bure in die gemeenskap te bou van kardinale belang wees, want hierdeur word kommunikasiekanale geskep vir praktiese dade van omgee asook 'n bereidwilligheid om onbaatsugtig te dien.

Omgee-verhoudings word gevolglik benodig in teenstelling met apatiese optredes wat die realiteit waarin mense leef bloot ignoreer of verteoretiseer. Dit behels dat 'n groeiproses op intrinsieke wyse binne plaaslike gemeentes moet realiseer waarin die belange van die omgewing (in vorige hoofstukke na verwys as *die shalom van die stad*) en die behoeftes van mense in die omgewing met groter bedieningserns bejeën moet word.

Die navorser het aan die begin van die navorsing verklaar dat daar vanuit 'n pentekostalistiese paradigma na die probleemstelling gekyk word en eie hieraan word die kerk se missionale roeping daarom benadruk. Die besef van 'n *Missio Dei* wat op *Passio Dei* gebou word behoort beklemtoon te word binne die raamwerk waar gehandel word oor die uitkringende aard van geregtigheid.

Dit behels dat 'n praktyk van daadwerklike medelye en omgee vir mense al hoe meer moet vergestalt aangesien die missionale roeping ook vereis dat die teenwoordigheid van die kerk in die samelewing 'n konstruktiewe boodskap moet vertolk. 'n Betrokkenheid in die gemeenskap, gerugsteun deur dae van omgee en die vertolking van brandpunte soos geregtigheid en gemeenskapsontwikkeling vanuit 'n prakties-teologiese oogpunt, behoort as prioriteit beskou te word. Die praktiese toepassing van bogenoemde benodig egter die nodige begeleiding deur leierskap.

5.2 DIE PASTORALE ROL VAN DIE KERKLEIER TOT DIE BEGELEIDING VAN DIE GELOOFSGEMEENSAP IN DIE SKEP VAN 'N RIMPEL-EFFEK VAN GEREGTIGHEID

(1.3), (2.5), (2.7.1), (3.11), (4.10)

In **hoofstuk 1** word die beginsel belig dat gelowiges as lede van die liggaam aan mekaar verbind is, maar die geloofsgemeenskap is ook verbind aan die groter gemeenskap (die sistemiese aard van die kerk). Die begrip “begeleiding” word benadruk as aanduiding dat plaaslike kerke deur hul kerkleiers toegerus behoort te word om die kragtige werking van geregtigheid in 'n ingewikkelde netwerk van verhoudings te begryp.

Hoofstuk 2 verduidelik dat die pastorale rolvervulling behels dat God die mense in die gemeenskap deur kerkleiers wil ontmoet. Aanpasbare kerkleiers binne geloofsgemeenskappe behoort gemeentes met 'n “ons krag”-benadering tot nuwe perspektiewe te begelei ten opsigte van die kerk se bemiddelende taak in aspekte soos versoening en betrokkenheid by plaaslike arm gemeenskappe en mense wat nêrens behoort nie. Kommunikatiewe handeling in die gemeenskap skep ruimtes vir die uitkringende aard van geregtigheid (paragraaf 2.4.1).

In die deskriptief-empiriese hoofstuk word die begrip “betrokkenheid” benadruk as die doelbewuste betoning van daad van goedheid. Hierdie daad van goedheid is gefundeer op die gedagte dat alle mense na God se gelykenis geskape is en geregtigheidsdaad (daad van goedheid) fokus gevolglik op die herstel van menswaardigheid. Die uitkringende effek van goedheid behoort onder andere die herstel van geregtigheid in plaaslike gemeenskappe te beoog.

Tussen goedheid en geregtigheid bestaan ’n interafhanklike verhouding. Hierdie interafhanklike verhouding bestaan daarin dat goedheidsdaad in baie gevalle ongeregtigheid regstel en omgee uitbeeld. Geregtigheid het te make met ’n lewenswyse van omgee en word uiterlik gemeet aan die manier waarop mense mekaar in die samelewing behandel. Met ander woorde, geregtigheid behels om reg te handel volgens die wil van God en word deur ’n lewenswyse van omgee vir ander mense gekenmerk. Omgee word dus deur liefdeshandelinge sigbaar.

Hierdie omgee-proses benodig egter gedurige refleksie. Praktyke van die verlede kan nie onnadenkend voortgesit word sonder om krities daarvoor te reflekteer nie. Kerkleiers moet daarom by kerklike vergaderings gesamentlike strategieë vir die toekoms daarstel wat ruimte maak vir geregtigheidsdaad in die plaaslike gemeenskap. Hierdie veranderingsprosesse maak die betrokkenheid van die kerk as ’n belangrike rolspeler in die samelewing broodnodig.

In hoofstuk 2 is die kerkleier se rol in die proses van transformasie ook onder die vergrootglas geplaas. Kerkleiers en kerklike vergaderings benodig inderdaad korporatiewe strategieë vir die toekoms wat op die verandering van kerk en samelewing fokus, maar leierskap binne plaaslike gemeentes het steeds ook ’n verantwoordelikheid op plaaslike vlak wat met die nodige erns bejeën moet word. Transformasie stel besondere eise aan leierskap op plaaslike vlak en verg verantwoordelike strategiese denke.

Daar is ook aangetoon dat sosiale geregtigheid – wat beteken om reg te handel volgens die wil van God deur ’n lewenswyse van omgee vir ander mense – in Suid-Afrika beskou kan word as ’n ingewikkelde en interafhanklike proses wat diverse elemente insluit, soos onder andere die samehorigheid tussen ekonomiese geregtigheid, openbare deelname en sosiale kohesie. Dit is van kardinale belang dat plaaslike kerke nie die rol van ander

instansies probeer oorneem nie, maar eerder op konstruktiewe wyse 'n eiesoortige bydrae sal lewer binne 'n spanbenadering op plaaslike vlak om toe te sien dat reg geskied deur dae van goedheid. Hierdie spanbenadering het ook die potensiaal om 'n rimpel-effek van geregtigheid te verwesenlik. Die hoofstuk het verder aangetoon dat verstellings in die praktyk van kerkwees (ekklesiologiese sienings) daarom benodig word om die transformasie van plaaslike gemeenskappe te bevorder.

Hierdie transformasie vereis dat leierskap in plaaslike gemeentes met die volgende aspekte rekening hou, naamlik:

- 'n Fokus op die voordeel van die "common good" (gemeenskaplike goedheid) vir alle gemeenskapslede;
- Geregtigheidsop tredes wat genesing van mense se herinneringe sowel as versoening kan bevorder;
- Praktyke wat 'n etos van behoort ("belonging") skep; en
- Samewerking en vreedsame naasbestaan binne die samelewing wat 'n konstruktiewe etos van versoening tot gevolg het. Die kerk met haar infrastruktuur, geboue en invloed op gelowiges se lewens kan hier 'n dinamiese rol vertolk. Dade van goedheid tussen gemeenskapslede kan gevolglik 'n rimpel-effek van goedheid tot gevolg hê.

Leierskap in plaaslike gemeentes moet let op empiriese navorsing wat aantoon dat 64% gemeenskapslede van mening is dat die kerk onbetrokke in die gemeenskap is. Navorsers het aangetoon dat die kerk kragtens haar roeping as die liggaam van Christus die potensiaal het om vanuit lidmate se betrokkenheid in die samelewing hoop in plaaslike gemeenskappe te help bring met dae van goedheid.

Die begrip "hoop" kan beskou word as sentraal binne die pastorale vertolkingsgebeure.⁴³ Dit sluit ook in dat die kerk 'n vertrouenswaardige rolspeler ten opsigte van die betoning van goedheid wil wees wat meer omvangryk is as net projekte en eerder fokus op die diakonaal-missionale daar-wees. Kerkleiers moet moeite doen om ook na die stem van weerlose mense in die samelewing te luister en op die eggo van die stem van weerlose mense te let.

⁴³ Met die begrip "vertolkingsgebeure" word die proses van interpretasie voorgehou.

Adams (1970:90–91) benadruk die fokus van die geloofsgemeenskap om te luister met die uitsluitlike doel om oplossings te vind. Indien mense voel dat hul gevoelens en idees saak maak, ervaar hulle in hul weerloosheid opregte omgee. Hierdie omgee skep menswaardigheid. Die handeling van luister en vertolkend luister na die stem van weerloos is 'n belangrike onderdeel van die kommunikatiewe gebeure. Dis 'n gedagte wat deur 92% van die respondente in hierdie empiriese navorsing benadruk word.

In **hoofstuk 3** is op normatiewe sowel as historiese wyse aangetoon dat sekere boustene as fondament benodig word vir die bou van 'n samelewing waar geregtigheid funksioneer. Normatiewe perspektiewe in die soeke na wysheid (*fronesis*) oor versoening en die uitkringende aard van goedheid is van kardinale belang juis omdat die integriteit van die kerk meermale bevraagteken word met dié dat die kerk nie konkrete blyke toon van God se omgee vir mense in die samelewing nie. Die kerkleier het 'n roeping om te fokus op konkrete dade wat strek tot heling van die hele gemeenskap.

Vanuit die Bergrede word onregverdigheid (ongeregtigheid) beskryf soos wat tans van toepassing op die Suid-Afrikaanse situasie is. Jesus gee praktiese raad, hoop en beloftes aan elkeen wat ondanks hul situasie geregtigheid uiteleef. Aan die ander kant verwag God dat barmhartigheid uitgeleef sal word as aanduiding van die regte hartsgesindheid. Mense kan nie apaties teenoor huidige ongeregtighede staan nie. Die groter prentjie behels dus vergifnis, versoening en rekonsiliasie vanuit die Christus-gesindheid deur medegelowiges. Dade van goedheid (geregtigheid) kan 'n nuwe Suid-Afrika skep.

Op die voetspoor van Kruger (2016:11) is aangetoon dat omgee vir die gemeenskap inhou dat die *shalom* van 'n gemeenskap gehonoreer behoort te word indien 'n harmonieuse verhouding met God, asook die vreugde om Hom binne verhoudings te kan dien, met erns bejeën word. In die tweede plek moet hierdie regte verhouding met God die regte verhouding met die samelewing voortbring. As deel van die mensdom sluit dit betrokkenheid by mekaar met dade van goedheid (geregtigheid) in.

Die oriënteringspunt in 'n verhoudingsmatige beskouing van teenwoordigheid in die samelewing het as basis die gedagte dat die kerk geroep is om God se goedheid te betoon en in Christus in 'n nuwe verhouding staan. Die nuutheid van verhoudings behoort daagliks gemodelleer te word deur onder andere die uitkringende effek van goedheid en die krag daarvan te openbaar. Die besef van God se koninkryk en gehoorsaamheid aan

die Koning van die kerk bring 'n dinamiese dimensie voort, aangesien gehoorsaamheid aan wat die Koning vereis sentraal behoort te staan in plaaslike kerke se beskouing oor hul taak in die samelewing. Die gehoorsaamheid aan die koningskap van God in alle aspekte van die samelewing behoort sodoende op sigbare wyse erken te word.

Die oogmerk van die kerk se betrokkenheid in die samelewing moet wees dat God se koninkryk sal kom in die parlamentsgebou, op die markplein, in elke gevangenis en in elke plaaslike buurt waar gelowiges hulleself bevind (die publieke domein). Dit hou in dat gelowiges binne die samelewing begelei moet word om as voorbeelde te dien van hoe harmonieuse verhoudings daarna uitsien. God se koninkryk kom immers juis daar waar sy wil gehoorsaam word.

Die normatiewe ondersoek in hierdie studie het die noodsaak aangetoon vir God se eis dat die geloofsgemeenskap na die gemarginaliseerdes in die samelewing sal omsien. Die kerkleier moet daarom besef dat nalatigheid ten opsigte van die betoning van goedheid neerkom op die benadeling van geregtigheid, en beskryf kan word as 'n inflasie van die uitwerkende krag van liefde. Hierdie nalatigheid van gelowiges om na die samelewing om te sien as God se ambassadeurs het tot gevolg dat 'n negatiewe rimpel-effek van ongeregtigheid versprei. Nie net word ongeregtigheid soos suurdeeg versprei nie, maar ook ervaar die samelewing nie God se omgee nie.

In die verwesenliking van die roeping tot omgee vir die samelewing is drie aspekte belang wat noodsaaklik is vir die vestiging van geregtigheid en die skep van 'n rimpel-effek daarvan, naamlik:

- Alle mense is geskape na God se beeld en het daarom menswaardigheid. God het die mens geskape met regte en verantwoordelikhede ten opsigte van menswaardige optredes. Hiermee is aangedui dat die skepselmatige gerigtheid van gelowiges op God asook die unieke verhouding waarin mense tot God staan vanuit 'n pastorale hoek as belangrik geag sal word (relasionele aspek).

Die eskatologiese spanningsveld van “word al hoe meer wat jy reeds is” kan nie geïgnoreer word nie. Kerkleiers het die verantwoordelikheid om deur hul leierskap mense waardig te ag en met respek te behandel. Hierdie gesindheid van respek word juis as katalisator benodig om mense in plaaslike gemeenskappe byeen te bring met 'n fokus op dialoog en saamdink oor moontlike oplossings vir die

spanningsvelde binne die gemeenskap.

- Verantwoordelike leierskap binne die raamwerk van die pastoraat hou rekening met die menswaardigheid van mense en gerigtheid op hul roeping as vertrekpunt. Kerkleiers word, gegewe die belangrikheid van die uitdagings van kontekstualisering, tot aanpasbaarheid geroep binne geloofsgemeenskappe wat met 'n "ons krag"-benadering begelei word tot nuwe perspektiewe ten opsigte van die kerk se bemiddelende taak in 'n transformasieproses waarin die agenda rondom God se eer sentreer.

In die hoofstuk oor die normatiewe perspektiewe is aangetoon dat die doksologiese krag van geloof in God asook die besef dat mense in Christus nuut gemaak is onmeetlike ruimtes aan die pastoraat bied om mense pastoraal te kan begelei tot vernuwende denke en in hul roeping tot daad van goedheid (geregtigheid). Benewens die siening van "wie is ek?" binne hierdie verhouding, is daar ook die verdere konsentriese sirkel van "ek is lid van die liggaam en ons het mekaar nodig". Hierdie besef ontsluit potensiaal om 'n rimpel-effek te ontketen.

- Die plaaslike kerk het pastoraal gesproke verskillende rolverwagtings, naamlik 'n profetiese, morele en terapeutiese rol. Dit behels dat profetiese getuigenis in die samelewing van groot belang is om sodoende op konstruktiewe wyse opinievormend in die publieke domein betrokke te wees.

As 'n morele gemeenskap kan elke plaaslike kerk die voorbeeld stel van wat Christelike moraliteit in die praktyk behels. Die kerk as terapeutiese gemeenskap behels dat plaaslike kerke helend sal inwerk op die nood van die gebroke samelewing. Bedieningspatrone en die visie van die gemeente behoort daarmee rekening te hou dat die identiteit van die gemeente nie 'n doel op sigself is nie (die na-binnegerigtheid). Die kerkleier moet toesien dat bediening binne plaaslike kerke op 'n integrale manier gerig word.

Sodoende kan die gemeenskap waarbinne gelowiges woon en werk aan die helingsproses blootgestel word met die hulp van roepingsbewuste volgelinge van Christus wat deur verhoudingsmatige invloed meer doen as om net te praat. Dade van omgee sal gevolglik 'n rimpel-effek van goedheid tot verheerliking van God tot gevolg hê.

- Laastens word daar 'n appèl op die kerkleier gemaak om hierdie agogiese moment (veranderingsmoment), wat die handelinge in 'n prakties-teologiese ondersoek

veronderstel, te begryp tot die skep van 'n rimpel-effek van verandering. Om diensbaar aan verandering te wees, moet daar ook 'n verstaansmoment wees. Om funksioneel te wees ten opsigte van verandering behoort kerkleiers self eers moeite te maak om te luister met die oog daarop om werklik te verstaan wat die omvang van uitdagings in die samelewing behels. Begeleiding tot die verstaan van die noodsaak vir die uitkringende effek van goedheid is daarom belangrik en dit verg voortdurende en indringende refleksie van kerkleiers.

In **hoofstuk 4** het dit geblyk dat die begrip “goedheid” uitkringende speke bevat. Benewens die klem op geregtigheid, hou dit ook ten nouste verband met die krag van versoening. Die moeilikheidsgraad hieraan verbonde hou daarmee rekening dat die werking van versoening ook daarmee rekening hou dat mense in die samelewing verskillend onthou en dat herinneringe dikwels uiteenlopend is (Kruger, 2018:7).

Aangrensende wetenskappe bied perspektiewe tot 'n beter begrip en verklarings van die onderliggende problematiese praxis. Die sistematiese studie het gefokus op die kontras tussen die normatiewe en huidige kulturele sowel as godsdienstige optrede van mense. Vrae en konflikte wat spanningsvelde veroorsaak, is vanuit teologiese refleksie gebruik om 'n nuwe etiese raamwerk te skep. Twee belangrike etiese beginsels is in die proses beklemtoon, naamlik solidariteit en subsidiariteit.

Magezi (2016:5–7) belig daarom juis 'n problematiese praxis in plaaslike gemeenskappe, naamlik die afwesigheid van 'n pastorale rol. Hierdie pastorale rol kan die verwagting van gemeenskapslede wat hulself in moeilike situasies bevind deurlopend kanaliseer na dae van omgee deur die geloofsgemeenskap. Pastorale sorg vanuit hierdie beginsels skep die hoop op ondersteuning en voorsiening vir gesinne in 'n krisis.

Die verwagting is dat kerkleiers die geloofsgemeenskap sal begelei om gesinne by te staan en gesinsondersteuningstrukture sal organiseer waar nodig. Hierdie betrokkenheid van die geloofsgemeenskap dien gevolglik as 'n ondersteuningsnetwerk, veral in die geval van afwesige familiestrukture. Die probleem bestaan egter dat indien hierdie pastorale omgee nie realiseer nie, dit die kerk se openbare beeld beskadig.

Met inagneming van bogenoemde agtergrond, word die kerkleier se pastorale rol duidelik omskryf. Die rol van die kerkleier in die begeleiding van die geloofsgemeenskap tot die

rimpel-effek van geregtigheid is van kardinale belang. Die volgende kernaspekte word daarom belig, naamlik:

- Die kerkleier benodig hernude insigte in die pastorale rol wat verder strek as die statiese tweeledigheid van die kerkleier se verwagte rol vanuit die spesifieke Christelike tradisie (byvoorbeeld AGS Kerk) en die kerkleier se oorgeërfde prentjie van pastorale omgee. 'n Herbesinning word benodig weens die gemeenskap se verwagting rakende die kerkleier na aanleiding van al die inherente waardes en behoeftes van die plaaslike gemeenskap.

Die kerkleier se rol in die begeleiding van die geloofsgemeenskap word juis benodig in die spesifieke konteks waar almal saambestaan en saamleef. Die kerkleier se beskikbaarheid van bronne en norme, beide godsdienstig en sekulêr, kan waarde toevoeg tot die lewens van die gemeenskap (Miller-McLemore, 2011:17).

- Pastorale sorg word benodig met die klem op 'n holistiese gerigtheid op die persoon in al sy of haar geestelike en fisieke behoeftes (Janse van Rensburg & Breed, 2011:1).
- Hierdie holistiese benadering word ook deur Louw (2017c:1) onderskryf waar die noodsaaklikheid vir 'n groter wisselwerking tussen verskillende aspekte en dimensies van die lewe behoort te geskied. Diepgaande geluk hou rekening met die mens se wydeenlopende behoeftes. Hierdie behoeftes kan intimiteit, gasvryheid, vrymaking, hoop, ondersteuning, vervulling of selfs geestelike genesing (*cura vitae*) insluit. Louw (2017c:8) argumenteer daarom dat die kerkleier ruimte sal moet maak vir die feit dat die eerste stap na mense se geluk versorging binne die eise van elke dag behels.
- Die pastorale besef dat welsyn (heling) nie alleen in 'n individualistiese verhouding bestaan nie, maar wel ook in die korporatiewe belewing van die liggaam van Christus – waarvan *koinonia* en *diakonia* 'n integrale deel is – is van belang (Magezi, 2006:506–507).
- Die Suid-Afrikaanse samelewing, beskou vanuit 'n Afrika-perspektief, benodig daarom pastorale sorg gefokus op die welwees van almal binne plaaslike gemeenskappe. Gemeenskapskwessies benodig 'n daadwerklike wegbeweeg van 'n individualistiese uitkyk as die oriënteringspunt van die omgee-proses. 'n Nuwe,

gefokusde gemeenskapsnetwerk van verhoudings word benodig om reg hieraan te laat geskied (Smit, 2015:3).

Kerkleiers het nodig om die geloofsgemeenskap te begelei in die fasilitering van brûe wat verder kan dien as oorgange tot die vestiging van deelnemende pastorale praktyke. Die sukses van deelnemende pastorale praktyke behels egter 'n wegbeweeg van die huidige denke dat die kerkleier die een is wat noodwendig meer kennis oor God het. 'n Narratiewe benadering waarvolgens alle mense in 'n gesamentlike proses hul spesifieke ervarings en kennis beskikbaar kan stel tot 'n sinvolle dialoog en oplossings help bedink ("story-telling"), kan funksioneel wees in die vestiging van die rimpel-effek van geregtigheid (Morkel, 2012:63).

Die organisasie genaamd Heartlines fokus daarop om Suid-Afrikaanse kerke behulpsaam te wees met hierdie gedagte van "story-telling". Gedeelde verhale het die potensiaal om begrip, vertroue en versoening in Suid-Afrikaanse gemeenskappe te help bevorder. Verhale kan verskeie emosies wakker maak wat woede, passie sowel as inspirasie insluit. Gedeelde verhale verbind egter mense aan mekaar vanuit 'n omgee (Moloi, 2016:12).

- Hierdie beginsel van pastorale omgee word juis beklemtoon in die gedagte dat Christenskap vanuit die beginsel van *passio* (omgee) ontstaan. Met ander woorde, die geloofsgemeenskap benodig 'n welbewuste roeping om waarlik dienend betrokke te kan wees by die helingsproses en dade van geregtigheid in plaaslike gemeenskappe (1.4.4).
- Missionale pastorale leierskap, volgens 'n pentekostalistiese siening, behels dus 'n proses waar leiers ook sal lei deur daaglikse betrokkenheid in die samelewing. Dit sluit 'n luistervermoë sowel as kommunikasie met mekaar (kerkleiers) in. Die bepalende faktor is egter 'n passievolle gesindheid van verbondenheid tot die missionale roeping van elke mens en die vervulling van hul noodsaaklike behoeftes. Die kerkleier het daarom 'n roeping tot die begeleiding van die geloofsgemeenskap in die uitleef hiervan (Keifert, 2007:86).
- Hierdie roeping kan plaaslik op konkrete manier realiseer deur elke gemeente se bereidwilligheid om pastoralesorg-diensgroepe te werf, op te lei en te bemagtig. Hierdie spanne kan help met die geestelike versorging van behoeftiges in die plaaslike gemeenskap wat insluit siekes, sterwendes en bedroefdes, asook om mense met verskillende gawes met mekaar te verbind vanuit 'n holistiese

bedieningsbenadering. Sodoende word kerkwees en God se omgee in die gemeenskap integraal aan mekaar verbind (Beuken, 2003:46).

In **hoofstuk 5** word nou strategiese perspektiewe gebied om plaaslike gemeentes te begelei tot die realisering van die rimpel-effek van geregtigheid. Hierdie perspektiewe vanuit 'n prakties-teologiese hoek hang saam met die hermeneutiese wisselwerking tussen die perspektiewe wat in die vorige hoofstukke aan die orde gestel is.

5.3 DOEL VAN DIE HOOFSTUK

Die belangrike vrae, volgens Browning (1996:10), is: Wat moet ons doen? en Hoe moet ons lewe om 'n rimpel-effek van geregtigheid te bewerkstellig? Browning (1996:50–51) beklemtoon Christelike gemeenskappe se verbondenheid tot die transformasie van die gemeenskap. Die empiriese navorsing wat vir dié studie gedoen is, het gewys dat 97,8% van die respondente aangedui het dat die kerk die potensiaal het om konstruktiewe transformasie in die gemeenskap teweeg te bring. Transformasie in die plaaslike gemeente benodig egter die leier se invloed in die skep van spanwerk tot die bevordering van gemeenskapstransformasie (93,1% respondente).

Dié hoofstuk beoog om pastorale perspektiewe te bied op die begeleidingsrol van die kerk tot die rimpel-effek van geregtigheid. Nege praktyk-teoretiese perspektiewe, wat berus op die wisselwerking van perspektiewe in hoofstuk 1 tot 4, word gebied as diskoers vir die rimpel-effek van geregtigheid. Sodoende poog die studie om 'n bydrae te lewer tot die herstel van die problematiese praxis waar die geloofsgemeenskap meermale in gebreke bly om deel van die transformasie van die samelewing te wees.

Hierdie studie se bydrae tot die herstel van die problematiese praxis behels ten slotte om 'n funksionele model daar te stel tot stimulering van plaaslike gemeentes se roeping om 'n rimpel-effek van geregtigheid te skep. Hierdie model behoort op grond van die wisselwerking tussen die vorige hoofstukke rekening met die volgende aspekte te hou, naamlik:

- Die plaaslike kerk se begeleidingstaak in die verandering van gesindhede rondom menswaardigheid en die uitkringende aard van goedheid.
- Die behoefte aan gemeentelike leierskap wat leiding in gemeenskappe gee.
- Die begeleidingstaak van leiers in die plaaslike kerk.

- Die noodsaak van omgee vir die samelewing waarin plaaslike kerke hulleself bevind (*koinonia* en *diakonia*).
- Regverdige optrede in die gemeenskap wat die rimpel-effek van goedheid bevorder met verwysing na die *ubuntu*-beginsel, armes en vreemdelinge.
- Die rimpel-effek van goedheid word sigbaar deur verhoudings te bou.
- Die rimpel-effek van goedheid benodig *koinonia*, 'n terapeutiese benadering asook 'n erns ten opsigte van 'n profetiese gemeenskap.
- Die plaaslike kerk se roeping ten opsigte van gemeenskapsontwikkeling asook morele ontwikkeling.
- 'n Pastorale model gerig op bedieningsbehoefte binne die AGS.

5.4 STRATEGIESE PERSPEKTIEWE OP DIE PLAASLIKE KERK SE BEGELEIDINGSTAAK IN DIE VERANDERING VAN GESINDHEDE RONDOM MENSWAARDIGHEID EN DIE UITKRINGENDE AARD VAN GERECHTIGHEID

(1.1.1), (1.1.2), (2.1), (2.2), (2.3), (2.4.2), (2.7.1.1), (3.1), (3.5.1), (3.5.2), (4.4), (4.10), (Figuur 2-18)

Pastorale sorg met 'n fokus op die uitkringende aard van omgee behoort in die publieke domein as belangrik beskou te word. Pastorale sorg kan binne hierdie raamwerk nie anders as om aspekte soos die begeleiding van die gemeente tot gemeenskapsbetrokkenheid ernstig op te neem nie (Clinebell, 1984:26). Die kerkleier se betrokkenheid in die gemeenskap word dus vanuit die invloed van kommunikatiewe handeling in verhoudings met 'n lewende web of selfs 'n netwerk vergelyk. Die beeld van 'n web is gebruik om die individuele, terapeutiese en pastorale versorgingsaspekte van die pastoraat te benadruk.

Pastorale bediening behels hiervolgens meer as net individuele versorging van mense en omvat 'n herderlike besorgdheid oor 'n netwerk van verhoudings waarin gelowiges hulself bevind. Hierdie besorgdheid sluit daad van geregtigheid in. Op dié wyse skuif die reikwydte van die pastoraat met 'n uitkringende aard van omgee na die publieke domein. Pastorale sorg behels daarom die breë, inklusiewe bediening van wedersydse genesing en groei binne 'n gemeente en haar gemeenskap.

Die problematiese praxis is egter belig, naamlik dat vooroordeel in plaaslike gemeenskappe, xenofobie, en 'n afwesigheid van medelye en diakonale uitreiking geopenbaar is. Sommige mense is as gevolg van die feit dat hulle vreemdelinge is haweloos en ander is weer ontwortel. Hierdie krisis openbaar 'n dieper geestelike probleem, naamlik die gevaar van selektiewe deernis. Met selektiewe deernis word die gedagte voorgehou dat daar nie dieselfde empatie aan alle mense gegee word nie. Dade van goedheid word nie aan alle mense betoon volgens hul behoefte nie, maar volgens voorkeur. Gevolglik benodig pastorale versorging in plaaslike gemeenskappe die dieper dryfkrag van *Passio Dei* (saamwees) van Christus.

Dit is daarom vanuit bogenoemde selektiewe deernis belangrik om daarop te let dat verskillende betekenisvlakke rakende “pastorale versorging” as gevolg van verskillende belydenistradisies voorgehou kan word. Dit is egter belangrik om die algemene begrip gekoppel aan die woordbetekenis van “pastoraal” te erken, naamlik omgee-houdings en omgee-handelinge (Magezi, 2016:1).

In aansluiting by hierdie omgee-handelinge, is 91,2% respondente vanuit hierdie studie van mening dat godsdienst 'n belangrike rol kan speel in die begeleiding van gemeenskappe ten opsigte van die regstelling van maatskaplike ongeregtighede, asook in die beïnvloeding van hul gesindhede teenoor ongeregtigheid. Respondente uit die Goudveldse gemeenskap (nadere navorsingsarea) toon aan dat betrokkenheid hoop kan skep. Hulle toon verder aan dat daar wel 'n openheid aangaande die begeleidingsrol van die kerk ten opsigte van daad van geregtigheid bestaan.

Vanuit 'n pastorale hoek is dit noodsaaklik om, soos reeds in die inleiding tot hierdie hoofstuk aangedui is, begrip te toon van 'n antropologie oftewel 'n verantwoordbare beskouing oor wie die mense is wat in die proses ter sprake is. In die navorsing is daar op grond van Genesis 1:26–27 aangetoon dat die beginsel van menswaardigheid met die skepping gevind word. Die mens is na die beeld en gelykenis van God geskep. Die betekenis van *Imago Dei* in Genesis 1:26–27 word as fundamentele vertrekpunt vir menswaardige optrede voorgehou. Dit sluit in dat alle mense in Christus gelyk is. Die konsep van “beeld van God” gee dus die diepere dimensie aan van 'n antropologie waarin mense se menswaardigheid verdiskonteer word. Menswaardigheid en die beeldskap van God hang gevolglik nou saam.

Die konsep van menswaardigheid word meermale losgemaak van die dieper teologiese raamwerk waarbinne dit behoort te funksioneer, wat moontlik bydra tot die skep van verwronge persepsies. Dié begrip het byvoorbeeld hand aan hand geloop met die opkoms en aktivering van menseregte met verloop van jare en daar het 'n wanvoorstelling by mense geheers dat menswaardigheid bloot binne 'n sosio-politieke konteks funksioneer. Die geloofsgemeenskappe kon histories gesproke hulself nie werklik vereenselwig met die groot kontras tussen menseregte en die *Imago Dei*-begrip nie, naamlik dat die mens na God se beeld geskape is.

Navorsing toon dat daar wel 'n wending in die toedrag van sake was. Die teologiese beskouing van menswaardigheid as die basis van alle menslike optredes en reaksies begin toenemend veld wen in navorsing. Ongeregtigheid wat beoefen en gekondoneer word deur stilswye skaad die beeld van God ten diepste en doen onreg aan 'n antropologie wat in die *Imago Dei*-besef geanker is. Die bewustheid van menswaardigheid is iets wat eie aan 'n plaaslike kerk (geloofsgemeenskap) se kennis is, juis omdat dit 'n logiese gevolg behoort te wees van begrip oor waaroor *koinonia* (gemeenskap) in 'n geloofsgemeenskap behoort te gaan.

5.4.1 Hermeneutiese wisselwerking op die plaaslike kerk se begeleidingstaak in die verandering van gesindhede rondom menswaardigheid en die uitkringende aard van geregtigheid

Perspektiewe rakende menswaardigheid en die uitkringende aard van geregtigheid (goedheid) in hoofstuk 1 tot 4 word op die volgende manier uitgelig en ná afloop van die beskrywing van die interafhanklikheid van perspektiewe word strategiese perspektiewe voorgehou:

Hoofstuk 1 belig die bekommernis vanuit die Suid-Afrikaanse samelewing dat belangrike waardes rakende menswaardigheid verlore geraak het. Waardes word benodig wat die herwinning van menswaardigheid moontlik maak, naamlik solidariteit asook respek vir die lewe.

Uitdagings in die Suid-Afrikaanse samelewing, soos armoede gekoppel aan die stigma van volgehoue welsynshulp, is meermale onderhewig aan die uitkringende probleem van stigmatisering. Hierdie stigma en etiket van om 'n blote behoeftige geval te wees, veroorsaak dat arm mense oor die lang termyn van hul selfbeeld, menswaardigheid en effektiwiteit ontnem kan word.

In die prakties-teologiese refleksie vanuit 'n pastorale hoek blyk dit dat mense se verlies aan 'n gevoel van menswaardigheid lei tot swak werks- en negatiewe morele keuses as enigste uitweg tot oorlewing en dit veroorsaak 'n problematiek wat verreken behoort te word. Bloot pastoraal geoordeel en vanuit die beskouingshoek dat 'n omgee vir die omgewing aanwesig behoort te wees, kan daar nie aan die werklikheid hiervan ontkom word nie.

Plaaslike kerke kan egter aan die gemarginaliseerdes 'n geborgenheid bied waar die stemlose 'n stem besit (menswaardigheid) en waar gelowiges mekaar op pastorale wyse kan bedien en verryk. Juis daarom word 'n gesindheid van omgee benodig.

In **hoofstuk 2** is aangetoon dat samewerking tussen verskeie rolspelers in die samelewing, waaronder plaaslike gemeentes, noodsaaklik is vir die vestiging van menswaardigheid langs die weg van gemeenskaplike goedheid ("common good"). Die

vraag is gevolglik: Wat is voordelig of goed vir die meeste lede van die Suid-Afrikaanse gemeenskap?

Hierdie vraag maak plaaslike kerke los van die na-binnegerigtheid waarvolgens die plaaslike gemeente as 'n blote adres in die omgewing beskou word eerder as 'n gemeenskap van gelowiges. Met 'n gesindheid van omgee vir die samelewing kan die kontoere van wat in die omgewing en in die Suid-Afrikaanse samelewing realiseer nie geïgnoreer word nie. Vanuit die beginsel van “togetherness” kan daar nie bloot net kennis van die kwesbaarheid van persone in die samelewing geneem word nie.

In die bespreking van die begrip “menswaardigheid” as fondament vir 'n regverdige samelewing, is die uitdaging aan die een kant die afwesigheid van menswaardige optredes teenoor sommige mense of groepe in Suid-Afrika, en aan die ander kant die vervulling van mense se natuurlike behoeftes en strewes. Die geloofsgemeenskap, binne die gestalte van plaaslike kerke, benodig daarom toerusting deur leierskap vir die vestiging van menswaardige optredes en begeleiding in die realisering van elke mens se skeppingsdoel wat dae van goedheid insluit.

Prakties-teologiese navorsing wil daarom diensbaar wees om dié soort handeling in die kerk en die samelewing te ondersoek en perspektiewe te bied met die oog op 'n praksis waar 'n gerigtheid van omgee en die uitkringende aard van geregtigheid (goedheid) ontbreek. Hierdie kommunikatiewe handeling is daarop gerig om die dieperliggende spanningsvelde verbonde aan die heelwoord (genesing) van die samelewing van pynlike herinnerings of onaangename ervarings, en die implikasie daarvan vir die besef van menswaardigheid, van naderby te ondersoek.

Sodoende kom die uitleef van diepgewortelde gesindhede onder die loep. Oplossings vir die uitdagings in die samelewingsdynamiek behoort ook dae van geregtigheid (goedheid) te inkorporeer wat gefundeer word op die gedagte dat alle mense na God se gelykenis geskape is.

Uit die empiriese navorsing is die behoefte aan die kerk se rol aangetoon en 92% respondente het aangedui dat die kerk betrokke moet wees by die uitdaging om menswaardigheid te bevorder. Beeldspraak is gebruik waar kerke as “kragstasies” en gelowiges as “kragrade” voorgestel word wat benodig word in die skep van 'n etos van

menswaardigheid tot voordeel van die hele gemeenskap. Soos kragstasies energie opwek om lig en krag aan 'n stad te gee, so moet die kerk deur goeie dade en diensbaarheid menswaardigheid skep. Geen lewensterrein of plaaslike gemeenskap kan uitgesluit word van die morele wet dat **alle mense menswaardig behandel moet word** nie.

In **hoofstuk 3** is op hierdie gedagte voortborduur. Daar is aangetoon dat die Suid-Afrikaanse samelewing die uitdaging beleef om oor die aspek van menswaardigheid te besin, veral in die lig van die *Imago Dei*-besef. Menswaardige optrede is gekoppel aan betekenisvolle kommunikatiewe handeling in die samelewing en het relevansie vir uitdagende aspekte soos onder andere sosiale klas, rassisme, xenofobie en seksisme.

Die besef van die noodsaak vir menswaardigheid bring 'n verbintenis tot 'n roeping mee ten opsigte van wedersydse aanvaarding en diepgewortelde hoop te midde van 'n problematiese praxis. Dit is daarom belangrik dat die geloofsgemeenskap menswaardigheid as kernaspek sal beskou. Dit is iets wat God gegee het en is nie onderhewig aan mense se voor- of afkeur nie.

Die verantwoordelikheid vir die begeleiding tot 'n etos van die vestiging van menswaardigheid is daarom 'n deel van kerkleiers se verantwoordelikheid. As voorbeeld van die betoning van liefde aan mense binne 'n gemeenskap van gelowiges het kerkleiers die verantwoordelikheid om lidmate te help besef wat die roeping ten opsigte van die vestiging van menswaardigheid behels. Menswaardige optredes sluit in dat alle mense met respek behandel word, ongeag hul ras, stand, geslag of ouderdom.

Hierdie gesindheid om alle mense te respekteer, veroorsaak dat mense se gawes en deelname tot oplossings erken word. Die nodigheid vir alle mense se inkoop as waardige deelnemers dien in samesprekings en dialoog as 'n voorloper tot moontlike oplossings in die vestiging van goedheidsoptredes as antwoord op die probleme in die gemeenskap.

In **hoofstuk 4** is perspektiewe rakende die interafhanklikheid van die begrippe “menswaardigheid” en “betrokkenheid in die samelewing” benadruk. Hieruit het geblyk dat:

- Elke mens die reg het op menswaardige behandeling. Dit sluit ook menswaardige optredes teenoor vroue en kinders in. Vanuit 'n pastorale hoek beskou, behoort dié aspekte op daadwerklike wyse aangespreek te word.
- In die hoofstuk is die kwesbaarheid van kinders in die samelewing aangeraak. Die kwesbaarheid hou onder andere verband met huidige statistieke en die afwesige vadersrol. Veral kinders word vanuit die afwesige vadersrol benadeel en van hul menswaardigheid beroof. Die vestiging van menswaardige optredes kan hierdie negatiewe en afbrekende siklus verbreek en moontlik as katalisator dien vir die innerlike genesing van baie gesinne. 'n Vredevolle en voorspoedige toekoms loop hand aan hand met die vestiging van hoop.
- Die miskenning van enige mens se menswaardigheid, ook dié van vroue, word daarom as 'n daad van ongehoorsaamheid aan God gereken. Onmenswaardige optredes wat in die samelewing deur stilswye gekondoneer word, misreken God se doel, naamlik om daaraan deel te neem dat hierdie gebroke wêreld kennis daarvan neem om nuut te word. Die erkenning van alle mense se menswees behels dat alle mense die reg het om in hul kwesbaarheid gehoor en erken te word.
- Menswaardigheid word natuurlik nie gebou op mense se vermoë tot goedheid (optredes) nie, maar wel op die indikatief dat God die mens as kroon van sy skepping geskape en spesifieke verantwoordelikhede toegesê het. Gevolglik kan geen mens se lewensomstandighede met 'n ander mens s'n vergelyk word nie (Vorster, 2007:33). Dit is egter wel waar dat die honorering van menswaardigheid vir komende geslagte en vir 'n samelewing 'n kragtige bron van hoop bied.
- Plaaslike gemeentes het 'n verantwoordelikheid om met die gesindheid van respek vir alle mense 'n voorbeeld te stel van hoedanig 'n gemeenskap van gelowiges funksioneer.

5.4.2 Strategies-pastorale perspektiewe op leierskap wat lei tot 'n gesindheidsverandering ten opsigte van menswaardigheid en die uitkringende aard van geregtigheid

Die volgende perspektiewe word op hierdie aspek gebied, naamlik:

- Vir 'n plaaslike gemeente om te begryp wat die krag van die uitkringende aard van geregtigheid (goedheid) in die samelewing behels, behoort toerusting nie alleen langs die weg van prediking te geskied nie, maar ook op 'n parakletiese wyse deur

middel van herderlike toerusting. Die begrip “agogiese moment”, soos hierbo bespreek (vgl. paragraaf 5.2), plaas die onus op die kerkleier om die geloofsgemeenskap te begelei.

Hierdie begeleiding benodig ’n dieper verstaan en insig in wat die transformasie van bedieningsmodelle behels. Hierdie transformasie bring ’n fokus voort waarin die belangrikheid van aspekte soos versoening en geregtigheid van kardinale belang is. Om funksioneel te wees ten opsigte van die uitkringende aard van goedheid behels om die uitkringende aard van kerkwees in die wêreld te begryp, naamlik om ’n gemeenskap van gelowiges te wees en dit aan die omgewing deur konkrete dade te toon. Die geloofsgemeenskap vorm immers deel van ’n netwerk van verhoudings in die groter gemeenskap.

Die belange van die omgewing behoort ’n belangrike aspek te wees van bedieningsmodelle. Daarom behoort ’n pastorale gesindheid van omgee vir die omgewing en ’n pastorale daadkragtigheid van saam soek en saam dink oor die implikasie van goedheid deel te wees van ’n bedieningsplan wat transformerend funksioneer.

- Kerkleiers benodig egter doelgerigte beplanning in die begeleiding van die geloofsgemeenskap tot die uitleef van menswaardige optredes teenoor alle lede van die samelewing. Die gedagte is duidelik, naamlik dat besef van God se goedheid konkreet behoort grond te vat binne die omgewing waarin gelowiges hulself bevind.

’n Pastorale erns met wat goedheid prakties sou behels binne elke plaaslike kerk se omgewing kan moontlik deur doelgerigte beplanning nog verder uitgebou word. Sodoende word die verkeerde gedagte van die eensydige na-binnegerigheid van ’n plaaslike kerk omgedraai na ’n beplande uit-beweeg na die omgewing.

Hierdie beplanning sluit ’n jaarprogram in wat vanuit die prediking strategieë met gefokusde temas daarstel tot versoening en rekonsiliasie van mense. Projekte, opleiding asook *koinonia*-groepe is geleenthede om “vreemdelinge” te ontmoet. By hierdie geleenthede kan gelowiges vanuit verhoudings leer om mekaar se stories te hoor en mekaar met respek en liefde te behandel. Deur narratiewe met mekaar te deel binne die raamwerk van ’n gesindheid van omgee, word die beginsel van genesing gestimuleer deurdat wedersydse begrip intree. Indien alle

mense met liefde en respek behandel word, sal geregtigheid in menslike verhoudings kan realiseer.

- Hierdie bedieningsprogramme moet lidmate doelgerig blootstel aan opleiding (toerusting) om toenemend bewus te word van mense wat “vreemd” is en “anders” optree as “ek met my eie oortuigings”. In die beplanning van die uitkringende aard van geregtigheid (goedheid) behoort plaaslike kerke rekening te hou met die gedagte van geïntegreerde familiebediening. Die waarde van gesinne en hul invloedssfeer kan nie misgekyk word nie aangesien elke gesin ’n organiese plek binne die samelewing inneem waar die uitkringende aard van geregtigheid (goedheid) moontlik op sy sterkste tot uiting kan kom.
- Die belangrike klem op gesonde gesinne waar elke kind die geleentheid kry om reeds van vroeg af blootgestel te word aan die beginsels van praktiese wysheid (fronesis) behoort veral die kerkleier se aandag te verg. Die gesin is die plek waar hierdie begeleidingsproses die vrugbaarste gevolge kan kweek. Persepsies en vooroordele kan in ’n konstruktiewe toerustingsprogram aangespreek word, asook die bewustheid dat ander gesinne se welwees as belangrik geag behoort te word, juis daar waar gewoon en gewerk word.
- Die pastorale versorgingsproses binne plaaslike gemeentes benodig gevolglik ook doelbewuste beplanning ten opsigte van gesinne wat welbewus na ander gesinne uitreik. Gemeentes behoort doelgerig toegerus te word om as ’n gesin binne die samelewing na die omgewing uit te reik.
- Gesinsprogramme kan fokus op gemeenskapsuitreike waar elke lid van die gesin spesifieke verantwoordelikhede op hulself neem. Hierdie uitreike benodig ’n spesifieke fokus op die krag van verhoudings binne die wyer netwerk van verhoudings in die plaaslike gemeenskap. In die uitreik na die omgewing gaan dit om meer as bloot iets te wil gee, maar eerder om deur middel van verhoudingsbou self verryk te word in terme van insig in die omvang van roeping ten opsigte van die samelewing.

’n Koinoniale-liturgiese bewussyn, naamlik om liturgies-sensitief tussen mense te woon sonder etikette van “ons teenoor hulle”, behoort op pastorale wyse aangemoedig te word. Die horisonne in bedieningsprogramme behoort verruim te word deur te besin oor hoedanig elkeen se dienswerk (*diakonia*) konkreet kan grondvat in die daaglikse lewe.

Die uitkringende aard van geregtigheid (goedheid) begin organies juis by die besef dat die werklikheid van die uitkringende aard van geregtigheid (goedheid) op die mikro-vlak begin; daar waar gelowiges die belangrikheid van hul woongebied en werksterrein verstaan en die verbintenis ten opsigte van hul roeping deur middel van dienswerk 'n kragtige boodskap verkondig. 'n Pastorale erns met die uitkringende aard van geregtigheid (goedheid) kan daarom nie anders as om rekening te hou met die ander gestaltes soos 'n liturgiese bewussyn, *koinonia* en *diakonia* nie.

- Die kerkleier self behoort toegerus te word oor kreatiewe maniere waarop geloofsgemeenskappe begelei kan word. Dit hou in dat kerkleiers mekaar binne plaaslike omstandighede moet toerus oor die kontoere van die uitdagings binne die plaaslike omgewing.

Geleenthede om oor die grense van denominasies en oortuigings heen doelgerig saam te beplan aan die welwees van die omgewing is van kardinale belang. Gebeurtenisse soos aanbiedings waar sprekers, sangers en kore van ander kulture geleentheid kry om op te tree, kan positief benut word om lidmate van plaaslike gemeentes bloot te stel aan ander narratiewe.

Blootstelling aan “vreemdes” kan lei tot die afbreek van mure tussen mense. Die geloofsgemeenskap kan sodoende brûe na “vreemdelinge” bou. Sulke geleenthede bou nie net brûe tussen klasse en rasse nie, maar vestig broeder- en susterskap in die “saamwees” binne 'n groter *communitas* (gemeenskap).

- Die kerkleier benodig die beginsels van solidariteit in die begeleiding van die geloofsgemeenskap, naamlik “ons is saam in hierdie stryd”. Die geloofsgemeenskap as liggaam het 'n verantwoordelikheid teenoor mekaar om vanuit verhoudings mekaar by te staan. Die strewe is om mense se welstand te bevorder, veral waar mense nie hulself kan help nie. Sodoende word die liggaam gesond en in hul interafhanklikheid neem hulle verantwoordelikheid vir mekaar tot voordeel van almal wat die planeet bewoon.

Die beginsel van 1 Korintiërs 12 dat die sterkes die swakkes bystaan, word herbevestig. Vanuit die beginsels van solidariteit en subsidiariteit word armes versorg en as deel van die liggaam bemagtig tot die vervulling van hul spesifieke taak in die samelewing. Indien dit geskied, word die rimpel-effek van geregtigheid

(goedheid) 'n werklikheid en word solidariteitsnetwerke gebou waarvan armes sowel as kinders deelmaak.

Dit is egter belangrik dat hierdie liggaamsmetafoor verder strek as die plaaslike kerk. Doelgerigte uitreikaksies na alle mense word benodig. Hierdie behoefte kan binne 'n pastorale benaderingswyse aangespreek word met behulp van etiese beginsels as katalisators.

5.5 STRATEGIESE PERSPEKTIEWE OP DIE BEHOEFTE AAN GEMEENTELIKE LEIERSKAP WAT LEIDING GEE IN GEMEENSKAPPE IN DIE UIKRINGENDE AARD VAN GERECHTIGHEID

(1.2), (2.4), (2.7.2), (3.1), (3.6), (3.6.2), (4.8), (4.9)

Leierskap behels 'n gesamentlike proses tussen die kerkleier, die geloofsgemeenskap en die gemeenskap wat sodoende netwerke vir kommunikasie en optredes skep. Kerkleiers het daarom nodig om die begeleiding tot die verstaan van die noodsaak vir die uitkringende effek van gerechtigheid (goedheid) te belig sowel as om daaroor te reflekteer. Die begrip "agogie" dui die nodige verandering aan wat in die geestelike funksionering van die mens behoort in te tree as gevolg van pastorale bemoeienis.

5.5.1 Hermeneutiese wisselwerking op die behoefte aan gemeentelike leierskap wat leiding gee in gemeenskappe

Indien die voorafgaande fases van die ondersoek in hermeneutiese wisselwerking met mekaar geplaas word, kom die volgende aspekte na vore, naamlik:

Hoofstuk 2 het vanuit empiriese navorsingsdata aangetoon dat leierskapstyle radikaal moet verander. Hedendaagse leierskap benodig spanpogings om al die eise, vermoëns en behoeftes van mense en situasies te integreer. In 'n gesamentlike spanpoging deur die geloofsgemeenskap word die samelewing bedien.

Die primêre funksie van die kerkleier is dus om die groei en energie van mense en hulpbronne in die groep vry te stel. Vanuit hierdie navorsing lê die uitdaging dus in die leier se vermoë om die geloofsgemeenskap te begelei tot gerechtigheidsdade in die

gemeenskap. Die beginsel dat effektiewe leierskap in 'n "ons krag"-benadering moet funksioneer, word benadruk.

Spanningsvelde in die Suid-Afrikaanse samelewing is belig waar byvoorbeeld die Westerse leierskapsbenadering (individualisme) en die Afrika-benadering (*ubuntu*) in kontras met mekaar toegepas word. Die Afrika-benadering, naamlik *ubuntu*, word deur sommige beskou as die skep van 'n "ons krag" versus die "ek" van individualisme. *Ubuntu* se algemene waardes, naamlik vrede, harmonie, vrygewigheid, solidariteit en menslikheid, is in drie fases voorgehou om dit prakties tasbaar te maak: individueel, met en vir ander (interpersoonlik), en vanuit instellings (die samelewing). Met inagneming van hierdie kontraste, het kerkleiers fronesis nodig in die begeleiding en bemagtiging van die geloofsgemeenskap tot daad van goedheid in die plaaslike gemeenskap.

Hoofstuk 3 benadruk kerkleiers se verantwoordelikheid om die boodskap van geregtigheid te modelleer en die geloofsgemeenskap te bemagtig. Indien dit gebeur, sal lewenswyse van omgee gebou word omdat God die toepassing van geregtigheid ook in die hande van leiers plaas. Hiermee word bedoel dat die verantwoordelikheid vir die toepassing van geregtigheid in die hande geplaas word van die mense wat leiersposisies beklee. Dit sluit elke persoon in wat mag oor mense het.

Leierskap gebou op die beginsels van geregtigheid vereis daarom moed en dapperheid. Die beginsels van geregtigheid moet dien as beskerming, sekuriteit en tot die ontwikkeling van mense se identiteit. God roep leiers en gebruik hulle om voor te loop in die vervulling van sy opdragte en die uitvoering van sy roeping. Leiers is daarom aan God verantwoordbaar. Gehoorsaamheid aan sy opdrag los 'n nalatenskap wat volgende geslagte sal beïnvloed. Die geskiedenis toon leiers se vermoë of onvermoë tot die skep van 'n rimpel-effek van geregtigheid of ongeregtigheid.

Hoofstuk 4 brei verder op die leierskapsfunksie uit en fokus op die sistematiese rol en daarstelling van die regte waardes. Hierdie geregtigheidswaardes verbeter verhoudings asook die menslike gesig van leierskap. Twee prominente waardes word benodig vir suksesvolle leierskap, naamlik nederigheid en diensbaarheid. Huidige leierskapstyle wat primêr op hierdie beginsels gebou is en nie alleen op die leier se gawes (charisma) nie, is daarom meer doeltreffend in die skep van geregtigheidsop tredes (Nell, 2017:136).

5.5.2 Strategies-pastorale perspektiewe op die behoefte aan gemeentelike leierskap wat leiding gee in gemeenskappe

(Tabel 2-10: B-V4)

In die vasen van strategies- pastorale perspektiewe vanuit empiriese navorsing word kwalitatiewe antwoorde op die volgende vraag weergegee, naamlik: Wat moet die rol van 'n kerkleier wees sodat jy aangemoedig sal word om by daad van geregtigheid in die gemeenskap betrokke te raak?

Antwoorde, gefokus op drie afdelings, word bespreek, naamlik:

- infrastruktuur;
- 'n leier van hoop en versoening; en
- 'n leier wat aktief in die gemeenskap betrokke is met daad van geregtigheid (goedheid) teen ongeregtigheid.

De Klerk (2015:1) beskou die einddoel van die herstel van alle verhoudings vanuit pastorale sorg as skuldbelydenis en versoening. Dit beteken versoening met God, met mekaar en met die self. Die ideaal is daarom dat versoening vanuit pastorale sorg sal lei tot genesing asook vernuwing van die verhoudings met God, die naaste en die self van alle gemeenskapslede (De Klerk, 2015:9).

5.5.2.1 Strategies-pastorale perspektiewe op die behoefte aan gemeentelike leierskap wat leiding gee in gemeenskappe vanuit die infrastruktuur

(1.4.4), (Tabel 2-10: B-V4)

Die kerk is vir gemeenskapslede meer as net die fisiese straatadres van die kerkgebou in die omgewing. Die gemeenskap het 'n persepsie van die plaaslike kerk en die leierskap daarvan. Kerkleiers word deur die gemeenskap beskou as die verteenwoordigers van die kerk, wat ook die infrastruktuur van die kerk insluit. Dié beskouings en verwagtings van die gemeenskap plaas die verantwoordelikheid op die kerkleier om hieroor ingelig te wees asook om begrip vir hierdie denke te hê. Die beskouing dat die kerkgebou as 'n "heilige ruimte" vir lede van die gemeenskap dien, kan daarom nie net afgemaak word nie.

Die kerk as gemeenskap van gelowiges moet besef dat gelowiges wel deel van die samelewing is en nie wesensvreemd daarteenoor geposisioneer kan wees nie. In die handelings van omgee het die kerk (geloofsgemeenskap) 'n verantwoordelikheid ten opsigte van 'n aktiewe aanwesigheid in die gemeenskap (Vorster, 2017:24).

Hierdie gedagte is bevestig met die menings van respondente vanuit die kwalitatiewe vrae, naamlik dat die kerkgebou gebruik sal word tot voordeel van gemeenskapsontwikkeling. In die geval waar gemeenskapslede 'n onversadigbare honger na God het, kan programme in kerkgeboue aangewend word om mense geleentheid te gee om nabyheid aan God te ervaar.

Soos bespreek in paragraaf 4.5.1, benodig mense dus interaksie in 'n stabiele, veilige, wedersydse omgee-verhouding. Hierdie kernbelangrike behoefte van die mensdom kan ongetwyfeld deur die geloofsgemeenskap vervul word met die benutting van die kerkgebou. Programme en aanbiedings in die kerkgebou wat fokus op "omgee" word daarom benodig. Die regte aanwending van die kerkgebou kan 'n stabiele, veilige atmosfeer skep waarin vreemdelinge tuis voel as die ruimte waarin omgee-verhoudings weekliks gebou word.

Kerkleiers sal daarom moet besef dat die eerste stap na die vervulling van mense se geluk versorging behels wat voldoen aan die eise van elke dag (vgl. paragraaf 5.2). Hierdie doelbewuste gebruikmaking van die gebou in ware omgee kan die mensdom se behoefte "om te behoort" vervul. Die mensdom se psigologiese behoefte, naamlik om te behoort, wat gelykstaande aan die mens se behoefte aan voedsel is, kan gevolglik vanuit omgee vir die gemeenskap vanuit die gebou gekommunikeer word (vgl. paragraaf 5.7.1).

Die gebou as plek van samekoms van die gelowiges gee ook vir gemeenskapslede die geleentheid om deel te word van 'n liggaam van gelowiges. Die gebou kan dien as 'n sigbare en tasbare boodskap van God se voorsiening aan die mensdom, soos vanuit die voorbeeld in die Amerikaanse geskiedenis waar gemeenskapslede na die kerk gestroom het as 'n plek van verligting ná die terreuraanval van 911 (Runkle, 2006:324). Hierdie voorbeeld dien heel waarskynlik nie as die norm in alle gevalle nie, maar dit blyk tog daaruit dat sommiges wel hoop put uit die kerk se infrastruktuur wat sprekend is van omgee.

Aan die ander kant dien die gebou ook as kommunikasiebaken langs die weg van liturgiese handeling en vertel dit meer aangaande die gemeente se besondere waardes en persoonlike betekenis (vir lidmate, besoekers en verbygangers). Hierdie kommunikasie sluit die boodskap in dat God met ons is. Die teenwoordigheid van God as sentrale liturgiese beginsel word hierdeur gekommunikeer en die kerkgebou kan deure open om die besef te verinnig (Brenneman & Miller, 2016:83–85). Dit is juis hier waar mense begelei kan word met berading, toerusting en uitreiking om die boodskap dat Hy intens betrokke by die mensdom wil wees, weer te gee.

5.5.2.2 *Strategies-pastorale perspektiewe op die behoefte aan gemeentelike leierskap wat leiding gee in gemeenskappe as katalisator van hoop en as voorbeeld van versoening*

(1.1.1), (1.2.1), (2.1), (2.2), (2.3), (Tabel 2-16: C2 -V1-7), (Tabel 2-13: B. V1-6), (Figuur 2-9), (Tabel 2-10: B-V4), (Figuur 2-14), (2.4), (2.6), (2.7.2), (3.4), (3.11), (4.1), (4.4), (4.5.1), (4.7), (4.8), (4.10)

Hoofstuk 2 belig die volgende strategies-pastorale perspektiewe, naamlik:

Respondente (vanuit die empiriese deel van dié navorsing) toon aan dat die gemeenskap passievolle kerkleiers benodig, veral in die rol van adviseur wat hulle kan bedien van die nodige inligting om werkbare oplossings tot kohesie in plaaslike gemeenskappe te vind. Kerkleiers moet lei met behulp van visie, verbintenis, ondersteuning en leiding.

Kerkleiers het 'n groot verantwoordelikheid in die gee van leiding en raad ten opsigte van komplekse situasies in die Suid-Afrikaanse samelewing deur van die kundigheid binne plaaslike gemeentes gebruik te maak. Hierdie ontsluiting van meerdere insigte kan lei tot gespreksvoeringsgeleenthede en is daarom nodig vir die geloofsgemeenskap sowel as die gemeenskap. Hierdie navorsing se empiriese kwalitatiewe data belig die behoefte aan “saamdoen” asook respondente se behoefte vir geestelike leiding deur 'n vertrouenswaardige leier.

Gemeenskapslede benodig egter bemagtiging/toerusting deur die kerkleier vanuit 'n aktiewe betrokkenheid by spesifieke forums of projekte gefokus op kohesie (versoening). Die leier moet mense help om self te ontwikkel tot aktivering en bemagtiging van lede se eie gawes in die bediening vanuit verskeie platforms in die gemeenskap. Daar is 'n

behoefte vir kerkleiers wat praktiese diensknegleierskap en Christelike waardes modelleer. Dit sluit kerkleiers in wat wyer fokus as net hul eie kerke. Kerkleiers met vernuwende denke wat nie deur verandering of selfs die rol wat ander kerke in die plaaslike gemeenskap vertolk bedreig word nie, is nodig.

Empiriese navorsing benadruk die nodigheid vir hierdie modellering in 'n pluralistiese samelewing soos Suid-Afrika. Kerkleiers wat sal dien as voorbeelde van versoening vir alle mense (soos blyk uit antwoorde van 91,2% respondente) is nodig. In aansluiting hiermee toon 91,1% respondente aan dat kerkleiers se betrokkenheid benodig word vanuit strategieë vir konstruktiewe dialoogprosesse in plaaslike gemeenskappe (munisipaliteite, polisieforums, ens.).

Hierdie dialooggeleenthede sal gesamentlike oplossings na vore bring. Oplossings word benodig wat die gemarginaliseerdes sowel as die benadeeldes se posisies kan herstel. Die rimpel-effek van geregtigheid met daad van goedheid word gevolglik benodig. Konstruktiewe prosesse word benodig waar die kerkleier se begeleiding lede van die geloofsgemeenskappe ondersteun in alledaagse uitdagings van herstellende geregtigheid tot versoening en in die skep van hoop. Hierdie prosesse behels dat die oortreder en die benadeelde sowel as die gemeenskap deur interaktiewe verhoudings oplossings vir huidige ongeregtighede verkry en die visie op versoening sal vooropstel.

Die benodigde pastorale rol sal tot gevolg hê dat 'n begeleiding van gemeenskapslede plaasvind wat begrip en samewerking vir konstruktiewe oplossings moontlik maak. Die dinamika van lesse (narratief) uit die geskiedenis word op reflekerende wyses aangewend tot die herstel, genesing en versoening van gemeenskapslede. Oplossings sal sodoende ervaar word as herstellende geregtigheid en het die potensiaal om die siklus van ryk en arm, benadeelde en oortreder, te verbreek. Die kerkleier se invloed en ontginning van spanwerk sal tot gevolg hê dat die kerk as 'n uitstalvenster dien van hoe mense saam kan bestaan en leef.

Durand (2017:132) benadruk 'n verdere gemeenskapsuitdaging en die nodigheid van die pastorale rol veral ten opsigte van die begrip "versoening", wat rassistiese daad en xenofobie asook ander vorme van onverdraagsaamheid insluit wat nie tot voordeel van die gemeenskap strek nie. Die behoefte aan versoening en kohesie word daarom op die

voorggrond gestel. Dit is juis hier waar die kerkleier benodig word met leiding en fasilitering tot vreedsame kohesie.

Alledaagse optredes sluit 'n etiek van vergifnis en menswaardige optredes in. Die kerk, as God se dissipels, se rol in sosiale uitdagings sluit in om soos aktiewe stroombane verantwoordelikheid vir die burgerlike samelewing en gesamentlike onreg te neem. Die kerk in al haar bedieningsvorme is nodig. Kerke word gevolglik as agente van versoening in 'n nuwe Suid-Afrika benodig.

Die gemeenskap benodig voorbeelde van versoening en rekonsiliasie vir die vestiging van *shalom* in gemeenskappe. Dit is juis hier waar die kerkleier en die geloofsgemeenskap waarde kan toevoeg met behulp van strategieë wat fokus op broederskap, versoening en 'n "ons krag"-benadering. Die kerkleier het die potensiaal om met behulp van 'n infrastruktuur sowel as die netwerk van invloed, geleenthede te beplan soos publieke forums, besprekings en spesiale dae wat fokus op versoening en die weg tot dialoog en potensiele vriendskappe daarstel. Diakonale gemeenskapsontwikkeling behels egter 'n lang proses vanuit vennootskappe en gesamentlike optredes (Pieterse, 2001:122).

Suid-Afrikaanse uitdagings gaan nie deur net prediking alleen opgelos word nie. Missionale betrokkenheid wat spesifiek fokus op byvoorbeeld die armes het die potensiaal om in die praktyk hoop sowel as versoening te laat realiseer. Projekte soos naaldwerkklassse, bakklasse, kookklasse, lees- en skryfklasse, rekenaarkursusse, huisbouprojekte, groentetuine, hoenderboerderye, ens. kan deur gesamentlike pogings aangebied word tot oplossings vir huidige uitdagings in plaaslike gemeenskappe (Pieterse, 2001:127).

Gesinne in die kerk benodig uitreikgeleenthede na mekaar sowel as na gemeenskapslede vir ondersteuning en groei. Hierdie dade kan werksgeleenthede, broodjies op Sondag, 'n klerebank wat vanuit die kinderkerk opereer en skoolbenodigdhede wat deur die gemeente voorsien word, insluit. Die gemeente dien as fasiliteerder vir die voorsiening van spesifieke benodigdhede aan gesinne.

5.5.2.3 *Strategies-pastorale perspektiewe op die behoefte aan leiers met aktiewe gemeenskapsdeelname tot verkryging van oplossings in plaaslike gemeenskappe*

(2.4), (Tabel 2-13: B. V1-6), (Figuur 2-15), (Figuur 2-19), (2.7.1), (2.7.2)

Bogenoemde behoefte aan aktiewe deelname deur kerkleiers word bevestig met die empiriese navorsing waar aangetoon word dat die gemeenskap die behoefte het om leiers te volg wat hulle kan lei met aktiewe deelname tot die verkryging van oplossings in plaaslike gemeenskappe, naamlik:

- 94,4% respondente toon aan dat die leier visie asook begeleiding tot betrokkenheid in die gemeenskap kan gee;
- 93,1% respondente toon aan dat die leier spanwerk tot gemeenskapstransformasie kan bevorder;
- 92,7% respondente toon aan dat die leier betrokkenheid van die geloofsgemeenskap (kerk) kan inisieer en aanmoedig; en
- 81,9% respondente toon die behoefte aan dat die leier kennis moet verwerf aangaande strukture, beleid en wette in die gemeenskap.

In aansluiting daarmee word die volgende verwagtings oor dié benodigde rol gedeel, naamlik:

- Betrokkenheid van kerkleiers in die gemeenskap sal veroorsaak dat hulle kennis dra van wat op grondvlak aangaan. Hul toegang tot die gemeenskap sal hulle bekwaam maak in die nodige kennis vir aksies teen ongeregtigheid en die voorkoming van ongeregtigheid. Sodoende sal ingeligte leiers die gemeenskap sowel as die geloofsgemeenskap vertrou in hul leierskap gee.

Kerkleiers word benodig wat deur hul voorbeelde sal lei met dade van geregtigheid (goedheid). Hierdie dade van goedheid word veral benodig ten op sigte van die behoeftiges en gemarginaliseerdes. Leierskap wat fokus op die vestiging van geregtigheid deur dade van goedheid word nie deur die heersende kultuur of die status quo afgeskrik nie.

Voorbeelde van aktiewe betrokkenheid in die gemeenskap sluit in deelname as wyksraadslede, by veiligheidsgroepe, besigheidsforums, die onderwyssektor,

gesondheidsektor, by politieke partye (as leiers in plaaslike gemeenskappe) en as lede by ander sleutelprogramme in die gemeenskap. Die ideaal is dat die kerkleier lede van die geloofsgemeenskap sal bemagtig tot deelname aan groepe en beïnvloeding van die plaaslike gemeenskap.

- Kerkleiers het nodig om uitgebreide navorsing/kennis oor die gemeenskapsdinamika en die toepaslike rolspelers te verkry. Mense wil veiligheid (beskerming) ervaar voordat hulle inkoop op betrokkenheid. Hierdie betrokkenheid het die potensiaal om positiwiteit te skep asook om ander aan te moedig met positiewe verhale oor die rimpel-effek van geregtigheid. Hierdie positiewe impak kan ook lei tot ondersteuning van en samewerking deur ander kerkleiers. Sodoende kan behoeftige gemeenskappe geïdentifiseer word. Visie vir verdere inisiatiewe kan ontstaan en geloots word en gemeentes kan geïnspireer word tot goedheidsdade.
- Leiers met empatie poog om mense behulpsaam te wees en hulle te verstaan. Empatie veroorsaak dat leiers deursettingsvermoë aan die dag lê ten opsigte van die verandering van mense se omstandighede. Sodoende word al die hulpbronne tot hul beskikking aangewend in die verwesenliking daarvan. Betrokkenheid in die plaaslike gemeenskap hou leiers en die geloofsgemeenskap op hoogte van plaaslike nood.
- Die rol van die kerkleier word dus beskou as een van voorloper wees teen enige vorm van ongeregtigheid. Die verwagting is dat die leier op hoogte sal wees van die gemeenskap se uitdagings ten opsigte van ongeregtigheid en dat die bewusmakingsrol deur hom/haar vertolk sal word.
- Statistieke toon aan dat daar die verwagting is dat die kerkleier ongeregtigheid sal aanspreek. Uit die totale aantal respondente van hierdie studie is 92% van mening dat die geloofsgemeenskap begelei moet word in die regstelling van ongeregtighede soos rassisme en xenofobie vanuit 'n verenigde stem. Kerkleiers moet daarom die gemeente eerstens inlig, toerus en verder begelei om daadwerklike aksies teen rassisme en xenofobie te loots. Lidmate kan met hul alledaagse optredes na vreemdelinge uitreik, hetsy in die besigheidswêreld of vanuit vriendskappe. Dit is egter nodig dat die geloofsgemeenskap as voorbeeld van vreedsame kohesie dien.

- Die kerkleier moet alle mense aanvaar, ongeag ras, geslag of seksuele oriëntasie. Indien kerkleiers 'n blaamlose lewe van integriteit lei, sal dit vir hulle makliker wees om teen enige onregverdige situasie te veg. Huidige Suid-Afrikaanse uitdagings benodig daarom kerkleiers wat met aktiewe deelname mense sal begelei.
- Kerke moet egter vennootskappe met ander kerke en organisasies in die gemeenskap sluit vir lang termyn (volhoubare) gemeenskapsontwikkeling. Kerkleiers moet op hoogte wees van saamwerkgeleenthede tot die genesing van die samelewing. Geleenthede sluit in plaaslike polisieforums, skoleforums, welsynsorganisasies, spesiale dae soos Mandeladag (18 Julie), Vrouedag (9 Augustus) en dae soos gepubliseer in plaaslike koerante. Gemeenskaplike dae of aksies is ideale geleenthede vir samewerking en vennootskappe.

Effektiwiteit sal verhoog indien kerkleiers in die Suid-Afrikaanse samelewing 'n verenigde profetiese stem teen ongeregtheid laat opklink. Kerke van alle denominasies moet teen huidige ongeregthede opstaan, soos in die voorbeeld van korrupsie. Kerkleiers moet die stilte van hul profetiese stem oorkom deur gereelde verenigde getuienisse teen korrupte aksies en amptenare te lewer.

Christene moet persoonlik ingelig word oor die euwels van gierigheid en die misbruik van mag en toegerus word om daarteen te waak en dit te beveg. Die oorsake van korrupsie, wat insluit 'n gebrek aan morele waardes, ongeskoolde en swak opgeleide amptenare, en die effek daarvan op armoede moet openlik in die openbare sektor aangespreek word.

Kerke moet gesindhede en die negatiewe aspekte identifiseer as oorsake van ongeregtheid wat die samelewing van vrede en voorspoed beroof. Die saamstaan van Christenleiers moet uitkring na 'n sosiale beweging wat niegelowiges insluit en wat gesamentlik teen korrupte leiers en praktyke in opstand kom. 'n Verenigde profetiese stem vanuit die gemeenskap word benodig waar leiers gehoor moet word in 'n problematiese praxis van mense wat armer word en sukkel weens die gevolge van ongeregtighedsdade deur korrupte mense.

Kerke moet hul profetiese roeping uitleef deur prediking sowel as die toerusting en bemagtiging van gemeenskapslede. Gemeenskapslede moet verenig teen optredes waar

gierigheid, nepotisme en uitbuiting heers. Ongeregtighedsop tredes is moreel onaanvaarbaar en sosiaal vernietigend.

Empiriese navorsing toon aan dat daar 'n reuse verwagting onder die gemeenskap is vir leiding vanuit die geloofsgemeenskap teen ongeregtigheid. Uit hierdie studie se respondente het 91,2% aangetoon dat hulle dink godsdiens kan gemeenskappe rig. Godsdiens kan dus 'n groot rol speel om gemeenskappe te lei na gesindheidsveranderinge aangaande samelewingskwessies.

5.6 STRATEGIESE PERSPEKTIEWE OP DIE BEGELEIDINGSTAAK VAN LEIERS IN DIE PLAASLIKE KERK

(2.4), (2.7.2), (3.1), (3.11), (4.9), (4.10)

Die rol van die kerkleier stel daarom 'n uitdaging tot 'n inkoopbesluit teen dae van ongeregtigheid. Maxwell⁴⁴ se bekende woorde benadruk die kerkleier se verantwoordelikheid ten opsigte van die hele begeleidingstaak, naamlik: "Everything rises and falls on leadership".

5.6.1 Hermeneutiese wisselwerking op die begeleidingstaak van leiers in die plaaslike kerk

Die hermeneutiese perspektiewe op die begeleidingstaak van leiers in die plaaslike kerk het in hoofstuk 2 tot 4 gefigureer en word vervolgens bespreek, naamlik:

Hoofstuk 2 belig die plaaslike gemeente as 'n simbool van konstante vernuwing van verhoudings tot versoening. Alledaagse optredes sluit 'n etiek van vergifnis en menswaardige optredes in. Die kerk se rol in sosiale uitdagings sluit in om as God se dissipels soos aktiewe stroombane verantwoordelikheid vir die burgerlike samelewing en gesamentlike onreg te neem. Die kerk in al haar bedieningsvorme word egter benodig om hierdie rol te vervul. Kerke word gevolglik as agente van versoening in 'n nuwe Suid-Afrika benodig.

⁴⁴ https://www.brainyquote.com/quotes/john_c_maxwell_600859

God wil mense in pastorale rolvervulling ontmoet, daarom moet leierskapstyle radikaal verander. Leierskapstylverandering sluit in dat die betrokkenheid van alle gelowiges in verhoudings en netwerke binne die geloofsgemeenskap 'n al hoe groter prioriteit word. Hierdie proses om werkbare oplossings te bewerkstellig, maak dit nodig dat leiers aanpasbaar sal wees. Die primêre funksie van die visiedraer in die plaaslike gemeente is dus om die groei en energie van mense en hulpbronne vry te stel sodat die span gesamentlik die gemeenskaplike doelwit kan uitleef.

Vanuit hierdie navorsing lê die uitdaging dus in die leier se vermoë om 'n "ons"-effek te skep in die geloofsgemeenskap en hulle te begelei tot die rimpel-effek van geregtighedsdade. Die krag van die hele groep – al is daar diverse, teenstrydige idees – kan deur integrasie nuwe waardes, oplossings en krag vir groei skep en bevorder.

Hoofstuk 3 belig die noodnagheid vir diensknegleierskap. Diensknegleierskap het die potensiaal om lidmate te bemagtig, ondersteun en toe te rus vir gemeenskapswerk. Diensknegleierskap sal tot gevolg hê dat die geloofsgemeenskap bemagtig word vir die opneem van meer verantwoordelikhede. Hierdie gesamentlike spanpoging sal 'n rimpel-effek van goedheid (geregtigheid) tot gevolg hê.

Hoofstuk 4 fokus op die verantwoordelikheid wat op leiers rus om die regte waardes daar te stel tot verbetering van verhoudings. 'n Leier wat 'n waardegebaseerde leierskapstyl handhaaf en die vermoë het om die reeds bestaande waardestelsels binne die span te ontgin en te waardeer, het die potensiaal om die span ten volle te laat ontwikkel.

5.6.2 Strategies-pastorale perspektiewe op die begeleidingstaak van leiers in die plaaslike kerk

Leierskapsmodelle is uiters belangrik en in die beskrywing van leierskap tot 'n beter begrip vir plaaslike gemeenskappe word die Afrika-model, wat *ubuntu* insluit, met Westerse modelle genaamd gedeelde leierskap, diensleierskap en deelnemende leierskap vergelyk. In die vestiging van die rimpel-effek van goedheid (geregtigheid) benodig die huidige *ubuntu*-leierskapsmodel egter 'n paradigmaskuif vir die vestiging van 'n kultuur van interafhanklikheid en onderlinge verhoudings tussen werkers.

Die volgende strategiese perspektiewe word gebied op die begeleidingstaak van leiers in die plaaslike kerk, naamlik:

- Die kerkleier benodig diensknegleierskap om effektief in die plaaslike kerk te wees en daarom gee Msila (2015:15) 'n strategiese voorbeeld van diensknegleierskap vanuit die beginsels van vyf P's, naamlik: "People centeredness" (mensgefokus), "Permeable walls" (deurlaatbare mure), "Partisanship" (partydigheid), "Progeny" (afkoms) en "Production" (produksie).

Hierdie vyf stappe van diensknegleierskap hou die volgende beginsels aan die kerkleier voor, naamlik:

- Die geloofsgemeenskap benodig ware belangstelling en omgee. Die leier moet daarom mensgefokus wees.
 - Die nodigheid bestaan vir oop kommunikasiekanale. Groepskommunikasie is 'n prioriteit. Die kerkleier moet daarom "deurlaatbare mure" skep.
 - 'n Kerkleier beveg partydigheid vanuit oop kommunikasie en dit het tot gevolg dat hegte bande gesmee en 'n gevoel van samehorigheid en gehegtheid ervaar word.
 - Die leier lei vanuit die beginsels van gesamentlike besluitneming en spanwerk. Die gesamentlike proses lei 'n nuwe geslag leiers op.
 - Gesamentlike leierskap veroorsaak 'n produktiewe span se inkoop op samewerking tot voorspoed van die kerk. Lojaliteit, respek en goeie leierskap word gesamentlik geniet (Msila, 2015:15).
- Leierskap in die plaaslike samelewing benodig 'n fokus op konflikoplossing onder die jonger mense. Statistiek toon dat die afwesige vadersrol 'n al groterwordende probleem in die pad van groei na gesonde gemeenskappe is. Statistieke vanuit kliniese navorsing belig vele vaders se gebrekkige betrokkenheid by hul kinders. In aansluiting hierby is bewys dat slegs twee uit vyf kinders die voorreg het om met 'n vader in die huis groot te word.

Nie net word die invloed van die afwesige vadersrol by kinders bespeur nie, maar ook by swanger moeders. Statistieke rakende enkelma's dui 'n groterwordende probleem in Suid-Afrika aan. Van die 989 318 babas wat verlede jaar in Suid-Afrika gebore is, het 61,7% geen inligting oor hul pa op hul geboortesertifikaat nie.⁴⁵

⁴⁵<https://www.fin24.com/Finweek/Opinion/why-are-there-so-many-single-mothers-20180926>

Hierdie probleem roep na die kerkleier as fasiliteerder vir oplossings tot die leemte van die vadersrol. Kollektiewe gemeenskaplikheid word dus as 'n antwoord op hierdie leemte voorgehou, juis omdat die geloofsgemeenskap die potensiaal het om vanuit gesinne betrokkenheid te motiveer. Kerkleiers kan fasiliteer dat vaders lewens van integriteit aan jong mans modelleer. Hierdie gesinne kan ook met voorbidding en pastorale sorg omvou word. Liefdevolle verhoudings bou gevolglik motivering en samewerking.

- Begeleiding in die plaaslike kerk behels dat beginsels van regverdigheid en geregtigheid reeds van vroeg af uitgeleefde waardes in gesinne word. Kinders benodig hierdie waardes van vroeg af in die beginsels van respek vir alle mense, ongeag hul posisie, prestasie en ras. Pastoraal kan hierdie waardes oorgedra word met prediking, Bybelklasse en programme vir kinders waar liefdesoptredes teenoor “swakker” of “armer” studente plaasvind.

Die kerk het die potensiaal om alle lede van die geloofsgemeenskap te bemagtig om vanuit *koinonia* mekaar te waardeer. Dit is hier waar kleingroepe 'n groot rol speel. Weeklikse byeenkomste skep geleenthede vir verskillende lede van die liggaam met verskillende funksies om mekaar te leer ken en te waardeer en vir die omgee vir mekaar as die liggaam. Die vestiging van hierdie eenheid (solidariteit) kan gemeenskaplike goedheid in 'n gees van versoening as prioriteit vestig.

5.7 STRATEGIESE PERSPEKTIEWE OP DIE NOODSAK VAN OMGEE VIR DIE SAMELEWING WAARIN PLAASLIKE KERKE HULSELF BEVIND (*KOINONIA*)

(1.1.1), (1.1.2), (2.4.1), (2.4.2), (2.6), (2.8.2), (3.1), (3.8.1), (3.8.4), (3.10.5), (3.11), (4.4)

Praktiese teologie benadruk God se dryfkrag vir die wêreld deur omgee vir mense in nood (Johannes 3:16). God inisieer die kerk tot betrokkenheid in plaaslike gemeenskappe as antwoord op die aanspreek van ongeregthede in Suid-Afrika. Die gemeenskap toon 'n openheid en soeke na die kerk vir inspirerende rigting en begeleiding in hul lewens, veral in situasies van wanhoop. Daarom is dit nodig dat die kerk aan alle mense wys dat God daar is (“being there”), dat Hy regtig omgee (“being with”) en dat Hy vir almal omgee (“being for”).

Dade van goedheid dien as 'n belangrike deel van die kerk se uitlewing van haar roeping om God se verteenwoordigers op aarde te wees. Die kerk, met die kerkleier as gids (Osmer, 2008:11), kan daarom gelowiges prakties tot daade van goedheid begelei.

Empiriese navorsing bevestig hierdie behoefte aan daade van geregtigheid (goedheid). Uit hierdie studie se totale aantal respondente toon 90% (vanuit die Goudveld-area) aan dat die getuienisdade van die kerk in die plaaslike gemeenskap belangrik is om te wys dat die kerk vir die samelewing omgee (vgl. Tabel 2-15: C1 V1-7). Goddelike verhoudings gebou op 'n selfopofferende fondament het die potensiaal om vanuit gemeenskaplikheid lewens te hervorm en te verbeter. Rigtinggewende normatiewe optredes word dus dringend benodig.

Die geloofsgemeenskap benodig 'n waarlike omgee en bereidwilligheid om onbaatsugtig te dien. Hierdie onbaatsugtige omgee benodig kennis van die samelewing en die noodsaaklikheid dat die kerk haar taak en plek as die liggaam van Christus sal begryp (Kruger, 2015:10). Dit is van uiterste belang dat die kerk moeite sal maak om goeie verhoudings met bure in die gemeenskap te help bou. Prakties-teologiese insprake toon aan dat die geloofsgemeenskap hulp benodig in die praktiese toepassing van die Woord, veral waar spanningsvelde die kultuur van kerkbywoning versus liefdeloosheid en individualisme belig.

5.7.1 Hermeneutiese wisselwerking op die noodsaak van omgee vir die samelewing waarin plaaslike kerke hulself bevind (*koinonia*)

Indien die voorafgaande fases van die ondersoek in hermeneutiese wisselwerking met mekaar geplaas word, kom die volgende aspekte na vore, naamlik:

In **hoofstuk 1** is aangedui dat God omgee vir die wêreld en juis daarom is Hy onderweg met die wêreld en maak Hy die geloofsgemeenskap deel van hierdie beweging in die wêreld. Daarom kan die kerk haarself nie onttrek van God se uitreik na mense toe nie. In beide die handeling van omgee sowel as die toepassing van geregtigheid het die kerk 'n verantwoordelikheid ten opsigte van 'n aktiewe aanwesigheid in die gemeenskap.

Die kerk is die omgee-ruimte waar mense vanuit die omgewing ontvang en opgeneem kan word. Omgee-verhoudings skep die potensiaal vir ondersteuning en samehorigheid in die samelewing. Wanneer *koinonia* (omgee) met *diakonia* (diens) geïntegreer word,

word die geleentheid geskep om soekend en op praktiese maniere deel te word van die leefwêreld van selfs die kwesbaarste mense. Die gemeenskap soek by die kerk inspirerende rigting en begeleiding vir hul lewens. Hierdie betrokkenheid by mekaar se nood en omgee veroorsaak gevolglik dat mense in die ywer vir geregtigheid konkrete hoop vir mekaar bring.

Hoofstuk 2 borduur voort met die boodskap dat 'n lewenswyse van omgee kommunikeer dat geregtigheid geskied omdat daar reg gehandel word volgens die wil van God. Daar heers egter 'n spanningsveld in Suid-Afrikaanse gemeenskappe tussen die tekort aan naasteliefde en “omgee” as 'n kenmerk van 'n deernisvolle gemeenskap (vgl. Tabel 2-5: A-V5).

Ware omgee het verseker die potensiaal om oplossings na vore te bring. Oplossings lê in 'n medemenslikheid vanuit die begrip “gasvryheid”. Baumeister en Leary (1995:498) belig die psigologiese behoefte van die mensdom, naamlik om te behoort (“to belong”), as gelykstaande aan die mens se behoefte aan voedsel. Alle mense benodig in hul lewens 'n paar kwaliteit, konstante verhoudings. Hierdie behoefte kan vervul word deur twee beginsels, naamlik:

- om gereeld met 'n paar aangename mense interaksie te hê; en
- om interaksie in 'n stabiele, veilige, wedersydse omgee-verhouding te laat geskied. Hierdie kernbelangrike behoefte van die mensdom kan ongetwyfeld deur die geloofsgemeenskap vervul word vanuit omgee-verhoudings.

Hoofstuk 3 fokus op die aspek van omgee wat vir mekaar (*koinonia*) begrond is. In die besinning oor 'n dieperliggende begronding van versoening beteken deelwees van 'n geloofsgemeenskap 'n diepgewortelde besef van verantwoordelikheid teenoor mekaar. Die dryfkrag agter 'n geloofsgemeenskap se ywer vir diakonale gemeenskapsontwikkeling is immers God se passie vir geregtigheid. Hierdie visie van God se sorg in die samelewing dring die kerk tot introspeksie. Die betekenis van versoening sowel as die teologiese integriteit van die kerk word bevraagteken.

In die normatiewe hoofstuk word vanuit die woordsbetekenis van “mispat” 'n dieper betekenis aan die bepaling van die geregtigheidsvlak van 'n samelewing weergegee in die opsig dat geregtigheid geëvalueer word aan die gemeenskap se omgee vir die

benadeeldes. God verwag dat die geloofsgemeenskap na die benadeeldes in die samelewing sal omsien. Enige verwaarlosing van die behoeftes van hierdie groep word nie bloot beskou as 'n gebrek aan genade of liefde nie, maar as 'n skending van geregtigheid.

Die gelowiges se gehoorsame lewenswandel beeld aan die armes (benadeeldes) God se omgee en voorsiening uit. Jesus het daaglikse omgee-verhoudings gemodelleer en Homself met die uitgeworpenes van die samelewing geïdentifiseer deur byvoorbeeld etes saam met die belastingversamelaars of sondaars te nuttig ten spyte van skerp kritiek deur die Fariseërs.

Die krag van saamwees en omgee het die potensiaal om mense te verander. Een van die beste maniere om mense te beïnvloed, is gereelde saamwees.

Hoofstuk 4 dui aan dat menswees 'n lewe van omgee vir ander mense behels. Geen mens kan soos op 'n eiland funksioneer nie. Die Vader se hartewens is dat mense vir mekaar sal omgee.

Jesus het 'n omgee-lewe geleef. Hierdie verantwoordelikheid is aan die geloofsgemeenskap oorgedra met sy terugkeer na sy Vader. In die toepassing van sy opdrag het die geloofsgemeenskap die verantwoordelikheid om by mense betrokke te raak vanuit verhoudings. Indien 'n mens die groepering van mense waarmee die geloofsgemeenskap daaglikse kontak het in ag neem, is Jesus se opdrag moontlik.

Indien die geloofsgemeenskap toegerus word om ongeag ras, stand of geslag vanuit die voorbeeld van Jesus waarlik om te gee, kan daar duidelike verandering in mense se lewens plaasvind. Hierdie verandering kan 'n rimpel-effek van geregtigheid (goedheidsdade) in plaaslike gemeenskappe tot gevolg hê.

5.7.2 Strategies-pastorale perspektiewe op die noodsaak van omgee vir die samelewing waarin plaaslike kerke hulself bevind (*koinonia*)

Die volgende strategiese perspektiewe word gebied, naamlik:

- Kerkleiers moet die geloofsgemeenskap begelei tot 'n hernude fokus op die welsyn van mense. 'n Ware omgee en belangstelling in mense se welstand en persoonlike maatskaplike omstandighede is nodig wat begrip vir mense se omstandighede en hul beeld rakende die betekenis van die lewe insluit.
- Hierdie begeleiding benodig daadwerklike optredes met omgee-dade. Dit is egter belangrik dat omgee vanuit intieme verhoudings geskied waar God se goedheid en teenwoordigheid aan die mensdom getoon word. Die mens is op aarde geplaas as verteenwoordigend van God se aangesig ("face") (Van Huysteen, 2017:41). Ongeag die mens se toestand bly die mens God se beeld. Met ander woorde, God word verstaan en geopenbaar vanuit 'n "bottom-up" openbaarmaking in verhoudings (Van Huysteen, 2017:41).

Optredes vanuit verhoudings sal aan mense toon dat God vir alle mense omgee. Samekomste dien daarom as ideale geleenthede vir die praktiese uitleef van daade van goedheid. Voorbeelde van daade van goedheid is omgee vir en 'n aktiewe betrokkenheid by die weerloses, gemarginaliseerdes en noodbehoewendes. Verdere idees sluit geleenthede in waar gespreksvoering kan plaasvind tot oplossings vir gemeenskapsprobleme en versoening. Gelowiges se alledaagse optredes vanuit omgee in egte *koinonia* sal God se teenwoordigheid en omgee prakties uitbeeld aan die samelewing.

- Die kerkleier moet die geloofsgemeenskap begelei om alles in haar vermoë te doen om werklik liggaam van Christus op aarde te wees. Vanuit hierdie verantwoordelikheid is De Wet (2017:84) van mening dat kohesie 'n nuwe standaard voorhou van 'n kwaliteit lewe.

Hierdie "saamleef" benodig dat eenheid so sterk gevestig word dat indien iemand ly, ervaar sal word dat almal ly, en indien een lid eer ontvang, almal eer sal ontvang. Sodoende ontvang plaaslike gemeenskappe God se radikale liefde en geregtigheid (De Wet, 2017:85). In plaas van selfsugtige begeertes wat spesifiek fokus op eie begeertes, word gefokus op die outentieke uitdrukking van die Skepper se skeppingsdoel.

Hierdie optredes benodig die beginsels van diensbaarheid. Diensbaarheid sal die liggaam van Christus in staat stel om wel as liggaam te funksioneer. Die liggaam van Christus moet begelei word om daarop te konsentreer om onbaatsugtig en diensbaar te lewe. Die uitdaging lê daarin om werklik vir mekaar om te gee tot

heling, opbou en groei van die hele liggaam. Families benodig daarom begeleiding in die waak teen selfsugtigheid wat net fokus op gesinsbehoefte.

- Die kerkleier moet die geloofsgemeenskap begelei en ontwikkel ten opsigte van die omgee vir die benadeeldes (vanuit die woord “mispat”). Die benadeeldes sluit die armes, weduwees, weeskinders en immigrantegroepe in. Die geskiedenis onderskryf hierdie maatskaplike rol wat deur die eeue met aktiewe betrokkenheid deur die kerk vervul is. Die samelewing moet besef dat God omgee en dat Hy teenwoordig en intens betrokke by menslike lyding is. Die toets vir die kerk (geloofsgemeenskap) lê juis daarin om met omgee-dade betrokke te raak as God se verteenwoordigers.
- Die kerkleier benodig ’n pneumatologiese benadering met dae van goedheid. Hierdie benadering sluit die leiding van die Heilige Gees as prioriteit in omdat die werking van die Heilige Gees die potensiaal het om mense se harte te verander (De Wet, 2017:81; Magezi, 2017:120). De Wet (2017:81) benadruk die werking van die Gees in die verandering van mense se lewenskeuses. As mense regte keuses maak, gee dit hulle die vermoë om selfbeheersd en vry van buite-invloed te funksioneer. Buitekragte sal wel nog ’n rol speel, maar nie meer die bepalende een nie.
- Die taak van die kerkleier as ’n katalisator van sosiale transformasie behels daarom transformerende leierskap vanuit ’n dienskneggesindheid (Osmer, 2008:28–29). Osmer (2008:191), vandeur die lens van praktiese teologie, beskryf die rol van die kerk as ’n kontrasgemeenskap. Die leier se diepste wese moet een wees van vergestaltung gee aan Christus se liggaam vanuit ’n diensbaarheidsgesindheid tot voordeel van die wêreld.
- Kerkleiers het daarom die uitdaging om nie net te fokus op Sondag se kerkbywoningsgroep nie, maar op die werwing, inkoop en bemagtiging van mense en instansies tot gesamentlike dialoog en projekte vir die skep van ’n rimpel-effek van geregtigheid. Teologiese opleiding en teologiese instansies behoort noodwendig aanpassings aan kurrikulums te maak om toekomstige leiers toepaslik toe te rus om ook in die gemeenskap ’n verskil te maak. Hierdeur kan hoop aan elke lid van die gemeenskap gegee word.

Hoop sal weer mense ontvanklik vir die evangelie maak en vanuit verhoudings kan mense die Skepper van geregtigheid (goedheid) ontmoet. Die geloofsgemeenskap

moet hul visie wyer stel as net op die bestaande kerk tot die vestiging van 'n goeie samelewing.

Indien bogenoemde beginsels toegepas word, sal broeder- en susterskap gevestig word en nuwe waardes aangeleer word. Hierdie waardes sal insluit aanvaarding, 'n omgee vir mekaar, 'n nodigheid aan mekaar asook nuwe waardes soos om dinge saam te doen en om verantwoordelikheid vir mekaar te neem. Hierdie eenheid sal 'n sensitiwiteit vir die behoeftes van ander kweek met die gevolglike rimpel-effek van liefdeshandelinge (Jack, 2007:250–251). Selfgedissiplineerde gelowiges leef met selfverloëning, selfbeperking en selfbeheersing en gee hulself prys in die diens aan en gemeenskap met ander, veral ten opsigte van diegene wat gemarginaliseer is (Jack, 2007:149).

De Wet (2017:81) benadruk die volgende nodige keuses vir lewensverandering tot die bemagtiging van die geloofsgemeenskap en die vestiging van *koinonia*-waardes, naamlik:

- Onderlinge kohesie moet as 'n lewenswaarde en as deel van menswees as 'n prioriteit in die lewe van elke Christen gevestig word;
- Hierdie waarde sal die strewe na volwassenheid in Christenskap versterk. Volwassenheid sal tot gevolg hê dat elkeen se eie begeertes en eie belange tersyde gestel word in die vestiging van betekenisvolle verhoudings met vreemdelinge en gemarginaliseerdes;
- Die bou van verhoudings word dus as 'n prioriteit gevestig ten spyte van groepsdruk, hegemonie, individualisme en selfs afstand. Sodoende word die geloofsgemeenskap bemagtig om verby dit wat digotomies is te groei as prioriteit in die vestiging van nuwe waardes; en
- Die geloofsgemeenskap moet dus hul oog gevestig hou op die onbaatsugtige voorbeeld van Christus vir die totstandkoming van nuwe omgee-verhoudings waar alle mense geleentheid gegee word om “te behoort” en om menswaardigheid te ervaar (De Wet, 2017:86).

5.8 STRATEGIESE PERSPEKTIEWE OP DIE REGVERDIGE OPTREDE IN DIE GEMEENSKAP WAT DIE UITKRINGENDE AARD VAN GERECHTIGHEID BEVORDER MET VERWYSING NA DIE *UBUNTU*-BEGINSEL, ARMES EN VREEMDELINGE

(1.1.1), (2.6), (Tabel 2-5: A-V5), (Tabel 2-6: A-Opsomming), (2.7.11), (2.8.2), (3.8.4), (3.11), (4.2), (4.5), (4.6), (4.7), (4.8), (4.9), (4.10)

Samevattende afleidings vanuit die begrip “ubuntu” toon aan dat *ubuntu*, etiek en teologie gesamentlik baie waarde tot die Suid-Afrikaanse samelewing kan toevoeg, veral waar armes en vreemdelinge betrokke is. ’n Natuurlike sinergie tussen *ubuntu* en Christelike waardes vanuit die menslikheid van *ubuntu* kan moontlik van waarde wees.

In hierdie era waar verskillende filosofiese en etiese tradisies ontmoet, is dit ’n ideaal dat kulturele waardesisteme nie in isolasie bestaan nie. Afrika is die tuiste van ’n verskeidenheid tradisies, veral inheemse tradisies en Westerse filosofiese tradisies, die Christendom en Islam. Suid-Afrika is ’n goeie voorbeeld van hierdie verskeidenheid kulture en waardesisteme. Die belangrike punt hier is dat mense met verskillende waardestelsels by mekaar kan leer tot die vestiging van ’n goeie lewe vir almal in Suid-Afrika.

Die geskiedenis dui aan dat dit nie vreemd is aan die Suid-Afrikaanse samelewing om by mekaar betrokke te wees nie, soos benadruk deur die *ubuntu*-gedagte. Die begrip “ubuntu” vanuit ’n Afrika-konteks beteken “kollektiewe menslikheid”.

’n Beginselraamwerk kan ook baat by *ubuntu*-beginsels in die vestiging van gemeenskaplike goedheid vanuit ’n wedersydse omgee vir mekaar. Gemeenskapslede wat die gedagte van gemeenskaplikheid aanhang, soos dit byvoorbeeld in die *ubuntu*-begrip onderskei word, verwag egter van medegemeenskapslede om mededeelsaam en betrokke by mekaar se nood te wees. Interafhanklikheid, hartsverhoudings en gemeenskaplikheid is eie aan die raamwerk. Hierdie verhoudingsverwagting maak daarom van gasvryheid ’n belangrike saak. Vanuit gasvryheid moet lewens in alle dimensies verbeter. Spanningsareas ontstaan dus waar verwagtings on vervuld bly.

Die empiriese navorsing het dit juis laat blyk dat hierdie aanklag voor die deur van die kerk geplaas word, naamlik die afwesige betrokkenheid by die gemeenskap. Die vraag is daarom: Kan die geloofsgemeenskap, wat elke gesin insluit, te midde van al die ellende in die Suid-Afrikaanse samelewing haarself nog op menswees beroep? Kerkleiers het daarom 'n groot verantwoordelikheid in die begeleiding van die geloofsgemeenskap. Dit behels die hernude begeleiding van gesinne na 'n koninkryksvisie.

Die hermeneutiese en strategiese perspektiewe op die regverdige optredes in die gemeenskap wat die rimpel-effek van geregtigheid (goedheid) bevorder met verwysing na die *ubuntu*-beginsel, armes en vreemdelinge (vanuit hoofstuk 1 tot 4) word vervolgens bespreek, naamlik:

5.8.1 Hermeneutiese wisselwerking op die regverdige optrede in die gemeenskap wat die uitkringende aard van geregtigheid bevorder met verwysing na vreemdelinge

Indien die voorafgaande fases van die ondersoek in hermeneutiese wisselwerking met mekaar geplaas word, kom die volgende aspekte dus na vore, naamlik:

In **hoofstuk 1** is aangedui dat *ubuntu*-beginsels (vanuit die Suid-Afrikaanse geskiedenis) 'n groot rol gespeel het in die verkryging van oplossings in die Suid-Afrikaanse samelewing veral gefokus op die armes en vreemdelinge. *Ubuntu*-waardes het vrede, harmonie, vrygewigheid, solidariteit en menslikheid ingesluit. Hierdie selfde normatiewe waardes kan deur kerkleiers aangewend word om toe te sien dat die infrastruktuur van 'n sterk verbintenis binne 'n gemeente (gemeenskap van gelowiges) ook ruimte vir buitestaanders, oftewel vreemdelinge, maak. Dit is immers die aard van kerkwees om 'n vreemdeling op aarde te wees. Deur begrip te hê vir ander vreemdelinge en die warmte waaroor die kerk beskik met ander te deel, behoort nuweling te word van die gemeenskap van gelowiges.

Die krisis van vooroordeel veroorsaak egter probleme soos xenofobie (vreemdelingehaat) en 'n afwesigheid van medelye en diakonale uitreiking. Sommige mense is haweloos as gevolg van die feit dat hulle vreemdelinge is en ander is weer onwortel. Hierdie probleme openbaar 'n dieper geestelike probleem, naamlik die gevaar van selektiewe deernis. Pastoraal versorging ten opsigte van die migrasie-en-vlugtelingsdilemma benodig daarom die *Passio Dei* (saamwees) van Christus.

Die geskiedenis van die Christendom deur die jare belig egter die rimpel-effek van goedheid (geregtigheid) in stede wat met haweloses en armes gevul is. Christene het nie net dae van goedheid teenoor hulle betoon nie, maar het nuwe hoop geskep. Nuwelinge, vreemdelinge, weeskinders en weduwees het in die Christengemeenskap 'n plek van behoort verkry asook 'n nuwe en uitgebreide gesinsverhouding. Die Christendom het 'n nuwe basis van sosiale solidariteit geskep in samelewings wat deur gewelddadige etniese twis uitmekaar geskeur is.

Hoofstuk 2 toon aan dat eienskappe van 'n deernisvolle gemeenskap 'n omgee en mededeelsaamheid insluit; dit is juis hier waar die Suid-Afrikaanse geskiedenis *ubuntu*-beginsels na vore bring. Hierdie omgee vanuit *ubuntu* het tot gevolg dat dit voorkom asof daar nogsteeds 'n hoë sentiment vir *ubuntu*-beginsels in die Suid-Afrikaanse samelewing is ten spyte van sommiges se opinie dat *ubuntu* verlore is. Die vraag is dus: Hoe kan daar met behulp van *ubuntu*-beginsels weer 'n deernisvolle gemeenskap geskep word?

Hierdie behoefte aan 'n deernisvolle gemeenskap veroorsaak spanningsituasies vir die geloofsgemeenskap (kerk.) Die onvermoë van Suid-Afrikaanse kerke in die vestiging van ware omgee en *koinonia* kom op die voorgrond. Die saak ter tafel is dat kerke nie geregtigheid laat seëvier nie. Die nood van armes en verdruktes word geminag. Kerke in Suid-Afrika sukkel om arm gemeenskappe, veral in stede, te verstaan. Hierdie behoefte aan betrokkenheid word egter vooropgestel vanuit die empiriese navorsing.

Hoofstuk 3 beklemtoon vanuit normatiewe afleidings die gemeenskap se verwagting en hoop wat fokus op die kerk se ingryping. Die behoefte aan gemeenskaplikheid en omgee is oorweldigend. Dit is juis hier waar die geskiedenis *ubuntu*-beginsels belig vanuit die metafoor van "gasheer". Net soos 'n gasheer deelwees en verwelkoming aan kuiermense bied, kan die geloofsgemeenskap aan die samelewing "togetherness" (saamwees) bied. Huidige uitdagings word weereens beklemtoon ten opsigte van 'n dringende behoefte aan gasvryheid wat op vreemdelinge (xenofilie) gerig is, sowel as *diakonia* waar betrokkenheid deur die geloofsgemeenskap verder as oppervlakkige liefdadigheid strek. 'n Verdere area vir die toepassing van die gasvryheidsbeginsels op armes of die gemarginaliseerdes word vanuit die normatiewe beginsels aangespreek. Bybelse skuldeisers of werkgewers (as leiers) is aangesê dat hulle 'n verantwoordelikheid het om vanuit ekonomiese of sosiale mag regverdig op te tree en mense nie uit te buit nie.

(Deuteronomium 24:12–14 en Deuteronomium 15:13–14). Hierdie appèl is ook op elke lid van die geloofsgemeenskap gerig.

Die opheffing van die armes (benadeeldes) word as 'n gehoorsame daad aan God beskou. God het elke lid van die geloofsgemeenskap verantwoordelik gemaak vir die voorsiening aan die armes en behoeftiges deur die wet. Elke tempelaanbidder het die verantwoordelikheid gehad om nie alleen vir God 'n offer te bring nie, maar ook vir die armes en behoeftiges.

God hoor die geroep van diegene wat totaal van Hom afhanklik is (Psalm 146:7–9). Die fokus word weereens geplaas op benadeelde groepe wat gedefinieer word as die armes en benadeeldes, die weduwees, weeskinders, immigrante en diegene wat nie geld het nie. Die verantwoordelikheid vir die toepassing van geregtigheid word egter op die skouers van leierskap in die samelewing geplaas.

Xenofilie wat fokus op gasvryheid teenoor vreemdelinge kom weereens op die voorgrond. Hierdie gasvryheid lê die fondament vir die nodige veranderinge wat moet intree tot transformasie van Suid-Afrika. Die teenoorgestelde daarvan, naamlik xenofobie, benadruk die tendens van intense afkeer of vrees vir vreemdelinge. Vreemdelinge in dié geval is vlugteling, immigrante en besoekers uit ander lande.

Hoofstuk 4 verduidelik met filosofiese en psigologiese perspektiewe die potensiaal en die vermoë van *ubuntu*-beginsels om mense deel van mekaar te maak tot die vorming van hegte bande. Hierdie proses is broodnodig vir die vervulling van die mens se wesenlike behoefte, naamlik menswaardigheid asook die mens se behoefte aan verhoudings.

Verhoudings word benodig wat gebou is op etiese beginsels soos solidariteit. Dit maak 'n ywer los vir die gevoel van “ons is saam in hierdie stryd” en niemand word uitgesluit nie. Al die kultuurverskille dra by tot die beste voordeel van die hele nasie. Wedersydse ondersteuning het die potensiaal om die mensdom te verander. Die samelewing benodig alle stemme, alle gawes en alle mense se deelname in die verkryging van oplossings en optredes tot oplossings.

Hier speel die etiese vanuit subsidiariteit 'n dinamiese rol teenoor individualisme wat die swakke uitstoot. Alle mense het die geleentheid vir ontwikkeling, kreatiwiteit en die opneem van verantwoordelikheid. Etiese stelsels binne verskillende tradisies is dus nie staties nie, maar word voortdurend verander en aangepas by nuwe omstandighede (Dreyer, 2015a:203–204).

5.8.2 Strategies-pastorale perspektiewe op die regverdige optrede in die gemeenskap wat die uitkringende aard van geregtigheid bevorder teenoor vreemdelinge

Die volgende strategiese perspektiewe word op hierdie aspek gebied, naamlik:

- Eerstens benodig die kerkleier 'n visie vir die daarstelling van gesamentlike pogings wat fokus op regverdige optredes in die samelewing. Regverdige optredes sluit dae van geregtigheid (goedheid) in wat fokus op benadeeldes, soos armes en vreemdelinge. Hierdie dae sluit hand-aan-hand-werk en groepsdialoog in tot 'n groter effektiwiteit in gemeenskappe. Optredes gebou op 'n dienende gesindheid en passievolle betrokkenheid word benodig.

Betrokkenheid kan egter nie net in die vorm van hulp deur skenkings geskied nie. Die empiriese navorsing vanuit 97,8% respondente dui aan dat betrokkenheid benodig word wat positiewe transformasie in die gemeenskap sal aktiveer. Die gemeenskap beskou die kerk as die draer van hoop (vgl. 71,2% respondente).

- Hierdie verwagting plaas daarom die verantwoordelikheid op die kerkleier om 'n visie vir God se sorg in die samelewing te verkry. 'n Appèl word op die kerkleier gemaak om introspeksie te doen oor die handeling van die geloofsgemeenskap (kerk). Indien daar onbetrokkenheid is ten opsigte van die regstelling van ongeregtigheid, benadeel dit die kerk se teologiese integriteit en word die betekenis van versoening deur die geloofsgemeenskap bevraagteken.
- Die nodigheid bestaan vir nuwe strategieë tot transformasie van plaaslike gemeenskappe. Vanuit die Suid-Afrikaanse geskiedenis is daar twee heersende waardes in plaaslike gemeenskappe belig, naamlik *ubuntu* en individualisme. Vernuwende denke, ook met betrekking tot *ubuntu*-beginsels, medemenslikheid en opregte *koinonia* word egter benodig. Mense benodig lering oor asook begrip vir die kontraste sodat daar fronesis vir gesamentlike oplossings is.


- Kerkleiers kan hierdie waarde benut en toesien dat *ubuntu*-waardes voldoen aan die uitdagings van versoening, ontwikkeling en die herbou van plaaslike gemeenskappe. Eienskappe soos wedersydse begrip, waardering vir verskille en verdraagsaamheid teenoor diversiteit is broodnodig in die Suid-Afrikaanse multi-kulturele omgewing.

Kerkleiers benodig oplossings vanuit die normatiewe (Bybels-gefundeerde) fondament waarvan een beginsel is om aan armes reg te doen. Praktiese voorbeelde sluit in dat kerkleiers die geloofsgemeenskap begelei in dade van geregtigheid (goedheid) vanuit lede se gawes en beskikbaarheid, soos byvoorbeeld:

- Regters en wetsgeleerdes kan armes teen die onderdrukking van die rykes verdedig. In die Bybel het regters die verantwoordelikheid gehad om te verseker dat getuienis nie vervals word nie. Die geloofsgemeenskap kan weereens hierdie rol vertolk. Die kerkleier het hier die insig om die liggaam te begelei om hul gawes tot voordeel van die koninkryk aan te wend.
- Nog 'n area waar die kerkleier die gemeenskap betrokke kan maak, is om deur middel van gasvryheid 'n verenigde stem teen die onregverdigde behandeling van immigrante te laat opklink. Staatsdepartemente moet aan kerkleiers verantwoordbaar wees ten opsigte van die funksionering en hantering van immigrante asook die plaaslike integrasieplan.

“Vreemdelinge” benodig juis *ubuntu* vanuit hul nuwe geloofsgemeenskap as gesin. Die rimpel-effek van goedheid (geregtigheid) speel daarom 'n noodsaaklike rol vanuit die beginsels van gasvryheid. “Vreemdelinge” word die geleentheid gebied om deel te raak van die familie van Christus.

- Magezi (2017:116–117) hou daarom 'n nuwe Christelike perspektief vanuit die tradisionele *ubuntu* voor, naamlik:



Figuur 5-1: Rigtinggewende skuif van tradisionele *ubuntu* na liminale *ubuntu*

5.9 STRATEGIESE PERSPEKTIEWE RAKENDE DIE UITKRINGENDE AARD VAN GERECHTIGHEID WAT SIGBAAR WORD DEUR VERHOUDINGS TE BOU

(1.1.1), (1.1.2), (1.4.2), (1.4.4), (2.1), (2.3), (2.4), (2.5), (2.6), (2.7.3), (2.8.2), (Figuur 2-5), (Figuur 2-8), (Figuur 2-11), (opsomming van Tabel 2-13: B se 6 vrae) (Tabel 2-21: C4 V1-6), (Tabel 2-14: C1 V1-7), (3.2), (3.3), (3.6.2), (3.8), (3.11), (4.4), (4.5), (4.6), (4.8.1), (4.9), (4.10)

Die hermeneutiese en strategiese perspektiewe rakende die rimpel-effek van gerechtigheid (goedheid) wat sigbaar word deur verhoudingsbou word vervolgens bespreek, naamlik:

Die bou van verhoudings tot volwassenheid in Christus behels onderlinge verbintenisse as fokus, ook ten opsigte van die vervreemdes, gemarginaliseerde en ontwortelde mense. Die krag van verhoudings stel mense in staat om met “vreemdes” te ontmoet tot vorming van hegte bande.

Die bou en groei van menslike verhoudings is daarom vir elkeen van kardinale belang, veral vir die vestiging van morele en etiese waardes. Goed en sleg, wat wenslik en ongewens is, word alles vanuit verhoudings beoordeel. Interafhanklikheid, hartsvriendskappe en gemeenskaplikheid is dus wenslike optredes in die vestiging van verhoudings. Hierdie verhoudingsbehoefte van Afrikane maak daarom van gasvryheid ’n belangrike waarde.

5.9.1 Hermeneutiese wisselwerking op die uitkringende aard van gerechtigheid wat sigbaar word deur verhoudings te bou

Die volgende hermeneutiese perspektiewe het in die beredenering vanaf hoofstuk 1 tot 4 na vore getree, naamlik:

Hoofstuk 1 beskryf die kerk as ’n gemeenskap wat deur die voorbeeld van gerechtigheid (goedheid) en liefde nie bloot ’n alternatiewe verhaal vertel nie, maar inderdaad die alternatiewe verhaal van gerechtigheid in die samelewing moet wees. As ’n voertuig van genesing en as ’n instrument van hoop in God se goedheid het die kerk die potensiaal om effektief betrokke te raak in plaaslike gemeenskappe. Gelowiges kan praktiese dade van goedheid begelei word. Suid-Afrikaanse uitdagings, wat armoede insluit, maak dade van gerechtigheid (goedheid) uiters noodsaaklik. Die kommerwekkende verskynsel dat

mense se inkomste hul leefwêreld sowel as hul lewenskwaliteit bepaal, benodig daarom dat die kerk as 'n voertuig van genesing en as 'n instrument van hoop in God se goedheid na vore tree. Kerkleiers se begeleidingsrol is hierin van kardinale belang.

Hoofstuk 2, die deskriptiewe hoofstuk, dui die area aan waarin die empiriese navorsing uitgevoer is, naamlik die Llejweleputswa Distriksmunisipaliteit (Goudveld). Ten tye van die navorsingsprojek het 27,7% huishoudings 'n geldtekort aangedui en 18,9% huishoudings het maaltye gemis as gevolg van 'n geldtekort. Hierdie haglike stand van sake beklemtoon die nodigheid vir daadwerklike betrokkenheid deur die geloofsgemeenskap met daade van goedheid.

Ten spyte van huidige situasies bly die hoop bestaan op iets nuuts wat ooreenstem met die waardes en omstandighede van die huidige tydsvlak. Lede van die gemeenskap het 'n verwagting dat godsdiens sal dien as die motiverende faktor waar individue subjektief oortuig is dat hulle daade van goedheid moet doen. Die antwoorde op die empiriese vrae bevestig dat respondente 'n behoefte het aan dringende betrokkenheid vanuit daade van goedheid, naamlik:

- Respondente is dit eens dat die rol van die geloofsgemeenskap in plaaslike gemeenskappe optredes vereis wat daade van goedheid insluit.
- 94,7% respondente is van mening dat God goed is en dat die geloofsgemeenskap sy goedheid met daade van goedheid aan alle gemeenskapslede bewys.
- 92,9% respondente is van mening dat deurlopende daade van goedheid en deernis beskou moet word as dryfmiddels vir 'n gesindheidsverandering van die samelewing. Indien daar in ag geneem word dat rasseverdraagsaamheid en goedheid teoreties bely word terwyl onverdraagsaamheid en die afwesigheid van goedheidsdade aan die orde van die dag is, dien goedheidsdade gevolglik as praktiese oplossing vir huidige spanningsvelde en gesindheidsveranderinge.
- Wyduiteenlopende menings aangaande die rol van die kerk ten opsigte van betrokkenheid in die gemeenskap toon egter die bestaande spanningsveld, naamlik apatiese sienswyses jeens ongeregthede in plaaslike gemeenskappe. Hierdie reaksies belig die kerkleier se noodsaaklike invloed deur prediking en modellering tot die vestiging van opregte *koinonia*-verhoudings in die geloofsgemeenskap met daade van goedheid (geregtigheid).

Hoofstuk 3, die normatiewe hoofstuk, sluit by bogenoemde aan en beklemtoon die verskil tussen die teorie en praktyk. Dit is juis hier waar prakties-teologiese refleksie benodig word. Goedheid word bely as 'n noodsaaklike vrug in die lewens van die geloofsgemeenskap, maar die dae wat goedheid konkreet vergestalt, bly meermale in gebreke. Hierdie konflik veroorsaak gevolglik 'n spanningsveld in die plaaslike gemeenskap en word in die empiriese navorsing aangedui, naamlik:

- 76% respondente is van mening dat as die kerk nie op die fisiese en emosionele behoeftes van die armes, weduwees en weeskinders reageer nie, sy nie geloofwaardig kan wees nie.
- 82% respondente is van mening dat God se liefde vir mense sigbaar word waar liefde oor ongeregtheid seëvier en mense versoen.

Hierdie faktore belig die noodsaaklikheid van wysheid en dialoog vir die begeleiding van die geloofsgemeenskap na dae van goedheid.

Normatiewe perspektiewe behels dat om goed te doen op die beginsel berus dat goedheid in elke mens as geskapene van God aanwesig is. God wil vanuit sy goedheid Homself openbaar vir die vestiging van harmonie (*shalom*) in plaaslike gemeenskappe. Deur dae van goedheid (geregtigheid) word God aan gemeenskapslede voorgehou. Die goedheid wat in elke geskapene aanwesig is, kan daarom die heersende boosheid oorwin met die skep van 'n rimpel-effek van geregtigheid (goedheid) tot voordeel van die hele gemeenskap.

Daar moet gewaak word teen hedendaagse realiteite wat ook “valse goedheid” insluit, soos die voorbeeld van Absalom in die Ou Testament. Absalom ken al die voorskrifte vir regverdigheid en belowe aan almal regverdige optredes. God openbaar egter Absalom se hartsmotiewe, naamlik magsug en die rimpel-effek van valse geregtigheid (goedheid).

Met opregte motiewe kan die geloofsgemeenskap aan die samelewing die geleentheid bied om self te ervaar dat God 'n goeie God is. Indien mense in verhoudings saamleef, word geleenthede geskep vir dae van goedheid en word God se goedheid aan die mens vertoon.

Hoofstuk 4 hou die beginsels van goedheid voor, naamlik dat alle mense goeie dae benodig ongeag hul optredes. Alle mense verdien goedheid vanuit die beginsel van menswaardigheid. Menswaardigheid word gebou op die beginsel dat God die mens as

kroon van sy skepping geskape het en spesifieke take toegesê het (Psalm 8). Sistematiese perspektiewe dui gevolglik aan dat die geloofsgemeenskap die verantwoordelikheid het om **God se goedheid aan ALLE lede van die gemeenskap te wys.**

Hierdie proses behels 'n problematiese praxis binne plaaslike gemeenskappe. Kerkvergaderings benodig doelgerigte beplanning wat fokus op onder andere geleenthede tot versoening en rekonsiliasie. 'n Voorbeeld van geleenthede vir kruisbestuwing wat fokus op menswaardigheid is doelgerigte beplanning om die negatiewe effekte van die huidige verbruikerskultuur, waar mense soos besittings behandel word in die gejaag na wins, te bespreek.

Dis nodig dat bestuurders en gemeenskapsleiers inkoop en bemagtig word om werksomgewings te verander na plekke van versoening in die huidige Suid-Afrikaanse konteks. Hierdie skuiwe benodig egter vernuwende denke rakende materiële voorsiening, werksetiek en werksomgewing. Die geloofsgemeenskap is deur God as goeie rentmeesters aangestel vir die uitvoering van hul pligte. Die intrinsieke waarde van alle mense en verhoudings benodig daarom 'n nuwe verwoording.

Hierdie problematiese praxis intensifiseer meermale deurdat die spanning tussen teorie en praktyk oorborrel. Aan die een kant beskik die kerk oor die aangrypendste taalregister en teologiese konsepte, soos liefde, goedheid, geregtigheid en omgee vir mekaar tot die vestiging van menswaardigheid. In die daaglikse gang van die lewe worstel gelowiges egter om dit prakties te toon.

In hierdie navorsing is die invalshoek van die uitkringende aard van geregtigheid (goedheid) geïdentifiseer en het dit aan die orde gekom dat die gebrek hieraan die geloofwaardigheid van die kerk in die samelewing op integrale wyse raak. Gelowiges binne plaaslike gemeentes word geroep om God se goedheid in wyerwordende kringe te laat realiseer, maar hulle bly meermale in gebreke om dit met 'n dienende gesindheid en in gehoorsaamheid uit te leef.

Juis daarom behoort die rol van leierskap binne gemeentes en in die gemeenskap indringende aandag geniet. Leierskap binne 'n plaaslike kerk het die taak van toerusting tot die bemiddeling van die boodskap aangaande die goedheid van God. Deur toerusting

en die stel van voorbeelde, behoort gelowiges begelei te word om hul plek in die gemeenskap te verstaan en vol te staan met menswaardige optredes gekenmerk deur goedheidsdade (geregtigheid).

5.9.2 Strategies-pastorale perspektiewe rakende die uitkringende aard van geregtigheid wat sigbaar word deur verhoudings te bou

Die volgende strategiese perspektiewe word daarom gebied tot oplossings, naamlik:

- Kerkleiers het die geleentheid om toe te sien dat die geloofsgemeenskap as alternatiewe verhaal teorie na die praktyk bring. As katalisators en gidse is dit nodig dat die geloofsgemeenskap begelei word om die noodsaaklikheid, potensiaal en voordele van geregtighedsdade (goedheid) te ontdek en prakties te demonstreer. Die hoop is dat die uitlewing van *Missio Dei* (sending van die kerk) 'n *Passio Dei* (saamwees) in goedheidsdade sal ontketen. Hierdie aksie kan 'n positiewe rimpel-effek op die plaaslike gemeenskap hê.

Die kerkleier moet die geloofsgemeenskap begelei om die goedheid binne hulle te ontsluit met dade van goedheid (geregtigheid) in hul alledaagse lewens. Die opdrag om goedheid aan die mensdom te betoon, behels nie 'n ligtelike handeling nie. Mense probeer sin maak van alledaagse gebeure. Die afwesigheid van dade van goedheid plaas in baie gevalle 'n vraagteken op God se bestaan en op sy karakter wat goedheid insluit.

Respondente van hierdie empiriese navorsing gee praktiese voorbeelde van geregtighedsdade (goedheidsdade) as oplossings tot transformasie van plaaslike gemeenskappe, naamlik:

- Menswaardige optredes wat hoop kan gee in die huidige Suid-Afrikaanse konteks, veral **ten opsigte van klas, rassisme, seksisme en xenofobie**. Die 89,3% Christene (geloofsgemeenskap) in die land het die potensiaal om goed te doen, veral vanuit die gawe van gasvryheid.

Van Heerden⁴⁶ en Potgieter (2017:1) benadruk die noodigheid vir kohesie (saamwees) in die skep van hoop. Die kerk het die potensiaal om geleenthede te skep vir saamwees. Hierdie saamwees ("bonding") van mense kan eenheid en

⁴⁶ <https://www.litnet.co.za/versoening-en-sosiale-kohesie-n-onderhoud-met-el-nari-potgieter/>

harmonie ontwikkel en spontaan sal dade van goedheid vanuit 'n omgee plaasvind. Kerkleiers moet daarom doelgerigte planne tot kohesie daarstel. Mense het nodig om mekaar te leer ken en betrokke by mekaar te raak.

Uit die totale aantal respondente van hierdie studie het 96,4% aangedui dat hulle glo die antwoord vir plaaslike gemeenskappe lê in ware gasvryheid; gasvryheid wat mense omhels en verwelkom en hulle aanspoor om mekaar behulpzaam te wees. Gemeenskappe kan ook ten opsigte van besittings transformeer.

- In die transformasie van gemeenskappe benodig kerkleiers drie beginsels as bepalende riglyne vir funksionaliteit en die skep van 'n rimpel-effek van geregtigheid (goedheid). Hierdie beginsels is egter net doeltreffend vanuit 'n gesamentlike proses en die inkoop van die hele gemeenskap, naamlik:
 - Profetiese optredes wat geregtigheid sal bevorder;
 - Optredes wat genesing sowel as versoening sal bevorder; en
 - Praktyke wat verantwoordelike vryheid sal modelleer.

Die kerk as voertuig, met haar strukture en invloed, kan die geloofsgemeenskap sowel as die plaaslike gemeenskap begelei tot verwesenliking van hierdie drie etiese beginsels.

- Die kerkleier moet daarom die geloofsgemeenskap begelei om introspeksie te doen. Introspeksie oor huidige optredes sowel as die rolverwagting van gemeenskapslede is nodig. Die gemeenskap hou die kerk met verwagting dop. Die betekenis van versoening sowel as die teologiese integriteit van die kerk kom dus hier ter sprake.

Buiten introspeksie is dit ook nodig dat nuwe strategieë wat fokus op vernuwende denke (ook met betrekking tot medemenslikheid en opregte *koinonia*) daargestel word. Daar is ook 'n smeekroep vir leiding deur die kerkleier tot 'n dieper begrip van die konkretisering van geregtigheid (goedheidsdade). Dit sluit geregtigheid in wat versoening bewerkstellig.

In die soeke na oplossings word aanpasbare kerkleiers benodig wat binne geloofsgemeenskappe gemeentes met 'n "ons krag"-benadering kan begelei. Hierdie oplossings benodig langtermyn (volhoubare) beplanning. Sodoende kan daar aan almal getoon word dat God goed is en dat sy mense sy goedheid met goedheidsdade uitleef, soos versoek deur 94,7% respondente.

- Kerkleiers moet toesien dat daad van geregtigheid (goedheid) wat gelykheid bevorder, toegepas word. Gelykheid behels egter nie eenvormigheid nie, maar eerder waardes en waardigheid wat wortels in God se gelyke liefde vir alle mense het. Gelykheid kan beskou word as 'n ewewig wat slegs bereik kan word as 'n etos van selfopoffering gehandhaaf word. Geregtigheid word dan medelydende geregtigheid vanuit die forensiese “mispat” en die selfopofferende “tsedakah”.

Geregtigheidsbeginsels maak dat goedheid vir ander begeer word sowel as dat die beginsels van algemene goedheid gevestig word vir 'n gesonde samelewing. Algemene goedheid sluit al die magdom goeie daad in wat benodig word om die hele gemeenskap te ondersteun tot die vestiging van geregtigheid.

- Die kerkleier moet daarom toesien dat daar in sy/haar invloedssfeer effektief gebruik gemaak word van die geloofsgemeenskap se verskillende rolvervullings. Die kerkleier kan ook mense begelei in die toepassing van regverdigheids- en geregtigheidsbeginsels tot die bepaling van grense.

Elke mens het spesifieke gawes ontvang wat tot voordeel van die samelewing aangewend behoort te word. Die soeke na oplossings vir die Suid-Afrikaanse samelewing benodig daarom dat die kerkleier toesien dat die insette en samewerking van alle mense plaasvind.

- Die kerkleier se leiding word benodig in prediking sowel as betrokkenheid. Vele van die huidige ongeregtighedsituasies benodig dialooggroepe. 'n Voorbeeld is die heersende waardes van die kultuur wat vroue en meisies te na kom. Gesinne benodig begeleiding in die beginsels van gelykheid. Daar is nie altyd die nodige kennis om te beseef dat onregverdigte behandeling van vroue en meisies in wese plaasvind wanneer meisies en seuns nie dieselfde behandeling word nie (Doyle, 2009:93). Dieselfde behandeling sluit dinge in soos dieselfde toegang tot basiese goedere soos kos, gesondheidsorg en opvoeding.

Verdere areas in gesamentlike dialoog tot die verkryging van oplossings vir transformasie sluit die verhouding tussen gades asook generasies in. Doyle (2009:93) verduidelik dat nuwe ouer-kind-verhoudings benodig word in die aanspreek van sekere samelewingsuitdagings. Dit behels dat ouers en kinders “vriende” word in die vervulling van die nodige rolle. Indien rolle moet verander vir die gesamentlike soeke na oplossings, is dit nodig dat posisies binne die gesin gerespekteer word.

As Christene is susters en broers een in Jesus. Doyle (2009:93) fokus daarom die aandag op hierdie dimensies vanuit die boek Galasiërs, naamlik: *Daar is geen Jood of Griek, manlik of vroulik, slaaf of vry, volwassene of kind nie, want ons is almal een*. Christene vorm deel van 'n nuwe gesin in Christus wat nie net geslags- en ouderdomsverskille in perspektief plaas nie, maar ook bloedverwantskappe en bande tot voordeel van die koninkryk van God.

Gesamentlike oplossings vereis daarom die erkenning van elkeen se talente en gawes, ongeag posisie. Met baie wysheid en dialoog kan oplossings gesamentlik verkry word. Fronesis is egter van kardinale belang in die soeke na oplossings vir plaaslike gemeenskappe, veral weens die verskillende idees rakende wat 'n "goeie gemeenskap" behels.

Die hartsbegeerte van mense moet dus onbaatsugtige optredes soos dié van Christus wees. Die vorming van hegte bande en intiemgewortelde verhoudings dien daarom as prioriteit en geleenthede wat mense waardevol laat voel en 'n gevoel van behoort gee.

Hernude begrip en verbintenis tot die gemeenskaplike goedheid van die Suid-Afrikaanse samelewing is daarom broodnodig. Die argument vir 'n gemeenskaplike goedheid wat menswaardigheid vestig, sluit in gelykheidsvryheid, geregtigheid en genesing van die nasie se wonde. Praktiese teologie toon aan dat die kerk in die praktyk aan die gemeenskap 'n alternatiewe storie voorhou (Ballard & Pritchard, 1996:23).

5.10 STRATEGIESE PERSPEKTIEWE RAKENDE DIE UITKRINGENDE AARD VAN GEREGTIGHEID WAT *KOINONIA*, 'N TERAPEUTIESE BENADERING ASOOK 'N ERNS TEN OPSIGTE VAN 'N PROFETIESE GEMEENSAP BENODIG

(1.1.1), (1.4.2), (2.5), (2.6), (2.8), (Tabel 2-14 en 15: C1 V1-7), (2.7.11), (3.9.2.1), (3.9.3), (3.10.4), (3.10.5), (3.11), (4.10)

Die hermeneutiese en strategiese perspektiewe rakende die rimpel-effek van geregtigheid (goedheid) wat *koinonia*, 'n terapeutiese benadering asook 'n erns ten opsigte van 'n profetiese gemeenskap benodig, het in hoofstuk 1 tot 4 gefigureer en word vervolgens bespreek, naamlik:

Die belangrikheid van goeie verhoudings is van uiterste belang. Die nodigheid vir die kerk om moeite te doen om goeie verhoudings met haar bure in die gemeenskap te bou deur konkrete dade van omgee asook 'n bereidwilligheid om onbaatsugtig te dien, kan nie genoeg beklemtoon word nie.

Dit is noodsaaklik dat die geloofsgemeenskap die regte bewustheid aangaande die samelewing het, maar dit hou ook in dat die kerk haar identiteit en gepaardgaande verantwoordelikheid as die liggaam van Christus sal begryp. Egte *societas (koinonia)*, asook die gesindheid van dienswerk in die samelewing (*diakonia*), word dringend benodig. Hierdie gedagte toon aan dat omgee-verhoudings die potensiaal skep vir ondersteuning en samehorigheid in die samelewing. Wanneer *koinonia* (omgee) met *diakonia* (diens) geïntegreer word, word die geleentheid geskep om soekend en op praktiese maniere deel te word van die leefwêreld van selfs die kwesbaarste mense.

Die bewusmakingsproses geskied veral vanuit die profetiese gawe wat noodsaaklik is vir enige samelewing om behoorlik te funksioneer. Mense moet aanspreeklik vir mekaar wees.

5.10.1 Hermeneutiese wisselwerking op die uitkringende aard van geregtigheid wat *koinonia*, 'n terapeutiese benadering asook 'n erns ten opsigte van 'n profetiese gemeenskap benodig

Die volgende hermeneutiese perspektiewe het in die beredenering na vore getree, naamlik:

Hoofstuk 1 toon aan dat *koinonia* (omgee) die sensitiewe of transformerende ruimte is waarbinne die veranderingsproses plaasvind. Dit is 'n aspek wat besondere aandag geniet het met die beskrywing van 'n "self-other-society-wholeness". Dié gedagte korreleer met die besef dat groeipotensiaal in menslike verhoudings opgesluit is.

Met die toenemende klem wat op die hermeneutiese aspekte soos interpretasie en herinterpretasie geplaas word, is die noodsaaklikheid van 'n integrale ontleding van menslike ervaring asook die simboliese verwysingsraamwerk van menslike lewe bepleit. Sodoende kom die sinvolheid van lewe binne die kader van verhoudings in die gesigsveld. Hierdie betrokkenheid genaamd *koinonia* benodig *diakonia* vir egte gemeenskapslewe.

Diakonia is weer van *koinonia* afhanklik vir 'n doeltreffender en effektiewer betrokkenheid. *Koinonia* wil nie net kohesie tussen mense bevorder nie, maar ook lewensvatbare en lewenskragtige strukture tot stand bring om mense, ten spyte van sosiale groeperings en verskille, te verenig. Hierdie soort *koinonia* funksioneer nie net vanuit respek vir ander nie, maar vanuit 'n daadwerklike ontmoeting met die ander.

Die grootste probleem met armoede is daarom nie soseer 'n gebrek aan hulpbronne nie, maar eerder 'n gebrek aan ware *koinonia* vanuit die geloofsgemeenskap met hul naaste. Die Suid-Afrikaanse armoedegaping benodig 'n ingryping deur die geloofsgemeenskap met *koinonia*. Die gaping tussen mense word groter en wyer ongeag kleur; wit en swart word albei geraak.

Die kerk het die verantwoordelikheid om krities-opbouend in getuienis en optrede te wees teenoor onder andere bogenoemde ekonomiese en sosiale onreg en huidige politieke onreg. Stilswye oor samelewingsproblematiek behels streng gesproke dat die kerk die

onreg oor die hoof sien. In die strewe na geregtigheid en die betoning van goedheid vervul die kerk onder andere haar profetiese rol in die samelewing.

In aansluiting by bogenoemde is die terapeutiese rol van die kerk nodig om die gebroke samelewing te help heel. Die dienskneggestalte van die kerk kom prominent in dié aspek na vore.

Hoofstuk 2 toon die gevare wat in die huidige kerk bestaan weens individualistiese waardes en spiritualiteite. Hierdie individualistiese gees dui op 'n diep identiteitskrisis in die Christelike kerk, byvoorbeeld in die kleingroepbeweging wat primêr vir die bevordering van *koinonia* ingerig word. Weens die identiteitskrisis is dit nodig dat die kerk weer haar bestaansdoel herontdek vanuit die *Missio Dei* (sending van God) en dus 'n koninkryksgebaseerde roeping in plaas van 'n kerkgebaseerde roeping vasmaak.

Die beginsel van *koinonia* is dus gemeenskaplike besit, deelgenootskap, gemeenskaplike ervaring en belange. *Koinonia* behels 'n onderlinge verbondenheid wat beteken dat mense deelgenote van mekaar se lewens word. Verhoudings behels dat mense hulself kan wees en nie maskers hoef te dra nie. Hierdie vryheid sluit gevolglik ook in dat mense se harte oop is vir God wat aanbid word as die norm van die groep. Die teendeel is egter ook waar dat isolasie harte vir God kan toesluit.

Deskriptiewe perspektiewe op die belangrikheid van sosiale geregtigheid toon aan dat die profetiese rol van die kerk opgeskerp moet word. Empiriese navorsing toon verder aan dat die terapeutiese rol van die kerk sigbaar word waar God se liefde vir mense sigbaar word in die sin dat liefde oor ongeregtigheid seëvier en mense versoen (volgens 82% respondente). Die uitdaging vir die kerk is daarom om die bediening van versoening passievol na te streef.

Hoofstuk 3 toon aan dat die kerk as terapeutiese gemeenskap in die besonderse posisie is om die soekendes van die samelewing te ondersteun. Die kerk het kragtens haar opdrag tot *koinonia* en *diakonia* ook 'n verantwoordelikheid ten opsigte van maatskaplike en sosiale kwessies in die samelewing.

Mense se behoeftes kan vanuit die nodigheid “om te behoort” deur die geloofsgemeenskap vervul word met harmonieuse gemeenskaplike verhoudings. Gemeenskaplike verhoudings skep die ideale geleentheid vir die terapeutiese rol van die kerk, veral met “koinoterapie”. Koinoterapie word die beste verduidelik vanuit die samevoeging van die twee woorde *koinonia* (gemeenskap) en *therapeia* (genesing). Met ander woorde, genesing vind plaas vanuit intieme verhoudings.

Die derde rol van die kerk, naamlik die profetiese, vervul die roeping van kerke (die geloofsgemeenskap) om ’n profetiese stem van hoop tot voordeel van mense sonder hoop te wees. Dit is nodig dat die mensdom na God en sy gebod teruggebring word. Die kerkleier as profeet kan daarom nie anders as om God se standaard vir optredes as die norm vir ’n Goddelike lewenswandel te verkondig nie. Hierdie roeping is nie outomaties aanwesig nie; dit moet doelgerig beplan en aangewend, benut en ontgin word.

Die profetiese rol is broodnodig in Suid-Afrika sodat mense (stede, nasies) vergifnis vir hul ongeregthede kan ontvang. Hierdie roeping realiseer egter nie huidiglik in die praktyk nie. Kerkleiers is ondoeltreffend in die toerusting van die geloofsgemeenskap as alternatiewe gemeenskap, asook die toepassing van profetiese aksie.

Hoofstuk 4 beklemtoon weereens die nodigheid vir doeltreffende *diakonia* sowel as *koinonia* in die funksionering van die kerk. *Diakonia* is van *koinonia* afhanklik vir ’n doeltreffender betrokkenheid tot transformasie van Suid-Afrikaanse gemeenskappe. Die kerk moet as uitstalvenster aan die wêreld kan wys hoe mense kan saambestaan en -leef.

5.10.2 Strategies-pastorale perspektiewe rakende die uitkringende aard van geregtigheid wat *koinonia*, ’n terapeutiese benadering asook ’n erns ten opsigte van ’n profetiese gemeenskap benodig

Die strategiese perspektiewe word vervolgens bespreek, naamlik:

- Die kerkleier moet die kerk se sterk invloed en spesifieke rolle in die terapeutiese sowel as profetiese roeping in alle sfere van die Suid-Afrikaanse samelewing laat geld. Elke moontlike geleentheid, insluitend prediking, toerustingsgeleentheid en betrokkenheid in die samelewing, kan gebruik word om ’n bres te slaan vir God se koninkryk.

- Die kerkleier moet Jesus se voorbeeld aan elke lid van die geloofsgemeenskap modelleer. Jesus was innig jammer (*splagchnizomai*) vir mense wat deur ongeregtigheid benadeel word. Emosies van jammerte (*splagchnizomai*) as vertrekpunt vir betrokkenheid het die potensiaal om 'n rimpel-effek van geregtigheidsdade in die Suid-Afrikaanse samelewing te ontketen.

God is intens betrokke by elke mens se situasie, moegheid of hulpeloosheid. Gelowiges het 'n opdrag om vir mense te bid en om as arbeiders van die oes intens betrokke by ander mense te raak. *Koinonia* dien daarom juis as aantrekkingskrag vir die ongelowiges en veral die gemarginaliseerde lede van die samelewing.

- Die kerkleier moet die geloofsgemeenskap na betrokkenheid begelei vanuit *koinonia*-verhoudings. *Koinonia* bring mense in gemeenskap met God. In die teenwoordigheid van God het elke mens die potensiaal om te verander en te heel. God het alles wat nodig is daargestel dat elke mens voor Hom kan verskyn – as enkeling, maar ook vanuit gemeenskap met ander mense. God, vanuit sy goedheidshart, wil aan elke mens totale vrede (*shalom*) gee. Elke lid van die geloofsgemeenskap het die potensiaal om deel te raak van 'n passievolle terapeutiese gemeenskap tot heling van 'n hele nasie.

Deur *koinonia* ervaar bogenoemdes dat hulle aanvaar en nie verwerp word nie en dat liefde en ondersteuning nie van hulle weerhou word nie. Deur *koinonia* word ons ook gedring om alle mense welkom te laat voel, ongeag ras, volk, stam, taal, klas, rang, ens. Ondersteuning kan ervaar word deur middel van warm, ondersteunende vriendskappe.

- Normatiewe aspekte het aangetoon dat God arbeiders vir die veld roep, maar dat ongehoorsaamheid egter tot gevolg het dat sommige “met geweld” uitgegooi word. Na aanleiding van bogenoemde is die vraag daarom: Is God nie reeds besig met die uitgooiproses as gevolg van 'n versuim om by sy oes in Suid-Afrika betrokke te raak nie?
- Die geloofsgemeenskap se bure en werkskollegas dien as verdere potensiële geleenthede vir die smee van verhoudings wat deur *koinonia* lewensveranderend kan wees. Soms is dit nodig om mense se stories te hoor voordat ware omgee geskied. Daadwerklike geleenthede moet daarom geskep word om mekaar se stories te hoor. Indien dit gebeur, kan die samelewing die teenwoordigheid en omgee van God herken.

5.11 STRATEGIESE PERSPEKTIEWE OP DIE PLAASLIKE KERK SE ROEPING TEN OPSIGTE VAN GEMEENSKAPSONTWIKKELING ASOOK MORELE ONTWIKKELING

(1.3.1), (2.1), (3.10.4), (3.10.4.2), (3.10.6.1), (4.3), (4.8)

Die hermeneutiese en strategiese perspektiewe rakende die plaaslike kerk se roeping word vervolgens bespreek, naamlik:

Kerke word per definisie as morele agente geklassifiseer. Die kerk het baie om te bied in die morele opbou van die Suid-Afrikaanse samelewing. Dit kan koers aandui in die vakuum wat gelaat word deur die erosie van sekularisme. Die vraag is egter: Hoe kan die kerk as morele agent in die samelewing hierdie dinamiese invloed in 'n sekulêre omgewing uitoefen?

5.11.1 Hermeneutiese wisselwerking op die plaaslike kerk se roeping ten opsigte van gemeenskapsontwikkeling en morele ontwikkeling

Die volgende hermeneutiese perspektiewe het in die beredenering vanuit hoofstuk 1 tot 4 na vore getree, naamlik:

Hoofstuk 1 belig die morele gemeenskap, met die klem op die voorbeeld (modellering) wat gestel word ten opsigte van 'n Christelike moraliteit in die samelewing.

Hoofstuk 2 benadruk die kerk se verantwoordelikheid om vanuit kerkwees konkrete voorbeelde te wees van die funksionering van 'n morele gemeenskap. Die mening is daarom dat die etiek genader moet word vir die bepaling van mense se morele optredes.

Hoofstuk 3 belig sienswyses tot 'n beter begrip van die morele rol van die kerk. Gedagtes is geopper vanuit die moderne opvatting dat godsdienstige oortuigings in der waarheid moraliteit beliggaam. Hiermee word bedoel dat godsdienstige oortuigings as 'n lewenswyse morele dade insluit. Sodoende word 'n morele gemeenskap gevorm wat getrou aan hul God leef.

Die vestiging en verwesenliking van 'n morele gemeenskap behels daarom dat teologie in die gemeenskap uitgeleef moet word (vgl. die konsep van "lived religion"). Veranderende tye benodig egter dat daar vir elke morele kwessie opnuut besinning in die

vorming van nuwe waardes gedoen word. Spanprosesse word benodig in hierdie groeifase. Gedurige refleksie gee meer as een oplossing en sodoende geleentheid vir morele groei asook geleentheid vir die uitbreiding van mense se morele bewussyn.

Morele optredes word vanuit die Woord beoordeel. Dit is belangrik om te besef dat liefde as fondament benodig word vir die toepassing van alle morele handeling. Hierdie morele optredes sluit twee morele absoluutheid in, naamlik geregtigheid en om lief te hê. Geregtigheid behels regverdige optredes en liefde sluit hulpverlening in nood in. Hierdie morele optredes eggo regdeur die Bybel as geregtigheidsdade vanuit die Ou Testament en liefdeshandeling vanuit die Nuwe Testament. Sodanige morele optredes toon gevolglik God se heerskappy in die harte van sy mense.

Die geloofsgemeenskap het daarom die verantwoordelikheid om dade wat by hul bekering pas aan die wêreld te toon. Matteus 25:34–35 toon “dade” aan as verpersoonliking van dade aan Hom, of dit nou geregtigheidsdade of ongeregtigheidsdade is. Vanuit hierdie hoek word hedendaagse morele kwessies daarom met dieselfde Bybelse norme gekonfronteer.

Met die oog op die morele verval, soos reeds genoem, is die vrae dus: Watter rol speel die invloed van die kerk in al die hedendaagse verhoudingskwessies rakende morele gedrag? en Is daar ’n verskil tussen die morele gedrag, waardes en lewensgetuigenis van die geloofsgemeenskap en dié van die wêreld?

Oplossings word benodig vir morele kwessies soos onderdrukkende en onregverdige sosiale strukture wat ideologieë soos rassisme, xenofobie of seksisme huisves. Postmodernistiese slagspreuke soos “nothing is sacred” en “everything goes” toon onaanvaarbare invloedsfere. Morele pluralisme se invloed in die Westerse samelewings skyn veral deur ten opsigte van huweliks- en seksuele etiek.

Die kerk as morele gemeenskap het ’n ryk skat van Bybelse etiek wat voorbeeldig in die sekulêre samelewing uitgestal kan word en waardeur soekende mense na God gelei kan word. Deur die vestiging van nuwe gewoontes wat die Gees leer, word die mens verander in goeie, deugsame, morele persone wat met karakter en integriteit lewe. Dit beteken dat die geloofsgemeenskap op hierdie wyse ’n rol te speel het in die herstel van moraliteit in Suid-Afrika.

Die kerk as morele gemeenskap het dus nodig om die voorbeeld te stel van wat Christelike moraliteit in die praktyk behels. Wanneer kerke geloofwaardige hoop in Suid-Afrika wakker maak, sal hulle nie net 'n groot bydrae maak tot morele vernuwing nie, maar ook 'n herwaardering van die Christelike geloof in die sekulêre Suid-Afrikaanse samelewing aanwakker.

Hoofstuk 4 beklemtoon weereens die nodigheid vir etiek in die bepaling van morele optredes. Die kerk het 'n verantwoordelikheid om 'n konkrete voorbeeld te wees van die funksionering van 'n morele gemeenskap. Die fundamentele behoeftes in die soeke na wysheid vir die samelewing behels die bou van mense se moraliteit. Die handhawing van goeie morele waardes is dus van kardinale belang, veral in die alledaagse bestuurs- en leierskapswêreld. Geen werksomgewing en land kan voorspoedig wees as moraliteit en integriteit nie as primêre beginsels geag word nie.

5.11.2 Strategies-pastorale perspektiewe op die plaaslike kerk se roeping ten opsigte van gemeenskapsontwikkeling asook morele ontwikkeling

Die volgende strategiese perspektiewe word gebied, naamlik:

- Die kerkleier moet vanuit 'n roepingsbesef die oortuiging hê dat die Woord mense rig en leiding gee hoe om moreel te leef, ongeag veranderende tye. Veranderende tye het tot gevolg dat die geloofsgemeenskap gedwing word om gereeld te besin oor morele kwessies sodat daar leiding aan mense gegee kan word hoe om morele lewens te lei.
- Die kerkleier moet die geloofsgemeenskap toerus in die nodige geregtigheidsoptredes en liefdesdade tot verandering van huidige gemeenskapsprobleme. Mense moet ingeligte besluite kan neem en nie net die norm aanvaar as die beste en wyste nie.
- Die kerkleier moet op hoogte bly van postmoderne sieninge, veral rakende huweliks- en seksuele etiek. Indien die kerkleier nie op hoogte bly nie, raak hy/sy uit voeling om gemeenskapslede in hierdie agogiese proses met die nodige inligting te begelei. Huidige lewenswyses benodig blootstelling aan Bybelse waardes. Mense moet opleiding ontvang om Bybelsgefundeerde norme as die beste waardes te erken tot verandering van lewenswyses.

- As morele gemeenskap is dit daarom nodig dat elke kerkgemeenskap met hul lewenswyses die voorbeeld stel van wat Christelike moraliteit in die praktyk behels. Moontlik kan die herwaardering van die kerk as gemeenskap die sleutel wees om 'n nuwe en wye bestaansruimte vir die kerk as morele agent in die sekulariserende samelewing oop te sluit.
- Die kerk moet op die fondament van goedontwikkelde Bybelse morele standaarde 'n etiese etos in die publieke sektor bevorder en ontwikkel. Waaksaamheid word benodig ten opsigte van dade soos korrupsie, dinge wat verkeerd is en gedrag soos hebsug, nepotisme en uitbuiting wat moreel onhoudbaar en sosiaal vernietigend is. Selfs in persoonlike morele keuses, wat seksuele keuses, geldelike besluite en selfs kinderopvoeding insluit, is daar 'n noodroep tot praktiese voorbeelde om na te volg.
- 'n Lewe in Suid-Afrika met al die kwessies soos rassisme en xenofobie veroorsaak dat die kerkleier die geloofsgemeenskap moet bemagtig om soms teen huidige gesinswaardes op te staan vir moraliteit. Voorbeelde van versoening word benodig vir transformasie na 'n nuwe Suid-Afrika. Deur gasvryheid kan mense wat verwerping en eensaamheid in plaaslike gemeenskappe beleef, vriendskap gebied word.
- Kerkleiers moet as voorbeelde van 'n integriteitslewe dien. Die gemeenskap wil graag mense volg wie se woorde in lyn met hul dade is. Kerkleiers is aan God verantwoordbaar en kan daarom dien as navolgenswaardige voorbeelde wat in alle omstandighede tot voordeel van die geloofsgemeenskap sowel as die samelewing optree.
- Indien die kerk mense met integriteit kweek, sal hierdie goeie getuienisse tot gevolg hê dat die besigheidsektor die kerk nader vir die aanstelling van nuwe personeel. Gevolglik kan die morele rol van die kerk vervul word tot voordeel van lidmate sowel as die samelewing.

Om waarlik kerkwees te begryp, is dit nodig dat daar 'n duidelike begrip van die noodsaaklike roeping, missie, aard en identiteit van die kerk is. In waarlike kerkwees word daar gevolglik minder van 'n "instelling" gepraat en meer oor die "organisme", wat beteken die kerkgemeenskap is lewendige verteenwoordigers van God vir ALLE mense. Dit sluit ervarings en begrippe soos die familie van die Vader, die liggaam van Christus en die gemeenskap van die Heilige Gees in.

Dit sal tot gevolg hê dat die kerk (geloofsgemeenskap) weer die taal en stories van hoop in haar alledaagse lewe kan deel. In hierdie kerkwees kan die gemeenskap weer ervaar dat God goed is en dat Hy waarlik omgee (Dreyer, 2015b:5).

5.12 'N PASTORALE MODEL GERIG OP BEDIENINGSBEHOEFTE BINNE DIE AGS

Op grond van die pentekostalistiese fondament waarop hierdie navorsing gebou is, word die volgende model as visualisering van voorafgaande perspektiewe voorgehou vir implementering in plaaslike gemeentes.:

5.12.1 Inleiding

Die AGS Kerk se nasionale ampsdraers hou tans 'n raamwerk voor tot bemagtiging en begeleiding van plaaslike gemeentes en tot vervulling van die AGS Kerk se missionale roeping. Hierdie raamwerk, genaamd die One AFM Game Plan, dien as 'n strategiese fokus op vyf verskillende areas.⁴⁷ Dit is in 2013 uitgerol en het verskeie internasionale pryse gewen.

Hierdie navorsing hou 'n pastorale model voor wat op die bedieningsbehoefte binne die AGS fokus. Dit is saamgestel uit die One AFM Game Plan asook die strategiese perspektiewe op die bemagtiging van kerkleiers tot die begeleiding van die geloofsgemeenskap in die skep van 'n rimpel-effek van geregtigheid.

Die AGS is 'n missionale beweging met 'n passie vir sielewins. Die missionale roeping van die kerk dien as die fondament en motivering van alle aktiwiteite en funksionering. Die One AFM Game Plan is die raamwerk vir 'n kommunikasieproses wat op die verskillende leierskapsvlakke gemik is en waarop gefokus word in die missionale roeping van elke AGS-gemeente. Die kern van die proses is die begeerte om alle plaaslike kerke as kragtige getuïenisse en sielewenners in plaaslike gemeentes sowel as in plaaslike gemeenskappe en die markplein werksaam te sien.

5.12.2 Die AGS Game Plan⁴⁸

Die One AFM Game Plan fokus daarop om as 'n missionaal-gerigte kerk te dien waar elke lidmaat hom/haarself as 'n aktiewe lid van die liggaam van Christus ag. Elke kerklidmaat

⁴⁷ <http://afm-ags.org/leading-the-afm/one-afm-game-plan/>

⁴⁸ <http://afm-ags.org/category/one-afm-game-plan/>

is deur God geroep en gestuur om waar ook al hy/sy is, die lig en sout van die aarde te wees. Hierdie roeping van elke gelowige behels in kort dat lidmate:

- kerk sal wees buite die kerkgebou;
- getuies vir Christus sal wees;
- Christus aktief in hul gemeenskappe sal verteenwoordig; en
- begelei sal word om hul roeping as verteenwoordigers van God se koninkryk te erken (Matteus 28:19; Markus 16:15; Johannes 20:21; Handeling 1:8).

Dit is belangrik om die fondament waarop die strategiese plan gebou is, naamlik die missionale roeping van die kerk, met drie beginsels te belig:

1. Elke AGS-gemeente het die verantwoordelikheid om as gestuurd aandag aan die missie van God (*Missio Dei*) te gee. Die Vader het sy Seun gestuur; die Vader en die Seun het die Gees gestuur; die Vader, Seun en Gees stuur gesamentlik die kerk (Johannes 20:21). Dit is van kardinale belang dat die kerk, wat elke individuele lidmaat insluit, as liggaam gehoor sal gee aan hierdie opdrag.
2. Die kerkdien is nie veronderstel om die primêre skakelpunt met dié buite die kerk te wees nie – veral nie in 'n post-Christendom konteks nie. Die primêre uitdaging is nie om meer mense in die kerk (gebou) te kry nie, maar om meer “kerk” onder die mense van die wêreld te wees. Die markplein en die gemeenskap word die hoofkontakpunt met die nielede. Die benadering van “**kom en kyk**” moet verander na “**gaan en wees**”.
3. Die hoofdeel van Jesus se evangeliebediening was nie tot die kerk/tempel beperk nie en het nie in die tempel of sinagoges plaasgevind nie:
 - Jesus het dissipels geroep, nie uit die tempel of vanuit die geleedere van die teoloë en godsdienstige leiers nie, maar by mense se werksplekke. Byvoorbeeld: Terwyl hulle visvang of belasting opgaar (Matteus 4:19; Lukas 5:27–28).
 - Jesus se lering oor die Koninkryk (die Bergrede) is nie in die tempel nie, maar op 'n berg gelewer (Matteus 5–7).
 - Wonderwerke het in mense se huise en op die paaie plaasgevind (Matteus 8).
 - Jesus het plekke besoek wat bekend was vir oorvloedige hartseer en pyn, soos die bad van Bethesda (Johannes 5:1–8).

- Jesus het neergebuig en klein kinders in die strate van Jerusalem omhels (Matteus 19:13–15).
- Jesus was goedgesind teenoor sondaars, maar streng teenoor godsdienstige skynheiligheid (Matteus 23:1–39).
- Jesus was by feesgeleenthede soos die bruilof op Kana (Johannes 2:1–12).
- Jesus het oor grense heen sendingwerk gedoen. Dit het die buiteland ingesluit ten spyte van sterk okkultiese praktyke, soos met die besetene van Gadara (Markus 5:1–20).
- Jesus het melaatses aangeraak en die ongeliefdes liefgehad, soos die belastinggaarders/tollenaars (Lukas 5:12–13).
- Jesus het kulturele, geslags- en rassegrense geïgnoreer, byvoorbeeld die Samaritaanvrou by die put (Johannes 4:1–10).
- Jesus het met sondaars omgegaan. Hy is selfs 'n “vraat en wynsuiper, vriend van tollenaars en sondaars” genoem. (Matteus 11:19).

'n Missionale kerk neem aktief aan die missie van God deel. 'n Missionaal-gerigte kerk fokus al haar aktiwiteite op deelname aan God se agenda vir die wêreld. Alle kerkaktiwiteite moet op en om die *Missio Dei* gefokus en georganiseer wees. As die kerk met 'n wiel vergelyk word, is missionaliteit nie die wiel se spreek nie – dit is die kern, die kegel van die wiel.

Die volgende vyf areas is gevolglik die fokus in die missionale strategie, naamlik:

- Dissipelskap
- Bemagtiging
- Ekumeniese betrokkenheid
- Gemeenskapsbetrokkenheid (sosio-ekonomiese verantwoordelikhede)
- Bestuur

5.12.3 Die AGS se missionale strategie uitgeleef in dissipelskap

Die beginsels van dissipelskap behels die begeleiding van lidmate na die voorbeeld van Christus. Dissipelskap beteken die lewenslange proses van spontane en doelgerigte leer, opleiding, groei en ontwikkeling waartydens die gelowige, deur die werk van die Heilige

Gees, in toenemende egtheid al hoe meer van Jesus Christus in sy/haar lewe demonstreer (Matteus 28:19; 1 Korintiërs 11:1; Galasiërs 4:19; Handeling 1:8; 2 Korintiërs 3:18; Galasiërs 5:22).

Ware missionale gerigtheid voorveronderstel ware dissipelskap. Dissipelskap begin daarom eerstens met verlossing, 'n oorgawe van die self (1 Korintiërs 11:1). Die kern van dissipelskap is om die karakter en gedagtes van Christus te internaliseer. Dissipels se lewens word geken aan liefdesdade na die beeld van Christus in alledaagse optredes deur sy krag (Galasiërs 4:19).

Dissipelskap impliseer egter ook bemagtiging. Nuutbekeerdes moet begelei word na die spontane uitleef van die vrugte van die Gees (Galasiërs 5:22). Die mislukking van ware dissipelskap in Christus is dalk een van die tekortkominge in die huidige stand van Suid-Afrikaanse kerke. Soveel onaanvaarbare vlakke van maatskaplike, seksuele en persoonlike euwels asook ongeregthede heers ten spyte van 'n aanwesige hoë persentasie Christene.

God beveel dissipels, as persoonlike volgelingen van Christus, om na volmaaktheid te groei (Efesiërs 4:12). Hierdie groeiproses behels prediking, lering en die voorbeeldige lewens van leierskap in mentorverhoudings asook begeleiding vanuit ware en egte verhoudings. Ware dissipels word in elke AGS-gemeente benodig, van die kleinste gemeente tot die megakerke.

5.12.3.1 *Strategiese perspektiewe op die begeleiding van die geloofsgemeenskap om die uitkringende aard van geregtigheid te bewerkstellig in die uitleef van dissipelskap*

Na aanleiding van bogenoemde model, word daar vanuit praktiese teologie gefokus om die model te verbeter met strategiese perspektiewe tot die bemagting van die kerkleier en sodoende die begeleiding van die geloofsgemeenskap. Die vooropgestelde gedagte is om te konsentreer op die plaaslike gemeente vir effektiewer betrokkenheid vanuit daad van omgee wat fokus op die kerk se missionale roeping en die gevolglike rimpel-effek van geregtigheid (goedheid).

Konkreet gestel sal 'n benadering om goeie verhoudings met bure in die gemeenskap te bou van kardinale belang wees, want hierdeur word kommunikasiekanale vir praktiese daad van omgee asook 'n bereidwilligheid om onbaatsugtig te dien, geskep (vgl. paragraaf 1.1.2). 'n *Missio Dei* gebou op 'n *Passio Dei* word benadruk. Dit behels dat 'n praksys van daadwerklike medelye en omgee vir ALLE mense al hoe meer vergestalt, aangesien die missionale roeping ook vereis dat die teenwoordigheid van die kerk in die samelewing 'n konstruktiewe boodskap moet vertolk.

Kortliks ('n meer in-diepte bespreking volg by model) kan die plaaslike AGS Kerk waarde tot die gemeenskap toevoeg sowel as op die missionale roeping van die kerk fokus, naamlik:

- Plaaslike kerke kan aan die gemarginaliseerdes 'n geborgenheid bied waar die stemlose 'n stem besit (menswaardigheid) en waar gelowiges mekaar op pastorale wyse kan bedien en verryk. Die geloofsgemeenskap moet menswaardige optredes teenoor alle lede van die samelewing uitleef vanuit praktiese voorbeelde en geleenthede. Juis daarom word 'n gesindheid van omgee benodig.

Kerkleiers moet doelgerigte beplanning vir die begeleiding van die geloofsgemeenskap daarstel. Hierdie beplanning sluit 'n jaarprogram in wat vanuit die prediking met gefokusde temas strategieë daarstel tot versoening en rekonsiliasie van mense. Projekte, opleiding asook *koinonia*-groepe is geleenthede om “vreemdelinge” te ontmoet. Hierdie geleenthede kan gelowiges vanuit verhoudings leer om mekaar se stories te hoor en mekaar met respek en liefde te behandel.

Deur die narratiewe met mekaar te deel binne die raamwerk van 'n gesindheid van omgee, word die beginsel van genesing gestimuleer deurdat wedersydse begrip intree. Indien alle mense met liefde en respek op hierdie wyse behandel word, sal geregtigheid in menslike verhoudings kan realiseer.

5.12.3.2 Strategiese perspektiewe op die begeleiding van die geloofsgemeenskap om die uitkringende aard van geregtigheid te bewerkstellig met bemagtiging

Bemagtiging beteken om die heiliges (lede) toe te rus om hul roeping en goddelike gawes en talente uit te leef (Efesiërs 4:11–12; Matteus 28:19 (leer); 2 Timoteus 2:2). Die bemagtiging van lidmate is deel van die visie van die AGS, naamlik: *Ons sien 'n kerk wat vir alle mense toeganklik is, wat ons eenheid en Godgegewe diversiteit vier, wat **ons lede bemagtig** in 'n omgee wat gemeenskappe tot God se glorie transformeer* (AGS-webblad, 2019⁴⁹).

Met ander woorde, een van die hoofredes vir kerkbywoning is die bemagtiging van gelowiges. Bemagtiging is 'n inherente deel van die Groot Opdrag, soos beskryf in Matteus 28:19: *Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en **leer hulle** om alles te onderhou wat Ek julle beveel het*. Om van gelowiges dissipels te maak, behels bemagtiging.

Die kernskrif waaruit bemagtiging funksioneer, is Efesiërs 4:11–12: *En dit is die “gawes” wat Hy gegee het, naamlik: apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars tot toerusting en opbouing van die liggaam van Christus vir dienswerk*.

Die belangrikheid van die skep van 'n omgewing en kultuur waar “gewone” lidmate hul verantwoordelikhede as “voltydse” lede van die liggaam van Christus opneem, word belig. Elke lid moet hierdie besef, naamlik hul redding en roeping, met hul spesifieke gawe(s) herken en erken. Lede word geroep om op moderne “markpleine” te leef en te werk in die uitleef van hul roeping. Die oproep tot die uitleef van die opdrag, naamlik om 'n sending-gerigte gelowige te wees, is onmiskenbaar.

⁴⁹ <http://afm-ag.s.org/category/one-afm-game-plan/>

Die kerkleier moet lede na bemagtiging lei gebou op die voorbeeld van Jesus. Daarvolgens is sekere stappe na vore gebring waarvan tyd met die dissipels in lering eerstens plaasgevind het. Die volgende stap het die “hoe om” ingesluit. Daarna het hulle deel van die praktyk geword, naamlik die evangelie vanuit bediening. Geleenthede het byvoorbeeld die vermenigvuldiging van vis en brood ingesluit. Laastens is die dissipels uitgestuur (Lukas 9:1–2).

Jesus het die dissipels vanuit die praktyk geleer en reggehelp, byvoorbeeld in die geval van die seun met die bese geeste (Markus 9:14–29). Jesus modelleer mentorskap en afrigting as broodnodig vir opleiding en bemagtiging deur die Heilige Gees voordat die dissipels in die wêreld gestuur is (Lukas 21:49; Handeling 1:8). Hierdie proses moet gedurig plaasvind met nuwe bekeerdes (Matteus 28:19; 2 Timoteus 2:2).

Bemagtiging vind op verskillende maniere en vlakke plaas. Die hoofdoel van bemagtiging is die ontwikkeling van ware dissipels as apostoliese verteenwoordigers wat die *Missio Dei* (missie van God) vervul. Lidmate moet weet dat hul roeping as getuies van Christus vas is deur hul lewens en werk as gelyke en “voltydse” deel van God se liggaam.

5.12.3.3 *Strategiese perspektiewe op die begeleiding van die geloofsgemeenskap om die uitkringende aard van geregtigheid te bewerkstellig met ekumeniese betrokkenheid*

Met ekumeniese betrokkenheid moet aanvaar word dat die AGS nie op haar eie kan aanspraak maak as die kerk se roepingsvervulling nie. Die AGS is slegs een deel van die gesamentlike kerk (God se koninkryk). Samewerking tot vestiging van die eenheid van alle kerklike denominasies benodig daarom kennis, aanvaarding en respek as liggaam van Christus.

Die bevordering van die eenheid van alle kerklike denominasies benodig gesamentlike pogings waar die geloofsgemeenskap van verskillende denominasies saamwerk vir nouer verhoudings tot beter begrip van mekaar. Die geskiedenis toon aan dat die pentekostalistiese beweging in haar eerste bestaansjare nie deur die hoofstroomkerke ontvang is as deel van die groot familie van God nie. Hierdie situasie het egter totaal verander in die laaste paar dekades. Die Bybelgenootskap en pastorale dienste het in baie opsigte die weg gebaan tot aanvaarding.

Die groter liggaam van Christus moet gerespekteer word. Jesus se gebed in Johannes 17:20–21 fokus op eenheid vanuit verskillende kerkgenootskappe. Die gesamentlike groei van die koninkryk van God is daarom broodnodig. Sy koninkryk baat niks as kerklidmate van een kerk na die ander beweeg nie.

Internasionaal sowel as nasionaal neem die AGS aan verskeie geloofsgebaseerde organisasies deel. Die behoefte is om ook op plaaslike vlak deel van samewerking en vennootskappe te wees. Sosiale aktiwiteite kan 'n kragtige uitwerking hê wanneer kerke saamwerk. Veral gebeure op die geloofskalender (byvoorbeeld Hemelvaart en Kersfees) kan dinamiese optredes en resultate lewer vanuit die gesamentlike viering daarvan.

Die AGS kan nie 'n ware sendingkerk wees as omgee vir die groter liggaam van Christus nie geskied nie. Verhoudings en die gees van eenheid tussen kerkleiers en plaaslike kerke kan daartoe lei dat die wêreld sal glo (Johannes 17:21).

5.12.3.4 Strategiese perspektiewe op die begeleiding van die geloofsgemeenskap om die uitkringende aard van geregtigheid te bewerkstellig met gemeenskapsbetrokkenheid (sosio-ekonomiese verantwoordelikhede)

Die AGS moedig lidmate aan om as plaaslike gemeentes by die uitdagings van die plaaslike gemeenskap betrokke te raak. Etiese optredes tot die vestiging van 'n beter gemeenskap behels optredes wat op Bybelse beginsels gebaseer is. Gemeenskapsbetrokkenheid beteken daarom Christusgebaseerde betrokkenheid by die fisieke, ekonomiese en verhoudingsomstandighede waarin mense en gemeenskappe hulself bevind.

Begrippe wat 'n beter verduideliking gee van gemeenskapsbetrokkenheid is:

- Hulp ten opsigte van die voorsiening aan gemeenskapsbehoefte;
- Uitreiking na mense in nood;
- Dade van goedheid;
- Opheffingsoptredes;
- Alledaagse optredes wat 'n verskil maak in mense se lewens; en
- Bediening aan die totale persoon.

Die AGS stel geregtigheid voorop in die samelewing. Aktiewe betrokkenheid by die genesing en herstel van gemeenskappe is daarom van kardinale belang. Gemeenskapsbetrokkenheid is 'n kernwaarde wat op die visie-stelling van die AGS gebou is, naamlik: *Ons sien 'n kerk wat toeganklik is vir alle mense, wat ons eenheid en Godgegewe diversiteit vier, wat ons lidmate bemagtig om om te gee en om gemeenskappe tot eer van God te transformeer* (AGS-webblad, 2019).

Die grootste motivering is God se omgee vir die wêreld. God gebruik die kerk as instrument om hierdie omgee vir die wêreld in plaaslike gemeenskappe te demonstreer.

Terwyl die missionale roeping die basis vorm van die One AFM Game Plan, behels betrokkenheid by die gemeenskap die sleutel tot die vervulling van lidmate se missionale roeping. Die mate waartoe gemeenskappe beïnvloed word, bepaal die missie se sukses. Hierdie impak kan gemeet word aan die bekende vraag: Sal die gemeenskap die kerk mis indien die kerk sou moes toemaak?

Gelowiges leef en bedien in gemeenskappe wat negatief geraak word deur die Bose. 'n Groot deel van die Suid-Afrikaanse samelewing ly weens haglike sosio-ekonomiese omstandighede. Ongeag die historiese of huidige redes vir hierdie situasie, kan die kerk nie onbetrokke bly en die regering of humanitêre organisasies verantwoordelik hou vir betrokkenheid nie. Gelowiges moet betrokke raak en plaaslike gemeentes moet deelneem deur omgee, toerusting en bemagtiging.

Deelname sluit egter in om te waak teen die skep van 'n afhanklike kultuur. Bemagtiging word benodig vanuit subsidiariteit. Mense moet verantwoordelik deelneem aan die beplanning van hul eie lewens en toekoms. Mense benodig dus opleiding sowel as werkskepping tot opbou van plaaslike gemeenskappe.

5.12.3.5 *Strategiese perspektiewe op die begeleiding van die geloofsgemeenskap om die uitkringende aard van geregtigheid te bewerkstellig met verantwoordelike bestuur (rentmeesterskap)*

Die beginsel om goeie rentmeesters (bewaarders, toesighouers, beskermers) van God se hulpbronne te wees, word in verskeie Bybelverse weergegee (onder andere 1 Timoteus 3:5).

Goeie bestuur in die AGS Kerk behels die opneem van verantwoordelikheid om op alle vlakke van die kerk, met al die beskikbare hulpbronne, aan die behoeftes van lede te voldoen. Dit word gebou op doeltreffende leierskap met morele beginsels en fokus op die groei en ontwikkeling van die kerk. Goeie bestuur is dus onlosmaaklik aan die sending-gerigte fondament van die kerk verbind.

Die kerk moet waak teen Satan en sonde wat anargie en wanorde ten doel stel. Alles wat God geskep het, leef en werk in perfekte harmonie en balans met die res van sy skepping. Satan, in die mens se sondegebroke, aardse realiteit, probeer om wanorde en disfunksie te veroorsaak, ook in die kerk met wanbestuur.

Goeie kerkbestuur erken dat gelowiges nie perfekte en foutlose mense is nie en dat dit tot voordeel en veiligheid van die liggaam is dat verantwoordelikheid en rekenpligtigheid gekontroleer word. Bestuur gaan oor toesig op alle vlakke in die kerk, sonder die beperking of onderdrukking van inisiatiewe. Goeie bestuur behels goeie rentmeesterskap van God se liggaam en belange, en die uitleef van integriteit tot beskerming van die kerk.

5.13 'N MODEL VIR KERKLEIERSKAP TOT DIE VESTIGING VAN DIE UITKRINGENDE AARD VAN GEREGTIGHEID AAN DIE HAND VAN BOGENOEMDE NEGE PERSPEKTIEWE

Suid-Afrika se statistieke wys dat die grootste deel van die Suid-Afrikaanse samelewing gelowiges is. Oplossings vir huidige gemeenskapsprobleme gaan egter nie slegs net deur kerkstrukture verkry word nie. Die dinamika lê dus daarin om strategieë te verkry deur middel van tafelbesprekings tussen kerke en verskillende organisasies.

Strategieë benodig aksieplanne, nie net leë woorde nie. Kerke sowel as die burgerlike samelewing en bestaande organisasies kan gesamentlik met groter effektiwiteit

gemeenskapsuitdagings aanspreek – die bindende faktor is almal se omgee vir die gemeenskap. Hierdie strategieë gee vir kerke 'n platform om deel te raak van die dinamika van 'n span rolspelers wat almal een fokus het, naamlik die transformasie en rekonsiliasie van die gemeenskap.

Die onderstaande perspektiewe word voorgehou gebou op die fondament van AGS-waardes. Die navorser het ook gebruik gemaak van praktiese insette vanuit die House of Hope-model as 'n voorbeeld van 'n plaaslike projek wat funksioneer vanuit die rol van die kerk in die samelewing (vgl. verhandeling Botes, 2016).

5.13.1 Die plaaslike kerk se begeleidingstaak in die verandering van gesindhede rondom menswaardigheid en die uitkringende aard van geregtigheid

Die missionale roeping van elke AGS-gemeente bring verantwoordelikheid mee. Hierdie verantwoordelikheid sluit in:

- *Dissipelskap*

Ware dissipelskap vereis dat elke lidmaat in die uitleef van God se roeping koninkrykswaardes met hul alledaagse optredes sal weerspieël. Die werksplek is gevolglik 'n reuse-invloedsfeer vir die vestiging van koninkrykswaardes. God se koninkryk vereis dat gelowiges se optrede in die gemeenskap daarop gerig moet wees om sy koninkryk te laat kom. Die mens is geskape as sy ambassadeurs op aarde.

Elke mens wil graag deel wees van 'n goeie lewe. Die proses van saamleef in 'n gemeenskap om gesamentlik 'n goeie lewe te lei, behels egter fronesis. Goddelike wysheid word benodig in die aanspreek van die gemeenskap se behoeftes om die gemeenskaplike goedheid ("common good") te verkry.

Soos reeds gemeld, word dissipels se lewens geken aan liefdesdade na die beeld van Christus in alledaagse optredes. Die mislukking van ware dissipelskap in Christus word as een van die tekortkominge in die huidige stand van Suid-Afrikaanse kerke beskou. 'n Hernude fokus is daarom nodig op lidmate se roeping in die AGS Kerk en die uitkringende effek van die geloofsgemeenskap se liefdesdade.

- *Bemagtiging*

Kerkleiers het die verantwoordelikheid om die heiliges (lede) toe te rus om hul roeping en goddelike gawes en talente uit te leef. Die bemagtiging van lidmate as deel van die visie van die AGS het ten doel “’n omgee wat gemeenskappe tot God se glorie transformeer”. Met ander woorde, een van die hoofredes vir kerkbywoning is die bemagtiging van gelowiges.

Die woord “bemagtiging” onderskryf die verantwoordelikheid van die kerkleier om die geloofsgemeenskap te bemagtig in die opneem van hul gesag en heerskappy as beelddraer van God. Gepaardgaande met hul roeping geld die beginsels van rentmeesterskap. Elke gelowige het dus ’n verantwoordelikheid teenoor God in die ontwikkeling van die aarde en die vestiging van *shalom* in gemeenskappe. Die uitkringende effek van geregtigheid (goedheid) wat deur omgee geaktiveer word, is daarom van kernbelang.

- *Ekumeniese betrokkenheid*

Die uitleef van God se visie fokus die aandag op die beginsel dat gemeenskapsuitdagings slegs effektief aangespreek kan word deur spanwerk. Omgee en verhoudings maak dat invloedsfere, wat soos twee magneetpole normaalweg nie sou kon saamwerk nie, wel kan saamwerk omdat hulle omgee vir ’n gemeenskap. Soos in Jesus se voorbeeld, kan brûe gebou en ’n openheid geskep word vir die draers van die evangelie.

Mense verlang na ’n beter gemeenskap en slegs spanwerk kan dit bewerkstellig. Kerke se uitdaging is om as toonaangewers eenheid aan die gemeenskap te demonstreer. Gemeenskaplike projekte wat deel maak van daad van geregtigheid (goedheid) in die plaaslike gemeenskap is daarom ideale geleenthede tot voordeel van almal in die gemeenskap. Die AGS kan nie ’n ware sendingkerk wees as omgee vir die groter liggaam van Christus nie geskied nie. Verhoudings en die gees van eenheid tussen kerkleiers en plaaslike kerke kan daartoe lei dat die wêreld sal glo (Johannes 17:21).

- *Gemeenskapsbetrokkenheid (sosio-ekonomiese verantwoordelikhede)*

Hierdie omgee word deur gemeenskapsbetrokkenheid met liefdesdade getoon en word deur die AGS in die samelewing vooropgestel. Aktiewe betrokkenheid by die genesing (geregtigheidsoptredes) en herstel van gemeenskappe is daarom van kardinale belang. Dade van omgee versterk die boodskap van die plaaslike kerk. Christene, as deel van die *ekklesia*, is 'n geroepe gemeenskap van gelowiges wat namens God optree, asof Hyself teenwoordig is by die nood en omgee vir die mensdom.

Aktiewe betrokkenheid by gemeenskapsuitdagings leer gelowiges om 'n geoefende oog te ontwikkel vir die nood van mense om hulle. Hierdie optredes van gelowiges open die hart en ore van mense in die samelewing om na hul boodskap te luister.

Twee wyses waarop die kerk as liggaam van Christus op 'n kragtige manier kan kommunikeer, is deur middel van *koinonia* (omgee) en *diakonia* (dienswerk). Hiermee word die belangrikheid van getuienis glad nie onderspeel nie. Hierdie twee sake is in wese eintlik 'n kragtige getuienis van 'n liggaam waarin lede vir mekaar omgee. Indien die *koinonia*-groepe binne plaaslike gemeentes funksioneel aangewend word en vriendskapsverhoudings met mense in die plaaslike gemeenskap gevorm word, behoort die samelewing iets van die realiteit van God se teenwoordigheid (*praesentia realis*) te herken.

- *Goeie bestuur*

Goeie bestuur word verkry deur die implementering van die uitmuntende spesialiteite van 'n verskeidenheid Christelike leiers. Met wysheid word groter effektiwiteit en beter etiese norme as resultate verkry. Die toepassing van integriteit en deursigtigheid is van kardinale belang vir die AGS asook as voorbeeld tot begeleiding van die geloofsgemeenskappe. Die aanspreek van heersende uitdagings soos korrupsie benodig die begeleiding van kerkleiers as voorbeelde van integriteit tot die herstel van plaaslike gemeenskappe.

5.13.2 Die behoefte aan gemeentelike leierskap wat leiding gee in gemeenskappe

Kerkleiers se taak ten opsigte van modellering is 'n terrein wat nog baie ontgin kan word. Dit blyk dat kerkleiers in die meeste gevalle nie betrokke is by gemeenskapsprojekte op

grondvlak nie; lidmate is eerder betrokke. Die volgende belangrike punte word neergelê as 'n noodsaaklikheid vir kerkleiers ten opsigte van modellering:

- Dat hulle regtig sal omgee en mense sal liefhê;
- opreg en toegewyd sal wees;
- Bybelse waardes sal leef en toepas;
- deursettingsvermoë sal toepas; en
- sal voltooi wat begin word.

Lidmate wil betrokke wees en kerkleiers kan 'n groot rol as brugbouers speel. Hulle sal gevolglik tevrede lidmate hê wat geestelik groei en namens die gemeente verhoudings in die plaaslike gemeenskap bou.

Die behoefte aan gemeentelike leierskap wat leiding gee in gemeenskappe word nou voorts aan die hand van die vyf aspekte van die voorgestelde model bespreek:

- *Dissipelskap*

Kerkleiers benodig 'n nuwe visie vir die versorging van die samelewing met dissipelskap as voertuig. Dissipelskap as waarde van die AGS Kerk kan daaglik toegepas word waar die geloofsgemeenskap in die samelewing betrokke is. Die realiteit is dat lidmate begelei moet word om hierdie geleentheid ten volle te benut.

Hierdie liturgies-pastorale verbintenis word verder omlyn in die roeping van die kerk om soos sout en lig op te tree as verteenwoordiger (rentmeester) van God in die samelewing. Gelowiges behoort die omgewing waarin hulle leef, woon en werk te verryk deur hul identiteit getrou uit te leef. Verteenwoordigers van God in die samelewing bring nuwe perspektiewe van lig en sout (smaak) na hul omgewing. Soos sout smaak gee aan kos, moet gelowiges smaak aan hul omgewing gee, en soos lig duisternis verdryf, moet gelowiges hoop gee.

- *Bemagtiging*

Leierskap het sy eie uitdagings en daarom het kerkleiers 'n verantwoordelikheid om kursusse by te woon om hulself toe te rus en op hoogte te bly van die nuutste leierskapsbeginsels. Die beginsel van selfvoeding wat lei tot gemeentevvoeding en oorloop in gemeenskapsvoeding kan as 'n handige merker dien.

Leiers se gesindheid ten opsigte van die samelewing moet egter eers verander. Diensknegleiers behoort op grond van 'n nuwe gesindheid ten opsigte van omgee vir die gemeenskap, gemeentes toe te rus sodat 'n nuwe visie op gemeenskapsuitdagings kan ontwikkel. Die regte leierskapstyl behoort een te wees waarin leiding deur middel van eie betrokkenheid geskied.

Die kerkleier kan byeenkomste reël waar kerkleiers en rolspelers vanuit die gemeenskap saam besin oor kernprobleme in die plaaslike gemeenskap en planne van aksie rondom die uitdagings. Sprekers vanuit byvoorbeeld maatskaplike dienste, die polisie en organisasies wat in die gemeenskap betrokke is, kan genooi word om die geloofsgemeenskap in te lig oor sekere gemeenskapsbehoeftes en om behoeftebepalings te doen. Sprekers vanuit verskillende organisasies in die “probleemveld” bied die potensiaal om verdere vennootskappe te vorm.

- *Ekumeniese betrokkenheid*

Die grondbeginsel van ekumeniese betrokkenheid is samewerking as liggaam van Christus. Dit is daarom van kardinale belang dat leierskap vanuit die kerkleier geskied en fokus op samewerking met verskillende kerke en organisasies tot vestiging van 'n rimpel-effek van geregtigheid in die gemeenskap.

- *Gemeenskapsbetrokkenheid (sosio-ekonomiese verantwoordelikhede)*

Deur samewerking en betrokkenheid van alle belanghebbendes om verandering te bewerkstellig en goeie verhoudings te skep, kan die *shalom* van die samelewing verkry word. Belanghebbendes, wat insluit die regering, private sektor en burgerlike samelewing, se betrokkenheid word benodig. Elkeen se spesifieke rol is nodig. Dit is belangrik om hier te besef dat verteenwoordigers van die samelewing dikwels ook 'n spesifieke kerk verteenwoordig. Hierdie oop deur na vennootskappe met ander kerke moet daarom benut word.

- *Bestuur*

Menswaardige optredes in die werksplek word benodig wat werksfunksionering nie net sal laat plaasvind vanuit 'n afwaartse bestuurstyl nie, maar wat gelowiges (spanlede) deel sal maak van besluitneming en inspraak gee in werksverrigtinge.

Hierdie insprake benodig dus dat die topbestuur sensitief sal wees en dit nie as 'n bedreiging beskou nie. Medegelowiges (spanlede) benodig weer vrymoedigheid om vanuit dialoog bestuurstyle en onsekerhede te bespreek sonder om bedreigend oor te kom. Hierdie gesamentlike deelname kan die welstand van al die spanlede verbeter en sodoende ook die produktiwiteit en effektiwiteit van werksfunksionering.

5.13.3 Die begeleidingstaak van leiers in die plaaslike kerk

Die verantwoordelikheid vir die toepassing van geregtigheid word op die leierskap van die samelewing geplaas. Met leierskap word bedoel elkeen wat invloed uitoefen of mag het oor die res van die gemeenskap. Om die geloofsgemeenskap as leiers in die samelewing betrokke te kry vir die skep van 'n rimpel-effek van geregtigheid (goedheid) is doelgerigte beplanning deur kerkleiers nodig.

- *Dissipelskap*

Plaaslike kerke behoort deur die verskillende gestaltes van Woordverkondiging begelei te word tot 'n gesindheidsverandering om as liggaam van Christus 'n nuwe begrip te ontwikkel van die werklikheid waarin mense hulself bevind. 'n Gesindheidsverandering bring 'n nuwe besef van diensbaarheid aan die samelewing as deel van die missionale roeping voort.

'n Gesindheid bestaan uit drie dele, naamlik 'n kognitiewe, affektiewe asook konatiewe komponent. 'n Ander manier van dink kan funksioneel wees in die skep van 'n nuwe ruimte van anders doen. Sodoende word ook kreatiewe ruimtes vir pastorale dienswerk geskep. Sodra mense by mekaar betrokke raak, soos byvoorbeeld in kuierverhoudings, kan 'n nuwe vlak van verhouding bereik word wat tot voordeel van die hele liggaam strek.

- *Bemagtiging*

Kerkleiers moet die geloofsgemeenskap doelgerig bemagtig om die negatiewe effekte van die gemeenskap teen te werk. Die negatiewe effek wat faktore soos werkloosheid, armoede, MIV en gesinstraumas op mense se selfwaarde het, kan deur middel van aanvaarding en 'n nuwe kerkfamilie genees word en mense kan begelei word tot die vorming van gesonde verhoudings. Die positiewe invloed van

'n omgee-samelewing in die ontwikkeling van 'n kollektiewe bewussyn kan geskep word deur middel van verhoudings wat mense na deugsaamheid begelei.

Die kerk, as gemeenskap van gelowiges, beleef toenemend die uitdaging om mense na 'n deugdelike lewe te begelei. Die begeleiding van spiritualiteitservarings deur diensknegleiers, wat beskryf kan word as 'n kollektiewe oomblik van passie en as 'n ruimte waar mense in 'n etos van omgee saamgevoeg word, is iets wat met groot verantwoordelikheid moet geskied. Soos wat mense God se aanraking ervaar, ontstaan daar by gelowiges vanuit 'n pinksteragtergrond opnuut weer 'n dors na meer soortgelyke ervarings.

Kerkleiers is daarvoor verantwoordelik om lidmate na geestelike volwassenheid te begelei. Die vestiging van God se koninkryk met God se waardes behels dat die mens se soeke na betekenis en identiteit aangespreek word. Waarheid en insig help mense om regte keuses te maak en word verskaf deur die Bybel as bron van moraliteit.

Die kerkleier, as begeleier en toeruster, het die verantwoordelikheid om gemeenskapsprobleme vanuit Skrifbeginsels na te vors, aan te spreek en relevante opleiding daarvoor te gee. Kerklidmate sowel as gemeenskapslede het 'n verwagting dat die kerk betrokke sal raak as 'n leergemeenskap en dat lidmate begelei en toegerus sal word tot gemeenskapsbetrokkenheid.

Vanuit spiritualiteitservarings wat eie is aan pinksterkerke ervaar mense die aanraking van die Here, hetsy deur die lees van die Skrif of bediening van die Skrif. Dié ervaring lei tot die skep van nuwe waardes. Gevolglik word mense rigtinggewend deur die Gees tot 'n Skrifgefundeerde lewenswyse begelei.

- *Ekumeniese betrokkenheid*

Kerkleiers moet die geloofsgemeenskap doelgerig leer asook samewerking met ander kerke in die gemeenskap najaag. Kerke en hul lidmate moet saam as eenheid, as geloofsgemeenskap, die boodskap aan die samelewing kommunikeer dat die kerk waarlik omgee.

- *Gemeenskapsbetrokkenheid (sosio-ekonomiese verantwoordelikhede)*

Die kerk moet 'n tweestroombediening wees. Om 'n kerk met karakter te wees, moet die versorging en begeleiding van gelowiges ook behels dat daar buite die kerkstrukture 'n emmigrasie na die "markplein" is. Mense moet Jesus Christus diakonaal onder mense sig- en tasbaar maak. Op die markplein moet mense sy Gees ervaar in die aanspreek van hul behoeftes.

Praktiese voorbeelde van hoe kerkleiers deeglike kennis van die hoorders kan verkry, behels toerustingsgeleenthede waar daar na behoeftes geluister word, maar ook begeleiding in aspekte soos rentmeesterskap van finansies, gesonde gesinne en innerlike genesing plaasvind. Hierdie kursusse kan bydra tot die ontwikkeling van mense se begrip en die toepassing van regte keuses in die proses van 'n goeie lewe. Nuwe waardes en norme bring oplossings vir uitdagings in die gemeenskap soos byvoorbeeld ongelykheid asook begrip vir dinge soos armoede, verslawing, die jeugkultuur, verskillende rassekulture, vroulike besnydenis, geslagsgeweld, ens.

Toerusting in basiese gespreksvaardighede word benodig om lidmate in hul kontak met ander mense in die samelewing te help ten opsigte van begeleiding na die weg van ontdekking (wysheid). Praktiese voorbeelde behels die bemagtiging van veral vroue en meisies. Geleenthede is nodig vir die begeleiding na 'n nuwe begin en vrymaak van skuld en oordeel.

Verdere areas waar gemeenskapsbetrokkenheid benodig word, is die versorging van jongmense. Die kerk is geroep om haar bronne en gawes aan te wend, soos byvoorbeeld afgetrede onderwysers wat relevante opleiding kan aanbied en ouer mense wat jong paartjies kan bystaan en selfs liefdevolle man-en-vrou-verhoudings kan modelleer. Voorts benodig ouers van tieners wyse begeleiding deur middel van ouerskapstoerusting.

'n Beradingskantoor kan as ideale ambassadeur van God mense na oorwinning, vrymaking en 'n intieme verhouding met God begelei. Hartseerverhale is al in sulke kantore aangehoor en wat veral ontstellend is, is dat in die geval van byvoorbeeld aborsies, meisies – meestal Christene – huilend vertel dat hulle nie met iemand by hul eie kerk kan praat nie.

Die kerk, met die evangelieboodskap van Christus, moet juis die plek van hoop wees. Indien elke kerk as so 'n “ligbaken” aktief betrokke is by die uitdagings van die mense in hul plaaslike gemeenskap, ongeag denominasie, kan die gelowiges menige persoon hoop gee en as sout menige wonde tot genesing bedien.

Moontlike maniere tot betrokkenheid is om aansluiting te soek by gemeenskapsprojekte en -programme en om sodoende as God se verteenwoordigers (Genesis 1:26) op te tree om verskillende mense in die samelewing op doelgerigte wyse by te staan en tot verantwoordelikheid te begelei.

Die gesindheid van “ek gee om vir jou” is van kardinale belang. Begeleiding in die plaaslike kerk behels dat beginsels van regverdigheid en geregtigheid reeds van vroeg af uitgeleefde waardes in gesinne word. Kinders benodig hierdie waardes van jongs af in die beginsels van respek vir alle mense, ongeag hul posisie, prestasie en ras. Pastoraal kan hierdie waardes oorgedra word met prediking, Bybelklasse en jeugprogramme waar liefdesoptredes teenoor “swakker” of “armer” studente plaasvind.

Die kerk het die potensiaal om alle lede van die geloofsgemeenskap te bemagtig om vanuit *koinonia* mekaar te waardeer. Dit is hier waar kleingroepe 'n groot rol speel. Weeklikse byeenkomste skep geleenthede vir verskillende lede van die liggaam met verskillende funksies om mekaar te leer ken en te waardeer en vir die omgee vir mekaar as die liggaam. Die vestiging van hierdie eenheid (solidariteit) kan gemeenskaplike goedheid in 'n gees van versoening as prioriteit vestig.

- *Bestuur*

Deur middel van teologiese interpretasie word teologiese konsepte gebruik om spesifieke gebeurtenisse, situasies en kontekste te begryp. Die doel hiervan is om etiese norme neer te lê en sodoende die betrokkenes tot goeie lewenspraktyke te begelei. Normatiewe perspektiewe verskaf dus interpreterende leiding om te bepaal wat die mens in sy of haar spesifieke situasie kan doen.

5.13.4 Die noodsaak van omgee vir die samelewing waarin plaaslike kerke hulself bevind (*koinonia* en *diakonia*)

Die pastorale besef dat welsyn (heling) nie slegs net in 'n individualistiese verhouding bestaan nie, maar wel ook in die korporatiewe beleving van die liggaam van Christus – waarvan *koinonia* en *diakonia* deel is – is belangrik.

- *Dissipelskap*

Die voorbeeld van die Handelinge-gemeente illustreer die nodigheid asook die “hoe” van die funksionering van die liggaam van Christus onder leiding van die apostels. Die kerkleier moet nie die geloofsgemeenskap slegs net bewus maak nie, maar moet hulle ook motiveer en inspireer tot aktiewe gemeenskapsbetrokkenheid vanuit *koinonia* en *diakonia*.

Suid-Afrikaanse uitdagings gaan nie net deur prediking alleen opgelos word nie. Missionale betrokkenheid wat fokus op byvoorbeeld die armes, het die potensiaal om in die praktyk hoop sowel as versoening te laat realiseer. Projekte soos naaldwerk-, bak- en kookklasse, lees- en skryfklasse, rekenaarkursusse, huisbouprojekte, groentetuine, hoenderboerderye, ens. kan deur gesamentlike pogings aangebied word tot oplossings vir huidige uitdagings in plaaslike gemeenskappe en as voertuie van dissipelskap.

- *Bemagtiging*

As die kerk en die gemeenskap hande vat en vennootskappe vorm as 'n sigbare vergestaltung van ware *koinonia* (samehorigheid) en *diakonia* (die oproep om armes en verdruktes te dien) kan dit tot voordeel strek van 'n hele gemeenskap waarvan die kerk deel uitmaak. Tussen ware *koinonia* en die beoefening van

diakonia aan die een kant, en liefdadigheid (welsyn) aan die ander kant, bestaan 'n wesenlike verskil.

Diakonia byvoorbeeld word beskryf as navolgers van Christus wat in woord en daad, sonder bybedoelings, hul mede-Suid-Afrikaners bedien tot verandering van die samelewing. Die kerkleier moet daarom toesien dat die gevaar aangespreek word waar plaaslike kerke 'n na-binnegekeerde gesindheid het waar min belangstelling in die samelewing geopenbaar word.

Die gemeenskap van gelowiges moet bemagtig word om die besef dat elke gelowige 'n verantwoordelikheid het in daad om te sit, maar ook dat gelowiges met mekaar moet saamwerk om 'n daadwerklike omgee vir die samelewing tot stand te bring. Gelowiges kan juis met 'n eie invalshoek en 'n eiesoortige bydrae sinvol met kundige persone, kerke en organisasies meewerk om sodoende die kerk se rol in die skep van 'n rimpel-effek van geregtigheid te vervul.

- *Ekumeniese betrokkenheid*

Die liggaam-van-Christus-metafoor beklemtoon die kerk se rol kragtens haar opdrag tot *koinonia* en *diakonia*, ook in die verantwoordelikheid ten opsigte van die maatskaplike en sosiale kwessies van die samelewing. God se koninkryk op aarde behels dat sy wil, sy manier van dinge doen, sal realiseer. Hierdie rol van die kerk benodig die inkoop van die hele kerk as liggaam van Christus en nie net plaaslike kerke nie.

- *Gemeenskapsbetrokkenheid (sosio-ekonomiese verantwoordelikhede)*

Projekte, opleiding asook *koinonia*-groepe is geleenthede om “vreemdelinge” te ontmoet. Hierdie geleenthede kan gelowiges vanuit verhoudings leer om mekaar se stories te hoor en mekaar met respek en liefde te behandel. Deur narratiewe met mekaar te deel binne die raamwerk van 'n gesindheid van omgee, word die beginsel van genesing gestimuleer deurdat wedersydse begrip intree. Indien alle mense met liefde en respek behandel word, sal geregtigheid in menslike verhoudings kan realiseer.

- *Bestuur*

Prosesse in sosiale stelsels raak al hoe moeiliker om te beheer weens 'n verhoogde bevolkingsgroei. Die hiërargie van beheer in sosiale stelsels, soos byvoorbeeld die bestuur van 'n skool, word meer intens en moeiliker om te bestuur hoe groter dit word. Strukturele verandering verg meer aandag hoe meer invloed 'n persoon uitoefen, byvoorbeeld 'n skoolhoof. Hoe meer gesag 'n persoon het, hoe groter is sy of haar invloed op die waardestelsel, veral as in ag geneem word dat stabiliteit vanuit die waardestelsel verkry word.

In die samelewing ontstaan probleme as gevolg van die komplekse maniere waarop dit saamgestel is. Elke gemeenskap het verskeie substelsels. Hierdie substelsels behels verskillende rolle, gemeenskaplikheid, norme en waardes en kan deur eksterne faktore beïnvloed word. Elke gemeenskap word egter ook as 'n geheel op die kollektiewe vlak georganiseer. Op die kollektiewe vlak kan belangrike veranderinge in die leierskapsamestelling oor die algemeen 'n veel groter impak op die norme en waardes van die gemeenskap hê as wat die geval is met byvoorbeeld laerorde-substelsels.

Die rol van die kerkleier is daarom om betrokkenheid te inisieer en in die samelewing te modelleer sodat daar aan die gemeenskap gekommunikeer kan word dat die geloofsgemeenskap waarlik omgee.

5.13.5 Die regverdige optrede in die gemeenskap wat die uitkringende aard van geregtigheid bevorder met verwysing na die *ubuntu*-beginsel, armes en vreemdelinge

Die begrip “ubuntu” word belig as 'n fokus op die mens se wesenlike behoeftes, naamlik menswaardigheid en die behoefte aan verhoudings. *Ubuntu* heg waarde aan mense vanuit die beginsel “ek is omdat ons is”. *Ubuntu* gee dus vir mense 'n gevoel van behoort vanuit die vorming van hegte bande.

Spesifieke waardes word daarom benodig vir die bepaling van 'n regverdige (geregtige) gemeenskap wat fokus op *ubuntu*. Hierdie spesifieke waardes behels vrede, harmonie, vrygewigheid, solidariteit en menslikheid. Dié waardes, deur die lens van die tripartiete struktuur, word in drie fases voorgehou om dit prakties uitleefbaar te maak, naamlik: individueel, met en vir ander (interpersoonlik), en vanuit instellings (samelewing).

- *Dissipelskap*

Dit sluit in dat *ubuntu*-beginsels toegepas word in die skep van geleenthede waar mense saam kan kom. Wanneer mense skouers vryf, genoeg tyd saam bestee, die geleentheid gegun word om betekenisvolle verhoudings te bou en vertroue vinnig ontwikkel, word xenofobie en rassisme iets van die verlede. Die begrip “ubuntu” dien hier (vanuit die geskiedenis) as ’n voorbeeld van betekenisvolle verhoudings.

Indien gelowiges daaglik ’n verskil maak waar hulle hulself bevind en egte *koinonia* toepas, kan die samelewing die teenwoordigheid en omgee van God herken. Die gemeenskap van gelowiges het ’n verantwoordelikheid om vanuit intieme verhoudings God se goedheid aan mense te vertoon.

- *Bemagtiging*

As leierskap gekoppel is aan die idee van *ubuntu* maak dit deure oop na leiding vanuit kerke. Kerke het die potensiaal om op kreatiewe maniere oplossings vir die geslagsleemte en huidige uitdagings te kry, veral vanuit ’n globale toepassing. Ontwikkeling sal gevolglik ook ’n meer genuanseerde denkwysie rakende *ubuntu*-leierskap voortbring.

Menslike verhoudings en gemeenskap sal die samelewing blootstel aan ’n goeie lewe, volgens *ubuntu*-beginsels. Die verwesenliking van menslike verhoudings deur individue word as van kardinale belang beskou, veral in die morele en etiese. Goed en sleg, wat wenslik en ongewens is, word alles vanuit verhoudings beoordeel. Interafhanklikheid, hartsverhoudings en gemeenskaplikheid is wenslike optredes vanuit die begrip *ubuntu*. Hierdie verhoudingsbehoefte van Afrikane maak daarom van gasvryheid die norm.

Gasvryheid verbeter lewens in alle dimensies en dit is juis waar *ubuntu* te voorskyn kom. *Ubuntu* skenk dus lewe en passie nie net aan individue nie, maar wel aan ’n samelewing. *Ubuntu* gebaseer op ’n stel waardes, deugde en norme wat die goeie lewe definieer, word beskou as die ideale menslike bestaan en ’n ideale gemeenskap en het die potensiaal om toestande te skep waar alle lede van die gemeenskap ’n sinvolle lewe en ervaring kan beleef.

- *Ekumeniese betrokkenheid*

Ubuntu beteken 'n kollektiewe menslikheid. Mense kom bymekaar wanneer probleme opgelos moet word wat lei tot die rimpel-effek van geregtigheid (goedheid) vanuit wedersydse omgee. 'n Probleem ontstaan egter as alle mense nie as gelykes en menswaardige wesens erken word nie en as geregtigheid nie seëvier nie. Die eensgesinde gees ("like-mindedness") en onderdanigheid aan gemeenskaplike goedheid ("common good") word daarom benodig. *Ubuntu* kan hier van waarde wees om 'n geïnspireerde samelewing vanuit 'n solidariteitsetos te vorm.

Die geskiedenis het aangetoon hoe hierdie *ubuntu* die vermoë gehad het om 'n rimpel-effek van geregtigheid (goedheid) te ontketen (spesifiek teen rassisme). Solidariteit vanuit gefokusde aksies op die beginsel "ons is saam in hierdie stryd" het kerke in eenheid laat funksioneer. Wedersydse ondersteuning van die totale geloofsgemeenskap kan die Suid-Afrikaanse samelewing verander.

Optredes en beheer is egter nodig tot op die laagste vlak. *Ubuntu* behels die beywering vir alle stemme, alle gawes en alle mense se deelname in die verkryging van oplossings en optredes. Subsidiariteit neem standpunt in teen individualisme wat die swakke benadeel. Alle mense benodig geleentheid vir ontwikkeling in kreatiwiteit en verantwoordelikheid.

- *Gemeenskapsbetrokkenheid (sosio-ekonomiese verantwoordelikhede)*

Die kerk word tot introspeksie gedwing met die skep van 'n raamwerk van nuwe strategieë gefokus op vernuwende denke (ook met betrekking tot *ubuntu*-beginsels), medemenslikheid en opregte *koinonia*. Sosiale psigologie se insprake het die kontras in waardes tussen *ubuntu* en individualisme in plaaslike gemeenskappe belig. Begeleide "omgee" kan hierdie kontraste aanspreek, groter begrip daarvoor skep en gesamentlike oplossings vanuit dialoog en beplande aksies na vore bring.

- *Bestuur*

Die behoefte aan 'n vredevolle samelewing loop hand aan hand met die mens se inherente behoefte aan menswaardigheid en respek vir die lewe. Die Suid-Afrikaanse samelewing benodig weer die vestiging van menswaardigheid. Vanuit dié mensereg kan die beskerming van menswaardigheid as 'n wet geherdefinieer word. Dit is egter belangrik om te besef dat selfs die misdadiger 'n reg tot menswaardigheid het. Die gawe van lewe en waardigheid is soos twee kante van dieselfde munt en die konsep van *ubuntu* beliggaam beide.

Die kerkleier moet *ubuntu*-beginsels gebruik as 'n bekende oplossing in die skep van die rimpel-effek van geregtigheid (goedheid). Vir 'n beter begrip van *ubuntu* word die woord "gasheer" gebruik. Hierdie begrip kommunikeer deelwees, verwelkoming, omhelsing en 'n inklusiewe gemeenskaplikheid.

Ubuntu dien dus as die menslike faktor in verhoudings wat buitestaanders geleentheid gee om deel van 'n gesin te word. Dit gee ook geleentheid vir die ontstaan van 'n kenotiese liefde vanuit 'n opofferende etos.

Ubuntu-eienskappe verbreek die mens se alleenheid en vervul die behoefte om te behoort vanuit onbaatsugtigheid, gasvryheid, mededeelsaamheid, nederigheid en respek wat broodnodig is in plaaslike gemeenskappe. Huidige Suid-Afrikaanse uitdagings beeld die teenoorgestelde daarvan uit, naamlik dierlikheid. *Ubuntu* funksioneer egter kleurblind en is gebou op 'n gesindheid van universele aanvaarding.

Die beginsel dat *ubuntu* menswees voorstel, word met twee betekenisse gedefinieer, naamlik:

- *Ubuntu* behels die ervaring van menswees wat selfbegrip en selfidentiteit insluit; en
- Dit behels die norme en standarde van hoe 'n mens teenoor ander mense behoort op te tree en sluit eienskappe soos omgee, selfrespek en integriteit in wat menslikheid beklemtoon.

5.13.6 Die uitkringende aard van geregtigheid word sigbaar deur verhoudings te bou

Suid-Afrika se gebrek aan 'n gesonde naasbestaan van betrokkenheid by sosiale uitdagings (*diakonia*) en die bevordering van effektiewe verhoudingsbou (*koinonia*) oor kulturele grense heen, hou verreikende missionale en sosiologiese uitdagings vir die Christelike kerk in. Indien die armoedeprobleem onder die vergrootglas bekyk word, lê die grootste probleem aangaande armoede nie soseer by 'n gebrek aan hulpbronne nie, maar eerder by 'n gebrek aan ware *koinonia* met die naaste.

Koinonia wil nie net kohesie tussen mense bevorder nie, maar ook lewenskragtige en lewensvatbare strukture tot stand bring om mense, ten spyte van verskille en sosiale groeperings, te verenig. So 'n vorm van *koinonia* vra nie alleen respek vir ander nie, maar ook 'n daadwerklike ontmoeting met ander tot die bou van verhoudings en holistiese opbouing van mekaar.

- Die beginsels van *dissipelskap* behels daarom dat elke lid van die geloofsgemeenskap daagliks uitreik na sy of haar naaste. Die Suid-Afrikaanse kerkbywoningstatistieke toon aan dat die geloofsgemeenskap die potensiaal het om elke samelewing soos suurdeeg te infiltreer. Hierdie infiltrasie benodig egter doelgerigte bemagtiging en gefokusde optredes:
 - Die kerkleier moet lede van die geloofsgemeenskap *bemagtig* sodat die geloofsgemeenskap doelgerigte verhoudings met lede van die samelewing kan sluit. Mense kan na funksies genooi word vir dialoog in effektiewe gesamentlike soeke na oplossings. Bediening vanuit die liggaam moet geskied vanuit lede se individuele gawes sodat hulle Christelike uitleef van waardes die hele liggaam na volwassenheid kan begelei.
 - *Ekumeniese betrokkenheid* sluit in dat kerkleiers alles in hul vermoë doen om projekte te reël vir samewerking, uitreiking en opbouing van die stad. Sodoende kan die *shalom* van die stad weer gevind word.
 - Die soeke na die *shalom* van die stad sluit genesing, voorspoed en eenheid van gemeenskapslede in. Die Suid-Afrikaanse samelewing het dus nodig dat liefdesdade vanuit ware omgee mense by mekaar se fisiese behoeftes betrokke sal maak. Soos reeds genoem, is die Suid-Afrikaanse armoedeprobleem meer 'n omgee-probleem as enigiets anders.

Gemeenskapsbetrokkenheid (sosio-ekonomiese verantwoordelikhede) moet daarom doelgerig beplan word. Elke kerk se inkoop tot die area waarin die kerk gevestig is, kan reeds 'n dinamiese tree vorentoe wees tot die verwesenliking van die droom.

- *Bestuur* word benodig wat gebou sal wees op beginsels van integriteit en 'n verantwoordelikheid teenoor die Here (Kolossense 3:23).

5.13.7 Die uitkringende aard van geregtigheid benodig *koinonia*, 'n terapeutiese benadering asook 'n erns ten opsigte van 'n profetiese gemeenskap

Koinonia en *diakonia* is twee wesenlike boustene van die kerk se openbare getuienis. Indien gelowiges daaglik 'n verskil maak waar hulle hulself bevind en egte *koinonia* toepas, kan die samelewing die teenwoordigheid van God herken. Die kerk moet met ander woorde 'n teken wees van God se verlossende en herstellende aksie in die wêreld. In die proses van God se herstellende aksie in die wêreld, word God se koninkrykswaardes gevestig.

- *Dissipelskap*

Koinonia en *diakonia* daag dus die geloofsgemeenskap en kerk uit om hul ware sterk punte en bydraes tot die ontwikkeling van die samelewing te gaan ontdek. Ontwikkeling sal 'n regverdiger en menswaardige samelewing bewerkstellig. *Koinonia* leer mense om met liefde, aandag, warmte, ondersteuning, eerbied en empatie vir ander, veral dié wat gemarginaliseer is, saam te lewe. *Koinonia* dien ook as aantrekkingskrag vir die ongelowiges en veral die gemarginaliseerde lede van die samelewing, naamlik die vreemdeling, verstoteling, armlastige, onderdrukte, sieke, onaansienlike, gestremde en die geringste. Elkeen ervaar 'n onvoorwaardelike verwelkoming deur *koinonia*.

- *Bemagtiging*

As die kerk en die gemeenskap hande vat en vennootskappe vorm as 'n sigbare vergestaltung van ware *koinonia* (samehorigheid) en van *diakonia* (die oproep om armes en verdruktes te dien) kan dit tot voordeel strek van 'n gemeenskap waarvan die kerk deel uitmaak. Dit behels dat plaaslike gemeentes wat wel relasioneel (*koinonia*) met mekaar saamleef, op deontologiese wyse uitgedaag word om 'n

vergestalting daarvan te wees dat gemeentelike bediening onder begeleiding van geroepe diensknegte wel 'n invloed op die gemeenskap uitoefen.

Diensknegleiers en die geloofsgemeenskap het vanweë die persoonlike gerigtheid (kommunikatiewe gerigtheid) van al die gestaltes van gemeentelike bediening gereelde kontak met mekaar. Diensknegleiers (kerkleiers) kan daarom wel hul invloedseer gebruik en as leiers die lidmate tot die konkretisering van verhoudings en vennootskappe binne die gemeenskap begelei en bemagtig om ware ambassadeurs van God se koninkryk te wees.

- *Ekumeniese betrokkenheid*

Die bevinding van die navorsingsprojek oor die kerk en maatskaplike ontwikkeling in Suid-Afrika dat die meeste Suid-Afrikaanse kerke nie noodwendig gemeenskapsontwikkeling as die roeping van die kerk beskou nie, benadruk die nodigheid vir kerke om hande te vat en mekaar te help tot betrokkenheid en die skep van 'n nuwe beeld in die samelewing.

- *Gemeenskapsbetrokkenheid (sosio-ekonomiese verantwoordelikhede)*

Omgee-verhoudings skep die potensiaal vir ondersteuning en samehorigheid in die samelewing. Wanneer *koinonia* (omgee) met *diakonia* (diens) geïntegreer word, word die geleentheid geskep om soekend en op praktiese maniere deel te word van die lewewêreld van selfs die kwesbaarste mense. Binne omgee-verhoudings word mense se waardigheid herken en erken. Die ontmoetingsgestalte waarmee in die teenwoordigheid van mense geleef word, het die potensiaal om verandering te bewerkstellig. *Koinonia* is juis die sensitiewe of transformerende ruimte waarbinne die veranderingsproses plaasvind.

- *Bestuur*

Die kerkleier het die potensiaal om die kerk (as profetiese gemeenskap) te begelei deur middel van diep ingrypende profetiese getuienis en sodoende die samelewing aan te spreek en opinievormend betrokke te wees. Die kerk het die verantwoordelikheid om krities-opbouend in getuienis en optrede te wees teenoor onder andere huidige politieke, ekonomiese en sosiale onreg. Stilswee oor

samelewingsproblematiek behels streng gesproke dat die kerk die onreg oor die hoof sien.

In die strewe na geregtigheid en die betoning van goedheid vervul die kerk onder andere haar profetiese rol in die samelewing. Met die feit in ag genome dat Suid-Afrika 'n land van uiterste paradokse is, soos onder andere die realiteit van ryk en arm wat as bure saamleef en tegelykertyd in twee realiteite verkeer, is dit nodig vir die kerk om haar profetiese rol op te skerp. Die fokus moet veral op die etiese dimensie wees in 'n honger en dors na geregtigheid.

Die belangrikheid van die profetiese gawe word beklemtoon vir enige samelewing om behoorlik te funksioneer. Mense moet aanspreeklik vir mekaar wees. Verantwoordbaarheid dien as die tjeke en saldo's van 'n ordelike samelewing. Die geskiedenis van Suid-Afrika belig die belangrike rol wat prediking in die beëindiging van apartheid gespeel het.

5.13.8 Die plaaslike kerk se roeping ten opsigte van gemeenskapsontwikkeling asook morele ontwikkeling

'n Nasie word simbolies as 'n liggaam uitgebeeld en daarom kan daar vanuit die liggaamsmetafoor ook siekte aan die nasie se welstand verbind word. Op dieselfde trant kan 'n gesonde liggaam ook die goeie lewe op 'n nasie van toepassing maak. Dit is daarom dat kerke per definisie as morele agente geklassifiseer kan word en nodig is vir die genesing van die liggaam.

- *Dissipelskap*

Kerke, met hul sterk invloed, benodig 'n visie vir invloed op alle sferes van die Suid-Afrikaanse samelewing met prediking, onderrig en betrokkenheid in die samelewing. Kerke moet as morele agente sorg neem van die samelewing. Dit is waar die kerkleier sterk na vore kom as voorloper tot die bereiking van hierdie visie.

- *Bemagtiging*

Die kerk as morele gemeenskap het 'n ryk skat van Bybelse etiek wat die geloofsgemeenskap kan bemagtig om voorbeeldige optredes in die sekulêre samelewing uit te stal en waardeur soekende mense na God gelei kan word. Deur die vestiging van nuwe gewoontes wat die Gees leer, word die mens verander in goeie, deugsame, morele persone wat met karakter en integriteit lewe. Dit beteken dat die geloofsgemeenskap op hierdie wyse 'n rol te speel het in die herstel van moraliteit in Suid-Afrika.

Die rol van die kerk as morele gemeenskap wat die voorbeeld stel van wat Christelike moraliteit in die praktyk behels, is dus broodnodig. Wanneer kerke geloofwaardige hoop in Suid-Afrika wakker maak, sal hulle nie net 'n groot bydrae maak tot morele vernuwings nie, maar ook 'n herwaardering van die Christelike geloof in die sekulariserende Suid-Afrikaanse samelewing aanwakker.

Die kerk as morele gemeenskap beteken dat elke kerk die voorbeeld stel van wat Christelike moraliteit in die praktyk behels. Moontlik kan die herwaardering van die kerk as gemeenskap die sleutel bied om 'n nuwe en wye bestaansruimte vir die kerk as morele agent in die sekulariserende samelewing oop te sluit.

- *Ekumeniese betrokkenheid*

Voortdurende refleksie deur kerkleiergroeperings oor morele opvattinge word benodig om relevant en op datum te bly van huidige spanningsareas. In veranderende tye benodig elke morele kwessie opnuut besinning vir die vorming van nuwe waardes.

Hierdie proses behels ook die byvoeging van nog mense tot die besinningsproses. Meer as een oplossing vanuit refleksie gee geleentheid vir morele groei. Dit is juis hier waar vennootskappe met ander kerke broodnodig word vir 'n verenigde Christelike stem tot die bepaling van Christelike waardes.

- *Gemeenskapsbetrokkenheid (sosio-ekonomiese verantwoordelikhede)*

Die taak van liefde word benadruk, naamlik om op te bou. God het lewe geskep om in gemeenskap met Hom en jou naaste te wees. Elke mens moet met waardigheid en regverdigheid behandel word. Enige skending van waardigheid of

disrespek, teenoor wie ook al, word as sonde beskou. Om geregtigheid uit te leef soos God beveel het, behels deelname van benadeeldes in die soeke na regverdige gemeenskapsoplossings.

Die moderne opvatting dat godsdienstige oortuigings in der waarheid moraliteit beliggaam, beteken gevolglik dat godsdienstige oortuigings as 'n lewenswyse morele daad insluit. Sodoende word 'n morele gemeenskap gevorm wat getrou aan hul God leef.

Die kerk se rol (met die kerkleier as voorloper) in sosiale uitdagings, sluit daarom in dat die kerk, as God se dissipels, soos aktiewe stroombane verantwoordelikheid vir die burgerlike samelewing en gesamentlike onreg neem. Die kerk word dus in al haar bedieningsvorme benodig.

Die kerkleier speel hier 'n groot rol in die begeleiding van die geloofsgemeenskap. Kerke word gevolglik as agente van versoening in 'n nuwe Suid-Afrika benodig.

- *Bestuur*

Suid-Afrikaanse gemeenskappe het juis die bekommernis dat die morele stand van sake die patroon van herhalende siklusse veroorsaak. Die doeltreffendste manier om as plaaslike kerk in die plaaslike gemeenskap betrokke te raak, is om, volgens Osmer (2008:88), die kuns van stuur deur die lewe aan te leer. Die Hebreeuse woord *tahbulot* word gebruik in dié poging, en dit behels 'n groeiproses, nie 'n kitsoplossing nie.

Een van die fundamentele behoeftes in die soeke na wysheid vir die samelewing behels die bou van mense se moraliteit. Die handhawing van goeie morele waardes is van kardinale belang, veral in die alledaagse bestuurs- en leierskapswêreld. Geen werksomgewing en land kan voorspoedig wees as moraliteit en integriteit nie as primêre beginsels geag word nie.

Bogenoemde punte hou 'n pastorale model voor wat op bedieningsbehoefte binne die AGS gerig is. Die kerkleier se rol as voorloper in die begeleiding van die geloofsgemeenskap tot die rimpel-effek van geregtigheid (goedheid) kan daarom nie sterk genoeg beklemtoon word nie.

Die mening word gehuldig dat die hele sukses van die rimpel-effek van geregtigheid op die leierskap van die kerkleier berus. Die navorser is daarvan oortuig dat die kerkleier die potensiaal het om die geloofsgemeenskap tot die skep van 'n rimpel-effek van geregtigheid (goedheid) te begelei.

Die navorser het daarom gepoog om prakties uitvoerbare strategiese perspektiewe voor te hou wat kerkleiers kan bemagtig vir hierdie rol. Die rimpel-effek van daad van geregtigheid (goedheid) kan tot gevolg hê dat die proses van versoening en vestiging van gesonde gemeenskappe geaktiveer word.

5.14 GEVOLGTREKKINGS

Hierdie hoofstuk is aangepak met die doel om die volgende vraag te beantwoord: Hoe behoort ons te reageer? 'n Verdere doel van hierdie hoofstuk was om te bepaal hoe verandering of vernuwing bewerkstellig kan word asook hoedanig daar in problematiese situasies opgetree kan word. Die volgende gevolgtrekkings word nou gebied, naamlik:

- Die plaaslike kerk het 'n reusebegeleidingstaak ten opsigte van die verandering van gesindhede rondom menswaardigheid en die skep van uitkringende geregtigheid (goedheid).
- 'n Hernude fokus word benodig op die missionale roeping van elke lid van die geloofsgemeenskap. Ware dissipelskap vereis dat elke lidmaat in die uitleef van God se roeping koninkrykswaardes in alledaagse optredes weerspieël. Die werksplek is gevolglik 'n reuse-invloedsfeer vir die vestiging van koninkrykswaardes. God se koninkryk vereis dat gelowiges se optrede in die gemeenskap daarop gerig moet wees om sy koninkryk te laat kom. Die mens is as God se ambassadeurs op aarde geskape.
- Die bemagtiging van die geloofsgemeenskap is die verantwoordelikheid van elke kerkleier in elke plaaslike gemeenskap. Elke lid van die geloofsgemeenskap het 'n verantwoordelikheid om die beginsels van rentmeesterskap toe te pas in die uitleef van hul roeping tot God se glorie.
- Die uitleef van God se visie fokus die aandag op die beginsels dat gemeenskapsuitdagings slegs effektief aangespreek kan word deur spanwerk. Omgee en verhoudings maak dat invloedsfeer, wat soos twee magneetpole

normaalweg nie sou kon saamwerk nie, wel kan saamwerk. Kerke het 'n uitdaging om as toonaangewers eenheid aan die gemeenskap te demonstreer.

- Hierdie omgee word deur liefdesdade in gemeenskapsbetrokkenheid getoon en vooropgestel in die samelewing. Aktiewe betrokkenheid by die genesing (geregtigheidsopgetredes) en herstel van gemeenskappe is daarom van kardinale belang. Dade van omgee versterk die boodskap van die plaaslike kerk.
- 'n Verskeidenheid Christelike leiers word benodig wat gesamentlik met goeie bestuur en wysheid hul uitmuntende spesialiteite tot groter effektiwiteit en beter etiese norme aanwend.
- Kerkleiers se taak ten opsigte van modellering is egter 'n terrein wat nog baie ontgin kan word. Dit blyk dat kerkleiers in die meeste gevalle nie by gemeenskapsprojekte op grondvlak betrokke is nie; lidmate is eerder betrokke. Die behoefte is egter na kerkleiers wat gemeenskapsbetrokkenheid modelleer.
- Kerkleiers moet die geloofsgemeenskap begelei as toonbeelde van ware omgee vir alle mense in die gemeenskap. Goedheidsdade is 'n praktiese demonstrasie van liefde.
- Verteenwoordigers van God in die samelewing bring nuwe perspektiewe van lig en sout (smaak) na hul omgewing. Soos sout smaak gee aan kos, moet gelowiges smaak gee aan hul omgewing, en soos lig duisternis verdryf, moet gelowiges hoop gee.
- Kerkleiers benodig 'n nuwe visie vir die sorg van die samelewing met dissipelskap as voertuig. Die toepassing van dissipelskap as waarde kan daagliks uitgevoer word waar die geloofsgemeenskap in die samelewing betrokke is. Die realiteit is dat lidmate begelei moet word om geleenthede ten volle te benut in 'n daaglikse uitleef van dissipelskap.
- Leiers se gesindheid ten opsigte van die samelewing moet egter eers verander. Die beginsel van selfvoeding wat lei tot gemeentevoeding en oorloop in gemeenskapsvoeding kan as 'n handige merker dien.
- Dit is daarom van kardinale belang dat leierskap vanuit die kerkleier geskied en fokus op samewerking met verskillende kerke en organisasies tot vestiging van 'n rimpel-effek van geregtigheid in die gemeenskap. Die grondbeginsel van ekumeniese betrokkenheid is samewerking as liggaam van Christus.

- Deur samewerking en betrokkenheid van alle belanghebbendes om verandering te bewerkstellig en goeie verhoudings te skep, kan die *shalom* van die samelewing verkry word.
- Menslike optredes word benodig wat werksfunksionering laat plaasvind nie net vanuit 'n afwaartse bestuurstyl nie, maar waar medegelowiges (spanlede) deel is van besluitneming en inspraak in werksverrigtinge het.
- Die verantwoordelikheid vir die toepassing van geregtigheid word op alle leierskap van die samelewing geplaas. Met leierskap word bedoel elkeen wat invloed uitoefen of mag het oor die res van die gemeenskap. Om die geloofsgemeenskap as leiers in die samelewing betrokke te kry by die skep van 'n rimpel-effek van geregtigheid (goedheid), behels daarom doelgerigte beplanning deur kerkleiers.
- Plaaslike kerke behoort deur die verskillende gestaltes van Woordverkondiging begelei te word tot 'n gesindheidsverandering om as liggaam van Christus 'n nuwe begrip te ontwikkel van die werklikheid waarin mense hulself bevind. 'n Gesindheidsverandering bring 'n nuwe besef van diensbaarheid aan die samelewing as deel van die missionale roeping voort.
- Die positiewe invloed van 'n omgee-samelewing in die ontwikkeling van 'n kollektiewe bewussyn kan geskep word deur middel van verhoudings wat mense in die proses na deugsaamheid begelei.
- Die kerkleier, as begeleier en toeruster, het die verantwoordelikheid om gemeenskapsprobleme vanuit Skrifbeginsels na te vors, aan te spreek en relevante opleiding daarvoor te gee. Kerklidmate sowel as gemeenskapslede het 'n verwagting dat die kerk betrokke sal raak as 'n leergemeenskap en dat lidmate begelei en toegerus sal word tot gemeenskapsbetrokkenheid.
- Kerkleiers moet die geloofsgemeenskap doelgerig leer sowel as samewerking met ander kerke in die gemeenskap najaag. Kerke en hul lidmate moet saam as eenheid, as geloofsgemeenskap, die boodskap aan die samelewing kommunikeer dat die kerk waarlik omgee.
- Die kerk het die potensiaal om alle lede van die geloofsgemeenskap te bemagtig om mekaar vanuit *koinonia* te waardeer. Dit is hier waar kleingroepe 'n groot rol speel. Weeklikse byeenkomste skep geleenthede vir verskillende lede van die liggaam met verskillende funksies om mekaar te leer ken en te waardeer en vir die omgee vir mekaar as die liggaam. Die vestiging van hierdie eenheid (solidariteit) kan gemeenskaplike goedheid in 'n gees van versoening as prioriteit vestig.

- Die pastorale besef dat welsyn (heling) nie alleen in 'n individualistiese verhouding bestaan nie, maar wel ook in die korporatiewe belewing van die liggaam van Christus – waarvan *koinonia* en *diakonia* deel is – is belangrik.
- As die kerk en die gemeenskap hande vat en vennootskappe vorm as 'n sigbare vergestaltung van ware *koinonia* (samehorigheid) en van *diakonia* (die oproep om armes en verdruktes te dien) kan dit tot voordeel strek van 'n hele gemeenskap waarvan die kerk deel uitmaak.
- Die liggaam-van-Christus-metafoor beklemtoon die kerk se rol kragtens haar opdrag tot *koinonia* en *diakonia*, ook in die verantwoordelikheid ten opsigte van die maatskaplike en sosiale kwessies van die samelewing. God se koninkryk op aarde behels dat sy wil, sy manier van dinge doen, sal realiseer. Hierdie rol van die kerk benodig die inkoop van die hele kerk as liggaam van Christus, en nie net plaaslike kerke nie.
- Projekte, opleiding asook *koinonia*-groepe is geleenthede om “vreemdelinge” te ontmoet. Hierdie geleenthede kan gelowiges vanuit verhoudings leer om mekaar se stories te hoor en mekaar met respek en liefde te behandel. Deur narratiewe met mekaar te deel binne die raamwerk van 'n gesindheid van omgee, word die beginsel van genesing gestimuleer deurdat wedersydse begrip intree.
- Elke gemeenskap word egter ook as 'n geheel op die kollektiewe vlak georganiseer. Op die kollektiewe vlak kan belangrike veranderinge in die leierskapsamestelling oor die algemeen 'n veel groter impak op die norme en waardes van die gemeenskap hê as wat die geval is met byvoorbeeld laerorde-substelsels. Die rol van die kerkleier is daarom nodig om betrokkenheid in die samelewing te inisieer en te modelleer sodat daar aan die gemeenskap gekommunikeer kan word dat die geloofsgemeenskap waarlik omgee.
- *Ubuntu*-beginsels vanuit die geskiedenis kan toegepas word in die skep van geleenthede waar mense saam kan kom. Wanneer mense skouers vryf, genoeg tyd saam bestee, die geleentheid gegun word om betekenisvolle verhoudings te bou en vertrouwe vinnig ontwikkel, word xenofobie en rassisme iets van die verlede. Die begrip “ubuntu” dien hier (vanuit die geskiedenis) as 'n voorbeeld van betekenisvolle verhoudings.
- As leierskap gekoppel is aan die idee van *ubuntu* maak dit deure oop na leiding vanuit kerke. Kerke het die potensiaal om op kreatiewe maniere oplossings vir die geslagsleemte en huidige uitdagings te kry, veral vanuit 'n globale toepassing.

- Hierdie verhoudingsbehoefte van Afrikane maak daarom van gasvryheid die norm. Gasvryheid verbeter lewens in alle dimensies. Gevolglik word lewe en passie nie net aan individue nie, maar wel aan 'n samelewing geskenk.
- Die beywering vir alle stemme, alle gawes en alle mense se deelname in die verkryging van oplossings en optredes is nodig. Subsidiariteit neem standpunt in teen individualisme wat die swakke benadeel. Alle mense benodig geleentheid vir ontwikkeling in kreatiwiteit en verantwoordelikheid.
- Suid-Afrika se huidige gebrek aan 'n gesonde naasbestaan van betrokkenheid by sosiale uitdagings (diakonia) en die bevordering van effektiewe verhoudingsbou (koinonia) oor kulturele grense heen, hou verreikende missionale en sosiologiese uitdagings vir die Christelike kerk in.
- In teenstelling daarmee wil *koinonia* nie net kohesie tussen mense bevorder nie, maar ook lewenskragtige en lewensvatbare strukture tot stand bring om mense, ten spyte van verskille en sosiale groeperings, te verenig. So 'n vorm van *koinonia* vra nie alleen respek vir ander nie, maar ook 'n daadwerklike ontmoeting met ander tot die bou van verhoudings en holistiese opbouing van mekaar.
- Die soeke na die *shalom* van 'n stad sluit genesing, voorspoed en eenheid van gemeenskapslede in. Die Suid-Afrikaanse samelewing het dus nodig dat liefdesdade vanuit ware omgee mense betrokke sal maak by mekaar se fisiese behoeftes. Soos reeds genoem, is die Suid-Afrikaanse armoedeprobleem meer 'n omgee-probleem as enigiets anders. Gemeenskapsbetrokkenheid (sosio-ekonomiese verantwoordelikhede) moet daarom doelgerig beplan word. Elke kerk se inkoop tot die area waarin die kerk gevestig is, kan reeds 'n dinamiese tree vorentoe wees tot die verwesenliking van die droom.
- Die kerk moet met ander woorde 'n teken wees van God se verlossende en herstellende aksie in die wêreld. In die proses van God se herstellende aksie in die wêreld, word God se koninkrykswaardes gevestig.
- 'n Nasie word simbolies as 'n liggaam uitgebeeld en daarom kan daar vanuit die liggaamsmetafoor ook siekte verbind word aan die nasie se welstand. Op dieselfde trant kan 'n gesonde liggaam ook die goeie lewe op 'n nasie van toepassing maak. Dit is daarom dat kerke per definisie as morele agente geklassifiseer kan word en nodig is vir die genesing van die liggaam.
- Kerke, met hul sterk invloed, benodig 'n visie vir invloed op alle sferes van die Suid-Afrikaanse samelewing met prediking, onderrig en betrokkenheid in die

samelewing. Kerke moet as morele agente sorg neem vir die samelewing. Dit is waar die kerkleier sterk na vore kom as voorloper tot die bereiking van hierdie visie.

- Die rol van die kerk as morele gemeenskap wat die voorbeeld stel van wat Christelike moraliteit in die praktyk behels, is dus broodnodig. Wanneer kerke geloofwaardige hoop in Suid-Afrika wakker maak, sal hulle nie net 'n groot bydrae tot morele vernuwing maak nie, maar ook 'n herwaardering van die Christelike geloof in die sekulariserende Suid-Afrikaanse samelewing aanwakker. Die kerk as morele gemeenskap beteken dat elke kerk die voorbeeld stel van wat Christelike moraliteit in die praktyk behels.
- Voortdurende refleksie deur kerkleiergroeperings oor morele opvattinge word egter benodig om relevant en op datum te bly van huidige spanningsareas. In veranderende tye benodig elke morele kwessie opnuut besinning vir die vorming van nuwe waardes. Hierdie proses behels ook die byvoeging van nog mense tot die besinningsproses. Meer as een oplossing vanuit refleksie gee geleentheid vir morele groei.
- Die moderne opvatting dat godsdienstige oortuigings in der waarheid moraliteit beliggaam beteken gevolglik dat godsdienstige oortuigings as 'n lewenswyse morele dade insluit. Sodoende word 'n morele gemeenskap gevorm wat getrou aan hul God leef.
- **Die kerk se rol (met die kerkleier as voorloper) in sosiale uitdagings sluit daarom in dat die kerk, as God se dissipels, soos aktiewe stroombane verantwoordelikheid vir die burgerlike samelewing en gesamentlike onreg neem. Die kerk word dus in al haar bedieningsvorme benodig. Die kerkleier speel hier 'n groot rol in die begeleiding van die geloofsgemeenskap. Kerke word gevolglik as agente van versoening in 'n nuwe Suid-Afrika benodig.**

HOOFSTUK 6: FINALE OORSIG OP DIE BEGELEIDING VAN DIE GELOOFSGEMEENSAP OM 'N RIMPEL-EFFEK VAN GERECHTIGHEID TE BEWERKSTELLIG

6.1 INLEIDING

In die beëindiging van dié studie word elke hoofstuk se gevolgtrekking nou aan die orde gestel. Hierdie hoofstuk fokus verder daarop om die bereiking van die doelwitte van hierdie navorsing te kontroleer. Elke hoofstuk word individueel bespreek en opsommend word 'n finale gevolgtrekking gemaak. Ten slotte word tekortkominge vanuit hierdie navorsing asook voorstelle vir verdere navorsing belig.

6.2 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die navorser se argument is dat die Suid-Afrikaanse samelewing kerkleiers benodig wat geloofsgemeenskappe kan begelei om 'n rimpel-effek van gerechtigheid te bewerkstellig.

6.3 DOELSTELLINGS VAN DIE STUDIE

Die oorkoepelende fokus van die studie was om **'n pastorale model vir kerkleiers te ontwikkel om hulle te bemagtig om geloofsgemeenskappe te begelei in die wyse waarop gemeenskapsbetrokkenheid beoefen word sodat die rimpel-effek van gerechtigheid bewerkstellig kan word.**

Vanuit die sentrale teoretiese argument is die volgende vrae ondersoek wat uit die probleemstelling voortgespruit het, naamlik:

- Wat is die huidige situasie binne die Goudveld ten opsigte van die begeleiding van geloofsgemeenskappe om dade van gerechtigheid in hul gemeenskapsbetrokkenheid te bevorder?
- Wat is die Bybelse norme rakende die roeping ten opsigte van gerechtigheid?
- Wat is die spanningsvelde rakende die geloofsgemeenskap se betrokkenheid asook die leiers se rol in die toepassing van gerechtigheid?

- Watter norme en strategieë word benodig om die kerkleier te bemagtig vir die begeleiding van die geloofsgemeenskap tot die skep van 'n rimpel-effek van geregtigheid?

Die doelwitte vir hierdie studie het gevolglik die volgende behels:

- Om aan die hand van 'n deskriptief-empiriese studie die gesindheid van gemeenskapslede en lidmate te bepaal oor die beoefening van geregtigheid en die verwagting oor die kerkleier se begeleidingsrol;
- om normatiewe perspektiewe op die rimpel-effek van geregtigheid vanuit die Skrif na te vors;
- om vanuit 'n sistematiese studie spanningsvelde te identifiseer rakende die begeleiding van geloofsgemeenskappe om die rimpel-effek van geregtigheid te begryp; en
- om vanuit strategies-pragmatiese perspektiewe 'n pastorale model saam te stel om geloofsgemeenskappe te begelei tot die ontdekking van die daadkragtigheid van die rimpel-effek van geregtigheid.

In die beantwoording van bogenoemde vrae word die finale gevolgtrekking vanuit elke hoofstuk nou kortliks bespreek.

6.4 FINALE GEVOLGTREKKINGS

Aan die hand van Browning se model word die volgende gevolgtrekkings vanuit die beskrywende, historiese (normatiewe), sistematiese en strategiese hoofstukke voorgehou:

6.4.1 Deskriptief-empiriese gevolgtrekkings

In hoofstuk twee is eerstens 'n deskriptief-empiriese ondersoek gedoen om vas te stel wat in die gemeenskap aangaan, en tweedens is empiriese navorsing gedoen om te bepaal wat gemeenskapslede se sienings is rakende die toepassing van geregtigheid in die plaaslike gemeenskap vanuit die kerk, asook die kerkleier se rol daarin.

6.4.1.1 *Deskriptief-empiriese gevolgtrekkings vanuit die deskriptiewe navorsing*

Bogenoemde navorsing het ten doel gehad om op 'n beskrywende wyse te let op die huidige beoefening van geregtigheid deur geloofsgemeenskappe asook om die leemtes vir verdere navorsing te belig.

Die volgende aspekte het na vore gekom, naamlik:

- Geen lewensterrein of plaaslike gemeenskap kan uitgesluit word van die morele wet dat **alle** mense as geskapenes menswaardig behandel moet word nie.
- Deelwees van 'n geloofsgemeenskap impliseer dus ook 'n diepgewortelde besef van mense se verantwoordelikheid teenoor mekaar. Die sigbare uitleef van menswaardige optredes kan hoop gee in die huidige Suid-Afrikaanse konteks, veral ten opsigte van rassisme, seksisme en xenofobie.
- Geregtigheid, wat beteken om reg te handel volgens die wil van God, word deur 'n lewenswyse van omgee vir ander mense gekenmerk. Vanuit die Suid-Afrikaanse konteks is die vraag dus: Word lewenswyses van omgee herken?
- Bogenoemde navorsing bewys dat rasseverdraagsaamheid bely word terwyl onverdraagsaamheid beoefen word. Hierdie bevinding toon gevolglik dat die gaping tussen die beginsel en praktyk teenstrydig is met wat die Bybel leer. Spanningsvelde heers tussen die letter en die toepassing van die Woord in die praktyk. Die geloofsgemeenskap benodig daarom hulp in die vestiging van geregtigheid wat versoening bewerkstellig.
- Gelowiges moet na mekaar asook hul naaste leer uitreik. Die kerk (geloofsgemeenskap) word opgeroep om die status quo van onreg aan te spreek. Die gaping tussen ryk en arm word groter en wyer, ongeag kleur. Wit en swart word albei geraak. Die mening is dat die grootste probleem met armoede nie soseer by 'n gebrek aan hulpbronne lê nie, maar eerder by 'n gebrek aan ware *koinonia* vanuit die geloofsgemeenskap teenoor hul naaste.
- Dis nodig dat die geloofsgemeenskap deur taal ingelig en getransformeer word tot die sentrale oortuigings van God se omgee vir geregtigheid. Huidige uitdagings in plaaslike gemeenskappe as gevolg van rassekonflik, soos onder andere xenofobie, toon juis die krag van woorde in haatspraak wat uitsluiting kommunikeer. Woorde soos “Afrikane” het egter die vermoë om rasse saam te bind.

- Die kerk moet alles doen vanuit 'n spiritualiteit wat insluiting kommunikeer. Daar moet na mense wat anders is uitgereik word met die uitsluitlike doel om hulle te laat behoort. Die geloofsgemeenskap, wat elke plaaslike kerk insluit, het dus die potensiaal om deel te raak van die oplossing vanuit maatskaplike samehorigheid en gasvryheid indien hulle na die toepassing van geregtigheid begelei word in die skep van versoening en 'n vredevolle saambestaan.
- Gevare bestaan in die huidige kerk weens individualistiese waardes en spiritualiteite. Hierdie individualistiese gees dui op 'n diep identiteitskrisis in die Christelike kerk, byvoorbeeld in die kleingroepbeweging wat primêr vir die bevordering van *koinonia* ingerig word. Weens die identiteitskrisis is dit nodig dat die kerk weer haar bestaansdoel herontdek vanuit die *Missio Dei* (sending van God) en dus 'n koninkryksgebaseerde roeping in plaas van 'n kerkgebaseerde roeping vasmaak.
- Die kerk word opgeroep om drasties haar manier van kerkwees te verander. Stilswye stuur 'n negatiewe boodskap uit wat veral die kerk se teologiese integriteit onder verdenking plaas. Die volgende vraag kom onwillekeurig na vore: Is die kerk nog in staat om profeties en moreel 'n rol te speel?
- Konstruktiewe verhoudings gebou op 'n selfopofferende fondament het die potensiaal om vanuit gemeenskaplikheid lewens te hervorm en te verbeter. Die uitdaging is egter om spanningsvelde aan te spreek soos die kultuur van kerkbywoning versus liefdeloosheid en individualisme. Normatiewe optredes word dringend benodig.
- Die kerk word tot introspeksie gedwing met die skep van 'n raamwerk van nuwe strategieë gefokus op vernuwende denke (ook met betrekking tot *ubuntu*-beginsels), medemenslikheid en opregte *koinonia*.
- Sosiale psigologie se insprake word benodig om die kontras in waardes tussen *ubuntu* en individualisme in plaaslike gemeenskappe te belig en groter begrip vir die kontraste in die samelewing te skep.
- Vanuit die pastorale rolvulling wil God die mens deur kerkleiers ontmoet. Aanpasbare kerkleiers binne geloofsgemeenskappe behoort gemeentes met 'n "ons krag"-benadering tot nuwe perspektiewe te begelei ten opsigte van die kerk se bemiddelende taak, asook tot kreatiewe insigte aangaande die rol van die kerk in broederskap, versoening en betrokkenheid by plaaslike arm gemeenskappe en mense wat nêrens behoort nie.

- Vennootskappe met ander kerke en organisasies in die gemeenskap word benodig asook die besef dat gemeenskapsontwikkeling met langtermynbeplanning (volhoubare beplanning) moet rekening hou.

6.4.1.2 *Deskriptief-empiriese gevolgtrekkings vanuit die empiriese navorsing*

In paragraaf 2.7.1 is gesien dat Browning meen dat dialoogvoering nodig is in die soeke na oplossings. Verskillende groepe se insette word benodig vir die bevrugting van gedagtes vir beter oplossings. Fronesis word benodig, veral met die oog op wat 'n "goeie gemeenskap" en die "gemeenskaplike goedheid" ("common good") is, juis omdat elke gemeenskap se "gemeenskaplike welsyn" verskil.

Vanuit die verwerkte inligting rakende Mathjabeng (Goudveld, Vrystaat) kom die navorser tot die volgende gevolgtrekkings:

- Die gemeenskap het 'n positiwiteit rakende die invloed van die kerk (geloofsgemeenskap) asook 'n openheid ten opsigte van die begeleidingsrol van die kerk tot dade van geregtigheid.
- Vanuit die gemeenskap se openheid, kan Vorster (paragraaf 2.8.2) se toepassing van die beeldspraak van kerke as "kragstasies" en gelowiges as "kragdrade" in die skep van 'n etos van menswaardigheid vir die gemeenskap tot voordeel wees. Soos kragstasies energie opwek om lig en krag aan 'n stad te gee, so moet die kerk deur goeie dade en diensbaarheid menswaardigheid skep. Geen lewensterrein of plaaslike gemeenskap kan uitgesluit word van die morele wet dat **alle mense menswaardig behandel moet word** as geskape nes nie.
- Menswaardige optredes word benodig wat hoop kan gee in die huidige Suid-Afrikaanse konteks, veral **ten opsigte van klas, rassisme, seksisme en xenofobie**. Die 89,3% Christene (geloofsgemeenskap) in die land het die potensiaal om goed te doen veral vanuit die gawe van gasvryheid.
- Die geloofsgemeenskap word as "waghond" benodig om gemeenskappe na geregtigheid te begelei, versoening te bewerkstellig en 'n vredevolle saambestaan te skep.
- 'n Etos van versoening kan dus deur die plaaslike kerk geskep word. Die kerk dien as 'n uitstalvenster van hoe mense kan saambestaan en -leef. Die plaaslike gemeente dien as 'n simbool van konstante vernuwing van verhoudings tot

versoening. Alledaagse optredes sluit 'n etiek van vergifnis en menswaardige optredes in. Die kerk se rol in sosiale uitdagings sluit in om soos aktiewe stroombane as God se dissipels verantwoordelikheid vir die burgerlike samelewing en gesamentlike onreg te neem. Die kerk in al haar bedieningsvorme word benodig. Kerke word gevolglik as agente van versoening in 'n nuwe Suid-Afrika benodig.

- God is goed en daarom het die geloofsgemeenskap die verantwoordelikheid om sy goedheid aan ALLE lede van die gemeenskap te bewys deur goeie dade.
- Die gemeenskap kan baat vind by die kerk se funksionering as 'n gemeenskap van gelowiges met 'n visie van God se sorg in die samelewing.
- Aanpasbare kerkleiers binne geloofsgemeenskappe behoort gevolglik gemeentes te begelei tot nuwe perspektiewe ten opsigte van die kerk se bemiddelende taak, asook tot kreatiewe insigte aangaande die rol van die kerk in broederskap, versoening en plaaslike arm gemeenskappe. Soos in die voorbeeld van Paulus behels leierskap 'n gesamentlike proses wat netwerke vir kommunikasie en aksie skep (paragraaf 2.5).
- Deur vennootskappe met ander kerke en organisasies in die gemeenskap word gemeenskapsontwikkeling wat rekening hou met langtermynbeplanning (volhoubare beplanning) benodig.
- Goddelike verhoudings gebou op 'n selfopofferende fondament het die potensiaal om vanuit gemeenskaplikheid lewens te hervorm en te verbeter. Die uitdaging is egter om spanningsvelde te belig soos die kultuur van kerkbywoning versus liefdeloosheid en individualisme. Normatiewe optredes word dus dringend benodig (paragraaf 2.6).

Die stryd om geregtigheid word aan 'n ekumeniese, profetiese en publieke ekklesiologie verbind. Die kerk benodig die herkenning van *kairos*-oomblikke. Die navorser beklemtoon gevolglik die pleidooi van hierdie navorsing se respondente vir die kerk se betrokkenheid by die geloofsgemeenskap. Vanuit die deskriptief-empiriese studie kom die navorser tot die gevolgtrekking dat die geloofsgemeenskap wel die potensiaal het om 'n rimpel-effek van geregtigheid in die plaaslike gemeenskap te bewerkstellig.

6.4.2 Historiese (normatiewe) gevolgtrekkings

- Menswaardigheid word nie bepaal deur die mensdom se verskille of ooreenkomste nie, maar eerder vanuit God se ontwerp van vroue en mans wat as

God se beeldraers dien. Die skending van God se beeld in ander mense is daarom 'n oortreding teen God.

- As menseliefhebbers het kerkleiers die verantwoordelikheid om mense waardig te ag en met respek te behandel. Hierdie gesindheid van respek word juis as voorloper benodig om mense in plaaslike gemeenskappe byeen te bring in samesprekings en dialoog tot moontlike oplossings vir ongeregtigheidsprobleme. Die postmoderne era word gekenmerk deur spanleierskap in plaas van desentralisasie en individualisme.
- Die toepassing van geregtigheid is vir God belangrik en Hy sal sorg dat regverdigde vryspraak gegee word.
- Regstelsels benodig regsbeginsele as die fondament van alle besluite, ongeag mense se status of geld. Alle mense behoort dieselfde behandel te word.
- God plaas die verantwoordelikheid vir optredes teen onregverdigde situasies op die mense wat in die vermoë is om op te tree (diegene wat die grootste mag het).
- God verwag dat die geloofsgemeenskap na die benadeeldes in die samelewing omsien. Enige verwaarloosing van die behoeftes van hierdie groep word nie bloot beskou as 'n gebrek aan genade of liefde nie, maar as 'n skending van wat God verwag, naamlik dat reg in alle verhoudings sal geskied (*mispat*). Die opheffing van die benadeeldes (armes) met liefdeshandelinge word vereenselwig met gehoorsaamheid aan God.
- God hoor die geroep van diegene wat totaal van Hom afhanklik is. Die kerk (geloofsgemeenskap) is sy aangestelde ambassadeurs wat in armes se behoeftes moet voorsien.
- Wanneer mense skouers vryf, genoeg tyd saam bestee, die geleentheid gegun word om betekenisvolle verhoudings te bou en vertroue vinnig ontwikkel, word xenofobie en rassisme iets van die verlede. Die begrip “ubuntu” dien hier (vanuit die geskiedenis) as 'n voorbeeld van betekenisvolle verhoudings.
- Indien gelowiges egter daaglik 'n verskil maak waar hulle hulself bevind en egte *koinonia* toepas, kan die samelewing die teenwoordigheid en omgee van God herken. Die gemeenskap van gelowiges het 'n verantwoordelikheid om vanuit intieme verhoudings God se goedheid aan mense te bewys.
- *Koinonia*-verhoudings moet daarom tot elke prys beskerm word, hetsy die verhouding met God of jou naaste.
- Die geskiedenis toon aan dat die geloofsgemeenskap as kerk byeengekom het

om saam God te ontmoet asook om mekaar saam voor God te ontmoet.

- Die kerk as profetiese gemeenskap het die potensiaal om deur diepingrypende profetiese getuigenis te begelei en sodoende die samelewing aan te spreek en opinievormend betrokke wees.
- Die kerk as morele gemeenskap beteken dat elke kerk die voorbeeld stel van wat Christelike moraliteit in die praktyk behels. Moontlik kan die herwaardering van die kerk as gemeenskap die sleutel bied om 'n nuwe en wye bestaansruimte vir die kerk as morele agent in die sekulariserende samelewing oop te sluit.
- Die kerk as terapeutiese gemeenskap kan maak dat elke gemeente helend op die nood van die gebroke samelewing inwerk.
- Jesus se voorbeeld daag elke lid van die geloofsgemeenskap uit om innig jammer (*splagchnizomai*) te voel vir mense wat deur ongeregtigheid benadeel word.
- Emosies van jammerte (*splagchnizomai*) as vertrekpunt tot betrokkenheid het die potensiaal om 'n rimpel-effek van geregtigheidsdade in die Suid-Afrikaanse samelewing te ontketen.
- Die benutting van *koinonia*-beginsels dien weer as aantrekkingskrag vir die ongelowiges en veral die gemarginaliseerde lede van die samelewing.
- Die huidige situasie in Suid-Afrika en die roeping van die kerk veroorsaak onwillekeurig die vraag, naamlik: Is God nie reeds besig met die uitgooiproses as gevolg van 'n versuim om by sy oes in Suid-Afrika betrokke te raak nie? Die seer en ongeregtigheid in Suid-Afrikaanse samelewings plaas 'n verantwoordelikheid op die geloofsgemeenskap tot betrokkenheid.
- God, vanuit sy goedheidshart, wil aan elke mens en die Suid-Afrikaanse samelewing totale vrede (*shalom*) gee.
- Elke lid van die geloofsgemeenskap kan deel raak van 'n passievolle terapeutiese gemeenskap tot heling van 'n hele nasie.
- As geregtigheid seëvier, het die samelewing die potensiaal om vredevol te wees. Die toepassing van geregtigheid sal veroorsaak dat mense in vredevolle verhoudings leef en elkeen se regte gerespekteer word.
- Die Bergrede beskryf onregverdigheid (ongeregtigheid) soos wat tans van toepassing op die Suid-Afrikaanse situasie is. Jesus hou aan elke gelowige wat ondanks onregverdigheid geregtigheid as waarde uitleef (*dikaíosunē*) praktiese raad voor sowel as hoop en beloftes.

Deur *koinonia* ervaar alle mense dat hulle aanvaar en nie verwerp word nie en dat liefde en ondersteuning nie van hulle weerhou word nie. Met *koinonia* word ons ook gedring om alle mense welkom te laat voel, ongeag ras, volk, stam, taal, stand, rang, ensovoorts. *Koinonia* stel die plaaslike gemeente in staat om die gemarginaliseerde lede van die samelewing te bereik. Deur hierdie warm en ondersteunende wyse ervaar dié wat gemarginaliseer is dat hulle ook saam met ander gelowiges deel het aan die liefde van die Here. As totale gemeenskap kan die kerk as 'n groot krag inderdaad 'n belangrike terapeutiese funksie vervul (Vorster, 2014:157).

Viljoen (2009:665) toon aan dat die geloofsgemeenskap in die toepassing van geregtigheid die potensiaal het om 'n omgewing tot stilstand te bring. Die resep behels egter volkome toewyding aan Christus, sy woorde en 'n onderwerping aan sy heerskappy vanuit 'n toegewyde en gehoorsame hart. God se manier van dinge doen (normatiewe) word daarom benodig.

Ter afsluiting word daar na Vorster (2014:159) verwys, naamlik dat die profetiese gemeenskap die kerk kan begelei tot diep ingrypende profetiese getuienis om sodoende die samelewing aan te spreek en opinievormend betrokke te wees. As 'n morele gemeenskap kan elke kerk die voorbeeld stel van wat Christelike moraliteit in die praktyk behels. Moontlik kan die herwaardering van die kerk as gemeenskap die sleutel wees om 'n nuwe en wye bestaansruimte vir die kerk as morele agent in die sekulariserende samelewing oop te sluit. As terapeutiese gemeenskap kan elke kerk helend inwerk op die nood van die gebroke samelewing (Vorster, 2014:179).

6.4.3 Sistematiese gevolgtrekkings

Bogenoemde navorsing het ten doel gehad om op 'n sistematiese wyse te let op nuwe etiese waardes in die toepassing van geregtigheid. Vanuit psigologie sowel as filosofie en etiek is 'n literatuurstudie geloods in die soeke na hierdie waardes.

Die volgende aspekte het na vore gekom, naamlik:

- Daar is “sondes” vanuit die praktyk wat uitspeel in tradisionele waardes wat menseregte ondermyn en as verskoning gebruik word om onmenslike optredes te regverdig.

- As optrede teen onmenslike gedrag word die vestiging van menswaardigheid dus nodig geag in die Suid-Afrikaanse samelewing. Menswaardigheid word gegrond op etiese regte en implikasies. Hierdie fundamentele beginsel is reeds vanaf die ontstaan van die mens sigbaar. Die Bybel leer ons dat God die mens geskape het en beskerming sowel as sekere regte gegee het. Christelike etiek word daarom gebou op die morele leringe van die Bybel.
- Menswaardigheid is dus 'n basiese reg van elke mens. Hierdie reg om menswaardig behandel te word, geld ook vir kinders sowel as vroue.
- Die skending van menswaardigheid kan as 'n opstand teen God beskou word wat 'n openlike verwerping van sy Goddelike doel insluit, naamlik om hierdie gebroke wêreld te hernu.
- 'n Vredevolle en voorspoedige toekoms loop hand aan hand met die vestiging van menswaardigheid.
- Menswaardigheid behels die erkenning van alle mense se menswees. Die beginsel van menswaardigheid gee daarom aan alle mense die reg om hul diepste emosies te openbaar. Menswaardigheid word egter nie gebou op mense se goedheid (optredes) nie, maar op die beginsel dat God die mens as kroon van sy skepping geskape het en spesifieke take toegesê het.
- Die geloofsgemeenskap het daarom die verantwoordelikheid om die beginsels van “n lewe van respek” vir alle mense te beklemtoon.
- Aanpasbare kerkleiers word benodig wat gemeentes binne geloofsgemeenskappe met 'n “ons krag”-benadering kan begelei tot nuwe perspektiewe ten opsigte van die kerk se bemiddelende taak, asook tot kreatiewe insigte aangaande die rol van die kerk in broederskap en versoening. Hierdie “ons krag”-benadering het die potensiaal om 'n rimpel-effek te ontketen vanuit 'n gesamentlike proses.
- Met ander woorde, vanuit die psigologie oefen die gevoel van behoort (“belonging”) 'n groot invloed op alle individue uit. Die invloed van 'n gevoel van behoort op mense se sosiale lewens sowel as op hul emosionele en gedragsoptredes is daarom van kardinale belang.
- Ten opsigte van huidige Suid-Afrikaanse uitdagings kan die werksplek se menslike gesig verbeter word deur gesamentlike deelname. Sodoende kan die welstand van al die werkers verbeter asook die produktiwiteit van werksfunksionering.
- Positiewe psigologie belig juis hierdie beskikbare hulpbronne en talente tot oplossing van huidige Suid-Afrikaanse uitdagings.

- Die Suid-Afrikaanse samelewing bestaan egter uit twee sielkundige kulture, naamlik individualisme en *ubuntu*. Hierdie twee verskillende kulture behels ook verskillende waardes wat in kontras met mekaar staan.
- Goed en sleg, wat wenslik en ongewens is, word alles vanuit verhoudings beoordeel. Interafhanklikheid, hartsverhoudings en gemeenskaplikheid is wenslike optredes vanuit die begrip *ubuntu*. Hierdie verhoudingsbehoefte maak daarom van gasvryheid die norm. Gasvryheid verbeter lewens in alle dimensies en dit is juis waar *ubuntu* tevoorskyn kom. *Ubuntu* skenk dus lewe en passie nie net aan individue nie, maar ook aan 'n samelewing.
- *Ubuntu*, etiek en teologie kan gesamentlik baie waarde tot die Suid-Afrikaanse samelewing toevoeg. Daar is 'n natuurlike sinergie tussen *ubuntu* en Christelike waardes vanuit die menslikheid van *ubuntu*. Dit is egter so dat *ubuntu* wyduiteenlopende betekenis vir mense het; dit behels 'n etiek wat weer herontdek moet word. Etiek kom uit die Griekse woord "ethos" wat karakter beteken. Vanuit filosofie is karakter dus nou verwant aan morele waardes.
- Menslike gedrag vanuit die niskonstruksie ("niche construction"), 'n nuwe vertakking van die evolusieleer, belig die mens se vermoë om verandering teweeg te bring. Met ander woorde, die idee agter die niskonstruksieteorie is dat 'n organisme die verhouding tussen homself en sy omgewing kan verander deur doelgerig en aktief bepalende faktore in die omgewing en in homself te verander tot voordeel van die omgewing.
- Die *ubuntu*-beginsel dat alle mense onvoorwaardelik as menswaardig beskou word en 'n gesindheid van mededeelsaamheid ten opsigte van die aarde uitleef, word daarom belig. Om die volheid van menswees te kan ervaar, is dit nodig om meer en meer intieme interaksie met mense te hê. *Ubuntu* kom neer op 'n kollektiewe menslikheid. Mense kom bymekaar wanneer probleme opgelos moet word wat lei tot die rimpel-effek van geregtigheid (goedheid) vanuit wedydse omgee.
- Huidige ongeregtighede belig die begrip "common good" of "gemeenskaplike goedheid". Die vraag is gevolglik: Wat is voordelig of goed vir die meeste lede van die Suid-Afrikaanse gemeenskap? Dit is daarom nodig om te bepaal wat die algemene idee rakende 'n regverdigde sosiale orde behels. Vanuit hierdie algemene idee word pligte vir individue uitgewerk. 'n Strukturele konsepsie van geregtigheid lei egter tot 'n konflik tussen die mikrobeginsels van geregtigheid, wat

interaksies op 'n een-tot-een-vlak voorstaan, en die makrobeginsels van distribusionele geregtigheid. Geregtigheid word dus vanuit etiek op twee beginsels gebou, naamlik die fokus op die individu en die fokus op gemeenskaplike goedheid. Met ander woorde, geregtigheid behels 'n netwerk van goedheid.

- Solidariteit erken mense se interafhanklikheid en verantwoordelikheid om vir gemeenskaplike welsyn op te tree tot voordeel van almal wat die planeet bewoon. Hierdie beginsel moedig die sterkes aan om die swakkes by te staan tot voordeel van die mensdom wat 'n verantwoordelikheid teenoor mekaar het.
- Subsidiariteit behels dat die ware funksie van alle sosiale aktiwiteite daarop gefokus moet wees om individuele lede van die liggaam te help en nooit om hulle te vernietig of te absorbeer nie. Die subsidiariteitsbeginsel bepaal dat individue slegs vrylik in die samelewing kan ontwikkel wanneer hulle die geleentheid gegun word om hul potensiaal self te kan bereik. Hierdie potensiaal moet nie van hulle af weggehaal word deur 'n hoër gesag nie.
- Die aandag word daarom op die rol van leiers geplaas om die regte waardes daar te stel tot verbetering van verhoudings en die menslike gesig van leierskap.

6.4.4 Strategiese gevolgtrekkings

Hierdie hoofstuk is aangepak met die doel om die vraag: Hoe behoort ons te reageer? te beantwoord. 'n Verdere doel van hierdie hoofstuk was om verandering of vernuwing te help bewerkstellig asook om te bepaal hoedanig daar in problematiese situasies opgetree kan word. Die volgende gevolgtrekkings word nou gebied:

- Die plaaslike kerk het 'n reusebegeleidingstaak in die verandering van gesindhede rondom menswaardigheid en die uitkringende aard van geregtigheid (goedheid).
- 'n Hernude fokus word benodig op die missionale roeping van elke lid van die geloofsgemeenskap. Ware dissipelskap vereis dat elke lidmaat koninkrykswaardes in alledaagse optredes weerspieël in die uitleef van God se roeping. Die werksplek is gevolglik 'n reuse-invloedsfeer vir die vestiging van sy koninkrykswaardes. God se koninkryk vereis dat gelowiges se optrede in die gemeenskap daarop gerig moet wees om sy koninkryk te laat kom. Die mens is geskape as sy ambassadeurs op aarde.
- Die bemagtiging van die geloofsgemeenskap is die verantwoordelikheid van elke kerkleier in elke plaaslike gemeenskap. Elke lid van die geloofsgemeenskap het 'n

verantwoordelikheid om die beginsels van rentmeesterskap toe te pas in die uitleef van hul roeping tot sy glorie.

- Die uitleef van God se visie fokus die aandag op die beginsels dat gemeenskapsuitdagings slegs deur spanwerk effektief aangespreek kan word. Omgee en verhoudings maak dat invloedsfere, wat soos twee magneetpole normaalweg nie sou kon saamwerk nie, wel kan saamwerk omdat hulle omgee vir 'n gemeenskap. Kerke het 'n uitdaging om as toonaangewers eenheid aan die gemeenskap te demonstreer.
- Hierdie omgee word met liefdesdade deur gemeenskapsbetrokkenheid getoon en vooropgestel in die samelewing. Aktiewe betrokkenheid by die genesing (geregtigheidsoptrades) en herstel van gemeenskappe is daarom van kardinale belang. Omgee-dade versterk die boodskap van die plaaslike kerk.
- 'n Verskeidenheid Christelike leiers word benodig wat gesamentlik met goeie bestuur en wysheid hul uitmuntende spesialiteite daarstel tot groter effektiwiteit en beter etiese norme as resultate.
- Kerkleiers se taak ten opsigte van modellering is egter 'n terrein wat nog baie ontgin kan word. Dit blyk dat kerkleiers in die meeste gevalle nie betrokke is by gemeenskapsprojekte op grondvlak nie; lidmate is eerder betrokke. Die behoefte is egter na kerkleiers wat gemeenskapsbetrokkenheid modelleer.
- Kerkleiers moet die geloofsgemeenskap begelei as toonbeelde van ware omgee vir alle mense in die gemeenskap. Goedheidsdade demonstreer liefde op 'n praktiese wyse.
- Verteenwoordigers van God in die samelewing bring nuwe perspektiewe van lig en sout (smaak) na hul omgewing. Soos sout smaak gee aan kos, moet gelowiges smaak gee aan hul omgewing, en soos lig duisternis verdryf, moet gelowiges hoop gee.
- Kerkleiers benodig 'n hernude visie vir die versorging van die samelewing met dissipelskap as voertuig. Dissipelskap as waarde kan daagliks toegepas word waar die geloofsgemeenskap in die samelewing betrokke is. Die realiteit is egter dat lidmate begelei moet word om geleenthede vir die daaglikse uitleef van dissipelskap ten volle te benut.
- Leiers se gesindheid ten opsigte van die samelewing moet egter eers verander. Die beginsel van selfvoeding wat lei tot gemeentevoeding en oorloop in gemeenskapsvoeding kan as 'n handige merker dien.

- Dit is daarom van kardinale belang dat leierskap vanuit die kerkleier geskied gefokus op samewerking met verskillende kerke en organisasies tot vestiging van 'n rimpel-effek van geregtigheid in die gemeenskap. Die beginsel van ekumeniese betrokkenheid is samewerking as liggaam van Christus.
- Deur samewerking en betrokkenheid van alle belanghebbendes om verandering te bewerkstellig en goeie verhoudings te skep kan die *shalom* van die samelewing verkry word.
- Menslike optredes is slegs moontlik deur medegelowiges en daarom is werksfunksionering nodig wat nie net sal plaasvind vanuit 'n afwaartse bestuurstyl nie, maar waar medegelowiges (spanlede) deel van besluitneming sal wees en inspraak tot werksverrigtinge het.
- Die verantwoordelikheid vir die toepassing van geregtigheid word op alle leierskap van die samelewing geplaas. Met leierskap word bedoel elkeen wat invloed uitoefen of mag het oor die res van die gemeenskap. Om die geloofsgemeenskap as leiers in die samelewing betrokke te kry by die rimpel-effek van geregtigheid (goedheid) behels daarom doelgerigte beplanning deur kerkleiers.
- Plaaslike kerke behoort deur die verskillende gestaltes van Woordverkondiging begelei te word tot 'n gesindheidsverandering om as liggaam van Christus 'n nuwe begrip te ontwikkel van die werklikheid waarin mense hulself bevind. 'n Gesindheidsverandering bring 'n nuwe besef van diensbaarheid aan die samelewing as deel van die missionale roeping voort.
- Die positiewe invloed van 'n omgee-samelewing in die ontwikkeling van 'n kollektiewe bewussyn kan geskep word deur middel van verhoudings wat mense in die proses na deugsaamheid begelei.
- Die kerkleier, as begeleier en toeruster, het die verantwoordelikheid om gemeenskapsprobleme vanuit Skrifbeginsels na te vors, aan te spreek en relevante opleiding hieroor te gee. Kerklidmate sowel as gemeenskapslede het 'n verwagting dat die kerk betrokke sal raak as 'n leergemeenskap en dat lidmate begelei en toegerus sal word tot gemeenskapsbetrokkenheid.
- Kerkleiers moet die geloofsgemeenskap doelgerig leer sowel as in eie beplanning samewerking met ander kerke in die gemeenskap najaag. Kerke en hul lidmate moet saam (as eenheid, as geloofsgemeenskap) die boodskap aan die samelewing kommunikeer dat die kerk waarlik omgee.

- Die kerk het die potensiaal om alle lede van die geloofsgemeenskap te bemagtig om vanuit *koinonia* mekaar te waardeer. Dit is hier waar kleingroepe 'n groot rol speel. Weeklikse byeenkomste skep geleenthede vir verskillende lede van die liggaam met verskillende funksies om mekaar te leer ken en te waardeer en in die omgee vir mekaar as die liggaam. Die vestiging van hierdie eenheid (solidariteit) kan gemeenskaplike goedheid in 'n gees van versoening as prioriteit laat manifesteer.
- Die pastorale besef dat welsyn (heling) nie alleen in 'n individualistiese verhouding bestaan nie, maar wel ook in die korporatiewe beleving van die liggaam van Christus, waarvan *koinonia* en *diakonia* deel is, is belangrik.
- As die kerk en die gemeenskap hande vat en vennootskappe vorm as 'n sigbare vergestaltung van ware *koinonia* (samehorigheid) en van *diakonia* (die oproep om armes en verdruktes te dien) kan dit tot voordeel strek van 'n hele gemeenskap waarvan die kerk deel uitmaak.
- Die liggaam-van-Christus-metafoor beklemtoon die kerk se rol kragtens haar opdrag tot *koinonia* en *diakonia*, ook in die verantwoordelikheid ten opsigte van die maatskaplike en sosiale kwessies van die samelewing. God se koninkryk op aarde behels dat sy wil, sy manier van dinge doen, sal realiseer. Hierdie rol van die kerk benodig die inkoop van die kerk as liggaam van Christus en nie net plaaslike kerke nie.
- Projekte en opleidingssessies asook *koinonia*-groepe is geleenthede om “vreemdelinge” te ontmoet. Hierdie geleenthede kan gelowiges vanuit verhoudings leer om mekaar se stories te hoor en mekaar met respek en liefde te behandel. Deur narratiewe met mekaar te deel binne die raamwerk van 'n gesindheid van omgee, word die beginsel van genesing gestimuleer deurdat wedersydse begrip intree.
- Elke gemeenskap word egter ook as 'n geheel op die kollektiewe vlak georganiseer. Op die kollektiewe vlak kan belangrike veranderings in die leierskapsamestelling oor die algemeen 'n veel groter impak op die norme en waardes van die gemeenskap hê as wat die geval is met byvoorbeeld laerorde-sistelsels. Die rol van die kerkleier is daarom nodig om betrokkenheid in die samelewing te inisieer en te modelleer sodat daar aan die gemeenskap gekommunikeer kan word dat die geloofsgemeenskap waarlik omgee.

- Die beginsels van *ubuntu* kan vanuit die geskiedenis toegepas word in die skep van geleenthede waar mense saam kan kom. Wanneer mense skouers vryf, genoeg tyd saam bestee en die geleentheid gegun word om betekenisvolle verhoudings te bou en vertroue vinnig ontwikkel, word xenofobie en rassisme iets van die verlede. Die begrip “ubuntu” dien hier (vanuit die geskiedenis) as ’n voorbeeld van betekenisvolle verhoudings.
- As leierskap gekoppel is aan die idee van *ubuntu* maak dit deure oop na leiding vanuit kerke. Kerke het die potensiaal om op kreatiewe maniere oplossings vir die geslagsleemte en huidige uitdagings te kry, veral vanuit ’n globale toepassing.
- Hierdie verhoudingsbehoefte van Afrikane maak daarom van gasvryheid die norm. Gasvryheid verbeter lewens in alle dimensies. Gevolglik word lewe en passie nie net aan individue nie, maar wel aan ’n samelewing geskenk.
- Die beywering vir alle stemme, alle gawes en alle mense se deelname in die verkryging van oplossings en optredes is nodig. Subsidiariteit neem standpunt in teen individualisme wat die swakke benadeel. Alle mense benodig geleentheid vir ontwikkeling in kreatiwiteit en verantwoordelikheid.
- Suid-Afrika se huidige gebrek aan ’n gesonde naasbestaan van betrokkenheid by sosiale uitdagings (*diakonia*) en die bevordering van effektiewe verhoudingsbou (*koinonia*) oor kulturele grense heen, hou verreikende missionale en sosiologiese uitdagings vir die Christelike kerk in.
- In teenstelling daarmee wil *koinonia* nie net kohesie tussen mense bevorder nie, maar ook lewenskragtige en lewensvatbare strukture tot stand bring om mense, ten spyte van verskille en sosiale groeperings, te verenig. So ’n vorm van *koinonia* vra nie alleen respek vir die ander nie, maar ook ’n daadwerklike ontmoeting met ander tot die bou van verhoudings en holistiese opbouing van mekaar.
- Die soeke na die *shalom* van die stad sluit genesing, voorspoed en eenheid van gemeenskapslede in. Die Suid-Afrikaanse samelewing het dus nodig dat liefdesdade vanuit ware omgee mense by mekaar se fisiese behoeftes betrokke sal maak. Soos reeds genoem is die Suid-Afrikaanse armoedeprobleem meer ’n omgee-probleem as enigiets anders. Gemeenskapsbetrokkenheid (sosio-ekonomiese verantwoordelikhede) moet daarom doelgerig beplan word. Elke kerk se inkoop tot die area waarin die kerk gevestig is, kan reeds ’n dinamiese tree vorentoe wees tot die verwesenliking van die droom.

- Die kerk moet met ander woorde 'n teken wees van God se verlossende en herstellende aksie in die wêreld. In die proses van God se herstellende aksie in die wêreld word God se koninkrykswaardes gevestig.
- 'n Nasie word simbolies as 'n liggaam uitgebeeld en daarom kan daar vanuit die metaforiese beeld van die liggaam ook siekte verbind word aan die nasie se welstand. Vanuit die liggaamsmetafoor en mense se verbintenis aan mekaar, kan 'n gesonde liggaam ook die goeie lewe op 'n nasie van toepassing maak. Dit is daarom dat kerke per definisie as morele agente geklassifiseer kan word en nodig is vir die genesing van die liggaam.
- Kerke, met hul sterk invloed, benodig 'n visie vir invloed op alle sfere van die Suid-Afrikaanse samelewing met prediking, onderrig en betrokkenheid in die samelewing. Kerke moet as morele agente vir die samelewing sorg. Dit is waar die kerkleier sterk na vore kom as voorloper tot die bereiking van hierdie visie.
- Die rol van die kerk as morele gemeenskap wat die voorbeeld stel van wat Christelike moraliteit in die praktyk behels, word dus broodnodig. Wanneer kerke geloofwaardige hoop in Suid-Afrika wakker maak, sal hulle nie net 'n groot bydrae maak tot morele vernuwing nie, maar ook 'n herwaardering van die Christelike geloof in die sekulariserende Suid-Afrikaanse samelewing oproep. Die kerk as morele gemeenskap beteken dat elke kerk die voorbeeld stel van wat Christelike moraliteit in die praktyk behels.
- Kerkleiergroeperings moet egter voortdurend besin oor morele opvattinge om relevant en op datum te bly van huidige spanningsareas. In veranderende tye benodig elke morele kwessie opnuut besinning vir die vorming van nuwe waardes. Hierdie proses behels ook die byvoeging van nog mense tot die besinningsproses as groeifase. Meer as een oplossing vanuit refleksie gee geleentheid vir morele groei.
- Die moderne opvatting dat godsdienstige oortuigings in der waarheid moraliteit beliggaam beteken gevolglik dat godsdienstige oortuigings as 'n lewenswyse morele dade insluit. Sodoende word 'n morele gemeenskap gevorm wat getrou aan hul God leef. **Die kerk se rol (met die kerkleier as voorloper) in sosiale uitdagings sluit daarom in dat die kerk soos aktiewe stroombane as God se dissipels verantwoordelikheid vir die burgerlike samelewing en gesamentlike onreg neem. Die kerk word dus in al haar bedieningsvorme benodig. Die kerkleier speel hier 'n groot rol in die begeleiding van die**

geloofsgemeenskap. Kerke word gevolglik as agente van versoening in 'n nuwe Suid-Afrika benodig.

6.5 FINALE GEVOLGTREKKINGS

Die navorsingsvraag en subvrae wat in hierdie studie gestel is, is uiteindelik deur elk van bogenoemde hoofstukke beantwoord.

- Die sentrale teoretiese argument is bewys.
- Al die vrae vanuit die doelstellings is in hierdie studie beantwoord.

6.6 BEPERKINGS VAN HIERDIE STUDIE EN VOORGESTELDE AREAS VIR VERDERE NAVORSING

Alhoewel die doelwit van die studie bereik is, was daar tekortkominge en teleurstellings wat hierdie studie beperk het. Die studie het egter verskeie nuwe moontlikhede vir verdere navorsing geopen. Die volgende tekortkominge en areas vir nuwe studies is geïdentifiseer:

6.6.1 Tekortkominge

- 1 Die algehele reaksie op die vraelys in die gemengde empiriese navorsing was nie na wense nie.
- 2 Die navorser het gehoop dat kerkleiers meer reaksie sou toon, maar in aansluiting by hierdie navorsing het dit geblyk dat lidmate meer betrokke in die gemeenskap as kerkleiers is. Hierdie navorsing wil daarom juis kerkleiers bemaatig in die begeleiding van die geloofsgemeenskap.

6.6.2 Voorgestelde areas vir verdere navorsing

- Die kerkleier se begrip rakende gemeenskapsbetrokkenheid.
- Die praktyk en die AGS se One Game Plan.
- Die kerkleier se begrip rakende die *shalom* van die gemeenskap.
- Die geloofsgemeenskap se begrip rakende vroueleierskap in Suid-Afrika.
- Rolverdelings in die geloofsgemeenskap tot opbouing van die samelewing.

6.7 SLOTSOM

Bogenoemde navorsing het aangetoon dat die Suid-Afrikaanse samelewing siek is. Die kerk (89% van die bevolking) as God se ambassadeurs en as God se voertuig van omgee vir die mense in die samelewing het 'n geweldige groot verantwoordelikheid.

God roep die kerk tot betrokkenheid. Die kerkleier moet dus hierdie roeping beantwoord met die begeleiding van die geloofsgemeenskap tot die rimpel-effek van geregtigheid. **Opregte omgee met gepaardgaande dade van geregtigheid (goedheid) het die potensiaal om die *shalom* van die stad, naamlik genesing, voorspoed en eenheid van gemeenskapslede, te bewerkstellig.**

BRONNELYS

Ackah, W. 2015. Whither transcendence? Framing the contours of transatlantic black unity in contested post-racialized times. (In Smith, R.D., Ackah, W., Reddie, A.G. & Tshaka, R.S., eds. *Contesting post-racialism: conflicted churches in the United States and South Africa*. Jackson: University Press. p. 229–242).

Adams, J.E. 1970. *Competent to counsel*. Michigan: Baker Books House.

Aina, R.O. 2016. Catholic theology of post-conflict restorative justice: the doctrine of hypostatic union as a viable inspiration. *Journal of moral theology*, 5(2):81–98.

Alexander, P. 2010. Rebellion of the poor: South Africa's service delivery protests – a preliminary analysis. *Review of African Political Economy*, 37(123):25–40.

Anon. 2018a. Exodus 18:21. <https://biblehub.com/exodus/18-21.htm> Date of access: 19 Jan. 2019.

Anon. 2018b. Matthew 5:10. <https://biblehub.com/commentaries/matthew/5-10.htm> Date of access: 19 Jan. 2019.

Anon. 2018c. Romans 15:26. <https://biblehub.com/commentaries/romans/15-26.htm> Date of access: 19 Jan. 2019.

Anon. 2018d. Titus 1:7. <https://biblehub.com/titus/1-7.htm> Date of access: 19 Jan. 2019.

Anscombe, G.E.M., Geach, M. & Gormally, L. 2005. *Human life, action and ethics: essays by G.E.M. Anscombe edited by Mary Geach Luke Gormally*. Charlottesville: Imprint Academic.

Aroney, N. 2014. Subsidiarity in the writings of Aristotle and Aquinas. (In Evans, M. & Zimmerman, A. eds. *Global perspectives on subsidiarity: Lus Gentium, comparative perspectives on law and justice*. Volume 37. Dordrech: Springer. p. 9–28).

Ballard, P. & Pritchard, J. 1996. Practical Theology in action: Christian thinking in service of church and society. London: SPCK.

Barbarin, O.A. & Richter, L.M. 2001. Mandela's children: growing up in post-apartheid South Africa. New York: Routledge.

Barna, G. 2005. Revolution. Vereeniging: Christian Art.

Barnes, A. 1834a. Notes on the Bible: Acts
<https://biblehub.com/commentaries/barnes/acts/2.htm> Date of access: 19 Jan. 2019.

Barnes, A. 1834b. Notes on the Bible: Genesis
<https://biblehub.com/commentaries/barnes/genesis/1.htm> Date of access: 19 Jan. 2019.

Baumeister, R.F. & Leary, M.R. 1995. The need to belong: desire for interpersonal attachments as a fundamental human motive. *Psychological bulletin*, 117(3): 497–529.

Bavinck, H. & Bolt, J. 2011. Reformed dogmatics. Grand Rapids: Baker Academic.

Bennett, T.W., Munro, A.R. & Jacobs, P.J. 2018. Ubuntu: an African jurisprudence. Claremont: Juta.

Berg, A. 2012. Connecting with South Africa: cultural communication and understanding. Texas: A & M University Press.

Beuken, G. 2003. Palliative care: a theological foundation. The spiritual dimension of palliative care in the local Christian community. *Scottish journal of healthcare chaplaincy*, 6(1):44–46.

Boesak, A. 2015. A restless presence: church activism and “post-apartheid,” “post-racial” challenges. (In Smith, R.D., Ackah, W., Reddie, A.G. & Tshaka, R.S., eds. Contesting post-racialism: conflicted churches in the United States and South Africa. Jackson: University Press. p. 13–36).

Boesak, A.A. & De Young, C.P. 2012. Radical reconciliation. Beyond political pietism and Christian quietism. Maryknoll: Orbis.

Bosch, D.J. 1991. Transforming mission: paradigm shifts in theology of mission. Maryknoll: Orbis Books.

Botes, J. 2016. Die kerk as verteenwoordiger van God in die plaaslike gemeenskap in Suid-Afrika: 'n Prakties-Teologiese studie. Potchefstroom: NWU. (Verhandeling – MBA).

Boyd, G.A. 2005. The myth of a Christian nation. How the quest for political power is destroying the church. Grand Rapids: Zondervan.

Breed, G. 2012. 'n Begronde bedieningsmodel vir die diakonia van die gemeente. *HTS teologiese studies/theological studies*, 68(2):1–11.

Brenneman, R. & Miller, B.J. 2016. The sociological study of religious buildings. *Sociology of Religion*, 77(1):82–101.

Broodryk, J. 2005. Ubuntu management philosophy: exporting ancient African wisdom into the global world. Randburg: Knowres.

Brouwer, R. 2009. 'Zomaar een dak' Koinonia met daklozen als diaconaal leerproces. (In Immink, F.G. & Vos, C., eds. God in 'n kantelende wêreld. Pretoria: Protea Boekhuis. bl. 81–94).

Brown, D., Driver, S.R. & Briggs, C.A. 2008. The Brown-Driver-Briggs Hebrew and English Lexicon. Massachusetts: Hendrikson.

Brown-Driver-Briggs. 2012. In e-Sword database. [Bible software.] 2018.

Browning, D.S. 1996. A fundamental practical theology. Minneapolis: Fortress.

Brueggemann, W. 1991. Rethinking models through Scripture. *Theology today*, 48(2):128–138.

Brueggemann, W. 2012. The practice of prophetic imagination. Minneapolis: Augsburg Fortress.

Brunsdon, A.R. 2015. Wisdom as outcome of the pastoral process: reflections on a positive pastoral narrative approach. *In die Skriflig*, 49(3):1–8.

Buchwald, E., Fletcher, P.R. & Roth, M. 2005. Transforming a rape culture. Revised edition. Minneapolis: Milkweed.

Burger, I. 1987. Die geskiedenis van die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika (1908-1958). Braamfontein: Evangelie Uitgewers.

Burger, I. & Nel, M. 2008a. The Apostolic Faith Mission of South Africa 1908-2008: 100 Years. Centurion: Apostolic Faith Mission of South Africa.

Burger, I. & Nel, M. 2008b. The fire falls in Africa: a history of the Apostolic Faith Mission of South Africa – AFM a centennial edition 1908-2008. Vereeniging: Christian Art.

Burger, R., Louw, M. & Van der Watt, C. 2010. The challenges of poverty and social exclusion in post-apartheid South-Africa: considering the role of religious groups. (*In Swart, I., Rocher, H., Green, S. & Erasmus, J., eds. Religion and social development in post-apartheid South Africa: perspectives for critical engagement. Stellenbosch: Sun Press. p. 61–74*).

Burger, R. & Van der Watt, C. 2010. Bridging South Africa's deep divides. Religious networks as a resource to overcome social and economic exclusion. (*In Swart, I., Rocher, H., Green, S. & Erasmus, J., eds. Religion and social development in post-apartheid South Africa: perspectives for critical engagement. Stellenbosch: Sun Press. p. 393-402*).

Buttrick, D. 2002. *Speaking Jesus: homiletic theology and the sermon on the mount*. London: Westminster John Knox.

Cartledge, M.J. 1999. Empirical theology: inter- or intra-disciplinary? *Journal of beliefs & values*, 20(1):98–104.

Cartledge, M.J. 2012. Pentecostalism. (In Miller-McLemore, B.J., ed. *The Wiley-Blackwell companion to practical theology*. West-Sussex: John-Wiley. p. 587–595).

Chan, Y.S.L. 2010. *Why scripture scholars and theological ethicists need one another: exegeting and interpreting the Beatitudes as a scripted script for ethical living*. Newton: Boston College. (Dissertation – PhD).

Chapman, A.R. & Spong, B. 2003. *Religion & reconciliation in South Africa: voices of religious leaders*. London: Templeton Foundation.

Chipken, I. & Meny-Gibert, S. 2013. *Understanding the social justice sector in South Africa: a report to the RAITH Foundation and Atlantic Philanthropies*. <http://www.raith.org.za/docs/Report-Social-justice-Sector-7Feb2013-FINAL-10022013.pdf> Date of access: 15 May 2019.

Cilliers, J. 2013. Prophetic preaching in South Africa: exploring some spaces of tension. *Nederduitse gereformeerde teologiese tydskrif*, 54(1&2):1–15.

Clarke, A.D. 2000. *First-century Christians in the Graeco-Roman world: serve the community of the Church – Christians as leaders and ministers*. Grand Rapids: Eerdmans.

Clarke, M. & Bassett, C. 2016. The struggle for transformation in South Africa: unrealised dreams, persistent hopes. *Journal of contemporary African studies*, 34(2):183–189.

Clinebell, H.J. 1984. *Basic types of pastoral care & counseling: resources for the ministry of healing and growth*. Nashville: Abingdon.

Cloete, M. 2016. Allan Boesak: innocence and the struggle for humanity. *Acta theologica supplementum*, 36(24):17–42.

Cooper, T.D. 2011. Don Browning and psychology: interpreting the horizons of our lives. Georgia: Mercer University Press.

Cornell, D. & Muvangua, N. 2012. Ubuntu and the law, African ideals and postapartheid jurisprudence. New York: Fordham University Press.

Couture, P. 2017. Human dignity, injustice and ubuntu: living the metaphor of bwino/bumunto/white lime in the Democratic Republic of Congo. (In Dreyer, J., Dreyer, Y. & Nel, M., eds. Practising ubuntu: practical theological perspectives on injustice, personhood and human dignity. Zürich: Lit Verlag. p. 9–21).

Creswell, J.W. 2009. Research design: qualitative, quantitative and mixed methods approaches. London: Sage.

Dakes, F.J. 2010. Dake's annotated reference Bible. 5th ed. Georgia: Bookmark.

Dames, G.E. 2017. Practical theology as embodiment of Christopraxis-servant leadership in Africa. *HTS teologiese studies/theological studies*, 73(2):1–9.

Danaher, W.J. 2010. Music that will bring back the dead? Resurrection, reconciliation, and restorative justice in post-apartheid South Africa. *Journal of religious ethics*, 38(1):115–141.

De Bruyn, J. 2013. The office of prophets as an emergency measure. *In die Skriflig*, 47(1):1–7.

De Gruchy, J. 2002. Reconciliation: restoring justice. London: SCM.

De Gruchy, J. W. 2016. Kairos moments and prophetic witness: towards a prophetic ecclesiology. *HTS theological studies*, 72(4):1–18.

De Klerk, B.J. 2015. "Pastorale bediening van skuldbelydenis en versoening deur liturgiese handelingē." *In die Skriflig*, 49(3):1–9.

Dembski, W.A. 2009. *The end of Christianity: finding a good God in a evil world*. Buckinghamshire: Paternoster.

Denton, R. 2016. Die helende krag van regverdige vergifnis, sonder kondonering van onreg. *HTS teologiese studies/theological studies*, 72(4):1–10.

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2014. *Research at grassroots: for the social sciences and human service professions*. Pretoria: Van Schaik.

De Wet, F. 2017. Ubuntu and interconnected personhood: a practical-theological reflection. (In Dreyer, J., Dreyer, Y. & Nel, M., eds. *Practising ubuntu: practical theological perspectives on injustice, personhood and human dignity*. Zürich: Lit Verlag. p. 78–87).

De Wet, F.W. 2015. Skrifgebruik in prakties-teologiese spanningsvelde. *Koers – bulletin for Christian scholarship*, 80(1):1–12.

De Wet, F.W. & Kruger, F.P. 2013. Blessed are those that hunger and thirst for righteousness: sharpening the ethical dimension of prophetic preaching in a context of corruption. *Verbum et ecclesia*, 34(1):1–10.

Die Groot Geloofswoordeboek: geregtigheid. 2018. <http://www.bybelkennis.co.za/die-groot-geloofswoordeboek-geregtigheid/>? Datum van gebruik: 7 Okt. 2018.

Dingemans, G.D.J. 1996. *Manieren van doen: inleiding tot de studie van de Praktische Theologie*. Kampen: Kok.

Dingemans, G.D.J. 2001. *De stem van de roepende: pneumatologie*. Kampen: Kok.

Doyle R.M.M. 2009. *Children, consumerism and the common good*. Plymouth: Lexington Books.

Dreyer, J., Dreyer, Y. & Nel, M. 2017. Practising ubuntu: practical theological perspectives on injustice, personhood and human dignity. Zürich: Lit Verlag.
Dreyer, T.F.J. 1981. Poimeniek: 'n pastorale oriëntasie. Kaapstad: HAUM.

Dreyer, J.S. 2015a. Ubuntu: a practical theological perspective. *International journal of practical theology*, 19(1):189–209.

Dreyer, W. 2015b. The real crisis of the church. *HTS teologiese studies/theological studies*, 71(3):1–5.

Dreyer, W.A. 2016. Kerkwees: verleentheid of geleentheid? In praktiese ekklesiologie – kerkwees in die 21ste eeu. *HTS teologiese studies/theological studies*, 72(5).
<http://dx.doi.org/10.4102/hts.v72i5.4376> Datum van gebruik: 16 Mei 2019.

Du Plessis, L. 2012. Die Wonder van Grondwet-Afrikaans.
<http://www.nwu.ac.za/sites/www.nwu.ac.za/files/files/p-media/LM%20du%20Plessis%20Intreerede%2017%20Mei%202012.pdf> Datum van gebruik: 11 Febr. 2019.

Du Toit, N. 2010. Action or apathy? Theological perspectives and their influences on the church's engagement with poverty – a case study from the Cape flats. (In Swart, I., Rocher, H., Green, S. & Erasmus, J., eds. Religion and social development in post-apartheid South Africa: perspectives for critical engagement. Stellenbosch: Sun Press. p. 431–446).

Du Rand, J.A., 2017, How about the biblical GPS on our way to xenophilia instead of xenophobia?, (In J.A. du Rand, J.M. Vorster & N. Vorster (eds.), Togetherness in South Africa, Cape Town: AOSIS. p. 107–136),. <https://doi.org/10.4102/aosis.2017.tsa49.05>

Duvenage, A.P.C. 1972. Die agogiese moment in die pastoraat. *In die Skriflig*, 6(22):36–50.

Earhart, A. <http://www.rd.com/culture/amelia-earhart-quotes>. Date of access: 4 Febr. 2017.

Eigerlaar-Meets, I., Gomulia, C. & Geldenhuys, A. 2010. An emerging strategy of social capital formation-opportunity and challenge for the religious sector. (*In Swart, I., Rocher, H., Green, S. & Erasmus, J., eds. Religion and social development in post-apartheid South Africa: perspectives for critical engagement. Stellenbosch: Sun Press. p. 45–60*).

Elkington, R., Meekins, D., Breen, J.M. & Martin, S.S. 2015. Leadership as an enabling function: towards a new paradigm for local church leadership in the 21st century. *In die Skriflig*, 49(3):1–14.

Elton, T.M. 2008. Leading in the midst of change: a theologically grounded, theoretically informed hermeneutic of change. *Journal of religious leadership*, 7(2):13–38.

Enslin, J.V. 2014. Kant on human dignity: a conversation among scholars. Newton: Boston College. (Dissertation – PhD).

Erasmus, J. & Mans, G. 2010. Churches as service providers for victims of sexual and/or violent crimes – a case study. (*In Swart, I., Rocher, H., Green, S. & Erasmus, J., eds. Religion and social development in post-apartheid South Africa: perspectives for critical engagement. Stellenbosch: Sun Press. p. 353–376*).

Evans, M. & Zimmermann, A. 2014. The global relevance of subsidiarity: an overview. (*In Evans, M. & Zimmermann, A., eds. Global perspectives on subsidiarity. Dordrecht: Springer. (Ius Gentium: comparative perspectives on law and justice, no. 37). p. 1-8*).

Farrell, D. 2018. Wanting the common good: Aquinas on general justice. *Review of metaphysics*, 71(3):517–549.

Ferguson, S.B. 1988. Image of God. (*In Ferguson, S.B. & Wright, D.F., eds. New dictionary of theology. Leicester: Inter-Varsity. p. 328–329*).

Ferrarotti, F. 1990. Towards the end of Constantinian Christendom. *International journal of politics, culture & society*, 3(4):433–461.

Firet, J. 1978. Het agogisch moment in het pastoraal optreden. Kampen: Kok.

Firet, J. 1986. Dynamics in pasturing, translated by J. Vriend. Eerdmans: Grand Rapids.

Firet, J. 1987. Spreken als een leerling: praktisch-teologische opstellen. Kampen: Kok.

Fitzmyer, J.A. 2008. First Corinthians (Vol 32): New translation with introduction and commentary. London: Yale University Press.

Flick, U. 2006. An introduction to qualitative research. London: Sage.

Floor, L. 1981. Die evangelie van die koninkryk: 5 aspekte. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Forster, D.A. 2015. What hope is there for South Africa? A public theological reflection on the role of the church as a bearer of hope for the future. *HTS teologiese studies/theological studies*, 71(1):1–13.

Fourie, J. 2018. Why are there so many single mothers?
<https://www.fin24.com/Finweek/Opinion/why-are-there-so-many-single-mothers-20180926> Date of access: 26 Sept. 2018.

Frost, M. 2011. The road to missional: journey to the center of the church. Grand Rapids: Baker.

Ganzevoort, R.R. & Roeland, J. 2014. Lived religion: the praxis of Practical Theology. *International journal of practical theology*, 18(1):91–101.

Gibbs, E. 2013. The rebirth of the church. Grand Rapids: Baker.

Gill, J. 2015. Biblestudytools. <https://www.biblestudytools.com/commentaries/gills-exposition-of-the-bible/acts-6-1.html> Date of access: 19 Jan. 2019

Gill, J. 2015. Notes on the Bible. <https://www.eswordlibrary.com/wpfb-file/gill-cmtx/>

Date of access: 19 Jan. 2019

Gill, L. 2018. *The hope-driven leader: harness the power of positivity at work*. New York: Diversion Books

Gottwald, N.K. 1986. *The Hebrew Bible socio-literary introduction*. Philadelphia: Fortress.

Grentz, S.J. 2000. *Theology for the community of God*. Michigan: Eerdmans.

Greyling, M. 2016. *A critical analysis of the restoration movement and its impact on the modern church: church history and politics*. Pretoria: UP. (Dissertation – MBA).

Grönum, N. & Janse van Rensburg, F.J. 2004. Die gereformeerde Skrifbeskouing en die verrekening van die sosiohistoriese konteks in die eksegeseproses. *In die Skriflig*, 38(4):579–592.

Grundlingh, A., Landman, R. & Koopman, N. 2017. *Russel Botman – 'n huldeblyk 1943–2014*. Stellenbosch: African Sun.

Harris, H.A. 2011. *God, goodness and philosophy*. Surrey: Ashgate.

Hauerwas, S. 1974. *Vision and virtue: essays in Christian ethical reflection*. Notre Dame, IN: University of Notre Dame.

Hauerwas, S. 1981. *A community of character: towards a Christian constructive social ethic*. Notre Dame, IN: University of Notre Dame Press.

Hays, J.D. & Duval, J.S. 2011. *The Baker illustrated Bible handbook*. Michigan: Baker.

Heitink, G. 1998. *Pastorale zorg*. Kampen: Kok

Heitink, G. 1999. *Practical theology – history, theory, action domains: manuel for practical theology*. Grand Rapids: Eerdmans.

Henry, M. 1960. Matthew Henry commentary on the whole Bible. Acts 6. <https://www.biblestudytools.com/commentaries/matthew-henry-complete/acts/6.html> Date of access: 19 Jan. 2019.

Hermann, A. 2017. Organizational autoethnographies: power and identity in our working lives. New York: Routledge.

Heward-Mills, D. 2018. Die kuns van leierskap. Kemptonpark: Bybelgenootskap.

Heyns, L.M. & Pieterse, H.J.C. 1990. Eerste treë in die Praktiese Teologie. Pretoria: Gnosis.

Heyns, J.A. 1986. Wetenskap en etiek. *Skrifkerk, Jrg*, 7(1):43-62.

Hogue, D. 2017. Because we are: practical theology, intersubjectivity and the human brain. (In Dreyer, J., Dreyer, Y. & Nel, M., eds. Practising ubuntu: practical theological perspectives on injustice, personhood and human dignity. Zürich: Lit Verlag. p. 181–191).

Horton, D. 2006. The portable seminary. Minnesota: Bethany House.

Ipsos. 2018. People's poll: "All South Africans enjoy equal human rights – or do they?" <https://www.ipsos.com/en-za/all-south-africans-enjoy-equal-human-rights-or-do-they?> Date of access: 29 Sep. 2018.

Jack, H.C. 2007. Dissipline as modus van morele vorming: 'n sistematies-teologiese ondersoek. Stellenbosch: US. (Proefskrif – PhD).

Jamie, R., Fausset, A.R. & Brown, D. 2013. Jamieson-Fausset-Brown Bible commentary. In e-Sword database. [Bible software.] 2019.

Janse van Rensburg, J. & Breed, J. 2011. a structured approach to pastoral care and poverty. *Verbum et ecclesia*, 32(1):1–11.

Janse van Rensburg, J. 2015. 'n Prinsipiële diskoers oor die epistemologiese

fundering van die Pastorale Teologie: 'n oproep tot reformasie. *In die Skriflig*, 49(3):1–10.

Jones, C. 2018. Morele leierskap noodsaaklik vir versoening – toegepas op die Israel-Palestina konflik. *Tydskrif vir geesteswetenskappe*, 58(3):501–518.

Jonker, H. 1985. Koinoterapie: Vernuwing en genesing. (*In Lederle, H. & Theron, J., eds. Dit is ek, die Here wat julle gesond maak. Pretoria-Wes: Christelike Lektuursentrum. bl. 120–158*).

Joubert, I., Hartell, C. & Lombard, K. 2016. Navorsing: 'n gids vir die beginnervorsers. Hatfield: Van Schaik.

Keifert, P. 2007. Ons is nou hier: 'n Nuwe era van gestuur-wees. Wellington: Bybelmedia.

Keil, C.F. & Delitzsch, F. 2006. Keil and Delitzsch commentary on the Old Testament. In e-Sword database. [Bible software.] 2019.

Keller, T. 2010. Generous justice: how God's grace makes us just. London: Hodder & Stouton.

Kittel, G., Friedrich, G. & Bromiley, G. 1978. Theological dictionary of the New Testament, Volume 2. Michigan: Eerdmans.

Kittel, G., Friedrich, G. & Bromiley, G. 1979. Theological dictionary of the New Testament, Volume 6. Michigan: Eerdmans.

Klaasen, J.S. 2014. Practical theology: a critically engaged practical reason approach of practice, theory, practice and theory. *HTS teologiese studies/theological studies*, 70(2):1–6.

Kleinman, P. 2013. Philosophy. Massachusetts: Adams.

Koopman, N. 2015. In search of a transforming public theology: drinking from the wells of black theology. (In Smith, R.D., Ackah, W., Reddie, A.G. & Tshaka, R.S., eds. Contesting post-racialism: conflicted churches in the United States and South Africa. Jackson: University Press. p. 211–228).

Koopman, N. 2017. An active South African civil society for the common good. (In Welker, M., Koopman, N. & Vorster, J.M., eds. Church and civil society. Stellenbosch: Sunpress. p. 369–381).

Kruger, F.P. 2015. The preacher's vulnerable attitudes in naming reality in a neglected society. *Verbum et ecclesia*, 36(1):1–9.

Kruger, F.P. & De Wet, F.W. 2015. Shattering the idols: confronting the obstinate hold of dehumanising powers on post-apartheid South Africans with the living presence of the crucified and resurrected Lord. *In die Skriflig*, 49(1):1–18.

Kruger, F.P. 2016. 'n Prakties-teologiese ondersoek na prediking en die effek van sosiale kognisie in die handeling van kontekstualisering. *In die Skriflig*, 50(1):1–11.

Kruger F.P. & De Klerk, B. 2016. Corruption in South Africa's liberal democratic context: equipping Christian leaders for their role in countering corruption. Durbanville: AOSIS.

Kruger, F.P. 2018. Participation in Christ's body and His blood during celebration of Holy Communion as illuminated by the meaningful lenses of cognition and recognition. *HTS teologiese studies/theological studies*, 74(2):1.

Kruschwitz, R.B. & Schobert, F.M. 2003. Christian reflection: a series in faith and ethics. Waco: Baylor University.

<https://www.baylor.edu/ifl/christianreflection/Prophetic.pdf> Date of access: 19 May 2019.

Kumalo, R.S. 2017. The changing landscapes of South Africa and implications for practising ubuntu. (In Dreyer, J., Dreyer, Y. & Nel, M., eds. Practising ubuntu: practical theological perspectives on injustice, personhood and human dignity. Zürich: Lit Verlag. p. 22–33).

Lankina, A. 2018. Leadership for the Christian empire: emperors and bishops in the ecclesiastical history of Philostorgius. *Church history*, 87(3):684–717.

Lapoorta, J. 1999. Unity or division? The unity struggle of the black churches within the Apostolic Faith Mission of South Africa. Kuilsrivier: Salty.

Lapoorta, J. 2014. Pentecostal mission and global Christianity. (In Ma, W., Karkkainen, V. & Asamoah-Gyadu, J.K., eds. *Regnum Edinburgh Centenary Series*, Volume 20. Oxford: Regnum. p. 292–300).

Lion-Cachet, F.N. 1994. Die begroting van geregtigheid – 'n perspektief op die wettebundels van die Pentateug. *In die Skriflig*, 28(2):247–260.

Loughlin, J. 2016. Human dignity: the foundation of human rights and religious freedom. *Memoria y civilización/Memory & civilization*, 19:313–343.

Louw, D.J. 1993. Pastoraat as ontmoeting: ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Louw, D.J. 2001. Ubuntu and the challenges of multiculturalism in post-apartheid South-Africa. *Question: an African journal of philosophy*, 15(1&2):15–36.

Louw, D.J. 2011. 'a *splanchna*': A theopaschitic approach to a hermeneutics of God's praxis. From zombie categories to passion categories in theory formation for a practical theology of the intestines. *HTS teologiese studies/theological studies*, 67(3):1–13.

Louw, D.J. 2015a. Wholeness in hope care: nurturing the beauty of the human soul in spiritual healing. Zurich: Lit Verlag.

Louw, D.J. 2015b. On facing the God-question in a pastoral theology of compassion: From imperialistic omni-categories to theopaschitic pathos-categories. *In die Skriflig*, 49(1):1–15.

Louw, D.J. 2016a. The refugee dilemma and migrant crisis: charity begins at home or being home to the homeless? The paradoxical stance in pastoral caregiving and the infiltration and perichoresis of compassion. *HTS teologiese studies/theological studies*, 72(2):1–18.

Louw, D.J. 2016b. Missio Dei as embodiment of Passio Dei. The role of god-images in the mission-outreach and pastoral caregiving of the church – a hermeneutical approach. *Missionalia*, 44(3):336–354.

Louw, D.J. 2017a. The dynamic interplay between African spiritualities (ubuntu and utugi thinking) and xenophilia (sapientia-thinking). On becoming a caring community within the public space of civil society. (In Dreyer, J., Dreyer, Y. & Nel, M., eds. Practising ubuntu: practical theological perspectives on injustice, personhood and human dignity. Zürich: Lit Verlag. p. 97–110).

Louw, D.J. 2017b. Practical theology as life science: Fides Quaerens Vivendi and its connection to Hebrew thinking (Hālak). *In die Skriflig*, 51(1):1–8.

Louw, D.J. 2017c. Pastoral caregiving as life science: towards an existential hermeneutics of life within the interplay between pastoral healing (*cura vitae*) and spiritual wholeness. *In die Skriflig*, 51(1):1–9.

Louw, J.P. & Nida, E.A. 1989. Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains, vol. 1. New York: United Bible Societies.

Louw, J.P. & Nida, E.A. 1996. Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains, vol. 1 & 2. New York: United Bible Societies.

Magezi, V. 2006. Community healing and the role of pastoral care of the ill and suffering in Africa. *In die Skriflig*, 40(3):505–521.

Magezi, V. 2016. Reflection on pastoral care in Africa: towards discerning emerging pragmatic pastoral ministerial responses. *In die Skriflig*, 50(1):1–7.

Magezi, V. 2017. Ubuntu in flames – injustice and disillusionment in post-colonial Africa. A practical theology for new “liminal ubuntu” and personhood. (In Dreyer, J., Dreyer, Y. & Nel, M., eds. Practising ubuntu: practical theological perspectives on injustice, personhood and human dignity. Zürich: Lit Verlag. p. 111–122).

Maluleke, T.S. 2007. Of lions and rabbits: the role of the Church in reconciliation in South Africa. *International Review of Mission*, 96(380/381):41–55.

Manala, M. 2016. A therapeutic community as a relevant and efficient ecclesial model in African Christianity. *HTS teologiese studies/theological studies*, 72(4):1–8.

Manomano, T. & Mundau, M. 2017. Preserving human dignity: promises and pitfalls – a South African perspective. *International social work*, 60(6):1358–1369.

Martin, L.R. 2016. Towards a biblical model of pentecostal prophetic preaching. *Verbum et ecclesia*, 37(1):1–9.

Matsveru, F. & Gillham, S. 2015. In God’s image: a biblical theological survey of the dignity of women and men. (In Mouton, E., Kapuma, G., Hansen, L. & Togom, T., eds. Living with dignity: African perspectives on gender equality. Stellenbosch: Sun Media. p. 33-52).

Maxwell, J.C. 2007. Beproefde beginsels vir leiers. Kaapstad: Struik.

Maxwell, J.C. 2019. Website.

https://www.brainyquote.com/quotes/john_c_maxwell_600859. Date of access 30 September 2019.

McGeorge, J. 2016. On restorative justice, public theology and being counter-cultural. *The New Zealand journal of Christian thought & practice*, 23(2):12–19.

McIlroy, D. 2004. A Biblical view of law and justice. Milton Keynes: Paternoster.

McLaren, L.M. 2003. Anti-immigrant prejudice in Europe: contact, threat perception, and preferences for the exclusion of migrants. *Social forces*, 81(3):909–936.

Mealey, A.M. 2009. The identity of Christian morality. England: Ashgate.

Mertens, D.M. 2015. Mixed methods and wicked problems. *Journal of mixed methods research*, 9(1): 3–6.

Mertens, D.M. 2016. Advancing social change in South Africa through transformative research. *South African review of sociology*, 47(1): 5–17.

Metz, T. 2011. Ubuntu as a moral theory and human rights in South Africa. *African human rights law journal*, 11(2):532–559.

Miller, C.D. 2014. The practice of the body of Christ: human agency in Pauline theology after MacIntyre. Cambridge: James Clarke.

Miller-McLemore, B.J. 2012a. The Wiley-Blackwell companion to practical theology. West-Sussex: John-Wiley.

Miller-McLemore, B.J. 2012b. Christian theology in practice: discovering a discipline. Cambridge: Grand Rapids.

Miller-McLemore, B. J. 2011. Introduction: the contributions of practical theology. (In Miller-McLemore, B.J. ed. Wiley-Blackwell companion to practical theology. Oxford: Wiley-Blackwell. p. 1–20).

Millar, I.A. 2005. Biblical view of law and justice by David McLroy: a review article. *Anvil*, 22(2):109–112.

Moloi, N. 2016. What's your story?: An initiative of Heartlines. Johannesburg: Supreme Printers.

Moltmann, J. 1993. God in creation: a new theology of creation and the Spirit of God. Minneapolis: Fortress.

Morkel, E. 2012. Pastoral participation in transformation: a narrative perspective. Stellenbosch: Stellenbosch University. (Dissertation – PhD) (Unpublished).

Msila, V. 2015. Ubuntu: shaping the current workplace with (African) wisdom. Randburg: Knowres Publishing.

Murray, M.J. & Rea, M. 2008. An introduction to the philosophy of religion. New York: Cambridge University Press.

Naidoo, M. 2015. Ministerial formation and practical theology in South Africa. *International journal of practical theology*, 19(1):164–188.

Nel, M. 2015a. An attempt to define the constitutive elements of a pentecostal spirituality. *In die Skriflig*, 49(1):1–7.

Nel, M. 2015b. Attempting to define a pentecostal hermeneutics. *Scriptura*, 114(1):1–21.

Nel, M. 2018a. Pacifism and Pentecostals in South Africa: a new hermeneutic for nonviolence. New York: Routledge.

Nel, M. 2018b. Pentecostal ecumenical impulses: past and present challenges. *In die Skriflig*, 52(1):1–8.

Nel, R. 2015. Christian youth activism and South African black ecclesiology. (In Smith, D.R., Ackah, W., Reddie, A.G. & Tshaka, R.S., eds. Contesting post-racialism: conflicted churches in the United States and South Africa. Jackson: University of Mississippi. p. 80–95).

Nell, I. A. 2015. The end of leadership? The shift of power in local congregations. *HTS teologiese studies/theological studies*, 71(3):1–8.

Nell, I.A. 2017. The long road to practising ubuntu leadership: practical-theological perspectives from a Malawian case study. (In Dreyer, J., Dreyer, Y. & Nel, M., eds. Practising ubuntu: practical theological perspectives on injustice, personhood and human dignity. Zürich: Lit Verlag. p. 135–144).

Neuman, W.L. 2000. Social research methods. Needham Heights: Pearson.

Nieman, A. 2010. Churches and social development in South Africa: an exploration. (In Swart, I., Rocher, H., Green, S. & Erasmus, J., eds. Religion and social development in post-apartheid South Africa: perspectives for critical engagement. Stellenbosch: Sun Press. p. 37–44).

Nyengele, M.F. 2014. Cultivating ubuntu: an African postcolonial pastoral theological engagement with Positive Psychology. *Journal of pastoral theology*, 24(2):4–35.

Nzimakwe, T.I. 2018. Practising ubuntu and leadership for good governance: the South African and continental dialogue. *African journal of public affairs*, 7(4):30–41.

Omarjee, L. 2017. More than 50% of South African population living in poverty. <https://www.fin24.com/Economy/more-than-50-of-sas-population-is-living-in-poverty-20170822> Accessed 19 January 2019.

Osmer, R. 2008. Practical theology: an introduction. Grand Rapids: Eerdmann.

Pembroke, N. 2017. An ubuntu-inspired approach to organisational spirituality. (In Dreyer, J., Dreyer, Y. & Nel, M., eds. Practising ubuntu: practical theological perspectives on injustice, personhood and human dignity. Zürich: Lit Verlag. p. 227–238).

Peterson, S.R. 2005. Where have all the prophets gone? Utah: Ceder Fort, Inc.

Pieterse, H.J. 2001. Prediking in die konteks van armoede. Pretoria: ABC.

Pieterse, H.J.C. 2013. Prophetic preaching in the contemporary context of South Africa. *In die Skriflig*, 47(1):1–6.

Pillay, J. 2017. Racism and xenophobia: the role of the Church in South Africa. *Verbum et ecclesia*, 38(3):1–17.

Potgieter, E. 2017. Versoening en sosiale kohesie: 'n onderhoud met Elnari Potgieter [gevoer deur Menán van Heerden]. <https://www.litnet.co.za/versoening-en-sosiale-kohesie-n-onderhoud-met-el-nari-potgieter/> Datum van toegang: 3 Okt. 2019.

Popkin, R.H. & Stroll, A. 1993. *Philosophy made simple*. 2nd revised ed. New York: Doubleday.

Pretorius, T.B., Malan, D.J. & Heyns, P.M. 1990. Die rol van die kerk as ondersteuningsnetwerk – die verwantskap tussen psigo-sosiale klimaat, kerklike betrokkenheid en sielkundige welsyn. *South African journal of psychology*, 20(2):105–110.

Reid, G. 2013. *Human Watch: World Report 2013 Events of 2012*. New York: Seven Stories.

Renkert, T. 2017. Fragile values, shared convictions and group agency-civil society through the lense of inferentialism. (*In* Welker, M., Koopman, N. & Vorster, J.M., eds. *Church and civil society: German and South African perspectives*. Stellenbosch: Sunpress. p. 16-33).

Ries, J. & Hendriks, H.J. 2013. Koinonia en diakonia as 'n missionale koninkryksdans. *HTS teologiese studies/theological studies*, 69(2):1–8.

Runkle, J.A. 2006. Building and renovating churches: pastoral dimensions of sacred space. *Sewanee theological review*, 49(3):320–325.

Sawyer, F. 2010. *Philosophical perspectives in dialogue with theology*. Sarospatak: Reformed Theological Academy.

Schenck, R. & Blaauw, D. 2018. Dagloners: 'n gevallestudie van die kwesbaarheid van die maatskaplike bestel en samehorigheid in Suid-Afrika se informele ekonomie. *Tydskrif vir geesteswetenskappe*, 58(1):36–55.

Scholtz, E. 2005. *Sosiale konstruksionisme as 'n pastoraal-terapeutiese benadering*. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Proefskrif – PhD).

Schubeck, T. 2007. Love that does justice. New York: Orbis.

Simango, D. 2012. The meaning of the imago dei. *Old Testament essays*, 25(3):638–656.

Simango, D. 2016. The imago dei (Gen 1:26–27): a history of interpretation from Philo to the present. *Studia historiae ecclesiasticae*, 42(1):172–190.

Smit, A. 1995. Nuut gedink oor leierskap in gemeentes – die begeleiding van 'n Christelike geloofsgemeenskap. Kaapstad: Lux Verbi.

Smit, D. 2003. Openbare getuigenis en publieke teologie vandag: vrae oor verskeie vanselfsprekende voorveronderstellings. *Scriptura*, 82(1):39–48.

Smit, D. 2007. Menswaardigheid: tema binne Suid-Afrikaanse gereformeerde teologie? *Scriptura international journal of Bible, religion and theology in Southern Africa*, 95:161–165.

Smit, D. 2017. Religion and civil society in South Africa: searching for a grammar for life together. (In Welker, M., Koopman, N. & Vorster, J.M., eds. Church and civil society: German and South African perspectives. Stellenbosch: Sunpress. p. 63–106).

Smith, S.M. 2012. Caring liturgies: the pastoral power of Christian ritual. Augsburg:Fortress: .

Smith, R.D. 2015. A restless presence: church activism and “post-apartheid, post-racial” challenges. (In Smith, R.D., Ackah, W., Reddie, A.G. & Tshaka, R.S., eds. Contesting post-racialism: conflicted churches in the United States and South Africa. Jackson: University of Mississippi. p. 3–12).

Soulen, R.K. & Woodhead, L. 2006. God and human dignity. Michigan: Eerdmans.

Stark, R. 1996. The rise of Christianity: a sociologist reconsiders history. Princeton: Princeton University Press.

StatsSA. 2018. Overcoming poverty and inequality in South Africa: an assessment of drivers, constraints and opportunities. http://www.statssa.gov.za/wp-content/themes/umkhanyakude/documents/South_Africa_Poverty_and_Inequality_Assessment_Report_2018.pdf Date of access: 29 Sep. 2018.

Strong, J. 2001. The new Strong's expanded dictionary of Bible words. Nashville: Thomas Nelson.

Strydom, J.G. & Wessels, W.J. 2000. Prophetic perspectives on power and social justice. Pretoria: Biblia.

Swart, I. 2010a. Networks and partnerships for social justice? The pragmatic turn in the religious social development debate in South Africa. (In Swart, I., Rocher, H., Green, S. & Erasmus, J., eds. Religion and social development in post-apartheid South Africa: perspectives for critical engagement. Stellenbosch: Sun Press. p. 15–36).

Swart, I. 2010b. Church, mission and development – revisiting the pragmatic debate. (In Swart, I., Rocher, H., Green, S. & Erasmus, J., eds. Religion and social development in post-apartheid South Africa: perspectives for critical engagement. Stellenbosch: Sun Press. p. 325–352;393-402.).

Swart, I. & De Beer, S. 2014. Doing urban public theology in South Africa: introducing a new agenda. *HTS teologiese studies/theological studies*, 70(3):1–14.

Sweitzer, F. 2017. From human evolution to empathetic personhood. A systematic theology approach and its meaning for practical theology. A response to J. Wentzel van Huysteen. (In Dreyer, J., Dreyer, Y. & Nel, M., eds. Practising ubuntu: practical theological perspectives on injustice, personhood and human dignity. Zürich: Lit Verlag. p. 46–54).

Tannehill, R.C. 1996. Abingdon New Testament commentaries: Luke. Nashville: Abingdon.

Teikari, K. 2018. The revelation of ubuntu. *Delta kappa gamma bulletin*, 84(3):46–52.

Tenai, N.K. 2016. Appreciating the image of God in all humanity: towards a pastoral response to skin lightening as image enhancement to exit dark skin. *In die Skriflig*, 50(1):1–8.

Thayer, J.H. 2007. Thayer's Greek-English lexicon of the New Testament: coded with Strong's concordance numbers. 8th ed. Peabody: Hendrickson.

The Baker illustrated Bible dictionary. 2013. Grand Rapids: Baker Books.

Thesnaar, C. 2008. Restorative justice as a key for healing communities. *Religion & theology*, 15(1–2):53–73.

Thesnaar, C. 2014. Rural education: reimagining the role of the church in transforming poverty-stricken South Africa. *HTS teologiese studies/theological studies*, 70(1):1–7.

Thesnaar, C.H. 2010. The pastoral church as a space for healing and reconciliation. *Nederduitse gereformeerde teologiese tydskrif*, 51(3):266–273.

Tolmie, D.F. 2016. Reg én geregtigheid – 'n perspektief uit die brief aan Filemon. *In die Skriflig*, 50(3):1–7.

Van der Walt, J.L. & Wolhuter, C.C. 2017. Die neo-liberale ekonomiese revolusie en die onderwys: die gevaar van ontologiese reduksie. *Journal for Christian scholarship*, 53(2):281–309.

Van der Westhuizen, M. & Swart, I. 2015. The struggle against poverty, unemployment and social injustice in present-day South Africa: exploring the involvement of the Dutch Reformed Church at congregational level. *Stellenbosch theological journal*, 1(2):731–759.

Van Helden, M. & Krüger, P. 2017. Protesaksies ... ja/nee/indien wel, wanneer? *Die Kerkblad*, 119(3313):21–22.

Van Huysteen, J.W. 2017. From human evolution to empathetic personhood: a bottom-up approach. (In Dreyer, J., Dreyer, Y. & Nel, M., eds. Practising ubuntu: practical theological perspectives on injustice, personhood and human dignity. Zürich: Lit Verlag. p. 34–45).

Venter, R. 2007. Roeping en opleiding in 'n spesifieke konteks: vyf trinitariese stellinge oor motivering en orientasie. *Acta theologica*, 27(2):205–220.

Verster, P. 2012. New hope for the poor: a perspective on the church in informal settlements in Africa. Bloemfontein: Sun Press.

Viljoen, F.P. 2009. Die kerk en geregtigheid in die Matteus-evangelie: Skool vir Bybelwetenskappe. *In die Skriflig*, 43(3):649–667.

Vine, W.E., Unger, M.F. & White, J.R. 1996. Vine's complete expository dictionary of Old and New Testament words. Nashville: Thomas Nelson.

Viola, F. 2008. Reimagining church. Colorado Springs: David, C. Cook.

Viorel, P.C. 2011. The prophets of the Old Testament and the idea of social justice. *AGORA international journal of juridical sciences*, 2011(2):1–6.

Vorster, J.M. 2004. Ethical perspectives on human rights. Pretoria: V&R.

Vorster, J.M. 2011. Menswaardigheid, versoening en vergiffenis. Pretoria: V&R.

Vorster, J.M. 2014. Christelike etiek in 'n sekulariserende samelewing. Durbanville: AOSIS.

Vorster, J.M. 2016. A reformed perspective on the concept of the 'common good' and its relevance for social action in South Africa today. *In die Skriflig*, 50(2):1–9.

Vorster, J.M. 2017. Kingdom, church and civil society: a theological paradigm for civil action. (In Welker, M., Koopman, N. & Vorster, J.M., eds. Church and civil society: German and South African perspectives. Stellenbosch: Sun Press. p. 15–32).

Vorster, N. 2005. 'n Teologies-dogmatiese beoordeling van die Suid-Afrikaanse grondwetlike konsep van menswaardigheid. *Acta theologica*, 2005(1):134–171.

Vorster, N. 2007. Restoring human dignity in South Africa: Christian anthropology in a new dispensation. Potchefstroom: PTP.

Vorster, S.W. 2013. Fighting corruption – a philosophical approach. *In die Skriflig*, 47(1):1–7.

Webb, R.J. 2017. Echoes of ubuntu: common good ethics and the struggle for life with justice and dignity. (*In* Dreyer, J., Dreyer, Y. & Nel, M., eds. Practising ubuntu: practical theological perspectives on injustice, personhood and human dignity. Zürich: Lit Verlag. p. 248–259).

Wepener, C. & Cilliers, J. 2010. Ritual and the generation of social capital in context of poverty. (*In* Swart, I., Rocher, H., Green, S. & Erasmus, J., eds. Religion and social development in post-apartheid South Africa: perspectives for critical engagement. Stellenbosch: Sun Press. p. 417–430).

Wessels, W.J. 2015. Calling leaders to account: a dialogue with Jeremiah 5:1–9. *Old Testament essays*, 28(3):874–893.

Wiersbe, W.W. 2010. Be basic (Genesis 1–11): believing the simple truth of God's Word. Ontario: D.C. Cook.

Wikipedia. 2017. Ripple-effect. https://en.wikipedia.org/wiki/Ripple_effect Date of access: 14 Nov. 2017.

Wikipedia. 2018. Nihilism. <https://en.wikipedia.org/wiki/Nihilism> Date of access: 11 Aug. 2018.

Wikipedia. 2019. Cessationism. <https://en.wikipedia.org/wiki/Cessationism> Date of access: 20 Jan. 2019.

Wikipedia. 2019. Ethics. <https://en.wikipedia.org/wiki/Ethics> Date of Access: 3 March 2019.

Wikipedia. 2019. Greed. <https://en.wikipedia.org/wiki/Greed> Date of access: 20 Jan. 2019.

Wikipedia. 2019. Morality. <https://en.wikipedia.org/wiki/Morality>
Date of access: 20 Jan. 2019.

Wikipedia. 2019. Reformation. <https://en.wikipedia.org/wiki/Reformation> Date of access: 12 Jan. 2019.

Wikipedia. 2019. Sosiale sielkunde. https://af.wikipedia.org/wiki/Sosiale_sielkunde
Datum van gebruik: 4 Febr. 2019.

Wikipedia. 2019. The rise of Christianity.
https://en.wikipedia.org/wiki/The_Rise_of_Christianity Date of access: 20 Jan. 2019.

Wikipedia. 2019. 1 Korintiërs. https://af.wikipedia.org/wiki/1_Korinti%C3%ABrs
Datum van gebruik: 20 Jan. 2019.

Wolterstorff, N. 1987. Until justice and peace embrace. Michigan: Eerdmans.

Wright, C.J.H. 2004. Old-Testament-Ethics-People-God. Illinois: Intervarsity Press.

Zodhiates, S. 1992. The Hebrew-Greek key study Bible. Chattanooga: AMG.

BYLAE A

DISCLAIMER

The purpose of this questionnaire is to test attitudes on justice. This study forms part of a PhD on the role of the church to assist its members to be part of a ripple-effect in acts of justice in the local community. By completing this questionnaire, you are consenting to this information being used anonymously for the study.

Kindly note that it is not required for you to disclose your name and surname in the questionnaire. If you are interested to receive more information on the outcome, please add your e-mail address.

Email:

Gender:

Age:

Religion: Christian ☐ Non-Christian ☐ Islam ☐ Bahi Faith ☐ Judaism ☐ Other ☐

How often do you attend sermons?:

This questionnaire consists of **44** questions (15 min), both open narrative questions as well as a Lickert scale box with a scale of 1–6 in agreement questions.

In this study, justice can be understood as practical acts of goodness. These acts are characterised by their aim to restore people’s dignity as humans created in the image of God.

Please answer the open questions in short or please check the suitable box after each statement.

1. Socially dependent attitudes (Please answer the following questions in short)

Q1: What role should a Christian play in local communities?

.....
.....
.....

Q2: What is the role of the Church in restoring justice according to the Bible?

.....
.....
.....

Q3: Love as the motivation for acts of justice needs to be demonstrated through deeds; how can we implement this instruction?

.....
.....
.....

Q4: What strategies are needed to cause a ripple-effect of justice in local communities?

.....
.....
.....

Q5: What makes a compassionate society?

.....
.....
.....

2. Personal views on justice (Please answer the following questions in short)

Q1: How do social injustices affect you?

.....

.....

.....

Q2: How will it benefit you if churches are actively involved in acts of justice in communities?

.....

.....

.....

Q3: What do you think churches in the Goldfields (Matjhabeng) need to do to be actively involved in acts of justice?

.....

.....

.....

Q4: What must the role of a church leader be in order for you to be encouraged to become involved in acts of justice in the community?

.....

.....

.....

Q5: What current social injustices do you feel should be highlighted by the church?

.....

.....

.....

Q6: What differences, if any, exist between various cultures and their understanding of social justice?

.....

.....

.....

3. Attitudes on community engagement

Please mark the question that supports your answer the best with an x:

	Completely false	Somewhat false	Slightly false	Slightly agree	Somewhat agree	Completely
Q1: God is good and His people should show His goodness to the members of the community in acts of kindness.						
Q2: God's love for people becomes visible where love vindicates injustice and reconciles people.						
Q3: The testimony acts of the church in the local community is important to indicate that the church is caring for society.						
Q4: Acts of justice is God's way of doing things.						
Q5: The church as a community of believers have a therapeutic (ministry) task regarding societal issues.						
Q6: The community of believers should make time to listen to people's stories of injustice.						
Q7: To restore the dignity of all people is the foundation and deepest motivation for community involvement.						

4. Attitudes on community upliftment

Please mark the question that supports your answer the best with an x:

	Completely	Somewhat	Slightly false	Slightly	Somewhat	Completely
Q1: The local Church is like an "electric power plant" that generates the energy for community upliftment in the South African society.						
Q2: If the Church wishes to be a trusted voice of reason and nation-building, she should act as voice for vulnerable people in society.						
Q3: Justice in a community is shown by the way people treat each other with dignity.						
Q4: Continuous acts of kindness and compassion should be regarded as propellants for a change in a society's attitude regarding social justice.						
Q5: The "silo mentality" of churches needs to change to be effective in creating a compassionate society.						
Q6: Church leaders need to become involved in strategies for constructive processes of dialogue in local communities (municipalities, police forums, etc).						

Q7: In a pluralistic South Africa, church leaders are needed to be examples of reconciliation for all people.						

5. Attitudes of the church regarding community?

Please mark the question that supports your answer the best with an x:

	Completely	Somewhat	Slightly	Slightly	Somewhat	Completely
Q1: Churches are uninvolved spectators towards community-members.						
Q2: Society can benefit from the church's function of being a community of believers with a vision of God's care in society.						
Q3: Religion can play a major role in guiding communities towards attitude change regarding societal issues.						
Q4: The church can shape and empower people in order to maximise social efficiency within local communities.						
Q5: Before community upliftment can be effective in South Africa, ethical values like practices of embracing justice, healing, reconciliation, and responsible freedom are needed.						
Q6: A unified Christian voice is needed on injustice (a voice which transcends race, culture and ethnicity).						
Q7: True hospitality is needed in communities that makes people feel welcome, embraced and helps them to share with each other.						

6. Community to church

Please mark the question that supports your answer the best with an x:

	Completely	Somewhat	Slightly false	Slightly	Somewhat	Completely
Q1: NGOs should realise the role of churches within the community in order to address societal issues.						
Q2: South African churches need to be part of the solution for local communities.						
Q3: If the Church fails to respond to the physical and emotional needs of the poor, widowed and orphaned, she cannot claim to be credible.						
Q4: Societies hunger for people that are serious about public and civic virtue.						

Q5: Injustice in churches and communities must be exposed.						
Q6: In a pluralistic society, moral discernment is needed amidst ongoing dialogue and cooperation.						

7. Specific attitudes: intrinsically religious attitudes

Please mark the question that supports your answer the best with an x:

	Completely	Somewhat	Slightly false	Slightly	Somewhat	Completely
Q1: Christians are faced with a new challenge, namely apatheism (not caring) or selective compassion as one of the major challenges in communities.						
Q2: The church needs to be involved in the struggle for human dignity.						
Q3: Being a stateless individual (as in being a refugee, immigrant or displaced person) means being part of a group of individuals who no longer have a place in the world.						
Q4: The Church must play an important role in helping her members deal with issues of racism and xenophobia.						
Q5: Healing practices ask for intentional creation of spaces where people can come together through churches and in other spheres of society.						
Q6: Injustice is seen as that people are treated differently according to race, status, gender, etc.						